KYK HOËR, DELF DIEPER, SIEN MEER | OU SPORE, NUWE WEË

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

SAKELYS VIR DIE SESTIENDE SINODE

Gehou te Pretoria, 29 Augustus tot 2 September 2022



VERTROULIK: Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie.



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

SAKELYS VIR DIE SESTIENDE SINODE

Gehou te Pretoria, 29 Augustus tot 2 September 2022

VERTROULIK: Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie.

SAAMGESTEL
Sentrale Kerkekommissie van die
Afrikaanse Protestantse Kerk

UITLEG
Melaney Langeveldt

GEDRUK EN GEBIND
Business Print

Inhoudsopgawe

1. Voorwoord: Voorsitter van die SKK 2

2. Ordereëlings 3

3. Dagprogram 4

4. Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK) 7

5. Verslag: Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) 79

6. Verslag: Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV) 197

7. Verslag: Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO) 199

8. Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL) 205

9. Verslag: Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) 208

10. Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) 212

11. Verslag: Publikasiekommissie (PK) 216

12. Verslag: Kuratorium (KUR) en AP Akademie 267

13. Verslag: Kommissie vir die Kerkargief (KKA) 300

14. Verslag: *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke en -handleidings 325

15. Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) 329

16. Verslag: *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling 367

17. Verslag: *Ad hoc*-kommissie oor die viering van Sondag as rusdag 369

1 Voorwoord: Voorsitter van die SKK

Die Sestiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk is om verskeie redes 'n unieke geleentheid. Vir die eerste keer in die geskiedenis moes die sinode uitgestel word. Die COVID-pandemie het sy virustentakels ook om die werksaamhede van die kerk geslaan en die uitstel genoodsaak. Dit het tot gevolg gehad dat kommissielede 'n jaar langer op kommissies moes dien, wat hulle ook met blymoedigheid en getrouheid gedoen het.

Die tweede rede vir die uniekheid van die hierdie sinode, het te doen met ligging. Vir die heel eerste keer in die geskiedenis, vind daar 'n sinode by die Voortrekkermonument plaas. Die AP Kerk is bevoorreg om so 'n belangrike vergadering op hierdie kosbare erfenisterrein kan aanbied. Dit herinner ons opnuut aan ons roeping en verantwoordelikheid om die evangelie aan die Afrikanervolk, maar ook aan die volke van Suid-Afrika, te verkondig. Die Voortrekkers het nie net die binneland ingetrek op soek na vryheid nie, maar het daardie Trek ook as 'n geleentheid gesien om die lig van die evangelie van Jesus Christus verder in donker Afrika in te dra.

Met die oog op die 35ste bestaansjaar van die AP Kerk, is daar 'n spesiale embleem vir die Sestiende Sinode ontwerp. Hierdie embleem is sprekend van die Here se genade oor die afgelope 35 jaar. Dit simboliseer die vaste fondamente waarop die AP Kerk gebou is. Die blare beeld groei uit, terwyl die kruis van Jesus Christus sentraal staan as fokuspunt van hierdie groei. Lig in Duisternis Uitgewers en die Afrikaanse Protestantse Akademie, is produkte van God se seën op hierdie groei.

Mag die Here ons vergadering seën en ons deur sy Gees lei om koersvas voort te bou op die vaste fondamente van dít waarin ons onwrikbaar glo. Mag ons oog gerig bly op Jesus Christus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof (vlg. Hebr. 12:2), sodat ons in Hom kan opgroei tot geloofsvolwassenheid.

PRAKTIESE REËLINGS:

Afgevaardigdes word op die volgende belangrike sake gewys:

1. Om 'n kopie van Omsendbrief 4 van 16 Mei 2022 by hulle skribas te bekom en hulle vertroud te maak met die belangrike inligting daarin.
2. Om die inhoud van hierdie Sakelys as vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het en om dit vooraf aandagtig te bestudeer aangesien die inhoud tydens die Sinode as gelese beskou sal word.
3. Om 'n Bybel, *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* en 'n eksemplaar van die *Kerkorde 2018* saam te bring na die Sinode.
4. Om die Ordereëls vir kerklike vergaderings op bl. 69-76 in die *Kerkorde 2018* aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode).
5. Om onderling te reël dat ná afloop van die Sinode, en ná ontvangs van die *Handelinge 2022*, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes sal oorhandig.
6. Om gereeld voorbidding vir die komende Sinode te doen.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.

Ds. HSW Strauss
Voorsitter: Sentrale Kerkekommissie

2 Ordereëlings

1. Opening met Skriflesing, sang en gebed deur afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is (bep. 41E)
2. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig bepaling 41E – voorsitter van vorige Sinode: Prof. JAE Adendorff
3. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: Di. HSW Strauss en A Hough
4. Verwelkoming deur:
   4.1 Waarnemende voorsitter
   4.2 Dr. Danie Langner namens die Voortrekkermonument
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe
6. Konstituering
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers
8. Kennisname van ORDEREËLS VIR KERKLIKE VERGADERINGS (bl. 69-76 in *Kerkorde 2018*) – word as gelese beskou
9. Verkiesing (art. 40 en bepalings 41B en 41F)
10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes tydens registrasie). Volgens besluit van die vorige Sinode bestaan tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede en alle afgevaardigdes kan dus nie ingedeel word nie (kyk SKK aanbeveling 5.1.1, bl. 25).
11. Vasstelling van sakelys
12. Goedkeuring van dagprogramme
13. Verslae van permanente kommissies
14. Verslae van tydelike kommissies:

TKKS	Kerkregtelike Sake
TGKK	Finansies (GKK)
TKJV	Jeug en Verbondsonderrig
TKOO	Onderwys en Opvoeding
TKA	Kerkargief
TKFL	Formuliere en Liturgie
TKKCE	Kerkleer en Christelike Etiek
TKM	Mediaskakeling
TKR	Ringsindeling van gemeentes
TKV	Verlofaansoeke
TKN	Notule (verwerking en nasien)
TKG	Geloofsbriewe
TKS	Stemtellers
TKK	Samestelling van permanente kommissies

15. Konstituering van permanente kommissies
16. Bedankings
17. Mosies
18. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

3 Dagprogram

LET WEL:

1. Die verrigtinge van die Sinode is geslote vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.
2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.
3. Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang uit die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*.
4. Praktiese reëlings vir die gebruik van selfone tydens die Sinode sal deur die voorsitter deugegee word.
5. Afgevaardigdes wat ná 09:00 op Maandag 29 Augustus registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag van die Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe later deur die Sinode behandel is nie.
6. Die volgende aanbeveling raak die konstituering van die Sinode:

AANBEVELING:

6.1 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 29/08/2022 tot 02/09/2022 sal hê nie (kyk Bylae GKK1, bl. 106).

Maandag (29 Augustus)

09:00-11:00	Registrasie
11:00-12:00	Kommissie vir Geloofsbriewe
11:50-12:00	Samesang o.l.v. ds. Riaan van Staden
12:00-12:10	Skriflesing en gebed: oudste dienende leraar
12:10-12:15	Verwelkoming: waarnemende voorsitter
12:15-12:20	Verwelkoming: Voortrekkermonument
12:20-12:45	Verslag Kommissie vir Geloofsbriewe
12:45-13:00	Konstituering en verkiesing van ampsdraers (kyk GKK-verslag, pt. 4.1.17)
13:00-14:30	Middagete – Samesang o.l.v. ds. Armand van Zyl
14:30-14:35	Aankondigings
14:35-15:30	Openingsrede
15:30-16:15	Koffietyd – Samesang o.l.v. ds. Wynand van Zyl
16:15-17:30	Verslag SKK (75 minute)
17:30-17:45	Aankondigings
17:45-18:00	Boekbekendstelling
18:00-19:15	Aandete

19:15-20:45	Met woord en lied
20:45-20:55	Dagafsluiting: ds. Johann Trollip
21:00	Verdaag

Dinsdag (30 Augustus)

07:00-08:30	Ontbyt – Samesang o.l.v. ds. Johan Verdoes
08:30-08:50	Bidstond: afgevaardigde ouderling van AP Kerk Aberdeen
08:50-09:00	Aankondigings en reëlings
09:00-09:10	Tydelike kommissie vir Mediaskakeling Verslag 1
09:10-10:30	Broederlike gesprek
10:30-11:15	Teetyd – Samesang o.l.v. ds. Carl Vermaak
11:15-12:45	Verslag GKK (90 minute)
12:45-13:00	Boekbekendstelling en aankondigings
13:00-14:30	Middagete – Samesang o.l.v. ds. Ben Wiese
14:30-14:35	Aankondigings
14:35-15:30	Verslag KJV, KOO en KFL (55 minute)
15:30-16:15	Koffietyd – Samesang o.l.v. ds. Adriaan Appelgryn
16:15-17:00	Verslag KSE en KKCE (45 minute)
17:00-17:30	Goedkeuring van notule vir dag 1
17:30-18:45	Aandete – Samesang: o.l.v. ds. Adriaan Bester
18:45-20:00	Kerk en Kultuur: Bennie van Zyl en Hannes Noëth
20:00	Dagafsluiting: ds. Martin Jordaan

Woensdag (31 Augustus)

07:00-08:30	Ontbyt – Samesang o.l.v. ds. Jannie Bisschoff
08:30-08:50	Bidstond: afgevaardigde ouderling van AP Kerk Albertinia
08:50-09:00	Aankondigings en reëlings
09:00-09:10	Tydelike kommissie vir Mediaskakeling Verslag 2
09:10-10:30	Verslag PK en DB (80 minute)
10:30-11:15	Teetyd – Samesang o.l.v. ds. Gerhard Blom
11:15-12:45	Verslag KUR (90 minute)
12:45-13:00	Boekbekendstelling en aankondigings
13:00-14:30	Middagete – Samesang o.l.v. ds. Jaques Boonzaier
14:30-14:35	Aankondigings
14:35-15:30	Verslag AP Akademie Fakulteit Teologie (55 minute)
15:30-16:15	Koffietyd – Samesang o.l.v. ds. Attie Boshoff
16:15-17:00	Verslag KKA en *Ad hoc* Vbo-boeke (45 minute)

17:00-17:30	Goedkeuring van notule vir dag 2
17:30-18:45	Aandete – Samesang o.l.v. ds. Albert Boshoff
18:45-20:00	Kerk en wetgewing (Michael Swain en Daniela Ellerbeck – FOR SA)
20:00	Dagafsluiting: ds. Danilo Stoltz

Donderdag (1 September)

07:00-08:30	Ontbyt – Samesang o.l.v. ds. Adriaan Botes
08:30-08:50	Bidstond: afgevaardigde ouderling van AP Kerk Arnot/Hendrina
08:50-09:00	Aankondigings en reëlings
09:00-09:10	Tydelike kommissie vir Mediaskakeling Verslag 3
09:10-10:30	Verslag KKS (80 minute)
10:30-11:15	Teetyd – Samesang o.l.v. ds. Henry Botes
11:15-12:45	Verslag KKS (90 minute)
12:45-13:00	Boekbekendstelling en aankondigings
13:00-14:30	Middagete – Samesang o.l.v. ds. Jan Brink
14:30-14:35	Aankondigings
14:35-15:30	Verslag Bybelgenootskap en *Ad hoc* Bybelvertaling (55 minute)
15:30-16:15	Koffietyd – Samesang o.l.v. ds. Thys Burger
16:15-17:00	Goedkeuring van notule vir dag 3
17:00-17:30	Verkiesing van GKK-lede en APA Raadslede
17:30-18:45	Aandete: braai in walaer
18:45-20:00	Kuieraand/kampvuurgesprek: Kerk en Ossewabrandwag
20:00	Dagafsluiting: ds. Paul Möller

Vrydag (2 September)

07:00-08:30	Ontbyt – Samesang o.l.v. ds. Wimpi Burger
08:30-08:50	Bidstond: afgevaardigde ouderling van AP Kerk Bainsvlei
08:50-09:00	Aankondigings en reëlings
09:00-09:10	Tydelike kommissie vir Mediaskakeling Verslag 4
09:10-09:30	Verslag *Ad hoc* Sabbat (30 minute)
09:30-10:30	Verslae tydelike kommissies
10:30-11:15	Teetyd – Samesang o.l.v. ds. Ruan Combrink
11:15-11:45	Konstituering van permanente kommissies
11:45-12:00	Goedkeuring van notule vir dag 4
12:00-13:00	*Censura morum*, dankbetuigings deur ondervoorsitter, mosies, afsluiting deur voorsitter
13:00-14:15	Middagete

TYDPERK: 7 SEPTEMBER 2017 TOT 25 APRIL 2022

4 Verslag: Sentrale Kerkekommissie (SKK)

1. PERSONEEL

Primarii: Di. HSW Strauss (voorsitter), PJ Möller (ondervoorsitter), A Boshoff (skriba), JH Bisschoff, oudl. EF Celliers.
Sekundi: Prof. JAE Adendorff, dr. JH Breytenbach, ds. JC Gericke, prof. SD Nel.

2. VERGADERINGS

Dertien vergaderings is in die tydperk gehou en wel op: 06/09/2017 (konstituering), 10/10/2017, 11/04/2018, 16/10/2018, 04/11/2019, 17/10/2019, 17/04/2020, 26/04/2020, 24/08/2020, 07/10/2020, 20/04/2021, 12/10/2021 en 25/04/2022.

3. SINODALE OPDRAGTE 2017

Die SKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

3.1 LIDMATE IN DIE BUITELAND (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.1.1-3)

Die SKK gee deurlopend aandag aan die navrae van lidmate wat na die buiteland verhuis met betrekking tot die inskakeling by plaaslike kerke. Verskeie AP kerke se eredienste word deur middel van die internet uitgesaai. Oorsese lidmate word aangemoedig om ook van hierdie dienste gebruik te maak. Lig in Duisternis Produksies se videomateriaal en die elektroniese weergawe van *Die Boodskapper* word gereeld onder lidmate in die buiteland se aandag gebring (kyk PK-verslag).

In Februarie 2020 het ds. Danilo Stoltz Afrikaanse lidmate in Paraguay besoek en pastoraal bygestaan.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat eredienste direk uitsaai of dit elektronies beskikbaar stel.
3.1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om, waar moontlik, hul eredienste uit te saai of deur middel van elektroniese mediums te versprei.
3.1.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK ten opsigte van bediening aan lidmate in die buiteland.

3.2 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.3)

Geen uitnodiging is in die verslagtydperk ontvang om die Konvent by te woon nie.

AANBEVELING:

3.2.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK.

3.3 PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.5.1-8)

Die SKK het gereeld goedkeuring verleen aan gemeentes wat toestemming gevra het om leraars uit ander kerkverbande tydens eredienste te gebruik. Die SKK wys sulke kerkrade gereeld op die relevante sinodebesluite, in die besonder dat sulke predikante by wyse van hoë uitsondering en as

tydelike maatreël gebruik moet word en nie op permanente basis nie. Vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor word moeite gedoen om sodanige gemeentes met bediening deur leraars van die AP Kerk en teologiese studente van die AP Akademie te help. Alternatiewe voorstelle vir bediening word ook met sulke gemeentes bespreek.

Ringe is besoek om bedieningsbeplanning te doen en toerusting aan kerkraadslede vir die plaaslike bediening te gee.

Volgens 'n opname waarin daar met alle gemeentes gekommunikeer is (2021), ontvang 24 gemeentes geen bediening nie. Van die gemeentes het afsonderlik of in rings-/streeksverband met die SKK gesprek gevoer oor bedieningsmoontlikhede. Besoeke is gebring aan die Ringe van Klerksdorp, Lichtenburg, Migdol, Mooinooi, Brandfort, Memel, Beaufort-Wes, Clanwilliam, Somerset-Oos, Steynsburg en Outjo. Die volgende addisionele gemeentes is ook besoek met die oog op bedieningsbeplanning: Brakpan, Fonteine, Nigel, Amajuba, Senekal, Paul Roux, Villiers, Vrede, Pofadder, Hugenote-vallei, Worcester en Gelofte-Pietermaritzburg. Ten tye van die opstel van hierdie verslag is 'n besoek aan die Ring van Newcastle in die voortuitsig gestel.

Daar is tans 16 gemeentes wat op 'n permanente grondslag van leraars uit ander kerkverbande gebruik maak. Daar is met tersaaklike ringe daaroor gesprek gevoer en hulle is gewys op die staande sinodebesluite. 'n Aantal gemeentes het aangedui dat hulle beswaarskrifte gaan indien om te versoek dat die sinodebesluite gewysig moet word.

Daar is heelwat gemeentes wat elke Sondag van studente en emeriti gebruik maak, wat deur die Gemeenskaplike Kerkkantoor koördineer word.

Daar is gemeentes wat bedieningshulp by groter gemeentes ontvang. Sestig leraars het diens gelewer in gemeentes anders as hul eie. Daar is ook gemeentes wat elektronies by uitsaai-eredienste inskakel. Die SKK moedig steeds hierdie gebruik aan waar daar nie op gereelde basis van bediening deur leraars van die AP Kerk gebruik gemaak kan word nie.

AANBEVELINGS:

3.3.1 Die Sinode neem kennis van die SKK se koördinering en ondersteuning van bediening in kleiner gemeentes.

3.3.2 Die Sinode spreek waardering en dank uit teenoor leraars en kerkrade wat hulp verleen met die bediening in kleiner gemeentes.

3.3.3 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade en leraars wat tans nie betrokke is by die bediening in kleiner gemeentes nie, om gehoor te gee aan die sinodebesluit (*Handelinge 1988*, bl. 47, pt. 60.4, *Handelinge 2017*, bl. 341, pt. 3.5.8) om hul leraar vir ten minste twee weke per jaar vir bediening in kleiner gemeentes af te staan. Kerkrade wat nie weet waar om betrokke te raak nie, kan die Gemeenskaplike Kerkkantoor skakel.

3.3.4 Die Sinode wys gemeentes wat permanent van leraars uit ander kerkverbande gebruik maak daarop dat daar binne die kerkverband werklik ander moontlikhede is om te oorweeg.

3.4 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (*Handelinge* 2017, bl. 341, pt. 3.6.1)

3.4.1 GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA)

Die konsepmemorandum vir samewerking met die GKSA wat tydens Sinode 2017 gedien het, is destyds positief deur die AP Kerk ontvang. Die memorandum is na kerkrade verwys vir kommentaar. Geen kommentaar is uit die kerkverband ontvang nie. Tydens die Sinode van die GKSA (2018) is daar besluit om nie die konsepmemorandum vir kommentaar aan hulle gemeentes te versprei nie. Daar is besluit dat gesprekke met die AP Kerk eers oor artikel 3 van die *Kerkorde* gevoer moet word. Dit volg nadat afgevaardigdes by hulle sinode ernstige besware gehad het oor die AP Kerk se standpunt oor volkseie kerk en dat hulle nie hul weg oopsien om saam te werk met kerke waar sekere van hul lidmate uitgesluit sal word nie.

Die SKK het *Kerkorde 2018* en die publikasie *Skriflig op Kerk en Volk* gratis aan elke lid van die GKSA se deputate oorhandig, sodat die gesprek gevoer kan word volgens die AP Kerk se begronding van volkseie kerk.

Die GKSA se kommentaar op hierdie publikasies is ontvang en op hulle versoek gestuur aan alle kommissies van die AP Kerk wat in gesprekvoering met die GKSA betrokke was. Die terugvoer vanuit alle sinodale kommissies was een van teleurstelling en frustrasie. Die reaksie van die GKSA word as bylaag (SKK8) tot hierdie verslag gevoeg.

Dit blyk vir die SKK dat daar nie eenstemmigheid onder die GKSA-deputate is oor hul siening van die AP Kerk se standpunte nie. Ten spyte van hul Sinode se voorbehoude, is daar lede van die deputate wat aangedui het dat hulle nie die gesprek met die AP Kerk wil laat doodloop nie.

AANBEVELINGS:

3.4.1.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van die GKSA se besluite oor die AP Kerk tydens hulle vorige sinode.

3.4.1.2 Waar daar goeie verhoudings met die GKSA bestaan, moedig die Sinode plaaslike kerke aan om daardie verhoudings met die GKSA uit te bou en te versterk tot eer van die Here.

3.4.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Geen formele gesprek is met die NG Kerk gevoer nie. Daar was wel skakeling met beswaardes binne die NG Kerk – die latere Kairos Netwerk. Hulle berade is bygewoon en gesprekke het uitgeloop op 'n besluit deur die Kairos Netwerk dat hulle hul studente aanmoedig om by die AP Akademie opgelei te word. 'n Versoek tot verdere amptelike gesprek is intussen van die Kairos Netwerk ontvang en die SKK sal al die bekommernisse wat tydens vorige sinodes gemeld is, deel van die gesprek maak. Dit blyk vir die SKK dat dit 'n wyse besluit was om nie summier alle gemeentes van die NG Kerk onder dieselfde kam te skeer as gevolg van die Algemene Sinode se besluite nie. Hierdie verwikkelinge mag ook daartoe aanleiding gee dat daar nuut gedink sal moet word oor die manier waarop daar in die toekoms kerklike gesprekke, samewerking en korrespondensie binne die veranderde kerklike omgewing gevoer moet word.

AANBEVELINGS:

3.4.2.1 Die Sinode neem kennis dat geen amptelike gesprekke gevoer is nie.

3.4.2.2 Die Sinode neem met dank kennis van die aanbeveling van die Kairos Netwerk dat hulle teologiese studente by die AP Akademie kan studeer. Dit bevestig die hoë standaard van teologiese opleiding en die gereformeerde grondslag wat in die opleiding deur die AP Akademie gehandhaaf word.

3.4.2.3 Die Sinode moedig gesprek met die Kairos Netwerk aan.

3.4.3 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA (NHKA)

Die eerste verkennende gesprek sedert die stigting van die AP Kerk het op 16 Oktober 2018 plaasgevind. Die NHKA wil nie amptelike korrespondensie met die AP Kerk voer nie, aangesien hulle bang is dit versuur hul verhouding met die NG Kerk. Tydens die gesprek het dit duidelik geword dat daar uiteenlopende standpunte deur die twee kerkverbande gehandhaaf word. Die NHKA wil reformatories wees eerder as gereformeerd. In hul Skrifverklaring plaas hulle groot klem op die konteks, terwyl die AP Kerk eerder die teks beklemtoon. Op grond van hierdie benadering tot die Skrif, is daar geen beswaar by die NHKA teen die vrou in die amp nie. Wat betref die NHKA se besluite rondom die gedagte van 'n "volkskerk", het hulle aangetoon dat hulle die rug totaal daarop gedraai het en dat daar geen terugkeer sal wees nie. Die NHKA kan hul glad nie met die AP Kerk se verstaan van volkseie kerke vereenselwig nie. Geen opvolggesprek het plaasgevind nie.

AANBEVELING:

3.4.3.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek wat plaasgevind het.

3.4.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)

Op 11 April 2019 het 'n vergadering met afgevaardigdes van Môrester Afrikaanse Reformatoriese Kerk (MARK) plaasgevind. Die Gereformeerde Gemeente Môrester se naam het verander ná hulle samesmelting met die Afrikaanse Reformatoriese Kerk.

Die afgevaardigdes sou die inhoud van die gesprek met hulle ouderlingeraad bespreek met die oog daarop om die AP Kerk amptelik te nader met 'n versoek tot die herstel van die verhouding (engere korrespondensie). Die gesprek is opgevolg met 'n elektroniese skrywe aan MARK. Geen versoek tot die amptelike herstel van verhoudings is al ontvang nie. In 'n onlangse gesprek met die leraar van MARK het hy aangetoon dat die gemeente stadig besig is om uit te sterf en hulle verwag om binnekort te ontbind.

AANBEVELING:

3.4.4.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek met Môrester Afrikaanse Reformatoriese Kerk wat plaasgevind het.

3.4.5 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG)

'n Verkennende gesprek tussen afgevaardigdes van die GHG en die SKK het in 'n goeie gees op 11 April 2018 plaasgevind. Daar is egter bepaalde teologiese verskilpunte tussen die GHG en die AP Kerk, soos byvoorbeeld die vrou in die amp en die grondliggende Skrifbeskouing, die onsekere kerkregeringstelsel ('n vermening van kollegialisme en independentisme) wat besig is om vorm aan te neem en die onderliggende kerkbegrip. Daar is positiewe aspekte wat na vore gekom het. Die GHG het dit beklemtoon dat hulle nie 'n kerkverband is nie. Hulle het geen

sinode met bindende besluite vir al die gemeentes nie, maar slegs 'n gesamentlike konferensie. Die meeste van die GHG se aandag en tyd word opgeneem deur die hofsaak wat met die NHKA oor eiendom gevoer word. Intussen het die hof in die GHG se guns beslis, maar die NHKA het aangetoon dat hulle die uitspraak gaan betwis.

AANBEVELING:

3.4.5.1 Die Sinode neem kennis van die gesprek wat met die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes gevoer is.

3.4.6 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, AUCKLAND, NIEUW ZEALAND

Die Reformed Church of the North Shore is 'n gemeente binne 'n groter kerkverband. Ds. Rogers was voorheen die plaaslike leraar en skakeling met hierdie gemeente het deur hom plaasgevind. Daar was geen amptelike bande nie. Tans is ds. Rogers nie meer 'n leraar van die gemeente nie. Die gemeente het ook aan die SKK genoem dat hulle tans ekumeniese verhoudinge met die VGKSA handhaaf.

AANBEVELING:

3.4.6.1 Die Sinode neem kennis dat daar geen amptelike verhouding met die Reformed Church of the North Shore bestaan nie.

3.4.7 VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (VGKSA)

Korrespondensie met die VGKSA het plaasgevind. Geen formele gesprekke is nog gevoer nie.

AANBEVELING:

3.4.7.1 Die Sinode neem kennis van die korrespondensie tussen die SKK en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

3.4.8 GEREFORMEERDE GEMEENTEN IN NEDERLAND PRETORIA

Vanuit die projek waarby dosente van die AP Akademie betrokke is om die kantaantekeninge van die Statenvertaling in Afrikaans te vertaal, is kontak gemaak met die Gereformeerde Gemeenten in Nederland se gemeente in Pretoria en het die SKK gereken dat dit 'n kerk is waarmee die AP Kerk korrespondensie kan opneem. Hul leraar van destyds, ds. Jan Weststrate, het sekere besware teen van ons kerkregtelike standpunte gehad, maar het egter 'n beroep na Nederland aanvaar voordat enige amptelike gesprek gevoer kon word.

AANBEVELING:

3.4.8.1 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om 'n studiestuk op te stel oor onderlinge samewerking tussen plaaslike kerke aan die hand van gereformeerd-kerkregtelike beginsels en die ontwikkeling van gedagtes oor korrespondensie en ekumeniese bande.

Motivering:

Vanuit al hierdie gesprekke met ander kerkverbande het die SKK daarvan bewus geword dat daar nuut gedink sal moet word oor die verstaan van kerklike korrespondensie en ekumeniese verhoudinge met die behoud van die gereformeerde karakter en verstaan daarvan, soos ook hierbo in die terugvoering oor gesprekke met die NG Kerk gemeld is. Dit wil voorkom asof die kanker

van liberalisme die meerderheid van die tradisionele kerkverbande ingedring en selfs oorgeneem het. Tog is daar steeds enkele gemeentes in daardie kerkverbande wat stry om reformasie en behoudendheid. Daar is egter oor talle sake geen eenstemmigheid onder hierdie gemeentes nie. Daar ontstaan ook al hoe meer onafhanklike kerke wat vashou aan 'n behoudende Skrifverklaring en -beskouing. Tradisioneel het kerklike korrespondesie die erkenning van lidmate se attestate, leraars se opleiding, wedersydse beroeping, afvaardiging met spreekstem na mekaar se sinodes, toelating tot die sakramente, ensovoorts, behels. Met die besluite oor byvoorbeeld die behandeling van die publikasie *Ontmoetingsgesprek* met voornemende lidmate, die vergunning dat leraars van ander kerke die Woord by uitsondering mag bedien, die verbod op sakramentsbediening deur leraars uit ander kerkverbande en toelating tot die nagmaalstafel, het vorige sinodes reeds 'n eie karakter aan die verstaan van kerklike korrespondensie gegee. Die SKK wil dus voorstel dat die saak van kerklike korrespondensie, samewerking tussen plaaslike kerke en die aangaan van ekumeniese bande deeglik in 'n studiestuk nagevors moet word met verslag aan die volgende sinode.

3.5 ELKEEN ORAL GESTUURDE (*Handelinge 2017*, bl. 343, pt. 3.8.1-5)

Kyk verslag van die PK punt 4.5 op bl. 219.

3.6 OPENING VAN SINODE (*Handelinge 2017*, bl. 342, pt. 3.9.1-2)

Met die reël van Sinode 2022 is daar uitvoer gegee aan die versoek dat die opening van die Sinode nie op 'n Sondag plaasvind nie.

Daar was ook talle versoeke dat daar nie in die aande vergader moet word nie, aangesien sinodegangers se konsentrasie teen daardie tyd nie meer so goed is nie en ook omdat talle afgevaardigdes nie kans sien om in die nag na hulle slaapplekke te ry nie. Daar was verder 'n aantal besware dat die vorige sinodes 'n onnodige gejaagdheid gehad het, wat daartoe gelei het dat afgevaardigdes weens die tydsdruk nie sake deeglik en met vrymoedigheid kon bespreek nie. Die SKK het al hierdie versoeke in ag geneem met die opstel van Sinode 2022 se dagprogram.

Soos gewoonlik is aan gemeentes geleentheid gebied om tenders in te dien vir die aanbieding van Sinode 2022. Die tenders wat ontvang is, was baie hoër as in die verlede. Nadat daar geleentheid gebied is om tenders aan te pas, was die Voortrekkermonument se kwotasie steeds R300 000 minder. Die SKK het in die lig van die beperking op die kerkverband se finansies weens 'n jaarlikse tekort in die 15%-bydraes, besluit om Sinode 2022 by die Voortrekkermonument aan te bied.

Deel van die Voortrekkermonument se kwotasie behels dat die AP Kerk op die direksie van die Erfenisstigting verteenwoordiging as 'n klas B-lid kry. Daarmee kry ons dan ook tien stemme op die direksie en raak ons betrokke, nie net by die Voortrekkermonument nie, maar by al die werksaamhede en historiese terreine van die Erfenisstigting soos onder meer Bloedrivier, Kerkenberg, ensovoorts. Dit bied ook ruimte dat daar by hierdie terreine meer en met groter vrymoedigheid geleenthede sal wees vir leraars vanuit die AP Kerk om Geloftefeesdienste daar te lei.

AANBEVELINGS:

3.6.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat Sinode 2022 se opening nie op 'n Sondag plaasgevind het nie.

3.6.2 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die AP Kerk se klas B-lidmaatskap van die Erfenisstigting.

3.6.3 Die Sinode moedig kerke en leraars aan om betrokke te wees by die bewaring van die Afrikaner se historiese erfenis.

3.7 GEREFORMEERDE GESPREKSFORUM (*Handelinge 2017*, bl. 345, pt. 5.7)

Dr. Peter Leithart van die VSA het die AP Akademie op 11 April 2019 besoek. Predikante uit die AP Kerk is uitgenooi om die geleentheid by te woon.

AANBEVELING:

3.7.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die Gereformeerde Gespreksforum.

3.8 AFRIKANERMUSEUM (*Handelinge 2017*, bl. 346, pt. 5.9)

Die SKK het verskeie pogings aangewend om kontak te bewerk met die persoon wat die saak onder die SKK se aandag gebring het. Hierdie pogings was almal vrugteloos en die SKK het besluit om van die saak af te stap.

AANBEVELING:

3.8.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK van die saak afgestap het.

3.9 MEDEWERKERS PRETORIA FM (*Handelinge 2017*, bl. 346, pt. 5.14.1.1-3. Kyk ook SKK-verslag pt. 5.7.1, bl. 27)

Die AP Kerk neem steeds deel aan Pretoria FM se godsdiensprogramme, spesifiek Vroegoggend uit die Woord, weeklikse erediensuitsendings, daaglikse oordenkings, huisgodsdiens en die dagafsluiting. Die SKK het ds. JL Schütte aangewys as medewerker van die AP Kerk op Pretoria FM se Godsdienskomitee. Pretoria FM se Godsdienskomitee is ’n komitee van die stasie se direksie en word saamgestel uit vier verteenwoordigers van die tradisionele Afrikaanse gereformeerde kerkverbande, naamlik die NGK, GKSA, NHKA en die AP Kerk. Indien predikers, kerke of gemeentes uit enige ander kerkverband op uitnodiging aan die godsdiensprogramme deelgeneem het, moes hulle ’n verklaring onderteken waarvolgens hulle die godsdiensbeleid aanvaar en geen voorbehoud het teen die leer soos saamgevat in die Drie Formuliere van Enigheid nie.

Hierdie Godsdienskomitee tree volgens die direksie se godsdiensbeleid op. Die godsdiensbeleid was ontwerp om die Calvinisties-gereformeerde volksidentiteit te handhaaf en uit te bou en ook om die godsdiensprogramme Calvinisties-gereformeerd te stempel, omdat dit die dominerende in die geloofsgrondslag van die Afrikaner is en na oordeel van die Godsdienskomitee, ter wille van diens aan die Afrikaner, die dominerende moet bly.

Die reëling was dat die 52 weke van die jaar gelykop tussen hierdie vier kerkverbande verdeel word, dit wil sê aan elkeen is dertien weke toegeken. Met die ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) het hulle ook deel geword van die Godsdienskomitee en ’n klein aantal geleenthede begin waarneem. Nadat al hoe meer gemeentes ten tye van die grendelstaat begin het om opnames van eredienste te maak en elektronies uit te saai, het Pretoria FM dikwels op daardie opnames gesteun, aangesien daar nie in gemeentes opnames gemaak kon word nie. Dit het daartoe gelei dat opnames deur personeel van Pretoria FM nie meer in gemeentes gedoen word nie en die meeste van die opnames tans deur leraars self onderneem word. Die gevolg is dat ’n groter aantal leraars by die godsdiensprogramme betrek kon word. Voorheen kon slegs leraars binne 200 km van Pretoria af, bydraes lewer. Gedurende 2021-2022 het 46 leraars vanuit die AP Kerk geleentheid gekry om deel te neem, terwyl teologiese studente geleentheid gekry het om die huisgodsdiens en dagafsluitings te hanteer.

Op 16 Maart 2022 het die direksie van Pretoria FM egter besluit om die godsdiensbeleid van al die jare te wysig en weg te doen met die gebondenheid aan die Drie Formuliere van Enigheid. Die rede is dat al hoe meer van die luisteraars nie lidmate van die bogenoemde vier kerke is nie. Die direksie beplan 'n uitbreiding van die stasie se voetspoor om landswyd die roeping en taak van die Radio te kan dien; 'n roeping en 'n taak wat nou geanker word in die bekende vyf solas van die Reformasie en nie soseer in die gereformeerde belydenisskrifte nie.

Die lede van die Godsdienskomitee kon geen bydrae lewer tot die wysiging van die godsdiensbeleid nie en moes maar net daarvan kennis neem. Die besorgdheid van die AP Kerk se kant is met die voorsitter van die Godsdienskomitee en lid van die direksie gedeel. Hy het daarop reageer en die versekering gegee dat "die band met ons kerklike vennote en medewerkers vir ons kosbaar is en die Radio steeds verbind is tot die bevordering van ons Christelik-Protestantse etos. Daarom het ons dit met die bekende Reformatoriese solismes verwoord en na my oordeel het ons nie afstand gedoen van ons grondslag nie."

Die Godsdienskomitee se samestelling sal voortaan jaarliks deur die direksie geskied en sal bestaan uit:

- Predikante van meewerkende kerke wat deur die betrokke denominasie aanbeveel is of deur die komitee gekoöpteer word;
- Verdere lede wat uit eie oorweging deur die direksie benoem mag word;
- Die Programbestuurder;
- Programorganiseerder/Regisseur: Godsdiensprogramme
- 'n Administratiewe beampte soos aangewys deur die Administratiewe Bestuurder.

Die SKK is besorg oor die prysgawe van die gebondenheid aan die gereformeerde belydenisskrifte en voorsien dat die etos en karakter van die stasie moontlik hierdeur gaan verander. Alles wat "Protestants" is, is nie noodwendig Bybels nie.

AANBEVELINGS:

3.9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die AP Kerk se deelname aan Pretoria FM se godsdiensprogramme.

3.9.2 Die Sinode spreek sy hartlike dank teenoor Pretoria FM uit vir die geleentheid om aan hul uitsendings met godsdienstige programinhoud deel te neem.

3.9.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en lidmate van die AP Kerk wat as medewerkers optree en help om inhoud vir Pretoria FM se godsdiensprogramme te verskaf.

3.9.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor Pretoria FM se besluit om weg te doen met die gereformeerde belydenisgrondslag. Ook die feit dat dit nie meer as maatstaf vir deelnemers aan hul godsdiensprogramme hoef te dien nie. Pretoria FM is in 'n unieke posisie om sout vir die wêreld te wees en behoort daarom nie net die tydsgees te weerspieël nie, maar 'n daadwerklike invloed uit te oefen op die identiteit van sy luisteraars.

3.9.5 Die Sinode dra dit aan die SKK op om amptelik met die direksie van Pretoria FM oor hierdie saak te vergader en die AP Kerk se ongelukkigheid met die besluit oor te dra en hulle te versoek om te herbesin in die lig van hul getuienistaak.

3.10 PASTORALE BEGELEIDING BY LOSMAKING (*Handelinge 2017*, bl. 347, pt. 6.3.1-3 en bl. 381, pt. 5.1.5. Kyk ook KKS-verslag pt. 3.4, bl. 330)

Die SKK het geoordeel dat die saak van die pastorale begeleiding by losmaking (van enige aard) van 'n bedienaar van die Woord en die losmaking van 'n bedienaar van die Woord as gevolg van egskeiding, bymekaar hoort.

Die Direkteur van Kerkadministrasie word deurlopend gekontak deur leraars wat dit oorweeg om die bediening te verlaat of wat reeds uit die bediening is. Verskeie oproepe, gesprekke en besoeke is deur hom gedoen waarin hy leiding gebied het. Die doel daarvan was eerstens om sulke broeders pastoraal by te staan, maar tweedens ook om, waar moontlik, hulle te begelei sodat hulle na die bediening kan terugkeer. Soms gebeur dit egter dat iemand uit die bediening sal gaan en dan geen verdere korrespondensie met die kerkverband of Gemeenskaplike Kerkkantoor voer nie. Dit is veral waar van diegene wat na kerke in ander kerkverbande oorgaan. Die SKK wil graag broeders aanmoedig om met die Direkteur van Kerkadministrasie in verbinding te tree juis met die oog op pastorale ondersteuning alvorens hulle besluit om die bediening te verlaat. Die SKK het bewus geword van al hoe meer gevalle van uitbranding en verneem ook van die Kuratorium se ondersoek en aanbevelings rondom uitbranding.

Sinode 2017 het die SKK en die KKS versoek om 'n studie te doen oor die inhoud van die besondere pastorale versorging wat 'n leraar ná afsetting moet ontvang en om aan die volgende Sinode verslag te lewer. Kerkrade/ouderlingerade is versoek om voorstelle in dié verband aan die KKS te stuur. Na die SKK se medewete is daar geen sodanige voorstelle by die KKS ontvang nie en die betrokke studie is ook nie gedoen nie.

AANBEVELINGS:

3.10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die Direkteur van Kerkadministrasie se begeleiding van en skakeling met leraars wat uit die bediening is.

3.10.2 Die Sinode neem kennis dat die SKK en die KKS nie uitvoer gegee het aan pt. 5.1.5, bl. 381 in *Handelinge 2017* nie.

3.10.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKS en die Kuratorium en versoek die KKS om die studie te koördineer.

3.11 MOTIVERING AAN GEMEENTES WAAR HULP NIE GOEDGEKEUR WORD NIE (*Handelinge 2017*, bl. 348, pt. 6.4.1-3)

Die SKK het uitvoering aan die besluit gegee. Elke aansoek om hulp wat afgekeur word, word gemotiveer en die motivering word aan die betrokke gemeentes deurgegee.

AANBEVELING:

3.11.1 Die Sinode neem kennis dat die besluit geïmplementeer is in die werkswyse van die SKK.

3.12 STUDIESTUK: TENTMAKERBEDIENING (Kyk ook KKCE-verslag pt. 3.2, bl. 212)

Die KKCE het die studiestuk oor tentmakerbediening opgestel en na die SKK verwys. Die SKK het enkele wysigings aan die studiestuk aangebring.

TENTMAKERBEDIENING

Inleiding
Namate dit vir gemeentes moeiliker raak om ’n voltydse predikant te kan bekostig, kom die vraagstuk oor tentmakerbediening sterk na vore.

Daarom het die vraagstuk oor die jare op die sinodes van die Afrikaanse Protestanse Kerk ter sprake gekom. Die opdrag rakende tentmakerbediening is van die een kommissie na die volgende kommissie en van die een sinode na die volgende verwys.

Gedurende die Vyftiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het die Sinode volstaan met die besluit dat tentmakerbediening nie in die AP Kerk aanvaar word nie (*Handelinge 2017*, bl. 273, pt. 7.2.1). In die volgende punt (7.2.2) besluit die Sinode dat ’n leraar wat selfs geringe tyd aan ’n inkomste buite die ooreenkoms soos vervat in sy beroepsbrief wy, dié belang aan die plaaslike kerkraad, as werkgewer, moet openbaar, wat besluit of die aard en omvang daarvan aanvaarbaar is of nie.

Punt 7.2.3 dui aan dat die Sinode besluit dat die KKCE en SKK gesamentlik ondersoek moet doen om die volgende sinode te voorsien van ’n studiestuk oor wat as “tentmakerbediening” beskou kan word:

Die Sinode versoek die KKCE en SKK om in die ondersoek aandag te gee aan die leraar se roepingsbewustheid ten opsigte van sy verantwoordelikheid as hoof van sy gesin, asook as bedienaar van die Woord.

Wat is tentmakerbediening
Die praktyk waar ’n leraar sy inkomste moet aanvul of vanuit ’n eksterne bron verdien, anders as sy gemeente, word tentmakerbediening genoem. Dit is na aanleiding van die apostel Paulus wat ’n tentmaker (σκηνοποιός) van ambag was. Handelinge 18:3 ... *en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag.* Terwyl die apostel vir ’n jaar en ses maande (vgl. Hand. 18:11) in Korinthe met sy tweede sendingreis vertoef het en hy die kerk daar gevestig het, het hy by Aquila en sy vrou Priscílla tuisgegaan. Hy het homself onderhou deur saam met hulle as tentmaker te werk.

Ook in Thessalonika het Paulus niks van die gemeente verwag nie, maar homself onderhou: 1 Thessalonicense 2:9: *Julle onthou tog, broeders, ons arbeid en inspanning; want terwyl ons nag en dag gewerk het om niemand van julle te beswaar nie, het ons die evangelie van God aan julle verkondig.*

Paulus se tentmakerbediening
Die feit dat Paulus as tentmaker gewerk het om in sy bediening self in sy lewensonderhoud te voorsien, word enersyds dikwels aangegryp deur die voorstanders van tentmakerbediening om regverdiging daarvoor te vind dat ’n leraar in ’n gemeente ook ’n ander beroep kan beoefen ten einde self in sy lewensonderhoud te voorsien, of sy traktement aan te vul. Andersyds wys die teenstanders van tentmakerbediening daarop dat Paulus se voorbeeld nie as regverdiging daarvoor kan dien nie, omdat Paulus nie in ’n vaste bediening in ’n gemeente gestaan het nie, maar dat hy ’n sendeling was. Daar is geen aanduiding in die Skrif dat enige ander apostel ná die hemelvaart van die Here Jesus enige ander beroep beoefen het om ’n inkomste te genereer nie.

Definisie van "sendeling"
Sendelinge is hulle wat uitgestuur word met die primêre doel om grootliks onbereikte volksgroepe "aan die einde van die aarde" te evangeliseer. Hulle plaas hulleself dikwels in 'n venster van die wêreld waar die meeste nog nie die Naam van Jesus Christus gehoor het nie (vgl. Hollie Gilman – Christianity.com). Sending kan ook gedefinieer word as die uitreik met die evangelie na enigiemand wat die Here en sy Woord nie ken nie, terwyl evangelisasie eerder die uitreik na afgedwaalde lidmate is. Gemeet aan bogenoemde definisies word 'n sendeling:

a. Uitgestuur
Elkeen wat in die amp van die gelowige staan, moet gehoorsaam wees aan Christus se sendingopdrag in Matthéüs 28:19 – om dissipels van al die nasies te maak. Dit beteken dat elke gelowige oral die evangelie moet verkondig. Dit is egter nie moontlik vir elke gelowige om huis en haard te verlaat en sendingreise te onderneem nie. Elke gelowige het dus die roeping om elkeen oral 'n gestuurde te wees en om die sending te ondersteun, sodat hulle wat deur God daartoe geroep is om sendingreise te onderneem, wel in staat gestel word om dit te doen.

Handelinge 9:15, 16 sê dat Ananías opdrag van die Here aangaande Saulus ontvang het: *Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.*

Aangaande die plaaslike gemeente in Antiochíë lees ons: Handelinge 13:2, 3: En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: *Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.*

Ons kan dus stel dat Antiochíë die sturende gemeente was wat Barnabas en Saulus (Paulus) as sendelinge uitgestuur het. In Handelinge 14:27 kan gesien word dat Barnabas en Paulus ná die eerste sendingreis aan die sturende gemeente verslag oor hulle sending lewer. Daar is geen aanduiding tot watter mate die gemeente in Antiochíë verantwoordelik was vir hulle lewensonderhoud nie, maar ons kan aflei dat hulle onderhoud gedeeltelik deur Antiochíë as die sturende gemeente gedra is.

b. Na onbereikte volksgroepe
'n Leraar ontvang 'n beroep van 'n spesifieke gemeente, wat in die geval van die Afrikaanse Protestantse Kerk, tot 'n spesifieke kulturele groep of volk behoort (*Kerkorde 2018,* art. 3:2).

'n Sendeling werk dikwels in 'n kulturele omgewing wat soms van sy eie agtergrond verskil. Daarom skryf Paulus in 1 Korinthiërs 9:19,20: *Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win.*

c. Tot aan die einde van die aarde
Tydens sy drie sendingreise het die apostel Paulus duisende kilometers per voet en ter see afgelê om die evangelie tot aan die einde van die aarde te verkondig. 2 Korinthiërs 11:25-27: D*rie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring – dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid.*

d. Om die evangelie te verkondig aan hulle wat Jesus Christus nie ken nie
Hulle wat Jesus Christus nie ken nie, heidene, staan buite die kerk. Die sendeling het dus nie altyd die ondersteuningsbasis van 'n plaaslike gemeente nie. Hy moet die evangelie verkondig en waar die heidene deur die werk van die Heilige Gees tot bekering kom, moet die sendeling 'n plaaslike kerk plant. Paulus het elke nuwe gemeente in die sorg van die nuutgekose ouderlinge en diakens agtergelaat.

Omdat daar aanvanklik nie 'n plaaslike gemeente is om die sendeling te onderhou nie, is sendelinge dikwels in tentmakerbediening om sodoende self in hul lewensonderhoud te voorsien. Dit bied aan hulle uitstekende sendinggeleenthede, waar hulle in die daaglikse werkomgewing en omgang met die plaaslike mense in aanraking kom om sodoende die evangelie te verkondig.

Dit is dus duidelik dat Paulus in die eerste plek 'n sendeling was wat die evangelie van Jesus Christus aan die heidene verkondig het en gemeentes tot stand gebring het. Hierdie sendingtaak moes Paulus soms vir lang tye by 'n nuwe gemeente behartig totdat die gemeente goed gevestig was. So was hy ongeveer agtien maande by die gemeente in Korinthe en byna drie jaar in Éfese.

Paulus ten opsigte van die onderhoud van die evangeliedienaar
Die feit dat Paulus as tentmaker in sy eie onderhoud voorsien het, beteken egter nie dat Paulus van mening was dat die gemeente nie vir die onderhoud van die evangelieverkondiger verantwoordelik moet wees nie (vgl. 1 Kor. 9:3-18; Gal. 6:6).

Die Skrif leer dat die Here bepaal het dat dié wat die evangelie verkondig ... van die evangelie moet lewe (vgl. 1 Kor. 9:7-14).

Die Here het alreeds in die Ou Testament die opdrag daarvoor in Deuteronómium 18:3-5 gegee: *En dit moet die reg van die priesters wees van die kant van die volk, van die wat 'n slagoffer bring, of dit 'n bees of 'n stuk kleinvee is: hulle moet aan die priester die blad en die twee kakebene en die maag gee. Die eerstelinge van jou koring, jou mos en jou olie en die eerstelinge van die skeersel van jou kleinvee moet jy aan hom gee. Want die Here jou God het hom uit al jou stamme uitverkies, dat hy altyd kan staan om te dien in die Naam van die Here, hy en sy seuns.*

Hiskía het aangaande die priesters en Leviete in 2 Kronieke 31:4 beveel: *En hy het die volk, die inwoners van Jerusalem, bevel gegee om die aandeel van die priesters en die Leviete te gee, sodat hulle aan die wet van die Here al hulle krag kon wy.*

Die Here Jesus sê dat die arbeider sy loon werd is. Daar waar die Here Jesus die sewentig dissipels uitgestuur het, het Hy hulle beveel: *Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want die arbeider is sy loon werd. Moenie van huis tot huis gaan nie* (Lk. 10:7). Paulus wat homself so dikwels onderhou het, beveel Timótheüs: *Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie en: Die arbeider is sy loon werd* (1 Tim. 5:18).

Paulus het by geleentheid vrywillig van die reg om vergoed te word, afstand gedoen (vgl. 1 Kor. 9:18; 2 Kor. 11:7-11; 12:13). Waarom?

In Handelinge 20:35 lees ons dat Paulus aan die ouderlinge van Éfese die rede waarom hy self werk, verskaf: *Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang.*

Paulus wys hier die ouderlinge van die gemeente in Éfese daarop dat hy geen finansiële bymotiewe gehad het toe hy vroeër in hulle midde gewerk het nie. Dit is in teenstelling met die valse predikers en apostels wat net daarop uit was om geld uit die gemeente te maak (vgl. bv. 2 Kor. 11:8-9; 2 Tim. 3:6-9; 2 Petr. 2:3).

In 1 Korinthiërs 9:17-19 skryf Paulus dat hy die evangelie van Christus kosteloos bring al het hy die reg tot vergoeding. Paulus het dus self in sy lewensonderhoud voorsien omdat hy 'n sendeling was. Hy is nie deur gemeentes wat onder sy sending ontstaan het, beroep en as leraar aangestel nie. Paulus het homself as 't ware in die Griekse konteks, waar handewerk deur die hoër klasse as vernederende slawewerk beskou was, verneder ten einde meer mense met die evangelie te bereik. Deur in die leerwerkswinkel te sit en te werk aan 'n ambag wat in die sosiale orde gepas het by 'n slaaf, sou hy meer mense bereik ... Nogtans het hy die status van 'n dienskneg aangeneem ter wille van die evangelie.[1]

Daar was dus soms buitengewone omstandighede waarin Paulus nie aangedring het op die onderhoud van die gemeente nie. Hy het egter die reg op versorging gehandhaaf. 2 Thessalonicense 3:9-10: *Nie dat ons nie die reg het nie, maar om onsself vir julle as 'n voorbeeld te stel, dat julle ons kan navolg. Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.* So ook Filippense 4:16: *Want ook in Thessaloníka het julle vir my behoefte meer as een maal iets gestuur.* Ook Romeine 16:2, 23 dui daarop dat Paulus finansieel onderhou is.

Volgens W. Nam[2] kan Paulus se tentmakerberoep nie sonder meer gebruik word om tentmakerbediening te regverdig waar dit spesifiek gaan oor die finansiële behoeftes van 'n gemeente of 'n leraar nie. Die verskillende redes vir Paulus se tentmakerberoep toon dat sy arbeid nie slegs 'n ekonomiese aspek bevat het nie, maar dat dit 'n integrale deel van sy bediening van die evangelie was.

Die versorging van die evangeliedienaar is vervat in die Kerkreg

Kerkorde 2018 bepaal in artikel 18: "Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord. Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, word die kerkverband genader om hulp."

Hierdie artikel se wortels kan teruggevoer word na die eerste gereformeerde sinodes. In die Wezelse Artikels van 1568 word bepaal dat die evangeliedienaars vergoed en onderhou moet word. So ook by die Sinode van Emden in 1571. In die Dordtse Kerkorde van 1618/19 (artikel 11) is dit ook vervat dat kerkrade hulle dienaars behoorlik moet versorg.

Volgens die Heidelbergse Kategismus, Sondag 38 (v/a 103) bepaal die vierde gebod dat die predikamp en die skole onderhou moet word. Wanneer 'n leraar deur 'n gemeente beroep word, onderneem hulle daarom in die beroepsbrief om hom van bekommernisse oor die stoflike te vrywaar.

Soorte tentmakerbedieninge

Verskillende vorme van tentmakerbediening kan onderskei word. Dit word onderskei deur die mate van selfonderhoud van die leraar wat in tentmakerbediening staan.

1 Wynand Van Zyl, www.ankura.net/2006/05/18/paulus-se-tentmakersbediening1/

2 W. Nam, 'An exegetical study of the ground motive of Paul's tent-making implied in his letters'. NWU.

Volledige onderhoud buite die gemeente
Dit is leraars wat 'n voltydse loopbaan buite die kerk het, en wat net 'n klein hoeveelheid van sy tyd, dikwels net prediking en pastorale tyd, aan die gemeente afstaan. So 'n leraar staan byvoorbeeld in 'n vaste betrekking en bestee sy vrye tyd aan die gemeente.

Gedeeltelike onderhoud van die gemeente sowel as vanuit 'n ander bedryf
Ander leraars wat in tentmakerbediening staan, verdeel hulle tyd tussen die gemeente en 'n ander bedryf om in hul lewensonderhoud te voorsien. By nie een ontvang hy dus 'n volle salaris of traktement nie.

Volle onderhoud van die gemeente, met eksterne aanvulling van inkomste
By hierdie vorm van tentmakerbediening ontvang die leraar 'n volle traktement van die kerkraad, maar is nie in die diens van die gemeente alleen nie, en hy verdien 'n tweede inkomste.

Die predikant se roepingsbewustheid ten opsigte van sy verantwoordelikheid as hoof van sy gesin en ook as bedienaar van die Woord
Die woord "tentmaker" in verband met 'n predikant wat in sy eie lewensonderhoud voorsien terwyl hy in die bediening staan, verwys na die beroep waarin die apostel Paulus gestaan het terwyl hy in Korinthe was en homself onderhou het. Dit kan egter nie los van Paulus se roepingsbewustheid verstaan word nie. Paulus was 'n intelligente, ambisieuse man wat groot rykdom kon verdien. Tog, nadat hy op pad na Damaskus 'n ontmoeting met die lewende Jesus Christus gehad het (vgl. Hand. 9), het hy alles wat voorheen vir hom belangrik was, as drek beskou en het hy alles prysgegee om Christus as wins te verkry (vgl. Filip. 3:8). Christus was sy wins, nie materiële welvaart, status of aardse voordele nie. Wanneer iemand die roeping ontvang om predikant te word, is dit om Jesus Christus te dien en nie ter wille van rykdom of finansiële voorspoed nie. Die predikant dien die Here en vertrou dat die Here ook vir hom sal sorg. 'n Predikant mag nooit die bediening misbruik vir finansiële gewin, soos wat dit met die voorspoedsteologie die geval is nie.

Volgens Nam[3] was Paulus bereid om te ly in die verkondiging van die evangelie, in navolging van die lydende Christus. Dink weer hier aan die woorde van die Here aan Ananías ten opsigte van Paulus in Handelinge 9:16: *Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly.*

Paulus se tentmakery was nie ingestel op gemak, status en ekonomiese vooruitgang nie, maar was deel van sy evangeliebediening.

Paulus het nooit getrou en 'n gesin gehad wat versorg moes word nie.

Die getroude leraar het, anders as Paulus, wel 'n verantwoordelikheid teenoor sy gesin (vgl. 1 Kor. 7:32-33; 1 Tim. 5:8). Daarom moet die leraar ook behoorlik vir sy gesin sorg. Hierdie verantwoordelikheid van die versorging van die gesin is egter nie bloot materieel nie, maar behels ook die leraar se teenwoordigheid en leiding as hoof van sy huis. Indien 'n leraar in tentmakerbediening staan, word sy aandag reeds verdeel tussen twee verskillende beroepe. Die gevaar is wel dat die gesin, wat dalk materieel versorg is, in ander aspekte van die leraar se roeping as hoof van sy huis afgeskeep word.

3 W. Nam, 'An exegetical study of the ground motive of Paul's tent-making implied in his letters'. NWU.

Die voordele verbonde aan tentmakerbediening

1. 'n Klein gemeente wat finansieel swaarkry, kan op hierdie manier 'n eie leraar kry, of behou, omdat hy tot 'n sekere mate finansieel selfversorgend kan wees.
    1.1. Daar is gemeentes wat nie meer 'n voltydse leraar kan bekostig nie, wat van emeritusleraars van ander gereformeerde kerkverbande gebruik maak. Hierdie leraars mag egter nie die sakramente bedien nie. Dit is moontlik dat so 'n leraar 'n gemeente op 'n verkeerde spoor kan lei, aangesien hy nie onder die opsig en tug van die plaaslike ouderlingeraad staan nie en nie deur die keuringsproses van die Afrikaanse Protestantse Kerk deur die Kuratorium as leraar toegelaat is nie. Daarom laat die *Kerkorde* nie toe dat hierdie leraars voltyds in die AP Kerk mag bedien nie. Indien hulle 'n leraar van die Afrikaanse Protestantse Kerk kan beroep tot tentmakerbediening, sal dit vir hulle voordelig wees.
2. 'n Leraar kan sy gesin versorg en finansieel tot 'n mate onafhanklik van die gemeente wees vir sy lewensonderhoud.
3. Die leraar in tentmakerbediening is minder uitgelewer aan die dreigemente dat gemeentelede hulle bydraes sal terughou indien hy nie preek wat vir hulle aanvaarbaar is nie. Hy kan met groter vrymoedigheid die gemeente ernstig vermaan en streng aanspreek.
4. Die leraar is in 'n beter posisie om sy gesin materieel te versorg.

Die nadele verbonde aan tentmakerbediening

1. Indien die dorp waar die leraar in die bediening staan aan genoegsame werksgeleenthede ontbreek en die leraar nie 'n bykomende inkomste vanaf sy eie huis kan genereer nie, sal hy moontlik ver afstande tussen die pastorie en 'n moontlike werkplek moet aflê. Dit sal lang reistye tot gevolg hê en hy sal ook nie geredelik beskikbaar wees indien sy gemeente hom bedags nodig het nie. Sy gesin sal hom ook min sien omdat hy dan baie van sy vrye tyd aan die gemeente moet bestee.
2. Selfs waar hy nie sy gemeentewerk afskeep nie, kan daar onder die lidmate die gevoel ontstaan dat hy dit wel doen en dat hulle vir hom minder belangrik is.
3. Onmin kan in die gemeente ontstaan waar die leraar hom in sy tweede beroep in 'n onderneming bevind waar hy in direkte opposisie teenoor gemeentelede van 'n ander onderneming staan.
4. Onmin kan ook ontstaan wanneer van die leraar se gemeentelede ook sy kliënte is.
5. Die gemeente kan voel dat die predikant nou selfversorgend is en dat kerklike bydraes en projekte om fondse te in, nie meer nodig is nie. Net so kan die leraar nie meer belangstel om die gemeente aan te spoor om hulle dankoffers te gee nie.
6. Tentmakerbedienaars se lojaliteite en prioriteite kan verander, weg van die gemeente af, na die werklike bron van sy inkomste en hy kan sy gemeente afskeep. Lukas 16:13: *Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.*
7. Tentmakerbedienaars kan in allerhande versoekinge kom. In die sekulêre wêreld verloop dinge nie altyd so eerlik nie. 'n Werknemer kan, om sy werk te behou, dalk die kop wegdraai wanneer ongeoorloofde sakepraktyke plaasvind.
8. Dit kan lei tot afguns waar 'n leraar wat van sy traktement van 'n gemeente afhanklik is, nie materieel dieselfde leefstyl kan handhaaf as die leraar wat in tentmakerbediening staan nie.
9. Dit kan lei tot 'n gevoel van meerderwaardigheid van leraars wat staatmaak op hulle traktement vir hulle lewensonderhoud teenoor die leraar wat in tentmakerbediening staan. Net so kan tentmakerbedienaars ook meerderwaardig voel teenoor ander leraars wat nie finansieel so goed vaar nie.
10. Die verdeling van die aandag van die leraar tussen veelvuldige nerings, kan lei tot die afskeep van sy verantwoordelikhede teenoor sy gesin.

Gevolgtrekking
Paulus se tentmakerbediening kan nie sonder meer as 'n regverdiging vir tentmakerbediening in die kerk gebruik word nie. Tog is daar ruimte, vir 'n leraar wat onder beroep by 'n gemeente staan, om onder sekere omstandighede en met toestemming van sy kerkraad toegelaat te word om sy inkomste aan te vul. Daar sal egter streng voorwaardes aan so 'n bediening gestel moet word.

Uiteindelik kan volstaan word met die standpunt dat tentmakerbediening die model kan wees vir bediening as sendeling. In die geval van 'n leraar wat beroep is tot die bediening van 'n plaaslike gemeente, verwag die gemeente dat hy hom voltyds aan die bediening sal wy en is hulle daarom verantwoordelik vir sy onkostes en lewensonderhoud.

AANBEVELINGS:

3.12.1 Die Sinode neem kennis dat die AP kerke teen tentmakerbediening besluit het.

3.12.2 Die Sinode keur die studiestuk goed.

3.12.3 Die Sinode aanvaar die volgende definisie van tentmakerbediening:

Tentmakerbediening is die praktyk waar 'n leraar sy inkomste aanvul of verdien deur 'n addisionele beroep te beoefen.

Dit kan byvoorbeeld op die volgende maniere gedoen word:

- Volledige onderhoud buite die gemeente.
  Dit is leraars wat 'n voltydse loopbaan buite die kerk het en wat net 'n klein deel van sy tyd, dikwels net prediking en pastorale tyd, aan die gemeente afstaan. So 'n leraar staan byvoorbeeld in 'n vaste betrekking en bestee sy vrye tyd aan die gemeente.
- Gedeeltelike onderhoud deur die gemeente sowel as deur 'n ander bedryf.
  Dit verdeel die tyd tussen die gemeente en 'n ander bedryf om in hul lewensonderhoud te voorsien. By nie een van hierdie bronne ontvang hy dus 'n volle salaris of traktement nie.
- Volle onderhoud van die gemeente, maar met die beoefening van 'n tweede beroep naas die bediening. By hierdie vorm van tentmakerbediening ontvang die leraar 'n volle traktement van die kerkraad, maar is nie in die diens van die gemeente alleen nie, en hy verdien 'n tweede inkomste.

Bogenoemde definisie kan deur kerkrade gebruik word om hul leraars se verklaarde inkomste te beoordeel.

3.12.4 Die Sinode herbevestig die besluit van die Sinode van 2017 dat 'n leraar wat selfs geringe tyd aan 'n inkomste buite die ooreenkoms soos vervat in sy beroepsbrief wy, dié belang aan die plaaslike kerkraad, as werkgewer, moet openbaar, wat besluit of die aard en omvang daarvan aanvaarbaar is of nie.

3.12.5 Die Sinode besluit dat bronne van inkomste wat nie inbreuk maak op bedieningstyd nie, nie as tentmakerbediening geag word nie.

4. STATISTIEK: 2017-2021

	RINGE					GEMEENTES				
	2017	**2018**	**2019**	**2020**	**2021**	**2017**	**2018**	**2019**	**2020**	**2021**
Transvaal	17	17	16	16	16	96	95	95	95	95
Natal	2	2	2	2	2	9	9	9	9	9
OVS	7	7	7	7	7	38	38	37	37	37
Kaap	8	8	8	8	8	58	57	56	56	56
Namibië	1	1	1	1	1	7	7	6	6	6
Totaal	**35**	**35**	**34**	**34**	**34**	**208**	**206**	**203**	**203**	**203**

	BELYDENDE LIDMATE						DOOPLIDMATE					
	2017	**2018**	**2019**	**2020**	**2021**	**Verskil**	**2017**	**2018**	**2019**	**2020**	**2021**	**Verskil**
Transvaal	15 790	14 867	14 471	14 105	13 473	-2 317	3 905	3 709	3 592	3 425	3 267	-638
Natal	505	514	514	510	399	-106	98	93	109	114	82	-16
OVS	3 913	3 815	3 761	3 573	3 536	-377	900	897	870	805	804	-96
Kaap	4 794	4 782	4 722	4 756	4 709	-85	1 057	1 055	1 065	1 076	1 128	+71
Namibië	438	437	414	424	431	-7	132	118	108	110	94	-38
Totaal	**25 440**	**24 415**	**23 882**	**23 368**	**22 548**	**-2 892**	**6 092**	**5 872**	**5 744**	**5 530**	**5 375**	**-717**

Vanaf 2017 tot 2021 het die totale aantal gemeentes met 9 verminder, terwyl die belydende lidmate met 2 892 en die dooplidmate met 717 verminder het.

Die volgende hergroepering van gemeentes in ringe het volgens *Kerkorde 2018* artikel 37.8 plaasgevind:

- Die Ring van Ermelo verander na die Ring van Carolina en bestaan uit die volgende gemeentes: Carolina, Piet Retief, Amajuba en Hoëveld-Ermelo, nadat die AP Kerk Ermelo ontbind het en die AP Kerk Carolina op grond van 'n bedieningsooreenkoms met Hoëveld-Ermelo oorgeskuif het van die Ring van Nelspruit.
- Ring van Petrusburg: Die AP Kerk Philippolis het ontbind en die Ring bestaan nou net uit Petrusburg en Bethulie.
- Beaufort-Wes: Beaufort-Wes, De Aar, Britstown, Carnarvon, Prieska en Vanwyksvlei. (Fraserburg het geskuif na die Ring van Clanwilliam en Aberdeen na die Ring van Somerset-Oos.)
- Clanwilliam: Clanwilliam, Namakwaland, Fraserburg, Sutherland, Calvinia, Olifantsrivier en Hardeveld.
- Somerset-Oos: Somerset-Oos, Port Elizabeth, Aberdeen, Uitenhage, Kareedouw en Jeffreysbaai.
- Steynsburg: Steynsburg, Barkly-Oos, Stormberg en Tarkastad. (Jamestown se naam het verander na Stormberg)
- Outjo: Outjo, Keetmanshoop, Windhoek, Leonardville, Grootfontein en Welwitschia.

4.1 GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2017

Agt gemeentes het tussen 2017 en 2021 ontbind: Ermelo, Hartbeesfontein, Philippolis, Reddersburg, Grens, Groblershoop, Murraysburg, Gobabis.

Sinode 2017 het kennis geneem dat die gemeentes Jagersfontein/Fauresmith en Koffiefontein hulself buite die kerkverband gestel het. Die Sinode het aan die SKK opdrag gegee om met hulle in gesprek te tree indien hulle sou besluit om by die bediening van die Suid-Vrystaat in te skakel volgens die gemeenskaplike akkoord. Hierdie kerke het nie by die bediening ingeskakel nie en is dus nie meer deel van die kerkverband nie.

Die AP Kerk Marken is op 14/08/2016 gestig, maar het nie in die vorige verslag verskyn nie.

Die AP Kerk Jamestown se naam is na die AP Kerk Stormberg verander.

AANBEVELINGS:

4.1.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op ringe om gehoor te gee aan die sinodebesluit wat bepaal dat, by ontbinding van gemeentes, alle tersaaklike dokumente aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Argief deurgestuur moet word.

4.1.2 Die Sinode vestig opnuut kerkrade en ringe se aandag op *Kerkorde* bepalings 37J en 37K.

4.2 LERAARS EMERITEER

Ds. MG Müller (2017), dr. JH Ellis (2017), di. S. Hoffman (2018), PW Botha (2018), HE von Wielligh (2018), dr. EM Viljoen (2019), di. JA Jacobs (2019), SA Roets (2019), dr. JH Breytenbach (2021), di. PR Buitendag (2021), CJ Denysschen (2021), OG van Rooyen sr. (2022), RJH Pottas (2022).

4.3 LERAARS UIT DIE BEDIENING MET VERLIES VAN STATUS

1. NJ Groenewald – 3 November 2017
2. NJ Swart – 11 April 2018
3. HLJ Erasmus – 6 Julie 2019
4. AS Kruger – 27 Augustus 2019
5. S Hoffman – 3 Februarie 2020
6. H Warnich – 20 November 2019
7. JS Coetzee – 13 April 2021
8. AQ Campbell – 24 April 2021
9. EM Viljoen – 25 Augustus 2021
10. PA Bredenhann – 28 Februarie 2021

AANBEVELING:

4.3.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van die leraars wat sedert Sinode 2017 die bediening verlaat het.

4.4 LERAARS LOSGEMAAK MET BEHOUD VAN STATUS

1. Ds. PS Steyn – medies ongeskik (2022)
2. Ds. OG van Rooyen jr. – losgemaak vir verdere studie (2022)

4.5 LERAARS OORLEDE

Sedert die vorige verslagtydperk (2017) tot 21 Junie 2022 is daar 25 leraars oorlede (kyk verslag Kommissie vir Kerkargief, Bylae KKA1, bl. 306 vir 'n volledige lys name).

AANBEVELING:

4.5.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van leraars wat sedert Sinode 2017 oorlede is en spreek sy meegevoel teenoor hulle naasbestaandes uit.

4.6 DIENENDE LERAARS

4.6.1 Gelegitimeer:
Legitimasie 2017: Ds. AE van den Berg jr.
Legitimasie 2018: Di. AS van Staden jr., JG Brink, JC Jooste, R van As, AH Botes, LA du Plessis
Legitimasie 2019: Di. A Hough; NJ Hefer
Legitimasie 2021: Di. JP Boonzaier; LJ du Preez, TC van der Merwe; AJ Bester; EC Trollip

4.6.2 Voltyds: 75 – 5 (met beperkte opdrag); 3 (sonder gemeentes); 1 (betrokke by die Bybelgenootskap).

4.6.3 Emeriti: 55 – 17 (beperkte dienstermyn); 38 (nie voltyds in 'n gemeente nie).

5. SAKE KRAGTENS LASGEWING HANTEER

5.1 REËL VAN SINODE (Kyk Ordereëlings pt. 10, bl. 3)

Die SKK het sy verantwoordelikheid ten opsigte van die reël van die Sinode nagekom. As deel van die verantwoordelikheid is afgevaardigdes op tydelike kommissies aangewys volgens voorkeure en bekwaamhede soos vooraf elektronies aangedui.

AANBEVELING:

5.1.1 Die Sinode keur die indeling van tydelike kommissies goed.

5.2 LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Kyk Bylae SKK1)

Ds. Louis Wiid het die nege maande voor sy afsterwe reisende diens in Namakwaland gelewer. Versoeke vir leraars wat reisende diens doen, word hanteer soos wat die versoeke ontvang word en soos wat leraars, meestal emeriti, daarvoor beskikbaar is. Gewoonlik word leraars wat na die AP Kerk oorkom en deur die Kuratorium toegelaat word, ook vir reisende diens gebruik in die tyd wat hulle beroepafwagtend is. Daar was gedurende die verslagtydperk egter geen sodanige gevalle gewees nie. Die SKK versoek gemeentes wat van reisende leraars se dienste gebruik wil maak, om so 'n versoek aan die SKK te rig.

Teologiese studente het ook by verskeie geleenthede as deel van hul praktiese opleiding, diens in gemeentes gedoen.

AANBEVELING:

5.2.1 Die Sinode moedig gemeentes aan wat van reisende leraars se dienste gebruik wil maak, om so 'n versoek aan die SKK te rig.

5.3 HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUSHULPFONDS (Kyk Bylae SKK2 en SKK3)

Die hulp wat uit die Bedieningsfonds aan gemeentes gelewer is, word in Bylae SKK2 uiteengesit. Die stand van die emeritushulpfonds word in Bylae SKK3 verstrek.

AANBEVELINGS:

5.3.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.

5.3.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK3.

5.4 SKAKELING MET DIE REGERING

Die SKK het op verskeie voorgestelde wetgewing gereageer. Ope briewe is aan die president en betrokke ministers gerig en verskeie verklarings is namens die AP Kerk uitgereik (vir 'n volledige lys verklarings, kyk pt. 5.7.2)

Gedurende April 2021 het die SKK die KKS versoek om kommentaar voor te berei op die 2021-Wysigingswetsontwerp op die Wet op Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie, Wet 4 van 2000, vir indiening namens die AP Kerk. Die KKS het aanbeveel dat die SKK nie formeel op die Wysigingswetsontwerp kommentaar lewer nie. Die oorhoofse rede vir die besluit, is ernstige en gefundeerde kommer dat die huidige formulering van artikel 3.2 van die *Kerkorde* nie regtens houdbaar is nie, en dat om in daardie omstandighede breedvoerig (of enigsins) amptelik kommentaar te lewer en beswaar te maak teen 'n Wetsontwerp

op plofbare gebiede soos diskriminasie en gelykheid, die kerkverband onnodig sou blootstel. Die KKS het geoordeel dat die SKK owerheidsinmenging sal uitnooi deur kommentaar op wetsontwerpe te lewer, veral op sulke plofbare gebiede soos diskriminasie en gelykheid, en dat dit kortsigtig sou wees.

Op grond van die KKS se aanbeveling het die SKK teësinnig opgehou om amptelik te reageer op voorgestelde wetgewing of regulasies wat rondom die inperkings aangekondig is. Dit is vir die SKK hartseer dat die formulering van *Kerkorde* artikel 3.2 'n motivering word waarom die AP Kerk se profetiese stem teenoor die owerheid gesnoer word. Sedertdien duur die aanslag teen ons godsdiensvryheid steeds voort en die AP Kerk moet maar liefs swyg. Dit was vir die SKK onaanvaarbaar en daar is toe gefokus op alternatiewe maniere waarop ons steeds kommentaar en kritiek kon lewer.

Die SKK het nou saamgewerk met die organisasie Freedom of Religion South Africa (FOR SA) en het ook jaarlikse bydraes gemaak. Hulle bied veral ondersteuning met verskeie sake waar godsdiensvryheid bedreig word. Die AP Kerk is juis tans in 'n saak voor die Gelykheidshof gewikkel waar 'n voormalige leraar die kerk van diskriminasie teen homoseksuele persone beskuldig. FOR SA het kosbare advies gelewer en sal dit ook oorweeg om as Vriend van die Hof tot die saak toe te tree, indien dit nodig word. Gedurende die COVID-19-pandemie het die AP Kerk verskeie insette aan FOR SA gelewer, wat dan weer namens geloofsgemeenskappe met die regering vergader en knelpunte bespreek het.

Die SKK het besluit om hierdie samewerking met FOR SA en hulle platforms te gebruik om steeds 'n profetiese getuienis teenoor die owerheid te lewer, al is dit nou meer op die agtergrond. Daar is WhatsApp-groepe vir leraars en saakgelastigdes wat hoofsaaklik gebruik word om die daaglikse Pitkos-opnames te versprei en om vinnige inligting deur te gee wat elektronies met lidmate gedeel kan word. Die SKK het begin om op hierdie manier boodskappe aan al die saakgelastigdes en leraars te stuur met skakels na byvoorbeeld die Dear South Africa-platform waar lidmate en kerkrade dan beswaar kon maak en kon deelneem aan die openbare deelnameprosesse van die owerheid. Dit is egter onder die SKK se aandag gebring dat sommige saakgelastigdes en leraars nie hierdie inligting verder met gemeentes deel nie en talle individue glad nie bewus was van hierdie aksies nie.

Met die konstante aanslag teen ons godsdiensvryheid het die SKK ook daarvan bewus geraak dat baie kerkrade en lidmate nie die gereformeerde kerkbegrip verstaan nie en verwag dat daar op 'n sentralistiese manier deur "iemand daarbo" namens almal beswaar gemaak moet word. Die SKK wil juis waak teen 'n hiërargiese kerkbegrip en moedig elke lidmaat en kerkraad aan om volledig kerk te wees en hul profetiese roeping teenoor die owerheid ook na te kom deur op die beskikbare platforms deel te neem aan die openbare deelnameproses.

AANBEVELINGS:

5.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK namens die AP Kerk kommentaar gelewer het op wetgewing en met die regering gekorrespondeer het.

5.4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat FOR SA doen en moedig kerkrade aan om die organisasie finansieel te ondersteun.

5.4.3 Die Sinode roep kerkrade ernstig op om toe te sien dat belangrike inligting wat deur middel van verskeie kommunikasiekanale (soos per WhatsApp-boodskap of per e-pos) deurgestuur word, aan lidmate deurgegee word.

5.4.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om ook sélf oor aktuele sake hul profetiese stem te laat hoor.

Motivering:
Gemeentes verwag dikwels van die SKK om namens hulle te reageer oor aktuele sake, terwyl die impak van die kerk se profetiese stem baie groter sal wees indien elke gemeente hulle roeping ten opsigte van hierdie saak nakom.

5.5 *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING

Die *Ad hoc*-kommissie vir advies en leiding het gedurende die afgelope verslagtydperk 18 gemeentes/ringe besoek waartydens verskillende probleme hanteer is. Volgens vorige sinodebesluite moet daar slegs verslag gedoen word van daardie gevalle waar daar onenigheid bly voortduur.

Die Ring van Migdol is op 3 November 2021 besoek. AP Kerk Migdol was by hierdie vergadering teenwoordig, maar het ná hierdie ringsvergadering in 'n skrywe aan die Ring aangedui dat hulle nie kans sien om by die akkoord met die kerkverband rakende die gebruik van leraars uit ander kerke te bly nie. Op grond van hierdie skrywe het die Ring van Migdol geoordeel dat AP Kerk Migdol haarself buite die kerkverband stel en dit aan die Sinode opgedra om dit te bevestig, al dan nie. Die afgevaardigdes van die Ring van Migdol sal die saak tydens die Sinode toelig.

AANBEVELINGS:

5.5.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir advies en leiding.
5.5.2 Die Sinode neem met hartseer kennis van die AP Kerk Migdol se optrede.
5.5.3 Die Sinode bevestig die feit dat AP Kerk Migdol haarself met haar optrede buite die kerkverband gestel het. AP Kerk Migdol sal hiervan in kennis gestel word en sy sal voortaan nie meer as 'n AP Kerk erken word nie.

5.6 VEROOTMOEDIGINGSDAE

Die SKK ontvang gereeld versoeke om verootmoedigingsdae te reël. Die SKK het gemeentes voortdurend daarop gewys dat verootmoediging 'n deurlopende handeling behoort te wees, maar het ook tydens die verslagtydperk 'n amptelike verootmoedigingsdag vir 4 November 2020 gekoördineer en inligting per omsendskrywe aan gemeentes deurgegee.

AANBEVELINGS:

5.6.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging.
5.6.2 Die Sinode herbevestig sy standpunt dat verootmoediging 'n deurlopende handeling moet wees.
5.6.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae en om veral tydens die erediens hieraan aandag te skenk as deel van die liturgiese orde.

5.7 MEDIASKAKELING

5.7.1 Pretoria FM en ander radiostasies

Pretoria FM (Kyk pt. 3.9, bl. 13)
Kerknuus vir uitsending op 'n Sondag word so gereeld as moontlik aan Pretoria FM gestuur. Dit behels meestal net nuus oor beroepe wat aanvaar is. Gedurende die verslagtydperk het die aantal beroepe egter drasties minder geword, met die gevolg dat daar minder nuus vanuit die

AP Kerk gehoor is. Soms is daar eers lank nadat 'n gemeentelike gebeurtenis plaasgevind of 'n gemeentelike konferensie of program aangebied is, daarvan verneem, sodat dit reeds ou nuus was.

Die redakteur van *Die Boodskapper* het egter elke maand 'n geleentheid om deel te neem aan Redakteursforum (kyk **PK-verslag pt. 9.1.1C**, bl. 239).

AANBEVELING:

5.7.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor Pretoria FM (voor die Maandag van die week waarop dit uitgesaai moet word) na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.7.2 VERKLARINGS

Die volgende mediaverklarings is uitgereik, op die webblad geplaas (www.apk.co.za/verklarings/) en aan verskeie mediahuise gestuur (Kyk **Bylae SKK6**):

- Verklaring na COGTA-bespreking van CRL-verslag (23 Oktober 2017)
- Verklaring oor die NG Kerk se besluit oor selfdegeslagverhoudings (15 Oktober 2019)
- Verklaring oor die hofuitspraak oor lyfstraf (18 Oktober 2019)
- Ope brief aan die staatspresident (21 Februarie 2020)
- Amptelike skrywe van die AP Kerk aan die president (22 April 2020)
- Verklaring oor heropening van kerke (28 Mei 2020)
- SKK-verklaring: 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans (7 Desember 2020)
- SKK-verklaring: COVID-19-regulasies en vlak 3-inperkings (30 Desember 2020)

AANBEVELING:

5.7.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die wye verskeidenheid aktuele sake waaroor die AP Kerk sy profetiese stem laat hoor het.

5.8 SUSTERSWERKSAAMHEDE EN PREDIKANTEKONFERENSIE (Kyk ook **KUR-verslag pt. 11**, bl. 271)

Die uitbreek van die COVID-19-pandemie het die reël van konferensies aansienlik belemmer. Dit het daartoe gelei dat die Susterkonferensie nie kon plaasvind nie en die Predikantekonferensie by verskeie geleenthede uitgestel moes word.

Die volgende Susterskonferensie sal DV in 2024 plaasvind.

Deur die genade van die Here kon daar van 17-19 Januarie 2022 wel 'n predikantekonferensie plaasvind. Die konferensie is deur die Kuratorium aangebied en deur die personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gereël. Die konferensie is goed bygewoon deur 43 leraars, 2 emerituspredikante en 16 studente. Die tema vir die konferensie het gefokus op traumaberading. Die SKK het die koste vir die konferensie vanuit die BG Els-erflating gedek nadat leraars slegs 'n deposito ten bedrae van R200 moes betaal en 'n donasie volgens eie keuse kon gee. Die koste vir die konferensie word in **Bylae SKK4** uiteengesit.

AANBEVELINGS:

5.8.1 Die Sinode bedank die Kuratorium en personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die reël van die 2022-predikantekonferensie.

5.8.2 Die Sinode roep kerkrade op om hul leraars aan te moedig en indien moontlik, finansieel in staat te stel om geleenthede vir verdere teologiese opleiding by te woon.

5.8.3 Die Sinode spreek sy waardering uit vir die feit dat dit moontlik was om die koste vir die konferensie vanuit die BG Els-erflating te dra.

5.9 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Verskeie leraars van die AP Kerk het die 2019 en 2022 Helpende Kerke Kongres bygewoon. Die AP Kerk is ook genooi om tydens die 2022-kongres 'n aanbieding te doen. Dit is deur ds. HSW Strauss behartig. Die doel van die konferensie was om gemeenskapsprojekte vanuit verskeie kerkgenootskappe aan mekaar bekend te stel met die oog op wedersydse benutting van hulpbronne. Solidariteit Helpende Hand se doel met hierdie kongres is nie om die plek en rol van kerke oor te neem nie, maar om juis ondersteunend te wees tot die kerk se werk deur byvoorbeeld toegang tot maatskaplike dienste en ondersteuning te verleen waar kerke nie self daaroor beskik nie.

Die SKK het ook in die afgelope verslagtydperk 'n bedrag van R100 000,00 vir droogtehulp aan gemeentes in die Noord-Kaap beskikbaar gestel.

Die SKK het verneem dat die Ring van Moot-Sentraal die inisiatief wou neem om 'n diakonale konferensie te reël met die oog daarop om 'n diakonale struktuur op die been te bring wat barmhartigheidsaksies van algemene belang kan koördineer. Ongelukkig het die inisiatief weens die laaste twee jaar se omstandighede nie gerealiseer nie. Die SKK het onderneem om die inisiatief te ondersteun, sou dit in die toekoms realiseer.

AANBEVELING:

5.9.1 Die Sinode neem kennis van die Ring van Moot-Sentraal se inisiatief en versoek die SKK om gemeentes in te lig indien dit sou realiseer.

5.10 BYBELVERSPREIDING: KHOISAN-GEMEENSKAP

In Junie 2019 is veertig 1933/53-vertaling Bybels ten bedrae van R3 094,40 aan die Khoisan-gemeenskap noord van Upington geskenk nadat 'n versoek daarvoor van eerwaarde Collin Louw, sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Sanraad, ontvang is. Hulle wou spesifiek die "Ou Vertaling" hê, want "dit is die taal wat ons mense praat en verstaan".

AANBEVELING:

5.10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verspreiding van Bybels aan lede van die Khoisan-gemeenskap.

5.11 BETROKKENHEID BY DIE BYBELGENOOTSKAP

Op 23 Augustus 2019 het lede van die SKK die Bybelgenootskap se galadinee ter herdenking van die Bybelgenootskap se 200ste bestaansjaar, bygewoon.

Die SKK het gesprekke met die Bybelgenootskap gefasiliteer rakende die moontlike aanstelling van 'n deeltydse organiserende sekretaris vanuit die AP Kerk. 'n Bedieningsooreenkoms vir 'n termyn van vyf jaar is tussen die AP kerke Cullinan/Rayton, Pretoria-Oos en die Bybelgenootskap beding. Ds. Carl Vermaak is in 2018 in hierdie posisie aangestel en het sedertdien die AP Kerk by die Bybelgenootskap verteenwoordig. Sy kontrak eindig Desember 2023 en 'n volgende termyn moet weer met die Bybelgenootskap onderhandel word. Die ooreenkoms tussen die drie partye was egter nie voldoende om ds. Vermaak se volle traktement te dra nie en die SKK het besluit om die tekort vanuit die Bybelverspreidingsfonds te finansier (kyk **Bylae SKK5**).

AANBEVELINGS:

5.11.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van ds. Vermaak se aanstelling as deeltydse organiserende sekretaris by die Bybelgenootskap.

5.11.2 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om in hul begroting voorsiening te maak vir die tekort op die traktement van ds. Vermaak, wat nie deur die Bybelgenootskap of die gemeente waar hy deeltyds betrokke is, bygebring kan word nie.

5.12 SENEKAL: BRENDIN HORNER-HOFSAAK

Lede van die SKK het die protesaksie tydens die Brendin Horner-hofsaak op 16 Oktober 2020 bygewoon. Ds. HSW Strauss het die geleentheid by die AfriForumkant van die protesaksie geopen. In die lig van die haglike situasie in Suid-Afrika met betrekking tot veiligheid, misdaad en veral plaasmoorde, het die SKK geoordeel dat die bywoon van die protesaksie, aan die AP Kerk 'n belangrike getuienisgeleentheid bied. Dit het ook 'n geleentheid gebied om die kerk se solidariteit met die boeregemeenskap te toon en konkreet uit te druk – veral in 'n omgewing waarin kerke sku is om by polities-sensitiewe situasies betrokke te raak of hulle daaroor uit te spreek.

AANBEVELING:

5.12.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die SKK se teenwoordigheid by die Senekal-protesaksie tydens die hofverrigtinge van die Brendin Horner-hofsaak.

6. BESKRYWINGSPUNTE

Geen.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 BESWAARSKRIF TEN OPSIGTE VAN DIE VERANDERING VAN ARTIKEL 4.3 EN PUNT 2.5 VAN BYLAE 2 VAN DIE *KERKORDE 2018* AANGAANDE DIE OPNAME VAN LIDMATE VANUIT ERKENDE KERKE

Huidige redaksie van betrokke artikel en prosedure soos vervat in Kerkorde 2018:

Artikel 4.3
opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is (ná approbasie deur die gemeente);

Bylae 2 punt 2.5
2.5 indien binne 7 dae ná afkondiging geen beswaar teen die opname ontvang word nie, word die applikant as lidmaat aangeteken en verwelkom. Indien 'n beswaar wel ontvang word, ondersoek die ouderlingeraad die beswaar en handel na bevind van sake.

Voorgestelde nuwe redaksie (voorgestelde wysigings onderstreep):

Artikel 4.3
opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is, ná approbasie deur die gemeente en ná die aansoeker 'n herbevestiging van die geloofsbelydenis gemaak het (kyk Bylae 2 punt 2.5);

Bylae 2 punt 2.5
2.5 indien binne 7 dae ná afkondiging geen beswaar teen die opname ontvang word nie, word die aansoeker as lidmaat aangeteken en verwelkom nadat sy/haar geloofsbelydenis tydens die erediens herbevestig is met gebruikmaking van die voorgeskrewe formulier. Indien 'n beswaar wel ontvang word, ondersoek die ouderlingeraad die beswaar en handel na bevind van sake.

Motivering:
Vir 'n geruime tyd heers daar reeds onder kerkrade en lidmate van die AP Kerk kommer oor die teologiese rigting wat sommige van die sogenaamde erkende kerke inslaan. Daar bestaan die moontlikheid dat lidmate wat vanuit hierdie kerke by die AP Kerk wil aansluit, baie ver verwyder kan wees van die etos en die leerstellinge van die AP Kerk. Derhalwe is daar reeds by Sinode 2004 besluit dat daar eers met lidmate vanuit ander erkende kerke indringend gesprek gevoer moet word aan die hand van die publikasie *Ontmoetingsgesprek*, alvorens 'n aansoek om lidmaatskap oorweeg kan word. Daar het selfs by Sinode 2017 'n voorstel gedien dat die AP Kerk nie meer die NG Kerk as 'n erkende kerk kan beskou nie.

Die vereiste van 'n herbevestiging van geloof is bedoel om aansoekers nie net deur hulle handtekening op die amptelike aansoekvorm te verbind aan die leerstellinge wat die AP Kerk onderskryf nie, maar verder ook deur 'n belydenis wat in die openbaar gemaak word. Die bedoeling hiervan is verder dat lidmate, kerkrade en aansoekers die erns van kerklidmaatskap sal besef. Dit is nie iets waarmee sommer ligtelik omgegaan kan word nie.

'n Herbevestiging van die geloofsbelydenis is verder ook nie totaal vreemd nie. Dit gebeur in wese wanneer 'n egpaar die doopbelofte aflê, wanneer kerkraadslede bevestig word en wanneer 'n leraar in 'n gemeente bevestig word.

Voorgestelde formulier vir die openbare herbevestiging van geloof

Voornemende lidmate word opgeroep om voor die kansel te verskyn:

Geliefdes van ons Here Jesus Christus:

Die openbare herbevestiging van geloof gee aan die gelowige die geleentheid om voor God en die gemeente getuienis te lewer van sy/haar persoonlike geloof. Die gelowige herbevestig sy/haar volle toewyding aan die Here, die Koning van die kerk.

Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat te word.

U moet dan nou opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord:

- Is u daarvan oortuig dat die Bybel die enigste en onfeilbare Woord van God is, dat dit die ware en volkome leer van die saligheid bevat, dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie, en dat die belydenisskrifte van hierdie kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, met die Bybel ooreenstem en daarom onderskryf moet word?
- Is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou ’n belydende lidmaat wil word, hierdie Bybelse leer as die ware en volkome leer van die saligheid verkondig?
- Verklaar u dat bogenoemde leer u persoonlike geloofsoortuiging is en beloof u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp?
- Verklaar u dat dit u voorneme is om, in die krag van die Heilige Gees, tot aan die einde van u lewe in hierdie leer te volhard?
- Verklaar u dat u in die volkome soenverdienste van die Here Jesus Christus glo en dat Hy u persoonlike Verlosser en Saligmaker is?
- Bely u dat u die drie-enige God liefhet en beloof u om Hom van harte te dien, gereeld tot die Vader te bid, die Naam van die Here voor die mense te bely en in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry?
- Beloof u om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?
- Beloof u om u aan die kerklike opsig en tug te onderwerp?

WAT IS HIEROP U HOORBARE ANTWOORD AAN GOD DRIE-ENIG, NN? NN? NN?

Antwoord: Ja (met my hele hart)

Gemeente, God het hierdie gelowiges by die gemeente gevoeg. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus as band u saambind tot ’n getuienis in hierdie wêreld (Joh. 13:35).

GEBED

Gepaste gemeentesang (Opsioneel)

AANBEVELINGS:

7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.
7.1.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.
7.1.3 Die Sinode keur die voorgestelde formulier goed.

8. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Bylae SKK7)

BYLAES: SENTRALE KERKEKOMMISSIE

BYLAE SKK1

Reiskosteverslag van reisende leraars en studente vir die verslagtydperk: 01/01/2017 tot 31/12/2021.

LERAAR/STUDENT	GEMEENTE BESOEK	JAAR	KOSTE R
Ds. MG Müller	Petrusburg/Philippolis/ Smithfield	06-09/2017	87 875
Trek af: Bydrae deur gemeentes			14 500
			73 375
Uitbetaling aan studente vir prakties in gemeentes		2017	25 610
			98 985
Uitbetaling aan studente vir prakties in gemeentes		2018	17 603
Hulp met bediening aan Suid-Vrystaat gemeentes vanuit AP Kerk Bloemfontein			25 338
			42 941
Uitbetaling aan studente vir prakties in gemeentes		2019	17 560
Hulp met bediening aan Suid-Vrystaat gemeentes vanuit AP Kerk Bloemfontein			(5 010)
			12 550
Ds. LA Wiid	AP Kerk Namakwaland	04-12/2021	180 000
Uitbetaling aan studente vir prakties in gemeentes		2021	29 851
Hulp met bediening aan Suid-Vrystaat gemeentes vanuit AP Kerk Bloemfontein			10 605
			220 456
Totaal uitbetaal vir die vyf jaar			**374 932**

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.2, BL. 25

BYLAE SKK2

Geldelike hulp verleen aan gemeentes uit die bedieningsfonds van die SKK vanaf kerkstigting tot Maart 2022.

TYDPERK		TOTALE HULP R
April 2017 – Maart 2022	(60 maande)	5 514 872
April 2013 – Maart 2017	(48 maande)	3 613 093
April 2010 – Maart 2013	(36 maande)	2 537 926
April 2007 – Maart 2010	(36 maande)	2 206 070
April 2004 – Maart 2007	(36 maande)	2 884 495
April 2001 – Maart 2004	(36 maande)	2 694 764
Mei 1999 – Maart 2001	(23 maande	1 466 565
September 1997 – April 1999	(20 maande)	1 649 697
September 1995 – Augustus 1997	(24 maande)	1 194 020
Junie 1987 – Augustus 1995	(98 maande)	1 151 753
		24 913 256

Geldelike hulp word aan gemeentes verleen op 'n geordende wyse met behulp van die S1-hulpaansoekvorm. Hierdie geldelike hulp word uit die 15%-bydrae aan gemeentes betaal. Die Sentrale Kerkekommissie, bestaande uit tien lede, besluit oor hulpverlening.

Die Sinode van 2004 het soos volg geskryf – *Sakelys 2004*, pt. 11.2.1, bl. 1: "Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds met beplanning voort te gaan ten einde op die effektiefste wyse aandag te gee aan die bediening van hulpbehoewende gemeentes, sodat die geestelike opbou van lidmate die nodige aandag kry."

So word daar voortdurend aandag aan die saak gegee en na oplossings gesoek.

Oplossings wat nou al met verloop van tyd uit hierdie proses voortgekom het, behels onder meer:

- elektroniese bediening deur middel van die internet,
- waardevolle preekbundels wat deur die Publikasiekommissie beskikbaar gestel is,
- bedieningsooreenkomste wat aangegaan is tussen gemeentes,
- sommige gemeentes wat hulle leraars afstaan vir bediening aan kleiner gemeentes,
- die Gemeenskaplike Kerkkantoor wat in die vooruitsig het om die multimediaoplossing verder uit te brei om bediening ook op so 'n wyse moontlik te maak. Die Publikasiekommissie en sommige gemeentes het die COVID-19-pandemie met inperkings en al gebruik om gestalte te gee aan die benutting van hierdie elektroniese geleentheid.

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.3, BL. 25

BYLAE SKK3

Emeritushulpfonds (verslag vir die tydperk: 1/01/2017 tot 31/12/2021)

	R
2017	
Balans op 01/01/2017	2 166 840,43
Tel by: Beleggingsinkomste vir die jaar	268 567,90
Bydrae ontvang gedurende die jaar	17 600,00
Trek af: Hulp verleen aan leraars	(60 000,00)
Balans op 31/12/2013	2 393 008,33
2018	
Balans op 01/01/2018	2 393 008,33
Tel by: Bydrae ontvang gedurende die jaar	19 821,00
Trek af: Hulp verleen aan leraars	(88 000,00)
Beleggingsverlies vir die jaar	(99 431,44)
Balans op 31/12/2018	2 225 397,89
2019	
Balans op 01/01/2019	2 225 397,89
Tel by: Beleggingsinkomste vir die jaar	187 074,64
Bydrae ontvang gedurende die jaar	27 458,00
Trek af: Hulp verleen aan leraars	(94 203,83)
Balans op 31/12/2019	2 345 726,70
2020	
Balans op 01/01/2020	2 345 726,70
Tel by: Beleggingsinkomste vir die jaar	220 050,16
Bydrae ontvang gedurende die jaar	33 634,00
Trek af: Hulp verleen aan leraars	(18 500,00)
Balans op 31/12/2020	2 580 910,86
2021	
Balans op 01/01/2021	2 580 910,86
Tel by: Beleggingsinkomste vir die jaar	537 930,25
Bydrae ontvang gedurende die jaar	33 071,00
Balans op 31/12/2021	**3 151 912,11**

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.3, BL. 25

BYLAE SKK4

Predikantekonferensie gehou 17 tot 19 Januarie 2022

Uitgawes vir die konferensie het R68 442,21 beloop en is vergoed met die beleggingsverdienste uit die BG Els-erflating.

Verhaling vanaf leraars het R13 250,00 beloop.

Die netto koste vir die aanbieding van 'n geslaagde konferensie het R55 192,21 beloop.

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.8

BYLAE SKK5

Bydrae deur die kerkverband tot die toegedeelde sekretarispos by die Bybelgenootskap

Gedurende Julie 2018 het die versugting gestel in *Handelinge 2017* bl. 396, pt. 8.8, gerealiseer.

Ooreenkoms is bereik tussen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, AP Kerk Cullinan/Rayton en AP Kerk Pretoria-Oos en ds. Carl Vermaak is benoem vir die deeltydse sekretarispos by die Bybelgenootskap as verteenwoordiger van die AP kerkverband, met die Sentrale Kerkekommissie as koördineerder.

Aangesien die leraarspos nie ten volle deur die partye tot die ooreenkoms gefinansier kon word nie, het die Sentrale Kerkekommissie besluit dat die tekort uit die Bybelverspreidingsfonds gefinansier sal word.

Vanaf Junie tot Oktober het die Bybelgenootskap as gevolg van die COVID-19-pandemie hul bydrae met 11% ingekort, wat veroorsaak het dat die Bybelverspreidingsfonds vir daardie tydperk die tekort ook gedra het.

Die finansiering uit die Bybelverspreidingsfonds het die volgende beloop:

	R
Vanaf 07/2018	23 700,00
2019	95 400,00
2020	121 344,31
2021	130 004,77
Tot 30/04/2022	31 800,00
Totale bydrae	**402 249,08**

Die bestaande ooreenkoms loop op 31 Desember 2023 ten einde.

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.11

1. VERKLARING NA COGTA-BESPREKING VAN CRL-VERSLAG

23 Oktober 2017

Verklaring deur die Sentrale Kerkekommissie (SKK) van die Afrikaanse Protestantse kerkverband aangaande die COGTA gespreksgeleentheid in die Parlement rakende die CRL-kommissie se verslag en aanbevelings rondom die staatsregulering van godsdienste.

Die SKK het waardering vir talle van die reaksies vanuit die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap wat hetsy skriftelik of deur persoonlike verteenwoordigers tydens 17 en 18 Oktober 2017 se COGTA-byeenkoms voorgelê is.

Dit was verblydend om te sien hoe verskeie geloofsgemeenskappe die een ná die ander beswaar gemaak het teen die CRL-kommissie se voorstelle rakende die beoogde staatsregulering van godsdienste.

Dit was verder verblydend om te hoor hoe die een spreker ná die ander misbruike en misdaad, wat onder die dekmantel van godsdienstigheid plaasvind, uit een mond veroordeel. Hierdie eensgesindheid was 'n bewys van hoe die algemene Christelike kerk tot uiting kom sonder om noodwendig aan een oorkoepelende organisatoriese struktuur te behoort. Hiermee het talle geloofsgemeenskappe erken dat die uitbuiting en misbruik van individue en gemeenskappe se goedgelowigheid in die naam van godsdienstigheid, glad nie aanvaarbaar is nie en nog minder onder godsdiensvryheid gereken of in die naam daarvan toegelaat kan word.

Die vraag wat telkens tydens die gesprek na vore gekom het, was: Wat is die aangewese en gepaste reaksie hierop? Dit het duidelik geblyk dat die oorgrote meerderheid van die sprekers en verteenwoordigers reken dat die CRL-kommissie se voorgestelde oplossing van godsdiensregulering nie 'n aanvaarbare voorstel is nie.

Die SKK oordeel dat een van die leemtes in die CRL-kommissie se ondersoek en verslag juis die feit is dat hulle in gebreke gebly het om aan te toon hoe huidige wetgewing onvoldoende is om die vergrype hok te slaan. Die SKK meen steeds, saam met talle van die ander respondente, dat die huidige landswette voldoende is om hierdie vergrype aan te spreek en dat die probleem, soos op baie ander terreine, eerder lê by die gebrekkige toepassing van die bestaande wette.

Net soos die Menseregtekommissie het die CRL-kommissie ook die bevoegdheid om persone te dagvaar om voor hulle te verskyn. Dit is 'n bevoegdheid waarvan hulle tydens hulle ondersoek uit die staanspoor gebruik gemaak het – selfs 'n leraar van ons kerkverband het so 'n dagvaardiging ontvang. Die vraag is egter waarom die CRL-kommissie nie van hierdie reg gebruik maak om vergrype in die naam van godsdienstigheid hok te slaan nie? Waarom moet 'n hele nuwe burokrasie geskep word om godsdienste deur die staat (uiteindelik die CRL-kommissie) te reguleer, terwyl die CRL-kommissie se mandaat reeds die ruimte daarvoor laat om oortreders vas te vat? Sover ons kennis strek, het die CRL-kommissie nie een van die beweerde oortreders wie se optrede hulle ter motivering van hulle voorstelle gebruik het, gedagvaar nie. Waarom nie?

Die gedagtes van prof. Christof Sauer dat daar geen optrede kan wees teen enige persoon wat vrywillig deelneem aan bedenklike praktyke soos die drink van petrol of die eet van slange of die spuit van Doom in die gesig nie, word deur die SKK verwerp. Vervolging vir kindermolestering of kindermishandeling word tog nie in die wiele gery omdat die betrokke kind nie daaroor wil getuig nie. Dit is juis dán wanneer daar op hulle wie getuies van die oortreding was, se getuienis gereken word om iemand in 'n kwesbare posisie te beskerm. Vrywillige deelname aan die drink van gif, maak niemand minder aanspreeklik vir moord nie. Vrywillige deelname aan enige onwettige en kriminele aksies bly steeds onwettig en krimineel. Dit moet met die bestaande wetgewing beveg word en kan nie in die naam van godsdienstigheid verdra word nie.

Die oproepe vir 'n Nasionale Konferensie van Godsdienstige Leiers wat tydens die gesprek geopper is, mag dalk help om meer stemme te hoor as net die 85 persone/organisasies/instansies na wie die CRL-kommissie geluister het. Die uitkoms en waarde van so 'n konferensie sal grootliks bepaal word deur wie die sameroeper daarvan is. Indien die CRL-kommissie die sameroeper is, moet ons nie verbaas wees wanneer dieselfde voorstelle vir staatsregulering van godsdienste binnekort weer op die Parlement se tafel verskyn nie.

Die SKK versoek alle plaaslike kerke en gelowiges binne elke gemeenskap om op hoogte te bly van hierdie debat wat godsdiensvryheid in Suid-Afrika daadwerklik kan vernietig en waar nodig, hul stem te laat hoor.

Die SKK se voorlegging aan COGTA kan by hierdie skakel gelees word: http://apk.co.za/images/dokumente/SKK-COGTA.pdf

2. VERKLARING OOR DIE NG KERK SE BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

18 Oktober 2019

Verklaring deur die Sentrale Kerkekommissie van die AP kerkverband:
NG KERK-BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Soos in 2015 het die AP Kerk opnuut met diepe hartseer kennis geneem van die onlangse besluit wat die NG Kerk se Algemene Sinode tydens sy 2019-sitting oor selfdegeslagverhoudings geneem het. Die besluit het weereens bevestig dat die NG Kerk nie meer onomwonde by die gereformeerde standpunt oor die Skrif as die geïnspireerde, duidelike, genoegsame en onfeilbare Woord van God staan nie.

Dit is duidelik dat 'n hermeneutiese aanslag waarin die hedendaagse konteks van die gelowige die deurslag gee in die verklaring van Bybelse tekste, die botoon voer. Dit word nie net deur die besluit oor selfdegeslagverhoudings bevestig nie, maar ook deur besluite oor gendergeregtigheid. Hiervolgens het die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake opdrag ontvang om "'n hermeneutiese raamwerk te ontwikkel om patriargale tekste in 'n genderneutrale wêreld op 'n geldige en verantwoordelike wyse te lees".

Die skryf van 'n formulier vir die voltrekking van burgerlike verbintenisse, in weerwil van die NG Kerk se eie besluit dat die Bybel die huwelik slegs as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou definieer, onderstreep die waarneming dat 'n bepaalde, konteksgedrewe, hermeneutiek in NG Kerk-geledere die pas aangee.

In die woorde van die moderator, ds. Nelis Janse van Rensburg, het die debat oor Skrifverstaan inderdaad in 'n "vasgelooptheid" vasgeval. Daar is nie progressie in die debat nie, omdat die twee standpunte duidelik onversoenbaar met mekaar is.

Ten spyte van die bewoording van die besluit oor selfdegeslagverhoudings, is die stukrag daarin van so aard dat dit die postmoderne, humanistiese standpunt ten opsigte van selfdegeslagverhoudings as die norm stel, terwyl die tradisioneel gereformeerde standpunt bloot in die naam van 'n kunsmatige eenheid verdra word. Die besluit maak groot gewag van die feit dat die Sinode ruimte vir verskillende standpunte geskep het en dat die besluite nie op kerkrade en sinodes afgedwing sal word nie. Tog oordeel ons dat die besluit wel op so 'n wyse geformuleer is, dat dit in wese die tradisionele standpunt oor die huwelik en seksualiteit muilband.

Volgens punt 6 van die besluit, moedig die Sinode kerkrade aan om by die bevestiging van ampsdraers, sodanige lidmate se "doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe; toegang tot die sakramente; integriteit van verhouding; en geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie". In punt 7 word 'n soortgelyke besluit ten opsigte van die legitimasie van teologiese studente geneem, maar hier verdwyn die sogenaamde "ruimte" wat vir verskillende standpunte geskep word aangesien die besluit lui dat teologiese studente se doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe; toegang tot die sakramente; integriteit van verhouding en teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem moet word, ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie.

Soos ná die 2015-besluit, treur die AP Kerk opnuut oor die feit dat 'n eens gereformeerde kerk die duidelike boodskap van die Skrif oor die seksuele lewe van die mens verlaat het. Ons glo immers op grond van die Skrif die volgende rakende dié saak:

- God het die mens as man en vrou geskep.
- Die huwelik as lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is die enigste ruimte wat God gegee het waarin die seksuele sy van die mens kan gedy. Christus, die Hoof van die kerk waarin ons eenheid te vinde is, het immers self in Matthéüs 19:4-6 verklaar:

  Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

- Wanneer die Bybel oor homoseksualiteit praat, is dit altyd in negatiewe terme. Die verweer dat die konteks aantoon dat losbandigheid die eintlike groot probleem was, oortuig glad nie. Dit is duidelik dat die homoseksuele dade self veroordeel word.
- Homoseksuele praktyke en homoseksuele verhoudings moet daarom as in stryd met die wil van God afgewys word.
- Mense wat teen homoseksuele gedrag in die krag van Christus worstel en dit nie wil uitleef nie, moet met groot empatie deur die kerk ondersteun en pastoraal begelei word.

Die nuwe besluit plaas die verhouding van die NG Kerk met die AP Kerk opnuut op 'n baie gespanne voet, aangesien die evangelie met dié besluit in die gedrang kom. Ons roep die NG Kerk op om haar van hierdie heillose weg te bekeer en moedig behoudende lidmate van die kerk aan om hul gewetens slegs deur die Skrif te laat bind.

3. VERKLARING OOR DIE HOFUITSPRAAK OOR LYFSTRAF

18 Oktober 2019

Verklaring deur die Sentrale Kerkekommissie en die Kommissie vir Onderwys en Opleiding van die AP kerkverband:
HOFUITSPRAAK OOR LYFSTRAF

Die afgelope hofuitspraak van hoofregter Mogoeng is sprekend van die drakoniese regeringstelsel waaronder Suid-Afrikaners tans leef. Die handhawing van wet en orde is die taak van 'n verantwoordelike regering (Rom. 13). Hierin misluk die huidige regering klaaglik. Met die onlangse uitspraak van die Grondwethof oor lyfstraf, word hierdie regering se magsbasis wederregtelik verbreed tot die reg om ouers oor kinderopvoeding voor te skryf.

Hierdie uitspraak bring die gesagsbalans in die huisgesin in gedrang. Wanneer 'n kind sy ouers se gesag misken of uitdaag, vervang hy ouerlike en godsdienstige gesag met sy eie wil. Hy stel sy eie wil en begeertes voorop. Dit druis lynreg in teen God se gesag waarvolgens kinders opdrag het eerbied aan hulle ouers te bewys. Die setel van gesag verander.

Vir Christene is gesag op alle vlakke (direkte óf bemiddeld), ten diepste die gesag van God Drie-enig. Ongehoorsaamheid aan sy gesag, beteken dat sy gesag ondergeskik aan 'n ander gesagsbron gestel word.

... want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel ...
(Rom 13:1) Hiervolgens is alle gesag ondergeskikte gesag, hetsy in die huis, die skool, die staat, die kerk of watter verband ook al. Dit staan onder God se almag en is onderhewig aan die uitvoering van sy Woord en wil. Gelowiges moet daarom gesag erken solank dit ooreenstem met die geopenbaarde Woord van God. Daaruit het ons die opdrag om te heers en om aanspraak te maak op regsbevoegdheid ten opsigte van die opvoeding van ons kinders.

'n Hofuitspraak wat die setel van gesag van ouers na die staat oordra, dwing gelowiges om te moet kies tussen gehoorsaamheid aan God en die afgod van humanisme wat alle gelowe, kulture en menseregte wil akkommodeer. Dit kriminaliseer gelowige Christene weens hul erkenning van God se gesag. Gelowiges het egter opdrag om aan God meer gehoorsaam wees as aan mense (Hand. 5:29).

God stel wêreldse owerhede en wetstoepassers daar vir die goeie orde op aarde. Dit sluit ouers in. Dit is immer in die ouerhuis waar dissipline in goeie orde en die inoefening in reg en geregtigheid op grondvlak moet begin.

Aangesien alle gesagsliggame op aarde ondergeskik aan God se gesag is en nie self God is nie, het hulle beperkte gesag (Deut. 25:1-3) Hierdie punt is belangrik siende dat die Bybel in tye van vrede nie die groei en vooruitgang van 'n klas van professionele kriminele en onbetugbare, geharde oortreders toelaat nie. Die goddelose misdadiger word daarom in Bybelse reg nooit gesien as "'n agtergeblewene", "'n benadeelde" of "'n verontregte" nie, maar as 'n misdadiger; 'n sondaar wat hom moet bekeer van sy verkeerde dade. In die oortuiging daartoe, word lyfstraf nie uitgesluit nie.

Menslike gesag staan onder God en is beperk. Daarom het die mens geen reg om die wil van God ooreenkomstig sy eie begeertes te interpreteer nie. Die wil van God kan daarom net verklaar word aan die hand van sy Woord. Die mens wat weier om die gesag van God se Woord en wet as bindend op homself te beskou, staan onder die oordeel van God.

Die Bybelse weg
Die beginsel van Bybelse tugtiging is lewensbelangrik. Spreuke 13:24 sê: *Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.*

Tug is nie eenvoudig straf nie
Daar is 'n verskil tussen tug en straf. Straf is vergelding, terwyl tug 'n liefdevolle handeling is wat ten doel het om terug te trek, te behou en te korrigeer. Tugtiging is dus nodig. Kinders het 'n sondige natuur. Ongehoorsaamheid is dus natuurlik, terwyl gehoorsaamheid geleer moet word.

Spreuke 13:24 stel dit dat tugtiging met die roede, die beste metode van tugtiging is. Ter wille van die erns van die tugtiging, moet 'n pak slae seermaak, maar dit mag nie aanrand nie. Die roede kon die vel laat brand, maar kon nie beserings aanrig wat nie binnekort sou verdwyn nie. Daarom dat Spreuke 23:12-14 onomwonde stel dat die roede nie jou kind sal doodmaak nie, maar hom eerder van die doderyk sal red.

Bybelse tug is dus nie mishandeling nie. Bybelse tug is 'n pak slae op die agterstewe met 'n plat hand (as die kinders nog klein is) of 'n voorwerp wat die vel brand, maar nie weefselskade aanrig nie. Om met die roede te tug, koppel 'n daad van ongehoorsaamheid aan direkte, en verkieslik onmiddellike, gevolge.

Die roede rek ook nie die straf uit nie. Dit bring die kind se sonde dadelik in verband met die gevolge daarvan. Dit is vinnig verby en 'n proses van berou en vergifnis kan voortgaan. Die roede leer persoonlike verantwoordelikheid, aangesien die tugtiging aan die persoon gevoel kan word.

Bybelse dissipline kan nie losgemaak word van ander Bybelse beginsels soos eerlikheid en regverdigheid nie. Daarom moet tugtiging konsekwent wees. Daar moet altyd getug word vir ongehoorsaamheid, nooit vir kinderlikheid nie.

Die patroon van opvoeding
Wanneer kinders terwyl hulle nog klein is, konsekwent getugtig word, sal dit al hoe minder nodig wees hoe ouer hulle word. Hulle begin met baie reëls en eindig met baie verantwoordelikhede. Dit beteken dat die meeste tugtiging in die eerste jare van 'n kind se lewe sal plaasvind, die jare waartydens goeie gedrag vasgelê kan word met die oog op verantwoordelike volwassenheid.

Die effek
Bybelse dissipline lewer wonderlike vrugte op. Spreuke 29:15 sê: *Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar 'n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande.*

Spreuke 23:15-18 verwys ook na 'n "wyse hart", "lippe wat reg spreek", "vrees vir die Here" en "hoop wat nie verydel word nie", as vrug van Bybelse tugtiging. Die voordeel wat hierdie vrug van Bybelse tugtiging vir 'n ordelike samelewing inhou, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Gegewe die Bybelse getuienis en oproep tot lyfstraf as vorm van tugtiging, verklaar die AP Kerk:

- Dat God Drie-enig soewerein is en dat Hy die Oppergesaghebber in die lewens van Christene is.
- Dat die wil van God volledig in die Bybel aan ons geopenbaar word en dat onderwerping aan God se gesag, onderwerping aan die uitsprake van die Skrif vereis.
- Dat kinders primêr aan hul ouers toevertrou en onder hulle gesag geplaas is. Onder die gesag van ouers, wat ondergeskik aan God se gesag is, gaan die basiese en fundamentele opvoeding en onderrigting van 'n samelewing uit.

- Dat Christenouers die verantwoordelikheid het om hul kinders te beskerm, te versorg en op te voed na die eise van God se Woord.
- Dat wanneer die staat nie sy verantwoordelikheid nakom om 'n veilige ruimte te skep waarbinne Christenouers hul geloof vrylik kan beoefen en hul Bybelse verantwoordelikhede kan nakom nie, sulke ouers die verantwoordelikheid het om aan God meer gehoorsaam te wees as aan mense (Hand. 5:29).

TERUG NA KOO-VERSLAG PT. 4, BL. 201

4. OPE BRIEF AAN DIE STAATSPRESIDENT

Ope brief aan die Staatspresident 21 Februarie 2020
soos uitgereik deur die Sentrale Kerkekommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Geagte Meneer die Staatspresident,

U sterk evangeliese agtergrond en gereelde optrede by Christelike kerke, het daartoe gelei dat u as staatspresident, Christene by meer as een geleentheid in die openbaar opgeroep het om as morele kompas vir die land te dien en die kerk versoek het om vir u en die regering te bid. As lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk doen ons dit gereeld – nie omdat u dit versoek het nie, maar omdat God, die Here, in sy Woord die opdrag daartoe gegee het. Alle gesag behoort aan Hom: *Hy sit konings af en stel hulle aan* (Dan. 2:21). Aan regeerders verleen Hy die gesag om as 't ware namens Hom só te regeer dat mense ... *'n rustige en stil lewe kan lei, in alle godsvrug en waardigheid* (1 Tim. 2:2). Daarom bid gelowiges vir gesagsdraers dat hulle God se opdrag getrou, tot sy eer en tot heil van hulle onderdane mag uitvoer. Ook u gesag as staats- en regeringshoof is verleende gesag – dit is aan u verleen deur die ewige Koning, Jesus Christus. Daarom is u aan Hom verantwoordelik vir die manier waarop u die gesag wat Hy u gegee het, uitoefen.

Die Here roep mense op om sy getuies te wees. Die getuies se woorde is ontleende woorde en hulle getuienis slegs getuienis van wat hulle gehoor het. Hulle mag nooit anders sê nie as: "So spreek die Here." As getuies van die Here is hulle dus ook aan God verantwoordelik vir die manier waarop hulle sy raad en wil aan u betuig. In die nederige gesindheid van 'n kneg in diens van die Here, word hierdie skrywe aan u gerig in 'n beskeie poging om iets te laat hoor van die kommer in die hart dat die eer van God en die heil van die mense oor wie u regeer, deur u regering aangetas word.

As daar vir u regering gebid word, kan dit nie anders nie as volgens die inhoud en voorbeeld wat die Here Jesus self aan ons geleer het in die volmaakte gebed, die Onse Vader. Wanneer daar gebid word, ook wanneer u vra dat daar vir u en u regering gebid moet word, dan moet daar met ootmoed en erns tot God genader word. Iemand wat bid wat hy nie bedoel nie, laster teen die Here. Dit sou vir hom beter wees as hy sou swyg.

Die eerste drie bedes van die Onse Vader is die onontbeerlike fondament vir 'n rustige en stil lewe in godsvrug en waarheid.

Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied ... (Mt. 6:9-10), is die smeekbede dat daar, uit respek en eerbied vir God, erns gemaak sal word met sy Naam; sy gesag en sy wil.

Die drie bedes eggo die eerste vier gebooie van die Here, wat ons daartoe dring om geen ander gode te hê of te aanbid nie, met eerbied en erns voor God te lewe en Hom nie anders te dien as wat Hy beveel nie.

Dit bly vir ons onbegryplik dat 'n staat waarvan meer as sewentig persent van die inwoners te kenne gee dat hulle in Christus Jesus glo, bereid is om dié drie bedes gering te skat deur met 'n neutrale grondwet tevrede te wees. U regering is egter nie bloot neutraal nie. U handhaaf nie slegs die beginsel van godsdiensvryheid nie. Inteendeel, as regering bevorder en propageer u in die openbaar godsdiensgelykheid. By regeringsgeleenthede nooi u regering alle gelowe om saam te bid en godsdienstige rituele uit te voer. So maak u regering 'n bespotting van die gebed en van God se Wet. U spot met God – en geen erger ydel gebruik van sy Naam is denkbaar nie.

Daarmee kom die grondliggende en ware swakheid van u regering en sy optredes aan die lig. U moet onthou: U en die regering is nie eerstens aan 'n party, 'n Parlement of aan kiesers verantwoording verskuldig nie. U is heel eerste aan God verantwoordbaar. As daar nie eerbied en ontsag vir Hom as die enigste, ware, lewende God is nie, sal daar ook nie respek vir sy gesag of wil wees nie. Hy waarsku dat Hy elkeen wat ligtelik met Hom omgaan en sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf sal laat bly nie (vgl. Ex. 20:7).

Die kerkhervormer, Johannes Calvyn, het aan koning Frans van Frankryk geskrywe: "Die koning wat in sy ryk nie só regeer dat hy die heerlikheid van God dien nie, beoefen nie regering nie, maar pleeg roof." Kom die plundering van die land onder die regerings van die afgelope vyf-en-twintig jaar nie neer op die berowing van God se eer nie en is dit nie 'n sprekende bewys van die waarheid van Calvyn se woorde nie?

Die Here Jesus leer ons verder bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe* (Mt. 6:11).

Dit is 'n bede om 'n lewe waarin daar vir elkeen ruimte tot bestaan en roepingsvervulling is. In die Wet van die Here gee Hy self vir ons die gebooie wat dit moontlik maak om so 'n lewensruimte te handhaaf. In die gehoorsaamheid aan God se Wet, word daar vir elkeen 'n plek gegee waar hy sy roeping kan nakom; homself en dié wat aan sy sorg toevertrou is kan beskerm en versorg; die eiendom wat hy uit die hand van God ontvang in vrede kan benut; sy eer en goeie naam kan behou. Waar daar só gelewe word, is daar ruimte vir deernis met mekaar en erkenning dat ons almal uit God se hand en in sy genade leef; sodat die reg op barmhartige wyse gehandhaaf kan word.

Die gehoorsaamheid begin by die respek wat ons het vir God en vir die mense met wie ons saam lewe. Dit word uitgedruk in gehoorsaamheid aan die gesag van hulle wat God oor ons gestel het. Daaruit volg respek vir die reëls waarvolgens en die grense waarbinne ons met mekaar saam lewe. Sonder respek vir mekaar en vir wet en orde, is geen ruimte moontlik vir 'n samelewing waar 'n rustige en stil lewe in godsvrug en waardigheid gelewe kan word nie. Sonder daardie respek is daar geen deernis en omgee vir mekaar se swakheid en nood nie en word die reg 'n klug om eiebelang te beskerm.

Laat ons nie doekies omdraai nie, Meneer die President. Die misdaadgolf in hierdie land is nie die gevolg van broodsgebrek en ekonomiese nood nie. Dit is die gevolg van 'n diepliggende gebrek aan respek vir God, vir sy Woord, vir wet en orde en vir die mense met wie saam geleef moet word. Met diep kommer moet gestel word dat u regering aktief tot die gebrek aan respek bydra. U regering ondermyn ouerlike gesag en daardeur respek vir alle gesag, met wetgewing wat lyfstraf as wyse waarop ouerlike tug en opvoeding tuisgebring mag word, kriminaliseer. U regering laat toe dat duisende ongebore kinders elke jaar deur aborsie vermoor word, maar iemand wat moord pleeg, mag nie die doodstraf kry nie. So ondermyn u regering die waarde

en waardigheid van lewe en spoor doodslag aan deur nie diegene wat dood en geweld aanblaas, te straf nie. U inkonsekwentheid ten opsigte van haatspraak, u onwilligheid om plaasmoorde, soos bendegeweld, as prioriteitsmisdade te hanteer tesame met 'n korrupte polisiemag, hits die disrespek aan.

U regering vernietig respek vir die heiligheid en die waarde van die huwelik as hoeksteen van 'n gesonde gemeenskapslewe deur selfdegeslaghuwelike te wettig, pornografie toe te laat en seksuele uitspattigheid deur middel van die nuwe voorgestelde leerplan vir lewensoriëntering (sg. "CSE") te legitimeer en te bevorder. Korrupsie, wat steeds onder u regering voortwoed, ken geen respek vir eiendom, geld of goed nie. Onder u regering word erfgrond soos 'n Nabotswingerd beskou – as die koning dit wil gryp, doen hy dit. U regering ondermyn respek vir die waarheid deur die valse beskuldigings waarmee die witmense in die land gedemoniseer word. U eie verwronge weergawe van die gebeure by Bloedrivier getuig daarvan. Daarby ondermyn u regering die respek vir die reg deur dikwels met vooroordeel te handel en te vonnis.

Calvyn skryf aan koning Frans: "Voorts bedrieg 'n koning homself wanneer hy langdurige voorspoed vir 'n ryk verwag wat nie deur die septer van God, dit is deur sy heilige Woord, geregeer word nie." Hoe verwag u dat daar onder u regering voorspoed in die land kan wees sonder gehoorsaamheid aan God se gesag en wil?

Gebrek aan respek vir God, vir ander en vir wet en orde, vernietig selfrespek. Dit laat selfsug en soeke na eiebelang in mense botvier as die enigste manier waarop hulle sin aan hulle bestaan gee. Die Here leer ons om te bid dat ons bestaan nie daardeur vernietig sal word nie: *... en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose* (Mt. 6:13). Die laaste van die Tien Gebooie dring ons om ons eie begeertes ondergeskik aan God se wil en beskikking te stel.

Die grondslag van u regering berus egter op die uitgangspunt van die regte van mense en nie op die reg van God nie. In homself dra die veel geroemde grondwet die kiem van ondergang. Dit spreek immers van die heel vroegste verleiding: Dat 'n mens nie aan God gehoorsaam hoef te wees nie, maar self jou eie godjie kan word. In hierdie valsheid word 'n land prysgegee aan die Bose; word 'n staat die gestalte van die Antichris.

Meneer die President, dit is met groot kommer in die hart en diepe besorgdheid oor die mense in die land waarmee aan u geskryf word. Wie van die pad van God afwyk, loop onvermydelik die pad van God se oordeel. Dit is op dié pad waarop u regering ons lei. Daarom doen ons op u en u regering 'n dringende beroep: Moenie net vra dat vir u gebid word nie, maar wys deur u dade dat u God en sy wil, waarvoor u vra daar gebid moet word, erken en dien.

Ter wille van al die mense van die land, bid ons vir die regering en vir u as staatspresident. Ons bid dat u as kneg(te) van God sý eer sal dien; met respek sal optree teenoor elkeen oor wie God u aangestel het deur respek te toon vir God se wet en orde; die werke van die Bose sal teengaan deur in onderworpenheid aan God te regeer. Ons bid dat u só sal regeer dat u ons nie langer op die pad van oordeel sal lei nie. As dit nie gebeur nie, bid ons dat God self vir ons 'n regering sal gee wat met Hom en met sy Woord erns sal maak, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid kan lei.

5. AMPTELIKE SKRYWE VAN DIE AP KERK AAN DIE PRESIDENT

22 April 2020

Amptelike skrywe van die AP Kerk aan die President insake die huidige inperkingsmaatreëls

Geagte Meneer die President, kabinetsministers, premiers, burgemeesters en gemeenskapsleiers van Suid-Afrika.

Ons rig hierdie skrywe aan u namens ’n kerkverband wat 30 000 Christene verteenwoordig, maar ook, so glo ons, namens ’n groot groep ander kerke in ons land.

Gedurende hierdie krisistyd midde die COVID-19-pandemie, het ons vir elkeen van u gebid en ons doen dit steeds. Ons bid dat die Here aan u wysheid sal gee in al u besluite – besluite wat daagliks geëvalueer en gerevalueer word namate nuwe inligting oor die virus en die reaksie daarop beskikbaar word. Dit is juis hierdie bykomende inligting wat dit al meer en meer duidelik maak dat die aanvanklike inligting wat die ramptoestand gemotiveer het, onvolledig was.

Ons waardeer die president se stelling in die persverklaring van 20 April 2020 in verband met die uitdagings wat hy moes hanteer in die besluit om ’n nasionale inperking in te stel en dat hy verkies het om eerder die weg van oorversigtigheid te volg. Omdat ons doel steeds is om dit te doen wat die beste vir die openbare belang van die burgers is, is nuwe besluite en ’n koerswysiging nou noodsaaklik – hoe gouer, hoe beter. Die blote opgradering van maatskaplike voorsiening om huishoudings wat in armoede leef, te ondersteun, sal ongelukkig nie naastenby voldoende wees nie.

As ons met die huidige toestand van totale inperking volhard, sal dinge volgens ons oortuiging waarskynlik baie versleg. Ons beleef nou die situasie waar dit al duideliker word dat die instel van verdere voorsorg (inperking) nadeliger gevolge sal hê as die siekte self. Die inligting oor die pandemie regverdig nie dat miljoene mense hulle werk verloor en besighede en veral kerke vir ’n onbepaalde tydperk gesluit word nie. Die president het talle nie-regeringsorganisasies, godsdienstige groepe en gewone burgers wat geld gee en hulp aanbied om honger en behoeftiges te help, bedank, maar u inperkingsmaatreëls maak dit onmoontlik vir ons om hiermee voort te gaan. Hiermee verwys ons na baie boere en familiebesighede wat nie vir hulp uit die solidariteitsfonds kwalifiseer nie, selfs al dra hulle daartoe by. Dit is nou tyd om vir besigheid oop te maak, werk toe te gaan en veral om onbeskaamd terug te keer tot die openbare aanbidding van die drie-enige God deur die gemeenskap van die heiliges, alhoewel sommige voorkomende maatreëls steeds nodig mag wees.

Hoewel COVID-19 onder ons bestaan en meer as 3300 burgers al die siekte opgedoen het, kan ons die baie groter skade wat aan ons samelewing aangerig word deurdat inkomste vir die onderhouding van gesinne afgesny word, nie langer ignoreer nie. In ons kerke kom min gevalle van die Koronavirus, hospitalisasie of sterftes voor. Daarteenoor het ons talle mense wie se vermoë om hulle gesinne te onderhou, grootliks skade ly weens die verlies aan inkomste en skade aan hulle besighede. Vir ons sal die inperkingsmaatreëls die huidige stand van sake baie vererger. Sonder om die feite waarmee u rekening moet hou, buite rekening te laat, moedig ons u aan om baie mooi na te dink oor die geweldige skade wat deur die volharding met ’n geslote ekonomie aangerig word. In ons gemeentes het ons reeds die verlies aan lewensonderhoud, besighede wat hul deure moes sluit en die isolasie van ons lidmate ervaar en dit is ’n geweldige verlies vir die

welwese en welsyn van die hele samelewing. Die skade sal net vererger as ons op die huidige koers van inperking volhard en die ekonomie, ons huise en kerke gesluit hou. Vergun ons om sonder skroom daarop te wys dat as daar ooit 'n noodsaaklike diens was, is dit die openbare aanbidding deur die gemeenskap van die heiliges van die lewende God. Hy is die belangrikste aspek in elke oorweging. Dit is nie vir ons nodig om u daaraan te herinner dat gevaarlike (en waarskynlik onbeheerbare) sosiale onrus die noodwendige gevolg van die huidige koers sal wees nie. Die plundering van informele handelaars en drankwinkels is net die begin.

Ons is ook erg bedroef deur die blatante rassisme deur sommige regeringsdepartemente wat verligting en hulp in die pandemietyd betref. Ons is voorts baie verontrus oor die stygende gety van misdaad gedurende die inperking. Ons beskou dit ook as ons roeping om daarop te wys dat daar baie meer onrus en rampspoedige gevolge kan voorkom omdat gemeenskapsveiligheidsgroepe nie toegelaat word om op te tree nie.

As kerke is ons baie besorg oor die lewens en gesondheid van ons lidmate asook ander in die gemeenskappe wat ons bedien. Veral omdat talle in ons kerke bejaardes of hoë risiko gevalle vir COVID-19-verwante siektetoestande is. Hul gesondheid is egter nie die verantwoordelikheid van die staat alleen nie. Daardie persone en hul gesinne, predikante, leiers en dokters is die beste geposisioneer om vir hulself te besluit oor hoe hulle gedurende die verspreiding van die siekte moet leef. As hierdie 'n groot plaag, 'n direkte gesondheids- en lewensbedreiging vir al ons lidmate was, soos baie van ons aanvanklik gedink het dit was, sou ons met graagte gewillig wees om ons neer te lê by billike maatreëls om die verspreiding te voorkom – soos ons die afgelope maand gedoen het. Dit is egter nou duidelik dat die krisis nie op die vlak is soos dit aanvanklik beskou was nie. Al meer van ons kerke dui daagliks aan dat hulle nie bereid is om voort te gaan om die uiterste inperkingsmaatreëls na te kom nie. Ons begeerte is om gehoorsaam te wees aan die burgerlike owerheid. Ons moet egter ook doen wat God van ons verwag en wat die beste is vir ons mense en gemeenskappe en soos ons gewete ons voorskryf.

Ons erken dat die grondwetlike regte van vryheid van beweging, spraak, godsdiens en assosiasie beperk mag word kragtens afdeling 36 van die grondwet, maar sulke "beperkings moet redelik en regverdigbaar wees in 'n oop en demokratiese samelewing wat gebaseer is op menswaardigheid, gelykheid en vryheid". As ons die aard van hierdie regte in aanmerking neem, die belangrikheid van die beperkinge, die aard en omvang daarvan, asook die verhouding tussen die beperkings en hul doel en minder beperkende maniere om die doel te bereik, blyk dit dat ons as kerkleiers nou die morele verpligting het om ons aanvanklike steun vir die huidige inperkingsmaatreëls in die lig van die jongste feite oor die pandemie te heroorweeg. Meer nog, ons het nie net hierdie regte omdat die grondwet dit vergun nie, maar omdat dit van God self af kom. Ons glo dat die tyd ryp is vir ons leiers om af te sien van die ekstreme inperkingsmaatreëls.

Tot dusver was die reaksie in die kerk een van verootmoediging en sondebelydenis – die sondes van die kerk en die sonde van ons burgers en regering. Met hierdie brief nooi ons die regering om hulle asseblief by ons in verootmoediging voor die Here Jesus Christus aan te sluit. Ons pleit om die genade en barmhartigheid van God, sodat Hy aan ons verlossing en wysheid vir die toekoms sal gee. Die dood is 'n vyand, die laaste vyand wat deur die heerskappy van Christus vernietig is. Ons bely dit met ons hele hart en hoewel ons die dood verag, vrees ons nie die dood nie, want vir ons is die lewe Christus en die sterwe wins. Mag God opregte berou in ons bewerk en wanneer ons ons sondes erken en bely, glo ons dat Hy ons genadig sal wees en ons land sal herstel.

In diens van die ewige Koning, Jesus Christus.

6. VERKLARING OOR DIE HEROPENING VAN KERKE

27 Mei 2020

VERKLARING RAKENDE HEROPENING VAN KERKE

Die Sentrale Kerkekommissie van die AP Kerk het met groot dankbaarheid teenoor die Here geluister na die president se aankondiging dat godsdienstige byeenkomste weer gehou mag word. Tog is dit vir ons jammer dat ons eers 'n ultimatum aan die president moes stel en hom met die hof moes dreig alvorens hy gereageer het. Ons kan beslis nie die president se lof besing omdat hy eers ná druk teruggegee het dit wat nooit syne was om te neem nie. 'n Staat wat sy plek ken, rig versoeke tot die kerk van Christus, nie voorskrifte.

Ons is verder steeds ernstig besorg oor die sinkretistiese godsdiensgelykstelling wat deur die owerheid gehandhaaf word, soos dit dan ook uit die oproep tot 'n dag van gebed na vore gekom het. Ons smag na die dag wat die Here vir ons landsleiers voorsien wat Hom as die enigste lewende God sal erken. Om 'n Bybelse beeld te gebruik, daar is geen seën daarin om die Here in die tempel saam met die afgode op die hoogtes te aanbid nie. Die feit dat die owerheid geen respek het vir God en sy gebod nie, hou geen goeie nuus vir ons land en sy mense in nie.

Hierdie optrede van die president is 'n duidelike bewys daarvan dat die ANC-regering se uitgangspunt nog altyd een van godsdiensgelykheid in plaas van godsdiensvryheid was. Onder die dekmantel van laasgenoemde, word eersgenoemde gepropageer en beoefen. Indien 'n beleid van godsdiensvryheid beoefen is, sou daar steeds ruimte vir alle godsdienste wees om hul godsdiens vrylik en met die beskerming van die staat te beoefen, hoewel alle godsdienste nie gelyk sou wees nie. Die basiese vertrekpunt van die ANC-regering se beleid van godsdiensgelykheid, is egter dat waarheid relatief is en dit daarom dus diskriminerend sal wees om een godsdiens as meer waar as ander, uit te sonder. Hoewel so 'n benadering in 'n sekulêre samelewing baie edel klink, dwing dit as 't ware Christene om een van die grondstene van hulle geloof, naamlik dat daar net een ware God is, prys te gee.

As gevolg van hierdie benadering, is die regering se oproep dat alle gelowe 'n dag van gebed moet huldig, teleurstellend. Nie omdat dit nie nodig is om die lewende God se aangesig in krisistye te soek nie, maar omdat die president 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om die enigste ware God te erken en ons afhanklikheid van Hom alleen te bely.

Daarom wil ons almal oproep om steeds, in gehoorsaamheid aan die Woord, vir die landsowerhede te bly bid (1 Tim. 2:1-5) dat hul tot bekering mag kom en Christus, die Hoof van die Kerk (Ef. 1:20-23) ook sal erken as die enigste Verlosser en Koning van die ganse lewe. Ook dat hulle in die uitvoering van hulle roeping as regeerders (Ps. 2:10-12; Rom. 13:1-7) daartoe sal kom om in hulle besluitneming en wetgewing voor Hom alleen te buig en Hom dien, sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei tot God se eer en die heil van ons naaste (1 Tim. 2:2).

Tans wag ons nog in spanning dat die finale regulasies in die staatskoerant gepubliseer moet word oor wat die protokolle, voorwaardes en beperkings presies gaan behels. Veral aangesien daar talle vrae is rondom die besonderhede van die president se aankondiging, soos onder meer dat byeenkomste nie groter as 50 mense op 'n slag mag wees nie. Hoe dit strook met byvoorbeeld skole wat mag begin met heelwat meer as 50 kinders op 'n slag, maak nie sin nie. 'n Benadering waarin daar gewerk word op die handhawing van sosiale afstand na gelang van die grootte van

die gebou, sou na ons mening meer sinvol wees. Sodoende sal kerke met groter geboue, meer as 50 mense op 'n slag kan akkommodeer sonder om gesonde praktyke ten opsigte van sosiale afstand te ignoreer. Ons hoop dat die regering, in die opstel van die regulasies, konsekwent sal wees en nie van kerke meer sal verwag as van ander sektore nie. Ons maan dus alle kerke om nie nou oorhaastige besluite te neem nie, maar om hul besluite te neem sodra die regulasies gepubliseer is.

Daar rus nou 'n groot verantwoordelikheid op elke kerkraad om binne elkeen se unieke omstandighede aan die Here gehoorsaam te wees, want dit gaan steeds in die eerste plek nie oor wat die regering van ons vereis nie, maar wel wat die Here van sy kinders vra. Ons hoop verder dat die onverkwiklike omstandighede waarin ons tans steeds verkeer van elke erediens 'n verootmoedigingsgeleentheid sal maak.

7. 2020-VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

7 Desember 2020

SKK VERKLARING: 2020-VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Sedert die vrystelling van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans, het daar op die AP Kerk se Facebook-blad 'n paar plasings in die verband verskyn. Een van die plasings het genoem dat die 2020-vertaling by *Die Boekwinkel* of aanlyn bestel kan word. In 'n tweede plasing het ds. Carl Vermaak, die AP Kerk se verteenwoordiger by die Bybelgenootskap, tydens 'n uitsending van *Sessie met die Professie*, ook oor dié vertaling gesels. Uit die reaksie op hierdie plasings, is dit duidelik dat daar heelwat verwarring en misverstand oor die gebruik van die 2020-vertaling in die AP Kerk bestaan.

Ten einde onnodige spanning, onenigheid en agterdog uit die weg te ruim, reik die SKK graag die volgende verklaring aangaande die 2020-vertaling uit.

Historiese verloop
Dit is belangrik om die historiese verloop in die AP Kerk met betrekking tot Bybelvertaling in gedagte te hou. Reeds tydens Sinode 1988 word 'n studiekommissie vir Bybelvertaling saamgestel wat aan die eersvolgende Sinode moes rapporteer.

Op grond van die rapport van bogenoemde kommissie, neem Sinode 1989 (*Handelinge 1989*, bl. 446-448) die volgende besluite:

2.1 *Die Kerk se roeping*
Die Sinode is oortuig dat 'n Kerk se roeping om die Woord van God te verkondig, aan so 'n kerk ook die verantwoordelikheid oplê om hom voortdurend te beywer vir die juisste grondteks en die juisste vertaling van die teks in die moedertaal.

2.2 *Die AP Kerl se roeping*
Die Sinode getuig dat die AP Kerk sy roeping gehoorsaam wil wees en sy verantwoordelikheid wil opneem.

2.3 *Die Bybel in Afrikaans*

2.3.1 Die Sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as ’n betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord.

2.3.2 Die Sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983), hoewel deur vele aanvaar, tog ook vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.

2.3.3 Die Sinode besluit dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) (NAV) by Woordverkondiging ter toeligting gebruik mag word; dat lidmate wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.

2.3.4 In die lig van sy roeping en verantwoordelikheid (vgl. 2.1 en 2.2 hierbo) wys die Sinode jaarliks ’n Vertalingskommissie van vyftien met sy sameroeper aan, ’n Kommissie waarop die AP Kerk-teologiese skool se dosente in die Ou en Nuwe Testament *ex officio* dien, en dra aan die Kommissie op:

2.3.4.1 om selfstandig en in samewerking met ander vertalers die 1953-vertaling van die Bybel in Afrikaans oor ’n tydperk van tien jaar grondig te hersien, of indien nodig geag, te hervertaal en uit ’n grondteks vir die OT en NT onderskeidelik soos deur die Kommissie gekeur en deur die Sinode goedgekeur, met inagneming van alle bruikbare Bybelvertalings;

2.3.4.2 om sy resultate ten opsigte van elke jaar se werk vir kommentaar aan lidmate van die AP Kerk beskikbaar te stel en alle kommentaar noukeurig te oorweeg.

2.3.4.3 om jaarliks aan die Sinode verslag te doen van sy resultate.

Voorts is samewerking met ander kerke wat ook die 1953-vertaling gebruik en ’n vertaling beplan of daarmee besig is, goedgekeur (*Handelinge 1989*, pt. 1, bl. 448).

Tydens Sinode 1991 word die volgende ten opsigte van die brontekste besluit (*Handelinge 1991*, bl. 339):

> Die Sinode besluit om:
> 1. die teks van die *Biblia Hebraica Stutgartensia* vir die Ou Testament as offisiële teks te aanvaar.
> 2. goed te keur dat die Nestle-Aland-teks en die Majority-teks voorlopig beide gebruik word vir proefvertalings van die Griekse Nuwe Testament.

Kort ná bogenoemde besluit (op dieselfde Sinode), sneuwel die AP Kerk se eie vertalingsprojek met die handhawing van die volgende beswaarskrif van Potchefstroom (*Handelinge 1991*, bl. 341):

> Die kerkraad versoek dat die Sinode heeltemal van hierdie beoogde projek sal afsien, bogenoemde sinodebesluit sal herroep en die bestaande 1953-hersiene vertaling ongewysig vir amptelike gebruik in ons kerkverband sal aanvaar. Die 1983-vertaling mag steeds by die Woordverkondiging ter toeligting gebruik word.

Die motivering vir bogenoemde besluit was dat daar nie ’n behoeftebepaling onder lidmate na ’n nuwe vertaling gedoen is nie; die koste-implikasies van so ’n projek te groot was; dat só ’n vertaling net deur AP Kerk-lidmate aangekoop sou word en dit ons gevolglik sou isoleer. Verder word die 1953-vertaling met groot vrug en seën gebruik; wil ons nie lidmate verder verwar met nuwe vertalings nie en wil ons die professors se kosbare tyd spaar.

Tog was die behoefte na 'n nuwe Afrikaanse vertaling nie van die baan af nie. Tydens Sinode 1995 (*Handelinge 1995*, bl. 295) word die volgende versoek tot die Bybelgenootskap van SA gerig:

> Die Sinode versoek die Bybelgenootskap om hom te hou by die vertaling, druk en verspreiding van Bybels en nie kontroversiële publikasies die lig te laat sien nie. Die Sewende Sinode van die APK versoek die Bybelgenootskap van SA om twee leraars van die APK sittingsreg te verleen op hul vertalerskommissie.

Dat die behoefte na 'n verbeterde vertaling steeds lewend was, word verder beklemtoon deur die volgende besluit tydens Sinode 1999 (*Handelinge 1999*, bl. 478) in verband met die verskille tussen die 1953 en 1983 vertalings:

> Die Sinode besluit dat in die lig van die staande sinodebesluit rakende die amptelike Bybelvertaling, daar 'n *ad hoc*-kommissie saamgestel word met die doel om:
>
> 1.1 die onrus te besweer aangesien dit lyk asof die vertaling wesenlik verskil
> 1.2 die motivering vir die huidige sinodebesluit breedvoerig aan onrustige lidmate te verduidelik;
> 1.3 probleme wat lidmate met betrekking tot spesifieke verskille tussen die vertalings het, aan te spreek;
>
> 2. Hierdie *ad hoc*-kommissie vergader volgens eie diskresie, en staan lidmate wat daartoe versoek, tydens sulke vergaderings te woord;
> 3. Die werksaamhede van die *ad hoc*-kommissie moet op 'n wyse deur hulself bepaal aan alle kerke binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband deurgegee word;
> 4. Die werksaamhede van hierdie *ad hoc*-kommissie, dit is probleme deur hulle aangespreek en antwoorde verskaf, word indien moontlik, volgens hul eie diskresie, gedupliseer en ook aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gestuur vir kommentaar en waarin gevra word, dat die nodige verbeterings aan die volgende Bybeluitgawe aangebring moet word;
> 5. Hierdie *ad hoc*-kommissie bestaan uit vyf lede wat kundiges mag koöpteer indien hulle dit nodig sou vind.
> 6. Die vyf lede van die *ad hoc*-kommissie is die volgende: dosent in Ou Testament; dosent in Nuwe Testament; voorsitter KKCE; voorsitter. Kuratorium; 'n lid van die Publikasiekommissie.

Tydens Sinode 2004 word die behoefte na 'n nuwe vertaling weer gestel en word die volgende besluite geneem (*Handelinge 2004,* bl. 391-393):

> Die Sinode aanvaar dat die taal van 'n volk 'n lewende en dinamiese verskynsel is, daarom verouder Bybelvertalings mettertyd en vereis dit nuwe vertalings.
>
> 1.1 Die Sinode aanvaar dat, wat die teks van die Ou Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die *Codex Leningradensis* soos in *Biblia Hebraica Stuttgartensis (1977)* gedruk, op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse as bronteks gebruik het.
> 1.2 Die Sinode aanvaar, dat wat die teks van die Nuwe Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die beste saamgestelde bronteks bevat en of daar op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse met die bronteks omgegaan is. Objektief geoordeel, moet die sogenaamde standaardteks, soos gevind in die 3de uitgawe van *The Greek New Testament* (wat dieselfde as die 26ste uitgawe van die Nestle-Aland is) met sy tekskritiese apparaat, in hierdie stadium as die beste bronteks vir vertalingdoeleindes beskou word.

2.1 Die Sinode aanvaar as riglyne vir vertaalmetodes:

a) Alle vertalings moet as mensewerk beskou word en daarom mag geen vertaling as volmaak beskou word nie.
b) 'n Vertaler moet probeer om die betekenis van die oorspronklike geskrif so duidelik as moontlik weer te gee.
c) 'n Vertaler moet so letterlik as moontlik vertaal en so naby as moontlik by die oorspronklike uitdrukkingswyse aansluit. Hy moet hom dus allereers afvra wat die eerste lesers daaronder verstaan het.
d) Die gangbare, Afrikaanse uitdrukkings moet gebruik word, sonder om plat te wees.
e) Metafore moet vertolk word, d.i. die betekenis moet verduidelik word.
f) Betekenisse moet uitgebring word.
g) 'n Waardige en eenvoudige styl is van die allergrootste belang. Die vertaling moet die taal praat van die mense vir wie dit bedoel is.
h) Woorde met 'n ongewenste betekenis behoort tot elke prys vermy te word.
i) Daar behoort meegewerk te word aan 'n vertaling wat brongeöriënteerd, maar ook so verstaanbaar as moontlik is. Die vertaler moet biddend te werk gaan, met die wete dat die vertalingswerk onder verligting van die Heilige Gees plaasvind.

Die Sinode besluit om die gees van die vorige *Sinodebesluite* te handhaaf en te bevestig ten opsigte van die Messiaanse gedeeltes in die OT en die gebruik van die hoofletters in die OT. Die Sinode bevestig opnuut sy standpunt teen die nuwe stroming in die Gereformeerde wêreld om Christus uit die OT te vertaal deur middel van die gebruik van kleinletters en die teksgedeeltes wat direk na Hom verwys. Die Sinode behou hom die reg voor om ná die verskyning van die Nuwe Bybelvertaling te oordeel of die wyse waarop die relevante tekste vertaal is, binne ons Skrifbeskouing val.

Die Sinode herbevestig die besluit van Sinode 2001 soos in *Handelinge 2001*, bl. 557, *Kerkorde 2002*, bl. 132, 9.3.3 wat lui: Die Sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word; dat enige vertaling ter toeligting gebruik mag word om die Bybelsgereformeerde betekenis uit te lig en te beklemtoon; dat lidmate wat die NAV wil lees, aangeraai word om dit steeds saam met die 1953-uitgawe te lees.

Op grond van bogenoemde besluite, het die AP Kerk dus by die vertaalprojek vir 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling betrokke geraak. Hoewel die AP Kerk kennis geneem het van botsende standpunte ten opsigte van Skrifgesag onder vertalers, het sy tydens Sinode 2010 opdrag gegee dat die AP Kerk nie van die vertaalprojek of van die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling moet onttrek nie, maar wel deurlopend en konsekwent die AP Kerk se standpunt oor Skrifgesag moet handhaaf en verdedig (*Handelinge 2010*, bl. 232).

Gevolgtrekkings
In die lig van bogenoemde historiese oorsig, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Hoewel die 1953-vertaling as 'n "betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord" beskou is, is erken dat dit ook "vatbaar vir verbetering" is. Die AP Kerk het dus nog nooit die 1953-vertaling as 'n onverbeterbare vertaling beskou nie.
- Uit die staanspoor was daar 'n behoefte na 'n nuwe vertaling in Afrikaans, aangesien die 1983-vertaling nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

- Hierdie behoefte het konkreet gestalte gekry met die stigting van die Kommissie vir Bybelvertaling in 1989. Hoewel die AP Kerk om verskeie redes van hierdie projek afgesien het, bevestig dit steeds die behoefte na ’n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.
- Hierdie behoefte word onderstreep deur die 1995-versoek aan die Bybelgenootskap dat die AP Kerk twee lede op hul vertalerskommissie mag benoem.
- Die 1999-besluit waarvolgens verskille tussen die 1953- en 1983-vertalings aan die Bybelgenootskap deurgegee moes word, adem ook die versugting na ’n nuwe vertaling.
- Dit is onder meer op grond van die 1999-besluit en kommentaar aan die Bybelgenootskap, dat die Bybelgenootskap besluit het om met die vertaalprojek, wat op die 2020-vertaling uitgeloop het, te begin.
- Hierdie behoefte na ’n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans, word uiteindelik konkreet deur Sinode 2004 se besluite met betrekking tot betroubare brontekste, die vereistes vir vertaling, asook om mee te werk aan ’n brongeoriënteerde vertaling, bevestig.
- Uit die 2004-besluite spruit die AP Kerk se betrokkenheid by bogenoemde vertalingsprojek. Die AP Kerk was betrokke by die vertaalproses. Van ons hoogleraars het as primêre vertalers opgetree, van ons leraars was betrokke by die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling en baie het as kerklike lesers opgetree wat terugvoer oor die vertalingsproses moes gee.
- Die hoofletteruitgawe van die 2020-vertaling, is ’n bewys daarvan dat die AP Kerk se verteenwoordigers by die projek, uitvoer gegee het aan Sinode 2010 se opdrag ten opsigte van Skrifgesag. Die AP Kerk het gevolglik leiding geneem ten opsigte van die gebruik van hoofletters in die Ou Testament vir Messiaanse tekste en ander tekste wat duidelik op God of Christus dui. Dit was ook op aandrang van die AP Kerk dat die Bybelgenootskap besluit het om ’n weergawe met hoofletters uit te bring.
- Die AP Kerk se betrokkenheid by die Bybelvertalingsprojek is dus in lyn met die historiese verloop van besluite ten opsigte van Bybelvertaling.

Optrede

In die lig daarvan dat hierdie nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans nou amptelik vrygestel is, ontstaan die vraag: Waar laat dit die AP Kerk met betrekking tot die 2020-vertaling? In antwoord hierop, wil ons graag lidmate op die volgende sake wys en, in die lig van Sinode 2004 se besluite en riglyne, wil ons lidmate oproep tot die volgende optrede:

1. Die 2020-vertaling is nog nie deur die AP Kerk goedgekeur vir amptelike gebruik nie. So ’n besluit kan net tydens ’n sinode geneem word. Dit staan lidmate egter vry om die vertaling vir persoonlike gebruik en Bybelstudie aan te koop. Daarom dat hierdie Bybel, soos ander vertalings van die Bybel, ook by *Die Boekwinkel* beskikbaar is.
2. Lidmate word, soos voorheen, aangeraai om die 2020-vertaling saam met die 1953-vertaling te lees.
3. Die 1953-vertaling is steeds die Bybel wat deur die AP Kerk by amptelike geleenthede gebruik word. Die 2020-vertaling mag wel, volgens sinodebesluit (2004), reeds ter toeligting gebruik word. “Toeligting” sou beteken dat ’n predikant of voorganger tydens geleenthede soos Bybelstudie, prediking, verbondsonderrig of watter ander amptelike geleentheid ook al, na ander vertalings kon verwys ten einde groter lig op die verstaan van ’n spesifieke teks te werp.
4. Soos voorheen, toe die proefvertalings verskyn het, moedig ons lidmate aan om hierdie Bybel te gebruik met die oog op terugvoer en sodat, indien ons ’n besluit oor die amptelike gebruik van die 2020-vertaling moet neem, ons ’n ingeligte en weldeurdagte besluit kan neem.
5. As kriteria vir sodanige beoordeling, behoort die riglyne van Sinode 2004 gebruik te word. Dit is ons verantwoordelikheid om te toets of die vertaling voldoen aan die vereistes wat ons vir só ’n nuwe vertaling gestel het.

6. Ons wil kerkrade maan om hulle nie skuldig te maak aan die verspreiding van valse inligting oor die vertaling, verdagmakery van die vertalers of om sameswerings-teorieë as die waarheid voor te hou nie. Indien u meer te wete wil kom oor die vertaling, die AP Kerk se betrokkenheid daarby en of die AP Kerk dit gaan goedkeur of nie, gaan lees gerus weer die Julie/Augustus 2020-uitgawe van *Die Boodskapper* deur op hierdie skakel te klik: www.apk.co.za/tydskrifte/
7. Indien lidmate enige voorstelle ten opsigte van die 2020-vertaling se gebruik in die AP Kerk het, of enige besware daarteen, kan dit deur middel van die amptelike kanale, as beskrywingspunt of beswaarskrif, vir bespreking tydens Sinode 2021 deurgestuur word.

8. COVID-19-REGULASIES EN VLAK 3-INPERKINGS

30 Desember 2020

Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
Dr. Nkosazana Dlamini Zuma

Elektronies: ministry@cogta.gov.za; MandisaMB@cogta.gov.za; parkst@cogta.gov.za; UnathiS@cogta.gov.za; SifisoN@cogta.gov.za; kbapela@webmail.co.za

Geagte dr. Dlamini Zuma

Verklaring aangaande hernude vlak 3-inperkings

Die Afrikaanse Protestantse kerke het met gemengde gevoelens kennis geneem van president Ramaphosa se toespraak waarin hy opnuut strenger inperkingsmaatreëls aangekondig het. Ons besef dat die regering, weens die toename in COVID-19 gevalle en die druk op ons gesondheidsektor, onder groot druk verkeer om die verspreidingskurwe af te plat, asook om die druk op ons gesondheidsorgsektor te verlig. Ons het dus begrip vir die erns van die situasie en die regering se benadering, hoewel ons ten opsigte van sommige sake daadwerklik van u verskil.

As Christene is dit ons primêre verantwoordelikheid om aan die drie-enige God, as hoogste gesag, gehoorsaam te wees. Ons herinner u daaraan dat u ook, of u dit erken of nie, aan sy gesag ondergeskik is, aangesien geen owerheid enige gesag het tensy dit deur God aan hulle gegee is nie (vgl. Joh. 19:11). Ten opsigte van die wyse waarop u regeer, is u dus ten diepste aan Hom en nie die burgers van Suid-Afrika nie, verantwoording verskuldig. Op grond hiervan wil ons die volgende sake onder u aandag bring:

Die deputate van die GKSA het oor die algemeen baie waardering vir die studie wat die APK gedoen het om in onder meer ekumeniese gesprekke gebruik te word (sien voorwoord). Die terugvoer van die GKSA gaan nie kommentaar lewer op elke stuk waardering en punte van ooreenkoms nie (Dit blyk dat daar in groot dele ooreenstemming is met vroeëre besluite van die GKSA). Daar sal aandag gegee word aan gedeeltes waar daar moontlike onduidelikhede is en waar dit blyk dat daar verskille is wat deurgepraat behoort te word.

Aan die eerste afdeling oor begrippe sal nie baie aandag gegee word nie. (Daar kan heelwat opmerkings gemaak word oor die eerste afdeling, maar dit blyk dat dit nie werklik die fokus van die gesprek sal dien nie). Dieselfde geld vir die afdelings oor kerk en owerheid (Afdeling 3); Mens en medemens (Afdeling 4) en die twee bylaes.

Afdeling 2 oor *kerk en volkseie kerk* sal in die kommentaar die meeste aandag geniet. Dit blyk dat die afdeling heelwat begronding bied oor lidmaatskapvereistes (soos in die eerste kerkorde-artikels na vore kom) en ekumeniese betrekkinge (soos in *Kerkorde* artikel 64 na vore kom).

2. DIE PRINSIPIËLE ASPEK VAN VERSKEIDENHEID EN DIE VERINHEEMSING VAN DIE KERK

2.1 Die siening van die APK oor die intense politieke en kerklike verskille en stryd rondom die verstaan van eenheid, is in opdrag van die APK (1991) vir publikasie voorberei en hersien (1995) om as amptelike standpunt van die APK te dien. Die resultaat: *Skriflig op kerk en volk* (SKV), het die begronding van die APK se standpunt oor eenheid en verskeidenheid in 'n plurale en gebroke ekumeniese gemeenskap verwoord (vgl. Marè, 1997:1-39). Die APK is oortuig dat die politieke veranderinge in Suid-Afrika voor 1994 stelselmatig veranderinge in standpunte en besluite in gereformeerde kerke veroorsaak het. Die APK voer aan (SKV, 1998:31-48) dat juis die prinsipiële aspek van verskeidenheid, soos dit in volkseie kerke gestalte vind, stelselmatig in gereformeerde kerke in Suid-Afrika agterweë gelaat en vervang is deur 'n strewe na 'n sigbare eenheid oor volksgrense heen (vgl. Marè, 1997:1-21; Boshoff, 1999:1-12). Hierdie toedrag van sake sou een van die aanleidende oorsake vir die stigting van die APK word.

2.2 Dit word duidelik dat die APK die prinsipiële aspek van verskeidenheid hoofsaaklik gebruik as begronding vir volkseie kerke. Marè (SKV, 1998: Voorwoord by die tweede hersiene uitgawe) stel die gedagte van volkseie kerke as Skriftuurlike verantwoording teenoor die "veel verwarring" en "verhorisontalisering van Bybelse begrippe". Die verskeidenheid volke wat God wil, dring om 'n eie, inheemse gestalte aan die een liggaam van Christus te gee, sonder dat die verinheemsing die liggaam van Christus verskeur. Met 'n Skrifberoep op onder meer Génesis 11;

Deuteronómium 32:8; Handelinge 2:8; Handelinge 17:26; Openbaring 7:9; 21 :24 en 26 en Openbaring 22:2 word beweer dat God drie-enig die verinheemsing van sy kerk bewerk as die vrug van Christus se Koningskap (vgl. Marè, 1997:25, 26).

Op grond van die verskeidenheid wat God wil en omdat die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) hulleself as 'n vrywillige kerkverband van Afrikaanse kerke beskou (SKV, 1989:3,4,9; Marè, 1997:25, 26), mag "net blanke Afrikaners, asook blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (vgl. Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse Kerk onderskryf, saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry" (*Kerkorde* van die APK, 1994:3, art. 3.2).

Onduidelikheid:

Hoe dring die verskeidenheid wat God wil, die verinheemsing van die kerk, in besonder as die vrug van Christus se koningskap?

3. EENHEID EN VERSKEIDENHEID

3.1 Die APK lê baie klem op die "beginsel" van verskeidenheid van die kerk van Christus en grond die bestaan van 'n volkskerk vir die Afrikaner op hierdie beginsel. Behalwe om die eenheid van Christus se kerk as 'n geestelike eenheid te bestempel, word nie veel aandag aan die roeping tot eenheid gegee nie, behalwe waar dit "haalbaar" is. Dan is die eenheid 'n goeie ding.

Opmerkings:

- Hoewel die APK 'n duidelik uiteengesette teologiese verstaan van die begrip verskeidenheid het, is verskeidenheid tog nie soos eenheid 'n wesenskenmerk van die kerk nie.
- Verskeidenheid is ook nie 'n alternatiewe keusemoontlikheid vir Christus se een kerk nie.
- Verskeidenheid behoort ook nie meer of minder klem in standpuntstelling te ontvang nie: Die een kerk van Christus is een in haar verskeidenheid.
- Die Skrif en konfessie se vertrekpunt vir eenheid is dat eenheid 'n gawe en opgawe is.
- Verskeidenheid is tereg onlosmaaklik deel van eenheid, maar oorskadu nie die eenheid nie.
- Watter rol speel die apostolaatsbenadering van die volkskerk in die "prinsipiële begronding" van die verinheemsing van die kerk?

4. AFSTIGTING OF AFSKEIDING

4.1 Die APK is oortuig dat die (af-) stigting van die APK nie die kerk van die Here geskeur het nie (vgl SKV, 1997:43-46). Die APK het 'n "roeping tot afskeiding" gehad.

Die APK betwis ook die aanname dat wanneer eenheid tussen kerke nie gestalte vind nie, dit neerkom op 'n sondige geskeidenheid. Die bestaan van verskillende Afrikaanse kerke met dieselfde belydenis en binne dieselfde landsgrense, taal en kultuur impliseer vir die APK nie 'n sondige verskeurdheid van die liggaam van Christus nie. Volgens die APK behoort die standpunte van kerke ten opsigte van die verskeurdheid van die liggaam van Christus aan die openbaring van God in sowel Skrif en natuur (*sic*) getoets te word.

Opmerkings:

- Gaan die Skrif en konfessie so ver om 'n "roeping tot afskeiding" aan te dui wanneer die kerk op die pad van die valse kerk kom?
- Die vraag sou gevra kon word of met stelligheid gereken kan word of, wie en op watter gronde die NGK in 1987 op die pad van die valse kerk gekom het en of die APK geroep was om af te skei van die NGK?

- Die GKSA was nog altyd uit die Skrif oortuig dat enige skeuring in die kerke met dieselfde taal, kultuur en belydenis 'n sondige verskeurdheid is.

5. GEESTELIKE EENHEID

5.1 In reaksie op 'n memorandum van die Deputate Ekumeniese Sake Binnelands van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (vgl. Notules van samesprekings, 28/08/02, bylae 2; 08/08/03, bylae 1, punte 3-5) voer die Sentrale Kerkekommissie van die APK verskeie argumente aan oor die bestaan van onderskeie Afrikaanse kerke:

- Volgens die APK behoort daar enersyds rekening gehou te word met die realiteit van 'n sondige bedeling wat met die sondeval aangebreek het, maar andersyds ook met die ingeskape verskeidenheid van volke. Daarom is dit verstaanbaar dat Christene nie eenders oor alles sal dink nie. Selfs binne dieselfde kerkverband deel almal nie dieselfde oortuiging oor elke saak nie.
- Die eenheid van die kerk moet veel eerder gesoek word in die geestelike aard van die geloof as in die uitwendige vorm van die (kerk)regering. Die eenheid van die kerk is 'n geloofseenheid (NGB art. 27) en hoef dus nie in "gemengde" (Marè, 1997:31) plaaslike kerke beslag te kry nie.
- Ook word gestel dat hierdie eenheid sigbaar word onder meer in belydenis, roepingsbesef en toewyding. Geestelike eenheid bestaan reeds tussen Christene en tussen gereformeerde kerke. 'n Kategoriese aandrang op sigbare, institutêre eenheid gaan daarom te ver, omdat kerkeenheid nie gereduseer kan word tot slegs strukturele eenheid nie. Waar strukturele eenheid egter haalbaar is, moet dit verwelkom word.
- Hoewel die verdeeldheid van die kerk 'n gevolg van die sonde is, het God tog die verskeidenheid in die eenheid lief. Sonde laat die verskeidenheid ontaard en "verbaster", maar op sigself is verskeidenheid goed en van betekenis vir die kerk van Christus. Volgens die APK was daar reeds verskeidenheid onder alle skepsels nog voor "daar sonde was" [m.a.w. voor die sonde van verskeurdheid van kerke daar was – deputate GKSA]; daarom neem Christus die verskeidenheid in diens en "versier" sy kerk daarmee.
- Al was die sondeval die aanleiding vir die verdeling van mense in volke en tale (Gén. 11), bevat hierdie verdeling en verskeidenheid ook "iets goeds, wat die gemeente ingedra word".
- Die APK is oortuig dat al die verskille nie slegs aan die sondeval gekoppel moet word nie, maar dat daar ook 'n verskeidenheid in aanbidding bestaan weens die ingeskape verskeidenheid tussen volkere. Verskil in standpunte vorm wesenlik deel van die kerklike verskeidenheid en behoort as sodanig eerbiedig te word.
- Die Nuwe Testament aanvaar die volkeverskeidenheid as feit, maar verhef dit nie tot die hoogste beginsel nie. Die hoogste beginsel bly die eenheid in Christus, maar die beginsel hef nie die verskeidenheid op nie. Ideaal gesproke behoort daar wêreldwyd net een kerk te wees, maar die ideaal is nie haalbaar nie.
- Omdat die liggaam van Christus nie werklik geskeur kan word nie, verkies die APK om eerder die term "afskeiding" te gebruik, omdat hierdie term meer reg laat geskied aan die onderlinge aanvaarding van mekaar se eerlikheid en *bona fides*.
- Hoewel kerke dieselfde belydenis kan hê, gebeur dit soms dat hulle ernstig oor belydeniskwessies kan verskil. Verskil oor byvoorbeeld Skrifgesag (NGB art. 2-7) kan in radikale verskille ontaard, selfs binne dieselfde kerkverband. Eenheid mag daarom nie ten koste van die waarheid nagestreef word nie.
- Die APK beweer dat blote historiese verskille en metodes nie kerkeenheid in die weg mag staan nie, maar dat die etos (aard) van die kerk egter ook deur beginsels bepaal word en daarom deurslaggewend kan wees in die besluit oor die strukturele eenheid al dan nie.

Opmerkings:

- Verander 'n ander term dieselfde saak waaroor dit gaan: skeuring – afskeiding?
- Is die etos van 'n kerk Skriftuurlik deurslaggewend?

6. Pluralisme en pluriformiteit

6.1 Die APK verstaan die begrippe *pluraliteit* en *pluriformiteit* op 'n unieke manier: *Pluriformiteit* impliseer "die veelvormige gestaltes van die een kerk van Christus as gevolg van die verskeidenheidsgedagte, of selfs as resultaat van verskillende grade van suiwerheid" (SKV, 1998:46; vgl. ook Feenstra, 1966:330-331). Hoewel die kerk een is, een liggaam onder die een hoof Christus, is daar 'n pluriformiteit ('n veelvormigheid) van kerke. Soos 'n liggaam byvoorbeeld uit 'n hand, oog en oor bestaan, en steeds die eenheid van die liggaam dien, is dit ook met die veelvormigheid van kerke. Die kerk beywer haar vir die eenheid wat die Gees deur die band van vrede smee (vgl. Efés. 4:3-6).

Opmerkings:

- Pluriformiteit dui nie eenvoudig op die veelvormige gestaltes van die kerk nie – dit behels ook die gedagte dat veelvormigheid nie sonde is nie en dat vrede gemaak word met geskeidenheid ten koste van eenheid.
- Veelvormigheid het ook nie te doen met die resultaat van verskillende grade van suiwerheid nie.
- Pluraliteit en pluriformiteit word met mekaar verwar.

6.2 Die verskille met byvoorbeeld die ander Afrikaanse kerke kan rustig gelaat word met die behoud van die pluriformiteitsgedagte. Die verskil in opvatting oor 'n volkseie kerk is waarskynlik so 'n verskil. Daarom is dit die APK se mening dat 'n onhaalbare ideaal oor eenheid nie gewens is nie en dat energie eerder bestee kan word aan gemeenskaplike probleme soos byvoorbeeld saamwonery buite die eg, dobbelary, godslastering, sabbatsontheiliging, intergeloofsaksies, 'n sekulêre staat, armoede en Skrifgesag.

Opmerkings:

- Waar *pluraliteit* gewoonlik dui op die verskeidenheid van kerke, verstaan die APK dit nie so nie. Pluraliteit behels volgens die APK die sondige verskeurdheid as gevolg van kettery. "Dit is 'n meervoudigheid wat nie op Skriftuurlike gronde gebou is nie; kerke skaar hulle bymekaar op grond van on-Skriftuurlike standpunte" (vgl. SKV, 1998:46; Feenstra, 1966:330-331).
- Uit hierdie omskrywing van pluraliteit kan waarskynlik afgelei word dat die verskeurdheid van die kerk ontstaan op grond van kettery of wanneer kerke hulle bymekaar skaar op grond van onskriftuurlike standpunte.

6.3 Volgens die APK kan daar onderskei word tussen skisma (afskeiding as gevolg van ondergeskikte sake) en kettery (afskeiding as gevolg van dwaalleer by dié wat afskei) aan die een kant, en "wettige pligmatige verbreking van gemeenskap met die kerk" aan die ander kant (SKV, 1998:45). Hoewel skisma en sektevorming albei sonde is, moet die kerk in die inwerkingstelling van die gewettigde verpligting om die gemeenskap met die kerk te verbreek, tog die gewete van gelowiges eerbiedig.

Opmerkings:

Hierdie is 'n onbekende onderskeid tussen skisma en kettery aan die een kant en wettige, pligmatige verbreking van gemeenskap.

6.4 Waar 'n ander evangelie, 'n ander naam waardeur ons gered word, 'n ander gees, 'n ander leer gebring word, is dit *anathema*. In sodanige gevalle is 'n breuk noodsaaklik (vgl. SKV, 1998:46). Om die bestaan van die onderskeie Afrikaanse kerke te regverdig, stel die APK tereg

die standpunt op grond van artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die eenheid van Christus se kerk 'n geestelike eenheid is.

Opmerkings:

- Om die gawe van die geestelike eenheid van die kerk af te speel teen die opgawe in die Skrif om ook sigbaar een te wees, lyk ietwat geforseerd. Om te erken dat eenheid sigbaar kan word, maar dan alleen deur belydenis, roepingsbesef en toewyding, laat die volle opgawe van sigbaarwording in die Skrif en konfessie verskraal. Waarom Christus spesifiek verskeidenheid (los van eenheid) in sy diens wil gebruik en die kerk daarmee wil "versier", is onduidelik. Christus versier wel sy kerk, maar met die wesenseienskappe van eenheid, heiligheid, algemeenheid en Christelikheid. Die verskeidenheid wat God in die skepping gee, is egter nie 'n wesenseienskap van die kerk soos die eenheid van die kerk 'n wesenseienskap is nie. Dit is daarom ondenkbaar dat die gevolge van sonde enigsins in kerke ingedra kan word as iets wat goed is.
- Die kwessie of enige kerk van Christus daarby kan berus dat die ideaal van die eenheid van die kerk nie verwesenlik kan word nie, en die feit dat eenheid skynbaar 'n onhaalbare ideaal is, ontneem geen kerk van Christus die roeping om eenheid ook sigbaar na te strewe nie. Die eenheid in Christus is te duur gekoop om die eenheid met alle kerke gering te skat. Om energie eerder aan ander euwels in die samelewing te spandeer, skep die indruk van roepingsvermyding.
- Die APK se begronding vir die sogenaamde gewettigde pligmatige verbreking van gemeenskap kan nie geregverdig word deur bloot die begrip *skeuring* te vervang met die begrip *afskeiding* nie. Die Skrif en konfessie moedig nie die verbreking van gemeenskap aan nie; inteendeel, die kerk moet volhardend getuienis lewer en as pilaar van die waarheid vasstaan in die geloof en die eenheid met Christus.

7. KERKORDELIKE BEPALINGS (3 EN 64)

7.1 Die *Kerkorde* van die APK het 'n eie aard en inkleding en die Dordtse Kerkorde het op die oog af in die *Kerkorde* van die APK neerslag gevind. Die *Kerkorde* van die APK wyk op enkele punte van die Dordtse Kerkorde af, byvoorbeeld by die indelingsprinsipe en die invoeging van lidmaatskapvereistes aan die begin van die *Kerkorde*.

Die *Kerkorde* van die APK (1994:49) handel in artikel 64 oor ekumeniese betrekkinge en lui soos volg:

64.1 Die kerke in kerkverband strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan.

64.2 Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word sover wenslik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. Immigrante van gereformeerde belydenis word in die plaaslike kerke met attestasie ontvang nadat die vereistes van die *Kerkorde* met betrekking tot lidmaatskap nagekom is.

64.3 Met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis sal, sover dit wenslik en prakties is, kontak gesoek word.

64.4.1 Oor die aard en/of graad van offisiële betrekkinge met ander kerke, besluit die sinode.

Artikel 64, wat die ekumeniese betrekkinge van die APK met ander kerke reël, word ingelei met 'n suiwer algemene strewe dat die APK kontak met ander Christelike kerke sal opneem en behou.

Die oordeel oor offisiële betrekkinge met ander kerke berus by die sinode. Die konkretisering van hierdie ekumeniese kontak onderskei tussen:

- kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis en
- kerke wat in belydenis die naaste aan die APK staan.

Artikel 64.3 bepaal dat die APK, sover dit wenslik en prakties is, kontak soek met ander kerke van "algemene Protestants-Christelike belydenis". Hierdie reëling is in ooreenstemming met die APK se algemene strewe om kontak met ander kerke te bewerkstellig (art. 64.1), maar dit blyk dat die strewe (nog) nie gekonkretiseer het in enige programme of riglyne vir eenheidsbelewing nie.

Ook bestaan daar nie maatstawwe waarvolgens die sinode oordeel of die soeke na kontak "wenslik en prakties" is nie. Die sinode van die APK sal waarskynlik oor die aard en/of graad van amptelike betrekkinge met hierdie kerke besluit indien, of wanneer sodanige kontak bewerkstellig is. Die feit dat die strewe van die APK om kontak met ander kerke te bewerkstellig nie realiseer nie, kan waarskynlik uit die ontstaansgeskiedenis van die APK verklaar word. Die APK het 'n lang en moeisame ontstaanstryd agter die rug waarin beswaar gemaak is teen die NGK se eenheidsoeke.

7.2 In 'n bilaterale gesprek (17 Oktober 2008) vra die APK die GKSA om begrip vir die huiwering wat by die APK bestaan ten opsigte van die strewe na eenheid, aangesien die vraag veral by lidmate bestaan in watter mate die soeke na eenheid werklik Bybels begrond is (Acta GKSA, 2009:xx). Die roeping van Christus se kerk met betrekking tot die konkretisering van eenheid in ekumeniese gemeenskap sal waarskynlik nog deur die APK deurvors moet word.

7.3 Christelike gemeenskap met kerke wat die "naaste aan die APK" staan, word deur middel van korrespondensie beoefen (art. 64.2). Korrespondensie word onderskei in wyer en enger korrespondensie:

- Wyer korrespondensie sluit die bilaterale gesprekke in wat die APK onder meer met die ander drie Afrikaanse kerke voer. Wyer korrespondensie sluit ook in dat die APK as waarnemer betrokke is by die Tussenkerklike Raad en die Konvent van Reformatoriese Kerkgemeenskappe in Suider-Afrika.
- Enger korrespondensie word gevoer met gereformeerde kerke met wie die APK eenheid so innig beleef dat saam nagmaal gevier kan word, dat predikante van die een kerk na die ander beroepbaar is en dat attestate oor en weer aanvaar kan word.

Die APK is (nog) nie lid van internasionale gereformeerde ekumeniese liggame nie en onderhou nie korrespondensie met enige buitelandse kerk nie, waarskynlik ook te wyte aan die huiwering om by die strewe na eenheid in ekumeniese gemeenskap betrokke te raak.

Die APK onderskei (teoreties) ten opsigte van graad en/of aard van ekumeniese gemeenskap tussen *korrespondensie* met gereformeerde kerke wat in hulle belydenis die naaste aan die APK is, en *kontak* met kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis. Op grond van die aard en/of graadonderskeiding van die APK kan ekumeniese betrekkinge waarskynlik skematies voorgestel word op 'n kontinuum wat strek van eng korrespondensie tot kontak met kerke wat in belydenis verder van die APK staan. In konsentriese sirkels sou dieselfde voorstelling met uitkringende betrekkinge voorgestel kon word.

Artikel 64.2 betrek die vereistes van die APK met betrekking tot lidmaatskap (*Kerkorde*, art. 3-6) by ekumeniese gemeenskap. Ten opsigte van buitelandse Christelike kerke wat in belydenis naby die APK staan (korrespondeer), reël die *Kerkorde*:

"lmmigrante van Gereformeerde belydenis word in die plaaslike kerke met attestasie ontvang nadat die vereistes van die *Kerkorde* met betrekking tot lidmaatskap nagekom is." (APK, 1994:41.)

Die vereistes met betrekking tot lidmaatskap kom op die volgende wyse in verskillende artikels van die *Kerkorde* (3-6) na vore:

- Kerk en lidmaatskap (artikel 3).
- Verkryging van lidmaatskap (artikel 4).
- Beëindiging van lidmaatskap (artikel 5).

Opmerkings:

- Waarom dit nodig geag word om te reël dat buitelandse gereformeerde kerke, wat in belydenis so naby die APK staan dat attestate oor en weer aanvaar word en met wie die APK korrespondensie onderhou, nog aan die vereistes met betrekking tot lidmaatskap moet voldoen, is nie duidelik nie. Die vraag kan gevra word of die vereistes ten opsigte van lidmaatskap werklik gerym kan word met die ware bedoeling van korrespondensie wat attestering tussen kerke insluit.
- Korrespondensie in ekumeniese gemeenskap (vgl. DKO art. 48) impliseer die volgende:
  - iets van 'n reeds bestaande ooreenkoms;
  - 'n wedersydse belofte (*spondere* = beloof).
  - 'n "kerkordelike onderneming om met mekaar saam te werk omdat kerke innerlik ooreen- en saamstem" (Spoelstra, 1989:284).
- Die een kerk van Christus (vgl. HK So. 21; NGB art. 27) wat in baie kerke op verskeie plekke vestig (vgl. NGB art. 28), veronderstel 'n bestaande eenheid of ooreenstemming in dieselfde leer, diens en tug. Hierdie een kerk, op verskeie plekke sigbaar, het behoefte om in die gees van *koinonia* onderling te korrespondeer, juis omdat die kerk die bestaande onderlinge eenheid beleef.
- Spoelstra (1989:284) voer aan dat geen voorwaardes, in besonder voorwaardes vir lidmaatskap, aan korrespondensie gestel kan word nie. Die voorwaarde vir die opname van lidmate uit buitelandse kerke (met wie die APK korrespondensie onderhou) spruit waarskynlik uit die voorgeskrewe prosedure by die opname van lidmate uit ander kerke by die APK (vgl. Bylae by *Kerkorde*, 1994:59-63). Die bylae bepaal dat indien iemand van 'n ander kerk as die APK lidmaat van die APK wil word, moet hy/sy onder meer artikels 1-3 van die *Kerkorde* met sy/haar handtekening onderskryf en bevestig. Die voorgeskrewe prosedure by die opname van lidmate beklemtoon telkens dat die onderskrywing van veral artikel 3 van die *Kerkorde* vir die APK belangrik is. Dit skyn asof die belewing van eenheid in ekumeniese gemeenskap, soos dit deur korrespondensie tussen kerke konkretiseer, in die APK ondergeskik is aan voorwaardes vir die lidmaatskap van 'n (sigbare) plaaslike kerk. Hierin staan *Kerkorde*, artikel 3 se bepaling oor veral blanke Afrikanerskap sentraal:
  - "Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat hierdie belydenis, leer en hierdie artikel ... onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry."

- Artikel 3 (pt. 3.3) van die APK se *Kerkorde* begrond die vereistes ten opsigte van lidmaatskap op die verinheemsing van die kerk. Die indruk word hiermee geskep dat die vereistes ten opsigte van lidmaatskap van die APK, in besonder die vereiste van artikel 3 van die *Kerkorde* oor eksklusiewe "blanke lidmaatskap" van die kerk, tog 'n belangrike voorwaarde vorm vir die konkretisering van eenheid in ekumeniese gemeenskap.
- Die APK beredeneer dat kerklike eenheid (SKV, 1998:31-43) alleen 'n geestelike eenheid is, en dat hierdie eenheid nie op enige wyse sigbaar hoef te word nie. Die APK gebruik deurentyd dieselfde begronding:

  - "Daar bestaan 'n geloofseenheid, deur die Heilige Gees gesmee, tussen almal wat deel uitmaak van die algemene kerk, ondanks volks-, taal-, kultuur-, tydsverskille. Hierdie eenheid kan nie vernietig word nie. Die eenheid word ook in elke plaaslike kerk in eie volksverband beleef." (SKV, 1998:48.)

- As die algemene kerk 'n geloofseenheid is wat bo volks-, taal-, kultuur- en tydsverskille uitstyg, lyk dit na 'n teenstrydigheid dat die geloofseenheid in elke plaaslike kerk beperk word tot eie volksverband. Waarom die onbeperkte eenwees ten opsigte van die algemene kerk plaaslik beperk word tot slegs eie volksverband, is nie duidelik uit die standpuntstelling nie.
- Die APK dui self aan dat die kerk se kerkregering gebaseer is op die beginsels van die Dordtse Kerkorde. Tog wyk die kerk opvallend af van die indelingsbeginsel van die Dordtse Kerkorde deur bepalings oor lidmaatskap in die artikels aan die begin van die APK se *Kerkorde* te plaas. In die lig van die klaarblyklike eksklusiewe voorwaardes vir lidmaatskap van 'n plaaslike kerk veroorsaak die opvallende plasing van artikels oor lidmaatskap aan die begin van die APK se *Kerkorde* onwillekeurig die klem op lidmaatskap self. So 'n benadering staan in teenstelling met die prioriteit wat die Dordtse Kerkorde aan dienste en samekomste verleen. Die klem op die lidmaatskapsvereistes van 'n geïnstitusionaliseerde kerk kan die indruk van 'n kerksentriese benadering in kerkregering skep. Du Plooy (1994:1; vgl. DKO art. 49; 61) wys daarop dat die prominensie wat verleen word aan die lidmaatskapreëlings aan die begin van die APK se *Kerkorde*, die indruk kan skep van 'n kerksentriese benadering ten koste van die "bedieningsentriese indeling van die Dordtse Kerkorde" (vgl. NGB art. 35). Die vraag kan gevra word of dit die bedoeling van die APK is om 'n kerksentriese benadering ten koste van 'n bedieningsentriese benadering, soos by Dordt, te volg.
- Volgens Du Plooy (1994:1) kan die vraag gestel word of die klem op lidmaatskapvereistes dalk daarop neerkom dat afgewyk word van die gereformeerde beginsel, naamlik

  - dat die leer (*doctrina*) voorrang moet geniet bo die kerkregering (*disciplina*) en
  - dat die Dordtse Kerkorde, artikels 59 en 60 bepaal dat lid wees van die liggaam van Christus deur die leer (belydenis) bepaal word en nie deur kerkregering nie (vgl. ook NGB art. 35; deur doop en belydenis).

7.4 In 'n bilaterale gesprek met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het die APK onder meer kommentaar gelewer oor "lid wees van die liggaam van Christus" (vgl. APK Kommentaar, 1994:1, 2). In die kommentaar stel die APK dat lid wees van die liggaam van Christus dui op lid wees van die algemene (universele) kerk van Christus. Die konkretisering en belewing van eenheid in die kerk en ekumene word volgens die APK nie slegs deur Skrif en konfessie gekonstitueer nie, maar ook deur die aanvaarding van die *Kerkorde*. Die APK voer aan dat lidmaatskap van 'n plaaslike kerk derhalwe nie net bepaal word deur doop en belydenis (NGB art. 35) nie, maar ook deur (kerk-) orde (NGB art. 32). Hoe die neerslag van hierdie "orde"

(NGB art. 32) " ... die verskille tussen gereformeerde kerkgroeperinge ..." (vgl. APK Kommentaar, 1994:2, 2) aandui, word nie aangetoon nie, behalwe om na die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 32 te verwys.

Opmerkings:

- Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het egter met die indeling van die Dordtse Kerkorde prinsipieel by die gereformeerde belydenis aangesluit. Omdat dit vir gereformeerdes belangrik is om ware kerk van Christus te wees, is die indelingsprinsipe van die Dordtse Kerkorde regstreeks ontleen aan die vereistes vir 'n ware kerk. Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel die *notae ecclesiae* van 'n ware kerk, naamlik suiwerheid in Woordbediening, sakramente en tug. Aan die hand van die *notae ecclesiae* het die indeling van die Dordtse kerkordelike reëlings beslag gekry:

  - dienste en samekomste: reëlings ter wille van suiwer Woordverkondiging;
  - sakramente: reëlings om die sakramente te vier soos Christus dit ingestel het;
  - die tug: reëlings om die tug suiwer te bedien (vgl. Du Plooy, 1994:1).
  - Om deel van hierdie ware kerk (liggaam van Christus) te wees; beteken primêr om deur die geloof aan Christus verbonde te wees (konfessionele verbondenheid);
  - Lid wees van Christus se kerk word dus volgens die bedoeling van die Dordtse Kerkorde (vgl. art. 59, 61) uit die staanspoor deur die *doctrina* (leer/belydenis) bepaal en nie deur die *disciplina* (kerkregering) nie.

- Die kern van hierdie saak wentel om die volgende vrae:

  - As lid wees van die kerk van Christus ter sprake kom, watter kerkregtelike vertrekpunte verleen aan bepalings oor lidmaatskap hoër prioriteit as die geloofs- en belydenisband met kerke in korrespondensie (eenheid soos in kerkverband uitgedruk)?
  - As lid wees van die kerk van Christus belangrik is, watter kerkregtelike vereistes geld, as bepalings oor lidmaatskap – strydig met die gereformeerde indelingsbeginsel – baie opvallend aan die begin van die APK se *Kerkorde* geplaas word? Spoelstra (1989:329) beweer tereg: "Die verskuiwing van die aksent van die gemeente as vergadering van gelowiges (vgl NGB 2; HK So. 21) na 'n 'institusionele kerk' waarin 'lidmaatskap' verkry word, kan nie gereformeerd-kerkregtelik verdedig word nie."

7.5 Kerkregtelike uitgangspunte, soos byvoorbeeld die kerkbegrip wat 'n kerk handhaaf, het 'n bepalende invloed op die kerk se siening en eventuele kerkordelike reëlings ten opsigte van die belewing van kerklike eenheid. Die APK erken en lê selfs heelwat klem op die selfstandigheid en kompleetheid van die plaaslike kerk as enigste openbaring van die liggaam van Christus (APK, 1998:34-37). Die selfverklaarde kerkbegrip van die APK (vgl. Van Staden, 1990:7, 12; APK, 1998:33; Marè, 1991:166) rus op die feit dat die Nuwe Testament slegs op twee wyses na kerk (*ecclesia*) verwys:

- Wanneer daar van die universele (onsigbare) kerk van Christus oor alle eeue gepraat word en
- wanneer daar sprake is van die plaaslike kerk (die sigbare gestalte van die universele kerk).

Bogenoemde siening impliseer dat daar nie na 'n aantal plaaslike kerke gesamentlik as kerk (enkelvoud) verwys kan word nie. In weerwil van die tweeledige betekenis van die begrip *ekklesia*, en selfs nadat die amptelike naam van die APK heroorweeg is (Acta APK, 1993:243, pt 10.1), besluit die APK om die enkelvoud in die amptelike naam van die kerk, naamlik die Afrikaanse

Protestantse Kerk, te behou. Die APK is daarom genoodsaak om die amptelike naam van die kerk telkens te kwalifiseer:

- In Acta APK (1993:243, pt. 10.1) word gestel dat die naam Afrikaanse Protestantse Kerk (enkelvoud) ten doel het "om die versamelnaam van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband te wees ... "
- Artikel 1 in die *Kerkorde* (vgl. Acta APK, 1987:242) stel dat die versamelnaam "die Protestantse kerke in kerkverband" nie bedoel is as 'n nuwe struktuur wat oorkoepelend funksioneer ten opsigte van die plaaslike kerke nie. Kerkverband is eerder die saamlewe van plaaslike kerke (gemeentes) kragtens die gemeenskaplike akkoord wat gegrond is op die eenheid van Skrif en belydenis. Van Staden (1990:7) verduidelik hierdie uitgangspunt so: "Die plaaslike kerke is sigbaar. Die kerkverband is onsigbaar."
- Die APK handhaaf die ware bedoeling van die begrip *ekklesia* op verskeie plekke in die *Kerkorde* en sinodebesluite deur van die Afrikaanse Protestantse Kerke (meervoud) te praat, ten spyte van die besluit oor die amptelike naam van die APK. Van Staden (1995:12) huldig die beginsel dat dit "Skriftuurlik en volgens die Gereformeerde Kerkreg, ondersteun deur die Acta en kerkordes van die ou Nederlandse Gereformeerde sinodes van die 16de en 17de eeu, nie korrek [is] om van die plaaslike kerke in kerkverband as 'kerk' te praat nie. Gereformeerd-kerkregtelik moet daarom eerder gepraat word van die 'Afrikaanse Protestantse kerke' ... die 'kerk'-enkelvoudstandpunt [is] Kollegialisties of selfs Papalisties of Episkopalisties".
- In die *Sinodebesluite* se bylae in die *Kerkorde* van die APK (1994:146) word dit, ter wille van duidelikheid oor die kerkbegrip van die APK, nodig geag om die woord "kerkbegrip" tussen hakies by te voeg in die opskrif oor die naam van die APK.

Opmerkings:

Hoewel die APK met tye suiwer oor die begrip kerk (*ekklesia*) skryf, pas die APK nie die kerkbegrip in alle gevalle suiwer toe nie. Om aan die een kant die Skrif en konfessie na te sê oor kerkbegrip, maar aan die ander kant herhaaldelik te (moet) verduidelik wat met die enkelvoud in die naamgewing van die kerk bedoel word, skep 'n verkeerde persepsie. Hierdie verduidelikings skep die indruk dat die APK dalk nie altyd regkry om los te kom van 'n genootskaplike invloed in die toepassing van 'n suiwer kerkbegrip nie. Hierdie teenstrydigheid laat Du Plooy (1994:1) die vraag stel of kerke in kerkverband enigsins "'n gereformeerde kerk" genoem kan word en of dit nie getuig van 'n kerkbegrip wat vreemd aan die Skrif en konfessie is nie. Die onverklaarbaarheid in die toepassing van die Skriftuurlike kerkbegrip behoort beoordeel te word in die lig van, en in verband met ander standpuntstellings van die APK oor die konkretisering van eenheid in die kerk.

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 3.4.1

TYDPERK: 18 MEI 2017 TOT 26 APRIL 2022

5 Verslag: Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK)

1. PERSONEEL

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES

Primarii: Oudle. JHE du Plessis, PW Möller, SCW van Schalkwyk en ML Bosch
Sekundi: Oudle. AQ Campbell en GL Maritz

1.2 LEDE BENOEM

Verteenwoordiger van die Fakulteit Teologie: Prof. dr. CA Swanepoel

Verteenwoordiger van die SKK:	Oudl. E Celliers
Verteenwoordiger van die KKS:	Ds. A Boshoff jr.

1.3 AMPSDRAERS

Voorsitter:	Ds. A Boshoff jr.
Ondervoorsitter:	Oudl. JHE du Plessis
Direkteur van Kerkadministrasie:	Ds. JL Schütte (adviserend)
Redakteur:	Ds. HSW Strauss (adviserend)
Rekenmeester:	Mnr. GJJ van Rensburg (adviserend, skriba)

1.4 EIENDOMSKOMITEE

Oudle. SCW van Schalkwyk (sameroeper), PW Möller, ML Bosch en GJJ van Rensburg (*ex officio*). Daar was die afgelope tydperk geen nodigheid vir die komitee gewees om te vergader nie. Danksy die verandering van eiendom het daar 'n groot besparing ten opsigte van instandhoudingskoste gerealiseer, vergelykend met die vorige eiendom.

1.5 RAAD VAN TRUSTEES/WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS

Die GKK het die volgende persone aangewys om die werkgewer te verteenwoordig, tesame met die trustees wat deur die werknemerslede van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds verkies is:

Oudl. SCW van Schalkwyk en mnre. AJ Jacobs en G Hartman.

Die ledeverteenwoordigers was:

Voorsitter:	Prof. IA Brink (namens die afgetrede lede)
Ondervoorsitter:	Ds. JL Schütte (namens die bydraende lede)
Sekretaris:	Mnr. GJ Jansen van Rensburg (namens die bydraende lede)

Op 1 Maart 2021 het die Inkomstebelastingwet Voorsorgfondse en Pensioenfondse gelykgestel, wat hantering van premies vir inkomstebelastingdoeleindes betref. Derhalwe is die iRetire Pensioenfonds en iRetire Voorsorgfonds saamgevoeg in die iRetire Retirementfund. Die iRetire Retirementfund is die saambreelfonds waarby die AP Kerk Pensioenfonds aangesluit het.

Die Waaksaamheidskomitee het hierdie verandering goedgekeur en die verandering is ook aan die lede gekommunikeer en geen beswaar is van enige lid ontvang nie.

AANBEVELINGS:

1.5.1 Die Sinode neem kennis van die Waaksaamheidskomitee se lede.

1.5.2 Die Sinode neem kennis van die verandering in die Fondsstruktuur wat deur die inkomstebelastingwetverandering teweeggebring is.

1.5.3 Die Sinode herinner kerkrade en leraars aan die reëls van die pensioenfonds ten opsigte van voortsetting van diens ná die normale aftreeouderdom van 65 jaar bereik is, wat bepaal dat daar jaarliks deur die werkgewer toestemming tot verlengde diens verleen moet word. Hierdie toestemming moet skriftelik met die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekommunikeer word.

1.6 VERTEENWOORDIGER OP DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die GKK het oudl. JHE du Plessis aangewys as die verteenwoordiger van die GKK op die Raad van die AP Akademie.

1.7 *AD HOC*-KOMITEES

Die GKK het gereeld volgens behoefte *ad ho*c-komitees benoem wat almal aan die GKK-verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die GKK 12 vergaderings gehou: 06/09/2017, 18/10/2017, 16/03/2018, 19/10/2018, 16/03/2019, 25/10/2019, 12/03/2020, 12/11/2020, 03/05/2021, 26/10/2021, 15/03/2022 en 26/04/2022.

3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

Direkteur van Kerkadministrasie:	Ds. JL Schütte
Sekretaresse vir die Direkteur:	Vakant
Administrateur:	Vakant
Sekretaresse vir die Administrateur:	Vakant
Rekenmeester:	Mnr. GJJ van Rensburg
Rekeningkundige beampte:	Vakant
Rekeningkundige beampte:	Mnr. DG Behrens
Rekeningkundige beampte:	Mnr. BJD Potgieter
Rekenaaroperatrise/klerk:	Vakant
Rekeningkundige klerk:	Mev. ME le Roux
Argivaris:	Vakant
Argiefassistent:	Mev. A Smit
Afdelingshoof: Publikasies:	Ds. HSW Strauss
Subredakteur	Mev. C Möller
Senior Publikasiebeampte:	Mev. M Langeveldt
Junior Publikasiebeampte:	Vakant
Hoofklerk: Boekwinkel:	Vakant
Seniorklerk: Boekwinkel:	Mnr. JA Bierman
Boekwinkelklerk/Junior setter:	Mnr. RH Grobler
Ontvangsdame/Tikster:	Mev. ME Venter

Skoonmaker by Makoustraat:	Vakant
Nutsman:	Vakant
Spysenier:	Vakant
Sekuriteit/Opsigter:	Vakant
Verteenwoordiger: Bybelgenootskap:	Ds. CR Vermaak

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Mej. JG Bresler (31/07/2018) – Afsterwe
Mev. JP van Lille (31/10/2018) – Aftrede
Mev. ME Venter (30/09/2021) – Aftrede en vaste termynkontrak tot 31/12/2022
Mnr. JJ Coetzer (31/03/2021) – Bedank
Mev. HC de Wet (31/12/2019) – Bedank

Aanstellings

Mev. M Langeveldt (01/10/2018) – Senior Publikasiebeampte
Mnr. RH Grobler (08/03/2021) – Boekwinkelklerk/Junior setter
Mev. C Möller (01/03/2022) – Subredakteur: *Die Boodskapper* en publikasies
Ds. CR Vermaak (01/07/2018) – Verteenwoordiger van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ('n deelpos tussen AP Kerk Cullinan/Rayton, AP Kerk Pretoria-Oos, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die GKK).

Gegewe die GKK se lasgewing (*Kerkorde 2018*, bl. 90, pt. 5.6.7.3) om poste te skep en te vul volgens die beskikbaarheid van fondse, het die GKK geen ander keuse gehad as om sekere vakante poste nie te vul nie. Op hierdie manier is gepoog om die jaarlikse tekort tot die minimum te beperk. Bestaande personeel se pligstate en posbeskrywings is hersien om steeds effektiewe diens aan die gemeentes in die kerkverband te lewer.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK uitgawes op die begroting moes inperk deur vakante poste nie te vul nie en dat daar tans nie vir al hierdie poste begroot word nie.
3.1.2 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK deurlopend aandag skenk aan die personeelbehoeftes.
3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die dienste wat elkeen lewer tot voordeel van die hele kerkverband.
3.1.4 Die Sinode spreek medelye uit teenoor mej. Bresler se naasbestaandes met haar afsterwe op 31 Julie 2018, ná 'n dienstydperk van 27 jaar en 7 maande in diens van die kerkverband.
3.1.5 Die Sinode besluit dat die GKK oortollige poste wat vir langer as vyf jaar vakant is, moet skrap en dat die GKK volgens sy lasgewing, soos hierbo verwys, poste moet skep soos wat dit nodig raak.
3.1.6 Die Sinode besluit dat die GKK oorweging kan skenk om van deelposte of kontraktering gebruik te maak, indien dit blyk dat dit voordeliger kan wees as om permanente personeel aan te stel.

4. LASGEWING EN SINODALE OPDRAGTE 2017

Die GKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

4.1 SINODALE OPDRAGTE 2017

4.1.1 Traktementskale van leraars

Kragtens sy lasgewing (*Kerkorde 2018*, Bylae 3, bl. 91, pt. 5.6.8.13) het die GKK jaarliks aandag gegee aan die traktementskale van leraars en aanbevelings aan die kerkrade deurgestuur. Weens die impak van die COVID-19-pandemie op baie gemeentes se inkomstes was die aanpassing met ingang 1 Maart 2021 aansienlik laer as dié van ander jare. Op hierdie manier het die GKK probeer rekening hou met die uitdagings wat gemeentes in die gesig gestaar het.

Aanpassings aan traktementskale:
Vir die jaar met ingang 1 Maart 2018 – verhoog met 9,0%
Vir die jaar met ingang 1 Maart 2019 – verhoog met 9,50%
Vir die jaar met ingang 1 Maart 2020 – verhoog met 9,0%
Vir die jaar met ingang 1 Maart 2021 – verhoog met 4,0%
Vir die jaar met ingang 1 Maart 2022 – verhoog met 6,0%

AANBEVELING:

4.1.1.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van leraars se traktementskale.

4.1.2 Salarisskale van personeel

Vir die jare onder oorsig het die GKK jaarliks herbesin oor die salarisskale van personeel, veral in die lig van die finansiële druk en die begrote tekort weens 'n afname in die 15%-bydrae. Die GKK het vir die laaste drie jaar besluit om personeel wie se totale salarispakket R500 000 per jaar oorskry, se salarisse met 'n kleiner persentasie aan te pas teenoor ander personeel. Salarisse is dus met die volgende persentasie per jaar aangepas:

Personeel:
Vanaf 1 Maart 2018 – 7,50%
Vanaf 1 Maart 2019 – <R500 000,00: 10,0%; >R500 000,00: 6,50%
Vanaf 1 Maart 2020 – <R500 000,00: 6,50%; > R500 000,00: 5,0%
Vanaf 1 Maart 2021 – 4,0%
Vanaf 1 Maart 2022 – <R500 000,00: 6,0%; > R500 000,00: 3,0%

AANBEVELING:

4.1.2.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die aanpassings ten opsigte van personeel se vergoeding.

4.1.3 Reiskostetarief

Kragtens sy lasgewing (*Kerkorde 2018*, Bylae 3, bl. 91, pt. 5.6.8.14) het die GKK gereeld besin oor reiskostetariewe. Die GKK besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade.

Die reiskostetariewe is oor die sinodale tydperk soos volg aangepas:
Vanaf 1 Januarie 2018 – R4,50 per kilometer
Vanaf 1 Januarie 2019 – R5,00 per kilometer
Vanaf 1 Januarie 2022 – R5,50 per kilometer

Die minimum bedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is dienooreenkomstig soos volg aangepas:
Vanaf 1 Januarie 2018 – R4 500,00 p.m.
Vanaf 1 Januarie 2019 – R5 000,00 p.m.
Vanaf 1 Januarie 2022 – R5 500,00 p.m.

AANBEVELING:

4.1.3.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van die reiskostetarief.

4.1.4 Trustfondstoelae

Toe die Afrikaanse Protestantse Kerk op 27 Junie 1987 gestig is, het verskeie leraars vanuit ander kerkverbande bedank en by die nuutgestigte kerk aangesluit. Hierdie leraars het te min tyd oorgehad ná aftrede ten einde 'n leefbare pensioen te kon opbou. Verswarend op die leraars het die kerkverbande waaruit hulle bedank het, nie die opgelope werkgewersgedeelte van die pensioenfonds by bedanking aan die lede uitbetaal nie, maar slegs die lid se eie bydrae met karige groei. In 1991 het die Sinode die Reglement van die AP Kerk Trustfonds goedgekeur. Hierdie Reglement het die kwalifiserende lede vasgestel en bereken hoeveel hulp aan hierdie lede verleen moes word.

Vir die jare 2017 tot 2022 het die GKK die Trustfondstoelae jaarliks met 5% verhoog.

Die geldelike hulp uitbetaal as Trustfondshulp het die volgende beloop:

	2021	2020	2019	2018	2017
Toelae uitbetaal (R)	640 584,00	614 272,00	654 224,00	665 480,00	698 978,00
Gemeentebydrae (R)	120 260,00	118 77,00	125 897,00	109 365,00	81 775,00

Die Trustfondstoelaag word uit die 15%-bydrae ontvang, uitbetaal.

Om hierdie geldelike hulp volhoubaar te kan uitbetaal, is die gemeentes se finansiële ondersteuning broodnodig en word die volgende verhoging in bydrae per gemeente voorgehou:

GETAL LIDMATE	RAND P.M.	VORIGE TARIEF
Tot 20	50,00	40,00
21 – 50	62,50	50,00
51 – 100	87,50	70,00
101 – 150	112,50	90,00
151 – 200	137,50	110,00
201 – 250	162,50	130,00
251 – 300	187,50	150,00
301 en meer	275,00	220,00

AANBEVELINGS:

4.1.4.1. Die Sinode neem goedkeurend kennis van die jaarlikse 5%-verhoging ten opsigte van toelaes vanuit die Trustfonds uitbetaal.

4.1.4.2. Die Sinode keur die styging in die bydraes deur gemeentes aan die AP Kerk Trustfonds, soos in die skale hierbo voorgestel, goed.

4.1.5 Mediese fonds

Daar word deurlopend gekyk of daar voordeliger mediese fondse beskikbaar is.

Gedurende die tydperk onder oorsig is van makelaar verander. Die makelaar wat nou die mediese aangeleenthede van die lede hanteer, is mev. Wilma Claasen van Southern Select Financial Services (Pty) Ltd. FSCA lisensie # 14814.

4.1.6 Ooreenkoms met Bybel-media (Handelinge 2017, bl. 352, pt. 5.9.8)

Hierdie saak geniet voortdurend aandag. Met 'n volgende oplaag *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* sal 'n nuwe ooreenkoms opgestel word (kyk **PK-verslag pt. 4.10**, bl. 219).

4.1.7 Rekeningkundige diensverlening aan gemeentes vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor (Handelinge 2017, bl. 363, pt. 3.1.25)

Aangesien al hoe meer gemeentes probleme ervaar rondom FICA-wetgewing en die bedryf van 'n eie bankrekening, het Sinode 2017 as moontlike oplossing aangebied dat die afdeling: Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor, die geldelike transaksies van kerkrade in hul bankrekenings, op instruksie van die kerkrade, uitvoer en dan die rekeningkundige boekhouding aanteken met verslag aan die kerkraad. Dit impliseer dat 'n kerkraad dieselfde bankinstelling as die GKK sou moes gebruik, omrede die bedryf van bankrekeninge streng volgens banke se FICA-wetgewing plaasvind, waaraan reeds voldoen word wat betref die GKK se bankinstelling.

Gedurende die tydperk onder oorsig het daar geleenthede ontstaan waarin die afdeling: Finansies uitgereik het na kerkrade met die vooruitsig om die rekeningkundige boekhouding namens die kerkraad uit te voer. Omrede die betrokke kerkrade nie van bankinstellings wou verander nie, kon dit nog nie realiseer nie.

Die GKK reken dat wanneer kerkrade sou besluit om hul rekenkundige boekhouding en verslagdoening deur die afdeling: Finansies van die Gemeenskaplike Kerkkantoor te laat doen, dit dan ook nie nodig sal wees om verder van sulke gemeentes te vereis om die F10-verslag en finansiële state deur 'n geregistreerde professionele persoon/firma te laat doen, soos tans volgens sinodebesluite verwag word, nie. Die ouditfunksie word dan deur die afdeling: Finansies oorgeneem. Vir talle gemeentes is ouditfooie tans 'n baie groot uitgawe as gevolg van die sinodale verpligting. Deur die rekenkundige boekhouding en verslagdoening deur die afdeling: Finansies te laat doen, kan veral vir die kleiner gemeentes aansienlike besparing meebring.

AANBEVELINGS:

4.1.7.1 Die Sinode besluit om die aanbod om rekeningkundige dienste vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor aan kerkrade te bied, voort te sit.

4.1.7.2 Die Sinode moedig kleiner gemeentes aan om van die diens gebruik te maak.

*4.1.8 Verligting van finansiële administratiewe laste (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.5.6)*

Uit die geldelike hulpaansoeke wat deur die SKK van groter gemeentes ontvang word, blyk dit duidelik dat 'n rede vir hierdie aansoeke dikwels 'n gebrek aan 'n behoorlike, formele rekeningkundige stelsel om die kerkraad se boekhouding mee aan te teken, is.

- Dit veroorsaak dat kerkrade nie tendense kan waarneem en betyds voorsorg kan tref om te beplan nie.
- 'n Gebrekkige formele rekeningkundige stelsel veroorsaak ook dat die kontantvloei nie bestuur kan word nie en dat dit onnodige ander spanning veroorsaak wat negatiewe konflikte skep.
- 'n Gebrekkige rekeningkundige stelsels beskerm ook nie persone betrokke met die gemeente se finansies nie en kan aan die ander kant misbruik word, juis deur amptenare in diens van die kerkraad wat oneerlik wil handel.

Is dit billik om van die kerkverband te verwag om geldelike hulp aan 'n gemeente te verleen indien finansiële nood ontstaan as gevolg van gebrekkige finansiële rekordhouding, of interne konflikte weens persoonlikheidsbotsings, of moedswillige verkeerde beïnvloeding deur die leraar?

AANBEVELINGS:

4.1.8.1 Die Sinode beveel aan dat kerkrade dit moet oorweeg om gebruik te maak van *Fin/Winkerk* in die wolk of *Sage Cloud Accounting*.

4.1.8.2 Die Sinode maan kerkrade om behoorlik aandag te gee aan die finansiële bestuur (rentmeesterskap) van dankofferbydraes.

4.1.8.3 Die Sinode herinner kerkrade aan die publikasies beskikbaar by Die Boekwinkel wat spesifiek handel oor die gemeentes se finansies, te wete *Finansiële Bestuur deur Kerkrade* en *Handleiding vir Kerklike Administrasie*.

*4.1.9 Uitbreiding van die Multi Media-afdeling (*Handelinge 2017*, bl. 349, pt. 4.9.1. Kyk* **PK-verslag pt. 4.1***, bl. 217 en pt. 6.1, bl. 231)*

*4.1.10 Selfonderhoudendheid: Publikasie-afdeling (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.3.4. Kyk PK-verslag* **pt. 4.1***, bl. 217;* **pt. 6.1***, bl. 231 en* **pt. 6.2** *bl. 233)*

Nuwe poste word tans geskep om hierdie opdrag te laat verwesenlik.

*4.1.11 Uitbreiding van die Argief (*Handelinge 2017*, bl. 361, pt. 5.1.2.1)*

Weens die groot hoeveelheid argivalia wat veilig bewaar moet word, moet die GKK die argief uitbrei. Die onderdakparkering voor die argief is vir die uitbreiding van die argief geïdentifiseer. 'n Kosteberaming om hierdie dakgedeelte te seël sodat dit waterdig kan wees, beloop R288 190,00. 'n Kwotasie is nog nie bekom vir die fisiese gedeelte van die argiefuitbreiding nie, vanweë die finansiële tekorte. Derhalwe kon die opdrag deur die sinode nog nie uitgevoer word nie.

AANBEVELING:

4.1.11.1 Die Sinode neem kennis dat die uitbreidings by die argief aandag sal geniet sodra daar ruimte binne die begroting vanuit die lopende rekening is.

*4.1.12 Mediese hulp aan emeriti (*Handelinge 2017*, bl. 367, pt. 7.4.4-6)*

Die direkteur en rekenmeester het byeenkoste vir die betrokke emeriti in Pretoria, Potchefstroom, Bloemfontein, Kaapstad en Mosselbaai gehou en die implikasie van die sinodebesluit aan hul verduidelik en geïmplementeer.

Die implikasie van die vorige sinode se besluit om mediese fondsbydraes te beperk op die GKK se begroting, blyk duidelik in die daling in die hulp soos aangedui in punt 4.18 vanaf 2018, vergeleke met die vorige jare. Dit is egter nie 'n gemoedelike proses om op 'n laat stadium in 'n persoon se lewe vir hom/haar te laat verneem dat voordele ingeperk moet word nie. Maar dank aan die emeriti wat die bekendmaking met trots en begrip ontvang en aanvaar het. Derhalwe 'n oproep tot elkeen in die kerkverband en spesifiek leraars onderweg na hul aftrede: Help bou as 'n kerkverband aan 'n fonds en moet nie dwarstrek as kontantvloei moeilik raak nie. Die kollektiewe eise raak groot as die omvang afneem. Hoe minder lidmate daar in die kerkverband is, hoe groter word die druk om die goedbedoelde besluite van vorige sinodes uit te voer.

*4.1.13 Maatskaplike ondersoek (*Handelinge 2017*, bl. 367, pt. 7.4.10)*

Die GKK het met Solidariteit Helpende Hand 'n ooreenkoms aangegaan om met hul maatskaplike afdeling 'n ondersoek na die emeriti se situasie te doen. Die verslag sal DV tydens die Sinode voorgelê word.

Indien die mediese hulp aan afgetredenes en die trustfondshulp (kyk 4.1.4) in oënskou geneem word, dan blyk dit dat die pensioen wat oor 'n beroepsleeftyd ingesamel word, ontoereikend is om in 'n rustige aftrede te voorsien.

Daar is twee hoofredes en dit is omdat pensioen voorsien word net op die basiese vergoeding, byvoordele uitgesluit, en omdat een derde pensioen by aftrede geneem moet word om behuising te voorsien of skuld wat opgeloop het, af te los. Die onttrekking verlaag dan die maandelikse pensioen waarvan geleef moet word.

Die gevolg is dat in reaksie, hulpverlening deur die kerkverband bewerkstellig moet word soos hierbo uitgewys.

'n Moontlike oplossing kan die daarstelling van 'n behuisingsbydraefonds wees. Die riglyn is om aan 'n leraar 'n bedrag beskikbaar te stel by aftrede in die kerkverband, gebaseer op jare diens. Hierdie bydrae kan saam met die pensioenbydrae geïmplementeer word, siende dat daar nog 7,50% tot die belastingvoordeel beskikbaar is, of dit kan uit die resewerwefonds se beleggingsverdienste gefinansier word.

AANBEVELING:

4.1.13.1 Die Sinode gee opdrag dat die GKK 'n behuisingsbydraefonds, as voordeel vir die leraar by aftrede, moet ondersoek met verslag aan die volgende sinode.

*4.1.14 Huweliksverrykingskursus (*Handelinge 2017*, bl. 387, pt. 7.4)*

Die Kuratorium het geen verdere huweliksverrykingskursusse vir leraars aangebied nie en derhalwe was dit nie vir die GKK nodig om na maniere te soek om dit te finansier nie.

*4.1.15 Verhaling van subsidie deur middel van leningsooreenkomste (*Handelinge 2017*, bl. 389, pt. 15.6)*

Sinode 2017 het besluit dat studente kontraktueel verplig kan word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die totale subsidie, asook lenings wat hulle ontvang het, sou hulle binne 'n bepaalde tyd die bediening verlaat en die GKK is versoek om sodanige kontrakte op te stel.

Dit was egter nie vir die GKK moontlik gewees om sodanige kontrakte op te stel nie. Tans word daar slegs kontrakte gesluit met diegene wat studielenings het. Studente wat voordeel trek uit

die subsidie deur die kerkverband kan in hoofsaaklik drie groepe verdeel word: studente met studielenings, studente sonder studielenings en studente wat nie leraars in die AP kerkverband wil word nie. Al hierdie studente betaal dieselfde klasgeld en almal ontvang dus die voordeel van die subsidie. Die voordeel van studente wat nie leraars in die AP kerkverband wil word nie, is dat hulle klasgeld die AP Akademie help om die administratiewe kostes verbonde aan die teologiese opleiding help dek, waar die subsidie vanuit die kerkverband net voorsiening maak vir die teologiese dosente se vergoeding.

Aangesien die AP Akademie 'n selfstandige instelling is, kan die kerkverband dus nie enige kontrakte sluit met studente wat nie leraars in die kerkverband wil word nie. Die bedoeling van die vorige sinodebesluit het ook nie sulke studente in die oog gehad nie. Hierdie inligting is belangrik by die berekening van elke student se aandeel/verantwoordelikheid tot die subsidie.

Bestaande leningsooreenkomste sou uitgebrei kon word om ook voorsiening te maak vir 'n aanspreeklikheid ten opsigte van die subsidie. Die berekening van hierdie aanspreeklikheid word egter problematies soos hier onder beredeneer sal word.

Wat die studente sonder leningsooreenkomste betref, sal daar vir hierdie groep nuwe kontrakte vir aanspreeklikheid ten opsigte van die subsidie gesluit moet word. Ook in hierdie kontrakte sal die berekening van die aanspreeklikheid egter problematies wees.

Wat is die probleem met die berekening van die aanspreeklikheid? Dit blyk eenvoudig te wees om die jaarlikse subsidie te deel deur die jaarlikse aantal studente wat in die AP kerkverband leraars wil word, om sodoende elkeen se aanspreeklikheid te bereken. Hoe nou gemaak met die studente vanuit ander kerkverbande wat byvoorbeeld in hul vierde studiejaar besluit om na die AP Kerk oor te kom?

'n Mens sou kon reken dat jy die kontrakte sluit met diegene wat gelegitimeer word. Dit sou dus beteken dat as daar net een student vir die jaar sou legitimeer, soos in 2021 die geval was, dan sou hy aanspreeklikheid moes aanvaar vir die volle subsidie.

Sou 'n mens hulle nie verantwoordelik hou vir die eerste jare se subsidie nie, moedig jy ander studente aan om ook eers ná vier jaar se studies 'n lidmaat binne die kerkverband te word.

Die berekening word ook beïnvloed deur studente wat meer jare studeer as ander. Daar is talle studente wat meer as agt jaar neem om af te studeer. Moet hulle aanspreeklikheid vir die subsidie nou groter gemaak word?

Sou 'n mens besluit om die kontrakte vanaf die eerste studiejaar met 'n student te sluit, dan is 'n verdere probleem dat die verpligting ook nie vooraf bepaalbaar is nie. Sou ses studente in hul eerste jaar registreer en so kontrak teken en vier val gedurende die studietydperk uit, word die verpligting jaarliks nie net met inflasie en styging in subsidie groter nie, maar ook weens die afname in studentegetalle.

Nog altyd was dit die bedoeling dat daar 'n eie teologiese opleiding moet wees ongeag die aantal studente. As daar net een student is, gaan ons nie dosente minder maak nie. Maar as daar net een student is en hy word alleen verantwoordelik gehou vir die R5 miljoen per jaar subsidie, gaan studente nie aangemoedig word om te studeer nie, maar eerder afgeskrik word. Op hierdie manier gaan studente eerder by ander instellings studeer, selfs in ander kerke gelegitimeer word en dan aansoek doen om as leraars na die AP Kerk oor te kom, indien hulle dit dan nog enigsins sal oorweeg.

Die Sinode sal ook moet duidelikheid gee oor hoe die student se aandeel tot die subsidie bereken moet word, ten einde die bedrag van hom te verhaal.

Die Sinode moet ook leiding gee oor hoe lank 'n "bepaalde" tyd is.

Die beswaar wat ook voor hierdie Sinode dien rondom die verpligte lidmaatskap van die pensioen- en mediese fondse se argumente, gaan ook oor hierdie besluit aangevoer kan word.

AANBEVELING:

4.1.15.1 Die Sinode besluit dat dit onprakties is om kontrakte op te stel waarvolgens 'n leraar wat binne 'n bepaalde tyd die bediening sou verlaat, aanspreeklik gehou word vir die subsidie vanuit die kerkverband aan die AP Akademie.

4.1.16 Jaarlikse besinning oor mediese hulp aan afgetredenes (Handelinge 2017, bl. 402, pt. 3.5)

Die meegaande skedule toon die uitgawe deur die GKK uit die 15% betaalbaar vir mediese hulp aan emeriti:

2013	2014	2015	2016	2017
R1 564 693,00	R1 661 120,00	R1 987 220,00	R2 443 725,00	R2 516 703,00
55 lede	59 lede	59 lede	60 lede	65 lede

2018	2019	2020	2021
R1 310 390,00	R1 648 362,00	R1 649 533,00	R1 959 640,00
66 lede	59 lede	58 lede	59 lede

Jaarliks besin die GKK tydens die begrotingsproses oor die haalbaarheid van die mediese hulp aan afgetredenes.

4.1.17 Gemeentes wat nie verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie

Volgens vorige sinodebesluite sal die rekenmeester tydens konstituering 'n lys van name verskaf van gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie (kyk Bylae GKK1, bl. 106).

AANBEVELING:

4.1.17.1 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 29/08/2022 tot 02/09/2022 sal hê nie.

4.2 LASGEWING

TERUG NA DAGPROGRAM

4.2.1 AP Kerk Nelspruit: Afskryf van agterstallige 15%-bydrae.

Die AP Kerk Nelspruit het die GKK genader om die agterstallige bedrag van R397 087, 00 wat ontstaan het oor die tydperk 1995 tot 31/12/2013, af te skryf, waarop die GKK besluit het om die versoek na die Sinode te verwys. Die kerkraad is gevra om aan die Sinode te motiveer, sodat die Sinode kan besluit om die agterstallige 15%-bydrae af te skryf, al dan nie.

AANBEVELING:

4.2.1.1 Die Sinode bied die AP Kerk Nelspruit die geleentheid om hul versoek om afskrywing van die agterstallige 15%-bydrae, te motiveer.

4.2.2 PJL Olivier-hofsaak.

PJL Olivier was leraar by die AP Kerk Groblersdal toe hy in 2014 na 'n tugondersoek deur twee ringe skuldig bevind en uit die amp afgesit is. Hy het hom eers onsuksesvol na die Arbeidshof gewend en daarna na die Gelykheidshof, met die bewering dat die AP Kerk sistemies teen homoseksuele persone diskrimineer.

In die tydperk onder oorsig is daar R18 848,36 aan regskoste spandeer. Die GKK ondersteun die AP Kerk Groblersdal om 50% van die regskoste te betaal, siende dat die hofsaak gemeensaak behels.

Die hofsaak is nog hangende. Adv. Wayne Gibbs en mnr. Willie Spies tree as regsverteenwoordigers vir die GKK en die AP Kerk Groblersdal op.

AANBEVELING:

4.2.2.1 Die Sinode neem kennis van die hangende hofsaak.

4.2.3 Inbrake en versekeringseise

Gedurende die langnaweek van 29/03 – 03/04/2018 is daar by die Gemeenskaplike Kerkkantoor te Makoustraat, Monumentpark ingebreek.

Toegang is bekom nadat die kragtoevoer vanuit die munisipale aansluiting verbreek is. Dit het aanleiding gegee dat die alarmstelsel, weens 'n afgeloopte rugsteunbattery, na 'n paar ure oneffektief geraak het en nie seine uitgestuur het om alarm te maak nie.

Toegang tot die perseel is bekom deur twee vertikale palisadelatte te verwyder en die elektriese draad te manipuleer. Toegang tot die gebou is bekom deur die buitedeur by die rekenmeester se kantoor oop te forseer en die traliedeur se tralies te knip.

'n R118 272,00 eis is uitbetaal vir hoofsaaklik rekenaartoerusting wat buitgemaak is en herstelwerk weens skade.

Ná die inbraak is wyslik besluit om al die rekenaars met skootrekenaars te vervang, sodat dit na-ure van die perseel verwyder kan word. Aangesien die bediener ("server") nie deur die diefstal geraak is nie, is dit toe ongelukkig nie met 'n alternatief vervang nie.

Gedurende die tydperk 14/12/2018 – 07/01/2019 het daar 'n tweede inbraak by die Gemeenskaplike Kerkkantoor te Makoustraat, Monumentpark plaasgevind.

Hierdie keer was die skade groot. Die elektriese heining is geknip. Toegang tot die gebou is bekom deur een van die argiefvensters oop te buig. Die diefwering kon nie afgebreek of verwyder word nie. Die argief- en veiligheidsdeur is toe oopgebreek om toegang te verkry.

Binne- en kluisdeure is oopgebreek en met hoekslypers oopgesny. Die brand- en alarmkontrolekonsoles is uit die mure geruk. Al die rekenaarskerms en selfs ou rekenaars is

gesteel. Die kluis waarin die tjekboeke en voorskotte toegesluit was, is uit die muur geruk en buitgemaak. Die boosdoeners het toe probeer om tjeks te wissel.

Vier honderd ses-en-vyftig tjeks, met 'n totale wisselwaarde van R36 921 875,23, is oor 'n tydperk van agt maande by ander bankinstellings aangebied. Alhoewel alle tjekreekse gestop is, deel banke nie hierdie soort inligting onderling nie en kon die omkerings eers geskied nadat 'n tjek aangebied is en deur die proses begin beweeg het. Dit was nogal 'n uitdaging om die kontantvloei te bestuur, sodat uitgawes betyds betaal kon word. Met inligting tot die boosdoeners se beskikking, kon hulle sien wanneer fondse teruggedraai is, om weer tjeks te kon wissel. Genadiglik is geen geldelike verliese gelei nie.

'n Eis ten bedrae van R378 634,00 is uitbetaal vir verlies aan hoofsaaklik elektroniese toerusting en skade met die inbraak. Die toerusting was "ou" toerusting, wat nie ná die April-inbraak vervang is nie.

Met die laaste inbraak is die bediener ("server") gesteel. Dit het ongelukkig veroorsaak dat die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir 'n tydperk nie behoorlik kon funksioneer nie, aangesien die rekenaarstelsels en kommunikasie van die bediener afhanklik is. Geen data is verloor nie en die funksionering in die kantoor kon weer, ná die heropstelling van die rekenaarnetwerk, voortgaan.

Volgens die sekuriteitsfirma se verslae was hulle personeel verdag en aangesien geen ondersteuning van hulle kant af ontvang is nie, is dié dienste gevolglik beëindig. Die SAPD, asook die banke en versekeraar se bedrogafdeling, kon niemand arresteer nie en hul pogings om die boosdoeners vas te trek, was vrugteloos.

In terme van tydsverlies het hierdie twee inbraakverwante terugslae die Gemeenskaplike Kerkkantoor genoodsaak om meer elektronies en wolkgerig te funksioneer. Die verdere voordeel wat benut kon word, is dat die rekenaarstelsel so aangepas is dat die personeel steeds dienste kan lewer, ongeag waar hulle hulself bevind.

In stilte het die Here die Gemeenskaplike Kerkkantoor voorberei op die volgende uitdaging, naamlik die COVID-19-pandemie. Toe die pandemie uitbreek, kon die personeel nog voor die aankondinging van die staat van inperking, proeflopies onderneem om die volle aktiwiteit van die Gemeenskaplike Kerkkantoor en selfs nog meer, vanaf hul huise te lewer.

Dit was minder aangename tye, maar terugskouend, kan 'n mens net die eer aan die Here bring, gedagtig daaraan hoe Hy omstandighede gebruik vir oplossings met die oog op toekomstige krisisse. Jesaja 40:31 is so toepaslik:

> ***... maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.***

Die kantoor en wêreld het nou so groot soos 'n rekenaarskerm geword. Vergaderings kan nou, waar moontlik, elektronies plaasvind. Eredienste is en word steeds elektronies uitgesaai. Datavaslegging het die papierspoor vervang. Daar kan heel moontlik in die toekoms selfs besin word oor die nodigheid van 'n fisiese kantoorgebou vir die kerkverband se werksaamhede. Tog is dit ook so dat 'n rekenaarskerm nie die warmte en persoonlikheid van die gemeenskap van die heiliges kan vervang nie.

Daar is verneem van kerkrade wat aanvanklik gedink het dat inkomstestrome opdroog, maar nuwe wyses van insameling is gevestig deur byvoorbeeld Snapscan en dit blyk dat lidmate op talle plekke meer as hul verantwoordelikheid opgeneem en nagekom het. Waardering vir die waarde van reserwefondse is gebring vir diegene wat nie verstaan het waarvoor reserwefondse bestaan nie. Die COVID-19-pandemie was en is steeds 'n rigtinggewende lewensles aan elkeen, wat nie maklik en gou vergeet moet word nie, veral sover dit finansiële beplanning en kontrole betref.

4.2.4 'n Vyfjaar finansiële oorsig

Lidmaatstatistiek

	2017	2018	2019	2020	2021
Totale aantal lidmate	**31 532**	**30 287**	**29 626**	**28 898**	**27 923**
Belydende lidmate	25 440	24 415	23 882	23 368	22 548
Dooplidmate	6 092	5 872	5 744	5 530	5 375
15% per belydende lidmaat per jaar	564,75	608,32	618,11	601,64	655,20
Dankoffer per belydende lidmaat per jaar	3 765,00	4 055,47	4 120,75	4 010,95	4 368,01
Dankoffer per belydende lidmaat per maand	313,75	337,96	343,4	334,25	364,00

- Belydende- en dooplidmaattal neem onderskeidelik met 11% en 12% af sedert die vorige sinodale verslag.
- Dankoffer- en 15%-bydrae per belydende lidmaat styg met onderskeidelik 16% en 19%.

Sinodale Fondse

SINODALE FONDSE	2017	2018	2019	2020	2021
Opgehoopte fonds	21 200 740	21 376 400	21 823 946	20 837 959	18 187 247
WLTSF	13 679 721	13 351 791	14 468 235	15 186 642	16 945 584
AP Kerk Teologiese beursfonds	2 883 096	2 195 591	2 654 570	3 324 943	5 439 575
Reserwefonds	9 894 111	9 477 061	10 077 330	11 019 637	13 301 800
Alimentasiefonds	217 725	196 849	138 317	321 184	432 502
Motorvervangingsfonds	237 568	227 554	246 974	246 975	298 123
Gebeurlikheidsfonds	698 339	669 208	728 880	797 391	962 853
AP Kerk Trustfonds	812 871	723 675	495 232	394 959	614 341
Bybelverspreidingfonds	1 428 922	1 348 193	1 361 821	1 370 240	1 519 104
Bedieningsfonds	9 966 228	10 092 500	11 125 462	12 293 201	15 415 467
Sinodefonds	649 389	642 442	692 710	757 484	914 359
Ander fondse	1 116 218	1 099 779	825 374	850 148	385 977
BG Els-erflating	1 690 881	1 619 608	1 757 831	1 922 201	2 320 288
Emeritushulpfonds	2 393 009	2 225 399	2 345 728	2 580 911	3 151 912
Studiefonds – Leraars	898 112	860 255	933 669	933 669	1 127 032
Totaal van fondse	**67 766 930**	**66 106 305**	**69 676 079**	**72 837 544**	**81 016 164**
Persentasie verandering	**7%**	**-2%**	**5%**	**5%**	**11%**

Buiten vir die opgehoopte fonds wat die bedryfstekort gefinansier het, styg al die ander sinodale fondse se nettowaarde as gevolg van beleggingsgroei en bydraes ontvang vanaf skenkers.

Die leser moet daarop let dat aanwending uit 'n sinodale fonds slegs kan plaasvind soos bepaal word deur die reglement van sodanige sinodale fonds.

Die aantekeninge in die onderskeie jare se finansiële state toon die beleggingsverdienste, ontvangste deur skenkings en uitbetalings van die onderskeie sinodale fondse.

Aanwending van Sinodale fondse

	2017	2018	2019	2020	2021
Vaste bates					
Geboue – GKK	8 872 009	8 840 323	8 808 641	8 776 955	8 745 273
Netto: Meubels en toerusting	221 086	197 535	220 871	134 324	56 176
Netto: Voertuie	–	–	–	–	–
	9 093 095	9 037 858	9 029 512	8 911 279	8 801 449
Netto: bedryfsbates en belegging	53 255 563	53 175 171	56 680 287	59 911 805	68 336 724
Studielenings – leraars	79 086	44 842	41 577	41 577	38 577
Studielenings – studente	1 087 309	728 581	978 721	1 096 542	779 682
Ander lenings	4 251 877	3 119 853	2 945 983	2 876 341	3 059 730
Totale aanwending van Sinodale fondse	**67 766 930**	**66 106 305**	**69 676 080**	**72 837 544**	**81 016 162**

Op 31 Desember 2021 was 11% van die sinodale fondse aangewend in vaste eiendom, 84% in beleggings en 5% in lenings.

Beleggings van nader beskou:
Beleggingswaarde op 31/12/2016 beloop R49 845 668,00
Beleggingswaarde op 31/12/2021 beloop R68 495 876,00

Dit is 'n groeikoers van R18 650 208,00 of 37,42% oor vyf jaar of 7,48% gemiddeld oor vyf jaar.

Die afgelope vyf jaar het groot wisselvalligheid in beleggingsverdienste getoon soos hier aangedui:

2021	2020	2019	2018	2017
10 709 484	4 394 934	3 727 338	-1 931 092	5 074 906

Op 31 Desember 2021 was 60% van die beleggings direk in die buiteland (VSA, Engeland en Europa); 6% was in 'n geldmarkspaarrekening en 34% was in internasionaal-blootgestelde effektetrustbeleggings.

5. FINANSIËLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir die jare 2017 tot 2021 en die APA Ontwikkelingstrust vir 2017, word as Bylaes GKK2.1-2.6 aangeheg.

5.1 GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

AANBEVELINGS:

5.1.1 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir 2017-2021 – Kyk: Bylae GKK2.1: 2017; Bylae GKK2.2: 2018; Bylae GKK2.3: 2019; Bylae GKK2.4: 2020; Bylae GKK2.5: 2021

5.1.2 Die Sinode neem kennis van die finansiële state van die APA Ontwikkelingstrust vir die jaar geëndig 31 Desember 2017. Bylae GKK2.6

5.1.3 Die Sinode neem kennis dat die Raad van die AP Akademie die APA Ontwikkelingstrust beëindig het en toestemming gegee het dat Lig in Duisternis Uitgewers aansoek by die Meesterskantoor doen om die Trustakte, die naam van die Trust en die Trustees te wysig ten einde Lig in Duisternis Uitgewers in hierdie statutêre formaat te bedryf. Die Trustees sal die volgende poste wees: die Redakteur, die Direkteur en die Rekenmeester.

Motivering:

Sedert die vestiging van Lig in Duisternis Uitgewers, was dit die AP Kerk se ideaal om die uitgewery as 'n selfstandige entiteit te bedryf (kyk *Handelinge 1997*, bl. 310, pt. 10.2). Die aanvanklike motivering vir die oorweging om Lig in Duisternis Uitgewers 'n selfstandige regspersoon te maak, was om die AP Kerk te verskans teen moontlike eise wat moontlik teen Lig in Duisternis publikasies ingestel kan word. Nadat kundige advies ingewin is, het Sinode 1997 besluit dat die AP Kerk voldoende teen moontlike eise verskans is en is daar afgestap van die gedagte om Lig in Duisternis Uitgewers as 'n regspersoon te registreer.

Met die verkoop van Brookshuis, was dit egter nodig om Lig in Duisternis Uitgewers apart ten opsigte van BTW te registreer, om te verhoed dat daar BTW betaalbaar was op die verkoopprys van die eiendomstransaksie. Vir Lig in Duisternis Uitgewers was dit 'n groot tree vorentoe met betrekking tot groter selfstandigheid.

In die afgelope paar jaar was Lig in Duisternis Uitgewers sterk daarop ingestel om 'n selfstandige identiteit te vestig. Verskeie internasionale vertaalkontrakte is aangegaan, maar weens die feit dat Lig in Duisternis Uitgewers nie selfstandig is nie, maar as integrale deel van die AP Kerk beskou word, is twee groot kontrakte gekanselleer weens die AP Kerk se standpunt oor artikel 3 van die *Kerkorde* (kyk PK-verslag pt. 5.5). Verder is dit ook moeilik om met buitelandse uitgewers vir sodanige kontrakte te onderhandel, aangesien dit verwarrend is wanneer Lig in Duisternis Uitgewers fakture uitstuur waarop die naam van die bankrekening en die naam van die uitgewery nie met mekaar ooreenstem nie. Aangesien alle buitelandse betalings deur die Reserwebank van Suid-Afrika gemonitor en bekragtig word, word vereis dat die naam van die instansie vir wie die faktuur uitgemaak word, moet ooreenstem met die naam van die instansie wat die betaling vir die faktuur maak.

Deur die trustrekening van die APA Ontwikkelingstrustfonds oor te neem en sy naam te verander, verwesenlik Lig in Duisternis Uitgewers die kerk se ideaal om die uitgewery selfstandig te maak, aangesien Lig in Duisternis Uitgewers dan 'n regspersoon sal wees. Die band met die AP Kerk word egter nie opgehef nie, aangesien Lig in Duisternis Uitgewers steeds onder toesig van die PK staan en in sy optrede, deur PK-besluite gerig word. Verder is die trustees almal dienende amptenare in die Gemeenskaplike Kerkkantoor, soos deur die AP Kerk se sinode aangewys.

Vir verdere motivering, kyk PK-verslag punt 6.1.

5.2 FINANSIËLE VERSLAG 2017 TOT 2021

Vir die afgelope vyf jaar beweeg die 15%-inkomste in die R14 miljoen band. Die totale uitgawe het vir 2017 tot 2020 in die R15 miljoen band beweeg en in 2021 na R17,7 miljoen beweeg.

Die afwyking in 2021 is onder meer as gevolg van hulpverlening aan gemeentes te wyte aan die pandemie-omstandighede deurdat die aanvraag vir die SKK se bedieningsfondsbegroting met R500 000,00 verhoog is in die verwagting van 'n verhoogde aanvraag na gemeentelike hulp. Verdere faktore wat aanleiding gegee het tot die afwyking in 2021 is omrede R395 000,00 meer begroot is vir die Trustfondshulpfonds; hulp vir mediese premies van emeriti het met R300 000,00 gestyg en die restante pensioeneis teen CMM van R612 000,00 is afgeskryf. *Vir nadere inligting oor die pensioeneis, kyk Bylae GKK2.5: bl. 10 aantekening 6 in die finansiële jaarstaat van die GKK.*

Die tekort van die afgelope vyf jaar van R3 632 046,00 is deur die opgehoopte fonds van die GKK gefinansier. Op 31/12/2016 het die opgehoopte fonds R21 837 778,00 beloop teenoor R18 187 247,00 op 31/12/2021.

As die totale uitgawe ontleed word, kan twee tipes uitgawegroeperinge afgelei word, naamlik GKK-uitgawes en sinodale uitgawes.

	2021	2020	2019	2018	2017
Totale uitgawes	**17 747 200**	**15 270 196**	**14 972 669**	**15 063 575**	**15 476 507**
Sinodale uitgawes	**9 876 020**	**8 424 780**	**8 457 645**	**8 420 976**	**9 487 156**
Trustfondshulp	645 000	250 000	250 000	500 000	500 000
Bedieningsfonds	2 039 190	1 524 534	1 281 227	1 116 179	1 371 998
APA Derde x 15%	4 925 644	4 686 405	4 920 590	5 191 891	4 789 074
Groepversekering	153 523	157 900	149 542	134 785	130 888
Sinodalekommissies vergaderingreiskoste	153 023	156 408	207 924	167 731	178 493
Mediese hulp	1 959 640	1 649 533	1 648 362	1 310 390	2 516 703
GKK-uitgawes	**7 871 180**	**6 845 416**	**6 515 024**	**6 642 599**	**5 989 351**
Salarisse	6 757 807	6 187 933	6 283 245	6 021 138	5 702 246
Ander[1]	1 113 373	657 483	231 779	621 461	287 105

[1] *Vir 'n fynere ontleding, kyk Bylae GKK2.9.*

Die GKK het finansiële bestuur toegepas op die GKK-uitgawes deur hoofsaaklik personeel in te kort, maar om sinodale uitgawes te bestuur, verg sinodebesluite.

Sinodes vergader minder gereeld en in die lig van die beskikbare 15%-inkomste wat in 'n nou band beweeg, soos hierbo aangedui, vra dit van elke kerkraad om die akkoord na te kom. Die GKK het nie die beweegruimte wat inkomstegenerering betref, soos in die geval van gemeentes nie. U word weer na 4.9 en 4.10 hierbo verwys om die essensie te beklemtoon.

Verdienste uit die belegging van sinodale fondse kan slegs aangewend word volgens die reglementêre bepalings soos deur die Sinode vasgestel.

Elke lidmaat en elke gemeente en elke getuienis is belangrik in elke optrede.

5.2.1 Lyngrafiek waarin totale uitgawes en totale 15% ontvang aangedui word – kyk **Bylae GKK2.7**, *bl. 193 en* **GKK2.8**, *bl. 194.*

5.2.2 Begrotingsprestasie vir 2017 tot 2021 – kyk **Bylae GKK2.9**, *bl. 195.*

5.2.3 Kommissiewerk vir 2017 tot 2021 – kyk **Bylae GKK2.10**, *bl. 196.*

6. BESKRYWINGSPUNTE:

6.1 RING VAN KIMBERLEY – HERVESTIGING EN DIE VERSKUIWING VAN DIE GKK SE KANTORE EN WERKSAAMHEDE NA ORANIA

Voorstel:

Die Sinode besluit dat die hervestiging van die kantoor en die werksaamhede van die Gemeenskaplike Kerkkantoor na Orania in beginsel goedgekeur word.

Die Sinode gee opdrag aan die nuwe GKK om die hervestiging van die Gemeenskaplike Kerkkantoor in fases te doen, sonder om die werksaamhede van die kantoor in alle opsigte op te skort.

Motivering:

Inleiding

In die huidige politieke en sosio-ekonomiese klimaat van Suid-Afrika, word dit al hoe moeiliker vir Christen-Afrikaners om hul roeping uit te leef. Misdaad neem toe te midde van die regering se gebrek aan politieke wil en/of weens wat eenvoudig beskryf kan word as 'n onvermoë om dit te bekamp weens onbevoegdheid. Grootskaalse verstedeliking beteken ook dat stede al hoe digter bevolk raak, wat in groot stede baie druk op infrastruktuur plaas en verdere probleme met betrekking tot besoedeling en verkeer, kragvoorsiening, watervoorsieningsdienste en so meer veroorsaak.

In die lig hiervan is dit uiters sinvol om te besin oor die ligging van die kantore wat dien as operasionele basis van die bedrywighede van die Afrikaanse Protestantse kerke.

Doel

Die doel van hierdie beskrywingspunt is om 'n aanbeveling te maak dat die kantoor en werksaamhede van die Gemeenskaplike Kerkkantoor in Orania hervestig word.

Motivering:

Veiligheid

Dit is waarskynlik wel bekend dat daar reeds by herhaalde geleenthede inbrake by die huidige kerkkantoor plaasgevind het. Terwyl goedere verseker kan word, word die premies op die versekering beïnvloed wanneer eise ingedien word. Die premies word ook beïnvloed deur die veiligheid van die omgewing waarin die eiendom geleë is.

Tussen 30 Maart 2018 en 02 April 2018 is oor 'n langnaweek by die kerkkantoor ingebreek en tussen 14 Desember 2018 en 07 Januarie 2019 is daar weer gedurende die jaareindsluitingstyd ingebreek. Ongeveer R496 906,00 se eise moes uitbetaal word. Die versekeringspremies voor en na die inbrake het van R5 006,94 na R6 235,70 p.m. verhoog.

Die effek van inbrake strek uiteraard verder as die verhoging in premies en die verlies aan eiendom. Die verlies aan werksure in die tyd wat dit neem om nuwe rekenaars aan te koop en te installeer, die verlies aan data, of ten minste aan die tyd wat gewy word om dit te probeer herwin en die ontwrigting wat in die kerkkantoor veroorsaak word wanneer rekenaars gesteel word, het 'n rimpeleffek deur die kerkverband.

Orania bied 'n veilige omgewing vir hervestiging. Gedurende 2020 (meer onlangse data is nog nie bekend nie) is in die Hopetown-polisiëringsgebied, waaronder Orania sorteer, 571 misdade gepleeg (bykans geen hiervan in Orania self nie), terwyl in die Lyttelton polisiëringsgebied, waarbinne die kerkkantoor tans setel, in dieselfde jaar 6009 misdade gepleeg is,[1] met inbrake wat deur Statistiek Suid-Afrika se webtuiste aangetoon word as die mees algemene misdaad.[2] Hoewel Orania steeds onder jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ressorteer, is die plaaslike veiligheidstrukture privaat en uiters bevoeg. Dit is hierdie strukture soos die Orania Veiligheidsdiens (OVD) en verskeie gemeenskapsveiligheidstrukture soos die Taakspan, Reaksiespan en die Reserwegroep wat Orania uiters effektief beveilig en verseker dat die SAPD slegs by hoë uitsondering in Orania betrokke raak.

Sentraliteit

Verskillende plekke is al die mees sentrale punt van Suid-Afrika genoem. Hanover in die Bo-Karoo is al so genoem omdat dit min of meer halfpad tussen Johannesburg en Kaapstad, halfpad tussen Durban en Kaapstad en tussen Upington en Port Elizabeth geleë is.[3] 'n Ander aanspraakmaker is Petrusburg (of, om meer presies te wees, Emmaus, 20km buite Petrusburg).[4] Orania lê onderskeidelik 169 km en 142 km van hierdie dorpe af en bykans tussen die twee. Orania dien dus, ten minste geografies, as 'n baie sentrale punt.

In 'n veranderende wêreld waarin tegnologie 'n al hoe groter rol speel, word geografiese sentraliteit toenemend belangriker as sentraliteit ten opsigte van bevolkingsdigtheid. Mense lees toenemend meer digitaal en die vooruitsig is dus dat *Die Boodskapper* ook in die langtermyn waarskynlik minder harde kopie oplae sal druk en meer digitale oplae sal registreer. Die preekbediening van leraars wat as amptenare aan die GKK verbonde is, sal deur geografiese sentraliteit heelwat vergemaklik word en vir vakante gemeentes in die Kaapse provinsies en die Suid- en Wes-Vrystaat goedkoper word. Die huidige kantoor is meer as 1300 km verwyderd van sommige gemeentes in die Wes-Kaap. Orania is daarom ideaal om te dien as die ligging vir die kerkkantoor.

Voordele vir werknemers

Die ligging van Orania is nie net voordelig vir die funksionering van die kerkkantoor nie, maar is ook een van verskeie faktore wat voordelig is vir die werknemers. Orania is slegs 160 km van Kimberley en 240 km van Bloemfontein af. Orania se plaaslike besighede bied alle basiese benodigdhede en die aantal geregistreerde besighede in Orania het van 126 (2016) tot 290 (2020) meer as verdubbel.[5] Bykans alles wat van die groot stad benodig word en nie in Orania self gekry kan word nie, kan ook op die internet bestel en in Orania afgelewer word. Die dorp bied alles wat in meeste klein dorpies beskikbaar is en het 'n snelgroeiende besigheidsektor.

1 Crimestatssa.com

2 http://www.statssa.gov.za/?p=13811

3 https://www.sa-venues.com/attractionsnc/hanover.php#:~:text=Hanover%2C%20Upper%20Karoo,between%20Upington%20and%20Port%20Elizabeth.

4 https://www.places.co.za/html/petrusburg.html

5 Orania sensus 2020, bl. 10.

Orania se CVO-skool is die grootste in die land, groei steeds vinnig en brei tans ook die infrastruktuur uit met twee nuwe dubbelverdiepingklaskamergeboue, sportgeriewe en meer. Beide die CVO-skool en die Volkskool Orania bied ook afstandsleermoontlikhede. Bo-Karoo Opleiding bied topgehalte opleiding in die afdelings bou, siviel en elektries, kantooradministrasie en tuisversorging.

As plattelandse dorp bied Orania 'n veilige en rustige lewe, waar ure en rande nie in die verkeer verlore gaan nie. Die selfdoenbeginsel van Orania verseker 'n kultuuromgewing waarbinne Afrikanergesinne tuis voel. Die tipiese dienste wat normaalweg deur 'n munisipaliteit versaak word, word in Orania op uiters professionele wyse verrig deur die eie plaaslike dorpskantoor, wat ook die infrastruktuur onderhou asook die plaaslike dorpswembad en sandbaai, ook 'n gewilde ontspanningsarea aan die oewer van die rivier.

Orania se ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en geïntegreerde ontwikkelingsplan maak ruim voorsiening vir institusionele ontwikkeling (onderriginstellings, skole en tersiêre instellings en inrigtings).[6]

Beleggingswaarde
Gegewe die noodsaak aan 'n kantoorgebou waarin die werksaamhede van die GKK gevestig kan word, moet ook oorweging geskenk word aan die beleggingswaarde van so 'n eiendom. Ook in hierdie opsig hou 'n hervestiging van die kerkkantoor na Orania groot voordeel in. Daar is oor die afgelope aantal jare 'n baie positiewe tendens in die groei van eiendomswaarde in Orania en die vooruitsig daarvan in die toekoms lyk dus ook baie belowend. Orania se bevolking groei tans teen ongeveer 12,2% per jaar,[7] wat ook hierdie tendens bevestig. Die verwagting is dat hierdie groei in die volgende aantal jare voortgesit sal word, wat belegging in eiendom 'n baie goeie opsie maak. Verskeie opsies bestaan vir die aankoop van grond en die bou van kantore.

Tegnologie
In die oorweging van die aanbeveling van hierdie beskrywingspunt moet met groot erns na die toekoms gekyk word. In hierdie opsig is veral twee projekte van Orania van groot belang. Die eerste is 'n optieseveselinternetverbinding wat tans in Orania geïnstalleer word. 'n Goeie internetverbinding is krities vir effektiewe funksionering van enige kantoor. Daar is reeds verskeie internetopsies soos LTE, ADSL, satelliet- en ander draadlose verbindings beskikbaar.

Dit het tydens die COVID-19-pandemie en die gepaardgaande grendelstaat, baie duidelik geword dat al die werknemers van maatskappye en instansies nie noodwendig permanent op kantoor hoef te wees nie. Dit beteken dat die moontlikheid oorweeg kan word dat sommige van diegene in diens van die GKK nie nodig sal hê om na Orania te verhuis nie. 'n Wêreldklasinternetverbinding gee die gemoedsrus dat kommunikasie met hierdie werknemers nie onderbreek word nie.

Die tweede projek wat van belang is, is die vestiging van 'n sonplaas wat ten doel het om op die langtermyn kragvoorsiening aan Orania meer onafhanklik van ESKOM te maak. Hierdie projek beloof om Orania nog 'n tree te neem na onafhanklikheid. Dit bied aan besighede en instansies, wat van voorneme is om in Orania te vestig, die toekomsvooruitsig van 'n reusevoordeel wat betref besparings op duur kragopwekkers of verlore werksure weens kragonderbrekings.

6 Orania ruimtelike ontwikkelingsraamwerk en geïntegreerde ontwikkelingsplan, bl. 105.
7 Orania sensus 2020, bl. 8.

'n Groeiende kerkgemeenskap
Hoewel dit so is dat baie van die kerkverband se grootste gemeentes tans in Pretoria en omgewing is, is dit tog nodig om te wys op die groei van die AP Kerk Orania. Al hoe meer lidmate van AP kerke van regoor die land ondersoek moontlikhede om besighede in Orania te begin, bestaande besighede te hervestig en om dus te verhuis daarheen. Orania word vir al hoe meer mense 'n lewensvatbare setel vir 'n volhoubare Afrikanertuiste. Gevolglik toon die gemeente geweldige groei. Die AP Kerk in Orania het in die kalenderjaar 2021 met 58 lidmate gegroei en staan reeds op 31 nuwe aansoeke vir 2022 teen begin Maart, met die finalisering van hierdie beskrywingspunt. Die vooruitsig is dat daar binne enkele jare oorweging geskenk sal moet word aan vergroting van geboue, die stigting van 'n tweede gemeente of meerdere dienste.

Goedgesinde plaaslike owerheid
Die toelatingsvereistes vir verblyfsreg in Orania weerspieël die kultuur van die gemeenskap. Orania se verblyfsregvereistes sluit 'n polisieklaring en keuring ná 'n onderhoud voor 'n keuringspaneel in. Orania bevorder die gereformeerde leer en die wêreldbeskouing wat daaruit spruit. Hierdie beginsels word opgesom in die erekode wat met verblyfreg ontvang word en onder meer verklaar:

- Ek erken my diepe afhanklikheid van God drie-enig en aanvaar Hom as die hoogste gesag in my lewe.
- Dit is my ideaal om, saam met andere, Orania te help ontwikkel as die kern van 'n gebied waar Afrikaners selfstandig in vryheid kan woon.
- Ek onderneem om te alle tye die beginsels van volkseie arbeid in Orania te handhaaf.
- Ek sal eerbaar en welvoeglik optree teenoor mede-Oraniërs, sowel as buitestanders.

Deur 'n besondere stel omstandighede, wat 'n hofsaak insluit wat as niks anders as 'n bestiering van God beskou kan word nie, het God dit so beskik dat Orania plaaslik regeer word deur 'n eie owerheid wat unieke status geniet en munisipale dienste lewer. Hoewel Orania steeds onder al die landswette van Suid-Afrika staan, beskik Orania oor 'n mindere magistraat in 'n plaaslike regering wat die gereformeerde leer en kerke goedgesind is. Hierdie beskikking is van onskatbare waarde te midde van 'n landsregering wat godsdiens in die breë al hoe meer onderdruk.

Uitdagings

Behuising van personeel
Een van die uitdagings van hervestiging is dat die personeel wat hervestig, behuising sal moet kan bekom. Die vinnige groei in bevolkingsgetalle van Orania veroorsaak dat daar tekort is aan beskikbare woonhuise, te koop of te huur. Omdat die vraag na eiendom so groot is en aanbod sukkel om aan die behoefte te voorsien, is woon- en huurhuise in Orania betreklik duur.

Daar is egter drie faktore wat hierdie probleem help aanspreek. Eerstens is verskeie ontwikkelaars in Orania en die dorpskantoor self reeds besig met verskeie nuwe ontwikkelings, wat huise te koop en te huur beskikbaar sal stel. Tweedens kan die kerkkantoor in fases hervestig word. Al die personeel sal dus nie gelyktydig moet soek na behuising nie, maar bloot diegene wat met daardie spesifieke fase moet verhuis. Derdens, soos reeds gestel, maak tegnologie dit moontlik dat selfs wanneer 'n bepaalde afdeling van die kerkkantoor hervestig, dit nie noodwendig hoef te beteken dat al die personeel van daardie afdeling sal moet verhuis nie.

Bogenoemde faktore behoort dus genoeg tyd te gee aan diegene wat wel moet verhuis, om betyds geskikte behuising te bekom.

Koste van hervestiging
Die uitdaging van ’n hervestiging in Orania is dat grond gekoop sal moet word en ’n gepaste gebou daarop gebou sal moet word. Die kostes hiervan en van die verhuising van personeel en kantoorinhoud kan ’n groot struikelblok word.

Ook vir hierdie probleem kan ten minste gedeeltelike oplossings gevind word. Soos genoem, is die plaaslike owerheid van Orania kerke van gereformeerde inslag baie goedgesind en kan met hulle onderhandel word. Orania beskik ook oor verskeie instellings/fondse waarby finansiering moontlik bekom kan word, tot tyd en wyl die huidige gebou verkoop kan word. Verder bestaan die moontlikheid om met ander instellings fasiliteite te deel. Met ’n goedgesinde plaaslike owerheid kan onderhandel word om uitdagings te oorbrug en die vestiging van nuwe kantore te vergemaklik.

Gevolgtrekking
As Orania, soos redelik verwag kan word, die setel word van ’n groter konsentrasie van die Afrikanervolk, sal dit sin maak dat die kerkkantoor van ’n verband van gereformeerde kerke van Christus onder blanke Afrikaners ook binne daardie konsentrasie gevestig word. Benewens al die voordele vir ’n hervestiging van die kantoor en werksaamhede van die GKK na Orania wat hierbo bespreek is, is daar groot simboliese waarde daarin dat hierdie belangrike administratiewe kantoor vanuit ’n sentrale veilige hawe, ’n bakermat van die volk, gemeentes regoor Suider-Afrika bedien. So ’n hervestiging sou dien as simbool van ’n positiewe, hoopvolle en toekomsgerigte visie vir die AP kerke wat daardeur bedien word.

AANBEVELINGS:

6.1.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.

6.1.2 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie in die voorgestelde formulering goedgekeur word nie.

6.1.3 Die Sinode besluit om R500 000,00 vanuit die Reserwefonds te oormerk vir ’n ondersoek na die hervestiging van die Gemeenskaplike Kerkkantoor na Orania, met verslag aan die volgende Sinode deur ’n komitee wat deur die GKK aangewys word.

Motivering:
Die GKK reken dat die beskrywingspunt deur die Ring van Kimberley beslis ondersoek moet word. Om egter ’n beginselbesluit hieroor te neem, sonder om eers die koste van die besluit te gaan bereken, sou onverantwoordelik wees. Derhalwe die aanbeveling om eers ’n deeglike ondersoek met verslag aan die volgende Sinode te laat doen. Kundiges sal betrek moet word. Argitekte en bourekenaars sal voorlopige planne moet optrek om ’n beraming te kan maak van wat so ’n hervestiging (selfs al is dit in fases) gaan kos. Talle aktiwiteite soos byvoorbeeld die versending van publikasies per koerier vanaf Orania aan al die huidige verspreidingspunte, sal bereken moet word. Verder sal die verhuisingskoste van personeellede ook in berekening gebring moet word.

Soos vroeër vermeld kan daar selfs besin word oor die nodigheid van ’n fisiese kantoorgebou vir die kerkverband se werksaamhede. Die ondersoek sou byvoorbeeld kon wys dat slegs die Argief na Orania hoef te skuif en die res van die personeel voortaan van die huis af kan werk. Daar was egter nie ter voorbereiding van hierdie verslag vir die GKK genoeg tyd om so ’n deeglike ondersoek te doen ten einde enige van hierdie moontlikhede aan te beveel nie.

6.2 GKK: HANTERING VAN DIE 15%-BYDRAE MET BETREKKING TOT DIE INKOMSTE UIT EFFEKTETRUSTBELEGGINGS

Die GKK het verskeie navrae ontvang van gemeentes met diskresionêre beleggings en die berekening van die 15%-bydrae daarop. Die bestaande sinodebesluite bepaal dat 'n 15%-bydrae betaal moet word op alle kontantontvangstes. Die vraag ontstaan hoe gehandel moet word met die groei in beleggings wat nie te gelde gemaak word nie, maar wat tog in die gemeente se finansiële state as 'n inkomste aangetoon word. Wanneer en op watter bedrag moet die 15%-bydrae bereken word indien 'n onttrekking uit die belegging gemaak word, wat minder is as die oorspronklike beleggingsbedrag waarop reeds 15% betaal is? Die vraag word nog moeiliker indien die gemeente deurlopend aandele gekoop het teen verskillende pryse en iewers sou besluit om weer daarvan te verkoop. Is dit nou gister of vyf jaar terug se aandele wat verhandel word? Watter prys moet gebruik word? Is onttrekkings tot op die kapitaalbedrag waarop reeds 15% betaal is, vrygestel en alle onttrekkings daarna weer onderhewig aan 15%-oorbetalings?

Dit is die vrae wat gestel word. Rekenkundig word verdienste deur diskresionêre beleggings, soos effektetrusts, gereken as inkomste verdien, alhoewel dit nog nie gerealiseer het nie. Derhalwe word diskresionêre beleggingsgroei rekeningkundig voorsien in 'n nie-verdeelbare reserwe en is dus nie onderhewig aan die sinodebesluit rondom die 15%-bydrae nie, totdat die beleggingsgroei in diskresionêre beleggings realiseer en as lopende inkomste erken word.

Die Sinode word versoek om vir die GKK en gemeentes 'n interpretasie te gee van hoe daar met beleggingsgroei en -onttrekkings gehandel moet word ten opsigte van die 15%-bydrae. Hierdie interpretasie moet deel vorm van die bestaande besluite oor die 15%-bydraes.

AANBEVELING:

6.2.1 Die Sinode besluit om die groei in diskresionêre beleggings eers as inkomste vir die 15%-bydraedoeleindes te beskou, nadat dit gerealiseer of gedeeltelik gerealiseer het.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN MOOT-SENTRAAL: ONDERTEKENINGSDOKUMENT DEUR LERAARS EN DIE NAKOMING VAN PENSIOEN- EN MEDIESEFONDSBYDRAES.

Ring van Moot-Sentraal: Beswaarskrif

Beswaar teen: Ondertekeningsdokument vir predikante/dosente/proponente met ouderdom jonger as 60 jaar binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband met betrekking tot lidmaatskap van mediese- en pensioenfonds.

Beswaarskrif teen Ondertekeningsdokument vir predikante/dosente/proponente (*Sakelys 2007*, Bylae KUR2, bl. 178-179 en *Handelinge 2007*, bl. 323, pt. 18.2)

Huidige bewoording:

Die Sinode keur Bylae KUR2 (Ondertekeningsdokument vir predikante/dosente/proponente met ouderdom jonger as 60 jaar binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband met betrekking tot lidmaatskap van mediese- en pensioenfonds) goed. Die beswaar is teen die volgende bewoording in die besluit van die Sinode: *"Die behoud van status is gekoppel aan die maandelikse instandhouding van die pensioen- en mediese fonds waaraan elke leraar binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband behoort. Hiervolgens is ek, die ondergetekende, bewus dat ek status as*

bedienaar van die Woord in die Afrikaanse Protestantse kerkverband sal verbeur, indien ek sou versuim om die maandelikse bydraes aan bogenoemde fondse in stand te hou".

Voorgestelde bewoording:
Skrap *Ondertekeningsdokument vir predikante/dosente/proponente met ouderdom jonger as 60 jaar binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband met betrekking tot lidmaatskap van pensioen- en mediese fonds* in geheel.

Motivering:
Kerkorde artikel 19.5 maak voorsiening vir bedienaars van die Woord wat losgemaak word van 'n plaaslike gemeente om deur die kerkraad versorg te word vir drie maande. *Kerkorde* artikel 19.6.1 bepaal: indien 'n leraar nie binne die drie maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, is hy ná oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die kerkraad volgens artikel 19.5.

Volgens die besluit van die sinode soos verwoord in die *Ondertekeningsdokument vir predikante/ dosente/proponente met ouderdom jonger as 60 jaar binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband met betrekking tot lidmaatskap van mediese- en pensioenfonds* (Bylae KUR2, bl. 178-179 en *Handelinge 2007*, bl. 323, pt. 18.2) verbeur 'n predikant sy status as bedienaar van die Woord in die Afrikaanse Protestantse kerkverband, indien hy sou versuim om die maandelikse bydraes aan bogenoemde fondse in stand te hou. In die praktyk is dit egter onmoontlik vir 'n leraar om die fondse in stand te hou as hy sy eie bydrae plus die werkgewerbydrae van beide die pensioen- en mediese fonds vir drie maande self moet dra, terwyl *Kerkorde* artikel 19.6.1 bepaal dat hy nie versorging van die plaaslike kerkraad ontvang nie. (Die leraar verdien dus geen inkomste nie, maar moet beide fondse in stand hou plus die werkgewerbydraes dra). Dieselfde geld ten opsigte van predikante wat aansoek doen om verder te studeer en status wil behou onder *Kerkorde* artikel 17.3.2, wat nie in staat sou wees om die genoemde fondse ten volle in stand te hou nie, met die gevolg dat leraars wat verder studeer, maar losmaking van 'n standplaas vra onder art. 17.3.2 en dan sy status as leraar verbeur omdat hy nie die fondse in stand kan hou nie. Sulke leraars kon bruikbaar wees in die AP Kerk om veral eredienste te lei, maar verlaat noodwendig die bediening omdat hulle status gekoppel word aan die pensioen- en mediesefondsbydraes.

In die geval van leraars wat onder *Kerkorde* artikel 19.6.1 'n verdere drie maande beroepbaar is ná afloop van die aanvanklike drie maande, gebeur dit in die praktyk dat hy status verloor indien hy nie die genoemde fondse in stand kan hou nie, wat die vergunning van *Kerkorde* artikel 19.6.1 in wese oneffektief en tot niet maak.

Dat die status van 'n ampsdraer aan pensioen- en mediesefondsbydraes gekoppel word, is onskriftuurlik en derhalwe onsuiwer. Die Skrif gee duidelike vereistes waaraan die ampsdraer moet voldoen om as bedienaar in die kerk van Christus te mag dien (vgl. die formulier vir die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord, *Erediensboek vir die AP Kerk,* bl. 57-61). Nêrens in die Skrif word status aan aftree- of siektevoorsorg gekoppel nie. 'n Leraar se status mag volgens die Skrif getoets word aan drie vereistes: opregtheid van geloof, suiwerheid van leer, en 'n voorbeeldige lewenswandel, wat insluit getroue dienswerk. Die *Ondertekeningsdokument vir predikante/dosente/proponente met ouderdom jonger as 60 jaar binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband met betrekking tot lidmaatskap van mediese- en pensioenfonds* is ook in stryd met die *formulier vir die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord.* In laasgenoemde formulier lê die leraar 'n eed voor die gemeente as getuies af om sy ampswerk getrou te doen. Die leraar word nie in die formulier aan die pensioen- en mediese fonds gebind nie. Die *Ondertekeningsdokument* is inkonsekwent of die formulier onvolledig.

Die besluit van die sinode is geneem in 'n tyd toe die AP Kerk gebind was aan 'n groepskema deur die administrateurs van die pensioenfonds. Dit is nie meer die geval nie. Derhalwe het die motivering van die Ondertekeningsdokument verval.

Wat lidmaatskap tot die mediese fonds betref, het die sinode reeds duidelike besluite in dié verband geneem (vgl. *Handelinge Sinode 1997*, bl. 270, pt. 3.3.3.1; *Handelinge Sinode 1997*, bl. 270, pt. 3.3.4.1; *Handelinge Sinode 2001*, bl. 472, pt. 9.1; *Handelinge Sinode 2004*, bl. 356, pt. 9.1). Om sinodebesluite in ondertekeningsdokumente te reglementeer, is in stryd met die gees en aard van 'n Christelike kerk. Die besluite van 'n meerdere vergadering word reeds deur *Kerkorde* artikel 66 beskerm.

AANBEVELINGS:

7.1.1. Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.
7.1.2. Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie goedgekeur word nie.

Motivering:

Willie Lubbe Teologiese Studiefonds		12 592 414	11 446 875	12 592 414	11 446 875
Sinodefonds		649 389	679 791	649 389	679 791
Moot-Sentraal Ringfonds		350 666	311 656	350 666	311 656
OT / JM van Niekerk-fonds		-	168 000	-	168 000
		35 505 686	31 033 555	35 505 686	31 033 555
Reserwefonds		9 894 111	8 793 444	9 894 111	8 793 444
Algemene Fonds	8,2	7 292 692	10 018 667	7 292 692	10 018 667
Totaal van fondse		**52 692 489**	**49 845 666**	**52 692 489**	**49 845 666**

13.4 BELEGGINGSINKOMSTE TOEGEDEEL

	2017 R	2016 R	2015 R
Inkomste uit beleggings verdien:			
Rente verdien met geldmarkfondsrekeninge	313 545	414 511	679 343
Surplus/(tekort) met waardasie van effektetrustrekeninge	4 761 361	1 550 322	2 845 000
	5 074 906	**1 964 833**	**3 524 343**
Inkomste uit beleggings toegedeel aan Sinodale fondse soos volg:			
Alimentasiefonds	26 115	11 229	16 766
APK Trustfonds	223 285	542 387	80 725
Beleggingsinkomste	81 133	23 764	80 725
Tel by: Toedeling vanaf Motorfonds en Leraarfonds	142 152	518 623	-
BG Els erflating	188 102	78 627	118 785
Gevangenisbearbeidingsfonds	273	189	270
Emeritushulpfonds	268 568	108 566	162 538
Fondse van die Sentrale Kerkekommissie	1 063 102	394 966	570 811
Bybelverspreidingsfonds	159 180	63 501	95 580
Gebeurlikheidsfonds	77 665	31 586	48 276
Motorvervangingsfonds	-	-	18 575
Beleggingsinkomste	29 736	12 440	18 575
Trek af: Toedeling na Trustfonds	(29 736)	(12 440)	-
AP Kerk Teologiese Beursfonds	1 047 161	391 616	612 658
Beleggingsinkomste	243 671	96 143	124 463
Tel by: Toedeling vanaf WLTSF	803 490	295 473	488 195
Studiefonds leraars	-	-	74 986
Beleggingsinkomste	112 416	45 711	74 986
Trek af: Toedeling na Trustfonds	(112 416)	(45 711)	-
Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (WLTSF)	803 491	295 474	488 194
Beleggingsinkomste	1 606 981	590 947	976 389
Trek af: Toedeling na AP Kerk Teologiese Beursfonds	(803 490)	(295 473)	(488 195)
Sinodefonds	78 287	33 204	47 597
Fondse van die AP Akademie NPC	-	-	464 252
Ringshulpfonds	39 010	15 508	22 526
Reserwefonds	1 100 667	-	701 804
Beleggingsinkomste	1 100 667	460 471	701 804
Trek af: Toedeling na Trustfonds	-	(460 471)	-
	5 074 906	**1 964 833**	**3 524 343**

TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.1

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

FINANSIËLE JAARSTATE - 2018

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die GKK	1
Bekragtiging van die Finansiële Jaarstate	1
Verslag van die Ouditeur	2 - 4
Staat van Finansiële Posisie	5
Staat van Omvattende Inkomste	6
Staat van Kontantvloei	7
Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate	8-15

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Die rekenmeester het die ingeslote finansiële jaarstate aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) van die Sinode voorgelê. Die GKK het die state deeglik nagegaan en dit word aanbeveel vir goedkeuring. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state word die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Gemeenskaplike Kerkkantoorpersoneel en personeel in elke gemeente betrokke, ons hartlike waardering vir harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, bevestig.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk. Soli Deo Gloria.

A Boshoff

Ds. A Boshoff
(Voorsitter van die GKK)

BEKRAGTIGING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE 2018

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 5 – 15 is op 8 Maart 2019 deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie goedgekeur.

Geteken namens die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie

A Boshoff

Ds. A Boshoff
(Voorsitter van die GKK)

Mnr. GJJ VAN RENSBURG
(Rekenmeester)

1

STRACHAN & CROUSE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420 FAKS / FAX: +27 (0) 12 430 3422 / 0866 878 676
www.strachancrouse.co.za E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za

ONS VERW: 5/0053/0
OUR REF : ----------

8 Maart 2019

VERSLAG VAN DIE ONAFHANLIKE OUDITEURE

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – GKK

Gekwalifiseerde Mening

Ons het die finansiële state van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK, soos uiteengesit op bladsye 5 tot 15, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2018, en die staat van omvattende inkomste, en die staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening, afgesien van die uitwerking van enige aansuiwerings wat dalk nodig sou gewees het, indien dit vir ons moontlik was om ons ondersoek na gemeentebydraes nog nie gerapporteer nie uit te brei en die moontlike effek van die aangeleentheid omskryf in die Basis vir gekwalifiseerde ouditmening paragraaf, is die finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling is van die finansiële stand van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2018 en van die resultate van bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat aangeneem is.

Basis vir gekwalifiseerde ouditmening

Debiteure word gedra teen R 2 418 990 in die staat van finansiële posisie van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2018. Ingesluit by die bedrag is R 976 598 ontvangbaar ten opsigte van 'n pensioenfonds eis soos openbaar in nota 6 tot die finansiële state. Dit was nie vir ons moontlik om voldoende, toepaslike ouditbewyse te bekom aangaande die invorderbaarheid van die drabedrag van die pensioenfondseis van R 976 598 nie as gevolg van die onsekerheid met betrekking tot die uitkoms van die eis ingestel deur die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK teen CMM. Gevolglik was dit nie vir ons moontlik om te bepaal of enige aansuiwerings aan die bedrag nodig was nie.

Grondslag vir mening

Ons het die oudit ooreenkomstig ten opsigte van die 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die finansiële state afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die entiteit in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)' en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons

het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Code' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika, vervul. Die 'IRBA Code' is konsekwent met die 'International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants (Parts A and B)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons mening te bied.

Ander inligting

Die bestuur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die bekragtiging van die finansiële state. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state sluit nie die ander inligting in nie en ons spreek nie 'n ouditmening of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat uitgevoer is, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die bestuur vir die Finansiële State

Die bestuur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig rekeningkundige beleid wat aangeneem is 'International Financial Reporting Standards for Small and Medium-sized Entities' en vir sodanige interne beheer as wat die bestuur nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die bestuur se verantwoordelikheid om die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en aangeleenthede, soos toepaslik, wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die bestuur beplan om die entiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die Finansiële State

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme regdeur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir die ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuur gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuur se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op die ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan werp op die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van die ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die entiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die bestuur oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens die oudit identifiseer.

STRACHAN & CROUSE
G S MEIRING
VENNOOT
GEREGISTREERDE OUDITEUR

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2018

	Aantekening	2018 R	2017 R
BATES			
Nie - Bedryfsbates	2	9 037 858	9 093 095
Ander bates	3	3 893 275	5 418 270
Belegging van Sinodale fondse	4	45 378 097	43 567 994
Bedryfsbates		10 488 513	13 345 074
-Publikasie - voorraad	5	1 027 855	733 872
-Debiteure	6	2 418 990	2 548 878
-Munisipale deposito's		1 661	1 661
-Kontant en kontantekwivalente	7	7 040 007	10 060 663
TOTALE BATES		**68 797 743**	**71 424 433**
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE			
Algemene fonds en reserwe	8	30 853 461	31 094 849
Spesifieke Sinodale fondse	9	35 252 844	36 672 079
Bedryfslaste		2 691 439	3 657 505
-Diverse krediteure		1 033 904	1 052 665
-Voorsiening vir mediese bystand aan afgetrede lede		1 483 688	2 455 121
-Inkomste vooruit ontvang : Boodskapperverkope 2019		173 847	149 719
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		**68 797 743**	**71 424 433**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËNDIG 31 DESEMBER 2018

	Aantekening	2018 R	2017 R
INKOMSTE			
Gemeentebydraes (15%)		14 852 148	14 367 225
Trek af: Aanwending per toedeling aan Sinodale Fondse		(1 641 179)	(1 896 998)
APK Trustfonds		(500 000)	(500 000)
Sinodefonds		(25 000)	(25 000)
SKK Bedieningsfonds		(1 101 000)	(1 337 000)
SKK Motorfonds		(15 179)	(34 998)
Inkomste voor uitgawes		13 210 969	12 470 227
UITGAWES		13 422 396	13 579 509
Die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW - Subsidie	10	5 191 891	4 789 074
GKK administrasiekoste	11	6 179 076	7 153 106
Publikasie- en versendingskoste	12	2 051 429	1 637 329
15 % (Oorspandeer) / Onderspandeer		**(211 428)**	**(1 109 282)**
Ander inkomste:			
Rente ontvang		262 442	310 193
Inkomste / (Verlies) deur beleggings	13.4	(1 931 092)	5 074 906
Skenking ontvang		6 374	160 000
Versekeringseis ontvang		118 272	2 050
Surplus/(Tekort) voor toedeling van inkomste uit belegging aan Sinodale Fondse		**(1 755 433)**	**4 437 867**
Trek af: Inkomste uit belegging toegedeel aan Sinodale Fondse	13.4	1 931 092	(5 074 906)
NETTO SURPLUS/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK TOEGEDEEL AAN DIE ALGEMENE FONDS		**175 659**	**(637 039)**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2018

	Nota	Aantekening	2018 R	2017 R
KONTANT BEHOU UIT / (AANGEWEND IN) BEDRYWIGHEDE			(775 366)	(490 210)
Kontant behou / (aangewend) uit / in bedrywighede	1		893 284	(5 875 309)
Rente ontvang			262 442	310 193
Inkomste / (Verlies) deur beleggings		13.4	(1 931 092)	5 074 906
KONTANT BEHOU UIT / (AANGEWEND IN) BELEGGINGSAKTIWITEITE			(1 934 003)	634 431
(Verhoging) / verlaging in Effektetrustbelegging			(1 810 103)	788 718
Aankoop van meubels en toerusting			-	(3 429)
Aankoop van elektroniese toerusting			(123 900)	(150 858)
KONTANT BEHOU UIT/ (AANGEWEND VIR) LENINGS			1 524 998	(1 550 632)
(Toename) / afname in studielenings - leraars			34 247	31 301
(Toename) / afname in ander lenings			1 132 024	(1 848 492)
(Toename) / afname in studielenings - studente			358 727	266 559
KONTANT BEHOU UIT / (AANGEWEND IN) FONDSE AKTIWITEITE			(1 836 286)	5 274 937
Toename / (afname) in spesifieke fondse			(1 419 235)	4 174 271
Toename / (afname) in reserwe fonds			(417 051)	1 100 666
TOENAME / (AFNAME) IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE			**(3 020 657)**	**3 868 526**
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar			10 060 664	6 192 138
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE VAN DIE JAAR			**7 040 007**	**10 060 664**

NOTA TOT DIE KONTANTVLOEISTAAT
KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto surplus / (tekort) per Staat van Omvattende Inkomste			175 659	(637 039)
Trek af: Rente ontvang			(262 442)	(310 193)
Tel terug: (Inkomste) / Verlies deur beleggings		13.4	1 931 092	(5 074 906)
			1 844 309	(6 022 138)
Tel by: Waardevermindering			122 112	87 763
			1 966 421	(5 934 375)
Tel by: Tekort met afskryf van vaste bates			57 024	-
			2 023 445	(5 934 375)
Tel by: Afname/(Trek af: Toename) in netto bedryfsbates			(1 130 161)	59 066
(uitgesonderd kontantfondse)				
Afname/(Toename) in bedryfsbates :			(164 095)	268 203
Afname/(Toename) in gemeentebydraes verskuldig			(42 880)	368 150
Afname/(Toename) in publikasievoorraad			(293 983)	(17 381)
Afname/(Toename) in diverse debiteure			172 768	(82 568)
Afname/(Toename) in munisipale deposito's			-	2
Toename/(Afname) in bedryfslaste (diverse krediteure)			(966 066)	(209 137)
TOTALE KONTANT AANGEWEND IN BEDRYWIGHEDE			**893 284**	**(5 875 309)**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

. REKENINGKUNDIGE BELEID

1.1 Aanbieding van die finansiële state

Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde vir klein- en medium grootte Ondernemings.
Die finansiële state is opgestel volgens die historiese koste grondslag en inkorporeer die hoof rekeningkundige beleid soos hieronder uiteengesit.

1.2 Eiendom, toerusting en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.
Lugreëlaars en brandalarms word as verbeteringe getoon onder grond en geboue.
Waardevermindering word soos volg voorsien:
- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting, lugreëlaars en alarms teen 33.3% per jaar op kosprys

1.3 Publikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer op die gemiddelde koste grondslag.

1.4 Kapitalisering van beleggingsinkomste teen die onderskeie fondse

Beleggingsinkomste verdien uit spesiale deposito's, word toegedeel aan fondse volgens die onderskeie fondse se aandeel in die totaal van die fondse. Die GKK kan besluit om beleggingsinkomste van 'n bepaalde fonds toe te deel aan 'n ander fonds vir sover dit nie in stryd met reglemente van fondse geskied nie.

1.5 Openbaarmaking m.b.t. die beleggings van die GKK in finansiële instrumente

1.5.1 Ingevolge die lasgewing aan die GKK opgedra deur die sinode het die GKK beleggings gemaak in geldmarkfondsrekeninge asook in effektetrustrekeninge by geregistreerde finansiële instellings. Die waardasie van die belegging in effektes en die berekening van beleggingsinkomste word gedoen deur gebruik te maak van die ***gepubliseerde waardes*** op finansiële jaareinde soos verskaf deur die onderskeie finansiële instellings.
Waarde van beleggings in die geldmarkfasiliteite, asook die beleggingsinkomste, word aangeteken teen ***sigwaarde***.

1.5.2 Die waarde van die versekeringspolisse aangegaan ter versekering van die studielenings word teen ***historiese koste*** geopenbaar aangesien die polis 'n minimumuitkeerwaarde dra en die premie 'n korttermynversekeringskoste element bevat.

1.6 Afwyking van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk

Onderstaande hantering is 'n afwyking van die Internasionale Finansiële Verslagdoenings Standaarde ten einde te voldoen aan praktyke voorgeskryf deur die Sinodale vergadering.
Inkomste en uitgawes wat spesifiek, per sinodebesluit, aan 'n gedefinieerde fonds toegewys is, word direk teen Fondse en reserwes verantwoord en vorm nie deel van die Staat van Omvattende Inkomste nie.

1.7 SA Inkomstebelasting

Geen voorsiening word gemaak vir inkomstebelasting nie aangesien die AP Kerk - GKK vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge Afdeling 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

2. NIE - BEDRYFSBATES	Aantekening	2018	2017
2.1 Grond en geboue		**8 840 323**	**8 872 009**
Erf 1050 Monumentpark [Makoustraat 516]		**8 840 323**	**8 872 009**
Kosprys op 1 Januarie		7 347 146	7 347 146
Kosprys op 31 Desember		**7 347 146**	**7 347 146**
Verbeteringe teen boekwaarde op 31 Desember		**1 493 178**	**1 524 864**
Kosprys op 1 Januarie		1 602 782	1 602 782
Tel by: Kosprys van verbeteringe gedurende die jaar		-	-
Kosprys op 31 Desember		**1 602 782**	**1 602 782**
Opgehoopte waardevermindering op 1 Januarie		77 918	46 234
Tel by: Waardevermindering vir die jaar		31 684	31 684
Opgehoopte waardevermindering op 31 Desember		**109 604**	**77 918**
.2 Meubels en toerusting teen boekwaarde		**29 505**	**33 896**
Kosprys op 1 Januarie		**253 629**	**250 200**
Tel by: Kosprys van aankope vir die jaar		-	3 429
Tel by: Kosprys van oorplasing vanaf Jeugtuiste		-	-
Trek af: Kosprys van afskrywing vir die jaar		-	-
Kosprys op 31 Desember		**253 629**	**253 629**
Opgehoopte waardevermindering op 1 Januarie		**219 733**	**215 614**
Tel by: Waardevermindering vir die jaar		4 391	4 119
Trek af: Opgehoopte waardevermindering op meubels en toerusting afgeskryf/verkoop		-	-
Opgehoopte waardevermindering op 31 Desember		**224 124**	**219 733**
2.3 Elektroniese toerusting teen boekwaarde		**168 030**	**187 190**
Kosprys op 1 Januarie		**565 291**	**574 806**
Tel by: Kosprys van aankope vir die jaar		123 900	150 858
Trek af: Kosprys van afskrywing vir die jaar		(84 844)	(160 374)
Kosprys op 31 Desember		**604 347**	**565 291**
Opgehoopte waardevermindering op 1 Januarie		**378 100**	**486 514**
Tel by: Waardevermindering vir die jaar		86 037	51 960
Trek af: Opgehoopte waardevermindering op elektroniese toerusting afgeskryf/verkoop		(27 820)	(160 374)
Opgehoopte waardevermindering op 31 Desember		**436 317**	**378 100**
2.4 Motorvoertuie		-	-
Kosprys op 1 Januarie		**401 364**	**401 364**
Trek af: Kosprys van voertuig verkoop		-	-
Kosprys op 31 Desember		**401 364**	**401 364**
Opgehoopte waardevermindering op 1 Januarie		**401 364**	**401 364**
Tel by: Waardevermindering vir die jaar		-	-
Trek af: Opgehoopte waardevermindering op voertuig verkoop		-	-
Opgehoopte waardevermindering op 31 Desember		**401 364**	**401 364**
TOTALE NIE-BEDRYFSBATES		**9 037 858**	**9 093 095**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

			2018	2017
3. ANDER BATES			**3 893 275**	**5 418 270**
3.1 Studielenings			**773 422**	**1 166 393**
3.1.1 Lenaars			44 842	79 086
Kapitaal uitgeleen			44 842	79 086
Polispremies betaal			-	-
3.1.2 Studente			728 580	1 087 307
Kapitaal uitgeleen			346 563	402 718
Polispremies betaal			382 017	684 589

Nota: Studielenings word aangegaan vir 'n tydperk van tien jaar. Die normale studietyd duur ses jaar en die kapitaal uitgelê aan die student moet onmiddellik na afhandeling van studie binne vier jaar terug betaal word. Ten einde lewens- en ongeskiktheidsrisiko op die kapitaal geleen te verskans, word 'n versekeringspolis deur die GKK op die lewe van die student uitgeneem wat na tien jaar uitkeer.

		2018	2017
3.2 Lenings		**3 119 853**	**4 251 877**
Behuisingslening - Redakteur	Nota 1	316 524	**1 329 634**
Eiendomslening - AP Akademie MSW	Nota 2	2 783 329	**2 902 243**
Bemarkingslening - AP Akademie MSW	Nota 3	20 000	**20 000**

Nota 1: Behuisingslening: 'n Eerste verband t.g.v. die GKK is geregistreer oor die eiendom te Annette van Zyl straat 250 Fairy Glen Pretoria. Die lening is vir 'n tydperk van 30 jaar teen 'n rentekoers van prima min 2%. Die termyn en rentekoers is vasgestel sodat aan die vereistes deur die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005, soos gewysig, voldoen kan word. Die GKK is geregistreer as 'n kredietverskaffer by die NKR.

Nota 2: Eiendomslening aan die AP Akademie MSW: 'n Lening van R3,000,000.00 is aan die AP Akademie MSW toegestaan onder die volgende voorwaardes -
- Die lening is maandeliks terugbetaalbaar oor vyftien (15) jaar.
- Rentekoers is 3% minder as die amptelike uitleenkoers van die GKK se bankinstelling en is gekoppel aan markskommeling.
- Die eiendom te Farendenstraat 432 Sunnyside, dien as sekuriteit vir die lening.

Nota 3: Bemarkingslening: 'n Lening is deur die GKK toegestaan aan die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW. Die lening dra geen rente nie en is terugbetaalbaar op 4 April 2021. Met die ontbinding van die APA Ontwikkelingstrust, het die Raad van die A P Akademie besluit om die lening af te los uit die opbrengs van die oorbetaling.

4. BELEGGINGS				
Effektetrustbeleggings by goedgekeurde finansiële instansies		13.1	**45 378 097**	**43 567 994**
5. PUBLIKASIE - VOORRAAD			**1 027 855**	**733 872**
6. DEBITEURE				
Gemeentebydraes verskuldig			960 714	917 834
Ander debiteure na voorsiening vir oninbare skulde van R26,581.06			481 678	654 446
Pensioenfondseis (Dynamic Wealth en CMM Geldmarkfonds)		Nota	976 598	976 598
			2 418 990	**2 548 878**

Nota: Gedurende 2010 is 'n pensioenfondslid wat afgetree het, se pensioenkapitaal onttrek deur die pensioenfondsadministrateur uit die onderskeie beleggingsportefeuljes en inbetaal in die CMM Geldmarkfonds. Lg. is intussen onder geregtelike bestuur geplaas deur die FDR. Die GKK het die bedrag van R1 044 241 aan die pensioenfondsadministrateur betaal ten einde die lid normaal te kon laat aftree. 'n Eis is dienooreenkomstig aanhangig gemaak. Daar bestaan wel 'n mate van risiko m.b.t. die verhaalbaarheid van die bedrag, maar die uitkoms en kwantum is onseker.

7. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE				
Kontant in bank			1 006 266	933 168
Kontant voorhande			3 000	3 000
Spesiale deposito's		13.2	6 030 741	9 124 495
			7 040 007	**10 060 663**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

8. STAAT VAN VERANDERING IN ALGEMENE EN RESERWEFONDS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

	Nota	Algemene fonds	Reserwefonds	Totaal
		R	R	R
Saldo's : Begin van die jaar	8.1 / 8.2	21 200 740	9 894 111	31 094 851
Plus : Netto surplus /(tekort) vir die jaar		175 659	-	175 659
Beleggingsinkomste toegedeel - kyk aantekening 13.4		-	(417 050)	(417 050)
SALDO'S OP 31 DESEMBER 2017		**21 376 400**	**9 477 061**	**30 853 461**

		2018	2017
		R	R
Nota:			
8.1	**AANWENDING VAN DIE RESERWEFONDS SE SALDO**		
	Spesiale deposito	**9 477 061**	**9 894 111**
8.2	**AANWENDING VAN DIE ALGEMENE FONDS SE SALDO**		
	Grond en geboue	8 840 323	8 872 009
	Meubels en toerusting	29 505	33 896
	Elektroniese toerusting	168 030	187 190
	Ander lenings	3 119 853	4 251 876
	Ander netto Bedryfsbates (uitgesonderd spesiale deposito)	1 766 334	563 075
	Gedeelte van Spesiale deposito 13.3	7 452 354	7 292 694
	TOTALE AANWENDING	**21 376 400**	**21 200 740**

9. ANDER FONDSE VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

9.1 ALGEMENE SINODALE FONDSE

	Nota	Beginsaldo	Beleggings-tekort toegedeel (Aant. 13.4)	Ontvangste	(Uitbetalings/ oorplasings)	2018	2017
		R	R	R	R	R	R
Alimentasiefonds		217 725	(8 925)	16 399	(28 350)	**196 849**	**217 725**
GKK Motorvervangingsfonds		237 568	(10 014)	-	-	**227 554**	**237 568**
Sinode Fonds		649 389	(27 812)	25 865	(5 000)	**642 442**	**649 389**
Emeritushulpfonds		2 393 009	(99 431)	19 821	(88 000)	**2 225 399**	**2 393 009**
Bybelverspreidingsfonds		1 428 922	(59 790)	5 500	(26 439)	**1 348 193**	**1 428 922**
Gevangenisbearbeidingsfonds		1 988	(114)	1 440	-	**3 314**	**1 988**
Gebeurlikheidsfonds		698 339	(29 442)	311	-	**669 208**	**698 339**
AP Kerk Teologiese Beursfonds		2 883 096	(109 341)	-	(578 164)	**2 195 591**	**2 883 096**
Pensioenwaarborgfonds	1	763 564	-	-	(2 984)	**760 580**	**763 564**
BG Els Erflating	2	1 690 881	(71 273)	-	-	**1 619 608**	**1 690 881**
Moot-Sentraal Ringshulpfonds		350 666	(14 781)	-	-	**335 885**	**350 666**
		11 315 147	(430 923)	69 336	(728 937)	**10 224 623**	**11 315 147**

NOTA:

1 Die Pensioenwaarborgfonds is deur die GKK geskep ten einde die lede wie se voordele op 31 Julie 2007, met die verandering in die Pensioenfonds van 'n Vastevoordeelfonds na 'n Vaste Bydraefonds, gewaarborg is, te kan finansier sou dit nodig word met 'n lid se aftrede.

2 Ingevolge die bepalings van die testament van wyle BG Els moet (3.1) die kapitaalbedrag instand gehou word, EN (3.2.1) die inkomste aangewend word vir: die oprigting en bedryf van 'n Tehuis of versorging van bejaardes wat lidmate is van die Afrikaanse Protestantse Kerk en,(3.2.2) vir die opleiding van Teologiese studente van die AP Kerk.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

		2018 R	2017 R
9.2 SPESIFIEKE SINODALE FONDSE			
9.2.1 APK TRUSTFONDS			
Saldo aan begin van die tydperk		812 871	706 789
Tel by: Oorgedra vanaf Algemene fonds		500 000	500 000
Tel by: Gemeentebydraes ontvang gedurende die tydperk		109 365	81 775
Tel by: Beleggingsinkomste/(tekort) toegedeel - kyk aantekening 13.4		(33 081)	223 285
		1 389 155	1 511 849
Trek af: Toelae uitbetaal		(665 480)	(698 978)
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK		**723 675**	**812 871**
9.2.2 FONDSE VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE		**10 092 500**	**9 966 228**
9.2.2.1 BEDIENINGSFONDS			
Saldo aan begin van die tydperk		9 847 148	7 999 451
Tel by: Bydraes deur gemeentes		4 539	233 353
Tel by: Oorgedra vanaf Algemene fonds		1 101 000	1 337 000
Tel by: Beleggingsinkomste/(tekort) toegedeel - kyk aantekening 13.4		(431 525)	1 063 102
		10 521 162	10 632 906
Trek af: Uitgawes		(562 921)	(785 758)
Hulp aan gemeentes		510 711	699 045
Netto koste - reisende leraars en gemeente besoeke		34 607	30 065
25 Jaar Feesvieringe		-	31 038
Studente - gemeentelike praktiese		17 603	25 610
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK		**9 958 241**	**9 847 148**
9.2.2.2 SKK MOTORVERVANGINGSFONDS			
Saldo aan begin van die tydperk		119 080	84 082
Tel by: Begrotingsvoordeel vir die jaar		15 179	34 998
SALDO AAN EINDE VAN DIE TYDPERK		**134 259**	**119 080**
9.2.3 STUDIEFONDS LERAARS			
Saldo aan begin van tydperk		898 112	898 112
Tel by: Ontvangste gedurende 2018		-	-
Trek af: Oorgeplaas na Trustfonds		-	(112 416)
Tel by: Beleggingsinkomste/(tekort) toegedeel - kyk aantekening 13.4		(37 857)	112 416
Saldo aan einde van tydperk		**860 255**	**898 112**
Ontleding			
Studielenings toegestaan gedurende		1 265 367	
	- 1988 tot 2017	1 261 111	
	- 2018	4 256	
Studielenings terug ontvang gedurende		1 220 525	
	- 1988 tot 2017	1 182 025	
	- 2018	38 500	
		44 842	
Bedrag beskikbaar op 31 Desember 2018		**815 412**	
		860 255	
9.2.4 WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS			
Saldo aan begin van tydperk		13 679 721	12 800 741
Tel by: Ontvang deur die jaar - skenkings		189 655	62 198
Ontvang deur die jaar - Studiepolisuitkerings		87 995	114 973
Beleggingsinkomste/(tekort) toegedeel - kyk aantekening 13.4		(580 656)	1 606 981
Trek af: Aanwending vir APA Dosente Amerikaanse toer. (2017 Logos pakette)		(24 924)	(101 662)
Trek af: 50% Beleggingsinkomste oorgeplaas na die AP Kerk Teologiese Beursfonds		-	(803 490)
Saldo aan einde van tydperk		**13 351 791**	**13 679 721**
Ontleding			
Studielenings toegestaan gedurende		11 038 610	
	- 1988 tot 2017	10 981 422	
	- 2018	57 188	
Studielenings terug ontvang gedurende		10 310 030	
	- 1988 tot 2017	9 894 115	
	- 2018	415 915	
		728 580	
Bedrag beskikbaar op 31 Desember 2018		**12 623 211**	
		13 351 791	
TOTAAL VAN SINODALE FONDSE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK		**35 252 844**	**36 672 079**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

			2018 R	2017 R
10.	**1/3 SUBSIDIE AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW**		**5 191 891**	**4 789 074**
11.	**GKK ADMINISTRASIEKOSTE**			
	Bankkoste		42 794	46 211
	Groepversekering		134 785	130 888
	Instandhoudingsuitgawes		149 109	124 232
	Internet en webbladkoste		7 441	8 642
	Kommissiewerk		167 731	178 493
	Mediese bystand afgetrede lede	Nota 1	1 310 390	2 516 703
	Munisipale koste		90 445	77 426
	Ouditgelde		32 100	25 704
	Posgeld		23 409	30 900
	Regskoste		15 375	7 215
	Reiskoste - administratief		15 481	8 204
	Rente betaal		-	5 344
	Salarisse - administratief		3 881 959	3 770 094
	Skryfbehoeftes		22 649	31 690
	Spyseniering en verversings		9 652	10 489
	Telefoon en faks		34 698	39 810
	Vergoedingskommissaris		9 880	10 402
	Verlies met afskryf van bates na diefstal	Nota 2	57 024	-
	Versekering	Nota 2	52 042	42 896
	Waardevermindering		122 112	87 763
	Totale GKK administrasie koste na die Staat van Omvattende Inkomste van die GKK		**6 179 076**	**7 153 106**

Nota's by die GKK Administrasiekoste:

Nota 1 Die daling in die Mediese bystand aan afgetrede lede is veroorsaak deur 'n terugskrywing op die voorsiening veroorsaak deur die sinodebesluit van 2017 wat op 01/01/2019 in werking tree. Deur hierdie besluit is die ouderdom opgeskuif na 70 jaar, bystand word beperk tot die Klassieke Spaarpremie en die instelling van 'n glyskaal vir hulpverlening.

Nota 2 Gedurende die Paasnaweek het 'n inbraak by die Gemeenskaplike Kerkkantoor plaasgevind waartydens hoofsaaklik elektroniese toerusting geroof is. Die skade is wel deur die versekering vergoed met gevolglike styging in die versekeringpremie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIELE STATE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 2018

12. PUBLIKASIE- EN VERSENDINGKOSTE

	2018 R	2017 R
INKOMSTE	**1 993 384**	**1 773 817**
Verkope - Publikasies	887 631	878 986
- Boodskapper	1 028 667	853 461
Skenking ontvang	-	-
Advertensies - Boodskapper	77 086	41 370
UITGAWES	**4 044 813**	**3 411 146**
Kosprys van verkope: - Publikasies	635 021	387 225
Beginvoorraad	733 872	718 491
Tel by: Aankope	929 004	404 606
	1 662 876	1 121 097
Trek af: Eindvoorraad	(1 027 855)	(733 872)
Beoordeling - boeke	-	-
Drukkoste - Boodskapper	618 613	621 469
Instandhouding - sekuriteit	48 422	14 523
Inteken en ledegeld	265	50
Medewerkers	41 445	41 479
Munisipale koste	62 601	52 105
Oudit koste	28 369	22 651
Pligpleegrings	8 250	5 486
Redigeer/Vertaalfooie	287 157	195 488
Posgeld en verpakking	94 194	78 483
Kommissiewerk - Publikasies	13 749	16 070
Salarisse - admin. & versending	2 139 179	1 931 151
Skryfbehoeftes	33 973	21 126
Tantieme	3 676	-
Telefoon	14 871	13 270
Vergoedingskommissaris	5 619	4 670
Verkoopsbevordering	9 409	4 899
Tydelike hulp	-	1 001
Netto publikasie- en versending tekort na die Staat van Omvattende Inkomste	**(2 051 429)**	**(1 637 329)**

13. SPESIALE DEPOSITO

13.1 Bedrag belê in Effektetrusts op 1 Januarie		43 567 995	44 358 711
Tel by: Belegging vermeerder/(onttrek)		4 181 041	(5 550 078)
Tel by: Beleggingsinkomste / (verlies) toegedeel - kyk aantekening 13.4		(2 370 939)	4 761 361
Saldo op 31 Desember	(Kyk aantekening 4 - Beleggings)	**45 378 097**	**43 567 994**
13.2 Bedrag belê in Geldmarkspaar op **1** Januarie		9 124 495	5 488 955
Tel by: Stortings vir die jaar		-	3 321 995
Tel by: Beleggingsinkomste toegedeel - kyk aantekening 13.4		439 847	313 545
Trek af: Onttrekking uit belegging vir jaar		(3 533 601)	-
Saldo op 31 Desember	(Kyk aantekening 7 - Kontant en kontantekwivalente)	**6 030 741**	**9 124 495**
TOTALE BELEGGING OP 31 DESEMBER		**51 408 838**	**52 692 489**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

13.3 Die belegging word verteenwoordig deur die volgende Sinodale fondse

		Saldo van Sinodale fondse op 31/12/'18 R	Saldo van Sinodale fondse op 31/12/'17 R	Beleggings t.o.v. Sinodale fondse op 31/12/'18 R	Beleggings t.o.v. Sinodale fondse op 31/12/'17 R
Alimentasiefonds		196 849	217 725	196 849	217 725
APK Trustfonds		723 675	812 871	723 675	812 871
BG Els erflating		1 619 608	1 690 881	1 619 608	1 690 881
Gevangenisbearbeidingsfonds		3 314	1 988	3 314	1 988
Emeritushulpfonds		2 225 399	2 393 009	2 225 399	2 393 009
Fondse van die Sentrale Kerkekommissie		10 092 500	9 966 228	10 092 500	9 966 228
Bybelverspreidingsfonds		1 348 193	1 428 922	1 348 193	1 428 922
Gebeurlikheidsfonds		669 208	698 339	669 208	698 339
Motorvervangingsfonds		227 554	237 568	227 554	237 568
AP Kerk Teologiese Beursfonds		2 195 591	2 883 096	2 195 591	2 883 096
Studiefonds leraars		815 412	819 026	815 412	819 026
Pensioenwaarborgfonds		760 580	763 564	760 580	763 564
Willie Lubbe Teologiese Studiefonds		12 623 211	12 592 414	12 623 211	12 592 414
Sinodefonds		642 442	649 389	642 442	649 389
Moot-Sentraal Ringfonds		335 885	350 666	335 885	350 666
		34 479 421	35 505 686	34 479 422	35 505 687
Reserwefonds	8	9 477 061	9 894 111	9 477 061	9 894 111
Algemene Fonds	8.2	7 452 356	7 292 692	7 452 356	7 292 692
Totaal van fondse		**51 408 838**	**52 692 489**	**51 408 839**	**52 692 490**

13.4 BELEGGINGSINKOMSTE TOEGEDEEL

	2018 R	2017 R
Inkomste / (Verlies) uit beleggings verdien:		
Rente verdien met geldmarkfondsrekeninge	439 847	313 545
Surplus/(tekort) met waardasie van effektetrustrekeninge	(2 370 939)	4 761 361
	(1 931 092)	5 074 906
Inkomste / (Verlies) uit beleggings toegedeel aan Sinodale fondse soos volg:		
Alimentasiefonds	(8 925)	26 115
APK Trustfonds	(33 081)	223 285
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(33 081)	81 133
Tel by: Toedeling vanaf Motorfonds en Leraarfonds	-	142 152
BG Els erflating	(71 273)	188 102
Gevangenisbearbeidingsfonds	(114)	273
Emeritushulpfonds	(99 431)	268 568
Fondse van die Sentrale Kerkekommissie	(431 525)	1 063 102
Bybelverspreidingsfonds	(59 790)	159 180
Gebeurlikheidsfonds	(29 442)	77 665
Motorvervangingsfonds	(10 014)	-
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(10 014)	29 736
Trek af: Toedeling na Trustfonds	-	(29 736)
AP Kerk Teologiese Beursfonds	(109 341)	1 047 161
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(109 341)	243 671
Tel by: Toedeling vanaf WLTSF	-	803 490
Studiefonds leraars	(37 857)	-
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(37 857)	112 416
Trek af: Toedeling na Trustfonds	-	(112 416)
Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (WLTSF)	(580 656)	803 491
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(580 656)	1 606 981
Trek af: Toedeling na AP Kerk Teologiese Beursfonds	-	(803 490)
Sinodefonds	(27 812)	78 287
Ringshulpfonds	(14 781)	39 010
Reserwefonds	(417 050)	1 100 667
Beleggingsinkomste/ (-verlies)	(417 050)	1 100 667
Trek af: Toedeling na Trustfonds	-	-
	(1 931 092)	5 074 906

TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.1

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

FINANSIËLE JAARSTATE - 2019

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die GKK	1
Bekragtiging van die Finansiële Jaarstate	1
Verslag van die Ouditeur	2 - 3
Staat van Finansiële Posisie	4
Staat van Omvattende Inkomste	5
Staat van Kontantvloei	6
Rekeningkundige beleid	7
Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate	8 - 14

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Die rekenmeester het die ingeslote finansiële jaarstate aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) van die Sinode voorgelê. Die GKK het die state deeglik nagegaan en dit word aanbeveel vir goedkeuring. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state word die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Gemeenskaplike Kerkkantoorpersoneel en personeel in elke gemeente betrokke, ons hartlike waardering vir harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, bevestig.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk. Soli Deo Gloria.

Ds. A Boshoff
(Voorsitter van die GKK)

BEKRAGTIGING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE 2019

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 tot 14 is op 9 Maart 2020 deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie goedgekeur.

Geteken namens die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie

Ds. A Boshoff
(Voorsitter van die GKK)

Mnr GJJ VAN RENSBURG
(Rekenmeester)

STRACHAN & CROUSE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420
www.strachancrouse.co.za

FAKS / FAX: 0866 878 676
E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za

ONAFHANKLIKE OUDITEUR SE VERSLAG

Aan die aandeelhouer van AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK - GKK

Gekwalifiseerde mening

Ons het die finansiële state van die AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK - GKK, soos uiteengesit op bladsye 4 tot 14, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2019, en die staat van omvattende inkomste, die staat van verandering in ekwiteit en die staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die verwante aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening, behalwe vir die moontlike uitwerking van die aangeleentheid beskryf in die Grondslag vir gekwalifiseerde mening afdeling van ons verslag, is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van die AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK - GKK soos op 31 Desember 2019, en van die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig rekeningkundige beleid wat aangeneem is.

Grondslag vir gekwalifiseerde mening

Debiteure word gedra teen R2 758 689 in die staat van finansiële posisie van die AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK - GKK soos op 31 Desember 2019. Ingesluit by die bedrag is R 976 598 ontvangbaar ten opsigte van 'n pensioenfondseis soos openbaar in nota 6 tot die finansiële state. Dit was nie vir ons moontlik om voldoende, toepaslike ouditbewyse te bekom aangaande die invorderbaarheid van die drabedrag van die pensioenfondseis van R 976 598 nie as gevolg van die onsekerheid met betrekking tot die uitkoms van die eis ingestel deur die AFRIKAANSE PROTESTANTE KERK - GKK teen CMM. Gevolglik was dit nie vir ons moontlik om te bepaal of enige aansuiwerings nodig was nie.

Ons het die oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die finansiële state-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die entiteit in ooreenstemming met artikels 290 en 291 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)', afdelings 1 en 3 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors" se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)' (tesame die 'IRBA Codes') en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, ooreenkomstig die 'IRBA Codes' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Codes' is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'Code of Ethics for Professional Accountants' en die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Ander inligting

Die bestuur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die bekragting van die finansiële state. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditmening of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die bestuur vir die finansiële state

Die direkteur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standards for Small and Medium-sized Entities', en vir sodanige interne beheer as wat die direkteur nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die bestuur se verantwoordelikheid om die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik, aangeleenthede wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die bestuur beplan om die entiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme regdeur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuur gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuur se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op die ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die entiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die bestuur oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Strachan & Crouse
G S Meiring
Vennoot
Geregistreerde Ouditeur

9 Maart 2020
Pretoria

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2019

	Aantekening	2019 R	2018 R
BATES			
Nie - bedryfsbates	2	9 029 514	9 037 861
Ander bates	3	3 966 281	3 893 275
Belegging van Sinodale fondse	4	48 844 367	45 378 097
Bedryfsbates		11 246 649	10 488 513
Waarde van beleggings in die geldmarkfasiliteite, asook die beleggingsinkomste, word aangeteken teen sigwaarde.

	2017 R	2016 R	2015 R
3. **Vaste bates**	-	-	-
Woonhuis te De Hoeveweg 65 Eldoraigne Pretoria teen redelike markwaarde	-	832 750	832 750
Registrasiekoste van woonhuis - Le Roux en du Plessis Prokureurs	-	17 250	17 250
Trek af: Voorsiening vir verkoop van eiendom [1]	-	850 000	850 000
4. **Belegging**	**20 000**	**450 541**	**418 609**
Belegging in geldmarkfonds			
5. **Debiteure**	-	**856 103**	**876 823**
JNH Mare - De hoeve Weg 65 Eldoraigne	-	842 650	831 372
AP Kerk - GKK	-	13 453	45 451
6. **Trustkapitaal**	**100**	**100**	**100**
Bydrae deur trustees			
7. **Algemene fonds**			
Saldo aan begin van die jaar	1 128 056	1 128 056	1 128 056
Tel by: Surplus vir die jaar	-	-	-
Trek af: Oorbetaal aan die AP Akademie NPC [1]	(1 108 156)		
Saldo aan die einde van die jaar	**19 900**	**1 128 056**	**1 128 056**
8. **Rekeninge betaalbaar**	-	**178 489**	**167 276**
Afrikaanse Protestantse Akademie NPC	-	**178 489**	167 276


[1] Die eiendom te De Hoeve weg 65 Eldoraigne is op 10 Februarie 2013 verkoop aan mnr. JNH Mare vir R850 000.00. Die Trust finansier die transaksie teen heersende oortrokke rentekoers min 1% oor 'n tydperk van 20 jaar. Die Trust bly in besit van die eiendom totdat die lening afgelos is. **Die lening is gedurende die jaar afgelos en die eiendom oorgedra.**

[1] Die Raad van die AP Akademie NPC het besluit om die Trust te ontbind. Volgens die Trustakte is die AP Akademie NPC die enigste begunstigde en word al die gelde in die Trust aan die AP Akademie oorbetaal.

TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.1

BYLAE GKK2.7


AP Kerk – GKK: 15% ontvang; totale uitgawe; administratiewe uitgawes en oorplasing na sinodale fondse ingevolge sinodale besluite.



TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.2.1, BL. 95

BYLAE GKK2.8

AP Kerk – GKK: Tendens van die hooflynitems sedert 2000 tot 2021



TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.2.1, BL. 95

BYLAE GKK2.9

Inkomste en uitgawes oor die sinodale tydperk: 2017 tot 2021

	BEGROOT 2021 R	WERKLIK 2021 R	BEGROOT 2020 R	WERKLIK 2020 R	BEGROOT 2019 R	WERKLIK 2019 R	BEGROOT 2018 R	WERKLIK 2018 R	BEGROOT 2017 R	WERKLIK 2017 R
INKOMSTE										
Gemeentebydraes (15%)	13 000 000	**14 773 468**	14 700 000	**14 059 177**	14 500 000	**14 761 771**	14 750 000	**14 852 148**	14 100 000	**14 367 225**
Trek af: Aanwending per toedeling aan Sinodale Fondse	(2 673 000)	**(2 684 190)**	(1 754 000)	**(1 774 534)**	(1 516 000)	**(1 531 227)**	(1 626 000)	**(1 641 179)**	(1 862 000)	**(1 896 998)**
APK Trustfonds	(645 000)	**(645 000)**	(250 000)	**(250 000)**	(250 000)	**(250 000)**	(500 000)	**(500 000)**	(500 000)	**(500 000)**
Sinodefonds			0	**0**	0	**0**	(25 000)	**(25 000)**	(25 000)	**(25 000)**
SKK Bedieningsfonds	(2 028 000)	**(2 028 000)**	(1 504 000)	**(1 504 000)**	(1 266 000)	**(1 266 000)**	(1 101 000)	**(1 101 000)**	(1 337 000)	**(1 337 000)**
SKK Motorfonds	0	**(11 190)**	0	**(20 534)**	0	**(15 227)**		**(15 179)**		**(34 998)**
Inkomste na toedeling aan fondse, voor uitgawes	10 327 000	**12 089 278**	12 946 000	**12 284 643**	12 984 000	**13 230 544**	13 124 000	**13 210 969**	12 238 000	**12 470 227**
UITGAWES	14 961 833	**15 063 010**	15 560 850	**13 495 662**	14 282 833	**13 441 442**	14 562 467	**13 422 396**	14 014 450	**13 579 509**
Die Afrikaanse Protestantse Akademie (Subsidie)	4 333 333	**4 925 644**	4 900 000	**4 686 405**	4 833 333	**4 920 590**	4 916 667	**5 191 891**	4 700 000	**4 789 074**
GKK administrasiekoste	11 086 500	**10 213 210**	11 087 600	**8 780 308**	9 859 500	**9 052 706**	10 026 500	**8 323 874**	9 658 000	**7 153 106**
Publikasie- en versending(surplus) / koste	(458 000)	**(75 844)**	(426 750)	**28 949**	(410 000)	**(531 854)**	(380 700)	**(93 369)**	(343 550)	**1 637 329**
Netto oorskot uit bedryfsaktiwiteite	(4 634 833)	**(2 973 732)**	(2 614 850)	**(1 211 019)**	(1 298 833)	**(210 898)**	(1 438 467)	**(211 427)**	(1 776 450)	**(1 109 282)**
Ander inkomste:	175 000	**11 032 508**	350 000	**4 619 961**	250 000	**4 419 224**	100 000	**(1 544 004)**	100 000	**5 547 149**
Rente ontvang	175 000	**231 813**	280 000	**151 275**	250 000	**230 392**	100 000	**262 442**	100 000	**310 193**
APA Deelpos		**75 921**	70 000	**70 960**		**66 940**				
Inkomste (Verlies) uit beleggings		**10 709 484**		**4 394 934**		**3 742 294**		**(1 931 092)**		**5 074 906**
Slegte skuld verhaal		**15 290**								
Skenking ontvang		**0**		**70**		**964**		**6 374**		**160 000**
Versekeringseis ontvang		**0**		**2 722**		**378 634**		**118 272**		**2 050**
Oorskot / (Tekort) voor inkomste uit belegging	(4 459 833)	**8 058 776**	(2 264 850)	**3 408 942**	(1 048 833)	**4 208 326**	(1 338 467)	**(1 755 431)**	(1 676 450)	**4 437 867**
Trek af: Toegedeel aan Sinodale Fondse	0	**(10 709 484)**		**(4 394 934)**		**(3 742 294)**		**1 931 092**		**(5 074 906)**
NETTO OORSKOT / (TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(4 459 833)	**(2 650 708)**	(2 264 850)	**(985 992)**	(1 048 833)	**466 032**	(1 338 467)	**175 661**	(1 676 450)	**(637 039)**
GKK ADMINISTRASIEKOSTE										
Bankkoste	42 000	**39 292**	55 000	**39 718**	50 000	**49 075**	50 000	**42 794**	48 000	**46 211**
Groepversekering	168 000	**153 523**	165 600	**157 900**	140 000	**149 542**	135 000	**134 785**	140 000	**130 888**
Instandhoudingsuitgawes	62 500	**64 571**	130 900	**61 592**	140 000	**128 896**	135 000	**149 109**	160 000	**124 232**
Internet en webbladkoste	25 000	**17 137**	22 000	**20 632**	9 000	**19 617**	12 000	**7 441**	14 000	**8 642**
Kommissiewerk	310 000	**153 023**	319 500	**156 408**	315 000	**207 924**	303 000	**167 731**	280 000	**178 493**
Mediese bystand afgetrede lede	1 695 000	**1 959 640**	1 450 000	**1 649 533**	1 500 000	**1 648 362**	2 500 000	**1 310 390**	2 200 000	**2 516 703**
Munisipale koste	80 000	**78 161**	80 000	**75 150**	85 000	**94 890**	60 000	**90 445**	85 000	**77 426**
Ouditgelde	32 000	**34 837**	30 000	**30 000**	27 000	**28 222**	25 000	**32 100**	24 000	**25 704**
Posgeld	0	**0**	27 500	**0**	25 000	**24 650**	25 000	**23 409**	22 000	**30 900**
Regskoste	15 000	**47 001**	3 500	**16 121**	3 500	**24 601**	3 500	**15 375**	0	**7 215**
Reiskoste - administratief	30 000	**28 637**	10 000	**13 790**	10 000	**22 775**	10 000	**8 981**	10 000	**8 204**
Rente betaal	0	**0**	0	**0**	0	**0**	0	**0**	12 000	**5 344**
Salarisse - administratief	8 345 000	**6 757 807**	8 475 000	**6 187 933**	7 205 000	**6 283 245**	6 338 000	**6 021 138**	6 388 000	**5 702 246**
Direkteur reiskoste		**0**	30 000	**0**	75 000	**0**	175 000	**6 500**	0	**0**
Sekuriteitskoste	7 500	**7 202**	6 600	**6 065**	0	**5 004**	0	**0**	0	**0**
Skryfbehoeftes	25 000	**14 676**	35 000	**13 129**	35 000	**29 610**	40 000	**22 649**	45 000	**31 690**
Slegte skuld	0	**2 582**	0	**99 330**	0	**0**	0	**0**	0	**0**
Spyseniering en verversings	7 500	**14 449**	10 000	**7 978**	10 000	**10 120**	10 000	**9 652**	10 000	**10 489**
Telefoon en faks	22 000	**22 615**	40 000	**20 818**	40 000	**32 587**	45 000	**34 698**	45 000	**39 810**
Vergoedingskommissaris	0	**13 391**	15 000	**19 167**	15 000	**13 731**	15 000	**15 499**	25 000	**15 072**
Verlies op pensioeneis teen CMM	0	**612 502**	0	**0**	0	**0**	0	**0**	0	**0**
Verlies met afskryf van bates	0	**0**	0	**0**	0	**97 070**	0	**57 024**	0	**0**
Versekering	70 000	**70 430**	62 000	**68 244**	55 000	**62 473**	45 000	**52 042**	50 000	**42 896**
Waardevermindering: GKK	150 000	**121 734**	120 000	**136 801**	120 000	**120 312**	100 000	**122 112**	100 000	**87 763**
Totale GKK administrasie koste	11 086 500	**10 213 210**	11 087 600	**8 780 309**	9 859 500	**9 052 706**	10 026 500	**8 323 874**	9 658 000	**9 089 928**
PUBLIKASIE- EN VERSENDINGKOSTE										
INKOMSTE	2 538 000	**2 014 238**	2 352 000	**1 715 536**	2 288 000	**2 166 374**	2 180 700	**1 993 384**	1 913 550	**1 773 817**
Verkope - Publikasies	1 200 000	**1 039 440**	1 000 000	**737 162**	900 000	**1 088 032**	850 000	**887 631**	800 000	**878 986**
- Boodskapper	1 278 000	**928 719**	1 292 000	**929 213**	1 328 000	**1 006 575**	1 285 700	**1 028 667**	1 063 550	**853 461**
Advertensies - Boodskapper	60 000	**46 079**	60 000	**49 161**	60 000	**71 767**	45 000	**77 086**	50 000	**41 370**
UITGAWES	2 080 000	**1 938 394**	1 925 250	**1 744 485**	1 878 000	**1 634 520**	1 800 000	**1 900 015**	1 570 000	**1 474 324**
Kosprys van verkope: - Publikasies	750 000	**558 119**	660 000	**583 232**	600 000	**473 966**	600 000	**635 021**	584 000	**387 225**
Drukkoste - Boodskapper	600 000	**485 294**	591 250	**472 764**	664 000	**512 893**	640 000	**618 613**	520 000	**621 469**
Instandhouding - sekuriteit	85 000	**74 984**	64 000	**77 076**	55 000	**79 038**	15 000	**48 422**	5 000	**14 523**
Medewerkers	45 000	**24 146**	45 000	**51 276**	45 000	**45 870**	40 000	**41 445**	25 000	**41 479**
Munisipale koste	60 000	**71 370**	60 000	**54 000**	60 000	**78 255**	70 000	**62 601**	50 000	**52 105**
Ouditkoste	32 500	**34 836**	30 000	**30 000**	25 000	**32 500**	25 000	**28 369**	20 000	**22 651**
Pligiewerings	15 000	**4 442**	10 000	**8 248**	10 000	**12 240**	15 000	**8 250**	15 000	**5 486**
Posgeld en verpakking	100 000	**197 756**	85 000	**90 958**	85 000	**73 951**	80 000	**94 194**	85 000	**78 483**
Redigeer/Vertaalfooie	290 000	**302 109**	290 000	**283 136**	264 000	**267 483**	240 000	**287 157**	200 000	**195 488**
Kommissiewerk - Publikasies	5 000	**2 960**	30 000	**3 648**	15 000	**15 089**	30 000	**13 749**	20 000	**16 070**
Skryfbehoeftes	20 000	**45 363**	15 000	**39 387**	15 000	**12 690**	15 000	**33 973**	16 000	**21 126**
Tantieme	10 000	**18 952**	5 000	**7 132**	5 000	**2 766**	5 000	**3 676**	5 000	**0**
Telefoon	17 500	**22 615**	15 000	**20 818**	15 000	**10 862**	15 000	**14 871**	15 000	**13 270**
Verkoopsbevordering	50 000	**95 448**	25 000	**22 810**	20 000	**16 917**	10 000	**9 674**	10 000	**4 949**
Netto publikasie- en versendingsurplus (uitgawe)	458 000	**75 844**	426 750	**(28 949)**	410 000	**531 854**	380 700	**93 369**	343 550	**299 493**

TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.2.2, BL. 95

BYLAE GKK2.10

Kommissiewerk 1/01/2017 tot 31/12/2021

Kommissie	**Werklik 2017 R**	Begroting 2017 R	**Werklik 2018 R**	Begroting 2018 R	**Werklik 2019 R**	Begroting 2019 R	**Werklik 2020 R**	Begroting 2020 R
Argief	**4 800**	7 000	**7 483**	8 000	**11 891**	6 000	**11 768**	12 500
GKK	**13 965**	25 000	**11 362**	4 000	**2 453**	2 500	-	3 000
Kerkleer en Christelike Etiek	**5 861**	6 000	-	15 000	**13 360**	16 000	**9 164**	17 500
Kerkregtelike sake	**34 115**	55 000	**13 451**	45 000	**11 611**	46 000	**3 603**	30 000
Formuliere en Liturgie	-	8 000	-	12 000	-	13 000	**8 670**	5 000
Kuratorium	**93 477**	90 000	**123 614**	137 000	**134 337**	140 000	**85 468**	175 000
SKK	**10 003**	45 000	**11 821**	27 000	**19 774**	35 000	**1 466**	22 000
Sending	**10 400**	16 000	-	21 000	**14 499**	22 500	**15 080**	18 500
Jeug en Verbondsonderrig	**5 872**	20 000	-	17 000	-	15 500	**11 737**	17 000
Onderwys en Opleiding	-	8 000	-	17 000	-	18 500	**9 450**	19 000
Subtotaal	**178 493**	280 000	**167 731**	303 000	**207 925**	315 000	**156 406**	319 500
Publikasies	**16 070**	20 000	**13 749**	30 000	**15 089**	15 000	**3 648**	15 000
Totaal	**194 563**	300 000	**181 480**	333 000	**223 014**	330 000	**160 054**	334 500
Totale benutting van begroting		64,85%		54,50%		67,58%		47,85%

TERUG NA GKK-VERSLAG PT. 5.2.3, BL. 95

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT APRIL 2022

6 Verslag: Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (KJV)

1. PERSONEEL

Primarii: Di. A Swart (voorsitter), F de Bruin (skriba), JHE du Plessis, OG van Rooyen (sr.), JA Jacobs.

Sekundi: Di. AM Appelgryn, NJ Grobler, RF Smit, W van Zyl, LJ du Preez, oudl. GL Fourie.

2. VERGADERINGS

Daar is twee amptelike vergaderings tydens die KJV se huidige termyn gehou. Die meeste van die werksaamhede van die kommissie is elektronies afgehandel.

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

3.1 BYBELKENNISEKSAMEN

Die KJV was bemoeid met die opstel van Bybelkenniseksamens vir die tydperk van die verslag. Die nuwe werkswyse van die eksamen is reeds sedert 2017 in werking en verloop effektief. Die besluit van die Sinode dat die eksamen op enige datum vanaf 1 Mei geskryf kan word, het bygedra dat gemeentes die eksamen makliker in hulle program kan inpas.

Die statistiek van gemeentes kon egter nie so volledig soos in die verlede bygehou word nie, aangesien nie alle gemeentes die resultate aan die kommissie stuur vir verslagdoening nie. Die impak van die COVID-19-pandemie kon egter ook in die skryf van die eksamen waargeneem word. Minder gemeentes en gevolglik minder lidmate het die eksamen in 2020 afgelê as in die vorige jare. In 2021 het die getalle weer bietjie verbeter teenoor 2020 se syfers. Die statistiek ontvang, word in die onderstaande tabelle uiteengesit.

Deelname aan die eksamen (soos vanaf gemeentes ontvang)

JAAR	GEMEENTES	GRAAD								BELYDEND	ONBEKEND	TOTAAL
		4	5	6	7	8	9	10	11			
2017	21	42	34	51	34	31	45	29	36	74	16	393
2018	15	25	19	10	26	29	19	27	23	45	0	223
2019	22	36	36	30	29	42	26	35	36	38	0	308
2020	4	3	1	5	0	3	7	1	4	25	0	49
2021	15	30	26	19	33	19	14	17	21	33	0	212

Prestasie van deelnemers aan die eksamen

JAAR	GEMEENTES	DEELNAME (0-49%)	BRONS (50-59%)	SILWER (60-69%)	GOUD (70-79%)	PLATINUM (80-89%)	HOOGSTE LOF (91-100%)
2017	21	13%	11%	12%	17%	25%	23%
2018	15	4%	7%	9%	18%	22%	39%
2019	22	8%	6%	10%	17%	33%	25%
2020	4	2%	4%	4%	18%	20%	51%
2021	15	6%	8%	14%	16%	25%	30%

Veranderinge in die aflê van die volgende jaar se vraestelle word nagevors. Webgebaseerde programme sal oorweeg word vir implementering vir die volgende jaar se Bybelkenniseksamen. Deelname sal per selfoon of rekenaar geskied. Elke persoon wat skryf, registreer via 'n selfoon/rekenaar en die resultaat is dadelik ná die skryf van die aanlyn vraestel beskikbaar. Die resultaat word steeds per gemeente gerapporteer. Die stelsel bring mee dat baie vinnig nagesien word en dat resultate bykans onmiddellik beskikbaar is. Vraestelle sal steeds deur middel van vraebanke deur die KJV opgestel word.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit vir die aanbieding van die jaarlikse Bybelkenniseksamen.
3.1.2 Die Sinode keur dit goed dat vraestelle op elektroniese toestelle afgelê kan word.
3.1.3 Die Sinode keur dit goed dat gemeentes wat vraestelle nie elektronies kan aflê nie, steeds vraestelle via die kerkverband se webblad kan aflaai om uit te druk. Dit sal beskikbaar wees vir twee jaar, waarna slegs elektroniese vraestelle beskikbaar gestel sal word.
3.1.4 Gemeentes word steeds aangemoedig om betrokke te bly in die uitbreiding van Bybelkennis deur die jaarlikse aflê van die eksamen deur doop- en belydende lidmate.

3.2 HERSIENING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE

Die KJV het in sy lasgewing die verantwoordelikheid vir die opstel van handboeke. Die *Ad hoc*-kommissie vir Verbondsonderrighandboeke is besig om aan die saak aandag te gee. Die KJV was betrokke by die proses en het saam met die PK kommentaar gelewer op die projek van lesse wat verskyn het vanaf die *Ad hoc*-kommissie (kyk die verslag van die *Ad hoc*-kommissie vir Verbondsonderrighandboeke, bl. 325).

AANBEVELING:

3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die *Ad hoc*-kommissie vir Verbondsonderrighandboeke tydelik verantwoordelik is vir die opstel van handboeke.

3.3 ADVIESE GEGEE

Die kommissie het gemeentes gereeld bedien met adviese insake die hantering van sake soos Verbondsonderrig en plaaslike administrasie van Jeug en Verbondsonderrig. Telefoniese en elektroniese navrae is deurlopend hanteer. Bystand is gelewer waar gemeentes hulp insake Bybelkenniseksamenprosedures benodig het.

4. BESKRYWINGSPUNTE

Teen die tyd van die afhandeling van die verslag, het die KJV geen beskrywingspunte ontvang nie.

5. SLOT

Die KJV vertrou dat hy sy opdragte bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode en al die gemeentes die seën van die Here toe.

Ds. A Swart (voorsitter) **Ds. F de Bruin (skriba)**

TYDPERK: 6 SEPTEMBER 2017 TOT 5 APRIL 2022

7 Verslag: Kommissie vir Onderwys en Opleiding (KOO)

1. LEDE

Die volgende lede het gedurende die verslagtydperk op die kommissie gedien:

Di. RK Combrink (voorsitter), AM Appelgryn (ondervoorsitter), LE Prinsloo (skriba).
K Myburgh, J Verdoes en oudle. HW Davel en MJ Louw.

Tydens die verslagtydperk is ds. K Myburgh en oudl. MJ Louw oorlede. Die werksaamhede van die kommissie het dit egter nie genoodsaak om sekundi op te roep nie.

2. VERGADERINGS

Die KOO het gepoog om koste te besnoei en kon vergaderings tot 'n minimum beperk. Alle ander kommissiewerk is elektronies afgehandel en per e-pos goedgekeur. Die KOO het sedert Sinode 2017 drie maal vergader, te wete: 6 September 2017, 28 Januarie 2020 en 14 April 2022.

3. OPDRAGTE VAN SINODES

3.1 CHRISTELIK-VOLKSEIE ONDERRIG (*Handelinge 2017*, bl. 400, pt. 5.1)

'n Ordemosie is tydens Sinode 2017 goedgekeur waarvolgens daar besluit is om nie 'n taakspan saam te stel nie, maar dat die KOO se lasgewing reeds daarvoor voorsiening maak. Derhalwe is pt. 5.1.2-5.1.12 van die 2017-aanbevelings na die KOO terugverwys om daaraan uitvoering te gee.

Die KOO gee uitvoering aan hierdie taak deur middel van 'n digitale peiling (kyk Bylae KOO1, bl. 202) wat op gemeentes se WhatsApp-groepe gedeel kon word. Die KOO besluit egter om die peiling uit te brei om meer as net die steun aan Christelike skole te peil, maar ook vas te stel tot hoe 'n mate opdragte van vorige sinodes uitgevoer word en of gemeentes bewus is van die moontlikhede van tersiêre opleiding in die onderwys by gerespekteerde Christelike instellings soos die APA en AROS.

Uit die opname blyk dat die probleem nie is dat lidmate onbewus is van die gevare van onderrig in openbare skole of van die voordele van Christelik-Volkseie Onderwys nie. Lidmate blyk ook nie onwillig te wees om steun aan Christelike skole te bied nie. Dit blyk eerder dat daar in die praktyk vir baie lidmate en gemeentes nie geleentheid daartoe is nie weens die feit dat daar geen Christelike skole in hul dorp is nie.

Waar toegang tot Christelike skole wel beskikbaar is en ouers openbare skole verkies, blyk die redes daarvoor die akademiese rekord, sportfasiliteite en -afrigting, groter skole en klasse of koste en skoolfooie te wees.

Dit blyk verder uit die peiling dat baie bestaande en voornemende onderwysers nie bewus is van die onderwyskwalifikasies wat by die APA verwerf kan word nie.

Vanuit die opname is die KOO van oordeel dat die ideaal van Christelik-Volkseie skole en die AP Kerk se beleid daaroor en ook die gevare wat onderrig in staatskole vir verbondskinders inhou, aan ouderlingrade, kerkrade en gemeentes welbekend is.

Die opname toon aan dat dit in baie gevalle nie moontlik is om skole te stig of te ondersteun nie weens die klein getalle van kinders, afstande en koste daaraan verbonde. In sulke gevalle moet ernstige oorweging geskenk word aan die moontlikhede van Christelike tuisonderrig.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verslag oor die peiling wat deur die KOO gedoen is.

3.1.2 Die Sinode neem kennis dat ouderlingerade, kerkrade en gemeentes volgens die opname van die KOO reeds bewus is van die inligting wat die KOO aan hulle oordra.

3.1.3 Die Sinode dra dit aan kerkrade op om bewusmaking oor moontlikhede vir tuisonderrig in hul gemeentes te onderneem.

3.1.4 Die Sinode dra dit aan kerkrade op om die onderwyskwalifikasies wat by die APA verwerf kan word, onder lidmate bekend te stel.

3.1.5 Die Sinode besluit dat enige verdere navrae oor die saak direk aan die volgende KOO gerig kan word.

3.2 INLIGTING AAN RINGE (*Handelinge 2017*, bl. 400, pt. 5.1.5)

Gemeentes en ringe is in die verlede deur sinodes aangemoedig om die KOO te nooi om tydens vergaderings inligting deur te gee. Daar is tydens die verslagtydperk geen sodanige versoeke ontvang nie.

AANBEVELING:

3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die KOO geen uitnodigings na kerklike vergaderings ontvang het nie.

4. KORRESPONDENSIE

Die KOO word gereeld vanuit die kerkverband versoek om advies te lewer oor sake wat betrekking het op onderwys en opleiding.

Korrespondensiestukke is sover moontlik per e-pos gesirkuleer en hanteer. Daarbenewens is enkele versoeke deur die KOO ontvang om advies te lewer, studiestukke op te stel of op voorgestelde wetgewing te reageer en *pro forma*-dokumente op te stel sodat gemeentes en lidmate daarop kan reageer. Hierdie sake is deur die kommissie hanteer en, waar moontlik, aan al die lede van die KOO gekommunikeer vir insette, waarna dit na die betrokke partye versend is.

Benewens korrespondensie van algemene aard, het die KOO sedert die vorige sinode versoeke ontvang om aandag te gee aan die volgende sake:

- Kommentaar op voorgestelde riglyne vir genderidentiteit en seksuele oriëntasie in openbare skole in die Wes-Kaap
- Kommentaar op voorgestelde wysiging van die Kinderwet van 2005
  - 'n Reaksie namens die kerkverband
  - *Pro forma*-dokumente vir kerkrade en lidmate
- Kommentaar op voorgestelde wysigings aan die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 (SASA) en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders van 1998 (EEA)
  - Kommentaar namens die kerkverband
  - *Pro forma*-dokumente vir gemeentes
  - Kommentaarartikel (Slawerny terug op die wetboek: kommentaar op voorgestelde wysiging van die onderwyswette)

- Verklaring uitgereik namens die AP Kerk aangaande die hooggeregshofuitspraak oor lyfstraf (kyk Bylae SKK6, bl. 40).
- 'n Skrywe van die kerkraad van die AP Kerk Olifantshoek rondom 'n ongemaklikheid met die vraelys
  - Antwoord verskaf

AANBEVELING:

4.1 Die Sinode neem kennis van die kerklike adviese deur die KOO hanteer.

5. BESKRYWINGSPUNTE

Teen die tyd van die afhandeling van die verslag, het die KOO geen beskrywingspunt ontvang nie.

6. BESWAARSKRIFTE

Teen die tyd van die afhandeling van die verslag, het die KOO geen beswaarskrif ontvang nie.

7. BEGROTING

Die KOO slaag met die genade van die Here daarin om binne die begroting te bly. Die begroting van die KOO word in die verslag van die GKK weergegee.

Die kommissie bid die Sinode die seën van die Here toe.

Goedgekeur deur die lede van die KOO per e-pos op 14/04/2022.

Ds. RK Combrink (voorsitter) **Ds. LE Prinsloo (skriba)**

Bylae KOO1

Peiling van steun aan Christelike skole

1. OPDRAG VAN DIE SINODE

"Die sinode besluit dat die KOO 'n opname moet maak van steun wat aan sulke skole gegee word met verslag aan die volgende sinode."

Die KOO besluit om die peiling uit te brei om meer as net die steun aan Christelike skole te peil, maar ook vas te stel tot hoe 'n mate opdragte van vorige sinodes uitgevoer word en of gemeentes bewus is van die moontlikhede van tersiêre opleiding in die onderwys by gerespekteerde Christelike instellings soos AROS en die APA.

2. ALGEMEEN

Kerkrade kon namens hul gemeente die peiling voltooi en 16 gemeentes voltooi die peiling.

Die totale getal skoolgaande kinders in hierdie gemeentes is 557.

- Ongeveer 61% (341) van hierdie kinders is in openbare skole.
- Ongeveer 27% (155) van hierdie kinders is in CVO skole.
- Ongeveer 6% (34) van hierdie kinders ontvang tuisonderrig.
- Ongeveer 5% (28) van hierdie kinders is in ander privaat skole.

Die totale getal onderwysers in hierdie gemeentes is 23. Hiervan is ...

- 11 in CVO skole werksaam en
- 12 in openbare skole werksaam.

3. UITVOERING VAN SINODALE OPDRAGTE EN VERSOEKE

Op die volgende vrae is die terugvoer soos volg ontvang:

3.1 *HANDELINGE 2010* bl. 255; pt. 3.3.4

Die sinode gee opdrag aan leraars en kerkrade om die BCVO en CVO-skole aktief te promoveer, te ondersteun en daarby in te skakel. Voer u **kerkraad** die opdrag uit?

- Uit 83 totale respondente antwoord
  – 50.6% (42) Ja – 49.4% (41) Nee
- Uit kerkraadslede antwoord
  – 46% (12) Ja – 54% (14) Nee
- Uit nie-kerkraadslede antwoord
  – 53% (30) Ja – 47% (27) Nee

3.2 *HANDELINGE 2010* bl. 255; p.t; 3.3.4

Die sinode gee opdrag aan leraars en kerkrade om die BCVO en CVO-skole aktief te promoveer, te ondersteun en by in te skakel. Voer u **leraar** die opdrag uit?

- Uit 83 totale respondente antwoord
  – 57% (47) Ja – 43% (36) Nee
- Uit kerkraadslede antwoord
  – 54% (14) Ja – 46% (12) Nee

- Uit nie-kerkraadslede antwoord
  – 58% (33) Ja – 42% (24) Nee

3.3 *HANDELINGE 2007* bl. 337 pt. 3.4.3

Die sinode wil kerkrade daarop wys dat hulle 'n verantwoordelikheid het om Christelike volkseie onderwys te bevorder. Hierdie verantwoordelikheid lê veral op drie terreine:

1. Toerusting van ouers oor wat Christelike volkseie onderwys behels.
2. Inligting aan ouers oor die huidige stand van sake in die onderwys.
3. Motivering van ouers om die primêre verantwoordelikheid vir Christelik-volkseie onderwys van hulle kinders te dra. Voer u **kerkraad** die opdrag uit?

   - Uit 83 totale respondente antwoord
     – 43% (36) Ja – 57% (47) Nee
   - Uit kerkraadslede antwoord
     – 46% (12) Ja – 54% (14) Nee
   - Uit nie-kerkraadslede antwoord
     – 42% (24) Ja – 58% (33) Nee

3.4 WAT IS DIE HOOFREDES WAT OUERS AANVOER VIR HULLE KINDERS SE ONDERRIG IN:

Staatskole; BCVO; ander privaatskole; tuisskool? Respondente kon kies uit die volgende redes of 'n ander invul.

- Goeie akademiese onderrig
- Goeie sportfasiliteite en afrigting
- Vanweë geloofsbeginsels
- Christelike volkseie waardes
- Grootte van skool/getalle in klasse
- Ouerbetrokkenheid
- Opbou van gesinsbande
- Word deur die plaaslike AP Kerk aangemoedig
- Dissipline
- Koste/skoolfooie

Die hoofredes wat aangevoer is, is soos volg:

Staatskole:
- Goeie akademiese onderrig
- Goeie sportfasiliteite en afrigting
- Grootte van skool / getalle in klasse
- Koste/skoolfooie

CVO:
- Goeie akademiese onderrig
- Vanweë geloofsbeginsels
- Christelike volkseie waardes

Ander Privaatskole:
- Goeie akademiese onderrig
- Dissipline

Tuisskool:
- Goeie akademiese onderrig
- Vanweë geloofsbeginsels
- Christelike volkseie waardes
- Ouerbetrokkenheid
- Opbou van gesinsbande
- Dissipline
- Koste/skoolfooie

3.5 MOTIVERING KON VOORSIEN WORD VIR VRAE 3.1-3.3 DEUR MIDDEL VAN 'N INSKRYF-OPSIE

Antwoorde in hierdie verband is te uiteenlopend om in getalle- of persentasiewaardes uit te druk. Wat egter duidelik uit hierdie motiverings na vore kom, is 'n algemene gewilligheid om die sinodale opdragte uit te voer wat belemmer word deur onder meer:

- Dat geen CVO skool in 'n bepaalde dorp bestaan nie
- Groot afstande na die naaste CVO skool
- Gebrek aan getalle om 'n CVO skool te stig
- Gebrek aan fondse om 'n CVO skool te vestig
- Negatiwiteit teenoor CVO skole weens twiste en negatiewe ervaringe in die verlede

4. BEWUSTHEID ONDER LIDMATE VAN MOONTLIKHEDE VAN TERSIÊRE STUDIE IN ONDERWYS BY BETROUBARE CHRISTELIKE INSTELLINGS

4.1 DINK U BESTAANDE EN VOORNEMENDE ONDERWYSERS IN U GEMEENTE IS BEWUS VAN KURSUSSE IN CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE BY AROS?

- Uit 83 totale respondente antwoord
  – 50.6% (42) Ja – 49.4% (41) Nee
- Uit kerkraadslede antwoord
  – 46% (12) Ja – 54% (14) Nee
- Uit nie-kerkraadslede antwoord
  – 53% (30) Ja – 47% (27) Nee

4.2 DINK U BESTAANDE EN VOORNEMENDE ONDERWYSERS IN U GEMEENTE IS BEWUS VAN DIE ONDERWYSKWALIFIKASIE (NGOS) WAT DIE APA AANBIED?

- Uit 83 totale respondente antwoord
  – 43% (36) Ja – 57% (47) Nee
- Uit kerkraadslede antwoord
  – 38.5% (10) Ja – 61.5% (16) Nee
- Uit nie-kerkraadslede antwoord
  – 46% (26) Ja – 54% (31) Nee

TERUG NA KOO-VERSLAG PT. 3.1

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT AUGUSTUS 2022

8 Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL)

1. PERSONEEL

1.1. DEUR DIE VYFTIENDE SINODE AANGEWYS

Primarii: Di. AJ Ferreira (skriba), JA Jacobs, AS Kruger (voorsitter).
Sekundi: Di. GM Blom, LP Stoltz, WJ Theron.

1.2 PERSONEELWYSIGINGS

Ná die Sinode in 2017 het daar wisseling van kommissielede plaasgevind deurdat twee van die drie primarii nie meer by die werksaamhede van die kommissie betrokke kon wees nie. Ds. AS Kruger het oorgegaan tot 'n ander lewenstaak en uit die kommissie bedank. Ds. JA Jacobs emeriteer op 21 April 2019.

1.3 KOMMISSIE SEDERT PERSONEELWYSIGINGS

Di. LP Stoltz (voorsitter), GM Blom (ondervoorsitter), AJ Ferreira (skriba).

2. VERGADERINGS

Daar is drie amptelike vergaderings tydens die termyn gehou. Hierdie vergaderings het plaasgevind op 6 September 2017, 27 Januarie 2020 en 11 April 2022.

3. SINODALE OPDRAGTE

3.1. KORTBEGRIP VAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS (*Handelinge 2017*, bl. 395, pt. 6.6. Kyk PK-verslag pt. 4.6, bl. 219)

Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK ondersoek in te stel na moontlike veranderinge aan die Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.

Werkswyse:

Prof. Alwyn Swanepoel is as kundige gekoöpteer. Die kommissie het die *Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus* deurgewerk met die oog op moontlike veranderinge, maar bevind dat daar nie werklik sinvolle veranderinge aangebring kan word nie. Dit is so aan die Publikasie Kommissie (PK) meegedeel.

AANBEVELING:

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die ondersoek en aanvaar die KFL se gevolgtrekking dat wysigings aan *Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus* nie nou sinvol aangebring kan word nie.

4. ANDER WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

4.1 HERSIENING VAN EREDIENSBOEK

'n Versoek is vanaf die PK ontvang vir die hersiening van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*.

Werkswyse:
Die kommissie het die publikasie deurgewerk en voorstelle vir moontlike verbeteringe en veranderinge is aan die PK gestuur.

AANBEVELING:

4.1.1 Die Sinode neem kennis van die ondersoek wat gedoen is en hanteer die saak tydens die PK-verslag (pt. 5.6) op bl. 229.

5. BESKRYWINGSPUNT

5.1 RING VAN MIDDELBURG: LITURGIESE ORDE, FORMULIERE EN VOORSKRIFTE

Voorstel:
Die Sinode neem met kommer kennis daarvan dat sommige predikante en ouderlingerade hulle nie aan die diensordes, formuliere en belydenisskrifte, soos gepubliseer in die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, hou nie.

Die Sinode versoek ringe en ouderlingerade om dringend aan die saak aandag te skenk en toe te sien dat predikante, ouderlingerade en gemeentes hulle aan die besluite rakende die erediens en die erediensordes in die AP kerkverband hou.

Motivering:
Dit is onder die Ring se aandag gebring dat daar 'n erediensopname van 'n AP Kerk oor sosiale media versprei is waartydens die wet en belydenis nie gelees is nie; die lofsang nie uit die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* geneem is nie, maar vervang is met 'n populêre Amerikaanse countrylied met geestelike inslag; die verbondskinders (in stryd met die Here Jesus se opdrag "laat die kindertjies na My toe kom") voor die prediking uit die erediens weggestuur is. 'n Lidmaat getuig dat hy met reisattestaat vir 'n tydperk in 'n gemeente die eredienste bygewoon het waar die Twaalf Artikels nie gelees word nie, omdat die plaaslike leraar besware het teen die belydenis "ter helle neergedaal" en die sinode se besluit in die verband. 'n Lidmaat wat verhuis het, het met ontsteltenis berig dat haar predikant besig is met 'n meningsopname onder lidmate oor die gebruik van 'n orkes en ander liedere in die erediens anders as die Psalms en Gesange. Die enkele voorbeelde kan vermeerder word en dui op 'n onrusbarende afwyking in die kerk oor die beskouing van die erediens.

Die kerk se teologiese besinning oor die erediens is in opdrag van die sinode in die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* gepubliseer en tydens die Twaalfde Sinode goedgekeur en in gebruik gestel (*Handelinge 2017*, bl. 309). Daarmee saam is die erediensordes per sinodebesluit voorgeskryf. Die eietydse formuliere het ook beslag gekry vir gebruik naas en in afwisseling met die klassieke formuliere binne die erediens van die AP Kerk. Behalwe vir die *Erediensboek* is die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* deur die sinode goedgekeur vir gebruik in die erediens (met enkele liedere vir gebruik buite die erediens).

Die erediens is die belangrikste aktiwiteit van elke gemeente as liggaam van Christus. Dit is 'n samekoms deur God byeengebring wat uitdrukking gee aan die verbondsverkeer tussen God en sy gemeente. Die verloop van die erediens vloei voort uit God se spreke en Hy bly daarom altyd in die sentrum staan en nie menslike voorkeure of gemak nie. Die sinode besluit hoe die erediens

ingerig word, oor die liederebundel, liturgiese formuliere en ordes wat in die erediens gebruik kan word. Die kerkraad reël die erediens só dat alles ordelik en welvoeglik sal verloop (vgl. 1 Kor. 14:33, 40). Die liturg neem die leiding in die verloop van die erediens – maar daar is geen plek vir willekeur nie. Hy moet God se Woord spreek en nie sy eie nie. Daarom moet hy afsien van eie waarde, allerlei dekorasies, onnodige gepraat, tierlantyntjies en liefhebberye. Hy moet hou by die sinvolle voorgeskrewe liturgiese beginsels soos bepaal deur die kerke (gemeentes) in kerkverband (vgl. *Erediensboek*, bl. 3-4).

Die kerke in kerkverband het ooreengekom dat die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* die voorgeskrewe liturgiese beginsels bevat en die diensordes gee waarvolgens kerkrade die erediens ordelik moet inrig. Dit is ook ons gesamentlike akkoord dat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* die liedere bevat wat in die erediens gesing mag word. Die sake is per besluit van die sinode vasgelê en mag nie willekeurig verander word of mee weggedoen word nie. Daar is in die verband geen ruimte vir willekeur of persoonlik insigte en voorkeure wat dan die verloop van en orde in die erediens bepaal nie.

Die onmiddellike verlede getuig daarvan dat in kerke uit die gereformeerde tradisie dit juis willekeur met betrekking tot die erediens was wat aanleiding gegee het tot vervlakking, afwykings in die leer en verval van die liggaam van Christus. Die willekeur word in die Skrif aangedui as bron van valse leer: *Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens* (vgl. 1 Sam. 15:23) Die erediensordes, formuliere en belydenisskrifte wat in die Erediensboek vervat is, rus nie op eiesinnige interpretasies nie, maar op die gesonde leer en is opgestel in gehoorsaamheid aan die Skrif. Daarom moet daaraan gehou word, tensy die sinode in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here anders reël.

Willekeur in die erediens bring die eenheid van die AP kerke in kerkverband in die gedrang. Die erediens gee uitdrukking aan die eie aard en karakter van die AP Kerk en onderskei dié kerk van ander kerke. Sodra die erediens egter in elke gemeente 'n ander aansig kry, met elke predikant en ouderlingeraad wat dit na eie goeddunke inrig, word die etos, aard en karakter van die kerk vernietig. Ter wille van die eenheid en die onderlinge band wat ons as kerkverband saambind, behoort daar ten opsigte van die erediens eenstemmige lof aan God gebring te word. (*Leer en Bely*, Les 3 – Dinsdag: Verheerlik Hom uit een mond.) So behoort ons ook as kerke en kerkverband eenstemmig tot sy eer en in gehoorsaamheid aan sy Woord ons erediens te vier, soos dit pas.

AANBEVELINGS:

5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode neem met kommer daarvan kennis dat sommige predikante en ouderlingerade hulle nie aan die diensordes, formuliere en belydenisskrifte, soos gepubliseer in die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk,* hou nie.

5.1.3 Die Sinode versoek ringe en ouderlingerade om dringend aan die saak aandag te skenk en toe te sien dat predikante, ouderlingerade en gemeentes hulle aan die besluite rakende die erediens en die erediensordes in die AP kerkverband hou.

Hiermee vertrou die kommissie dat sy werksaamhede na behore en tot eer van die Here afgehandel is.

Di. LP Stoltz (voorsitter) **AJ Ferreira (skriba)**

9 Verslag: Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE)

1. PERSONEEL

Primarii: Di. GCD Stoltz (voorsitter), P Janse van Rensburg (ondervoorsitter), WJ Malan, JB Trollip, SA Roets en prof. dr. J Bosman (adviserend).
Sekundi: Dr. CF Meiring en ds. F Pretorius.

Dit was gedurende die verslagtydperk nie nodig om enige van die sekundi op te roep nie.

2. LASGEWING

Die lasgewing van die KSE volgens *Kerkorde 2018* (bl. 181) is:

1. hulpverlening waar moontlik om sending- en evangelisasie-aksies te koördineer;
2. om advies te gee; en
3. toe te sien dat op elke sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP kerkverband.

3. VERGADERINGS

Die Kommissie vir Sending en Evangelisasie het tot op datum van die verslag se voorbereiding 3 keer vergader: 21 Januarie 2019, 28 Januarie 2020 en 19 Januarie 2022.

4. ADVIES AAN GEMEENTES

Sedert Sinode 2017 tot op datum van verslag, het geen gemeente of ring advies van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie gevra nie.

Die AP Kerk Trans-Magalies het op 18 September 2021 'n seminaar aangebied met die tema: "Gaan en maak dissipels". Lede van die KSE is gevra om by die geleentheid op te tree. Die gemeente het ook alle ander gemeentes uitgenooi om die geleentheid by te woon. Die seminaar is deur 77 persone bygewoon en deur meer as 200 mense op die internet gevolg.

AANBEVELINGS:

4.1 Die Sinode neem kennis dat daar nie enige advies van die KSE gevra is nie.
4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die inisiatief van die AP Kerk Trans-Magalies.

5. VERSLAG OOR DIE STAND VAN SENDING IN DIE AP KERKVERBAND

Tydens die Dertiende Sinode is besluit om weer die Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) tot stand te bring. Volgens die besluit, moet die KSE tydens elke Sinode terugvoer gee oor die stand van sending en evangelisasie in elke gemeente. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, is daar 'n vraelys met enkele vrae oor die stand van sending in elke gemeente, aan al die gemeentes gestuur.

i) Uit 203 gemeentes, het slegs 40 gemeentes die voltooide vraelys teruggestuur.
ii) Opsomming van antwoorde:

SENDING

Vraag 1: Het u gemeente enige uitreikaksies na mense of lande wat nog nooit die evangelie gehoor het nie? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

Slegs twee gemeentes het hierop positief geantwoord:

- Grootfontein (Tvl.): Di. Schalk Strauss en Johan Schütte het besoek in Indië afgelê.
- Kimberley-Die Kruis het jaarliks uitreike na lande soos Egipte, Indië, Sjina en Jemen.
- Trans-Magalies het 'n uitreik na Beira in Mosambiek beplan, wat op 'n baie laat stadium gekanselleer moes word weens COVID-19-regulasies.

Vraag 2: Het u as gemeente kontak met 'n sendeling wat iewers onder mense werk wat nog nie die evangelie gehoor het nie? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

Slegs vyf gemeentes het positief geantwoord:

- Grootfontein (Tvl.) het kontak met Paul en Toni Ferreira wat in Nepal werk.
- Hopetown het kontak met Fred Nel van Eternal Life Outreach wat onder Moslems werk.
- Kimberley-Die Kruis het kontak met sendelinge in sewe lande waar met onbereikte mense gewerk word.
- Lichtenburg het kontak met Rika wat in Egipte werk.
- Trans-Magalies het kontak met Clerisnan Costa in Mosambiek

Vraag 3: Gee u gemeente 'n finansiële bydrae aan 'n sendeling of sendingorganisasie? (Let wel: nie 'n barmhartigheidsorganisasie nie). Indien u antwoord "Ja" is, vermeld die organisasie en land waar die sendeling werk.

Nege gemeentes antwoord positief:

- Bloemfontein Moedergemeente: Geopende Deure.
- Ellisras: Betrokke by Dendron se aksie in Botswana.
- Grootfontein (Tvl.): Nepal.
- Hopetown: Christelike Seemansorganisasie en Eternal Life Outreach.
- Kimberley-Die Kruis: Incontext International, Nepal, Pakistan, Zambië, Oekraïne, Sports Link in vlugtelingkampe, Sjina en Egipte.
- Lichtenburg: AP Kerk Dendron se aksie in Botswana en Egipte.
- Moot-Sentraal: Christelike Seemansorganisasie.
- Mosselbaai: Creation Ministries en AP Kerk Dendron se aksie in Botswana.
- Verwoerdburg: Geopende Deure en AP Kerk Dendron se aksie in Botswana.

Vraag 4: Het 'n sendeling al by u gemeente kom terugvoer gee oor die werk wat hulle doen? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

Nege gemeentes antwoord:

- Bloemfontein Moedergemeente: Die Gideons gee gereeld terugvoer.
- Grootfontein (Tvl.): Sendelinge uit Nepal gee in die gemeente terugvoer wanneer hulle in Suid-Afrika is.

- Kimberley-Die Kruis: Sendelinge uit al die lande waar die gemeente betrokke is, kom gee terugvoer wanneer hulle in Suid-Afrika is.
- Lichtenburg: Rika van Egipte, Mike Burnard van Incontext en ’n egpaar uit Indië gee terugvoer.
- Moot-Sentraal: Die Christelike Seemansorganisasie gee terugvoer in die gemeente.
- Mosselbaai: ’n Sendeling wat in Afrika werk gee terugvoer.
- Potchefstroom: Ds. Marius Storm gee terugvoer oor werk in Holland en Hennie van den Berg gaan in die gemeente tuis wanneer hy onder Moslems in Potchefstroom werk. Hy gee ook terugvoer in die gemeente.
- Trans-Magalies: Gustav Krös van Incontext International gee terugvoer.
- Verwoerdburg: Ds. Storm wat in Holland werk gee terugvoer.

EVANGELISASIE

Vraag 1: Het u gemeente enige uitreikaksies na mense in u dorp of omgewing? (Let asseblief weer daarop dat dit nie hier gaan oor barmhartigheidswerk of uitdeel van kospakkies of klere nie, maar ’n uitreik met die Woord van die Here. Indien ’n uitreik met die Woord met ’n barmhartigheidsprojek saamval, kan u dit asseblief so verduidelik?)

Veertien gemeentes antwoord:

- Alfa: Die gemeente het ’n motorfietsgroep wat gedurende ritte Bybels versprei het.
- Bloemfontein Moedergemeente: Uitreike na hulpbehoewende volksgenote deur barmhartigheidsdienste, waartydens die Woord verkondig word. Die gemeente werk ook saam met die maatskaplike organisasie, Oranje Selfhelp, waar ’n weeklikse biduur gehou word.
- Brits: Een van die lidmate reik uit na mense in die dorp.
- Carletonville: Reik uit na kinders op die dorp en skakel hulle by die verbondsonderrig in. Sommige ouers het op so ’n manier al by die gemeente betrokke geraak.
- Delareyville: Besoek lidmate wat kerklos geraak het.
- Dendron: Hulle inisieer en ondersteun die bediening in Botswana. Hulle beroep ds. Adriaan Botes en stuur hom na Botswana vir voltydse bediening. Ds. Botes het intussen ’n beroep na Lydenburg opgevolg. Hulle is werksaam in ’n blanke plakkerskamp in Pietersburg en versprei Bybels en doen evangelieverkondiging. Lidmate open soggens met Skriflesing en gebed saam met hul plaaswerkers.
- Ellisras: Die gemeente is baie betrokke by die CVO-skool en op hierdie manier het van die gesinne by die gemeente betrokke geraak.
- Hoëveld-Ermelo: Deel Bybels uit aan die werkers by MediClinic. Hulle gee ook Bybels en geskenke aan behoeftige gesinne.
- Grootfontein (Tvl.): Is betrokke by “Kinders van die Lig”-kampe.
- Kempton Park: Uitdeel van Bybels onder alle volke.
- Kimberley-Die Kruis: Besoeke aan hospitale met sang en gebed; besoeke aan permanente inwoners in ’n woonwapark; gereelde uitreike na die drie aftree-oorde met Woordbediening en sang. Die gemeente onderneem ook jaarliks ’n stranddienskamp om die evangelie met vakansiegangers te deel.
- Kleinfontein: Heraktiveringskomitee is saamgestel om kerkloslidmate te besoek.
- Lichtenburg: Bybels in verskillende tale word aan alle mense in die gemeenskap uitgedeel.
- Moot-Sentraal: Ondersteuning van die projek van AP Kerk Trans-Magalies na gemeentes in die Karoo.
- Mosselbaai: Uitdeel van Bybels aan mense van verskillende bevolkingsgroepe.

- Pietersburg: Verspreiding van Bybels aan plaaswerkers.
- Potchefstroom: Christelike boekies in Tswana, Engels en Afrikaans word aan besighede gegee om aan hulle werkers uit te deel. Die gemeente se leraars gee Bybels aan swart gemeenskapsleiers om dit aan hulle mense te versprei. Deur "Kinders van die Lig"-kampe, word uitgereik na behoeftige mense in Orkney, Vierfontein en Potchefstroom. Deur stranddienskampe word aan studente die geleentheid gegee om die evangelie na vakansiegangers in Natal te neem. Bybels in Afrikaans, Engels en Zoeloe word gedurende die aksie versprei.
- Thabazimbi: Besoeke by aftree-oorde.
- Trans-Magalies: Die gemeente is baie betrokke by Afrikaneropheffingskampe. Die Woord word bedien, huwelike bevestig, Bybelstudie gehou en geloofsvrae beantwoord. Die jeug van die gemeente het 'n projek om 2000 Johannesevangelies in verskillende tale te versprei. Dit word onder meer op besige dae by inkopiesentrums gedoen. Die gemeente is 'n vriend van die Gideons en werk nou met hulle saam om meer as 150 Bybels per maand te versprei. Hulle is betrokke by twee Tsongagemeentes, waar hulle elke lidmaat van 'n Bybel voorsien het.
- Wes-Moot: Die "Kinders van die Lig"-kamp vind in die gemeente plaas. Dit is n jaarlikse kamp waar kontak met die kinders gemaak word. Opvolgaksies vind deurlopend deur die jaar plaas, waartydens hierdie kinders en hulle gesinne bearbei word. Wesmoot en Pretoria-Oos neem saam aan hierdie aksie deel, waar studente van Asjas die leiding neem. Opvolgaksies is in die vorm van 'n erediens met etes en Bybelstudie daarna.

Vraag 2: Gee u gemeente enige bydraes aan die Bybelgenootskap?

38 van die 40 gemeentes wat hulle vraelyste ingestuur het, gee bydraes aan die Bybelgenootskap.

AANBEVELINGS:

5.1 Die Sinode neem met leedwese kennis dat slegs 40 van die 203 gemeentes hulle vraelyste teruggestuur het.

5.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die stand van sending en evangelisasie in die kerkverband.

6. STATUS EN BEROEPING VAN SENDELINGE

Die Vyftiende Sinode het besluit "dat 'n studiestuk met aanbevelings oor die plek, beroeping, bevestiging, opsig en tug oor sendelinge in die AP kerkverband opgestel moet word. Die KSE moet hierdie verslag opstel met insette vanuit ander kommissies" (*Handelinge 2017*, bl. 386, pt. 4.3.1).

AANBEVELINGS:

6.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie opdrag nie voltooi is nie.

6.2 Die Sinode dra dit aan die volgende KSE op om die studiestuk vir die volgende sinode af te handel en voor te berei.

7. SLOT

Hiermee vertrou die Kommissie vir Sending en Evangelisasie dat die kommissie sy taak tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het en dat die verslag 'n ware en getroue weergawe van die werksaamhede en aktiwiteite van die kommissie is.

Ds. Danilo Stoltz (voorsitter)

TYDPERK: 6 SEPTEMBER 2017 TOT 5 APRIL 2022

10 Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE)

1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK

Die volgende lede het gedurende die verslagtydperk op die kommissie gedien:

Primarii: Di. MJL Jordaan (voorsitter), MJ Mattheus (ondervoorsitter), RJ Pretorius (skriba), RK Combrink, HLJ Erasmus, oudl. NF Nel.
Sekundi: Di. CJ Denysschen, HJ Jones, LAF Kirstein, OG van Rooyen (sr.), oudl. AS van Niekerk, prof. dr. GDS Smit (adviserend).

Personeelwisseling:

Oudl. NF Nel is deur Sinode 2017 op die KKCE aangewys. Hy het egter aangedui dat hy nie kans sien om op die KKCE te dien nie. Ds. CJ Denysschen het in 2018 as eerste sekundus die plek van ds. Erasmus ingeneem, nadat ds. Erasmus oorgegaan het tot 'n ander lewenstaak. Ds. Denysschen het op 31 Oktober 2021 geëmeriteer. Die KKCE koöpteer hom wel om die kommissie behulpsaam te wees in die afhandeling van sy studiestukke en werksaamhede.

2. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE

Die KKCE het gepoog om koste te besnoei en kon volgens die begroting een maal per jaar vergader. Alle ander werksaamhede is elektronies afgehandel en per e-pos goedgekeur. Die KKCE het sedert Sinode 2017 vyf maal vergader, te wete: 6 September 2017, 21 Januarie 2019, 27 Januarie 2020, 18 Maart 2021 en 5 April 2022.

3. OPDRAGTE VAN SINODES

3.1 STUDIESTUK OOR *KERKORDE 2018*, ARTIKEL 59.3.4 (*Handelinge 2017*, bl. 373, pt. 7.1.1 en 7.1.2)

Die aanbevelings is nie goedgekeur nie en die studiestuk word terugverwys na die KKCE.

Daar is geen insette van die beswaardes teen die studiestuk ingedien nie. Die KKCE is van mening dat volstaan kan word by die studiestuk van 2017.

AANBEVELINGS:

3.1.1 Die Sinode neem kennis dat die KKCE nie die standpunt van die studiestuk gewysig het nie.
3.1.2 Die Sinode besluit om te volstaan met die studiestuk in die sakelys van 2017 KKCE Bylae 5 (kyk *Sakelys 2017*, bl. 226).
3.1.3 Die Sinode neem kennis van die studiestuk.

3.2 VERKLARING VAN WAT DIE SINODE AS TENTMAKERBEDIENING BESKOU (*Handelinge 2017*, bl. 373, pt. 7.2.3)

Die Sinode besluit dat die KKCE en SKK gesamentlik ondersoek moet doen om die volgende sinode te voorsien van 'n studiestuk oor wat as "tentmakerbediening" beskou kan word. Die sinode versoek die KKCE en SKK om in die ondersoek aandag te gee aan die leraar se roepingsbewustheid ten opsigte van sy verantwoordelikheid as hoof van sy gesin, asook as bedienaar van die Woord.

Die KKCE het op sy laaste vergadering 'n finale studiestuk opgestel en dit aan die SKK deurgegee vir verdere hantering en rapport aan die sinode (kyk SKK-verslag pt. 3.12, bl. 15).

AANBEVELINGS:

3.2.1 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die KKCE ten opsigte van die studiestuk oor tentmakerbediening.

3.2.2 Die Sinode besluit om die aanbevelings van die SKK tydens die bespreking van die SKK-verslag te hanteer.

3.3 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (*Handelinge 2017*, bl. 371, pt. 3.3.3 en 3.3.4).

3.3.3 *Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKCE en die SKK om te poog om gesprek te voer met die NGK en die NHKA oor die verhouding tussen die kerke met betrekking tot die toelating van lidmate.*

3.3.4 *Die Sinode besluit om die bestaande verhouding tussen die NGK en NHKA te handhaaf totdat die AP Kerk geleentheid kry om die saak by die TKR ter tafel te bring en aan die volgende sinode verslag te gee.*

Die AP Kerk het geen uitnodiging na die TKR ontvang nie en derhalwe kon daar nie aan die opdrag uitvoering gegee word nie. Rakende gesprekke met ander kerkverbande word daar in die SKK se verslag (pt. 3.4, bl. 9) daaroor rapporteer. Die GKSA se besware oor die AP Kerk se standpunt rakende lidmaatskap, is elektronies aan al die lede van die KKCE gestuur en daar is met ontsteltenis daarvan kennis geneem.

AANBEVELINGS:

3.3.1 Die Sinode neem kennis dat die sake deur die SKK hanteer is en dat dit nie nodig was om die KKCE by verdere gesprekke te betrek nie.

3.3.2 Die Sinode besluit om die "Toelating van lidmate uit ander kerke" tydens die SKK-verslag te hanteer.

3.4 STANDPUNT TEEN DIE EVOLUSIELEER (*Handelinge 2017*, bl. 371, pt. 5.1.3)

Die Sinode neem kennis van Bylae KKCE3 en verwys die saak terug na die KKCE, KJV en PK om, met inagneming van die voorstelle van die Ring van Stellenbosch in Bylae KKCE3, gesamentlik ondersoek in te stel in hoe 'n mate die skeppingsleer in die leerplanne van die verbondsonderrighandboeke ingewerk kan word met verslag aan die sinode.

Die KKCE het tydens sy termyn met die voorsitter van die *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke en -handleidings in gesprek getree om uit te vind hoe ver gevorder is en hulp aan te bied oor die saak. Daar was geen verdere navrae van die *Ad hoc*-kommissie aan die KKCE in die verband nie.

AANBEVELINGS:

3.4.1 Die Sinode besluit om die saak oor die standpunt oor evolusieleer na die *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke en -handleidings te verwys.

3.5 DIE ENGELSE WEERGAWE VAN *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* (*Handelinge 2017*, bl. 349, pt. 4.3.2)

Die saak word in die PK-verslag behandel (kyk  **PK-verslag pt. 4.12.1-3**, bl. 220)

4. KORRESPONDENSIE

Die KKCE word gereeld vanuit die kerkverband versoek om advies te lewer op sake van kerklike en etiese belang.

Korrespondensiestukke is sover moontlik tydens geskeduleerde vergaderings hanteer. Daarbenewens is talle versoeke deur die KKCE, veral van kerkrade en leraars ontvang, om advies te lewer oor spesifieke sake. Hierdie adviese is deur die kommissie opgestel en, waar moontlik, aan al die lede van die KKCE gekommunikeer vir insette, waarna dit na die betrokke partye versend is. Benewens korrespondensie van algemene aard, het die KKCE sedert die vorige sinode versoeke van kerkrade en lidmate ontvang om advies te lewer oor die volgende sake:

- Daar was ’n navraag oor al die studiestukke wat deur die jare deur sinodes as standpunt goedgekeur is.
- Hantering in gevalle waar lidmate buite die huwelik saamwoon.
- Navraag oor die volkseie kerk.
- Navraag oor sinodebesluite in verband met bidure.
- Volksverootmoediging.
- Die gebruik van kerse tydens eredienste.
- Navraag oor Sondaghandel – vorige advies is net deurgestuur.
- Bediening van die doop tydens die grendeltyd – AP Kerk Bloemfontein.
- Ondersoek of die dokument “Vidiciae Contra Tyrannos” wat uit die Reformasie dateer in ooreenstemming met die gereformeerde Skrifverklaring is.
- Navraag oor die toelating van alkohol tydens gemeenteaktiwiteite. ’n Advies is in hierdie verband opgestel en uitgestuur.

Op versoek van ander kommissies, is standpunte oor die volgende sake geformuleer:

- ’n Antwoord aan dr. De Swart in verband met artikel 3 van die *Kerkorde – Die Boodskapper.*
- ’n Standpunt oor die hofsaak aangaande genadedood. *Die Boodskapper*. Ds. Ryno van As is gevra om ’n artikel daaroor te skryf aangesien dit in die studieveld van sy skripsie val.
- ’n Standpunt oor die voorgestelde huwelikswet – SKK.
- Daar was ook ’n skrywe vanaf ’n emeritusleraar aan verskeie kommissies bespreek en na die kuratorium vir hantering verwys.
- ’n Skrywe van ’n emerituspredikant aan verskeie kommissies is bespreek en na die Kuratorium verwys vir hantering.
- Die voorsitter het as lid van ’n *ad hoc*-kommissie uit die geledere van die Kuratorium, KKS en KKCE, die saak met die predikant hanteer.

Kragtens lasgewing van permanente sinodale kommissies, word advies as aanbevelings aan kommissies, kerkrade, ringe of lidmate op versoek aangebied, en mag dit nie as voorskrifte aangedui of aangebied word nie (kyk *Kerkorde 2018*, bl. 165, A 3.1). Die KKCE het in elke skriftelike advies op hierdie bepaling van die *Kerkorde* gewys.

AANBEVELINGS:

4.1 Die Sinode neem kennis van die kerklike adviese deur die KKCE hanteer.

4.2 Die Sinode neem kennis dat daar ’n groeiende behoefte bestaan by lidmate, kerkrade en leraars om advies te ontvang in sake van kerklike- en etiese belang.

4.3 Die Sinode versoek leraars wat sake van aktuele belang in hulle gemeentes behandel, om hul studiestukke aan die KKCE beskikbaar te stel, sodat ’n databasis van sodanige studiestukke saamgestel kan word, wat die adviseringstaak van die KKCE van groot hulp kan wees.

5. BESKRYWINGSPUNTE

Teen die tyd van die afhandeling van die verslag, het die KKCE geen beskrywingspunt ontvang nie.

6. BESWAARSKRIFTE

Teen die tyd van die afhandeling van die verslag, het die KKCE geen beswaarskrif ontvang nie.

7. BEGROTING

Die KKCE slaag met die genade van die Here daarin om binne die begroting te bly. Die begroting maak egter slegs voorsiening vir een vergadering per jaar wat die werksaamhede van die kommissie baie strem.

Die kommissie bid die Sinode die seën van die Here toe.

Goedgekeur op die vergadering van die KKCE op 5 April 2022.

Ds. MJ Mattheus (ondervoorsitter) **Ds. RJ Pretorius (skriba)**

11 Verslag: Publikasiekommissie (PK)

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK)

Die volgende lede het gedurende die verslagtyd op die Kommissie gedien:

2017-2021

Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), HJ Dafel (ondervoorsitter), HSW Strauss (adviserend), L Lubbe en A Nieuwhof.
Sekundi: Di. AP Boshoff, PR Buitendag, MR Burger, AQ Campbell, LE Prinsloo, oudl. THG Fourie en oudl. JJH van Staden.

2021-2022

Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), HJ Dafel (ondervoorsitter), HSW Strauss (adviserend), L Lubbe en A Nieuwhof.
Sekundi: Di. AP Boshoff, MR Burger, LE Prinsloo, oudl. THG Fourie en oudl. JJH van Staden.

2. PERSONEEL IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

Die volgende persone het diens gedoen:

- Ds. HSW Strauss – Redakteur *Die Boodskapper* en afdelingshoof: Publikasies
- Mev. C Möller – Subredakteur *Die Boodskapper* en Publikasies (vanaf 1 Maart 2022)
- Mnr. M Gouws – Elektroniese ondersteuningsbeampte: Bemarking en Webblad
- Mev. JP van Lille – Senior publikasiebeampte en sekretaresse *Die Boodskapper* (tot Desember 2018)
- Mev. M Langeveldt – Senior publikasiebeampte en sekretaresse *Die Boodskapper* (vanaf 1 Oktober 2018)
- Mnr. A Bierman – Senior boekwinkelklerk
- Mnr. JJ Coetzer – Boekwinkelklerk (bedank 31 Maart 2021)
- Mnr. JH Grobler – Junior setter en boekwinkelklerk (sedert 8 Maart 2021)

Volgens kontrak:

- Ds. AS van Staden (sr.) – Publikasiebeampte (Volgens kontrak sedert 1 Januarie 2016)

AANBEVELINGS:

2.1 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.
2.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor mev. JP van Lille en mnr. JJ Coetzer vir jare lange getroue en toegewyde diens gelewer en wens hulle 'n geseënde aftrede toe.

3. VERGADERINGS

Vir die verslagtydperk het die PK nege keer vergader.

4. SINODALE OPDRAGTE

4.1 UITBREIDING (*Handelinge 2017*, bl. 350-351, pt. 4.9.1 en pt. 5.3.1 tot 5.3.4. Kyk ook 6.1 van hierdie verslag. Kyk ook GKK-verslag pt. 4.1.9, bl. 85)

Die Publikasie-afdeling het reeds in 2017 begin beplan rondom die uitbreiding van Lig in Duisternis Uitgewers. Weens begrotingsbeperkings is die ruimte vir behoorlike uitbreiding egter beperk. Nietemin word daar voortdurend beplan en op kreatiewe wyse gepoog om die afdeling uit te brei. Die multimedia, as onderafdeling van Publikasies, kon egter nog nie wesenlik uitgebrei word deur nuwe aanstellings nie. Die PK gee wel deurlopend aandag daaraan om die evangelieboodskap en die stem van die AP Kerk op soveel as moontlik verskillende mediaplatforms te laat hoor (hiervan getuig die res van die verslag).

Die GKK het wel sekere aanstellings gedoen in 'n poging om die Publikasie-afdeling te versterk, sonder om onnodige druk op die begroting te plaas. In die proses is daar herbesin oor die nodigheid van sekere poste, posbeskrywings is gewysig en noodsaaklike vaardighede is by sekere poste bygevoeg. Waar moontlik is heelwat werk ook uitgekontrakteer en in baie gevalle lewer die lede van die PK self onbaatsugtige diens aan die Publikasie-afdeling.

AANBEVELINGS:

4.1.1 Die Sinode bedank die PK en die GKK vir die kreatiewe wyse waarop hulle probeer om, ten spyte van uitdagende omstandighede en 'n beperkte begroting, die Publikasie-afdeling uit te brei en te laat groei.

4.1.2 Die Sinode bedank die lede van die PK wat baie van hul tyd opoffer om die Publikasie-afdeling by te staan.

4.1.3 Die Sinode roep kerkrade op om Lig in Duisternis Uitgewers finansieel te sterk sodat die Publikasie-afdeling selfstandig kan funksioneer en minder afhanklik van befondsing uit die 15%-bydraes kan word. Dit kan op verskeie maniere gebeur:

- Gereëlde deurkollektes wat spesifiek vir Lig in Duisternis Uitgewers oorbetaal word.
- Gereëlde bydraes deur kerkrade wat spesifiek vir Lig in Duisternis Uitgewers oorbetaal word.
- Die aanmoediging van lidmate om 'n gereëlde maandelikse bydrae (aftrekorder) van tussen R50,00 en R100,00 vir Lig in Duisternis Uitgewers te oorweeg. Dit kan in die GKK se rekening betaal word met die volgende verwysing: LID + selfoonnommer.

4.2 Die BOEKWINKEL (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.3.2)

Hoewel daar 'n styging in verkope van publikasies waargeneem kan word, bly die klein aantal publikasie wat jaarliks verkoop, steeds 'n uitdaging. Dit het die PK genoop om daadwerklik aandag aan behoorlike bemarking te skenk. Sedert die einde van 2021 het Lig in Duisternis Uitgewers die dienste van *Edge Communications* bekom om hiermee te help (kyk pt. 6.2 vir meer hieroor).

Sedert 2017 het die verkope by Die Boekwinkel soos volg daar uitgesien:

VERKOOPSTATISTIEK	TOTAAL	2017	2018	2019	2020	2021
VOLUME-EENHEDE	438 357	98 763	94 818	91 751	76 237	76 788
Omset	9 614 622	1 769 354	1 990 743	2 159 529	1 712 790	2 009 206
Gemiddelde verkoopprys	R21,93	R17,92	R21,00	R23,54	R22,47	R26,17

VERKOOPSTATISTIEK	TOTAAL	2017	2018	2019	2020	2021
VBO: Leerboeke	**23 322**	5 440	4 388	5 648	3 767	4 079
Omset	**963 508**	203 723	163 624	204 969	176 560	215,632
Gemiddelde verkoopprys	**R41,31**	R37,45	R37,29	R36,29	R46,87	R52.86
Seëls en sertifikate	**7 645**	1 498	1 371	1 775	1 337	1 664
Omset	**51 687**	12 983	9 264	11 833	7 338	10 269
Gemiddelde verkoopprys	**R6,76**	R8,66	R6,75	R6,67	R5,49	6,17
LID Publikasies	**17 987**	2 800	4 122	3 321	1 990	5 754
Omset	**849 770**	143 500	181 608	160 446	106 593	257 623
Gemiddelde verkoopprys	**R47,24**	R51,25	R44,05	R48,31	R53,56	R44,77
Kerkjaarboek	**15 310**	2 745	2 893	3 603	3 140	2 929
Omset	**1 276 090**	247 372	304 893	248 649	238 229	236 947
Gemiddelde verkoopprys	**R83,35**	R90,12	R105,39	R69,01	R75,87	R80,90
Psalm- en Gesangeboeke	**2 664**	53	8	1 496	359	748
Omset	**328 208**	14 691	5 290	200 900	50 208	57 119
Bybels	**3 233**	863	556	637	431	746
Omset	**610 514**	135 806	119 381	114 753	82 883	157 691
Gemiddelde verkoopprys	**R188,84**	R157,36	R214,71	R180,16	R192,30	R211,38
Nie LID Publikasies	**3 490**	671	672	961	407	779
Omset	**353 024**	48 801	64 844	110 505	49 115	79 759
Gemiddelde verkoopprys	**R174,93**	R72,73	R96,49	R115,00	R120,68	R102,39
Die Boodskapper	**353 616**	80 986	78 241	71 856	63 401	59 132
Omset (BTW uitgesluit)	**4 726 541**	848 974	1 026 150	999 730	926 147	925 540
Gemiddelde verkoopprys	**R13,37**	R10,48	R13,12	R13,91	R14,60	R15,65
Advertensies: *Die Boodskapper*	**1 218**	312	255	258	208	185
Omset	**285 461**	41 369	77 086	71 767	49 161	46 078
Gemiddelde verkoopprys	**R234,36**	R132,59	R302,29	R278,17	R236,35	R249,07
Kaartjies en snuisterye	**9 517**	3 395	2 312	1 841	1 197	772
Omset	**195 819**	72 135	38 603	35 977	26 556	22 548
Gemiddelde verkoopprys	**R20,58**	R21,25	R16,70	R19,54	R22,18	R29,21

AANBEVELINGS:

4.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor lidmate en kerkrade wat Die Boekwinkel getrou ondersteun.

4.2.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om voort te gaan om Die Boekwinkel te ondersteun en te help om Lig in Duisternis Uitgewers se produkte ook buite die AP kerkverband te bemark.

4.3 BYBELKENNISEKSAMEN (*Handelinge 2017*, bl. 349, pt. 4.6.1-4 en bl. 361, pt. 3.2)

Die bestek van die jaarlikse Bybelkenniseksamen word in *Die Boodskapper* gepubliseer, sodra dit van die KJV ontvang is en daarna in opeenvolgende uitgawes herhaal. Die vraestelle en antwoordstelle word op die webblad gelaai, sodra dit van die KJV ontvang is.

4.4 *DIE BOODSKAPPER* IN ELEKTRONIESE FORMAAT (*Handelinge 2004*, bl. 405, pt. 9.5; *Handelinge 2017*, bl. 349, pt. 4.4.1)

Die Boodskapper is steeds elektronies beskikbaar en word toenemend op hierdie wyse versprei (kyk  Bylae PK1 pt. 5, bl. 253). 'n Maand nadat 'n uitgawe verskyn het, word dit ook op die webblad gelaai waar dit gratis afgelaai of in die vorm van 'n blaaiboek gelees kan word. Die PK ondersoek voortdurend nuwe maniere om *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* elektronies te versprei.

4.5 HERSIENING: ELKEEN ORAL GESTUURDE EN JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK (Handelinge 2013, *bl. 261, pt. 21;* Handelinge 2017, *bl. 343, pt. 3.8.3 en bl. 349, pt. 4.5.1. Kyk ook* SKK-verslag pt. 3.5*)*

Die hersiening en samevoeging van die twee publikasies is nog nie afgehandel nie.

AANBEVELING:

4.5.1 Die Sinode kontinueer sy 2017-opdrag aan die SKK en die PK (kyk *Handelinge 2017*, bl. 343 pt. 3.8.3 en bl. 349, pt. 4.5.1)

4.6 HEIDELBERGSE KATEGISMUS KORTBEGRIP (*Handelinge 2017*, bl. 395, pt. 6.6)

Kyk KFL-verslag punt 3.1 hieroor (bl. 205).

4.7 *KERKJAARBOEK* (*Handelinge 2017*, bl. 350, pt. 5.1.2.1 tot 5.1.2.5)

Kyk punt 5.1.2, bl. 223.

4.8 KERKREGWOORDEBOEK (*Handelinge 2017*, bl. 377, pt. 3.2, bl. 383, pt. 5.9)

Ná oorleg het die PK en die KKS besluit om slegs een publikasie uit te gee. Die KKS het die manuskrip voltooi en aan die PK voorgelê, waarna die PK dit deur die dosent in Kerkreg laat proeflees het. Sy kommer was dat die publikasie 'n mengsel is van 'n kommentaar op die AP Kerk se *Kerkorde* en 'n kerkregwoordeboek waarin kerkregtelike begrippe bloot verklaar word. Sy kommentaar is terugverwys na die KKS en het tot gevolg dat die manuskrip verder hersien moet word ten einde dit te publiseer (kyk ook KKS-verslag pt. 3.3, bl. 329).

AANBEVELINGS:

4.8.1 Die Sinode neem kennis van die redes waarom die publikasie nog nie afgehandel is nie.

4.8.2 Die Sinode herbevestig die belangrikheid van die publikasie en kontinueer sy opdrag aan die PK en die KKS vir die afhandeling van die publikasie.

4.9 PAMFLETTE (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.7.1 en 5.7.2)

Kyk Bylae PK1 verslag *DB* en *DJB,* punt 11, bl. 251.

4.10 PSALM- EN GESANGEBOEK (*Handelinge 2017*, bl. 351 en 352, pt. 5.9.1-8. Kyk ook GKK-verslag pt. 4.1.6, bl. 84)

Die vorige oplaag van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* verkoop goed. Die voorraad van die standaarddruk is laag, wat beteken dat daar eersdaags 'n nuwe oplaag gedruk sal moet word. Gelukkig het Bybel-Media die beskadigde boekies uit die huidige oplaag teen 'n baie verlaagde koste aangebied, wat ons in staat gestel het om ons voorraad aan te vul. Daar is egter nog heelwat grootdrukboeke beskikbaar. Die druk van 'n volgende oplaag word deur die volgende faktore beïnvloed:

a) Op aandrang van die GKSA het Sinode 2017 opdrag gegee dat die Psalmteks wat in die volgende oplaag gebruik word, die oorspronklike Totiusberyming moet wees met voetnote wat moeilike woorde en begrippe verduidelik. Ds. Adri van Staden het reeds die Totiusteks deurgegaan en verduidelikende notas vanuit die huidige teks bygevoeg, asook nuwes bygevoeg van woorde en begrippe wat verduideliking benodig. Hierdie konsepdokument is aan die GKSA se deputate vir kerksang en -musiek verskaf met die oog op 'n eenvormige teks, aangesien hulle ook die AP Kerk se metode van verduidelikende voetnote wil volg. Voordat die teks nie gefinaliseer is nie, kan daar nie 'n herdruk plaasvind nie. Dit het ook die verdere gevolg dat die Psalmtekste in die huidige boekies en dié in 'n nuwe oplaag, effens gaan verskil.

b) Daar is 'n moontlikheid dat nuwe liedere deur die sinode bygevoeg kan word tot die korpus van liedere. Dit moet verreken word in 'n nuwe oplaag.
c) Indien daar 'n redelike aantal veranderinge is, wil 'n mens nie graag 'n nuwe oplaag druk voordat al die ou voorraad uitverkoop is nie.

Bybel-Media in samewerking met Lig in Duisternis Uitgewers, het hard gewerk daaraan om al die Psalms en Gesange met die bladmusiek in digitale formaat oor te sit. Dit kan by Bybel-Media aangekoop word, nadat 'n lisensie vir die digitale vertoning daarvan, by *Christian Copyright Licensing International* (CCLI) aangekoop is. Enige vertoning (van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* selfs wanneer dit met die hand oorgetik word), vereis 'n lisensie van die CCLI, aangesien daar steeds kopiereg en tantième ter sprake is. Hierdie lisensiegelde is jaarliks betaalbaar.

Intussen is die volledige bundel op die "APK Sangbundel"-toep beskikbaar. Dit kan gratis by die Google Play Store of Apple se iStore afgelaai word.

AANBEVELINGS:

4.10.1 Die Sinode neem met dank kennis dat 'n herdruk van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* beplan word.
4.10.2 Die Sinode moedig steeds kerkrade aan om die sangbundeltoepassing gereeld onder lidmate se aandag te bring en die gebruik daarvan aan te moedig.
4.10.3 Die Sinode herinner kerkrade aan vorige sinodebesluite waarvolgens bepaal word dat gemeentes wat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* digitaal vertoon, verantwoordelik is om die nodige jaarlikse lisensiegeld aan die *Christian Copyright Licensing International* oor te betaal vir die wettige gebruik van die produk.

4.11 PREEKBANK VAN LEESPREKE (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.4.2 en 5.4.3)

Die Publikasie-afdeling gaan voort met die projek om leespreke in 'n preekbank te hou en aan gemeentes wat leespreke benodig, beskikbaar te stel. Die stelsel werk goed en 'n hele paar gemeentes het al van hierdie opsie gebruik gemaak. Dit is egter nodig dat die preekbank gereeld uitgebrei word met nuwe preke en veral preke wat op spesifieke aspekte van die kerklike jaar fokus.

AANBEVELINGS:

4.11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die preekbank met leespreke.
4.11.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die preekbank gebruik te maak vir leesdienste in plaaslike kerke.
4.11.3 Die Sinode moedig leraars aan om preke vir die preekbank, veral aan die hand van die kerklike jaar, aan die Publikasie-afdeling deur te gee. Sodanige manuskripte moet 'n volledig uitgewerkte liturgie bevat.

4.12 *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK*: ENGELSE VERTALING (*Handelinge 2007*, bl. 340 en *Handelinge 2017*, bl. 349, pt. 4.3.1 en 4.3.2. Kyk KKCE-verslag pt. 3.5, bl. 214)

Die vertaling van hierdie publikasie was al teen Sinode 2017 voltooi. Die besluit was om die publikasie af te handel en dan elektronies beskikbaar te stel. Die publikasie is vir kommentaar aan die KKCE gestuur. Hulle het geoordeel dat die vertaling nie voldoende was nie en op baie plekke die betekenis van woorde en uitdrukkings verkeerd weergegee of verlore laat gaan het. Die KKCE is sedertdien besig met die hersiening van die vertaling.

AANBEVELINGS:

4.12.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKCE om die publikasie te keur.

4.12.2 Die Sinode versoek die KKCE om, waar nodig, voorstelle ter verbetering van die vertaling aan die PK deur te gee.

4.12.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK om die voltooide publikasie elektronies beskikbaar te stel.

4.13 SLYPSKOLE VIR SKRYWERS (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.3.3)

Die PK se beplanning was om só 'n slypskool tydens 'n predikantekonferensie aan te bied. Ongelukkig het die COVID-19-pandemie die PK se beplanning gekortwiek en kon so 'n slypskool nog nie gehou word nie.

AANBEVELING:

4.13.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK om in samewerking met die AP Akademie gereelde skryf-/vaardigheidskursusse/slypskole te ontwikkel en vir voornemende skrywers aan te bied.

4.14 PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (*Handelinge 2013*, bl. 294-295, pt. 5.3; *Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.3.3)

Die Publikasie-afdeling het probeer om sover moontlik 'n volledige lys van alle studiestukke sedert 1987 op te stel. Aangesien dit nie duidelik is watter studiestukke amptelik goedgekeur is en van watter slegs kennis geneem is nie, is die studiestukke na die onderskeie kommissies gestuur met die oog op terugvoer sodat uitsluitsel oor die saak gekry kon word.

Kommissies het egter hul frustrasie met die proses uitgespreek, omdat dit baie moeilik is om vas te stel watter studiestukke amptelik deur sinodes goedgekeur is of nie. Dit bemoeilik die taak van die samestelling van sodanige bundel met studiestukke.

Die PK ondersteun die **KKS se beswaarskrif** op bl. 354 (pt. 5.7) wat oor hierdie saak handel.

4.15 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Handelinge 2004*, bl. 400, pt. 4.2.6; *Handelinge 2007*, bl. 339; *Handelinge 2010*, bl. 274, pt. 3.9; *Handelinge 2013*, bl. 311, pt. 6; *Handelinge 2017*, bl. 350, pt. 4.8.1-4 en bl. 369, pt. 3.1.4)

In die lig van die opdrag van die Sinode van 2007 aan die *Ad hoc*-kommissie om die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings te beplan en te koördineer (vgl. *Handelinge 2007*, bl. 334, pt. 6.1.3), word daar steeds voortgegaan met die voorsiening van huidige publikasies totdat die nuwe reeks wat deur die Sinode goedgekeur sal word, gereed is om te verskyn.

Wat die vordering van die projek om die verbondsonderrighandboeke en -handleidings te herskryf betref, kyk die verslag van die ***Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings** op bl 325.

AANBEVELING:

4.15.1 Die Sinode neem met dank kennis van die volgehoue voorsiening van die huidige verbondsonderrigmateriaal vir gebruik binne gemeentes.

4.16 VERTAALPROJEK: *GAY CHILDREN STRAIGHT PARENTS – A PLAN FOR FAMILY HEALING* (*Handelinge 2017*, bl. 351, pt. 5.8 en 5.8.1)

Hoewel die vertaling van die publikasie afgehandel is, het die PK besluit om eers nie met die projek voort te gaan nie. Die hoë koste van die vertaalregte, maak die uitgee van die werk tans nie lewensvatbaar nie.

AANBEVELINGS:

4.16.1 Die Sinode neem kennis van die PK se besluit om weens die hoë koste daaraan verbonde, nie tans met die uitgee van die publikasie voort te gaan nie.

4.16.2 Die Sinode versoek die PK om die uitgee van die publikasie weer te oorweeg en met die uitgewers oor die koste van die vertaalregte te onderhandel.

4.17 ONDERHANDELING OOR REGTE: *DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS BOEK 1 EN 2* (*Handelinge 2017*, bl. 401, pt. 3.1)

Tot op hede was dit nie nodig om sodanige onderhandelings aan te knoop nie, aangesien die boeke nog deur die Administratiewe Buro van die GKSA uitgegee word. Sodra die boekies uit druk gaan of sodra daar wesenlike voorstelle vir wysigings aan die publikasie uit die kerk ontvang word, sal die PK onderhandelinge oor die regte met die GKSA aanknoop.

AANBEVELING:

4.17.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die PK.

4.18 BEVORDERING VAN BYBELKENNIS ONDER DIE JEUG (*Handelinge 2017*, bl. 361, pt. 4.1)

Die PK gee deurlopend aandag aan die bevordering van Bybelkennis onder die jeug. Baie moeite word gedoen om op verskeie platforms en in verskeie publikasies, aan die saak aandag te gee. Met die oog op die bevordering van Bybelkennis onder die jeug, word daar sedert Februarie 2020 in elke uitgawe van *DJB* 'n Bybelverhaal gepubliseer. Voorts het die publikasie *Woord in die Hart 3 (Nuwe Testament)* ook onlangs verskyn en dien as 'n belangrike hulpmiddel vir huisgodsdiens en die bevordering van Bybelkennis. Die PK en redaksie van *Die Boodskapper* doen ook moeite om die jaarlikse Bybelkenniseksamen te adverteer en sodoende die jeug (en lidmate) aan te spoor om hul Bybelkennis te verbeter.

Voorts is daar ook gepoog om die saak op ander wyses aan te spreek. Tydens die grendeltyd het ds. JH Bisschoff begin met sy opnames van die gewilde *ApPelKie die muis*-stories waarin hy deur die oë van 'n fiktiewe muiskarakter deur die heilsgeskiedenis van die Bybel beweeg. Hierdie opnames is op Lig in Duisternis Uitgewers se YouTube-kanaal beskikbaar waar kinders gratis daarna kan luister. Hierdie uitsendings het oorgespoel na 'n volwaardige publikasie waarvan die eerste volume hopelik reeds teen die aanvang van die sinode sou verskyn het.

AANBEVELINGS:

4.18.1 Die Sinode neem met dank kennis van die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se pogings ter bevordering van Bybelkennis onder die jeug.

4.18.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om hul lidmate bekend te stel aan die hulpmiddels wat deur die PK daargestel word ter bevordering van Bybelkennis onder die jeug.

4.19 STANDPUNT TEEN EVOLUSIELEER (*Handelinge 2017*, bl. 371, pt. 5.1)

Hierdie saak geniet aandag in die herskryf van die verbondsonderrighandboeke. Die skeppingsleer word deurgaans gehandhaaf terwyl verskeie aspekte van die evolusieleer in verskeie lesse in die nuwe leerplan aangespreek word.

AANBEVELING:

4.19.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die skeppingsleer deurgaans in die nuwe verbondsonderrigmateriaal gehandhaaf word.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2017 VERSKYN HET:

5.1.1 Kerkorde 2018

Hierdie publikasie het op 1 Augustus 2018 verskyn met ’n oplaag van 840 eenhede. In 2020 is die publikasie herdruk met ’n oplaag van 100 eenhede en in 2021 is dit aangevul met nog 50 eenhede. ’n Totaal van 977 eenhede is verkoop. Die PK het ook begin om die publikasie elektronies beskikbaar te stel. Hiervan is ongeveer 10 eenhede verkoop.

AANBEVELINGS:

5.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die aantal eksemplare van *Kerkorde 2018* wat gedruk en versprei is.

5.1.1.2 Die Sinode neem met dank kennis van die elektroniese weergawe van *Kerkorde 2018* en versoek die PK en Lig in Duisternis Uitgewers om in die toekoms meer aandag te gee aan die verspreiding van die elektroniese weergawe.

5.1.2 KERKJAARBOEK 2018, 2019, 2020, 2021, 2022 (Kyk ook pt. 4.7, bl. 219)

Die *Kerkjaarboek* bly een van die AP Kerk se vlagskippublikasies en is jaarliks Lig in Duisternis Uitgewers se topverkoper. Dit weerspieël in ’n hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat nuttige naslaangegewens en die dagstukkies kan baie vrugbaar aangewend word vir huisgodsdiens of persoonlike stiltetyd. Die PK en Lig in Duisternis Uitgewers poog daarom jaarliks om, in samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor, ’n aantreklike en bruikbare publikasie met die nuutste inligting uit gemeentes en ringe die lig te laat sien.

Sedert die 2019-uitgawe het die PK egter besluit om die publikasie in twee afsonderlike publikasies op te deel, naamlik die *Brandende Bos*-reeks (dagstukkies) en *Kerkjaarboek* (statistiek en inligting). Dit is om verskeie redes gedoen:

- Kostebesparing. Nie alle lidmate het belang by die statistiek en inligting wat gepubliseer word nie. Dit maak die publikasie onnodig duur.
- Gebruikersvriendelik. Deur die statistiek en inligting in ’n aparte publikasie uit te gee, verhoog die bruikbaarheid daarvan. Dit word geringbind wat dit makliker hanteerbaar maak, maar dit word ook elektronies uitgegee wat die bruikbaarheid en funksionaliteit daarvan aansienlik verhoog.

- Bemarkbaarheid. Deur die dagstukkies apart uit te gee, word die bemarkbaarheid daarvan buite ons kerkverband aansienlik verhoog. Hoewel daar elke jaar 'n dagstukkieboek met Bybelse dagstukkies verskyn, poog die PK om dit nie jaartalgebonde of AP Kerk-eie te doen nie. Sodoende kan die publikasie makliker buite die AP Kerk bemark word en word verkope nie beperk tot die jaartal van 'n betrokke uitgawe nie. Dit het Lig in Duisternis Uitgewers byvoorbeeld in staat gestel om 300 dagstukkieboeke aan Helpende Hand te verkoop met die oog op verspreiding onder studente wat deur hul studiebeurs ondersteun word.

Die onderskeie uitgawes se verkoopsinligting lyk soos volg:

2018 (DEUR DIE BYBEL IN TWEE JAAR)		
	OPLAAG	**EENHEDE VERKOOP**
Kerkjaarboek volledig	2 893	2 893
2019 (HEIDELBERGSE KATEGISMUS)		
	OPLAAG	**EENHEDE VERKOOP**
Dagstukkies	1 577	1 407
Kerkjaarboek volledig	1 658	1 503
2020 (DEUR DIE BYBEL IN EEN JAAR)		
	OPLAAG	**EENHEDE VERKOOP**
Dagstukkies	3 010	2 806
Statistiek en inligting	1 039	1 039
Statistiek en inligting elektronies	N.v.t.	5
2021 (DAGSTUKKIES AAN DIE HAND VAN CALVYN SE INSTITUSIE)		
	OPLAAG	**EENHEDE VERKOOP**
Dagstukkies	2 500	2 486
Statistiek en inligting	800	667
Statistiek en inligting elektronies	N.v.t.	8
2022 (TWAALF AKTUELE TEMAS)		
	OPLAAG	**EENHEDE VERKOOP**
Dagstukkies	2 500	2 253
Statistiek en inligting	400	366
Statistiek en inligting elektronies	N.v.t.	11

Die insameling van inligting vir die *Kerkjaarboek* bly 'n uitdaging. Die PK is dankbaar vir gemeentes en ringe wat moeite doen om betyds op skrywes te reageer en hulle inligting aan te stuur. Dit vergemaklik die spoedige afhandeling van die publikasie en dra by dat daar nie verouderde inligting gepubliseer word nie. Nietemin moet daar steeds jaarliks verskeie oproepe gemaak word om sekere gemeentes se inligting te bekom. Ten spyte van hierdie pogings, is daar altyd 'n klompie gemeentes en ringe wie se inligting ons nie ontvang nie.

AANBEVELINGS:

5.1.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van Lig in Duisternis Uitgewers, die PK en skrywers vir die aktuele temas in en keurige versorging van die Bybelse dagstukkies, kerklike statistiek en inligting.

5.1.2.2 Aangesien die Bybelse dagstukkies 'n waardevolle hulpmiddel vir geestelike groei, persoonlike stiltetyd en huisgodsdiens is, moedig die Sinode kerkrade aan om die aankoop van die publikasie deur lidmate aan te moedig en, waar moontlik, dit te finansier.

5.1.2.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die PK en Lig in Duisternis Uitgewers vir die nuwe formate waarin die publikasie uitgegee word en wat die bemarkbaarheid en bruikbaarheid daarvan verhoog.

5.1.2.4 Die Sinode moedig kerkrade, lidmate en kolporteurs aan om moeite te doen om die Bybelse dagstukkieboeke buite die AP Kerk te bemark en die publikasie op so 'n wyse as evangelisasiehulpmiddel aan te wend.

5.1.2.5 Die Sinode doen 'n dringende beroep op saakgelastigdes van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se jaarboek.

5.1.3 Die Boodskapper *en* Die Jeugboodskapper

Kyk Bylae PK1, bl. 251.

5.2 VERBONDSONDERRIGPUBLIKASIES (LEERBOEKE EN LESGIDSE)

Aangesien die nuwe verbondsonderrighandleidings nog nie voltooi is nie, het die PK en Lig in Duisternis Uitgewers voortgegaan met herdrukke van die bestaande materiaal ten einde in gemeentes se behoeftes te kon voorsien (vgl. verkoopsyfers, punt. 4.2).

5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2017 VERSKYN HET:

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:

	PUBLIKASIE	SKRYWER	VERSKYNINGS-DATUM
1.	*Psalms en Gesange vir die AP Kerk*	Verskeie	2017
2.	*Die Bybel in Blokkies (Ps. 1-29)*	Annamarie du Toit	2017
3.	*Kerkjaarboek 2018*	Sinodaal	2017
4.	*Die Erediens*	Prof. JAE Adendorff	2018
5.	*My Preeknotaboek*	Ds. HJ Dafel	2018
6.	*God met ons op pad. Bybelstudie uit Exodus 1-20*	Prof. SD Nel	2018
7.	*Die Kerkorde*	Sinodaal	2018
8.	*Kerkjaarboek 2019*	Sinodaal	2018
9.	*Génesis: Die boek van oorspronge*	Prof. JAE Adendorff	2019
10.	*Die Voortrekkers: Die lewe daarna (Deel 3A)*	GC Fourie	2019
11.	*Brandende Bos Een. 'n Lamp vir my voet*	Sinodaal	2019
12.	*Kerkjaarboek: Statistiek en Inligting*	Sinodaal	2019
13.	*Die Woord in die Hart (Deel 3)*	Proff. IA Brink en CA Swanepoel	2020
14.	*Die Wit Rokkie*	Annamarie du Toit	2020

	PUBLIKASIE	SKRYWER	VERSKYNINGS-DATUM
15.	*Het jy my waarlik lief? ('n Bybelstudie uit Maléagi)*	Ds. JH Bisschoff	2020
16.	*'n Knippie wysheid*	Prof. IA Brink	2020
17.	*Brandende Bos Twee. 'n Brandende Hart*	Sinodaal	2020
18.	*Kerkjaarboek: Statistiek en Inligting*	Sinodaal	2020
19.	*Die Bybel in blokkies (Ps. 30-60)*	Annamarie du Toit	2021
20.	*Die Gebede van Jesus*	Dr. Mark Jones (vertaal deur ds. HSW Strauss)	2021
21.	*Kolokwinte en Kapitele*	BR Torlage	2021
22.	*Bid jy?*	JC Ryle (vertaal deur ds. HJ Dafel)	2021
23.	*Skooldagboek CVO Pretoria*	CVO Pretoria	2021
24.	*Brandende Bos Drie. Onder Sy Heerskappy*	Sinodaal	2021
25.	*Kerkjaarboek: Statistiek en Inligting*	Sinodaal	2021
26.	*Sondaars in die hand van 'n toornige God*	Jonathan Edwards (vertaal deur ds. HSW Strauss)	2022

Die PK en Lig in Duisternis Uitgewers poog steeds om die kerk te dien met publikasies van hoogstaande inhoud en goeie kwaliteit. 'n Meer toegespitste bemarkingstrategie (kyk pt. 6) dra daartoe by dat die aantal eenhede van Lig in Duisternis Uitgewers se publikasies wat verkoop, stadig maar seker begin toeneem.

Tydens die PK se verslag van 2017 is gemeld dat daar van die meeste publikasies nie meer as 300 eenhede verkoop word nie. Danksy Lig in Duisternis Uitgewers se meer aggressiewe en toegespitste bemarkingtrategie, lyk dit tog asof die gemiddelde eenhede per publikasie besig is om te styg. Lig in Duisternis Uitgewers se topverkopers sedert 1 Maart 2017 (sinodale publikasies soos die *Kerkjaarboek* en *Kerkorde 2018* uitgesluit) sien soos volg daar uit (Getalle is vir die vyfjaartydperk en neem nie noodwendig 'n boek se verskyningsdatum in ag nie. Sommige boeke van die topverkopers is dus nog nie eens vyf jaar beskikbaar nie):

BOEK	SKRYWER	VERSKYN	EENHEDE (AFGEROND)
Die Wit Rokkie	Annamarie du Toit	2020	3 135
Volwasse in die geloof	Prof. R Marè	1988	1 164
Ontmoetingsgesprek	Sinodaal	2009	987
Die Gebede van Jesus	Dr. Mark Jones	2021	875
Ouderling en diaken in diens van die Here	Prof. R. Marè		701
My kerknotaboek	Ds. HJ Dafel	2018	659
Na my openbare belydenis	Dr. EM Viljoen	1998 (hersien 2009)	606
Génesis: Die boek van oorspronge	Prof. JAE Adendorff	2019	432
Hoséa vir vandag	Ds. MC Adendorff	2016	315
Woord in die hart (Deel 3)	Proff. IA Brink en CA Swanepoel	2020	300

AANBEVELINGS:

5.3.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering teenoor die PK en Lig in Duisternis Uitgewers uit vir die groeiende getal en hoogstaande gehalte van nuwe publikasies waarmee die kerk bedien word.

5.3.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor skrywers wat deur middel van hul skryfwerk die koninkryk dien.

5.4 ANDER BEPLANDE PUBLIKASIES

Die PK en Lig in Duisternis Uitgewers is tans besig om verskeie publikasies af te rond en persgereed te kry. Dit mag wees dat sommige van die publikasies wat hier onder in die vooruitsig gestel word, reeds teen die aanvang van die sinode verskyn het:

BEOOGDE TITEL	SKRYWER
VBO: Lesgidse en werkboeke	Verskeie
Engele	Ds. WJA van Schalkwyk
Die Voortrekkers: Die lewe daarna (Deel 3B)	GC Fourie
Openbaring	Prof. JAE Adendorff
Kerkregwoordeboek	KKS en prof. R. Marè
Pitkos vir nadenke (blokkiesraaiselboek)	Daleen Pienaar
Die regering van Christus in sy kerk	Prof. WD Jonker en dr. Gert Duursema
Joël en Obadja (Bybelstudie)	Ds. AS van Staden
ApPelKie die muis (reeks)	Ds. JH Bisschoff
Afrondingsbybelstudie – belydenisklas	Ds. PJ Möller
Die Buiter (reeks)	Gerrie Radlof
Die smart van kinderloosheid	Verskeie
Die uitgeskeurde Bybelblad	G Tillotson (vertaal deur PK Albertyn)
Jesus' Revelation to his Church	Prof. HCG Robbertze
Reparasie van 'n nasie	Verskeie
Die dag van die Here	Ds. Rudi Schwartz
Deur die oë van 'n man	Pieta Oosthuizen
Hoe doen 'n mens huisbesoek	Prof. GDS Smit
Steinaecker's Horse	Prof. Anton van Vollenhoven
Special White Dress	Annamarie du Toit
Bosveldspore	Ds. Rudi Schwartz
Jeugdagstukkies	Verskeie
Leesgids by Openbaring	Dr. EM Viljoen
Die weg van almal op aarde	Hannes Noëth
Depressie: Struikelblok of uitdaging	Hannes Noëth
Preekbundel	Prof. IA Brink

AANBEVELING:

5.4.1 Die Sinode neem kennis van die beoogde publikasies en sien met verwagting daarna uit.

5.5 VERTALINGSPROJEKTE

Lig in Duisternis Uitgewers het die afgelope paar jaar baie moeite gedoen om verskeie internasionale publikasies se vertaalregte te bekom. Die doel daarvan is om bestaande, goed nagevorsde, toonaangewende en Bybelgetroue publikasies oor verskeie onderwerpe in Afrikaans beskikbaar te stel. Ongelukkig het Lig in Duisternis Uitgewers twee groot kontrakte weens die AP Kerk se standpunt oor artikel 3 van ons *Kerkorde*, verloor. Die uitgewers *Crossway* en *Christian Focus* was nie bereid om verder met Lig in Duisternis Uitgewers saam te werk nie. Een van die publikasies, *Die Gebede van Jesus* (Mark Jones), was reeds voltooi toe hulle die kontrak gekanselleer het en volgens die ooreenkoms kon ons die oplaag vir 'n beperkte tyd verkoop en het die publikasie besonder goed gevaar.

Intussen was Lig in Duisternis Uitgewers reeds besig met die vertaling van twee ander boeke uit dieselfde kamp en moes ons die vertaalwerk staak. Dit is hartseer, want daar het reeds heelwat werk in die publikasies ingegaan. Ons hoop dat die Here wel in die toekoms weer vir ons 'n deur sal oopmaak om met bogenoemde uitgewershuise te kan saamwerk.

Lig in Duisternis Uitgewers het egter voortgegaan om met ander internasionale uitgewers ooreenkomste aan te gaan en is tans besig met die vertaling van die volgende twee boeke in Afrikaans:

- *Walking as He walked* deur dr. Joel R Beeke (Reformed Heritage Books) – vertaler: Ds. HJ Dafel.
- *Timeless Principles for Raising Successful Children* deur Yavor Rusinov – vertaler: Ds. HSW Strauss.

In 2020 was di. Johan Schütte en Schalk Strauss op besoek aan Indië waar hulle opleiding oor die Nederlandse Geloofsbelydenis aan plaaslike kerkleiers gegee het. Hierdie besoek het uitgeloop op 'n mooi projek waaroor Lig in Duisternis Uitgewers baie opgewonde is, naamlik die vertaling van die *Drie Formuliere van Eenheid* in Hindi. Die vertaling word gedoen deur ds. Rajesh Kumar en sy vrou, Mamta. 'n Gedeelte van die projek is reeds voltooi. Die doel is om uiteindelik 'n hele oplaag hiervan te druk en, indien moontlik, gratis of teen 'n baie billike prys onder Christene in Indië te versprei. Daar was reeds skenkings vir die befondsing van hierdie projek.

AANBEVELINGS:

5.5.1 Die Sinode is saam met die PK en Lig in Duisternis Uitgewers dankbaar teenoor ons hemelse Vader vir die geleenthede wat Hy aan ons kerk bied om by vertaalprojekte soos hierdie betrokke te raak waardeur die breër Afrikaanssprekende kerkgemeenskap gedien word.

5.5.2 Die Sinode neem kennis van die vertaalprojekte waarmee Lig in Duisternis Uitgewers tans besig is en sien met verwagting uit na die voltooiing daarvan.

5.5.3 Die Sinode moedig die PK en Lig in Duisternis Uitgewers aan om voort te gaan met die vertaalprojekinisiatief en om ook na maniere te soek om van ons eie publikasies in ander tale, veral een of meer van Suid-Afrika se amptelike landstale, te laat vertaal en sodoende te help dat elke volk die evangelie in sy eie taal hoor.

5.6 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT 2017 VERSKYN HET, HERDRUK OF HERSIEN IS:

Die Publikasie-afdeling probeer om nie te veel voorraad te dra nie. Daar word eerder kleiner oplae gedruk (ook herdrukke) ten einde kontantvloei te verbeter en te verhoed dat daar te veel voorraad is wat later afgeskryf moet word omdat dit nie verkoop nie. Die herdruk van publikasies is altyd 'n goeie aanduiding van watter publikasie goed verkoop.

PUBLIKASIE	JAARTAL	OPLAAG
Na my openbare belydenis van geloof	2017	500
Woord in die hart (Deel 1)	2017	300
	2018	300
Die lewe op die Oosgrens	2018	100
Ewige waarhede	2018	100
	2020	100
Hoséa vir vandag	2019	300
Ontmoetingsgesprek	2019	600
Blye versekering	2020	100
Die goue draad – van Moria tot Golgóta	2020	100
Ouderling en diaken in diens van die Here	2020	200
Génesis: Die boek van oorspronge	2020	300
Jou roeping in die koninkryk (Band 1)	2020	100
Volwasse in die geloof	2020	500

ANDER	JAARTAL	OPLAAG
Voorgangersertifikaat: 1-10 jaar	2017	50
	2018	100
	2019	300
	2022	10
Voorgangersertifikaat: 10 jaar en ouer	2018	50
	2020	50
	2022	30
Bywoning: Junior verbondsjeug	2018	400
	2020	100
Bywoning: Voorskool	2018	50
	2019	300
	2020	150
Lidmaatverwelkoming	2020	200
Diploma vir getrouheid	2021	1 000
Lidmaatverwelkoming (nuwe ontwerp)	2022	500

Die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* se voorraad begin min raak. Derhalwe het die PK die inhoud na die KFL verwys met die oog op hersiening en taalkundige versorging voordat 'n volgende oplaag gedruk word. Die KFL het die publikasie deurgewerk en die PK met voorstelle bedien. Die PK het nog nie kans gehad om dié veranderinge te oorweeg nie, maar beoog om dit te doen voordat die publikasie herdruk moet word. Dit mag egter nodig wees dat die inhoud van die publikasie selfs meer grondig as slegs taalkundig hersien sal moet word. Met

die oog daarop om die proses te bespoedig, is dit die PK se aanbeveling dat die oplaag tans slegs na behoefte aangevul word, nadat daar taalkundige en redaksionele verbeteringe aangebring is. Intussen behoort die inhoud na die KFL in samewerking met die dosent in Diakoniologie verwys te word vir grondige hersiening, wat nuwe liturgiese ontwikkeling en die ryke verskeidenheid van die gereformeerde tradisie in ag neem. Lidmate en kerkrade word versoek om die KFL met voorstelle te dien. Die nuwe redaksie vir die publikasie sal aan 'n eersvolgende sinode voorgehou word met die oog op goedkeuring.

AANBEVELINGS:

5.6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die diverse publikasies, herdrukke en hersiene uitgawes wat sedert 2017 verskyn het.

5.6.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van Die Boekwinkel wat toesien dat daar voldoende voorraad van publikasies beskikbaar is.

5.6.3 Die Sinode keur die hersiening van die inhoud van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*, waarvolgens nuwe liturgiese navorsing binne gereformeerde kringe verreken moet word, goed.

5.6.4 Die Sinode gee opdrag dat die hersiening van die inhoud van die Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk deur die KFL en die dosent in Diakoniologie gedoen word met die reg om ook ander kundiges te koöpteer.

5.6.5 Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om die KFL met voorstelle te bedien met die oog op die hersiening van die Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk.

5.7 PUBLIKASIES: BUITE-UITGEWERS

Die PK, in samewerking met Lig in Duisternis Uitgewers, gaan voort om publikasies van ander uitgewers wat onder ons aandag kom en ons kerkverband tot stigting kan wees, streng te keur en in Die Boekwinkel te verkoop. Weens Lig in Duisternis Uitgewers se beperkte voorraad kinder- en jeugliteratuur, word baie publikasies in hierdie kategorieë van ander uitgewers ingekoop. Dieselfde geld vir geskiedkundige materiaal.

Moeite word gedoen om, so ver moontlik, toe te sien dat alle publikasies wat van ander uitgewers ingekoop word, binne die AP Kerk en Lig in Duisternis Uitgewers se etos en lewens- en wêreldbeskouing val.

AANBEVELINGS:

5.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die buitepublikasies wat in Die Boekwinkel verkoop word.

5.7.2 Die Sinode bedank die PK en Lig in Duisternis Uitgewers vir die soort leesstof wat met sorg uitgesoek word sodat lidmate die publikasies met vertroue kan aankoop.

5.8 PUBLIKASIES: ELEKTRONIES BESKIKBAAR

Dit is die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se doelwit om uiteindelik soveel as moontlik van ons publikasies ook in elektroniese formaat beskikbaar te stel. Amazon se Kindle-platform bied tans vir ons die beste opsie om publikasies in e-boekformaat om te skakel en te enkripteer. Tans is daar net twee van Lig in Duisternis Uitgewers se publikasies op hierdie platform beskikbaar, naamlik:

- *Die Wit Rokkie* (Annamarie du Toit): https://amzn.to/3Q2QfPS
- *Sondaars in die hand van 'n toornige God* (Jonathan Edwards): https://amzn.to/3NtqmHd

Buiten vir bogenoemde, is die volgende publikasies ook as e-boeke beskikbaar. Dit kan as sodanig aangekoop en dan as PDF-dokument op die webtuiste afgelaai word of is gedeeltelik onder sekere afdelings van die webblad gepubliseer.

- *Ek kan nie oor my Here swyg nie* – R Marè (gedeeltelik beskikbaar onder die afdeling vraag/antwoord van die AP Kerk se webtuiste www.apk.co.za/vraag-antwoord/)
- *Ontmoetingsgesprek* – AP Kerk sinodale publikasie (gedeeltelik beskikbaar onder die afdeling vraag/antwoord van die AP Kerk se webtuiste www.apk.co.za/vraag-antwoord/
- *Kerkorde 2018* – AP Kerk sinodale publikasie (op aanvraag)
- *Kerkjaarboek (Statistiek en Inligting) 2021* – aanlyn boekwinkel www.liginduisternis.co.za/product/kerkjaarboek-2021-statistiek-en-inligting/
- *Kerkjaarboek (Statistiek en Inligting) 2022* – aanlyn boekwinkel www.liginduisternis.co.za/product/kerkjaarboek-2022-elektronies/
- *Die Drie Formuliere van Eenheid* – aanlyn boekwinkel (Gratis beskikbaar) www.liginduisternis.co.za/product/drie-formuliere-van-eenheid-gratis-e-boek-in-pdf-formaat/

AANBEVELINGS:

5.8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se pogings om soveel as moontlik van ons publikasies ook in elektroniese formaat beskikbaar te stel.

5.8.2 Die Sinode versoek die PK en Lig in Duisternis Uitgewers om die beskikbaarheid van ons publikasies in e-boekformaat, 'n prioriteit te hou.

5.9 SKRYWERSGELDE

Ten einde voornemende skrywers aan te moedig om meer vrymoedigheid te neem om manuskripte vir oorweging aan Lig in Duisternis Uitgewers voor te lê, het die PK besluit om voortaan, buiten vir die normale tantième, ook 'n eenmalige skrywersfooi aan outeurs wie se publikasie goedgekeur en uitgegee word, te betaal.

6. BEMARKING

6.1 LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS (Kyk GKK-verslag pt. 4.1.9-10, bl. 85)

Dit is met groot dankbaarheid dat Lig in Duisternis Uitgewers hierdie jaar reeds 25 jaar oud is. Die PK het die afgelope paar jaar baie besin oor Lig in Duisternis Uitgewers se rol in die kerk, maar ook oor die bydrae wat ons kan lewer om die breër Afrikaanssprekende mark met Skrifgetroue inhoud en publikasies te dien. Dit het daartoe gelei dat die PK en Lig in Duisternis Uitgewers doelbewus 'n nuwe koers begin inslaan het met die doel om Lig in Duisternis Uitgewers as 'n toonaangewende en betroubare naam in die uitgewerswese te vestig wat nie net die AP Kerk dien nie, maar ook die breër Afrikaanssprekende gemeenskap. Waar die fokus voorheen baie sterk was: Uit die kerk, vir die kerk, het ons daardie visie verbreed na: Uit die kerk, vir die kerk en die gemeenskap wat ons geroep is om te dien. Hierdie koersaanpassing is gemaak in lyn met Sinode 2017 se opdrag dat die GKK en die PK na maniere moet soek om die Publikasie-afdeling winsgewend en selfonderhoudend te maak (kyk *Handelinge 2017*, bl. 350-351, pt. 4.9.1 en pt. 5.3.1 tot 5.3.4).

As deel van hierdie strategiese skuif, het daar 'n paar veranderinge by Lig in Duisternis Uitgewers plaasgevind:

Nuwe embleem



Ds. Lourens du Preez het 'n nuwe embleem vir Lig in Duisternis Uitgewers ontwerp wat iets van die karakter uitbeeld. Die brandende bos is 'n simbool wat reeds in die 16de eeu deur die Franse Gereformeerde Kerk gebruik is en bind ons dus duidelik aan ons reformatoriese herkoms. Die brandende bos herinner ook aan die geleentheid toe God Homself op die berg Sinai aan Moses in 'n brandende bos openbaar het Dit spreek iets van Lig in Duisternis Uitgewers se Skrifbeskouing, naamlik dat God Homself aan ons bekendmaak en dat Hy nie bloot die produk van menslike nadenke oor Hom is nie. Die wyse waarop Hy Homself aan ons bekendmaak, is deur sy Woord. Vandaar die oopgeslaande Bybel aan die onderkant van die brandende bos. Die wit vlamme simboliseer ook iets van ons roeping om lig in duisternis te wees. Hierdie embleem is ook as amptelike handelsmerk vir Lig in Duisternis Uitgewers geregistreer.

Bemarkingsvideo

In 2021 het Lig in Duisternis Uitgewers 'n groot bewusmakingsveldtog onder lidmate van die AP Kerk deur middel van 'n bemarkingsvideo van stapel gestuur. In hierdie kort video word Lig in Duisternis Uitgewers se nuwe benadering uiteengesit en word lidmate en kerkrade opgeroep om Lig in Duisternis Uitgewers aktief te ondersteun. Die video is op verskillende platforms gedeel en ook per WhatsApp-versending na alle leraars en saakgelastigdes gestuur, met die doel dat dit na lidmate aangestuur en in gemeentes vertoon word. Dit is ook tydens die predikantekonferensie vroeër vanjaar vertoon.

Hierdie video is tans 858 keer gekyk en kan by die volgende skakel geaktiveer word: www.youtube.com/watch?v=omLLxrjSIEo&t=3s

Slagspreuk

Kyk hoër. Delf dieper. Sien Meer!

Lig in Duisternis Uitgewers het 'n duidelike roeping waaraan ons graag gehoorsaam wil wees. Soos wat daar oor die vroeë kerk berig word, wil ons graag Jerusalem (ons samelewing) met ons leer vervul (vgl. Hand. 5:28). Hierdie "leer" verwys natuurlik na die onwankelbare evangelie van Jesus Christus. Sy heerskappy oor elke aspek van ons lewens en ons samelewing, behoort geproklameer te word.

Ons het iets van hierdie hoë roeping in ons nuwe slagspreuk probeer verwoord: *Kyk hoër. Delf dieper. Sien meer!* Ons doelwit is om die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap met Skrifgetroue en behoudende inhoud te bedien en te beïnvloed. In 'n verwarde wêreld waarin mense se werklikheid dikwels deur die tydelike oorweldig word en hulle perspektief vernou, wil ons hulle help om hoër te kyk. Ons wil hulle help om hul oë hoër as die berge op te slaan. Deur ons publikasies en produkte wil ons mense help om dieper te delf in die eindelose skatkamers van die ewige Woord van God, sodat hulle oë kan oopgaan en hulle in verwondering kan staan, omdat hulle meer kan sien as die voor die hand liggende.

AANBEVELINGS:

6.1.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se groter selfstandigheid en moedig die verdere ontwikkeling hiervan aan.

6.1.2 Die Sinode moedig alle leraars en kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers daadwerklik onder lidmate bekend te stel deur die bemarkingsvideo doelbewus onder die aandag van elke lidmaat te bring.

6.2 AANSTELLING VAN BEMARKINGSPAN (*EDGE COMMUNICATIONS*)

(Kyk GKK-verslag pt. 4.1.10, bl. 85)

Weens druk op die begroting was die PK nog nooit in staat om ’n voltydse bemarker vir Lig in Duisternis Uitgewers aan te stel nie. In die verlede is bemarkingsfunksies verdeel onder die poste van die Elektroniese ondersteuningsbeampte: Bemarking en Webblad en die Hoofklerk: Boekwinkel. Hoewel die PK se begroting nog altyd voorsiening gemaak het vir die bemarking van Lig in Duisternis Uitgewers se produkte en daar met die beperkte hulpbronne en mannekrag tot ons beskikking, soveel moontlik gedoen is, was behoorlike bemarking nog altyd ’n uitdaging. Die PK het dus sedert 2021 die dienste van ’n professionele bemarkingspan, *Edge Communications*, bekom met die oog op ’n baie aggressiewer en meer gefokusde bemarkingsaanslag. Van die dienste deur hulle gelewer, sluit in:

- Ontwikkeling en instandhouding van ’n eie webtuiste vir Lig in Duisternis Uitgewers.
- Ontwikkeling en instandhouding van ’n aanlyn boekwinkel vir Lig in Duisternis Uitgewers.
- Beplanning en behartiging van bemarkingsveldtogte vir Lig in Duisternis Uitgewers.
- Uitbou en ontwikkeling van Lig in Duisternis Uitgewers se sosialemediaprofiel.
- Daaglikse plasings op sosiale media.
- Monitering van sosiale media.
- Mediaverklarings en skryfwerk.
- Mediaskakeling.
- Versameling van statistiek en inligting asook die ontwikkeling van strategieë met die oog op groter effektiwiteit en uitbreiding.
- Bemarkingsnavorsing.
- Maandelikse elektroniese nuusbrief.

Edge Communications vervul ook ’n belangrike skakelfunksie wat help om Lig in Duisternis Uitgewers se openbare profiel te bevorder en goeie netwerke met belangrike rolspelers in die mark en die pers op te bou.

AANBEVELINGS:

6.2.1 Die Sinode bedank die PK en Lig in Duisternis Uitgewers wat, ten spyte van ’n beperkte begroting, moeite doen om Lig in Duisternis Uitgewers so effektief moontlik te bemark en uit te bou.

6.2.2 Die Sinode bedank *Edge Communications* vir hulle professionele diens en waardevolle insette ten opsigte van Lig in Duisternis Uitgewers se bemarking teen ’n baie billike tarief.

6.2.3 Die Sinode moedig die PK en Lig in Duisternis Uitgewers aan om voort te gaan met hulle bemarkingstrategie en sodoende Lig in Duisternis Uitgewers tot ’n toonaangewende en selfstandige uitgewery uit te bou.

6.2.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om hul lidmate se inligting aan Lig in Duisternis Uitgewers te voorsien, ten einde hulle in staat te stel om meer effektief en gefokus in hul bemarkingsveldtogte te wees.

6.3 BUITEVERKOPE

Die PK en Lig in Duisternis Uitgewers besef toenemend die waarde daarvan om ons produkte by openbare geleenthede en op uitnodiging by buite-instansies uit te stal en te verkoop. Buiten vir die verkope wat tydens so ’n geleentheid gedoen word, bied dit goeie blootstelling vir Lig in Duisternis Uitgewers. Inligting van kliënte word ook versamel met die oog daarop om bemarkingsmateriaal aan hulle uit te stuur.

Buiteverkope het tydens die volgende geleenthede plaasgevind:

- Sinode 2017
- AP Kerk Tzaneen (basaar)
- Kragdag (jaarliks)
- AP Kerk Cullinan/Rayton se Stap vir Bybels
- CVO Pretoria (jaarliks)
- AP Kerk Bethal (basaar)
- Predikantekonferensie 2022
- Helpende Kerke Kongres
- Gauteng Alternative Education Expo 2022

AANBEVELINGS:

6.3.1 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die personeel van Lig in Duisternis Uitgewers wat bereid is om die buiteverkope, wat dikwels oor naweke val of waarvoor daar dikwels gereis moet word, te behartig.

6.3.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers uit te nooi om uitstallings by hulle te behartig en Lig in Duisternis Uitgewers in hul gemeentes bekend te stel.

6.4 HELPENDE KERKE KONGRES

Die AP Kerk was deur Helpende Hand uitgenooi om deel te vorm van hul 2022 Helpende Kerke Kongres. Ds. HSW Strauss is genooi om as spreker op te tree en gedagtes met die kongres te deel oor die AP Kerk se bydrae tot gemeenskappe in nood. Ds. Strauss het dit goedgedink om Lig in Duisternis Uitgewers as voertuig waardeur die AP kerke die gemeenskap dien, bekend te stel. Die aanbieding is baie positief ontvang en Lig in Duisternis Uitgewers se stalletjie het ook baie aftrek gekry. Hierdie geleentheid is ook deur Radio Kaapse Kansel uitgesaai en was daarom ’n baie belangrike bemarkingsgeleentheid vir Lig in Duisternis Uitgewers.

’n Opname van die aanbieding is aanlyn beskikbaar by: https://www.youtube.com/watch?v=mY0sexKC0F8&t=10s

Tydens die geleentheid het Lig in Duisternis Uitgewers se kameraspan ook gehelp met opnames en dit is ná die tyd tegnies versorg. Die diens is gratis aangebied, omdat dit ’n geleentheid was om ons multimediadienste en -vaardighede ten toon te stel. Die volgende terugvoer is ná die tyd van Helpende Hand ontvang:

“Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om ongelooflik baie dankie te sê vir die reeks video’s wat die LID-span vir ons gemaak het by die Helpende Kerke Kongres. Nie net was die diens baie professioneel nie, maar ons is ook so tevrede met die eindresultaat en ongelooflik dankbaar vir julle waardevolle bydrae.”

AANBEVELING:

6.4.1 Die Sinode doen ’n beroep op kerkrade om die skakel na Lig in Duisternis Uitgewers se aanbieding by die Helpende Kerke Kongres onder lidmate te versprei.

6.5 WHATSAPP-GROEPE

Ten einde onderlinge kommunikasie met leraars, gemeentes en kolporteurs te verbeter, is die volgende WhatsApp-groepe gestig:

- Leraars
- Saakgelastigdes
- Kolporteurs

Hierdie groepe word gebruik om belangrike inligting deur te gee, maar bied ook wonderlike bemarkingsgeleenthede. Lig in Duisternis Uitgewers wil graag alle leraars, saakgelastigdes en kolporteurs wat die inligting weer op hul gemeentegroepe deel, bedank. Dit stel ons in staat om vars nuus baie vinniger en as 't ware "eerstehands" onder lidmate se aandag te bring.

AANBEVELINGS:

6.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die onderskeie WhatsApp-groepe waarop belangrike inligting met kerkrade en lidmate gedeel word. In die digitale era waarin ons leef, is dit 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel.

6.5.2 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat daar altyd iemand uit hul geledere op een van dié groepe is. Indien 'n skakelpersoon se inligting verander, moet dit aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor deurgegee word, sodat die nodige veranderings gemaak kan word.

6.5.3 Die Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat inligting wat op hierdie groepe gedeel word, onder die aandag van lidmate gebring word deur dit in afkondigings, nuusblaaie, op kerklike webtuistes of op plaaslike sosialemediabladsye te plaas en dit op plaaslike WhatsApp-groepe te deel.

6.6 WEBTUISTES

Kyk punt 9.1.

6.7 SOSIALE MEDIA

Kyk punt 9.3.

6.8 DIE KOLPORTEURSTELSEL

In sommige gemeentes funksioneer die kolporteurstelsel steeds goed en is daar baie om oor tevrede en dankbaar te wees. Daar is egter baie ruimte vir verbetering. Kolporteurs is 'n noodsaaklike en onontbeerlike skakel in die bemarking van ons publikasies en produkte.

Lig in Duisternis Uitgewers het op 27 November 2020 'n suksesvolle kolporteursdag vir kolporteurs in en rondom Pretoria aangebied. Tydens die geleentheid is Lig in Duisternis Uitgewers se stelsels verduidelik, die belangrikheid van lees beklemtoon, die rol van die kolporteur benadruk en nuwe publikasies aan kolporteurs bekendgestel.

AANBEVELINGS:

6.8.1 Die Sinode roep kerkrade op om hul plaaslike kolporteur se hande te versterk en die stelsel te ondersteun.

6.8.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.

6.8.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om, waar moontlik, jonger persone as kolporteurs of as hulp vir kolporteurs te laat dien.

6.8.4 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Die Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.

6.8.5 Die Sinode moedig ringe en gemeentes aan om op eie onkoste Die Boekwinkel uit te nooi na ringsvergaderings en gemeentes vir die bekendstelling van publikasies en opleiding van kolporteurs. Dit kan ook in virtuele formaat gebeur.

6.9 LIG IN DUISTERNIS BOEKWINKELS, KOMMERSIËLE EN AANLYN BOEKWINKELS

As deel van die PK en Lig in Duisternis Uitgewers se uitbreidingsplanne, moedig ons graag gemeentes aan om dit te oorweeg om 'n plaaslike tak van Die Boekwinkel in hulle gemeenskappe te open waar Lig in Duisternis Uitgewers se produkte verkoop kan word.

Ons is baie dankbaar om te getuig dat so 'n satellietwinkel reeds in Kareedouw in die Oos-Kaap begin is. Hiervoor is Lig in Duisternis Uitgewers baie dank verskuldig aan ds. Gerrie Kruger en sy vrou, Corné, wat die dryfkrag agter hierdie inisiatief was.

Intussen is die PK en Lig in Duisternis Uitgewers voortdurend besig om moontlikhede te ondersoek om Lig in Duisternis Uitgewers se produkte in ander kommersiële en aanlyn boekwinkels te verkoop. Onderhandelings met CUM is reeds aan die gang. Ander aanlyn opsies soos Takealot en Loot word ook tans ondersoek as moontlike afsetpunte.

AANBEVELINGS:

6.9.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om oorweging te skenk aan die moontlikheid om 'n satellietwinkel vir Lig in Duisternis Uitgewers in hul omgewing te begin.

6.9.2 Die Sinode moedig kerkrade en kolporteurs aan om Lig in Duisternis Uitgewers se publikasies aan plaaslike boekwinkels te bemark en hul inligting aan Lig in Duisternis Uitgewers se bemarkingspan deur te gee.

6.10 VENNOOTSKAPPE MET GOEDGESINDE ORGANISASIES

In 'n poging om meer verkeer na Lig in Duisternis Uitgewers se webblad te lok, oorweeg die PK en Lig in Duisternis Uitgewers voortdurend strategiese vennootskappe met rolspelers en organisasies binne ons dampkring. Met die skep van die nuwe webtuiste en aanlyn boekwinkel, het klante byvoorbeeld nou die opsie om met elke bestelling R10 ten bate van Helpende Hand by hul bestelling te voeg, wat uiteindelik aan Helpende Hand oorbetaal word. Hierdie vennootskap skep 'n goeie verhouding met 'n organisasie soos Helpende Hand en gee vir Lig in Duisternis Uitgewers toegang tot hul bemarkingskanale en lede.

Die oogmerk is om soortgelyke ooreenkomste aan te gaan met organisasies soos byvoorbeeld TLU SA en die BCVO.

AANBEVELING:

6.10.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om lidmate in te lig van die feit dat hulle met elke aankoop op Lig in Duisternis Uitgewers se webblad, die opsie het om 'n R10-skenking aan Helpende Hand te maak.

6.11 SPESIALE AANBIEDINGS, PROMOSIES EN KOMPETISIES

Lig in Duisternis Uitgewers het maandeliks spesiale aanbiedings op hul webtuiste en verskeie promosies en kompetisies is al geloods om verkope te stimuleer. Hierdie promosies word op die WhatsApp-groepe, sosialemediaplatforms en *Brandpunt* (nuusbrief) deurgegee.

AANBEVELING:

6.11.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om spesiale aanbiedings gereeld onder die aandag van lidmate te bring.

7. PROJEKTE

7.1 ONS LIG LUISTERSTORIES

Een van die projekte wat deur *Edge Communications* geïnisieer is, is die Ons Lig Luisterstorieprojek. Hierdie projek is in samewerking met Ons Tuis-aftreeoorde gedoen. 'n Digitale, interaktiewe boekrak bestaande uit Lig in Duisternis Uitgewers se kinderboeke, is ontwikkel. Die boekies is deur Ons Tuis-seniors voorgelees, waarna die opnames omgesit is in 'n oudiovisuele ervaring vir kinders. Wanneer hulle op 'n bepaalde boekie op die boekrak klik, speel daar 'n video waarin die verhaal voorgelees word, terwyl daar deur die boekie geblaai word. Die interaktiewe boekrak kan hier afgelaai word: https://www.liginduisternis.co.za/wp-content/uploads/2021/11/BOEKRAK_LID.pdf

Hierdie projek het baie goeie reaksie ontlok en die oog getref van die vervaardigers van die gewilde kykNET-program *Met 'n huppel in die stap*. 'n Hele episode is aan die projek gewy en dit het aan Lig in Duisternis Uitgewers wye blootstelling gebied. Tydens hierdie episode is daar onder meer 'n onderhoud met die publikasiehoof, ds. Schalk Strauss gevoer en het hy die geleentheid gehad om Lig in Duisternis Uitgewers bekend te stel.

AANBEVELING:

7.1.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om die projek onder die aandag van lidmate te bring.

7.2 SKOOLTASSIEPROJEK (HELPENDE HAND)

Lig in Duisternis Uitgewers was bevoorreg om deel te raak van Helpende Hand se skooltassieprojek wat poog om 'n skooltassie met skryfbehoeftes en leesstof aan behoeftige Afrikanerkinders in graad 1 te verskaf.

Drie duisend eksemplare van *Die Wit Rokkie* (Annamarie du Toit) is aan Helpende Hand verskaf om in die tassies te pak. Dit kon teen 'n baie billike prys aan Helpende Hand voorsien word. *Die Wit Rokkie* is gekies omdat die kern van die evangelie op 'n baie kragtige wyse in die verhaal verpak is en omdat dit 'n boekie is wat ook as leesboek gebruik kan word.

AANBEVELINGS:

7.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se betrokkenheid by Helpende Hand se skooltassieprojek projek en moedig toekomstige betrokkenheid aan.

7.2.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate, wat as borge by die projek betrokke wil raak, aan om met Lig in Duisternis Uitgewers in verbinding te tree.

Motivering

'n Projek soos hierdie hou baie moontlikhede in vir die verkondiging van die evangelie onder Afrikaners. Indien daar borge uit die AP Kerk vir die projek kom, kan dit Lig in Duisternis Uitgewers in staat stel om selfs meer hoër hoogtes met so 'n projek te bereik. Daarmee saam bied dit ook 'n goeie bemarkingsgeleentheid.

7.3 HOOP ONGEGRENDELD

Gedurende 2020 was Lig in Duisternis Uitgewers betrokke by die aanlyn konsert Hoop Ongegrendeld, wat ten bate van droogtehulp en Afrikaner-armoedeverligting gehou is. Verskeie kunstenaars is by die projek betrek. Die fondse wat ingesamel is, is aan verskillende instansies wat by droogtehulp en armoedeverligting onder Afrikaners betrokke is, oorbetaal.

8. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Die Lig in Duisternis-prys en -toekennings, asook spesiale vermeldings, is die belangrikste manier waarop die PK en Lig in Duisternis Uitgewers erkenning aan skrywers kan gee. Die PK beplan om in die toekoms hierdie prysuidelingsgeleentheid in 'n glansgeleentheid te omskep en sodoende groter blootstelling aan die uitgewery en skrywers te gee. Pryswenners se name word ook in *Die Boodskapper* gepubliseer.

8.1 PRYSWENNERS

Algehele wenner Lig in Duisternis-prys

2019 – Prof. JAE Adendorff (*Génesis: Die boek van oorspronge*).
2020 – Proff. IA Brink en CA Swanepoel (*Woord in die hart – deel 3*).

Kategorie 2 pryswenner(s)

2020 – Prof. J Bosman vir sy artikel "Hoe verwerk 'n Christen die trauma van 'n (plaas)aanval?" (*Die Boodskapper*, Maart 2020).

Kategorie 3 pryswenner(s)

2020 – Mev. Annamarie du Toit vir die kinderboeke *Die Wit Rokkie*.

8.2 SPESIALE VERMELDINGS

2019

- Ds. RJ Pretorius vir sy dagstukkies (Meimaand) in die publikasie *Troos my volk (Kerkjaarboek 2019)*.
- Prof. IA Brink vir sy artikel in *Die Boodskapper* van November 2019 met die titel: "So spreek die Here ... Taalgebruik en die prediking."

2020

- Ds. HSW Strauss vir sy dagstukkies (Februariemaand) in die publikasie: *'n Brandende Hart*.
- Ds. MJL Jordaan vir sy dagstukkies (Meimaand) in die publikasie: *'n Brandende Hart*.

AANBEVELINGS:

8.1.1 Die Sinode wens die wenners van die Lig in Duisternis-prys van harte geluk.
8.1.2 Die Sinode wens ook die skrywers wat spesiaal vermeld is, geluk met hul prestasies.

9. MULTIMEDIA

9.1 WEBWERWE

*9.1.1 AP KERK: AMPTELIKE WEBWERF www.apk.co.za (*Handelinge 2017*, bl. 340, pt. 3.2 en bl. 349, pt. 4.6.4 en bl. 351, pt. 5.6.2)*

Naas *Die Boodskapper*, beskou die PK die webwerf as een van die AP Kerk se belangrikste interne kommunikasiemiddele, asook die plek van eerste kontak met persone van buite die AP Kerk. In 2019 het mnr. Marius Gouws die webwerf in geheel oorgedoen. Die doel van die webwerf is steeds om in die eerste instansie ons kerke te dien met relevante en opgedateerde inligting en leesstof wat prikkel en geestelik opbouend is. Met die ontwikkeling van 'n eie webwerf vir Lig in Duisternis Uitgewers, het die aanlyn boekwinkel van die AP Kerk se amptelike webwerf oorgeskuif na die Lig in Duisternis-webwerf. Daar is egter steeds 'n skakel op die AP Kerk se webwerf wat besoekers na Lig in Duisternis se webwerf begelei.

Vanuit die volgende lande word die AP Kerk se webwerf die meeste besoek: Suid-Afrika, Amerika, Japan, Indië, Brasilië, Sjina, Bangladesh, Duitsland, Spanje, Frankryk, Australië, Ierland, Turkye, Engeland.

Die volgende aspekte van die AP Kerk se amptelike webwerf word uitgelig ter wille van kennisname deur kerkrade en lidmate:

a. Die Boodskapper *elektronies*

Elke uitgawe van *Die Boodskapper* word 'n maand nadat dit verskyn het, gratis as elektroniese blaaiboek of aflaaibare PDF-dokument onder die afdeling "Multimedia" gelaai: www.apk.co.za/tydskrifte/

b. Basuingeklank

Hoewel *Basuingeklank* nie meer so gereeld opgeneem word nie, word nuwe opnames steeds op die webwerf onder die afdeling "Multimedia" gelys. Daar is reeds 26 episodes daarvan opgelaai. Die episodes is ook op Lig in Duisternis Uitgewers se YouTube-kanaal beskikbaar. www.apk.co.za/basuingeklank/

c. Redakteursforum

Die AP Kerk kry steeds ongeveer een maal per maand die geleentheid om deel te neem aan die insetsel *Redakteursforum* wat deel van Pretoria FM se godsdiensaktualiteitsprogram op Sondae is. Die insetsel word tans tussen 7:45 en 8:00 op 'n Sondag uitgesaai. Tydens hierdie insetsel kry die Redakteur van *Die Boodskapper* geleentheid om oor komende uitgawes te gesels en die blad bekend te stel. By ander geleenthede voer die Redakteur ook onderhoude oor onderwerpe en artikels wat in *Die Boodskapper* verskyn. Soms neem Lig in Duisternis Uitgewers self die insetsel in ons eie ateljee op en stuur dit dan aan Pretoria FM. Hierdie insetsel word met vergunning van Pretoria FM ook op ons webblad geplaas en op Facebook gedeel. https://apk.co.za/blog/category/multi-media/redakteursforum/

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 5.7.1

d. Opnames

Verskeie opnames wat deur Lig in Duisternis Uitgewers gedoen word, word op die AP Kerk se amptelike webwerf gelys. Dit integreer met Lig in Duisternis Uitgewers se YouTube-kanaal. https://apk.co.za/ander-opnames/

e. 7 voor 7-uitsendings

Direkte uitsendings van die insetsel 7 voor 7 op Pretoria FM is in 2020 gestaak toe Pretoria FM na 'n nuwe model oorgeskakel het waarin 'n aanbieder die bydrae wat ingestuur word, voorlees. 7 voor 7-bydraes deur leraars van AP kerke wat tot 2020 aan die insetsel deelgeneem het, is op die webblad gelaai. https://apk.co.za/blog/category/multi-media/7-voor-7/

f. Verklarings en kommentaar

Amptelike mediaverklarings deur die SKK of ander kommissies, asook verskeie kommentaarartikels oor aktuele sake, word onder die afdeling "Standpunte" geplaas. Verskeie van hierdie verklarings en kommentaarartikels is ook deur Maroela Media geplaas.

Vir 'n volledige lys kommentaarartikels wat op die webwerf verskyn het, besoek: https://apk.co.za/kommentaar/

Die volgende artikels het by Maroela Media verskyn:

DATUM	ARTIKEL
19 Maart 2017	Die Trump-era: Rede tot hoop of nie? (Ebert Terblanche)
30 Maart 2017	Ou spore maar nuwe weë (Ds. Johan Schütte)
10 November 2017	Slawerny terug op die wetboek: kommentaar op voorgestelde wysiging van die onderwyswette (Ds. Ruan Combrink)
29 Januarie 2018	Populisme teenoor realisme (Bennie van Zyl)
27 Februarie 2018	O, Boereplaas, geboortegrond ... (Charlotte Möller)
19 Maart 2018	Jy mag die Here jou God nie versoek nie (Ds. Schalk Strauss)
19 April 2018	Ideologie van gelyke armoede se verskerpte aanval op private eiendom (Gawie Snyman)
30 April 2018	My seun, vrees die Here en die koning ... (Charlotte Möller)
3 Oktober 2018	Die kerk: Hospice of rehabilitasiesentrum? (Ds. Schalk Strauss)
1 Februarie 2019	Wie of wat hang óns aan die kruis op? (Ds. Schalk Strauss)
15 April 2019	Die fyn lyn tussen godsdiensvryheid en menseregte (Ds. Johan Schütte)
19 April 2019	Kerke in die spervuur (Ds. Johan Schütte)
21 Mei 2019	Dit gaan oor meer as grond (Ds. Schalk Strauss)
3 Junie 2019	Niks oor ons, sonder ons nie (Martin van Staden)
20 September 2019	Alle volke klap julle hande: Eenheid te midde van verskeidenheid (Ds. Schalk Strauss)
18 Oktober 2019	AP Kerk vaar uit teen NG Kerk se gay-besluit (Nuusartikel: Maroela Media)
19 November 2019	Geloftedag: Moet ek of wil ek? (Ds. Henning Dafel)
12 Februarie 2020	Omvattende seksvoorligting – waar staan ons? (Adv. Nadene Badenhorst)
13 Februarie 2020	Voor wie sal ons die knie buig? (Ds. Schalk Strauss)
25 Februarie 2020	Ope brief aan die president: U is heel eerste aan God verantwoordbaar (SKK)
28 Februarie 2020	Kap die heilige boomstamme af, maar verwyder ook die hoogtes (Ds. Schalk Strauss)
5 April 2020	Gee my 'n permit, want ek het NUUS! (Ds. Schalk Strauss)
12 April 2020	Simfonie of kakofonie? (Ds. Johan Schütte)
23 April 2020	Amptelike skrywe van die AP Kerk aan die president (Ds. Johan Schütte)

DATUM	ARTIKEL
28 Mei 2020	Kerke reageer op Ramaphosa se vergunning (Tania Heyns; nuusartikel: Maroela Media)
16 Junie 2020	'n Goue kalf in reënboogkleure? (Ds. Johan Schütte)
29 Julie 2020	Ek hóórt hier (Ds. Johan Schütte)
15 September 2020	Wanneer geregtigheid uit die Regverdige se hande geneem word (Ds. Schalk Strauss)
24 September 2020	BLM: 'n Nuwe godsdiens vir 'n nuwe wêreld (Ds. Johan Schütte)
3 Mei 2021	Oor verwysings na God as vroulik (Prof. Alwyn Swanepoel)
10 Mei 2021	Oor verwysings na God as vroulik: Wanneer ons die Bybel hoor (Prof. Alwyn Swanepoel)
17 Mei 2021	Oor verwysings na God as vroulik: Wanneer ons die Kerkgeskiedenis hoor (Prof. Alwyn Swanepoel)
24 Mei 2021	Oor verwysings na God as vroulik: Wanneer ons die tydsgees hoor (Prof. Alwyn Swanepoel)
7 Augustus 2021	Dis nie óf gebed óf die wetenskap nie (Ds. Schalk Strauss)
19 Maart 2022	Volg ons instellings of beginsels? (Bennie van Zyl)

Van bogenoemde, is die volgende artikels die meeste gelees:

DATUM	SKRYWER	STORIE	AANTAL KEER GELEES
2020/04/23	SKK	Amptelike skrywe van die AP Kerk aan die president	63 953
2020/02/25	SKK	Ope brief aan die president: U is heel eerste aan God verantwoordbaar	24 322
2020/05/28	Tania Heyns	Kerke reageer op Ramaphosa se vergunning	23 377
2020/06/16	Ds. JL Schütte	'n Goue kalf in reënboogkleure?	19 051
2020/02/28	Ds. HSW Strauss	Kap die heilige boomstamme af, maar verwyder ook die hoogtes	18 761
2019/11/19	Ds. HJ Dafel	Geloftedag: moet ek of wil ek?	13 647
2020/07/29	Ds. JL Schütte	Ek hóórt hier	13 460
2019/10/18	Anja van der Merwe	AP Kerk vaar uit teen NG Kerk se gay-besluit	11 592
2020/09/24	Ds. JL Schütte	BLM: 'n Nuwe godsdiens vir 'n nuwe wêreld	10 045
2020/04/05	Ds. HSW Strauss	Gee my 'n permit, want ek het NUUS!	9 270

Amptelike verklarings deur die SKK en ander kommissies, is op die AP Kerk se webwerf geplaas (kyk SKK-verslag, bl. 37 vir 'n volledige lys): https://apk.co.za/verklarings/

g. Vraag en antwoord

Die Publikasieafdeling is voortdurend besig om die vraag en antwoord-afdeling op die webtuiste uit te bou met algemene vrae wat dikwels deur gelowiges gevra word. Die vrae word hoofsaaklik geneem uit die publikasies *Ek kan nie oor my Here swyg nie* (prof. R Marè) en *Ontmoetingsgesprek* (sinodaal). Soms word video-opnames of artikels wat in *Die Boodskapper* verskyn het, as antwoord op spesifieke vrae opgelaai. Die doel van hierdie afdeling is om lidmate met kennis te bemagtig en aan soekendes antwoorde op geloofsvrae te verskaf: www.apk.co.za/vraag-antwoord/

h. Gratis hulpbronne

Hierdie afdeling bevat gratis teologiese hulpbronne oor ’n verskeidendheid temas. Referate tydens teologiese dae gelewer (ook die opnames daarvan), opnames tydens predikantekonferensies, opnames oor teologiese onderwerpe by ander geleenthede, die konkordansie vir die Psalm- en Gesangeboek is van die hulpbronne wat hier beskikbaar is. Dit het ook ’n onderafdeling met gratis hulpbronne en inligting oor die Afrikaner se geskiedenis: www.apk.co.za/gratis-hulpbronne/

i. Aanvra van leespreek

Onder die afdeling “Gratis hulpbronne” is daar ’n onderafdeling waar ’n leespreek uit die preekbank aangevra kan word: www.apk.co.za/vra-leespreek-aan/

AANBEVELINGS:

9.1.1.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om die amptelike webwerf van die AP Kerk met sy verskillende onderafdelings, gereeld onder die aandag van lidmate te bring.

9.1.1.2 Die Sinode herinner kerkrade aan al die amptelike dokumente wat op die intekengedeelte van die webblad beskikbaar is.

9.1.1.3 Die Sinode neem met waardering kennis van die amptelike verklarings en kommentaarartikels wat op die webwerf en ander mediaplatforms verskyn het.

9.1.1.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om veral amptelike verklarings en kommentaarstukke onder lidmate se aandag te bring, aangesien dit die AP Kerk se getuienis oor aktuele sake verteenwoordig.

9.1.2 LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS: WEBWERF www.liginduisternis.co.za

Met die hulp van *Edge Communications* is ’n splinternuwe webtuiste vir Lig in Duisternis Uitgewers ontwerp. Dit vorm deel van Lig in Duisternis Uitgewers se verskerpte pogings om ’n selfstandige identiteit te vestig. Die webwerf bestaan hoofsaaklik uit ’n aanlyn boekwinkel waarop die meeste van Lig in Duisternis Uitgewers se publikasies aangeskaf kan word.

Die volgende onderafdelings maak ook deel uit van die webtuiste:

- *Meer oor ons*. In hierdie onderafdeling kan besoekers meer oor Lig in Duisternis Uitgewers se doelstellings, belydenisgrondslag en die span te wete kom.
- *Uit die redakteur se pen*. Kort blog-inskrywings deur die publikasiehoof. Dit word maandeliks geplaas.
- *Skrywers*. Hierdie onderafdeling bevat biografiese inligting oor Lig in Duisternis Uitgewers se skrywers.
- *Nuus*. By hierdie onderafdeling word mediaverklarings deur Lig in Duisternis Uitgewers asook ander artikels wat oor Lig in Duisternis Uitgewers in die media verskyn het, geplaas.
- *Kontak ons*. Hierdie onderafdeling bevat al die noodsaaklike kontakinligting vir Lig in Duisternis Uitgewers.

Sedert die loodsing het verkeer en verkope op die webtuiste mooi toegeneem.

Webbesoeke

- Oktober 2021: 260 besoeke
- Novovember 2021: 1 636 besoeke
- Desember 2021: 615 besoeke
- Januarie 2022: 200 besoeke
- Februarie 2022: 371 besoeke

Web "Pageviews"

- Oktober 2021: 1 390
- November 2021: 5 828
- Desember 2021: 1 825
- Januarie 2022: 899
- Februarie 2022: 1 311
- Maart 2022: 1 933

LID: Verkope (aanlyn winkel) Oktober 2021 tot Maart 2022

TOTALE VERKOPE	BESTELLINGS	PRODUKTE VERKOOP
R35 429,00	64	288

AANBEVELINGS:

9.1.2.1 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se nuwe webblad met toegang tot 'n aanlyn boekwinkel.

9.1.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers se nuwe webblad daadwerklik onder lidmate se aandag te bring.

9.2 YOUTUBE: LIG IN DUISTERNIS PRODUKSIES

Lig in Duisternis Produksies se amptelike YouTube-kanaal is in Januarie 2016 begin met die eerste video wat op 26 Januarie 2016 opgelaai is. Sedertdien het Lig in Duisternis Uitgewers verskeie video's bygevoeg en die kanaal stelselmatig uitgebrei. Tans is daar bykans 800 ure se videomateriaal opgelaai, met ongeveer 11 000 besoeke per maand. Sedert die aanvang van die kanaal, was daar al 366 505 besoeke. Video's word ook in verskillende snitlyste gegroepeer, om dit meer gebruikersvriendelik te maak.


Die getal intekenare het aanvanklik stadig gegroei. Sedert die aanbreek van die grendeltyd, was daar 'n drastiese styging van intekenare. Hoewel die styging tans nie meer so drasties is nie, groei die getal intekenare steeds maandeliks met ongeveer 20-30 nuwe intekenare.

2020	
DATUM	INSKRYWINGS
Jan. 2020	67
Feb. 2020	70
Mrt. 2020	190
Apr. 2020	540
Mei 2020	900
Jun. 2020	1 020
Jul. 2020	1 090
Aug. 2020	1 120
Sep. 2020	1 170
Okt. 2020	1 200
Nov. 2020	1 250
Des. 2020	1 290

2021	
DATUM	INSKRYWINGS
Jan. 2021	1 345
Feb. 2021	1 386
Mrt. 2021	1 430
Apr. 2021	1 480
Mei 2021	1 510
Jun. 2021	1 530
Jul. 2021	1 560
Aug. 2021	1 590
Sep. 2021	1 650
Okt. 2021	1 700
Nov. 2021	1 730
Des. 2021	1 760

2022	
DATUM	INSKRYWINGS
Jan. 2022	1 790
Feb. 2022	1 825
Mrt. 2022	1 850
Apr. 2022	1 880

Groei in inskrywings op die YouTube-kanaal



Die groei in die aantal video-ure en intekenare, het Lig in Duisternis Produksies in staat gestel om geld uit YouTube te verdien ("monetization"). Dit skep 'n passiewe inkomstebron vir Lig in Duisternis Uitgewers, wat reeds sedert datum van "monetization" (25 Junie 2020), gesorg het vir 'n passiewe inkomste van R8500,00. Lig in Duisternis Uitgewers wil graag hierdie fondse aanwend ter verbetering van die ateljee en toerusting.

Die aanbreek van die grendeltyd het unieke geleenthede vir Lig in Duisternis Produksies gegee wat met beide hande aangegryp is. In Maart 2020 is begin met die opneem en uitstuur van daaglikse oordenkings (Pitkos) deur leraars van die AP Kerk. Aanvanklik is hierdie oordenkings daagliks uitgestuur (ook oor naweke). Later is dit afgeskaal en word tans net op weeksdae uitgestuur. Dit word in video- en oudioformaat uitgestuur, sodat datakostes nie die verspreiding van die boodskappe kniehalter nie. Die terugvoer oor die oordenkings is oorweldigend positief en, op grond van die terugvoer, is dit duidelik dat hierdie boodskappe regoor die wêreld onder Afrikaanssprekende Christene versprei word. Die oordenkings bied ook die geleentheid om die AP Kerk se predikante en teologie aan die buitewêreld bekend te stel en stigmas af te breek.

Lig in Duisternis Uitgewers se YouTube-kanaal ontvang besoekers van regoor die wêreld. Lande waaruit die kanaal die meeste besoek word, sluit in: Suid-Afrika, Namibië, Amerika, Australië, Mosambiek, Kanada, Engeland, België, Nieu-Seeland, Oekraïne, Frankryk, Arabië, Nederland, Botswana, Ierland.

Daar is heelwat oordenkings wat meer as 'n 1 000 keer gekyk is. Die gemiddelde aantal YouTube-kyke per oordenking, is 420. Let daarop dat dit nie moontlik is om te bepaal hoeveel keer 'n klankopname van 'n oordenking geluister word nie.

Tydens die grendeltyd was daar ook uitsendings van die program *Sessie met die professie*. Die doel van hierdie program was om lidmate die geleentheid te gee om na kenners in die veld wat oor verskeie aktuele onderwerpe gesels het, te luister en interaksie te hê. Hierdie sessies het gedurende die grendeltyd goeie aftrek gekry, maar belangstelling het mettertyd getaan sodat die program tans nie meer voortgaan nie. Die videomateriaal van vorige uitsendings is egter almal op die YouTube-kanaal beskikbaar en kan baie nuttig in gemeentes aangewend word vir Bybelstudie of toerusting van lidmate en kerkraadslede.

Die behoefte na preekuitsendings was baie groot tydens die grendeltyd. Lig in Duisternis Uitgewers het met die hulp van AP Kerk Pretoria-Oos verskeie eredienste opgeneem en uitgestuur, sodat daar elke Sondag by 'n erediens ingeskakel kon word. Mettertyd het heelwat gemeentes ook opnames van hul eredienste gemaak en op hul YouTube-kanale geplaas.

AANBEVELINGS:

9.2.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor Lig in Duisternis Uitgewers vir die daarstel van 'n baie aktiewe YouTube-kanaal waardeur lidmate en gelowiges wêreldwyd met die evangelie bedien word.

9.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Produksies se YouTube-kanaal, asook die onderskeie video's wat daarop verskyn, gereeld onder die aandag van lidmate te bring en hulle aan te moedig om gratis op die kanaal in te skryf.

9.2.3 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om die video's van Lig in Duisternis Produksies so ver en wyd as moontlik te versprei.

9.2.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om die inhoud van die YouTube-kanaal te benut vir Bybelstudie en toerusting van lidmate en kerkraadslede.

9.3 SOSIALE MEDIA


9.3.1 AP Kerk: Facebookblad

Die AP Kerk se Facebookblad is steeds 'n baie belangrike medium vir kommunikasie en getuienislewering. Sedert 2016 het die aantal mense wat van die blad hou ("like") toegeneem van 250 tot 4309, met 'n totaal van 4819 volgelinge. Met die aanbreek van die grendeltyd het die Facebookblad 'n groot styging getoon in mense wat van die blad hou of dit volg. Op 4 Maart 2020 het 2308 mense van die blad gehou, op 9 April 2020 het die getal tot 3012 gestyg en op 8 September 2020 is die 3500 kerf verbygesteek.


Plasings met die grootste reikwydte

Recent content	Type		Reach	Likes and reactions	Sticker taps
Ons vra u ernstige voorbidding vir ... 28 Jan 2021	Post	Boost Post	46,439	1,547	--
Dink in u gebede aan ds. Ken Myb... 11 May 2021	Post	Boost Post	39,013	1,189	--
Ds. Dewald Cronje (AP Kerk Riversd... 2 Jun 2021	Post	Boost Post	22,554	884	--
Vandag is 'n belangrike dag! Moen... 15 Dec 2021	Post	Boost Post	18,610	746	--
In weerwil van volksvreemde vakan... 15 Jun 2021	Post	Boost Post	27,701	735	--
Ons dra die Pieterse-gesin in ons g... 14 Jun 2021	Post	Boost Post	44,844	695	--
Nog een van ons predikante, ds Jo... 29 Jan 2021	Post	Boost Post	17,131	678	--
Nadat prof. Alwyn Swanepoel nou ... 7 Feb 2021	Post	Boost Post	14,087	584	--

Gehoor



Dorpe waaruit die blad besoek word



Lande waaruit die blad besoek word



AANBEVELINGS:

9.3.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die groei en effektiwiteit van die kerk se amptelike Facebookblad (https://www.facebook.com/apkerk/) en die belangrike kommunikasie- en getuienisfunksie wat dit vervul.

9.3.1.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die kerk se amptelike Facebookblad gebruik te maak en dit aan lidmate bekend te stel.


9.3.2 Die Boodskapper*: Facebookgroep*

Kyk Verslag: *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* punt 9, bl. 255.

9.3.3 Lig in Duisternis Uitgewers: Facebookblad

Saam met die nuwe webtuiste vir Lig in Duisternis Uitgewers, is daar ook 'n Facebookblad begin met die oog daarop om die selfstandigheid en eie identiteit van Lig in Duisternis Uitgewers te versterk. Hierdie blad word gebruik om bewusmaking te skep vir Lig in Duisternis Uitgewers se produkte, spesiale aanbiedings, kompetisies, en projekte, maar ook om die boodskap en etos van die uitgewery aan die publiek oor te dra. Daaglikse plasings word gemaak waarvoor spesiale grafika ontwerp word.

Die blad beleef volgehoue groei en toenemende interaksie:



Tans hou 830 mense van die blad en word Lig in Duisternis Uitgewers deur 872 mense gevolg.

	2021		2022	
FACEBOOKPLASINGS	Augustus 2021	20	Des./Jan. 2022	76
	September 2021	22	Februarie 2022	30
	Oktober 2021	22	Maart 2022	24
	November 2021	42		
FACEBOOK "LIKES"	Augustus 2021	509	Des./Jan. 2022	787
	September 2021	665	Februarie 2022	794
	Oktober 2021	699	Maart 2022	831
	November 2021	737		
FACEBOOKREIKWYDTE	Augustus 2021	24 224	Januarie 2022	7 001
	September 2021	4365	Februarie 2022	7 998
	Oktober 2021	28 257	Maart 2022	6 057
	November 2021	23 990		

AANBEVELINGS:

9.3.3.1 Die Sinode neem met waardering kennis van Lig in Duisternis se Facebookblad.

9.3.3.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om die Facebookblad deur middel van afkondigings en ander kommunikasiekanale gereeld onder lidmate se aandag te bring en deelname aan te moedig. www.facebook.com/LIDuitgewers

9.3.4 Lig in Duisternis Uitgewers: Instagramrekening

Hand aan hand met die nuwe Facebookblad vir Lig in Duisternis Uitgewers, is ook ’n Instagramrekening begin: lid_uitgewers. Hierop is reeds bykans 200 plasings gemaak en die rekening het 50 volgelinge. Dieselfde tipe inhoud wat op die Facebookblad gedeel word, word ook hier gedeel aangesien ’n ander teikengroep bereik word as met die Facebookplasings.

AANBEVELINGS:

9.3.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se Instagramrekening (lid_uitgewers).

9.3.4.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om Lig in Duisternis Uitgewers se Instagramrekening onder die aandag van lidmate, veral die jeug, te bring en hulle aan te moedig om dit te volg.

10. BESKRYWINGSPUNTE

10.1 RING VAN MIDDELBURG: LEERBOEKE SE INHOUD

Die skrywe voor in die leerboek – “Lig in Duisternis Uitgewers vereenselwig hom nie noodwendig met die standpunte van outeurs in enige van sy publikasies nie” – maak die leerboeke ongeloofwaardig.

Motivering

1. Bogenoemde verskyn in die leerboek *Leer en Lewe Graad 7*, 1, van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Hersiene druk – agste oplaag: 2014. Die woorde verskyn ook in van die ander leerboeke.
2. Dié hersiene uitgawe is uitgegee in opdrag van die Sinode 1989.
3. Die publikasiehoof: Lig en Duisternis Uitgewers het soos volg gereageer:
   a. ’n Mens sal nie eintlik verwag om dit in amptelike verbondsonderrigmateriaal te kry nie.
   b. Die leermateriaal was nooit amptelik deur die sinode goedgekeur nie.
   c. Dit was eers aangestuur na gemeentes en later in ’n bundel byeengebring en so gebruik.
4. Hoe kan ons ons kinders uit die leerboeke leer, onderrig en laat onderrig, as ons eie uitgewers hulle nie vereenselwig met ons geëerde leraars nie?

Die Ring sal graag wil sien dat die inhoud deur die Sinode goedgekeur word of so aangepas word, om wel met vrymoedigheid gebruik te kan word.

AANBEVELINGS:

10.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

10.1.2 Die Sinode oordeel dat die saak meriete het en gee opdrag aan die PK om toe te sien dat die aangehaalde bewoording voortaan in geen sinodale publikasie verskyn nie.

10.1.3 Die Sinode besluit om die inhoud van die huidige verbondsonderrigreeks amptelik goed te keur aangesien dit al jare in gebruik is.

10.2 RING VAN OUTJO: VERTALING VAN KERKORDE IN ENGELS

Voorstel: Die Sinode besluit om die *Kerkorde* vir die kerke in Namibië in Engels te vertaal.

Motivering

1. In 2007 is toegestaan dat die bewoording van artikel 3 en enige ander kerkorde-artikels soos landsomstandighede dit vereis verander kan word.
2. Die Ring van Outjo het besluit om, met die toestemming van die Sinode 2007, die bewoording van artikel 3 in punt 3.2 aan te pas na:
   3.2 Enige persoon wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom 10:9, 10) en wat die belydenis en leer van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.
3. Die amptelike landstaal in Namibië is Engels.
4. Leraars wat aansoek doen om werkspermitte in Namibië moet stawende dokumentasie in Engels aanheg by hulle aansoeke.
5. Die Ring van Outjo wil steeds sy deelgenootskap aan die AP kerkverband bevestig en versoek die Sinode dus om hierdie beskrywingspunt gunstig te oorweeg.

AANBEVELINGS:

10.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie, aangesien dit reeds 'n staande besluit is.

10.2.2 Die Sinode besluit om nie die beskrywingspunt goed te keur nie, aangesien daar reeds 'n bestaande besluit daaroor is.

10.2.3 Die Sinode neem kennis dat die PK reeds met die vertaling begin het en moedig hulle aan om dit so spoedig moontlik af te handel.

10.3 BESKWYWINGSPUNT VANAF PK: NUWE LIEDERE VIR PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK

Kragtens sy betrokkenheid by die interkerklike kommissie vir die ontwikkeling van kerkmusiek, genaamd die Tussenkerklike Kommissie vir Kerksang en Kerkmusiek (TKKK), stel die PK voor dat die liedere in  Bylae PK2, bl. 260 by die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* gevoeg word wanneer 'n nuwe oplaag gedruk word:

Motivering

1. Die voorgestelde liedere se melodieë is almal bekende melodieë wat die liedere se bruikbaarheid in die kerk verhoog.
2. Dit is nou die ideale geleentheid om nuwe liedere goed te keur, aangesien daar binnekort 'n nuwe oplaag van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* gedruk sal moet word.

AANBEVELINGS:

10.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

10.3.2 Die Sinode keur in beginsel die byvoeging van die voorgestelde liedere goed.

10.3.3 Die Sinode verwys die finale goedkeuring en Skriftuurlike beoordeling, na die PK en die KKCE vir afhandeling.

10.3.4 Die Sinode laat die rubriekindeling van die liedere, ná finale goedkeuring, aan die diskresie van die PK en die KKCE oor.

10.3.5 Die Sinode versoek die PK om toe te sien dat die toevoeging ook op die toepassing vir slimfone aangebring word.

11. BESWAARSKRIFTE

11.1 IN MEMORIAM

Die PK maak beswaar teen die volgende sinodebesluit wat sekere inhoud in die *Kerkjaarboek* reël:

Vorige besluit:

Die Sinode besluit om in die toekoms 'n kort IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, in die Sakelys en Jaarboek op te neem (Handelinge 1991, pt. 20, bl. 273).

Nuwe voorstel:

Die Sinode besluit om voortaan IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, slegs in Die Boodskapper en die Sakelys van die sinode op te neem.

Motivering:

1. Aangesien IN MEMORIAM reeds in *Die Boodskapper* en die sakelys van sinodes verskyn, is die publisering daarvan in die *Kerkjaarboek* oorbodig.
2. Die koste van die *Kerkjaarboek* word onnodig verhoog deur IN MEMORIAM deel daarvan te maak.

AANBEVELINGS:

11.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

11.2.2 Die Sinode besluit om voortaan IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, slegs in *Die Boodskapper* en die sakelys van die sinode op te neem.

12. BEGROTING

Die PK slaag met die genade van die Here daarin om steeds binne sy begroting te bly. Die nuutste begroting is betyds aan die GKK voorgelê en word by die GKK se verslag hanteer.

13. DANKBETUIGING

Die Kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk gedoen kon word.

AANBEVELINGS:

13.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor:

13.1.1 Die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word.

13.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul take behartig, in die besonder vir die samestelling van *Sakelys 2022*.

13.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.

Di. LD Greyling (voorsitter), HJ Dafel (ondervoorsitter), HSW Strauss (skriba)

BYLAE PK1

VERSLAG AAN DIE SINODE VAN 2022 OOR DIE BOODSKAPPER *EN* DIE JEUGBOODSKAPPER *(1 MAART 2017 TOT 31 MAART 2022)*

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER (DJB)*

Die PK het die redaksie van *DB* en *DJB* soos volg aangewys:
Tot Oktober 2017: Di. AS van Staden, IP du Preez, JJ Venter.
Oktober 2017 – September 2018: Di. AS van Staden, IP du Preez, JJ Venter, HJ Dafel.
Oktober 2018 – Junie 2019: Di. AS van Staden, JJ Venter, HJ Dafel en A Hough.
Julie 2019 –Augustus 2019: Di. AS van Staden, HJ Dafel en A Hough.
September 2019 – November 2019: Di. AS van Staden, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller.
Desember 2019 – Maart 2022: Di. HJ Dafel, A Hough, RK Combrink en mev. C Möller.

Die redaksie het vir die verslagtydperk onder voorsitterskap van die redakteur, ds. HSW Strauss, gestaan.

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse tot en met 2018 en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*. Sedert 2019 word haar skoene deur mev. M Langeveldt volgestaan.

Die PK het waar nodig bepaalde portefeuljes aan die redaksielede toegewys. Ds. HJ Dafel tree sedert Februarie 2018 as subredakteur van *DJB* op.

AANBEVELING:

1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor redaksielede wat vir soveel jare getrou op die redaksie van *DB* en *DJB* gedien het, asook die nuwe redaksielede wat met onderskeiding hul skoene vol staan.

2. PERSONEEL

Ds. HSW Strauss (redakteur).
Mev. JP van Lille (redaksiesekretaresse) tot Desember 2018.
Mev. M Langeveldt (redaksiesekretaresse en grafiese ontwerp) sedert Oktober 2018.

Die redakteur is verder bygestaan deur mnr. M Gouws (multimedia) en die boekwinkelpersoneel, te wete mnre. A Bierman, J Coetzer en R Grobler, wat vir die verpakking en versending van *DB* en *DJB* verantwoordelik is.

AANBEVELING:

2.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor mev. JP van Lille uit wat vir 23 jaar as publikasiebeampte en sekretaresse van *Die Boodskapper* diens gedoen en haar verantwoordelikhede met sorg en uitnemendheid nagekom het.

3. VERGADERINGS

Vir die verslagtydperk het die redaksie ses keer vergader.

4. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige sinodebesluite, verskyn *Die Boodskapper* steeds tien keer per jaar: elke afsonderlike maand. Uitgawes ten opsigte van die maande Desember en Januarie, asook Julie en Augustus word gekombineer en as een uitgawe uitgegee.

TEMA	UITGAWE
Toekomshoop	Februarie 2017
Voorsienigheid	Maart 2017
Oorwinning	April 2017
Talewonder (Pinksteruitgawe)	Mei 2017
Gebed	Junie 2017
Huise van glas	Jul./Aug. 2017
Teodisee-vraagstuk	September 2017
Ou spore – nuwe weë	Oktober 2017
Koperslang	November 2017
Lig	Des./Jan. 2018
Raponsie	Februarie 2018
Paasuitgawe: Straf/oordeel/tug	Maart 2018
Die grondkwessie in Suid-Afrika	April 2018
Die huisgesin	Mei 2018
Roeping	Junie 2018
Tegnologie in die bediening	Jul./Aug. 2018
As ampsdraers struikel	September 2018
Spesiale uitgawe: TLU-SA	TLU-SA Kongres 2018
VSA-toer	Oktober 2018
Op vaste fondamente	November 2018
Gelofte 180	Des./Jan. 2019
Sending	Februarie 2019
Israelvisie-dwaalleer	Maart 2019
Rentmeesterskap	April 2019
Heiligmaking	Mei 2019
Gewapende verset	Junie 2019
Die smart van kinderloosheid	Jul./Aug. 2019
Simboliek	September 2019

TEMA	UITGAWE
Dordt 400 – gewortel in die tradisie	Oktober 2019
Met sout besprinkel	November 2019
Die vaders van Jesus Christus	Des./Jan. 2020
Bybellande deurreis	Februarie 2020
Plaasmoorde en geweldsmisdaad	Maart 2020
Offerlam van God	April 2020
Gemeentebou	Mei 2020
Afrikanerarmoede	Junie 2020
Die Bybel in Afrikaans	Jul./Aug. 2020
Naasteliefde	September 2020
Reformatoriese perspektiewe op kulturele Marxisme	Oktober 2020
Bejaardebediening	November 2020
Soos geprofeteer	Des./Jan. 2021
Die huwelik as simbool	Februarie 2021
Kinderseën	Maart 2021
Vergifnis	April 2021
Geesvervuld in die eindtyd	Mei 2021
Beloning	Junie 2021
Geestelike bediening tydens die Anglo-Boereoorlog	Jul./Aug. 2021
Skriflig op enkellopendheid	September 2021
Reparasie van 'n nasie (deel 1)	Oktober 2021
Reparasie van 'n nasie (deel 2)	November 2021
Vrede	Des./Jan. 2022
Onreg	Februarie 2022
Profeet, priester en koning	Maart 2022
Skadu's van Christus in die Ou Testament	April 2022

AANBEVELING:

4.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor die redaksie uit vir die wye verskeidenheid aktuele temas wat behandel is.

TERUG NA PK-VERSLAG PT. 4.4

5. VERSPREIDING *DB* EN *DJB*: MAART 2018 – FEBRUARIE 2022

HARDE KOPIE

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
DIE BOODSKAPPER	8 900	8 380	7 800	7 400	6 500	5 850
DIE JEUGBOODSKAPPER	4 200	4 200	3 950	3 900	3 750	3 700

VERSPREIDING (ANDER)

	2017	2018	2019	2020	2021	2022
KOMPLIMENTÊR	79	83	72	72	69	33
KOMPLIMENTÊR (E*)	6	9	45	44	48	64
ENKELINTEKENARE	37	34	13	11	14	6
ENKELINTEKENARE (E*)	3	3	3	7	11	2
GEMEENTELEDE (E*)	*Nie 'n opsie nie*				119	91
HELE GEMEENTE (E*)	*Nie 'n opsie nie*					3 (929)**

**Elektronies **929 is die totale lidmaatal van die gemeentes volgens die Kerkjaarboek 2022*

Die afname in lidmaatgetalle, asook die impak van die COVID-19-pandemie kan as vernaamste redes aangevoer word vir die afname in die getal kopieë wat versprei word. Komplimentêre eksemplare/elektroniese kopieë is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra; medewerkers aan 'n betrokke uitgawe; CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; prominente meningsvormers en leiersfigure; personeel (Gemeenskaplike Kerkkantoor en AP Akademie); argief; boekwinkel; voorportaal (Gemeenskaplike Kerkkantoor); eindredakteur; subredakteur (*DJB*); adverteerders; Bybelgenootskap, redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die PK by geleentheid besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

Ten einde uitgawes te besnoei en effektiwiteit te verhoog, het die PK besluit om baie meer op die elektroniese weergawe van *DB* en *DJB* te konsentreer en inskrywing daarop aan te moedig. Sover moontlik word alle komplimentêre uitgawes nou elektronies uitgestuur. Gemeentes het vanaf 2021 die opsie gehad om elektronies in te skryf. In 2022 het drie gemeentes volledig elektronies ingeskryf.

Kerkrade word weereens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel.

Vorige sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat *DB* elke besoekpunt in elke gemeente bereik en die betrokke jeugblad binne die bereik van elke verbondskind te bring. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vorder, raak hierdie versoek des te meer noodsaaklik. Elektroniese intekening deur gemeentes kan help dat *DB* in elke lidmaat se hand kom en na meer mense buite die AP Kerk versprei word.

Ten einde *DB* en *DJB* meer toeganklik te maak, word die elektroniese weergawe van elke uitgawe 'n maand nadat die uitgawe verskyn het, op die AP Kerk se webblad gelaai. Dit kan in draagbare dokument-formaat (PDF) afgelaai of as blaaiboek gelees word.

Gemeentes versoek soms dat die kerkraad nie self op *Die Boodskapper* inteken nie, maar dat individuele lidmate dit afsonderlik doen. Ons het begrip vir die unieke omstandighede waaronder die versoeke kom, maar kerkrade moet ook besef dat hulle onder sulke omstandighede nie die sinodebesluite gestand doen nie. *Die Boodskapper* is die amptelike blad van die kerkverband waardeur belangrike kommunikasie onderhou en tydige inligting deurgegee word. Die gereelde sirkulasie van die blad smee boonop 'n band tussen gemeentes en kerklidmate en versterk die etos van die kerkverband. Geen gemeente en geen individuele lidmaat kan dus afsydig staan teenoor die blad nie vanweë die gevaar om kontak met die bewegings in die kerkverband te verloor en vervreem te raak van die saambindende etos daarvan.

AANBEVELINGS:

5.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* as uiters belangrike kommunikasiemiddele gesien word waardeur kerknuus, maar ook geestelik-opbouende inligting versprei word om lidmate weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* verder as belangrike middele tot opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.

5.2 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van *Die Jeugboodskapper* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

5.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om elektronies op *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* in te teken, aangesien dit grootliks daartoe sal bydra dat elke lidmaat en dooplidmaat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ter hand sal neem.

5.4 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat vyf gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

5.5 Die Sinode neem kennis daarvan dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* elektronies op die webblad beskikbaar is by https://apk.co.za/tydskrifte/

6. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR

Die vestiging en bevordering van 'n leeskultuur, raak by die dag meer noodsaaklik. *DB* en *DJB* het nie net ten doel om inligting aan lidmate deur te gee nie, maar ook om geestelike toerusting te verskaf. Indien dit egter nie gelees word nie, gaan die impak daarvan verlore. Dit raak toenemend duidelik dat lidmate en dooplidmate minder lees. Ons word opgeslurp deur 'n verbruikerskultuur wat nie geneë is met die inspanning wat lees verg nie. Aandagspan en die vermoë om met begrip te lees, soos ook ander basiese vaardighede, lei hieronder. Sou ons nie daadwerklik iets aan die saak doen nie, gaan die gevolge vir ons kerkverband verpletterend wees, aangesien kerklidmate toenemend teologies en kerklik "ongeletterd" raak.

AANBEVELINGS:

6.1 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en -kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook versoek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees en die inhoud binne gesinsverband te bespreek.

6.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe maand se *Die Boodskapper*, te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper*, belangstelling prikkel.

7. REDAKTEURSFORUM

Pretoria FM bied gereeld (bykans een maal per maand) aan die Redakteur die geleentheid om deel te neem aan die insetsel *Redakteursforum* wat Sondagoggende tussen 7:00 en 8:00 uitgesaai word. Tydens hierdie insetsel word daar oor die inhoud van elke uitgawe gepraat, onderhoude met skrywers gevoer en inligting gedeel oor hoe om op *DB* en *DJB* in te skryf. Die reaksie op hierdie insetsel is oor die algemeen baie positief. Heelwat inskrywings op *DB* en *DJB* is al op hierdie wyse van buite die AP kerkverband ontvang.

Opnames van hierdie insetsels word deur Pretoria FM aan Lig in Duisternis Uitgewers beskikbaar gestel en op die AP Kerk se webblad gelaai.

AANBEVELINGS:

7.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor Pretoria FM uit vir die geleentheid om die inhoud van *DB* en *DJB* op hierdie wyse onder die aandag van die breër publiek te bring.

7.2 Die Sinode moedig lidmate aan om gereeld op Sondae by Pretoria FM in te skakel om na hierdie insetsel te luister, of om ter gelegener tyd daarna te luister by www.apk.co.za/blog/category/multi-media/redakteursforum/

8. MENINGSPEILING

Gedurende 2020 is ’n meningspeiling aangaande sekere aspekte van *DB* en *DJB* onder kerklidmate gedoen, waarna 540 unieke response ontvang is. Hierdie terugvoer het die redaksie in staat gestel om beter te beplan, die behoeftes van lesers vas te stel en sekere patrone te identifiseer. Lesers het ook die geleentheid gekry om spesifieke voorstelle met betrekking tot temas te maak.

AANBEVELINGS:

8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die meningspeiling wat deur die Publikasieafdeling ten opsigte van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* gedoen is.

8.2 Die Sinode bedank lidmate wat aan die meningspeiling deelgeneem het vir hulle terugvoer.

8.3 Die Sinode beveel aan dat die Publikasieafdeling gereeld (soos nodig) soortgelyke meningspeilings sal doen en moedig lidmate aan om entoesiasties daaraan deel te neem.

9. FACEBOOK-GROEP VIR *DB* EN *DJB*

Op 28 Januarie 2020 is daar ’n *Facebook*-groep vir *DB* en *DJB* gestig. Hier word inligting gedeel oor die nuutste uitgawes en by geleentheid word die redaksionele artikel ook in oudioformaat beskikbaar gestel. Die groep het tydens die opstel van die verslag, op 1 735 lede gestaan. Uit die 2020-meningspeiling het meer as twee derdes van lesers aangedui dat hulle nie van die *Facebook*-groep geweet het nie.

AANBEVELINGS:

9.1 Die Sinode neem kennis van die Facebook-groep vir *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* en die belangrike inligting wat daarop gedeel word.

9.2 Die Sinode versoek kerkrade om lidmate aan te moedig om aan te sluit by die groep, dit gereeld te besoek en om dit ook met vriende, kennisse en ander belanghebbendes te deel. www.facebook.com/groups/537515880204135

10. INTERNASIONALE PUBLIKASIE VAN ARTIKELS

Die redaksie het begin om sekere artikels wat in *Die Boodskapper* verskyn het, in Engels te vertaal en aan internasionale webtuistes en tydskrifte voor te lê met die oog op moontlike publikasie. Die doel hiermee is om die AP Kerk se stem ook op die internasionale verhoog te laat hoor en op so 'n wyse 'n bydrae tot belangrike kwessies te lewer.

Die artikel "Wanneer geregtigheid uit die hande van die Regverdige geneem word" deur ds. Schalk Strauss (Oktober 2020-uitgawe) is in Maart 2021 onder die titel "When justice is not Christian" deur *The Reformed Conservative* gepubliseer. www. thereformedconservative.org/justice-not-christian/

Die artikel "Die 'hoe' help met die 'wie'" deur ds. Schalk Strauss (September 2020-uitgawe) is in Oktober 2021 deur Ligonier Ministries se *Tabletalk Magazine* onder die titel "Who is my neighbor according to the Ten Commandments?" gepubliseer. www.tabletalkmagazine.com/posts/who-is-my-neighbor-according-to-the-ten-commandments/

AANBEVELING:

10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publisering van *Die Boodskapper*-artikels op internasionale platforms.

11. VRAAG-EN-ANTWOORD-AFDELING OP WEBTUISTE

Die redaksie het besluit om weg te doen met die gebruik om pamflette oor sekere onderwerpe te laat druk. Die verkoop daarvan is baie swak en mense maak eerder van die internet gebruik om inligting oor bepaalde onderwerpe in te samel. Daarom is besluit om eerder met 'n vraag-en-antwoord-afdeling op die webblad te begin, waar stof wat voorheen in pamfletformaat gepubliseer sou word, daar geplaas word. Die redaksie identifiseer gereeld artikels uit *DB* en *DJB* wat in hierdie afdeling in vraag-en-antwoord-formaat gepubliseer word.

AANBEVELING:

11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die vraag-en-antwoord-afdeling op die AP Kerk se webblad.

11.2 Die Sinode roep kerkrade op om hierdie afdeling pertinent onder lidmate, veral die jeug, se aandag te bring.

12. KOSTE

	TOTAAL R	2017 R	2018 R	2019 R	2020 R	2021 R
***DIE BOODSKAPPER:* STATISTIEK**						
Verskynings	50	10	10	10	10	10
Aantal Boodskappers	394 595	87 200	91 950	76 845	74 000	64 600
Aantal JB	199 360	42 120	41 540	39 400	39 000	37 300
Aantal Bladsye	24 750 170	5 972 660	5 737 820	4 882 890	4 203 600	3 953 200
Aantal gefaktureer	353 616	80 986	78 241	71 856	63 401	59 132
% Komplimentêr	10%	7%	15%	6.50%	14%	8.50%

	TOTAAL R	2017 R	2018 R	2019 R	2020 R	2021 R
***DIE BOODSKAPPER:* FINANSIËLE INLIGTING**						
Verkope	**4 743 704**	**853 461**	**1 028 467**	**1 005 830**	**928 497**	**927 449**
Min: Direkte koste	**3 014 181**	**690 417**	**685 228**	**575 336**	**514 210**	**548 990**
Drukkoste	2 711 033	621 469	618 613	512 893	472 764	485 294
Medewerkers	174 100	41 479	41 445	45 870	21 161	24 145
Versendingkoste	129 048	27 469	25 170	16 573	20 285	39 551
Bruto surplus	**1 729 523**	**163 044**	**343 239**	**430 494**	**414 287**	**378 459**
VERKOOPPRYS (BTW INGESLUIT):						
Enkelintekenare		R18,50	R22,95	R24,00	R25,50	R27,00
Gemeente		R11,95	R14,95	R16,00	R17,00	R18,00
Elektronies				R12,00	R13,00	R14,00
Gemeente elektronies						R10,00
Drukkoste per bladsy	10,95c	10,40c	10,80c	10,50c	11,20c	12,30c

Rekenmeester se waarneming uit die syfers:

1. Bykans 25 miljoen A4-bladsye is gebruik vir die daarstel van 593 955 eksemplare van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* in 50 verskynings die afgelope vyf jaar.
2. *Die Boodskapper* word elke jaar deur die gemeentes bestel. In hierdie bestelling word 'n afname in die getal bestellings waargeneem.

    - In 2017 was 87 200 eksemplare van *Die Boodskapper* bestel teenoor 64 600 in 2021, 'n afname van 26% oor vyf jaar.
    - Die daling hierbo, korreleer egter nie met die daling in die getal belydende lidmate van 11% nie.
    - Anders gestel, in 2017 is 8 720 (34%) eksemplare van *Die Boodskapper* beskikbaar gestel aan 25 440 belydende lidmate en in 2022 word 6 460 (28%) eksemplare van *Die Boodskapper* beskikbaar gestel aan 22 548 belydende lidmate.
    - Die COVID-19-pandemie wat ervaar is gedurende 2020/2021, het die verspreiding van *Die Boodskapper* elektronies moontlik gemaak.
    - **Die impak wat die voorkoms, inhoud en blootstelling bied deur *Die Boodskapper*, kom nog nie tot sy reg in terme van lidmaatgroei nie. Die vraag ontstaan hoe elke kerkraad hierdie uitstekende bron van kerklike inligting gebruik tot opbou en uitbou van die plaaslike gemeente in die gemeenskap.**

3. Die direkte koste by *Die Boodskapper* se finansiële inligting sluit nie personeelkoste in nie en die bruto surplus wat realiseer, word aangewend om die GKK se lasgewing in stand te hou. Vir meer volledige finansiële inligting word u verwys na die aantekening vir die Publikasiekommissie in die geouditeerde finansiële state in die GKK se verslag.
4. 'n Finansiële uitdaging wat ontstaan met die wegval van die SA Posdiens in 2020, is verspreidingskoste. Verspreidingskoste vir privaataankope word verhaal, maar verspreidingskoste van *Die Boodskapper* en sinodale publikasies soos verbondsonderrigmateriaal word gedra uit die bruto surplus.

5. Op 31 Maart 2022 was daar 22 AP gemeentes wie gesamentlik **R217,684 aan uitstaande rekeninge** ten opsigte van inskrywing op *Die Boodskapper* verskuldig was.

Deur die genade van die Here is daar steeds 'n gunstige verhouding tussen die inkomste en uitgawes. Inkomste uit advertensies speel steeds 'n belangrike rol.

INTEKENGELDE

Enkelintekenare betaal tans R29,00 per eksemplaar (R290,00 per jaar). Elektroniese enkelintekenare betaal R15,00 per eksemplaar (R150,00 per jaar). Gemeentes betaal tans R20,00 per eksemplaar (R200,00 per jaar) en R5,00 per elektroniese eksemplaar, mits die hele gemeente ingeskryf word (R50,00 per jaar per belydende lidmaat).

Die PK doen alles in sy vermoë om die intekengeld op ons kerkblaaie so laag as moontlik te hou, ten einde te verseker dat dit deur soveel as moontlik lesers benut kan word. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk. Verskeie elektroniese opsies maak intekening op ons kerkblaaie aan die een kant goedkoper vir kerklidmate en aan die ander kant meer winsgewend ten opsigte van die drukkoste.

Oor die algemeen het gemeentes eintlik gunstig reageer met betrekking tot die betaling van hul rekeninge ten opsigte van inskrywing op *Die Boodskapper* – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is. Daar is egter heelparty gemeentes waarvan rekeninge agterstallig is. Dit is jammer, aangesien dit die finansiële druk op die res van die kerkverband verhoog en neerkom op 'n verbreking van die akkoord.

AANBEVELINGS:

13.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle rekeninge ten opsigte van inskrywing op *Die Boodskapper* getrou betaal het.

13.2 Die Sinode versoek kerkrade weereens om hulle intekengeld getrou te vereffen en seker te maak dat agterstallige rekeninge vereffen word.

13.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om potensiële adverteerders na *Die Boodskapper* te verwys. Veral die binne- en buiteagterblad bied 'n groot inkomstepotensiaal.

14. BEMARKING BUITE DIE AP KERK

Moeite word gedoen om *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook buite die AP Kerk te bemark. Buiten die blootstelling aan lesers buite die AP Kerk op 'n program soos Redakteursforum op Pretoria FM, is daar ook 'n reklamepakkie aan verskeie leraars in konserwatiewe, gereformeerde kerke gestuur met die versoek of hul kerkrade dit nie wil oorweeg om op 'n paar eksemplare per maand in te skryf nie. Die Redakteur versoek ook dikwels skrywers van buite die AP Kerk om artikels vir *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* te lewer.

AANBEVELING:

14.1 Die Sinode neem met dank kennis van die redaksie se pogings om *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook buite AP kerkgeledere te bemark.

15. DANKWOORD

AANBEVELINGS:

15.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat help om van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* 'n lesenswaardige publikasie te maak.

15.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasieafdeling in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

15.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here steeds *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik – binne en buite die AP Kerk.

Elektronies goedgekeur op 7 April 2022

Ds. HSW Strauss (redakteur); Ds. HJ Dafel (redaksielid)

TERUG NA PK-VERSLAG PT. 5.1.3

BYLAE PK2

VOORGESTELDE NUWE LIEDERE VIR PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK


VONKK 3
Loof die Here, want Hy is goed

♩ = 112

Keervers:



Psalmvers:



(herhaal keervers)



LW: Die keervers kan afsonderlik as respons gebruik word.

Psalm 136
Teks: Driekie Jankowitz 2008 *(Pro Deo)*
Melodie: ROOIDUIN – Jacus Krige 2008
Orrelbegeleiding: Renette Bouwer 2009 *(Pro Deo)*
Klavierbegeleiding: Anton Esterhuyse 2009
© 2009 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)

RUBRIEK: Kontemporêr – Lofprysing

VONKK

VONKK 5
Vreugde! Vreugde! Juig van vreugde



Teks: JJH du Plessis 2007 *(Pro Deo)*
Melodie: ODE AN DIE FREUDE (Koraal-simfonie Nr 9) – Ludwig van Beethoven 1824 (ritmies aangepas)
Orrelbegeleiding: Gerrit Olivier 1993/2001 (met toestemming NG Kerk-Uitgewers)
© Teks en orrelbegeleiding: 2009 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Melodie: Openbare besit

RUBRIEK: Klassiek – Paasfees / Uitsending

VONKK

VONKK 15
Ons plaas ons hoop nie op perde* nie



** kan vervang word met "mense"*

Psalm 20:8-9
Teks: Breeda Ludik 2003
Melodie: BREDA – Francé Ludik 2003 ©
Orrelbegeleiding: Francé Ludik 2009 ©
© 2009 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)

RUBRIEK: Meditatief – Geloof en Vertroue

VONKK

VONKK 17
Here, sien my bitter lyding



Psalm 38
Teks: Driekie Jankowitz 2008 (*Pro Deo*)
Melodie: *Groot en eeuwig Opperwezen* – Liederwysie 1950 opgeteken deur Gawie Cillié by Doornhoek, Magaliesburg
Orrelbegeleiding: Albert Troskie 2001 (met toestemming gebruik NG Kerk-Uitgewers)
© Teks en orrelbegeleiding: 2009 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Melodie: Openbare besit

RUBRIEK: Klassiek – Skuldbelydenis

VONKK

VONKK 42
Jubilate! Loof die Here!



Psalm 100
Teks: *Jubilate, everybody* – Fred Dunn 1977; Afrikaanse teks: Jacques Louw 2009 ©
Musiek: Fred Dunn 1977
Kantoryverwerking: Marcha Geyer 2007 ©
© 1977, 1980 Thankyou Music (admin CopyCare SA). Met toestemming gebruik.

RUBRIEK: Kontemporêr – Lofprysing

VONKK

VONKK 84
Loof God in die hoogste hemel



*(LW: * Akkoorde is nie geskik vir gebruik saam met die orrelbegeleiding of diskant nie*
*** Instrumentale verwerkings van hierdie lied vir oa. fluit, viole, simbale en klokkies, is beskikbaar onder die kategorie: Musikale Verrykings)*

Psalm 150
Teks: Driekie Jankowitz 2008 *(Pro Deo)*
Melodie: *Les anges dans nos campagnes* – Franse Kerslied E18.
Orrelbegeleiding: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978.
Gebruik met toestemming NG Kerk-Uitgewers
Musikale verryking: Gerrit Jordaan 2009
© Teks, orrelbegeleiding en musikale verryking: 2009 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Melodie: Openbare besit

RUBRIEK: Klassiek – Lofprysing

VONKK

VONKK 194
Was jy daar toe die Heer gekruisig is?



Teks: *Were you there when they crucified my Lord?* – tradisioneel Afro-Amerikaans;
Afrikaanse teks: Jacques Louw 2011 ©
Melodie: WERE YOU THERE – tradisioneel Afro-Amerikaans
Orrelbegeleiding: Albert Troskie 2012 *(Pro Deo)*
Kantoryverwerking: Albert Troskie 2012 *(Pro Deo)*
© Teks, orrelbegeleiding en kantoryverwerking: 2012 VONKK-Uitgewers (admin Bybel-Media)
© Melodie: Openbare besit

RUBRIEK: Multikultureel – Lydenstyd en Goeie Vrydag

VONKK

VONKK 243
Laat my nooit die grond verlaat nie



VONKK 324
Hoe groot is al u liefde, Heer



Teks: *How deep the father's love for us* – Stuart Townend 1995 ©;
Afrikaanse weergawe: Hannes van der Merwe 2017 ©
Musiek: TOWNEND – Stuart Townend, 1995 ©
Klavierbegeleiding : Stuart Townend 1995 ©
© Teks, musiek en hierdie vertaling: 1995 Thankyou Music (admin by Sheer Music Publishing, SA)

RUBRIEK: Kontemporêr – Gebede / Lydenstyd en Goeie Vrydag / Geloof en Vertroue.

VONKK

Psalm 1

Salig is die mens wat weet

HJ Dafel — JF Swift



Aan God dank en Eer

Geskryf deur Fanny Crosby, vertaal deur Henning Dafel — William Howard Doane



Want as ek swak is (Feeslied)

Teks: A Hough; musiek Marius Botha

Wie biddend voor die Heer se grootheid staan,
- in swakke menswees, nietig, stil kom pleit-
laat eiewaan en hoogmoed wyk:
omdat Christs al my weë sal baan.
Want as ek swak is, dan is ek sterk,
diensbaar vir God se heil'ge koninkrykswerk.
Want as ek swak is, roem ek in God:
Christs se krag beveilig my lot!

God se genade is vir my genoeg,
want in ons swakheid word sy krag volbring.
Ek's liewer klein en swak, gering,
as om na my eie eer te soek.
Want as ek swak is, dan is ek sterk,
diensbaar vir God se heil'ge koninkrykswerk.
Want as ek swak is, roem ek in God:
Christs se krag beveilig my lot!

As ek dan node of ontberings ly
of ook om Christs wil beledig word,
sal ek steeds, wat ek ook al kort,
dankbaar vir sy groot genade bly.
Want as ek swak is, dan is ek sterk,
diensbaar vir God se heil'ge koninkrykswerk.
Want as ek swak is, roem ek in God:
Christs se krag beveilig my lot!



TERUG NA PK-VERSLAG PT. 10.3

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT 7 APRIL 2022

12 Verslag: Kuratorium (KUR) en AP Akademie

INLEIDING

Op 1 Januarie 1988 is die Teologiese Skool van die AP Kerk geopen ná 'n besluit van die Eerste Sinode (1987). Kragtens Onderwyswetgewing moes die Teologiese Skool om registrasie aansoek doen by die owerhede en aan die einde van 1999 is die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) by die Departement van Hoër Onderwys geregistreer.

Die AP Kerk en die AP Akademie het 'n historiese band wat ook in die samestelling van die Raad van die AP Akademie reflekteer. Elke sinode wys telkens lede op die Raad van die AP Akademie aan. Soos gebruiklik, lewer die Kuratorium ook oor die AP Akademie aan die Sinode verslag.

Ter wille van die onderskeidende pligte en werksaamhede word die verslag in twee afdelings voorgehou.

AFDELING A: KURATORIUM

1. PERSONEEL

1.1 LEDE VAN DIE KURATORIUM

Die Kuratorium is saamgestel uit die volgende lede soos aangewys tydens die Vyftiende Sinode:

Primarii: Di. PJ Möller (voorsitter), WJA van Schalkwyk (ondervoorsitter), JH Bisschoff (skriba), MR Burger, WA Burger, DFM Cronjé, P Janse van Rensburg, MJL Jordaan, MJ Mattheus, RJ Pretorius en GCD Stoltz.

Sekundi: Di. JCG Janse van Vuuren, H Scherman, HSW Strauss, WJ Theron, OG Van Rooyen (jr.) en OG Van Rooyen (sr.).

Dit was gedurende die tydperk nie nodig om enige van die sekundi op te roep nie.

1.2 VERANDERINGE IN DOSEERPERSONEEL

Daar het nie enige veranderinge van doseerpersoneel by die teologiese fakulteit van die AP Akademie plaasgevind nie. Sedert ds. JL Schütte in Januarie 2017 as Direkteur van Kerkadministrasie benoem is, kon daar egter steeds nie 'n geskikte kandidaat as dosent in Ekklesiologie gevind word nie. Vanweë die stagnering van gemeentelike bydraes (15%) is daar tans nie voldoende finansies beskikbaar om 'n dosent op 'n voltydse basis te beroep nie.

Prof. JAE Adendorff emeriteer DV in 2023. Die Kuratorium hoop egter dat hy steeds in die afsienbare toekoms op 'n kontrakbasis vir diens behou kan word.

AANBEVELING:

1.2.1 Die Sinode beveel aan dat die kieskollege steeds moet poog om, sodra moontlik en in ooreenstemming met die ooreenkoms met die Raad van die AP Akademie, die vyfde leerstoel te vul.

2. VERGADERINGS

Die Vyftiende Kuratorium het tot op datum van die verslag se voorbereiding 20 keer vergader: 6 September 2017; 14 en 15 November 2017; 25 en 26 Januarie 2018; 12 April 2018; 7 en 8 Augustus 2018; 9 November 2018; 22 en 23 Januarie 2019; 10 April 2019; 8 Augustus 2019; 19 tot 21 November 2019; 28 en 29 Januarie 2020; 6 Julie 2020 (elektronies); 16 Julie 2020 (elektronies); 10 September 2020 (elektronies); 12 November 2020; 21 Januarie 2021; 21 en 22 April 2021; 3 en 4 November 2021; 20 en 21 Januarie 2022; 6 en 7 April 2022.

AANBEVELING:

2.1 Die Sinode neem kennis van die aantal kere wat die Kuratorium vergader het.

3. DAGBESTUUR

Die dagbestuur het nie amptelik vergader nie. Indien daar dringende besluite geneem moes word, is daar elektronies met die volle Kuratorium gekorrespondeer. Elektroniese besluite is by daaropvolgende Kuratoriumvergaderings as deel van die notule bygevoeg.

4. AANSOEKE OM PREDIKANTSTATUS

Die Kuratorium het sedert Sinode 2017 nege aansoeke vir die toekenning van predikantstatus ontvang, waarvan die volgende broeders toegelaat is:

- Ds. AE (André) van den Berg (jr.) – 15 November 2017. Hy is beroepbaar gestel en het die beroep na die AP Kerk Bloemfontein-Noord opgevolg.
- Ds. AS (Riaan) van Staden (jr.) – 25 Januarie 2018. Hy is beroepbaar gestel en het die beroep na die AP Kerk Brakpan opgevolg.
- Ds. A (Aubrey) Hough – 10 April 2019. Hy is beroepbaar gestel en het die beroep na die AP Kerk Tzaneen opgevolg.
- Ds. AJ (Adriaan) Bester – 4 November 2021. Hy is beroepbaar gestel en het die beroep na die AP Kerk Hluhluwe opgevolg.

AANBEVELINGS:

4.1 Die Sinode bid die predikante wat sedert die vorige sinode toegelaat en beroepbaar gestel is, die seën van die Here in hulle bediening toe.

4.2 Die Sinode neem kennis dat daar onsuksesvolle aansoeke was.

5. BEHOUD VAN STATUS

Die Kuratorium het in die verslagtydperk behoud van status aan die volgende persone toegeken:

Ds. CR Vermaak (6 Junie 2018) as verteenwoordiger van die AP Kerk by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Sinode 2017 het besluit dat indien 'n verteenwoordiger vir die Bybelgenootskap aangewys moet word, daardie leraar sy status in die kerkverband kan behou.

Ds. OG van Rooyen (jr.) – 1 Maart 2022 (verdere studie).

AANBEVELINGS:

5.1. Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat aan ds. CR Vermaak toegestaan is en bid hom die seën van die Here met sy werk by die Bybelgenootskap toe.

5.2 Die Sinode neem kennis dat aan ds. OG van Rooyen (jr.) behoud van status toegeken is vir verdere studie.

6. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER

Die volgende studente het sedert die Sinode van 2017 hulle studies suksesvol by die AP Akademie voltooi en is deur die Kuratorium gelegitimeer en beroepbaar gestel:

2017

AH (Adriaan) Botes – Dendron (met opdrag Botswana)
JG (Jan) Brink – Outjo/Grootfontein
JC (Christo) Jooste – Marble Hall
R (Ryno) van As – Petrus Steyn

2018

LA (Leon) du Plessis – Trans-Magalies

2019

NJ (Nico) Hefer – Kimberley

2020

JP (Jaques) Boonzaier – Nigel/Fonteine
LJ (Lourens) du Preez – Bothaville
TC (Theuns) van der Merwe – Wesmoot

2021

EC (Emilé) Trollip – Sannieshof/Ottosdal

AANBEVELINGS:

6.1 Die Sinode neem kennis van die studente wat gelegitimeer is.
6.2 Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe in hulle bediening.

7. SKAKELING MET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

Volgens die statuut van die Raad van die Akademie word twee lede van die Kuratorium uit eie geledere aangewys om op die Raad te dien. Die Kuratorium het di. WA Burger en PJ Möller aangewys. Van die Kuratoriumlede het, waar moontlik, fisies of per internetverbinding as waarnemers deelgeneem aan die eksaminering van die studente. Verder is Kuratoriumlede deel van die paneel wat die proefpreke van finalejaarstudente beoordeel.

AANBEVELINGS:

7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die kerkverband met die Akademie by wyse van die Kuratorium het.
7.2 Die Sinode neem kennis van die reëling dat die Kuratorium as waarnemers by die eksamens teenwoordig is.
7.3 Die Sinode neem kennis van die betrokkenheid van Kuratoriumlede by proefpreke.

8. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE

Die Kuratorium het deurlopende skakeling met die teologiese dosente. Daar is ’n vaste punt op die Kuratorium se sakelys waar daar jaarliks met die dosente in gesprek getree word oor sake wat die opleiding van die studente raak.

Die Kuratorium is steeds daarvan oortuig dat die AP Akademie, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

AANBEVELINGS:

8.1 Die Sinode neem met dank kennis dat al die dosente, asook die AP Akademie self, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

8.2 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente en hulpdosente by die AP Akademie doen en bid hulle die seën van die Here op hul werk toe.

8.3 Die Sinode versoek dat gemeentes gereelde voorbidding vir die AP Akademie en dosente doen.

9. OMSENDBRIEF AAN EMERITI

Die Kuratorium het ds. Nieuwhof versoek om die omsendbrief in te sluit by die nuusbrief wat hy gereeld uitgestuur het. Dit was egter nie volhoubaar nie. Die Kuratorium is van mening dat so 'n omsendbrief vanuit die emeriti se eie geledere hanteer behoort te word, indien daar 'n behoefte daarna is (kyk **beswaarskrif pt. 17.5**, bl. 282).

10. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE

Die Kuratorium het in die begeleiding van die studente vasgestel dat daar 'n behoefte aan 'n program (kursus) is waar aandag gegee kan word aan die studente se persoonlike ontwikkeling. Op inisiatief van prof. Bosman is 'n persoonsontwikkelingsprogram saamgestel wat deur sr. Susan Grobler aangebied word. Die kursus fokus op die volgende aspekte:

DAG 1:	Persoonlike produktiwiteit en doeltreffendheid
DAG 2:	Interne leierskap
DAG 3-4:	My identiteit in Christus: Wie is ek?
DAG 5:	Openheid en selfbewuswording
DAG 6:	Enneagram-persoonlikheidsbespreking (individuele drie tot vier uur lange sessie)
DAG 7:	Beplanning en uitvoering
DAG 8:	Verantwoordelikheid en lojaliteit
DAG 9:	Kommunikasie
DAG 10:	Ken myself en ander: iWAM-assessering (Individuele twee uur lange terugvoering)
DAG 11-13:	Fasilitering van gesprekke en groepe
DAG 14:	Motivering
DAG 15-19:	Konflik-, gesprekstoerusting en rolspel
DAG 20:	Gemeentekwessies en rolspel

Die Kuratorium is positief daaroor dat voornemende leraars op hierdie wyse nog beter vir die uitdagings van die bediening toegerus kan word.

Die befondsing van die kursus bly egter 'n uitdaging. Die Kuratorium het op 21 Februarie 2022 'n skrywe na die gemeentes in die kerkverband gestuur waarin die doel van die kursus verduidelik en finansiële ondersteuning gevra is. Tot met die opstel van die verslag, is daar egter geen bydraes ontvang nie.

Die voogdestelsel wat in die verlede al onder die Sinode se aandag gebring is, word steeds met groot vrug toegepas. Verder word daar jaarliks met elke student 'n persoonlike gesprek aangaande roepingsbewustheid en akademiese vordering gevoer.

AANBEVELINGS:

10.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.

10.2 Die Sinode neem kennis van die implementering van die persoonsontwikkelings-kursus vir studente.

10.3 Die Sinode besluit dat die Kuratorium in samewerking met die GKK ondersoek moet instel na moontlike finansiering van die persoonsontwikkelingskursus.

11. PREDIKANTEKONFERENSIE (Kyk ook  SKK-verslag pt. 5.8, bl. 28)

Weens die beperkinge wat die COVID-regulasies op samekomste geplaas het, het die Kuratorium eers in 2022 'n predikantekonferensie gereël. Die konferensie het aandag gegee aan traumaberading en 45 predikante en 16 studente het die konferensie bygewoon.

AANBEVELING:

11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die predikantekonferensie wat gereël is.

12. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTSF)

Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds is een van die fondse waaruit voor- en nagraadse teologiese studente finansiële hulp van die kerkverband ontvang.

AANBEVELINGS:

12.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en individue wat oor baie jare heen gehelp het om die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (WLTSF) daar te stel.

12.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, 'n kollekte ten bate van die WLTSF te hou.

12.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTSF aan te vul.

13. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS

Die Kuratorium het 'n subkommissie benoem vir die hantering van aansoeke vir beurse en lenings om daardeur sy werksaamhede te bevorder en te bespoedig. Die kommissie bestaan uit di. PJ Möller (voorsitter), WJA van Schalkwyk (ondervoorsitter) en mnr. GJ Jansen van Rensburg (rekenmeester).

Die Kuratorium het gedurende die verslagtydperk lenings, behoefte- en prestasiebeurse ten bedrae van R1 601 360,00 uitbetaal.

AANBEVELING:

13.1 Die Sinode neem kennis van die lenings, behoefte- en prestasiebeurse wat uitbetaal is.

14. BYBELKENNIS VAN STUDENTE

Die Kuratorium het besluit om studente aan die hand van 'n Bybelkennis lees- en evalueringsprogram te help om hul Bybelkennis te verruim. Hiervolgens sal elke student die Bybel twee keer in vier jaar deurwerk en daarop geëvalueer word. Die toetse word aanlyn afgeneem met 'n vereiste slaagsyfer van 80%.

Lidmate wat 'n behoefte aan geestelike verryking het, sal moontlik ook die eksamen kan aflê.

AANBEVELING:

14.1 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium met 'n program besig is om die Bybelkennis van studente te verruim.

15. HANDLEIDING BY DIE WERKSWYSE VAN DIE KURATORIUM

Aangesien die werkswyse van die Kuratorium so omvattend is, is daar besluit om die interne werkswyse op skrif te stel as praktiese handleiding om konsekwente optrede te reël. Dit sal ook dien as praktiese leiding vir nuutverkose Kuratoriumlede.

AANBEVELING:

15.1 Die Sinode neem kennis van die opskrifstelling van die Kuratorium se interne werkswyse om as praktiese handleiding te dien.

16. BESKRYWINGSPUNTE

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

17. BESWAARSKRIFTE

17.1 BESWAARSKRIF: LANGVERLOF

Beswaar teen:

Hiermee dien die Vyftiende Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n beswaarskrif in teen die besluit van die Sinode van 2010 (*Handelinge 2010*, bl. 236, pt. 4.7.1) aangaande die skrapping van langverlof vir predikante.

Huidige bewoording:

Die Sinode besluit om bepaling 14F1.3 van die Kerkorde *rakende langverlof van leraars in geheel te skrap. Hierdie gewysigde artikel geld egter eers by enige beroep wat ná afloop van hierdie Sinode uitgebring en aanvaar word, tensy 'n predikant sy huidige kerkraad vrywillig en skriftelik meedeel dat hy van sy langverlof afstand doen.*

Nuwe bewoording:

Die Sinode besluit om 'n bepaling 14F1.4 tot die *Kerkorde* toe te voeg:

Leraars ontvang dertig dae langverlof in 'n driejaarsiklus.

Motivering:

Inleidend

Uitbrandingsindroom is 'n werklike toestand wat toenemend ook onder Suid-Afrikaners voorkom (Endres, A. 2003:9). Dit kom veral voor by mense wat mensgerigte of hulpverlenende beroepe beoefen. Dit is 'n reaksie wat aangetref word by persone wat kroniese emosionele spanning ervaar omdat hulle met mense moet werk, veral wanneer daardie mense voortdurend aan die hulpverlenende persoon emosionele eise stel, maar aan die ander kant min teruggee in die vorm van waardering, ondersteuning, bemoediging, ensovoorts. Uitbranding is die eindresultaat van 'n proses waarin meer uitgegee word as wat ingekry word. Uitbrandingsindroom lei tot verkeerde besluitneming (:13). fisiese en psigiese afstomping (:41) met gevolglike skade aan huwelike en koninkryksverwante sake. Alhoewel die term "uitbranding" nie in die Bybel voorkom nie, is dit duidelik dat mense soos Moses en Elia uitbranding beleef het (:61). "Uitbranding kan gesien word as 'n durende, negatiewe, werksverwante gemoedstemming in normale individue wat akute emosionele uitputting as vernaamste kenmerk vertoon" (Redelinghuys, F. 2012:44).

Uitbranding in die bediening

In die afgelope veertig tot vyftig jaar is in diepte navorsing gedoen oor die oorsake van uitbranding. Redelinghuys identifiseer ses moontlike werksverwante en organisatoriese aspekte wat op 'n negatiewe wyse met uitbranding verband hou. Gemeet hieraan, leen die eise van die bediening dit in die besonder daarvoor om tot uitbranding onder leraars te lei:

1. Werksoorlading: Die feit dat die leraar nie 'n werk met vaste besigheidsure het nie, kan dikwels lei tot 'n belewenis van "altyd aan diens wees". In baie gevalle het die leraar nie 'n kantoor met spreekure soos 'n sielkundige, dokter of terapeut nie. Die leraar werk van sy huis af en is daarom in 'n sekere sin altyd by sy werk. Die leraar moet altyd gereed wees om noodgevalle te hanteer. Selfs al sou niemand hom kontak nie, het leraars dikwels die verwagting (wat spanning meebring) dat sy foon enige oomblik kan lui. In die samelewing is die predikant een van die professionele persone wie se persoonlike lewe in sy gemeente baie bekend is. Hoewel hierdie situasie in baie gemeentes gelukkig besig is om te verander, is die pastorie in 'n sekere sin nog altyd 'n baie "sigbare" huis, waar daar minder privaatheid geniet kan word as in die meeste ander huise). Moderne kommunikasiemiddele soos selfone en sosiale media vererger die probleem. Mense verwag dat die leraar byna altyd beskikbaar moet wees, aangesien sy selfoon altyd byderhand is. So sal lidmate laatnag nog besig wees om reëlings op 'n sosiale mediagroep te tref, waarvan die leraar kennis moet neem en selfs soms daarop moet antwoord. Leraars moet dikwels 'n verskeidenheid van rolle vertolk, byvoorbeeld as berader, leraar, prediker, bestuurder en selfs musikant. Elkeen van hierdie rolle verg spesialisopleiding en in die sekulêre arbeidsmag sou een persoon waarskynlik nie al hierdie rolle moes vertolk nie. Leraars wat hulle werk getrou doen, raak dikwels intens betrokke by lidmate se emosionele nood. Die leraar word gekontak wanneer lidmate krisisse beleef. Die leraar word betrek wanneer lidmate met 'n terminale siekte gediagnoseer word, in die hospitaal beland weens 'n operasie, 'n geliefde aan die dood afstaan of huweliksprobleme ondervind. Hy word verder betrek wanneer verhoudings tussen familielede versuur en 'n magdom soortgelyke sake wat in mense se lewens gebeur. 'n Empatiese leraar dra dikwels saam aan lidmate se emosionele las. Hy moet altyd gereed wees om te antwoord wanneer mense vra "hoekom" en "waarom". Omdat die leraar by die hele gemeente se probleme betrek word, lei dit dikwels tot 'n oorlading van emosionele spanning.

2. Gebrekkige kontrole: Indien individue die ervaring het dat hulle weinig of geen kontrole oor belangrike aspekte van die werksituasie het nie, gee dit aanleiding tot emosionele uitputting,

sinisme en die gevoel van oneffektiwiteit wat met uitbranding geassosieer word. Die leraar het byvoorbeeld nie beheer oor wanneer lidmate siek word, in die hospitaal beland, operasies moet ondergaan, aan depressie lei, huweliksprobleme ondervind of te sterwe kom nie. Hierdie voorbeelde vorm 'n groot en belangrike deel van die leraar se werk.

3. Gebrekkige beloning: Indien die balans tussen wat individue insit en wat hulle uitkry, versteur word, gee dit aanleiding tot spanning en uitbranding. Dit is baie moeilik om die resultaat van die leraar se werk konkreet te meet. Leraars maak dikwels staat op hul eie persoonlike waarnemings. Derhalwe kan die leraar soms voel dat sy arbeid geen vrugte oplewer nie. Die leraar preek elke week, tog lyk dit op die oog af asof lidmate maar net op dieselfde manier aanhou leef en optree. Hy ontvang weinig positiewe terugvoer oor groei in sy prediking. Hierteenoor word die leraar baie vinnig en dikwels kras gekritiseer wanneer hy foute maak. Daar is verder min geleentheid vir vordering in die vorm van 'n beter posisie of pos met beter finansiële vooruitsigte, soos in ander velde van die arbeidsmag. Dit alles kan lei tot 'n gevoel van "sinneloosheid" in die uitvoering van sy taak.

4. Die erosie van gemeenskap: Persoonlike verhoudings en die ervaring om iewers te behoort, is belangrike aspekte in die werkplek. Indien isolasie en vervreemding ervaar word, gee dit aanleiding tot die emosionele belewenis van uitsluiting, verwerping en eensaamheid. Die leraar bevind homself soms in só 'n situasie wanneer hy lidmate moet aanspreek oor hulle sondes, veral wanneer dit lidmate is wat werklik betrokke by die gemeente se werksaamhede is. Dit lei tot konflik en in baie gevalle lei die verhouding tussen die lidmaat en die leraar soveel skade, dat dit moeilik is om te herstel. Wanneer die kerkraad of ouderlingeraad besluite neem waarteen die leraar 'n gewetensbeswaar het, kan dit ook lei tot die gevoel dat hy nie meer aan die "groep" behoort nie, veral wanneer die besluite tot konflik met die kerkraad lei.

5. Die afwesigheid van regverdigheid: Die werkplek word as regverdig ervaar wanneer drie sleutelelemente teenwoordig is, naamlik: vertroue, openheid en respek. Wanneer die leraar vertroulike sake met die wyksouderling, kerkraad of ouderlingeraad bespreek en dié sake lê binnekort die hele gemeente vol, lei dit tot 'n gebrek aan vertroue wat weer op sy beurt tot uitbranding lei.

6. Die teenwoordigheid van teenstrydige waardes: Wanneer individue gedwing word om keuses te maak wat met hul kernwaardes in konflik is, of wanneer organisasies nie volgens hul eie sentrale waardesisteem optree nie, lei dit tot spanning en uitbranding vir die persoon wat in 'n bepaalde werksituasie vasgevang is. Hierdie situasie kom voor wanneer kerkrade besluite neem of só optree dat dit teenstrydig met die Skrif, die belydenisskrifte, die *Kerkorde* of sinodebesluite is.

Gevolge van uitbranding

Navorsing toon dat die simptome van uitbranding op die volgende maniere na vore kan kom:

Fisies: Ongelukke, rugpyn, uitputting, gereelde siektes soos griep en verkoue, maag- en ingewandsprobleme, naarheid en diarree, hoofpyne, spierspanning, slaapversteurings, gewigsveranderinge.

Psigologies: Houdings van sinisme, onverskilligheid en pessimisme tree na vore. Daar is gevoelens soos woede, apatie, verveeldheid, wanhoop, skuld, hulpeloosheid, geïrriteerdheid en wrewelrigheid. Daarmee saam is daar verlies van empatie en 'n lae moraal en selfbeeld.

Gedrag: Afwesigheid (verlies van belangstelling in werk; hou die horlosie gedurig dop), blameer ander vir probleme, konflik met kollegas en gesagsfigure, losmaking van pasiënte

en stereotipering, maak van foute, obsessionele vashou aan reëls, ongeoorloofde waagstukke, depressie, alkoholmisbruik, misbruik van kalmeermiddels, selfmoord.

Al die simptome kom nie almal gelyktydig voor nie. Dit is egter duidelik dat die worsteling van 'n leraar wat aan uitbranding ly, nie net tot homself beperk is nie. 'n Uitgebrande leraar kan vernietigende gevolge vir die gemeente inhou. Oplossings om die uitbranding van leraars binne die AP Kerk te bekamp, is nie net voordelig vir die leraar nie, maar gemeentes sal ook groot baat daarby vind.

'n Oplossing vir die Afrikaanse Protestantse Kerk

Die Kuratorium neem met kommer kennis dat daar toenemend voorvalle van uitbranding onder leraars van die AP Kerk plaasvind. God is besorg oor sy kinders se welwese en dit pas ons as kerkverband om ook bekommerd te wees oor die welwese van leraars en hulle gesinne. As die koste vir die opleiding van leraars en die tekort aan leraars in die kerkverband in ag geneem word, is dit dus tydig om 'n oplossing te soek om leraars se diens binne die kerkverband te bewaar en te optimaliseer.

Om te voorkom dat leraars oorgaan tot 'n ander lewenstaak en dan weer later van voor af moet aansoek doen om status, of met valse voorwendsels aansoek doen om studieverlof, net om 'n tyd lank uit die situasie weg te kom, beveel die Kuratorium aan dat 'n gewysigde stelsel van langverlof ingestel word. Hierdie langverlof word doelbewus só gestruktureer dat dit uit twee elemente bestaan wat 'n groot deel van die probleem rondom uitbranding behoort aan te spreek.

1. Rus: Die eerste is 'n voldoende wegbreek vir 'n tyd uit die spanningsituasie sodat gerus kan word. 'n Belangrike voorkoming en behandeling van uitbranding is juis afsondering en rus. Elia het ná sy voorval van uitbranding veertig dae deur die woestyn na die berg van God gereis. Nou kan twee en veertig dae verlof per jaar na baie klink, maar weens die hoë spanningsdruk wat die predikantsamp meebring, is daar wel toenemend die behoefte aan langverlof om uitbranding te stuit.

2. Studie: In die inleiding is reeds genoem dat uitbranding die eindresultaat is van 'n proses waarin meer uitgegee word as wat ingekry word. Die voorrade moet dus voortdurend aangevul word, anders is bankrotskap onvermydelik. Daarom is studie vir persoonlike verryking en geestelike groei die tweede element (buiten rus) wat gedurende langvelof aandag moet geniet. Die aankoop en bestudering van teologiese boeke en deelname aan kursusse in voortgesette teologiese opleiding is nie 'n luukse vir 'n predikant wat nie sy werk wil doen en 'n uitvlug daaruit soek nie. Dit beteken om weer by die bronne te gaan drink. Verdere teologiese opleiding of studie hou bepaalde voordele vir die gemeente in. Dit gee aan die leraar die geleentheid om opnuut in die teologie gestimuleer te word, sodat hy ook weer met opgewondenheid nuut ontdekte waarhede oor God en sy Woord aan die gemeente wil meedeel. Die leraar word geestelik verryk en derhalwe gee dit meer diepte aan sy bediening.

Die aanbevole sinodebesluite vir opneming agter in die *Kerkorde* word afsonderlik soos volg gemotiveer:

1. Langverlof kan eers geneem word nadat 'n leraar reeds drie jaar in 'n gemeente werksaam was en daarna in 'n driejaarsiklus. 'n Periode van drie jaar is billik teenoor die gemeente waarin 'n leraar arbei, alvorens die leraar vir 'n tydperk van langverlof afwesig sal wees. Wanneer 'n leraar 'n beroep na 'n nuwe gemeente aanvaar, verander sy werks- en omgewingsituasie. Hierdie verandering bring reeds verligting van enige vorige uitbranding waaraan die leraar dalk blootgestel was en derhalwe kan hy met nuwe lus en ywer sy koninkrykswerk verrig. Dit

blyk verder dat leraars oor die algemeen nie binne die eerste jaar of twee in 'n gemeente weens uitbranding uit die bediening tree nie. Daarom die besluit dat langverlof eers geneem kan word nadat 'n leraar reeds drie jaar in 'n gemeente werksaam was en daarna in 'n driejaarsiklus.

2. Langverlof kan nie tot meer as dertig dae oploop nie. In ander gereformeerde kerkverbande bestaan die gebruik van sabbatsrus ("sabbatical"), waar leraars eers ná 'n tydperk van vyf tot sewe jaar langverlof neem. Hierdie verlof strek gewoonlik dan oor 'n langer tydperk van drie tot ses maande. Die Kuratorium is egter van mening dat dit 'n onbillike las op 'n gemeente sou plaas om vir só 'n lang periode herderloos te wees. Daarom die voorstel dat langverlof slegs dertig dae beloop, maar dan elke drie jaar in plaas van elke vyf, ses of sewe jaar.

3. Langverlof is nie uitbetaalbaar nie. Alle langverlof verval indien 'n beroep aanvaar word en kan nie saam met gewone uitstaande verlof geneem word nie. Die aanvanklike skrapping van die langverlof was gemotiveer deur die probleme wat die oploping en uitbetaling daarvan meegebring het. Met hierdie besluit word die grootste rede om nie langverlof toe te staan nie, uit die weg geruim.

4. Langverlof moet aaneen geneem word. Die doel van langverlof is om vir 'n genoegsame periode van die situasie wat uitbranding veroorsaak, te ontkom. Derhalwe die besluit dat langverlof aaneen geneem moet word. Daar is genoegsame gewone verlof om vir kort periodes te rus.

5. 'n Leraar moet 'n uitbrandingstoets aflê wat deur die Kuratorium aanbeveel word voordat langverlof geneem kan word. Indien 'n leraar aan uitbranding lei, behoort hy daaraan te werk om die oorsake van die uitbranding te identifiseer. Daar moet bewys aan die kerkraad gelewer word dat die toets wel afgelê is. Die leraar hoef nie die toetsuitslae aan die kerkraad bekend te maak nie (let wel: 'n Leraar hoef nie noodwendig aan uitbranding te lei om langverlof te neem nie, aangesien die doel van langverlof juis is om uitbranding te voorkom. 'n Uitbrandingstoets is egter verpligtend om langverlof te neem, aangesien dit 'n leraar kan aanspoor om die oorsake van uitbranding beter te hanteer). Leraars is nie noodwendig bewus dat hulle aan uitbranding begin ly voordat dit te laat is nie. 'n Leraar is dalk bewus daarvan dat daar iets fout is, maar weet nie noodwendig wat die fout is nie. Die doel van só 'n uitbrandingstoets is om die leraar betyds van die probleem bewus te maak, sodat daar iets aan die saak gedoen kan word.

6. Kerkrade moet toesien dat die leraar sy langverlof gereeld neem. Die gemeente is die leraar se werkgewer. As sodanig het die kerkraad 'n verpligting om na sy werknemer om te sien, veral as in ag geneem word dat uitbranding in die meeste gevalle werkverwant is. Kerkrade behoort nie hul verantwoordelikhede teenoor hul werknemers te versuim nie. Die voorkoming of tydige oplossing vir uitbranding hou ook bepaalde voordele vir die gemeente in. Hulle ontvang 'n leraar terug van langverlof wat geestelik verfris en weer gereed is om met nuwe ywer in die gemeente te werk.

7. 'n Leraar mag nie tydens sy langverlof in 'n ander gemeente werksaam wees nie. Hy moet verkieslik ook nie tuis bly nie, maar buite die gemeente se grense gaan rus. Die doel van langverlof is juis om vir 'n tydperk die normale bedieningsdruk van "leraar wees" te ontkom. Indien die leraar bloot in 'n ander gemeente gaan werk, ervaar hy dieselfde druk as wat hy in sy eie gemeente ervaar. Indien hy tuis bly, loop hy weer die gevaar om maar steeds aan te gaan om gemeenteprobleme te hanteer. Hy is steeds, veral op die platteland, die dominee en lidmate kan derhalwe steeds onverwags by sy huis opdaag of hom elders raakloop. Daarom sou dit beter wees, indien moontlik, om liewers buite die gemeente se grense te gaan rus.

8. Die voorsitter van die ouderlingeraad behoort die konsulent te kontak om in te staan wanneer die leraar met verlof of langverlof is. Dit sou goed wees indien daar voor die aanvang van langverlof met die konsulent gereël word om in te staan, sodat moontlike nood in die gemeente betyds die nodige

aandag kan geniet. Die gemeente behoort nie die leraar te kontak om noodgevalle in die gemeente te hanteer nie. Die doel van langverlof is onder meer juis om verligting te bied vir die belewenis van "altyd aan diens wees". Om dit te bewerkstellig, moet die leraar in staat wees om sy telefoon af te skakel, sonder om daaroor skuldig te voel of hom oor die gemeente se versorging te bekommer.

9. Gedurende die langverlof word tien dae gebruik vir studie wat moet lei tot geestelike groei. Die Kuratorium bepaal die inhoud van die materiaal wat gebruik word vir tersaaklike geestelike verryking. Die kwessie van verdere teologiese opleiding is reeds by vele sinodes bespreek. Langverlof gee geleentheid tot genoegsame tyd vir verdere studie.

10. Die leraar moet verkieslik sy versoek om langverlof ten minste ses maande vooruit by die kerkraad indien, sodat daar genoeg tyd vir die nodige beplanning is. Langverlof hou sekere implikasies vir die gemeente in. 'n Tydperk van ses maande gee genoegsame tyd vir die kerkraad om al die praktiese reëlings ten opsigte van die leraar se langverlof te tref.

Bronnelys

1. Endres, Annelize; 2003. Wellington, Lux Verbi BM. *Voorkom Uitbranding: Hoe om volgens God se tempo te leef.* Eerste uitgawe, Eerste druk.
2. Redelinghuys, Frans. 2012. *Welstandsprogram vir Predikante en hul gesinne*. Kernkomitee van die Welstandsprogram in opdrag van die Kommissie van die Algemene Vergadering. Nederduitsche Hervormde Kerk. Hoofstuk 10.

Vir 'n uitgebreide leeslys oor die onderwerp, kontak die Kuratorium.

AANBEVELINGS:

17.1.1 Die Sinode oordeel dat die beswaarskrif ontvanklik is en keur dit goed.

17.1.2 Die Sinode keur die herinstelling van langverlof in beginsel goed.

17.1.3 Die Sinode besluit om 'n bepaling 14F1.4 tot die *Kerkorde* by te voeg: Leraars ontvang dertig dae langverlof in 'n driejaarsiklus.

17.1.4 Die Sinode besluit dat sinodebesluit 35 agter in die *Kerkorde* verval.

17.1.5 Die Sinode besluit:

a. Langverlof kan eers geneem word nadat 'n leraar reeds drie jaar in 'n gemeente werksaam was en daarna in 'n driejaarsiklus.
b. Langverlof kan nie oploop tot meer as dertig dae nie.
c. Langverlof is nie uitbetaalbaar nie. Alle langverlof verval indien 'n beroep aanvaar word en kan nie saam met gewone uitstaande verlof geneem word nie.
d. Langverlof moet aaneen geneem word.
e. 'n Leraar moet 'n uitbrandingstoets aflê wat deur die Kuratorium aanbeveel word voordat langverlof geneem kan word. Indien 'n leraar aan uitbranding ly, behoort hy daaraan te werk om die oorsake van die uitbranding te identifiseer. Daar moet bewys aan die kerkraad gelewer word dat die toets wel afgelê is. Die leraar hoef nie die toetsuitslae aan die kerkraad bekend te maak nie (let wel: 'n Leraar hoef nie noodwendig aan uitbranding te lei om langverlof te neem nie, aangesien die doel van langverlof juis is om uitbranding te voorkom. 'n Uitbrandingstoets is egter verpligtend om langverlof te neem aangesien dit 'n leraar kan aanspoor om die oorsake van uitbranding beter te hanteer).
f. Kerkrade moet toesien dat die leraar sy langverlof gereeld neem.
g. 'n Leraar mag nie tydens sy langverlof in 'n ander gemeente werksaam wees nie. Hy moet verkieslik ook nie tuis bly nie, maar buite die gemeente se grense gaan rus.

h. Die voorsitter van die ouderlingeraad behoort die konsulent te kontak om in te staan wanneer die leraar met verlof of langverlof is. Dit sou goed wees indien daar voor die aanvang van die langverlof met die konsulent gereël word om in te staan, sodat moontlike nood in die gemeente betyds die nodige aandag kan geniet. Die gemeente behoort nie die leraar te kontak om noodgevalle in die gemeente te hanteer nie.
i. Gedurende die langverlof word tien dae gebruik vir studie wat moet lei tot geestelike groei. Die Kuratorium bepaal die inhoud van die materiaal wat gebruik word vir tersaaklike geestelike verryking.
j. Die leraar moet verkieslik sy versoek om langverlof ten minste ses maande voor die aanvangsdatum by die kerkraad indien, sodat daar genoeg tyd vir die nodige beplanning is.

17.1.6 Die Sinode besluit om die reëlings rakende langverlof agter in die *Kerkorde* onder die sinodebesluite op te neem.

17.2 BESWAARSKRIF: AANTAL DAE SONDAGVERLOF

Beswaar teen:

Bepaling 14F1.1 van *Kerkorde 2018* aangaande die aantal Sondae per jaar waarop 'n predikant verlof kan neem.

Huidige bewoording:

14F1 'n Predikant is geregtig op:
14F1.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar, wat nie meer as ses Sondae insluit nie, en wat net oploopbaar is met die instemming van die kerkraad (vgl. ook 14F2)

Nuwe bewoording:

Die Sinode besluit om bepaling 14F1.1 soos volg te wysig:

14F1 'n Predikant is geregtig op:
14F1.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar, wat nie meer as agt *Sondae insluit nie en wat net oploopbaar is met die instemming van die kerkraad (vgl. ook 14F2)*

Motivering:

Die motivering vir hierdie beswaarskrif moet saam met die motivering vir die beswaarskrif oor langverlof (bepaling 14F1.3) gelees word. By sommige ander gereformeerde kerke is daar die gebruik dat leraars 'n naweek per kwartaal verlof het. Dit beteken dat leraars vier addisionele Sondae, bo en behalwe die ses dae Sondagverlof, sou hê. Die Kuratorium oordeel egter dat tien Sondae per jaar te veel is, aangesien die potensiële koste vir die gemeente te hoog kan wees.

Derhalwe beveel die Kuratorium aan dat die aantal dae Sondagverlof wat per jaar geneem kan word, met twee dae vermeerder word. Tans het leraars slegs ses Sondae per jaar af. In die meeste professionele beroepe het werknemers elke Sondag af, wat meebring dat hulle ook die geleentheid het om baie meer oor naweke te rus. Die vermeerdering van die aantal dae Sondagverlof kan dus meewerk om uitbranding van leraars te verhoed.

AANBEVELINGS:

17.2.1 Die Sinode oordeel dat die beswaarskrif ontvanklik is.
17.2.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

17.3 BESWAARSKRIF: WYSIGING VAN DIE AKTE VAN LEGITIMASIE EN DIE ONDERTEKENINGSFORMULIER

Die Kuratorium het die Akte van Legitimasie gewysig en dien hiermee ’n beswaarskrif in dat die Sinode die wysiging goedkeur. Aangesien die ONDERTEKENINGSFORMULIER VIR PREDIKANTE/DOSENTE/PROPONENTE BINNE DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND (*Kerkorde 2018*, Bylae 6.18, bl. 159 ev.) gelykluidend is, moet dit terselfdertyd verander word.

Huidige bewoording:

Akte van Legitimasie

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, _____, met die oog op toelating tot die openbare bediening van die Woord deur die Kuratorium, daartoe gemagtig deur die Sinode, in alle opregtheid voor die Here:

- dat ek van harte aanvaar en glo dat al die artikels en leerstukke vervat in die belydenisskrifte en Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht aanvaar in die jare 1618 en 1619 – ooreenkom met die Woord van God;
- ek belowe om hierdie voornoemde leer met alle ywer en getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer – hetsy regstreeks of onregstreeks – te leer of te skrywe;
- soos ek hierdie leer in goedertrou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, en beloof ek om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer;
- ek beloof om my met alle ywer toe te lê op die uitbreiding van die ryk van Christus, deur bevordering van die kennis van die Christelike geloof, Christelike sedes, en die orde en eendrag;
- ek beloof verder om my aan die verordeninge van die Afrikaanse Protestantse Kerk te hou;
- indien dit gebeur dat ek later ’n beswaar of ander insig omtrent voornoemde leer kry, so belowe ek dat ek dit nóg openlik nóg heimlik sal voorstaan, leer of verdedig deur prediking of geskrif, alvorens ek dit aan die Kuratorium openbaar vir nadere ondersoek en totdat die saak finaal afgehandel is;
- indien enige bevoegde kerklike liggaam te eniger tyd, ten einde die enigheid en suiwerheid van die leer te bewaar, besluit om ’n nadere verklaring van my standpunt omtrent een of meer van voormelde artikels en leerstukke te eis, so belowe ek plegtig dat ek altyd daartoe gewillig en bereid sal wees;
- indien dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, belowe ek om my aan die uitsprake van die bevoegde kerklike vergaderinge te onderwerp, sonder om afstand te doen van die reg tot appèl by die sinode;
- ek verklaar ook plegtig voor God, dat ek, om ’n standplaas te verkry, geen ooreenkoms aangegaan of gifte gegee het of ooit sal aangaan of gee nie; dat ek nie daarvan bewus is dat dit deur iemand van my kant of in my belang aangegaan of gegee is, of aangegaan en gegee sal word nie; dat ek ook nimmer ’n standplaas sal soek of aanvaar waarvan ek mag vermoed dat dit deur enige voorwaarde, belofte of watter middele ook al van ’n voorafgegane ooreenkoms aan my opgedra word nie.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20___

Handtekening _____

Namens die Kuratorium word _____ hiermee as leraar toegelaat binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

_____ _____

Nuwe bewoording:

Akte van Legitimasie

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, _____,
met die oog op toelating tot die openbare bediening van die Woord deur die Kuratorium, daartoe gemagtig deur die Sinode, in alle opregtheid voor die Here:

- **dat ek die Bybel as die enigste onfeilbare en geïnspireerde Woord van God aanvaar en bely;**
- dat ek van harte aanvaar en glo dat al die artikels en leerstukke vervat in die belydenisskrifte en Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, deur die Sinode van Dordrecht aanvaar in die jare 1618 en 1619 – ooreenkom met die Woord van God;
- ek belowe om hierdie voornoemde leer met alle ywer en getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer – hetsy regstreeks of onregstreeks – te leer of te skrywe;
- soos ek hierdie leer in goedertrou aanneem en van harte glo, so verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry, en beloof ek om dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer;
- ek beloof om my met alle ywer toe te lê op die uitbreiding van die ryk van Christus, deur bevordering van die kennis van die Christelike geloof, Christelike sedes, en die orde en eendrag;
- indien dit gebeur dat ek later ’n beswaar of ander insig omtrent voornoemde leer kry, so belowe ek dat ek dit nóg openlik nóg heimlik sal voorstaan, leer of verdedig deur prediking of geskrif, alvorens ek dit aan die Kuratorium openbaar vir nadere ondersoek en totdat die saak finaal afgehandel is;
- indien enige bevoegde kerklike liggaam te eniger tyd, ten einde die enigheid en suiwerheid van die leer te bewaar, besluit om ’n nadere verklaring van my standpunt omtrent een of meer van voormelde artikels en leerstukke te eis, so belowe ek plegtig dat ek altyd daartoe gewillig en bereid sal wees;
- indien dit bevind word dat ek teen enige gedeelte van hierdie verklaring en belofte gehandel het, belowe ek om my aan die uitsprake van die bevoegde kerklike vergaderinge te onderwerp, sonder om afstand te doen van die reg tot appèl by die sinode;
- **indien ek my in leer of lewe misgaan, sal ek my volmondig aan die kerklike opsig en tug onderwerp;**
- **ek beloof verder dat ek my neerlê en gebonde ag aan die *Kerkorde* en sinodebesluite van die Afrikaanse Protestantse kerkverband soos bedoel word in artikel 66 van die *Kerkorde*;**
- **ek beloof om, wanneer ek die kerklike pad uitgeput het en steeds nie met die besluite van die kerkverband saamstem nie, my daarby te berus óf om my amp neer te lê;**

- ek verklaar ook plegtig voor God, dat ek, om 'n standplaas te verkry, geen ooreenkoms aangegaan of gifte gegee het of ooit sal aangaan of gee nie; dat ek nie daarvan bewus is dat dit deur iemand van my kant of in my belang aangegaan of gegee is, of aangegaan en gegee sal word nie; dat ek ook nimmer 'n standplaas sal soek of aanvaar waarvan ek mag vermoed dat dit deur enige voorwaarde, belofte of watter middele ook al van 'n voorafgegane ooreenkoms aan my opgedra word nie.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20___

Handtekening _____

Namens die Kuratorium word _____ hiermee as leraar binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband toegelaat.

_____ _____

Motivering:
Die akte en formulier lê klem op die belydenisskrifte, maar die gesag van die Skrif word nie genoegsaam uitgelig nie. Die Kuratorium is van oordeel dat dit ononderhandelbaar is. Daarom word hierdie punt bygvoeg, sodat voornemende predikante en proponente hulself pertinent hiertoe kan verbind.

AANBEVELINGS:

17.3.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.
17.3.2 Die Sinode besluit om die voorgestelde nuwe bewoording vir die Legitimasie-akte goed te keur en as bylae in die *Kerkorde* op te neem.
17.3.3 Die Sinode besluit dat dieselfde verandering aan die ondertekeningsformulier in die *Kerkorde* gemaak word.

17.4 BESWAARSKRIF: OORBRUGGINGSKURSUS

Beswaar teen:
Die besluit van Sinode 2017 (*Handelinge 2017*, bl. 387, pt. 4.3) dat alle aansoekers 'n oorbruggingskursus moet voltooi voordat hulle toegelaat word.

Huidige bewoording:
4.3 Die Sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers verwag gaan word om 'n oorbruggingskursus by die AP Akademie te voltooi voor toelating.

Nuwe bewoording:
Die sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers **wat nie by die AP Akademie afgestudeer het nie,** verwag word om voor toelating, 'n oorbruggingskursus te voltooi.

Motivering:
Die Kuratorium is van oordeel dat persone wat by die AP Akademie afgestudeer het, reeds voldoende gereformeerde onderbou tydens hulle studies ontvang het. Derhalwe het hulle nie nodig om 'n oorbruggingskursus te onderneem nie, tensy die Kuratorium anders sou oordeel.

AANBEVELINGS:
17.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.
17.4.2 Die Sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers wat nie by die AP Akademie afgestudeer het nie, verwag word om voor toelating, 'n oorbruggingskursus te voltooi.

17.5 BESWAARSKRIF: OMSENDBRIEF AAN EMERITI (Kyk pt. 9, bl. 270)
Die Kuratorium dien 'n beswaarskrif in teen die besluit van Sinode 2013 (*Handelinge 2013*, bl. 263, pt. 11.1):

Huidige besluit:
Die Sinode keur goed dat die ondervoorsitter van die Kuratorium, in samewerking met 'n emeritus-predikant wat vir die inhoud verantwoordelik sal wees, die omsendbrief aan emeriti hanteer.

Motivering:
Die Kuratorium het op verskeie maniere probeer om aan die opdrag van Sinode 2013, om 'n omsendbrief aan die emeriti uit te stuur, uitvoering te gee. Geeneen van die pogings was volhoubaar nie. Die Kuratorium is van mening dat so 'n omsendbrief vanuit die emeriti se eie geledere hanteer behoort te word, indien daar 'n behoefte bestaan.

AANBEVELINGS:
17.5.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.
17.5.2 Die Sinode besluit om bovermelde besluit te skrap.

17.6 BESWAARSKRIF: HUWELIKSVERRYKINGSKURSUS
Die Kuratorium dien 'n beswaarskrif in teen die besluit van Sinode 2017 (*Handelinge 2017*, bl. 387, pt. 7.2):

Huidige bewoording:
Die Sinode besluit dat die Kuratorium verder aandag moet gee aan huweliksverrykingskursusse vir leraars.

Motivering:
Die Kuratorium besef dat die huwelike van leraars onder geweldige druk verkeer en is positief oor enige pogings wat aangewend word om die huwelike van predikante te ondersteun en uit te bou. Die Kuratorium het verskeie weë ondersoek om aan die Sinodebesluit uitvoering te gee, maar het tot die slotsom gekom dat dit weens finansiële en organisatoriese uitdagings nie vir die Kuratorium moontlik is om sodanige kursusse vir leraars binne die AP Kerk aan te bied nie.

Daar is die gedagte dat "Die huwelik van die leraar" as onderwerp op 'n volgende teologiese dag of predikanteberaad behandel word. Alle huweliksverrykingsgeleenthede wat binne die kerkverband aangebied word, moet so wyd as moontlik bekendgestel word.

AANBEVELINGS:

17.6.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif ontvanklik is.
17.6.2 Die Sinode besluit om bovermelde besluit te skrap.
17.6.3 Die Sinode moedig predikante aan om daadwerklik aandag aan hulle huwelike te skenk en waar moontlik, huweliksverrykingsgeleenthede by te woon.
17.6.4 Die Sinode dra dit aan gemeentes en/of ringe op om binne streeksverband huweliksverrykingsgeleenthede aan te bied.

18. SLOT

Hiermee vertrou die Kuratorium dat die kommissie sy taak tot bevrediging van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband uitgevoer het en dat die verslag 'n ware en getroue weergawe van die werksaamhede en aktiwiteite van die Vyftiende Kuratorium is.

Di. PJ Möller (voorsitter), WJA Van Schalkwyk (ondervoorsitter), JH Bisschoff (skriba)

AFDELING B: VERSLAG VAN DIE FAKULTEITSRAAD TEOLOGIE VAN DIE AP AKADEMIE

1. INLEIDING

Die Fakulteitsraad Teologie van die AP Akademie doen hiermee verslag aan die Sestiende Sinode van die AP Kerk vir die periode vanaf die Vyftiende Sinode tot einde April 2022.

2. SAMESTELLING VAN DIE FAKULTEITSRAAD TEOLOGIE

Die Fakulteitsraad Teologie bestaan uit al die voltydse en deeltydse dosente betrokke by die aanbieding van die BTh- en BDiv-programme.

3. DEKAAN

Tot 2018 was prof. dr. GDS Smit die dekaan van die Fakulteit Teologie. Aan die einde van 2018 is prof. Smit verkies tot rektor van die AP Akademie in die plek van prof. dr. JAE Adendorff, wie se tweede termyn as rektor toe verstryk het. Prof. Adendorff is toe op sy beurt verkies as dekaan van die Fakulteit Teologie en in 2020 daartoe herkies. Hy dien tans nog in dié hoedanigheid.

AANBEVELINGS:

3.1 Die Sinode bedank proff. Adendorff en Smit vir die werk gelewer in die posisies waarin hulle gedien het tot aan die einde van 2018.

3.2 Die Sinode wens prof. GDS Smit geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier van die AP Akademie en bid hom die seën van die Here toe.

3.3 Die Sinode wens prof. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as dekaan van die Fakulteit Teologie en bid hom die seën van die Here toe.

4. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL (2022)

DEPARTEMENT OU TESTAMENT Prof. dr. JAE Adendorff (Hoof) – BA, BD, NagrDiplTeol, MTh, DTh (Diakoniologie, UOVS)	
Vakverantwoordelikheid	• Inleiding tot Bybelse Teologie (BYT1152) • Studie van die Ou Testament: Pentateug (OTW2162) • Studie van die Ou Testament: Historiese Boeke (OTW2262) • Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke (OTW3172) • Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur (OTW3272) • In-diepte studie van Bybelse Teologie (BYT4084)
DEPARTEMENT NUWE TESTAMENT Prof. dr. GDS Smit (Hoof) – BA, BA Hons, BTh (AP Akademie), MA (Grieks), MA (Sem. Tale), DLitt (Antieke Tale, UP)	
Vakverantwoordelikheid	• Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies (NTW2162) • Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe (NTW2262) • Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur (NTW3172 • In-diepte studie van die Nuwe Testament (NTW4282)

DEPARTEMENT DOGMATOLOGIE Prof. dr. CA Swanepoel (Hoof) – BA, DiplTeol (APA), MA (New Saint Andrews Kollege, VSA), MTh, DTh (Dogmatiek, UVS)	
Vakverantwoordelikheid	• Inleiding tot Sistematiese Teologie (DOG1252) • Studie van Sistematiese Teologie: Van Belydenis tot Dogmatiek (DOG3162) • Gevorderde studie van Sistematiese Teologie: God, skepping, openbaring en etiek (DOG6272) • In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Mens, verlossing, kerk en etiek (DOG4182) • In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Wysheid en Apologetiek (DOG4282)
DEPARTEMENT EKKLESIOLOGIE Ds. JL Schütte (Hoof) – BA, BTh (APA), MA (Teologie, UP)	
Vakverantwoordelikheid	• Inleiding tot Kerkgeskiedenis (KGS1252) • Studie van Kerkgeskiedenis: 33-500 n.C. (KGS2162) • Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis: 500-1500 n.C. (KGS3172) • In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1500-1800 n.C. (KGS3282) • In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1800-2000 n.C. (KGS4182)
DEPARTEMENT DIAKONIOLOGIE Prof. dr. J Bosman (Hoof) – BA, BD, ThM, PhD (Diakoniologie, NWU)	
Vakverantwoordelikheid	• Inleiding tot Diakoniologie (DKN1252) • Studie van Diakoniologie: Kategetiek (DKN2262) • Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek (DKN3172) • Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk (DKN3172a) • In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie (DKN4182) • In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting (DKN4182a) • In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek (DKN4282) • In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading (DKN4282a)
DEPARTEMENT MISSIOLOGIE Prof. dr. J Bosman (Hoof) – BA, BD, ThM, PhD (Diakoniologie, NWU)	
Vakverantwoordelikheid	• Inleiding tot Missiologie (MIS1252) • Studie van Missiologie: Godsdiensgeskiedenis (MIS2262) • Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam (MIS3272) • In-diepte studie van Missiologie: Sendinggeskiedenis (MIS4182) • In-diepte studie van Missiologie: Teologie en teorie van Christelike sending (MIS4282)
DEPARTEMENT ANTIEKE TALE Dr. AJ Pieterse – BA, BTh (APA), BA Hons, MA (Antieke tale en kultuurstudies), DLitt (Latyn, UP)	
Vakverantwoordelikheid	• Bybelse Hebreeus I (HEB1064) • Bybelse Hebreeus II (HEB2074) • Basiese Latyn (LAT1054) • Basiese Duits (DTS1054) • Navorsingsmetodologie (NAM3172) • Navorsingsvoorstel (NAV3281)
DR. B HEFER BA, BTh (APA), BA Hons, PhD (Grieks, NWU)	
Vakverantwoordelikheid	• Bybelse Grieks I (GRK1064) • Bybelse Grieks II (GRK2074)

AANBEVELING:

4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen van die dosente vir hul pligsgetroue en harde werk en verseker hulle van die kerkverband se voortdurende voorbidding.

5. PROGRAMME

5.1 BACCALAUREUS THEOLOGIAE (BTh)

Aan die Veertiende Sinode (*Handelinge 2013*, bl. 302), is gerapporteer dat die huidige kombinasie van 'n BA- en BTh-graad in die lig van die verandering aan die nasionale kwalifikasieraamwerk (HEQSF) sedert 2009 nie meer vir die Raad op Hoër Onderwys (RHO) aanvaarbaar is nie en dat daar aan 'n nuwe teologiese kwalifikasie gewerk moet word. Die Sinode het goedgekeur dat die Raad, Kuratorium en die Senaat op 'n werkswyse besluit wanneer die nuwe graad geïmplementeer word, sodat studente voor legitimasie en beroepbaarstelling steeds dieselfde vlak van teologiese opleiding as tans ontvang nadat hulle die nuwe graad voltooi het, al sou dit beteken dat aansoek gedoen moet word vir een of twee verdere kwalifikasies by die Onderwysdepartement. Die Sinode het ook besluit dat die Senaat van die AP Akademie die nodige wysigings aan die teologiese graad van die AP Akademie kan aanbring en deur die Kuratorium aan die volgende Sinode verslag doen.

Volgens korrespondensie van die RHO was 2019 die laaste jaar waarin studente tot die BTh-program toegelaat kon word. 'n Deeglike uitfaseringsprogram moes opgestel word en die fakulteitsraad kan aan die Sinode rapporteer dat die laaste BTh-studente aan die einde van 2021 afstudeer het. Daarmee het die BTh-program, wat die kerk vir baie jare goed gedien het, tot 'n einde gekom.

5.2 BACCALAUREUS DIVINITATIS (BDiv)

5.2.1 Aansoek om akkreditasie

In die lig van die verpligte uitfasering van die BTh-program, moes daar vroeg in 2017 'n nuwe aansoek vir akkreditasie by die Suid-Afrikaanse onderwysowerhede ingedien word. Oor die ontwikkelingsplan van die program is volledig aan die Vyftiende Sinode verslag gedoen. Die Vyftiende Sinode het in die lig van die plan en bepaalde onsekerhede oor die uitkoms van die AP Akademie se aansoek by die onderwysowerhede, die volgende besluit geneem:

Die Sinode besluit dat daar volstaan word met 'n sesjarige teologiese opleiding, ongeag die uitslag van die aansoek om akkreditering van die beoogde BDiv-program of ander programme vir die vyfde en sesde jaar van opleiding, aangesien die Sinode meer besorg is oor die inhoud van die teologiese opleiding as die naam van 'n sertifikaat wat verwerf kan word (*Sakelys 2017*, bl. 286 en *Handelinge 2017*, bl. 390).

Die Fakulteitsraad Teologie het besluit om, met goedkeuring van die Senaat en ná oorleg met die Kuratorium, te begin deur aansoek te doen vir 'n vierjarige BDiv-program wat op NKR vlak 8 uitgaan. Die dosente het aan die werk gespring om die aansoek daarvoor voor te berei en by die betrokke onderwysliggame in te dien. In September 2018 het die AP Akademie die blye nuus ontvang dat die BDiv-program by die RHO en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) geakkrediteer is.

5.2.2 Goedgekeurde sillabus

Die sillabus soos ontwerp en deur die RHO goedgekeur, sien só daar uit:

JAAR 1	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Akademiese Geletterdheid	AKG1152	5	12
	Bybelse Grieks I	GRK1064	6	12
	Bybelse Hebreeus I	HEB1064	6	12
	Basiese Latyn	LAT1054	5	12
	Of			
	Basiese Duits	DTS1054	5	12
	Inleiding tot Bybelse Teologie	BYT1152	5	12
Sem. 2	Bybelse Grieks I	GRK1064	6	12
	Bybelse Hebreeus I	HEB1064	6	12
	Inleiding tot Sistematiese Teologie	DOG1252	5	12
	Inleiding tot Kerkgeskiedenis	KGS1252	5	12
	Inleiding tot Diakoniologie	DKN1252	5	12
	Inleiding tot Missiologie	MIS1252	5	12
	Totale krediete			**132**

JAAR 2	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Bybelse Grieks II	GRK2074	7	12
	Bybelse Hebreeus II	HEB2074	7	12
	Studie van die Ou Testament: Pentateug	OTW2162	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Sinoptiese evangelies	NTW2162	6	12
	Studie van Kerkgeskiedenis: 33-500 n.C.	KGS2162	6	12
Sem. 2	Bybelse Grieks II	GRK2074	7	12
	Bybelse Hebreeus II	HEB2074	7	12
	Studie van die Ou Testament: Historiese Boeke	OTW2262	6	12
	Studie van die Nuwe Testament: Pauliniese Literatuur en die Algemene Briewe	NTW2262	6	12
	Studie van Diakoniologie: Kategetiek	DKN2262	6	12
	Studie van Missiologie: Godsdiensgeskiedenis	MIS2262	6	12
	Totale krediete			**132**

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Navorsingsmetodologie	NAM3172	7	12
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke	OTW3172	7	12
	Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur	NTW3172	7	12
	Studie van Sistematiese Teologie: Van Belydenis tot Dogmatiek	DOG3162	6	12

JAAR 3	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	Gevorderde studie van Kerkgeskiedenis: 500-1500 n.C.	KGS3172	7	12
	Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek	DKN3172	7	12
	Of			
	Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk	DKN3172a	7	12
Sem. 2	Navorsingsvoorstel	NAV3281	8	6
	Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur	OTW3272	7	12
	Gevorderde studie van Sistematiese Teologie: God, skepping, openbaring en etiek	DOG3272	7	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1500-1800 n.C.	KGS3282	8	12
	Gevorderde studie van Missiologie: Afrika tradisionele godsdienste en Islam	MIS3272	7	12
	Werksgeïntegreerde Leer (WIL)	DIP3271	7	12
	Totale krediete			**138**

JAAR 4	MODULEBESKRYWING	KODE	NKR-VLAK	KREDIETE
Sem. 1	In-diepte studie van Bybelse Teologie	BYT4084	8	12
	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Mens, verlossing, kerk en etiek	DOG4182	8	12
	In-diepte studie van Kerkgeskiedenis: 1800-2000 n.C.	KGS4182	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie	DKN4182	8	12
	Of			
	In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting	DKN4182a	8	12
	In-diepte studie van Missiologie: Sendinggeskiedenis	MIS4182	8	12
Sem. 2	Navorsingsprojek	NAP4282	8	12
	In-diepte studie van Bybelse Teologie	BYT4084	8	12
	In-diepte studie van Sistematiese Teologie: Wysheid en Apologetiek	DOG4282	8	12
	In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek	DKN4282	8	12
	Of			
	In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading	DKN4282a	8	12
	In-diepte studie van Missiologie: Teologie en teorie van Christelike sending	MIS4282	8	12
	Totale krediete			**120**

Die doel van die BDiv-program is om in elke vak uitkomstes op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) te bereik. Ten einde dié doel te bereik, is die program sodanig ontwerp dat dit aan streng kombinasiereëls onderwerp is. Die reëls vereis van studente om vakinhoude op 'n bepaalde NKR-vlak eers volledig te bemeester voordat na 'n hoër vlak beweeg

word. Die programkoördineerder is in beheer van die proses en maak seker dat die vordering van kandidate ooreenkomstig die kombinasiereëls is. Op hierdie wyse word die integriteit en samehang van die kwalifikasie gehandhaaf.

In die algemeen bepaal die kombinasiereëls dat die voltooiing van modules op 'n laer NKR-vlak nodig is ten einde na 'n hoër vlak te beweeg. In die besonder is die volgende kombinasiereëls van krag:

- *Bybelse Hebreeus I* (HEB1064) is 'n voorvereiste vir *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074).
- *Bybelse Grieks I* (GRK1064) is 'n voorvereiste vir *Bybelse Grieks II* (GRK2074).
- *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) is 'n voorvereiste vir *Gevorderde studie van die Ou Testament: Profetiese Boeke* (OTW3172) en *Gevorderde studie van die Ou Testament: Wysheidsliteratuur* (OTW3272), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- *Bybelse Grieks II* (GKR2074) is 'n voorvereiste vir die *Gevorderde studie van die Nuwe Testament: Johannese Literatuur* (NTW3172), sowel as vir die *In-diepte Studie van Bybelse Teologie* (BYT4084) en *In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek* (DKN4282).
- In gevalle waar die tema van die *Navorsingsprojek* (Skripsie – NAP4282) *Bybelse Hebreeus II* (HEB2074) en/of *Bybelse Grieks II* (GRK2074), of *Basiese Latyn* (LAT1054) en/of *Basiese Duits* (DTS1054) vereis, is genoemde vakke dus 'n voorvereiste vir die hierdie projek.
- *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281) en beide is 'n voorvereiste vir die *Navorsingsprojek* (NAP4282).

In tabelvorm lyk die kombinasiereëls dus só:

HEB1063	HEB2074
GRK1063	GRK2074
HEB2074	OTW3172
	OTW3272
GRK2074	NTW3172
HEB2074	BYT4082
GRK2074	DKN4282
HEB2074, GRK2074, LAT1054, DTS1054	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.
NAM3172	NAV3281
NAM3172, NAV3281	NAP4282

Die kombinasiereëls bepaal ook die keuses wat uitgeoefen word ten opsigte van die keusevakke ten einde die kurrikulum te voltooi. Studente moet sover dit keusevakke aangaan, die een óf die ander vak kies. Die volgende keusemoontlikhede is ter sprake:

In die eerste studiejaar kan tussen *Basiese Latyn* (LAT1054) of *Basiese Duits* (DTS1054) gekies word.

- In die derde studiejaar moet die student 'n keuse uitoefen tussen DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) en DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*).
- In die derde studiejaar sal keusevakke uit die aard van die saak gekoppel wees aan die beoogde *Navorsingsprojek* (NAP4282), gegrond op die *Navorsingsmetodologie* (NAM3172) en die *Navorsingsvoorstel* (NAV3281).

- In die vierde studiejaar moet die student in die eerste semester 'n keuse uitoefen tussen DKN4182 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Poimeniek en Pastorale Psigologie*) en DKN4182a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Kerkplanting*) en in die tweede semester 'n keuse tussen DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*) en DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

Die kombinasiereëls ten opsigte van die keusevakke is soos volg:

- DKN3172 (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Liturgiek*) is 'n voorvereiste vir DKN4282 (*In-diepte studie van Diakoniologie: Homiletiek*).
- DKN3172a (*Gevorderde studie van Diakoniologie: Jeugwerk*) is 'n voorvereiste vir DKN4282a (*In-diepte studie van Diakoniologie: Pastorale berading*).

In tabelvorm weergegee, lyk die kombinasiereëls vir die keusevakke soos volg:

DKN3172	DKN4282
DKN3172a	DKN4282a
DKN3172/DKN 3172a, DKN4282/ DKN4282a	NAP4282 waar die tema van die navorsingsprojek dit vereis.

Ten einde die **BDiv-graad** (NKR-vlak 8) te verwerf, moet 'n student altesaam minstens 522 krediete verkry.

'n Student ontvang erkenning vir krediete sodra 'n vak geslaag is.

- BDiv 1 en 2 het 'n kredietwaarde van 132 per jaar;
- BDiv 3 het 'n kredietwaarde van 138 per jaar;
- BDiv 4 het 'n kredietwaarde van 120 per jaar.

Sodra 'n BDiv-student al die vereiste vakke oor die vier jaar heen (of oor 'n langer tydperk) geslaag het, kwalifiseer hy vir die toekenning van die geakkrediteerde BDiv-graad.

In 2022 is besluit om die module *In-diepte studie van Missiologie: Teologie en teorie van Christelike sending* (MIS4282) te vervang met 'n nuwe module in die Departement Nuwe Testament, naamlik *In-diepte studie van die Nuwe Testament* (NTW4282).

5.2.3 Aanvang en infasering van die graad

Die AP Akademie het besluit om in 2020 met die aanbieding van die nuwe BDiv-program te begin. Vyf studente het in 2020 daarvoor ingeskryf, waarvan twee intussen ongelukkig hulle studie gestaak het.

Daar moes ook 'n omvattende infaseringsprogram uitgewerk word vir die studente wat in 2020 nog met die studie in die BA-program, met die oog op teologiese studie, besig was. Een van die BA 1 studente het besluit om na die BDiv-program te migreer, terwyl die ander studente besluit het om eers hulle BA-graad te voltooi. Daar is gevolglik vir elke student 'n eie studieplan uitgewerk, wat voortdurend gemonitor word. Daar is met die Kuratorium ooreengekom dat die huidige studente wat eers die BA-program voltooi het, net die BDiv-program hoef te doen ten einde gelegitimeer te word. Studente wat egter vir die BDiv-program as eerste graad registreer, moet 'n tweejarige nagraadse kwalifikasie ook verwerf ten einde vir legitimasie in aanmerking te kom.

In 2021 het drie en in 2022 weer eens drie studente vir die BDiv-program geregistreer. Die getal studente wat die BDiv-program volg, sien tans só daar uit:

- BDiv 1 = 4
- BDiv 2 = 5
- BDiv 3 = 5
- BDiv 4 = 3

Die dosente het gou agtergekom dat die BDiv-program met ander handskoene as die BTh-program aangepak moet word. Die BTh-graad was streng gesproke 'n nagraadse program, aangesien 'n Baccalaureusgraad 'n voorwaarde vir toelating tot die BTh-program was. Studente wat met laasgenoemde program begin het, het dus alreeds 'n akademiese agtergrond op tersiêre vlak gehad. Studente in die BDiv-program, daarenteen, is grootliks studente wat hulle eerste treë op tersiêre vlak gee. Dit hou ingrypende implikasies vir die leer- en onderrigstrategieë in.

Hier moet gekonstateer word dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika, soos dit tans bestaan, kinders nie genoegsaam vir studie op tersiêre vlak voorberei nie, veral nie soos dit by die AP Akademie aangebied word nie.

Dit het tot gevolg dat baie moeite met studente gedoen moet word om hulle akademiese geletterdheid te verhoog. Die studente kry swaar om die oorskakeling van skool na universiteit te maak. Daar is net te veel gebreke in hulle akademiese mondering. Met die 2021-inname het die saak akuut geword, aangesien hulle akademiese prestasie veel te wense oorlaat.

In die lig van hierdie ervaring is dosente voortdurend besig met besinning oor die verloop van die program wat die leerinhoude en leerstrategieë betref. Daar is in die vooruitsig gestel om aan die einde van 2022 die program grondig te evalueer. Een van die moontlikhede wat oorweeg word, is 'n jaar propedeutiese studie as vereiste vóór die aanvang van die BDiv-program. In dié jaar kan dan gepoog word om studente op sodanige akademiese vlak te bring dat hulle die BDiv-program suksesvol kan afhandel. Daar word voortdurend met die Kuratorium oor die problematiek en moontlike oplossings gesprek gevoer.

AANBEVELINGS:

5.2.3.1 Die Sinode neem met dank kennis dat die BDiv-program goedgekeur en reeds ingefaseer is.

5.2.3.2 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium deurgaans geken en op hoogte gehou is tydens die proses van die ontwikkeling van die nuwe teologiese kwalifikasie.

5.2.3.3 Die Sinode ondersteun die Fakulteitsraad Teologie in sy soeke na die beste wyse om studente te ontwikkel sodat hulle die BDiv-program suksesvol kan voltooi.

6. STUDENTEGETALLE (2018-2022)

Onderstaande tabel gee die studentegetalle in die BA-program (met die oog op teologie), die BTh-program en die BDiv-program.

	2018	2019	2020	2021	2022
BA-program	BA 1 = 6 BA 2 = 3 BA 3 = 3	BA 1 = 4 BA 2 = 2 BA 3 = 5	BA 1 = 1 BA 2 = 3 BA 3 = 1	BA 1 = 2 BA 2 = 2 BA 3 = 1	BA 1 = 0 BA 2 = 0 BA 3 = 0
Totaal	**12**	**11**	**5**	**5**	**0**

	2018	2019	2020	2021	2022
BTh-program	BTh 1 = 5 BTh 2 = 0 BTh 3 = 2	BTh 1 = 2 BTh 2 = 5 BTh 3 = 0	BTh 1 = 0 BTh 2 = 3 BTh 3 = 3	BTh 1 = 0 BTh 2 = 0 BTh 3 = 3	
Totaal	**7**	**7**	**6**	**3**	
BDiv-program			BDiv 1 = 5 BDiv 2 = 3 BDiv 3 = 0 BDiv 4 = 0	BDiv 1 = 3 BDiv 2 = 5 BDiv 3 = 3 BDiv 4 = 0	BDiv 1 = 4 BDiv 2 = 5 BDiv 3 = 5 BDiv 4 = 3
Totaal			**8**	**11**	**17**
Groottotaal	**19**	**18**	**19**	**19**	**17**

AANBEVELING:

6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die getal teologiese studente by die AP Akademie, maar spreek terselfdertyd sy teleurstelling en kommer uit dat die getal nie noemenswaardig groei nie.

7. NAGRAADSE KWALIFIKASIE

Die Fakulteitsraad het met die aanvanklike beplanning van die sesjarige teologiese opleiding in 2017 in die vooruitsig gestel om ’n MDiv-graad te registreer wat studente ná afhandeling van die BDiv-graad moet volg. Ná gesprek met die kurrikulumkonsultant het die Fakulteitsraad egter besluit om eerder ’n Nagraadse Diploma in Teologie te registreer, omdat die kans beter is om met sodanige aansoek te slaag.

Die aansoek is voorberei, maar nie gefinaliseer en ingedien nie, omdat verskeie lede van die Fakulteitsraad onseker was of dit die beste weg is om te volg. Uiteindelik het die Fakulteitsraad besluit om te kies vir ’n **tweejarige kerkeie opleiding** wat nie by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer sou word nie. Dit beteken dat daar ook nie aan die RHO en DHOO verslag gelewer hoef te word aangaande die program nie. Dié benadering bied dosente meer vryheid om die inhoud van die kerkeie opleiding aan te pas by die eise van die kerklike bediening. In dié opsig word die voorbeeld gevolg van ’n lisensiaatsprogram by sekere ander teologiese instellings.

Die Fakulteitsraad het onderneem dat die inhoud en assesseringsvereistes van hierdie kerkeie opleiding op die vlak van ’n meestersgraad sal wees. Dit maak die pad oop dat die program later, wanneer die Fakulteit meer navorsingskapasiteit opgebou het, by die onderwysowerhede ingedien kan word as ’n aansoek om ’n MDiv-graad.

AANBEVELING:

7.1 Die Sinode neem kennis van die besluit van die Fakulteitsraad om ’n tweejarige kerklike lisensiaat ná afhandeling van die BDiv-program aan te bied wat op die vlak van ’n meestersgraad sal wees.

8. DOSENTETOER

Die Teologiese dosente van die AP Akademie het vanaf 16 Junie – 29 Junie 2018 die Verenigde State van Amerika besoek met die doel om a) die jaarlikse Acton Universiteit se konferensie by te woon; en b) om kontakte op te bou en bestaande kontakte te versterk met die oog op die stimulering van groei aan die Teologiese Fakulteit van die AP Akademie.

8.1 ACTON KONFERENSIE

Die dosente het 'n totaal van 44 lesings tydens die Acton Konferensie bygewoon. Die inhoud was uiters leersaam en stimulerend en die waarde daarvan sal in die toekoms by die AP Akademie en in die AP Kerk duidelik word.

8.2 KONTAK MET AMERIKAANSE PRIVAAT UNIVERSITEITE

Behalwe die vyfdagkonferensie het die personeel van die AP Akademie die volgende akademiese instellings in die VSA besoek en gesprekke met die bestuur van die universiteite gevoer oor kurrikulum, toelating, projekte, beleid, missie en visie en ander sake:

1. Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS) (Grand Rapids, MI)
2. Calvin College (Grand Rapids, MI)
3. Kuyper College (Grand Rapids, MI)
4. Aquinas College (Grand Rapids, MI)
5. Hillsdale College (Hillsdale, MI)

Vir die dosente was dit veral belangrik om die bestuur van die Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS) te ontmoet, aangesien daar reeds sedert 2016 met hulle gesprek gevoer is oor moontlike samewerking met die oog op nagraadse studie vir teologiese studente. Hoewel die Fakulteit Teologie in die verlede reeds verskeie e-posgesprekke asook 'n Skype-vergadering met PRTS gehad het, het die spreekwoordelike deur eers werklik vir ons oopgegaan toe die dosente die broeders daar in die oë kon kyk. Onder leiding van prof. Adriaan Neele, wat voorheen betrokke was by die Jonathan Edwards Sentrum vir Afrika, het die AP Akademie geleentheid gekry om die huidige BTh-program asook die komende BDiv-program op die tafel te plaas. Prof. Joel Beeke, wat die hoof van die instelling is, en dr. Barrett, wat die hoof van akademiese sake is, het ook die vergadering bygewoon. Die gesindheid van die bestuur van PRTS was uiters positief en die personeel van die AP Akademie wat teenwoordig was, is van mening dat die AP Akademie bande met hierdie instelling moet versterk.

Die BDiv-program soos dit aan die Raad op Hoër Onderwys aangebied is, is vooraf aan dr. Barrett beskikbaar gestel. Na aanleiding van die gesprekke met PRTS het dit vir die personeel van die AP Akademie duidelik geword dat die huidige BTh-program asook die beplande BDiv-program na die opinie van die PRTS op 'n hoë standaard is en internasionaal goed vergelyk. Die bestuur van PRTS was verder van mening dat die BDiv-program selfs met hulle huidige MDiv-program vergelyk kan word en met enkele aanpassings moontlik daarvoor sal kwalifiseer.

Sou 'n mens die besoeke aan die universiteite in die VSA op sigself neem, is die personeel wat die geleentheid meegemaak het van mening dat dit reeds die koste van die toer vir die AP Akademie werd was. Dit het duidelik geword dat die AP Akademie se teologiese kursus geensins terugstaan op internasionale gebied nie en dat ons meer gemeen het met sekere instellings in die VSA as met die meeste teologiese fakulteite in Suid-Afrika. Die Fakulteit Teologie wil die Raad en Kuratorium graag bedank vir die geleentheid wat gebied is en die finansiële ondersteuning om dit te kon meemaak. Ons is vol vertroue dat die vrug van hierdie onderhandelinge nog van groot waarde vir die AP Akademie sal wees.

Die Fakulteit Teologie het ook 'n uitgebreide plan goedgekeur om navorsingsuitsette te lewer na aanleiding van hierdie toer. Onder meer is verantwoordelikheid geneem vir die Hervormingsuitgawe van *Die Boodskapper* in 2018, waarin terugvoer gegee is oor die afgelope toer asook 'n oorsig oor die waarde daarvan vir die AP Akademie en die AP Kerk. Elke dosent het ook 'n aantal artikels gepubliseer na aanleiding van die Acton konferensie.

AANBEVELINGS:

8.3.1 Die Sinode neem kennis dat die teologiese dosente van die AP Akademie die VSA in 2018 besoek het.

8.3.2 Die Sinode spreek sy waardering uit vir die feit dat die teologiese program aan die AP Akademie van hoogstaande gehalte is en gunstig met soortgelyke internasionale programme vergelyk.

9. ISRAELTOER

Die Fakulteit Teologie het vanaf 27 September tot 9 Oktober 2019 onder leiding van prof. Johan Bosman 'n geslaagde toer na Israel aangebied. *Die Boodskapper* van Februarie 2020 is aan hierdie toer gewy.

Die Fakulteitsraad is van oordeel dat dit as ideaal gestel word dat elke student iewers gedurende sy sesjaaropleiding die geleentheid moet gebruik om op so 'n akademiese toer te gaan, terwyl lidmate die geleentheid het om dit mee te maak, wetende dat dit nie bloot 'n toeristevakansie is nie.

AANBEVELINGS:

9.1 Die Sinode bedank prof. Johan Bosman vir sy harde werk met die organisering van die toer en ook die gepaardgaande tematiese uitgawe van *Die Boodskapper* vir Februarie 2020.

9.2 Die Sinode neem kennis dat die volgende toer DV vir 2023 onder leiding van prof. Gerrit Smit beplan word.

10. PRAKTIESE OPLEIDING

Die sillabus van die BDiv-program vereis dat studente in hul BDiv 3-jaar 'n module in Werksgeïntegreerde Leer (oftewel praktiese werk) moet voltooi. Erediensleiding, Bybelstudieaanbieding, verbondsonderrig, pastorale sorg, kerklike administrasie en dergelike meer moet in dié praktiese program aandag geniet.

Die Fakulteit poog egter om studente van die eerste jaar af praktiese ondervinding te gee. Vir dié doeleinde word 'n praktiese leergang gevolg, wat hieronder uiteengesit word. Die finalisering van die praktiese leergang sal seker eers oor twee jaar met die infasering van die kerklike lisensiaat plaasvind.

Studente word ook ten sterkste aangespoor om, behalwe vir die drie weke gemeentelike prakties, by die eie gemeente so meelewend in te skakel, dat hulle die kerklike lewe van binne uit leer ken. Die oogmerk is dat die student in hart en murg 'n seun van die kerk sal wees. Met die oog daarop word 'n jaarlikse verslag van die studente se plaaslike predikant oor betrokkenheid by die plaaslike gemeente gevra.

10.1 HOMILETIEK PRAKTIES

10.1.1 Klaspreke

Elke week lewer 'n student 'n klaspreek wat deur die dosent in Diakoniologie asook sy medestudente beoordeel word. Studente in die BDiv 1-, 2- en 3-klasse maak gebruik van 'n leespreek en die evaluasie handel hoofsaaklik oor die formele aspek van erediensleiding, voordrag, ensovoorts. Studente in die BDiv 3- (tweede semester) en BDiv 4-klas, lewer 'n eie preek. Preekstowwe kom uit die Ou of Nuwe Testament, asook die belydenisskrifte.

10.1.2 Kritiekpreek

'n Student in sy BDiv 4-jaar lewer 'n preek in 'n plaaslike kerk wat deur die dosent in Diakoniologie asook twee medestudente beoordeel word.

10.2 PRAKTIESE WERK IN 'N PLAASLIKE KERK

Praktiese werk word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

Alle teologiese studente in die BDiv-program doen ongeveer drie weke praktiese werk by 'n leraar in die kerkverband, afhangende van die akademiese kalender. Die keuse van leraars word in oorleg met die Kuratorium gedoen met die vereiste dat die prakties onder die toesig van die plaaslike leraar (met minstens tien jaar bedieningservaring) en ouderlingeraad plaasvind. Die benadering wat gevolg word, is dat die eerste- en tweedejaarstudente moet waarneem wanneer die leraar sy bedieningswerk verrig, terwyl die derde- en vierdejaarstudente ervaring van bepaalde bedieningsverantwoordelikhede moet opdoen.

Predikante en ouderlingerade moet skriftelik verslag van bogenoemde praktiese werk aan die dosent in Diakoniologie doen, sodat dit geëvalueer en met elke betrokke student behandel kan word. Hierdie verslae word in die studente se persoonlike lêers opgeneem, wat aan die Kuratorium ter insae beskikbaar gestel word.

10.3 PREEKVERGUNNING

Tensy anders aanbeveel deur die dosent in Homiletiek en Liturgiek, oorweeg die Kuratorium preekvergunning met goedgekeurde leespreke ná die eerste semester van die BDiv 3-jaar. Studente met preekvergunning word dan deur die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekontak om preekhulp in die AP kerkverband te verleen, terwyl sodanige studente nog in opleiding is.

Wanneer studente die kritiese evaluasie (tydens Oktobermaand van die BDiv 4-jaar) asook die BDiv-graad in sy geheel slaag, oorweeg die Kuratorium op aanbeveling van die dosent in Homiletiek en Liturgiek, preekvergunning met eie preke in die AP kerkverband, terwyl sodanige studente nog in opleiding is.

10.4 POIMENIEK PRAKTIES

Studente in die BDiv-program moet op spontane basis betrokke wees by siekebesoek, hospitaalbearbeiding en ander pastorale aangeleenthede. Tydens die praktiese opleiding kry studente ook die geleentheid om pastorale sorg te beoefen. 'n Webblad is geskep waar die student telkens amptelike verslae oor die praktiese werk moet oplaai.

10.5 VERBONDSONDERRIG

Elke student moet ten minste ses maande as voorganger by verbondsonderrig betrokke wees. 'n Skriftelike verslag daaroor word by die dosent in Diakoniologie ingehandig vir opname in die student se persoonlike lêer.

11. ONDERRIGFOOIE

Die Raad het op aanbeveling van die Senaat die onderrigfooie van die Akademie soos volg verhoog:

2018	
BTh	Klasgeld: R24 500,00 (per jaar)
2019	
BTh	Klasgeld: R27 000,00 (per jaar)
2020	
BDiv	Klasgeld: R28 500,00 (per jaar)
BTh	Klasgeld: R22 500,00 (per jaar)
2021	
BDiv	Klasgeld: R30 000,00 (per jaar)
BTh	Klasgeld: R24 500,00 (per jaar)
2022	
BDiv	Klasgeld: R15 400,00 (per jaar)

Die Senaat van die AP Akademie het in 2021 besluit om die klasgeld van teologiese studente vir die 2022 boekjaar te halveer as 'n bemarkingsinisiatief. Dit het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie en die beplanning is om die klasgeld vir 2023 opwaarts aan te pas.

AANBEVELINGS:

11.1 Die Sinode wil graag sy dank boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Fakulteit Teologie van die AP Akademie.

11.2 Die Sinode doen weereens 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Fakulteit Teologie van die AP Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.

12. SKENKINGS EN FONDSE

Die AP Akademie het in die afgelope verslagtydperk enkele donasies en erflatings ontvang wat spesifiek vir die werksaamhede van die Fakulteit Teologie bedoel was.

13. OOREENKOMSTE EN VERKENNENDE GESPREKKE

Ooreenkomste en verkennende gesprekke is met ander instansies gedurende die verslagtydperk aangegaan:

13.1 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG)

Die AP Akademie is in 2013 deur die GHG gekontak met die oog op samewerking en ook die opleiding van predikante vir die GHG. 'n Ooreenkoms is opgestel en op 20 Oktober 2014 onderteken. Die ooreenkoms het behels dat die studente hulle BA- en BTh-studies aan die AP Akademie voltooi en dat daar op 'n jaarlikse basis kontak met die Kuratorium van die GHG gemaak word.

Twee studente het in 2015 met die BA-program begin, maar nooit hul teologiese studie aan die AP Akademie voltooi nie. Daar was sedertdien nog geen aansoek van 'n voornemende student uit die GHG-geledere nie. In die lig daarvan het die Kuratorium van die GHG die AP Akademie op 25 Maart 2019 laat weet dat hulle die ooreenkoms beëindig.

Die beëindiging van die ooreenkoms het in goeie gesindheid geskied, soos uit die volgende paragraaf van hul skrywe blyk: "Graag wil ons ook by wyse van hierdie skrywe ons hartlike dank teenoor die APA uitspreek wat ons tot nou toe behulpsaam was met die opleiding van ons teologiese studente. Ons hoop dat ons broederlike verhouding met mekaar in die goeie gees, wat daar tot nou geheers het, sal bly voortbestaan."

13.2 KAIROS NETWERK (KN)

Ná die opspraakwekkende en verdelende besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2019, het die NG Gemeente Moreletapark die inisiatief geneem om 'n landswye beraad te reël vir lidmate wat getrou wil bly aan die Woord van God. Die ongeveer 450 persone wat dit bygewoon het, het 'n voortsettingskomitee benoem wat moes toesien dat die beraad se inisiatiewe uitgevoer word. So is die Moreleta Kairos Netwerk (MKN) gebore. Namate die groep baie wyer gegroei het, is die naam verander na die huidige Kairos Netwerk (KN).

Een van die sake wat die KN as knelpunt ervaar het, was die skokkende toestand waarin sekere teologiese fakulteite hulle tans bevind. 'n Taakspan is aangewys wat die hele saak van teologiese opleiding moes ondersoek met die oog op lewensvatbare alternatiewe. Aan die einde van 2021 het die taakspan met die Fakulteit Teologie van die AP Akademie kontak gemaak ten einde 'n verkennende gesprek te voer. Dit was 'n baie geseënde gesprek, waarna die taakspan aan die KN terugvoer gegee het dat hulle die AP Akademie en die Teologiese Skool Potchefstroom aanbeveel as moontlike opleidingsinstansies vir hul voornemende teologiese studente.

Die gesprek is opgevolg met 'n tweede gesprek aan die begin van 2022, waartydens prof. Henk Stoker van die Teologiese Skool Potchefstroom ook teenwoordig was. Weereens was dit 'n vrugbare gesprek waar onderneem is om mekaar te ondersteun in die stryd teen die liberale teologie in Suid-Afrika.

Een van die samewerkingsmoontlikhede wat bespreek is, was die ontwikkeling van kort kursusse in samewerking met persone vanuit die KN vir leraars wat tans in die bediening is en sou belangstel in verdere teologiese opleiding (VTO). Dit sal die AP Akademie se gemeenskapsontwikkeling baat. Die saak sal tydens opvolggesprekke met die KN aandag geniet.

'n Derde gespreksgeleentheid het op 29 April 2022 plaasgevind waartydens lede van die Fakulteitsraad saam met verteenwoordigers uit die AP kerkverband die bestuur van die KN vir 'n informele kennismakingsgeleentheid ontmoet het. Verdere gespreksgeleenthede is tydens die ontmoeting in die vooruitsig gestel.

AANBEVELINGS:

13.2.1 Die Sinode neem kennis dat die ooreenkoms met die GHG nie meer van krag is nie.

13.2.2 Die Sinode moedig die Fakulteit Teologie aan om voort te gaan met verkennende gesprekke met geesgenootskaplike instellings.

14. FINANSIES

Die AP Akademie het vir die verslagtydperk jaarliks ongekwalifiseerde finansiële state ontvang (op aanvraag beskikbaar vir insae). Vir die AP Kerk se bydrae, kyk Bylae KUR1, bl. 298.

15. SLOT

Die Fakulteit Teologie van die AP Akademie bid die Sinode die seën van die Here toe op die vergadering, werksaamhede en besluite.

Prof. dr. JAE Adendorff (dekaan)

BYLAE KUR1

Opsomming van die geouditeerde finansiële jaarstate van die AP Akademie NPC

FINANSIËLE POSISIE	2021 R	2020 R	2019 R	2018 R	2017 R
TOTALE BATES	**30 564 145**	**24 708 900**	**20 704 979**	**19 521 611**	**18 659 530**
Eiendom en toerusting	8 404 962	8 451 532	8 483 167	8 462 357	8 289 274
Biblioteekboeke	702 402	691 917	683 638	661 298	540 204
Debiteure	3 036 251	1 338 651	1 237 745	733 695	639 523
Kontant en kontant ekwivalente	18 420 530	14 226 800	10 300 429	9 664 261	9 190 529
TOTALE FONDSE EN VERPLIGTINGE	**30 564 145**	**24 708 900**	**20 704 979**	**19 521 611**	**18 659 530**
Ekwiteit[1]	15 459 602	11 256 316	8 302 978	9 309 655	8 597 578
Spesifieke fondse[2]	11 175 781	9 938 776	9 429 402	7 101 780	6 877 145
Langtermyn lening – AP Kerk	2 205 219	2 443 686	2 648 293	2 783 329	2 902 244
Krediteure	1 723 543	1 070 122	324 306	326 847	282 563

[1]Ekwiteitsgroei deur netto surplus gegenereer.

[2]Spesifieke fondse groei met beleggingsverdienste en skenkings.

OMVATTENDE INKOMSTE	2021 R	2020 R	2019 R	2018 R	2017 R
TOTALE INKOMSTE	**16 168 599**	**14 268 364**	**9 929 098**	**8 870 434**	**8 870 877**
Klasgelde	10 842 850	9 242 358	4 607 250	3 182 101	2 222 119
AP Kerk subsidie (derde)	4 925 644	4 686 405	4 920 590	5 191 891	4 789 074
Ander inkomste	400 105	339 601	401 258	496 442	1 859 683
TOTALE UITGAWES	**11 965 313**	**11 315 024**	**9 443 902**	**8 279 452**	**7 024 283**
Vergoeding: Dosente	2 473 592	1 962 013	1 222 540	692 200	583 450
Vergoeding: Administrasie	3 698 941	3 178 733	3 121 598	2 830 835	1 846 845
Ander APA Uitgawes	1 656 092	2 203 063	1 431 667	1 168 216	1 305 730
Vergoeding: Teologiese dosente	4 136 688	3 971 215	3 668 097	3 588 201	3 288 258
NETTO SURPLUS	**4 203 286**	**2 953 340**	**485 196**	**590 982**	**1 846 594**

Nota:

1. Al die jare onder oorsig se ouditmenings oor die finansiële jaarstate was ongekwalifiseerd.
2. Die geouditeerde finansiële jaarstate is by die AP Akademie NPC se kantore ter insae beskikbaar.

	2021 R	2020 R	2019 R	2018 R	2017 R
WAARNEMINGS:					
* Die AP Kerk se subsidie as persentasie van totale inkomste van die APA	30%	33%	50%	59%	54%
* Vergoeding van teologiese dosente as persentasie van totale uitgawes van die APA	35%	35%	39%	43%	47%
* Persentasie van AP Kerk-subsidie deur teologiese dosente benut[3]	84%	85%	75%	69%	69%
* Grade toegeken –					
BTh	3	3	3	3	
BA	16	14	22	22	13
NGOS	102	100	26	26	

[3]Al die voltydse leerstoele deur die Sinode goedgekeur, is nie ten volle gevul nie.

TERUG NA KUR-VERSLAG PT. 14

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT APRIL 2022

13 Verslag: Kommissie vir die Kerkargief (KKA)

1. PERSONEEL

Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), NJ Grobler (ondervoorsitter), HJ Kok (skriba)
Sekundi: Di. A Swart, WJ van der Westhuizen, A van Zyl; oudle. HFF Grobbelaar, FP Naude

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader. Die vergaderings het plaasgevind op 5 Oktober 2021 (elektroniese besluitneming oor die opstel en goedkeuring van 'n rektifikasievorm) en 12 April 2022 (virtuele vergadering met die doel om die KKA-verslag aan die sinode goed te keur).

3. OPDRAGTE VAN DIE VYFTIENDE SINODE

3.1 ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF-VERGADERINGS IN STELLENBOSCH (*Handelinge 2017*, pt. 3.2, bl. 359)

Ds. LD Greyling en die huidige argiefassistent, mev. A Smit, het in 2018 die Algemene Taakspan Argief (ATA) se vergadering in Stellenbosch bygewoon, waarheen argivarisse en ander argiefpersoneel van verskillende kerkverbande uitgenooi word om deel te neem.

Op 12 Junie 2019 het die Algemene Taakspan Kerkargief (ATA) van die NG Kerk 'n konferensie in Stellenbosch aangebied in verband met die digitalisering van kerkargiewe. Ds. LD Greyling en mev. A Smit het hierdie konferensie bygewoon. Ds. LD Greyling het ook die ATA-vergadering bygewoon wat ná die konferensie plaasgevind het.

As gevolg van die COVID-19-pandemie, is daar geen ATA-konferensies en -vergaderings in 2020 en 2021 gehou of aangebied nie.

Die volgende ATA-vergadering en -konferensie word beplan vir DV 20-21 Junie 2022 by die Andrew Murray Sentrum op Wellington, of by eMseni aan die Oos-Rand. 'n Derde dag word ook beplan, waartydens verskeie kerkargiewe besoek gaan word.

3.2 INTERKERKLIKE ARGIEFFORUMVERGADERINGS

Op 15 Augustus 2018 het die eerste Interkerklike Argiefforum byeengekom, waartydens verskillende kerke se argiefpersoneel oor gemeenskaplike sake met betrekking tot kerkargiewe met mekaar gesels het en by mekaar kon leer. Die AP kerkargief by die Gemeenskaplike Kerkkantoor is besoek, asook die NH kerkargief by die Erfenisstigting (Voortrekkermonument). Die EG Kerk, asook die NG Kerk se Oostelike Sinode se argief (Val de Grace, Pretoria), is besoek. Die besoeke aan die onderskeie argiewe het hoofsaaklik gehandel oor beperkte argiefruimte en die uitdagings wat dit inhou. Gesprek is gevoer en advies gedeel met betrekking tot elektroniese argiewe, die versameling van elektroniese argiefstukke, asook die veilige bewaring en die kwaliteit daarvan.

Op 10 April 2019 is daar 'n inligtingsessie by die NG Kerk se Oostelike Sinode in verband met die databasisprogram, Winkerk 7, aangebied.

Weens die COVID-19 pandemie is geen vergaderings of byeenkomste gedurende 2020 gehou/ aangebied nie.

Op 23 November 2021 het 'n volgende byeenkoms by die NG Kerk se Oostelike Sinode plaasgevind, wat hoofsaaklik gehandel het oor die uitdagings, veranderings, aanpassings en lesse geleer tydens die COVID-19-pandemie.

AANBEVELINGS:

3.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die Interkerklike Argiefforum wat tot stand gekom het en waarby die AP kerkargief betrokke is en ook waardevolle insette lewer.

3.2.2 Die Sinode besluit dat die voorsitter van die Kommissie vir Kerkargief asook die argivaris (of argiefassistent) die Interkerklike Argiefforum se vergaderings sal bywoon en dra dit aan die GKK op om daarvoor te begroot.

3.3 WEBWERF VIR DIE SENTRALE KERKARGIEF (*Handelinge 2017*, pt. 3.3, bl. 359)

Die argiefassistent, mev. A Smit, het inligting by me. Karen Minnaar, senior argivaris van die NG Kerk in Stellenbosch en mnr. Nándor Sarkady, argivaris van die NH Kerk by die Erfenissentrum in Groenkloof, Pretoria, ingewin aangaande 'n webwerf vir die AP Kerk se kerkargief.

Die volgende skakels vir sodanige webwerf is van belang, nl.:

1. Omsendbriewe
2. Kerkorde (in PDF-formaat)
3. Reglemente van die kerkargief
4. Inligtingswette
5. Formuliere
6. Aanvraagvorms:
   - 6.1 Rektifikasievorm (onopspoorbare bewys van lidmaatskap)
   - 6.2 Doopregistervorm
   - 6.3 Lidmaatregistervorm
   - 6.4 Ringsvisitasievorm (statistieke ook ingesluit)
   - 6.5 Statistiekvorm
   - 6.6 Vorm vir navorsingsdoeleindes (gebruik van die kerkargief)
   - 6.7 Ander vorms wat nodig mag wees
7. Versamelbeleid van die kerkargief
8. Gemeentes
9. Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting
10. Inligtingswet (POPIA en PAIA)

AANBEVELING:

3.3.1 Die Sinode kontinueer die opdrag van die Vyftiende Sinode en dra dit aan die Kommissie vir die Kerkargief op om in oorleg met die Publikasiekommissie se elektroniese ondersteuningsbeampte, die huidige webblad van die AP Kerk uit te brei om ook die kerkargief te akkommodeer.

3.4 OPLEIDING VAN LERAARS, STUDENTE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL (*Handelinge 2017*, pt. 3.4, bl. 359)

Die Vyftiende Sinode het besluit dat die Kommissie vir die Kerkargief metodes moet ondersoek om op 'n gereelde basis opleiding aan leraars, studente en administratiewe personeel in gemeentes te verskaf. Daar is met die AP Akademie gereël dat studente in hulle sesde studiejaar die argief besoek. Studente het van die bronne in die argief vir hul studies oor die kerkverband se geskiedenis bestudeer.

AANBEVELING:

3.4.1 Die Sinode kontinueer die opdrag aan die volgende Kommissie vir die Kerkargief om daadwerklik aandag aan hierdie saak te skenk.

4. WERKSAAMHEDE

Die volgende dokumente behoort jaarliks deur gemeentes en ringe aan die kerkargief gestuur te word:

4.1 GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING (Statistiek en visitasieverslag)

Die GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING is op die kerkverband se webblad beskikbaargestel. Bladsye 1 tot 4 van hierdie verslagvorm handel oor die gemeente se statistiek en 'n afskrif van die voltooide vorm (die oorspronklike, ondertekende dokument) móét jaarliks aan die kerkargief gestuur word vir veilige bewaring. Indien daar enige onsekerheid bestaan of die statistiekvorms tot op datum by die kerkargief ontvang is, kan die argiefassistent daaroor gekontak word.

Die res van die GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING bevat riglyne aan ringe waarvolgens gemeentes verslag kan doen aan die ring met betrekking tot verskeie werksaamhede van die gemeente tydens die betrokke verslagtydperk (-jaar). Die oorspronklike en ondertekende visitasieverslagvorm móét jaarliks aan die kerkargief gestuur word vir veilige bewaring.

AANBEVELINGS:

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skribas van gemeentes en/of die skribas van ringe wat op 'n gereelde basis en baie pligsgetrou die gemeentelike statistiek asook die visitasieverslagvorms, soos vereis word, aan die kerkargief stuur.

4.1.2 Die Sinode doen 'n dringende beroep op die gróót aantal gemeentes wat nie jaarliks hul gemeentelike statistiek en visitasieverslagvorms aan die kerkargief stuur nie, om dit voortaan gereeld te doen.

4.2 AFSKRIFTE VAN DOOP- EN LIDMAATREGISTERS

Gemeentes moet afskrifte van hul doop- en lidmaatregisters aan die kerkargief stuur en dit daarna, jaarliks opdateer deur verslag te doen van lidmate aangekom en vertrek, asook kinders gedoop gedurende die betrokke jaar. Dit is ook belangrik dat hierdie registers netjies en korrek ingevul en voltooi word, omdat dit waardevolle inligting vir genealogiese navorsing verskaf.

AANBEVELINGS:

4.2.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wie se afskrifte van die doop- en lidmaatregister by die kerkargief nie op datum is nie, om dit onverwyld op datum te bring en voortaan jaarliks op datum te hou.

4.2.2 Die Sinode moedig gemeentes aan om die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* te gebruik vir die korrekte wyse waarop die lidmaat- en doopregisters ingevul moet word.

4.3 GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE

Elke gemeente se finansiële state moet jaarliks geoudit word en afskrifte daarvan moet na die Gemeenskaplike Kerkkantoor gestuur word. Nadat die afdeling: Finansies die inligting daarin verwerk het, word dit na die kerkargief gestuur vir veilige bewaring.

AANBEVELING:

4.3.1 Die Sinode vermaan gemeentes wat versuim om jaarliks geouditeerde finansiële state na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur en versoek alle kerkrade om toe te sien dat dit jaarliks gedoen word.

4.4 HUWELIKSREGISTER

Daar word van alle leraars in die kerkverband verwag om benewens die huweliksregister van die staat, ook 'n HUWELIKSREGISTERBLAD van die kerkverband te voltooi van elke huwelik wat gesluit word. Hierdie huweliksregisterblaaie moet aan die kerkargief gestuur word, waar daar 'n eie huweliksregister van die kerkverband bygehou word. Die betrokke huweliksregisterblaaie kan by die AP Kerk se boekwinkel aangevra word.

AANBEVELINGS:

4.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars wat getrou die huweliksregisterblad van die kerkverband voltooi van elke huwelik wat gesluit word en hierdie registerblaaie ook na die kerkargief stuur.

4.4.2 Die Sinode doen 'n beroep op leraars wat nie gereeld die huweliksregisterblad van die kerkverband voltooi en instuur nie, om dit voortaan getrou te doen.

4.4.3 Die Sinode doen weereens 'n beroep op leraars om afskrifte van die staat se huweliksregisterblaaie te maak voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig word en om hierdie afskrifte ook na die kerkargief vir bewaring te stuur.

4.5 GEMEENTELIKE ARGIVALIA

Gemeentes word daarop gewys dat alle dokumente, pamflette, gemeenteblaaie, nuusbriewe, jaarprogramme, kalenders, afkondigings en enige ander stukke van historiese belang na die kerkargief vir bewaring en toekomstige verwysing en navorsing gestuur moet word.

Gemeentes word ook daarop gewys dat enige argivalia (dokumente, pamflette), ook in digitale formaat na die kerkargief ingestuur kan word, aangesien die inligting in digitale formaat bewaar kan word.

Notules van die verskillende vergaderings (kerkraad, ouderlingeraad, diakonie, verskillende kommissies) is uiters waardevolle stukke wat in die kerkargief bewaar behoort te word.

Foto's wat tydens gemeentefunksies geneem word, is waardevolle argivalia en kan gerus ingestuur word vir bewaring en toekomstige navorsing. Skryf asseblief op die agterkant van die foto wie die persone op die foto is en ook die geleentheid (en datum) waartydens dit geneem is.

AANBEVELINGS:

4.5.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat argivalia aan die kerkargief stuur en moedig al die gemeentes aan om op 'n gereelde basis argivalia aan die kerkargief te stuur.

4.5.2 Die Sinode herinner gemeentes weereens daaraan dat alle gemeentelike argivalia wat in digitale formaat geskep en gestoor word, ook na die kerkargief ingestuur kan word vir veilige bewaring.

4.5.3 Die Sinode versoek die skribas van die verskillende vergaderings wat binne die plaaslike gemeente gehou word, om noukeurig notules te hou van elke vergadering en dan aan die kerkargief te stuur (geskrewe en/of elektronies) vir bewaring.

4.5.4 Die Sinode rig 'n versoek aan gemeentes om gereeld foto's wat geneem word by gemeentelike funksies na die kerkargief te stuur. Foto's waarop persone voorkom, moet asseblief voorsien word van onderskrifte met die betrokke persone se name, die geleentheid waartydens die foto geneem is asook die datum van die betrokke geleentheid.

4.6 RINGSDOKUMENTE

Dit is belangrik dat alle notules van ringsvergaderings en vergaderings van die Ringskommissie, asook ander dokumentasie jaarliks aan die kerkargief gestuur word.

AANBEVELING:

4.6.1 Die Sinode wys ringskribas op bepaling 37E van *Kerkorde 2018* en versoek dat daaraan uitvoering gegee word.

6. BESKRYWINGSPUNT

6.1 RING VAN MIDDELBURG

Die Ring van Middelburg lê die volgende beskrywingspunt (soos behandel en goedgekeur op die Ringsvergadering gehou op 4 Maart 2022) aan die Sinode voor vir oorweging by die eersvolgende sinode.

Voorstel:

Die Sinode doen 'n beroep op ringe en gemeentes om daadwerklik:

1. alle kerklike dokumente in die gemeentlike kluis te bewaar;
2. alle kerklike dokumente nie net elektronies nie, maar ook in geskrewe/gedrukte formaat te bewaar;
3. die doop- en lidmaatregister per hand deur skribas op datum te hou;
4. toe te sien dat kerkrade die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* by die kerk se boekwinkel bekom;
5. toe te sien dat visitatore tydens visitasie die nodige toesig hou.

Motivering:

Die Sinode bespreek die belangrikheid van databewaring in ons kerke en die gevaar wat die vernietiging van ons genealogie vir die kultuurwortel van die Afrikaner inhou.

Daar word voorgestel dat bogenoemde punte direk aan die sinodale Kommissie vir die Kerkargief (KKA) gerig word asook onder die aandag van elke gemeente gebring word en dat die redakteur van *Die Boodskapper* genader word om 'n uitgawe van *Die Boodskapper* te wy aan die genealogie van die Afrikanervolk.

AANBEVELINGS:

6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

6.1.2 Die Sinode besluit om die beskrywingspunt nie goed te keur nie.

6.1.3 Die Sinode herbevestig die besluite wat geneem is met betrekking tot die veilige en brandvrye bewaring van gemeentes se argivalia.

6.1.4 Die Sinode herbevestig die besluit wat geneem is met betrekking tot die skriftelike bewaring (geskrewe bron) van argivalia.

6.1.5 Die Sinode herbevestig die besluit dat die lidmaat- en doopregister op die goedgekeurde vorms ingevul moet word.

6.1.6 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om alle argivalia te hanteer (die bewaring daarvan asook die instuur na die kerkargief) soos in die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* uiteengesit en beskryf word.

6.1.7 Die Sinode doen 'n beroep op visitatore om tydens die ringsvisitasie die nodige toesig te hou oor die wyse waarop elke gemeente in die ringsresort se administratiewe pligte verrig word en om toe te sien dat alle dokumente en argivalia wat na die Gemeenskaplike Kerkkantoor gestuur moet word, wel pligsgetrou gedoen en op datum gehou word.

Motivering:

Sinode 1988 het besluit dat alle gemeente-argivalia veilig, droog, brand-, stof- en insekvry bewaar moet word. Aanvanklik was ten minste 'n staalkabinet nodig (*Handelinge 1988*, bl. 119, punt 4.4.1.1).

Sinode 1990 het besluit dat argivale inligting op harde- of slapskyf en/of mikrofilm geberg kan word en dat die geskrewe bron in die argiefkluis bewaar word vir solank daar ruimte beskikbaar is en daar later daaroor besluit kan word (*Handelinge 1990*, bl. 528, pt. 4.7.1).

Sinode 2001 het die lidmaat- en doopregistervorms goedgekeur; ook dat skribas wat op eie inisiatief en na goeddunke sedert die vorige Sinode (1999) elektroniese registers na die kerkargief gestuur het, dit moet vervang met registerafskrifte op hierdie goedgekeurde vorms (*Handelinge 2001*, bl. 552, pt. 4.3).

Die Kommissie het wel geoordeel dat die punte wat in die beskrywingspunt genoem word, belangrik is en het daarom die aanbevelings (soos hierbo genoem) aan die Sinode gedoen om wel hierdie sake te kan ondervang.

7. IN MEMORIAM (Bylae KKA1)

AANBEVELING:

7.1 Die voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van leraars sedert die vorige sinode.

Hiermee vertrou die KKA dat hy sy opdragte uitgevoer het.

Di. LD Greyling, NJ Grobler en HJ Kok

BYLAE KKA1 – IN MEMORIAM

DS. HJ MALAN (04/05/1939 – 19/10/2017)




Ons het ds. Malan in 2008 ontmoet toe hulle hul in Doonside kom vestig het. Ons predikant van destyds was ds. Hendrik van der Merwe, wat 'n beroep na Fonteine aanvaar het. Ons was verheug toe ds. Malan ons skakel. Alhoewel hy eintlik binne Groter Durban se grense gewoon het, het hy gesê dat die stedelike verkeer vir hom te veel is.

Ons was dankbaar vir sy bereidwilligheid om ons te help en die kontrak vir 'n beperkte dienstermyn vanaf 1 Junie 2008 tot 31 Mei 2010 aanvaar het. Ná hierdie tydperk het hy besluit om vanweë sy gesondheid af te tree. Daarna het ons vir 18 maande van predikante se dienste gebruik gemaak wat hier met verlof was, asook van leespreke.

Die lidmaattal het gekwyn en ons het ds. Malan weer om hulp genader. Hy het nieteenstaande sy swak gesondheid ingewillig om ons weer te help en het met beperkte dienstermyn vanaf 18 Desember 2011 tot 30 Junie 2014 die AP Kerk Suidkus bedien. Gedurende dié tydperk het hy siekes besoek, begrafnisse waargeneem, die belydenisklas behartig en kerkraadslede bevestig. Met funksies vir fondsinsameling was sy hand altyd oop en tydens pinksterdienste het hy spesiaal in 'n woonstel naby ingetrek om die lang ritte daagliks uit te skakel. Die gemeente waardeer opreg wat hy vir ons gedoen het. Mev. Issie, baie dankie vir jou bystand. Ons innige medelye met jou en die kinders se verlies.

Kobie Jacobs namens AP Kerk Suidkus

DS. MC ADENDORFF (28/01/1937 – 31/10/2017)



Op 1 November 1986, tydens 'n byeenkoms te Verwoerdburg, het ek ds. Mechiel ontmoet. Ek het toe reeds van hom gehoor en gelees wat hy geskryf het en die ontmoeting was daarom vir my baie aangenaam. Die gedagtes wat daardie dag by my opgekom het, was dat hierdie man 'n besondere denker is wat op 'n stil manier meer ingesien het as wat hy laat blyk het, en tog was hy baie nederig. 'n Stil mens wat hom selfs tussen mense eenkant gehou en nie aandag gesoek het nie.

In die vriendskap wat hier begin het, sou ek vinnig besef dat hierdie stil man innerlik baie sterk was met vaste oortuigings en 'n fyn humorsin. Wanneer hy in debatte opgetree het, is daar deeglik van sy standpunte kennis geneem. Inderdaad 'n besondere persoon wat op die regte tyd na vore gekom het en reeds voor die stigting van AP Kerk rigting gegee het aan baie volksgenote wat met verwarring en onsekerheid na die verwikkelinge op die kerklike terrein gekyk het.

In sy ouerhuis het hy Christelike lewenswaardes geleer, wat hy dwarsdeur sy lewe uitgeleef het. Oor die plaas kon hy lekker gesels en in sy hart was daar maar altyd 'n heimwee na die oop natuur of die stap agter 'n bokkie aan. Sy liefde vir fotografie vertel dat hy die mooi in die skepping gesien en waardeer het. Hy word predikant van die NG Kerk in 1967 in Barberton. Later was hy in Brakpan-Oos, Rosendal en Sonhoogte, voordat hy by die AP Kerk aangesluit het. Aan die

Oos-Rand sou hy in 'n stadium vyf gemeentes gelyktydig bedien. In 1990 word hy Direkteur van Kerkadministrasie en beklee die pos tot en met sy aftrede in 2005. Hierdie pos het hom die geleentheid gegee om werk van onskatbare waarde in ons kerkverband te doen. Vir hierdie jong kerk het hy en sy span die strukture en administratiewe stelsels in plek gestel.

Reeds by die eerste sinode was hy skriba waar hy, getrou aan sy perfeksionistiese aard, gesorg het dat alles korrek gedoen word. Wie sal ooit die oplettendheid waarmee notules gelees en verslae voorberei is, kan vergeet! Hy het 'n natuurlike aanvoeling vir die Afrikaanse taal gehad en kon die bedoeling van vergaderings presies boekstaaf. Tydens sinodesittings, toe al die nuwerwetse elektroniese hulpmiddels nog nie beskikbaar was nie, is letterlik deurnag gewerk om notules gereed te kry vir die volgende dag, waarop dit goedgekeur moes word.

Hy was egter nie net die heeldag op kantoor nie. Steeds was hy betrokke by 'n gemeente en doseer in 'n stadium selfs Latyn by die AP Akademie. Hiermee saam sou baie lank gesels kon word oor die talle vergaderings dwarsdeur die land om te beplan of raad te gee. Die aantal kilometers wat afgelê is en die ure wat op die pad deurgebring is, is ongelukkig nie bygehou nie. Dikwels was die reistyd in die nag, sodat kerkrade bedags of saans besoek kon word. Tydens hierdie lang ure op die pad was min gepraat en het hy graag bandjies gespeel oor onderwerpe wat aandag vereis. So het hy almal in die motor stilgehou en kon hy rustig slaap. Ná een so 'n lang vergadering het ons besef ons gasheer by wie ons sou oornag, was nie meer daar nie. Hy was heel rustig daaroor en het net opgemerk ons maar huis toe kan ry, daar is 'n paar bandjies in sy tas.

By die afsterwe van 'n geliefde of 'n goeie vriend word daar vasgehou aan herinneringe. Foto's kry skielik waarde, want dit vertel 'n storie. Ds. Mechiel het vir ons baie herinneringe nagelaat in die vrug van sy skrywerstalent.

Voordat hy deel van die AP Kerk was, het hy reeds artikels, kommentaar en selfs 'n strokiesreeks geskryf. Deur strokiesprente het hy 'n ware situasie op kostelike wyse uitgebeeld omdat hy die humor kon raaksien en die waarde daarvan besef het. Dit was so getrou gedoen dat van die karakters in die verhaal hulself herken het, maar nie die humor raakgesien het nie. In ons eie argief en boekwinkel is talle werke wat deur ds. Mechiel geskryf is en wat geloofsversterking vir baie gebring het.

Dit is duidelik dat daar baie studie gedoen is voor hy sy hand op papier gesit het. Hy was die afgelope tyd juis besig met die skryf van dagstukkies vir die *Kerkjaarboek*. Enkele dae voor sy dood het hy die *Lig in Duisternis*-prys vir 2016 ontvang vir sy studie oor Hoséa. Vir baie jare was hy betrokke by die skryf van boodskappe aan die mynwerkers in die blad van die destydse mynwerkersunie.

Ds. Mechiel was 'n mens wat nie graag oor sy persoonlike sake gepraat het nie. Oor sy kleinkinders het hy, soos baie oupas, altyd baie gehad om te sê. Hy was baie lief vir sy kinders en kleinkinders. Hy het dikwels gekla dat hy sy gesin afgeskeep het, omdat hy by soveel ander dinge betrokke was. Soos dit gaan as iemand in die openbare oog sy werk doen, het kritiek nie uitgebly nie. Wat in sulke tye opgeval het, was die kalmte waarmee hy sy seer gedra het. Oor sy betrokkenheid by buitekerklike verenigings sou ook baie gesê kon word.

Die een saak wat my altyd sal bybly, is sy geloof en sy erns om dit uit te leef. Geleenthede toe ons saam gebid het voor belangrike samesprekings of openbare optrede en sy aanhaling van Bybelverse om rustigheid en rigting te bring, bly by.

Hy was iemand wat nooit sy eie eer gesoek het nie, maar hy wou God verheerlik; iemand wat ons jonger manne kon teregwys as ons voortvarend wou raak; iemand wat die Bybel geken en dáároor geleef het. Hy is nou weg en daarom bring ons die dank en eer aan God wat ds. Mechiel aan ons gegee het. 'n Groot, maar nederige leier het ons vooruitgegaan.

Prof. Izak Brink

DS. JAC ERASMUS (28/01/1940 – 26/01/2018)



Wanneer 'n kerk se kuratorium onderhoude met voornemende studente voer, is een van die sake wat baie ernstig bespreek word, roepingsbewustheid. Sonder die diepe indruk dat dit God self is wat jou tot die bediening roep, behoort niemand die bediening te betree nie. Net so moeilik as wat dit is om deur die vra van 'n paar vrae vas te stel of iemand werklik in Jesus Christus glo, net so moeilik is dit om deur die vra van 'n paar vrae sekerheid te kry oor iemand se roepingsbewustheid. Menige voornemende leraar het al met trane in die oë en 'n rits Bybelversies op die lippe getuig hoe die Here hulle tot die bediening geroep het, net om na 'n paar jaar druipstert die bediening te verlaat.

Wanneer Jakobus dit benadruk dat geloof en werke hand aan hand loop, dan is dit ook waar van iets soos roepingsbewustheid. Uit jou werke sal jou geloof sigbaar word en uit jou werke sal jou roepingsbewustheid blyk. Daarom kan ons seker sê dat die eintlike toets vir roepingsbewustheid nie lê in die wyse waarop 'n jong man die vrae van 'n kuratorium beantwoord nie, maar eerder in die manier waarop daardie selfde jong man as ou man sy bediening voltooi. Wanneer ons dus die uiteinde van ds. Jan Erasmus se lewenswandel aanskou, kan ons getuig: Hy was waarlik 'n geroepene van die Here.

Sy passie vir die bediening was reeds van kleins af duidelik, toe hy die yster bababedjie as "preekstoel" gebruik het om vir almal te preek. Nadat hy sy studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi het, het hy as leraar in die NG Kerk die gemeentes Oospark en later Bultfontein bedien. Sy beginselvastheid het duidelik geblyk uit sy en tannie Susan se besluit om in 1989 by die AP kerkverband aan te sluit as leraar van Bloemfontein Moedergemeente. Hy was ook betrokke by die stigting van AP Kerk Bloemfontein-Noord, maar het altyd noue bande met Bloemfontein Moedergemeente behou. Sy bedieningspore lê diep in die Vrystaat, waar hy onder meer die gemeentes Petrusburg, Jagersfontein-Fauresmith, Koffiefontein, Senekal/Paul Roux en later ook Reddersburg en Dewetsdorp bedien het.

Om te preek en so die Woord van die Here te verkondig, was altyd die hoogtepunt van sy bediening. Selfs toe sy gesondheid nie meer goed was nie en die bene nie aldag meer wou saamwerk nie, sou hy ingestem het om te preek. Hy het 'n gawe gehad om die Woord in sy eenvoud te laat spreek, sodat elkeen wat dit hoor, 'n boodskap gekry het. Sy liefde vir die ouer lidmate was veral duidelik uit sy betrokkenheid by Bloemfontein Moedergemeente se Aksie Beste Jare. Hier was hy en tannie Susan altyd op hul pos. Met waardigheid het hy leiding geneem en met liefde en waardering word sy arbeid in diens van die Here geëer.


Dat hy altyd bewus was daarvan dat God hom tot die bediening geroep het, het veral duidelik geblyk uit sy bereidheid om selfs op sy oudag, Sondag ná Sondag, na gemeentes te ry om die

Woord aan hulle te bedien. Hy het nooit werklik "afgetree" nie, want as daar gevra is: "Wie sal gaan?" het hy geantwoord: "Hier is ek, Here, stuur my."

Nou het die Vader ds. Jan Erasmus weer 'n keer geroep. Hierdie keer weg uit sy aardse akker na sy ewige woning by ons hemelse Vader. Van ds. Erasmus kan getuig word dat hy in vrede gegaan het, want hy het sy Heer gesien!

Ingestuur

DR. CI VAN HEERDEN (20/08/1927 – 24/03/2018)



Nog een van die ou steunpilare het ons stil-stil ontval. Op 24 Maart 2018 is oom Corneels oorlede nadat hy die afgelope tyd reeds siek was. Terwyl dit vir ons wat agterbly 'n groot verlies is, besef ons die onvermydelike pad wat die nietige mens moet loop. Tog bevestig dit ook dat die lewe van 'n gelowige in Christus 'n groot oorwinning is en dat die ewige lewe met al sy troosryke beloftes vir oom Corneels oopgegaan het. Om so te sterwe, is om jou lewensdoel te bereik en die heerlikheid van God te aanskou. Daarom is die dood van 'n gelowige vir elkeen van ons 'n saak van hartseer, maar tog 'n oproep om in die oorwinning van Jesus Christus te leef.

Oom Corneels het op 4 April 1988 na die AP kerkverband oorgekom, maar hy was ook een van die manne wat voor die stigting van die kerk reeds diep spore getrap het in die bespreking en bevegting van die dinge wat ons ongelukkig gemaak het in vorige kerkverbande. Hy het 'n bekende naam gehad in sy vorige kerk op gemeentelike, rings- en sinodale vlak. Hy het nooit geskroom om sy standpunte duidelik te stel nie en het nie vir teenkanting teruggedeins nie. Watter jong ringskriba sal nie onthou van ringsnotules wat soos boeke gelyk het nadat sy klagtes teen persone hanteer is nie. In daardie tyd was alles nog met die hand geskryf. Hy het ons besig gehou, maar dit was tog ook 'n leerproses om hom te sien optree. Dit is nie sonder heimwee wat aan daardie tyd gedink word nie, want naas die stryd wat gevoer was, is ander dinge ook gedoen. Weeklikse bidure is saam gehou en daarna is in motors geklim om by al die hospitale van Pretoria aan te ry en lidmate te besoek. Soms is daar selfs vroeg in die oggend tennis by een van die laerskole gespeel. Hy was te midde van al sy aktiwiteite steeds die herder wat die skape opgepas en die Woord met getrouheid verkondig het.


Ná die soms woelige dae in Lyttelton was dit lekker om weer hande te vat in die AP kerkverband. Saam kon nou nuut gebou en besin word. In die beginjare kon seker spottend na die kerk verwys word as die vergaderende kerk, want daar is baie ure in Pretoria deurgebring om die ratte van die kerk glad te laat rol. Hierin het dr. Van Heerden sy deel gedoen. Hy het op verskeie kommissies gedien en 'n leidende rol gespeel in die opskrifstelling van riglyne vir toekomstige funksionering van die kerk se werksaamhede. Sy agtergrond en kennis oor die sendingwetenskap was van reuse waarde en hy het aan die sinodes kostelike leiding gegee om 'n eie Skrifgefundeerde beleid te formuleer.

Oor sy standpunte in 'n vergadering kon hy vurig debat voer, maar later weer net so lekker kuier en gesels rondom 'n koppie tee. Selfs in ons ontmoeting met ander kerke waar daar uit die aard van die saak van sy eertydse opponente was, het sy ontspanne optrede opgeval en was hy altyd die joviale gespreksgenoot.

Dr. Van Heerden was in die Vrystaat predikant waar hy drie gemeentes bedien het. Hier in Vrede het hy baie geskryf en het daar verskeie boeke uit sy pen verskyn. In 'n tyd toe daar 'n groot behoefte in ons kerkverband aan leesstof was, het hy 'n groot bydrae gelewer. Ná sy bediening in die Vrystaat is hy weer terug na Transvaal, waar hy by 'n paar gemeentes tuisgekom het. Hy was bereid om tot op 'n hoë ouderdom steeds te help en in kleiner gemeentes die Here te dien. Hy sal onthou word as iemand wat nie ongemerk deur die lewe gegaan het nie. Daarvoor was sy belangstelling en betrokkenheid net te groot. So het hy die Here gedien waar dit moontlik was. Wat ook opgeval het, was dat hy altyd gesteun het op Attie, wat hom in alles bygestaan het. Die twee was maar net altyd bymekaar en ons kan daarom haar gemis en eensaamheid goed begryp. Ons gebede gaan vir haar en haar kinders op tot die troon van God, vanwaar berusting ook vir hulle sal kom.

Prof. IA Brink

DR. JP BEZUIDENHOUT (03/03/1941 – 02/04/2018)



Gebore uit Godvrugtige ouers het dr. Kobus en sy broer Adriaan Jacobus albei predikante geword. Aanvanklik het hy en sy eggenote Petro, in die NG Kerk gedien in Evander-Wes (1967-1972), Edenburg (1972-1978) en Middelburg Kaap (1978-1988).

In 1988 het hy van kerkverband verander en het in die AP Kerk Kroonstad (1988-1996) en Steynsburg (1996-2004) gedien. Daarna het hy sy emiritaat aanvaar en verder gedien in Bainsvlei en Dealesville (2005-2007) en Dewetsdorp (2007-2014).

Kobus Bezuidenhout was 'n beginselvaste gelowige. In sy persoonlike verhoudinge en in sy bediening, was hy nooit bereid om kompromieë ten opsigte van die gesag van die Skrif aan te gaan nie. Vandaar die twee fases in sy bediening.


Hy was egter nie 'n koue of abstrakte teoloog, wat die leer teoreties beklemtoon het ten koste van die lewe nie. Daarvan getuig die twee nagraadse kwalifikasies wat hy behaal het, nl. 'n MTh-graad in Kliniese Pastoraat en 'n DTh-graad met die titel "Volwassewording as problematiek in pastorale konteks".

Wanneer gelet word op die sosiale revolusie waaronder die Christen-Afrikaner op die oomblik gebuk gaan, vra jy of ons geestelik volwasse en sterk genoeg is om die magte teen ons die hoof te kan bied?

1 Thessalonicense 5:12-13: *... broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk ...*

LLE de Lange (VDM)

DS. JH VAN VUUREN (21/01/1946 – 28/04/2018)



Ds. Van Vuuren het in Keimoes grootgeword en in Upington skoolgegaan. Ná sy skoolopleiding begin hy by die spoorweë werk en later studeer hy in die onderwys. Hy hoor egter soos Samuel van ouds hoedat die Here hom roep om in die teologie te studeer en in die derde jaar van sy teologiese studies trou hy met Antoinette. Drie kinders word uit die huwelik gebore, twee seuns en een dogter.

Nadat ds. Van Vuuren sy studies voltooi het, dien hy die Here in die NG Kerk in verskeie gemeentes. Met die stigting van die AP Kerk vertrou hy op sy God om hom ook in die AP Kerk te lei as herder van die kuddes van die Here.

Hy word beroep na verskeie gemeentes, onder meer Kareedouw, Excelsior/Marquard, Senekal, Beaufort-Wes/Aberdeen, Murraysburg/Fraserburg. As nederige dienskneg van God was hy vir ons in kerkraadsvergaderings en in gemeentewerk 'n grootse voorbeeld wat ons altyd kon navolg.

Alhoewel hy grootgeword, gewoon en gearbei het in 'n streek waar daar baie windpompe is, was hy nie 'n windpompmens nie. Soos 'n windpomp deur rukwinde van rigting verander en spoed optel of spoed verminder, is hy nie deur die rukwinde in die kerke of gemeentes wat hy bedien het, beïnvloed nie – hy was altyd standvastig in sy dienslewering.

Danie Barnard (Oudtshoorn)

DS. FJ MOSTERT (16/11/1934 – 31/07/2018)



Ds. Floris Mostert sluit op 25 Julie 2001 by die AP Kerk aan. Hy bedien AP Kerk Warmbad met beperkte opdrag vanaf 25 Augustus 2001 tot 3 Februarie 2008.

Voorheen was hy verbonde aan die NG Kerk op Petrusville vanaf 1961 en polisiekapelaan in die destydse Suidwes-Afrika vanaf 1964. Hy bedien ook Port Elizabeth in 1973 en emeriteer in 1986.

Ons het ds. Floris kort ná die afsterwe van ds. Dirk Malan leer ken. Ds. Floris was toe woonagtig te Mabalingwe Natuurreservaat en hy het nie geskroom om by die AP Kerk Warmbad uit te help nie. Daar het alreeds gesprek met hom plaasgevind oor moontlike bediening in ons gemeente, toe hy tydens die geloftediens van 16 Desember 2000 'n ernstige terugslag met sy gesondheid gehad het en nie die vrymoedigheid gehad het om hom te verbind as leraar aan die AP Kerk Warmbad nie.

Later, nadat hy sodanig herstel het, het hy besluit om AP Kerk-lidmaatskap op te neem en het hy ook predikantstatus in die AP Kerk verkry. Die voor die hand liggende het toe gebeur en Warmbad-gemeente het hom beroep.

Ds. Floris en sy eggenote, tannie Marina, het hart en siel ingeklim en hard gewerk in die gemeente, ten spyte van sy gesondheid wat nie altyd baie goed was nie. Die lewensondervinding en rypheid was altyd aanvoelbaar, sou 'n probleem van watter aard ook al opduik. Een van sy

geliefde gesegdes (vermoedelik met verwysing na homself) was: "God slaan 'n reguit hou met 'n krom stok."

Ds. Floris het voorwaar diep spore in ons gemeente getrap en ons is dankbaar vir die tyd wat hy ons bedien het. Die mense wat die voorreg gehad het om paaie te kruis met Floris Johannes Mostert, sal hom nie maklik vergeet nie.

Willie Conradie (Voorsitter: Kerkraad Warmbad)

PROF. DR. HS THERON (31/08/1928 – 15/08/2018)



Elize Visagie: 'n Afskeidsgebed: "Hemelse Vader, U het prof. Hendrik Schalk Theron se lewensboek oopgemaak op 31 Augustus 1928 en dit op 15 Augustus 2018 voltooi. Vir meer as 65 jaar was hy en tannie Sannie getroud. Dankie vir die voorreg wat sy geliefde eggenoot, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders, asook die Afrikaanse Protestantse Kerk Kempton Park, gehad het om hom te ken, vir die tyd wat U hom aan ons geleen het. U belofte: *Ons lewe maar sewentig jaar, of as ons sterk is tagtig en dié is vol swaarkry en leed ... Leer ons om ons dae so te gebruik dat ons wysheid bekom* (vgl. Ps. 90).

"Dankie dat U ons troos deur die inspirasie van prof. Hennie se voorbeeld van innige liefde vir sy Skepper, Verlosser en Leidsman, sy onwrikbare geloof, sy geestelike krag en sy gehoorsaamheid aan U." As gemeente het ons prof. Hennie nie net as leraar geken nie, maar ook as waardevolle en getroue vriend wat kon troos in hartseertye, maar ook kostelike staaltjies kon vertel wat hy in sy ryklik gespaarde lewe beleef en ervaar het.

Prof. Hennie het nog vanjaar (2018) op 24 Junie en 1 Julie by die AP Kerk Benoni en die AP Kerk Kempton Park die eredienste waargeneem en soos altyd besielende boodskappe gebring. Hy het feitlik nooit van sy aantekeninge af gelees nie, maar met ons gepraat. Hy het die boodskap uit die Woord oortuigend verstaanbaar aan ons gebring. Soos hy die Weg geken het, het hy dit vir ons geleer en deur sy geloof in God het hy vir ons 'n voorbeeld gestel.

Ons sou nie ons dierbare en geliefde prof. Hennie probeer terugbring na die sorge en moeite van hierdie onsekere lewe, terwyl hy reeds deel in die vreugde van die heerlikheid en die teenwoordigheid van God nie!

Marietjie Snyman: Prof. Hennie het ons uitgehelp vanaf November 2014, toe ds. Gerrie Kruger die beroep na AP Kerk Kareedouw aanvaar het en verder tot en met Maart 2017, toe die kombinasie AP Kerk Kempton Park/Benoni gestig is en ds. Henning Dafel as leraar vir die kombinasie beroep is. Aanvanklik het prof. Hennie ingestem om ons vir ses maande met die eredienste en begrafnisse uit te help, maar die ses maande het toe twee jaar en vier maande geword. Prof. Hennie was reeds 86, maar het in die twee jaar nog self van Pretoria af sy motor bestuur tot in Kempton Park.

Elke Vrydag wanneer ek hom gebel het om die erediensbesonderhede te kry, het hy eers gevra hoe dit gaan en dan gevra dat ek hom net kans moet gee om by sy kantoor te kom. Sy kantoor was op die boonste verdieping van hul woonstel en hy moes dan eers die trappe klim om by sy dagboek te kom. Toe hy egter Sondag 24 Junie en Sondag 1 Julie 2018 by ons afgelos het, het twee ouderlinge beurte gemaak om hom te gaan haal. Hy moes al vieruur in die oggend opstaan om

halfsewe reg te wees vir die geleentheid, want hy moes eers by AP Kerk Benoni preek en dan by AP Kerk Kempton Park. Niks was vir hom moeite nie, al was dit vir hom moeilik om so vroeg op te staan. Ons is so dankbaar dat hy ons, ten spyte daarvan, nog kon help. Dit was soos 'n totsiens aan 'n gemeente wat hom baie na aan die hart gelê het.

Sondae, ná die erediens, het prof. Hennie altyd tee gedrink en omdat hy 'n diabeet was, het die dames gewoonlik gesorg dat hy iets te ete saam met die tee kry. Dan het hy lekker met almal gesels. Hy was altyd reg met 'n grappie, maar het ook nie geskroom om jou daarop te wys as jy verkeerd is nie.

Persoonlik het ek prof. Hennie Theron nie so lank geken nie, maar hy het 'n groot impak op my lewe gehad. Ek sal hom nooit vergeet nie.

Hy sit nou aan die voete van die Een wat hy so liefgehad het en Wie hy gedien het. Mag ons eendag weer in die Vaderhuis ontmoet, prof. Hennie. Tot dan: Rus in vrede.

Ingestuur

DS. JC LAMPRECHT (11/11/1931 – 17/02/2019)



Wysheid en menswees, so leer ons uit Job, groei soos die sigbare groen van 'n waardevolle papirusplant, met wortels onsigbaar diep gegrond in die eb en vloed.

Johan Christiaan Lamprecht se penwortel anker diep: Uit Georg Lamprecht, gebore in 1678, en predikant te Zerrenthin in Pruise, is in 1710 gebore die Afrikaner-stamvader, Johann Christian, wat as 16-jarige soldaat in Suid-Afrika arriveer. As die sewende geslag hierna, is Johan Christiaan Lamprecht, die oudste van twee seuns uit die huwelik van Christiaan de Wet Lamprecht en Johanna de Villiers, op 11 November 1931 in Worcester gebore, op 7 Februarie 1932 gedoop en het in 1948 belydenis van geloof onder dr. AP Treurnicht afgelê. Johan trou op 14 Desember 1937 met Ianthe Zeelie in die NG Moederkerk te Oudtshoorn en uit dié huwelik van 62 jaar word ses seuns en vyf dogters, 13 kleinseuns, 14 kleindogters en ses agterkleinkinders gebore. Johan se eerste skooljaar in Worcester het met die Groot Trek-eeufeesjaar (1938) saamgeval, wat 'n trotse volksgevoel in hom as jong Afrikanerseun laat groei het. As seun van 'n polisieman, het Johan daarna te Robertson, Prince Albert, Oudtshoorn, Kensington en weer Oudtshoorn skoolgegaan. Hy begin in 1950 sy BA-admissie (eerste predikantstudie) te Bloemfontein, gee skool te Reivilo vir 'n jaar en voltooi sy B-graad in Teologie (tweede predikantstudie) in 1957. Hy verwerf ook in 1975 die honneursgraad in Grieks aan die PU vir CHO. Ná sy ordening in 1957 bedien hy die NG-gemeentes Namakwaland, Brandwacht, Noupoort, Derby, Potchefstroom en Hertzogville. In 1992 voeg Johan hom by die Afrikaanse Protestantse Kerk en bedien die gemeentes Ellisras/Marken (1992-1994), Waterberg/Vaalwater (1994-1997), Magaliesburg (1997-2001) en Koedoesrand (2001-2003).

Johan trap diep spore in die Suid-Afrikaanse geskiedenis: Hy rig sy broer De Villiers af, wat op 13 November 1964 die eerste Suid-Afrikaner word wat die myl onder vier minute (3:59,7), kaalvoet en op 'n grondbaan te Coertzenburg aflê. In 1968 vergesel Johan as Springbok-atletiekafrigter die Suid-Afrikaanse atletiekspan op 'n Europese toer en in September 1972 as afrigter na die Olimpiese spele te München, Duitsland. Hy inisieer die bou van die NG Kerk te Grimbeekpark, Potchefstroom, en samel geld in vir die atletiekbaan te Potchefstroom. Benewens


sy liefde vir sport, wy Johan baie van sy aandag aan die saak van die Afrikaner. Hy neem aktief deel aan verskeie Afrikanerkultuurstigtings en lewer ook praatjies op Radio Pretoria.

Die wysheid om te kan onderskei tussen Goddelike en menslike geregtigheid – wat Johan passievol uitgegeleef en rigtinggewend aangedui het – is vir ons wat nog in die tydelike aardse bestaan vertoef, 'n wekroep tot 'n verantwoordelike lewenswyse.

Johan het 'n vol lewe, soos 'n Job van ouds, gehad. Die wêreld, die kerk van Christus en die Afrikaner is vandag armer aan 'n regverdige mens, maar veel meer ryk aan wysheid. Mag ons daardie onsigbare herinnering koester.

Ingestuur

DS. WM GROVÉ (21/10/1928 – 20/04/2019)



Op die rype ouderdom van 90 jaar het die alomgeliefde en gerespekteerde ds. Willie sy aardse woning verlaat om vir ewig by sy hemelse Vader, vir wie hy sy lewe lank toegewyd gedien het, te wees.

Sy lewe van diens in God se koninkryk het amptelik in 1955 'n aanvang geneem toe hy as leraar in die NG Kerk te Dalunie bevestig is. Daarna het hy verskeie gemeentes in Natal bedien, waartydens hy 'n leidende rol gespeel het met die totstandkoming van die sinodale argief van die NG Kerk in Natal, waarvan hy in 1980 die argivaris word.

Op 2 Mei 1988 voeg hy sy kragte en kennis by die AP Kerk en bedien die AP Kerk Louis Trichardt tot 31 Desember 1992, waarna hy emeriteer. Hy sal onthou word as 'n deernisvolle en begrypende leraar, wie se optrede in die bediening altyd getuig het van sy liefde vir God en sy naaste. Hy het sy roeping met groot erns uitgeleef en tog gereeld sy besondere fyn sin vir humor geopenbaar. Verder was hy die verpersoonliking van die gawes van nederigheid en opregtheid wat die Gees in ons werk.

Hy wy egter die res van sy aktiewe lewe daaraan om sy kennis en ervaring van en voorliefde vir die argiefwese uit te leef, deur weereens die leiding te neem in die totstandkoming van die kerkargief van die AP Kerk. Hy bedien die kerkverband verder in die hoedanigheid as argivaris vanaf 1994 tot 2006. So bestaan die kerkargief vandag as 'n lewende monument vir hom, wat getuig van sy aanvoeling vir netjiese en akkurate administrasie en sorgvuldige bewaring van belangrike dokumente en ander argivalia.

Op 3 Julie 1953 tree hy in die huwelik met Rina Elizabeth Grové, gebore Cillié (25 Januarie 1930 – 9 Maart 2010), en uit die huwelik is drie kinders (twee dogters – René en Santie – en een seun – Izak) gebore. Hulle laat sewe kleinkinders en 18 agterkleinkinders na. Hy bring die laaste jare van sy lewe in 'n aftree-oord deur en hoewel hy sy lewe lank goeie gesondheid geniet het, verswak dit die laaste drie maande vinnig en sterf hy in vrede.

Hy sal verder onthou word vir sy besondere belangstelling in en kennis van natuurlike geneesmiddels. Die AP kerkverband kan die Here slegs maar dank vir die bydrae wat sy dienskneg tot die uitbreiding van sy koninkryk gelewer het.

Ingestuur

DS. L LOUW (10/12/1937 – 03/07/2020)



Gedurende Oktober 1997 het ds. Louw vir ons die eerste keer 'n erediens in die AP Kerk Clocolan kom waarneem. Op 15 Maart 2003 word hy amptelik by ons bevestig en op 15 Januarie 2017, ná bykans 20 jaar, neem ons afskeid van ds. Louis en tannie lsabel Louw.

In die 20 jaar het hy baie meer as 'n predikant vir ons gemeente geword. Vir sommige was hy 'n pa, vir ander 'n vriend en vir ander 'n broer. Hy het 'n Clocolaner geword, wat die lief en leed van ons plattelandse gemeenskap gedeel het. Hy was vir ons 'n gestuurde van die hemelse Vader op 'n tydstip wat die gemeente 'n goeie herder so bitter nodig gehad het. Met sy kalm en rustige manier van preek, het hy ons gemeente op koers gehou.

Ds. Louw was 'n man van God, asook 'n ware Afrikaner. 'n Lidmaat het onlangs aan my gesê dat hy altyd bang was dat wanneer ds. Louw die opening by ons Geloftedagvieringe waargeneem het, die geleentheidspreker niks meer kon byvoeg nie.

Dit was vir ons 'n hartseer dag toe ons op 7 Julie die boodskap van tannie lsabel gekry het dat ds. Louw, ná 'n lang siekbed, oorlede is. Dit is egter vertroostend om te weet dat hy nou by sy Vader is.

Davie Strauss

DS. MG FOURIE (24/03/1938 – 04/07/2020)



"Stil broers, daar gaan 'n man verby", is 'n gesegde wat respek en agting toon vir 'n persoon wat erns gemaak het met sy werk vir sy Skepper en sy volk. Ds. "Matt" Fourie was iemand wat groot erns gemaak het met Woordverkondiging, die weerlê van valshede en om ander in lankmoedigheid te leer.

Ds. Matt was voor die stigting van die AP Kerk, predikant in die NG Kerk en het die volgende gemeentes bedien: Piet Retief, Theunissen en Noordhoek. Ná 'n tydperk uit die bediening, het die roepstem van die Here weer tot hom gekom om vir Hom diensbaar te wees. So het hy sy lewe gerig tot die AP Kerk en begin deur die kombinasie van plaaslike gemeentes Paul Roux en Lindley van 1989 tot 1994 te bedien, waarna hy 'n beroep aanvaar het na Hoopstad, waar hy in 2003 geëmeriteer het. Daarna het hy met beperkte opdrag sy bediening voortgesit te Reddersburg. Daarna was hy veral werksaam in die sentrale gemeentes van Bloemfontein. Ten spyte van sy gesondheid wat in die laaste paar jare erg gekwyn het, het ds. Matt baie hulpvaardig sy dienste veral aan Bloemfontein-Noord verleen. Gedurende 'n moeilike tyd van my lewe het hy my bemoedig en ondersteun.

Op 4 Julie 2020 is die laaste bladsy van sy lewensboek voltooi. Vir ons wat saam met hom in sy laaste jare gegroei het, is en bly dit 'n groot verlies. Sy pastorale sorg sal nie vergeet word nie en ons sal bou op die woorde wat hy so gereeld aangehaal het: "Jy is nooit EENSAAM nie, want jy het in die geloof altyd EEN-SAAM-MET-JOU op die lewenspad."

Ds. André van den Berg jr.

DS. LD PIENAAR (23/12/1933 – 30/11/2019)



Op 26 November 1957 is ds. Pienaar gelegitimeer as predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en op 30 November 1957 tree hy in die huwelik met Bes Potgieter. Hy lewer sy intreepreek as volwaardige predikant op 5 Januarie 1958 in Nairobi, Kenya, wat sy eerste gemeente was. Vandaar is hy na die NG Kerke Stilfontein, Brakpan, Alldays, Letsitele en Renosterpoort (Pietersburg). Ds. Louis was ook weermagkapelaan vanaf September 1977 tot Oktober 1987.

Ná die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk aanvaar ds. Louis op 24 Oktober 1987 die gesamentlike beroep na Phalaborwa en Tzaneen. Hier dien hy tot 30 November 2003. In die tydperk het hy ook Hoedspruit bedien. In 2004 is hy na Barkley-Wes en vandaar tydelik na Ellisras.

Op 13 Oktober 2015 oorleef hy en tannie Bes 'n wrede aanval by hulle woning net buite Tzaneen. Ná sy herstel het hy weer vir Hoedspruit en Phalaborwa tydelik bedien. Vir meer as 60 jaar het ds. Pienaar in verskeie gemeentes die Woord van God getrou en nougeset verkondig.

Prediker 3:1 en 2 sê: *Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe.*

Vir ons hier in Phalaborwa was hy nie net predikant nie, maar ook 'n vriend – altyd behulpsaam. Sonder teëstribbeling of 'n gedagte aan homself, help hy altyd waar hy kan en waartoe hy versoek is. Ons sal hom altyd mis en met dankbaarheid terugdink aan die mooi en toegewyde leefwyse wat hy aan ons voorgehou en openbaar het.

Albert Wessels

DS. LLE DE LANGE (24/01/1942 – 06/07/2020)



Dit is met diepe leedwese dat ons moes verneem dat 'n gerekende leraar van ons kerkverband ons ontval het. Ds. Bertie de Lange, emeritusleraar, is op 6 Julie 2020 ná 'n motorongeluk en etlike weke se intensiewe sorg, oorlede. Nadat vroeë tekens van beterskap ingetree, en hy reeds uit die intensiewe sorgeenheid oorgeplaas is met die oog op verdere herstel, was die tyding van sy heengaan onverwags. Ons berus egter in die volmaakte wil van ons hemelse Vader.

Ds. Bertie se lewe en voorbeeld was vir ons wat die voorreg gehad het om nóú met hom te skakel, tot groot inspirasie. Ons onthou sy aktiewe betrokkenheid die afgelope jare by kultuurorganisasies en in ander hoedanighede in Bloemfontein. Dit het van hom 'n geliefde leraar en gewaardeerde vriend en volksgenoot in talle kringe gemaak. Sy betekenisvolle lidmaatskap van die gemeente waarvan hy en sy eggenote lidmaat was (sy nog steeds), sy onbaatsugtige diens in die kultuurakker en sy entoesiastiese deelname ter bevordering van ons volksaak, is van die besondere eienskappe wat ons sal bybly.

Hy het sy plek in die gemeentelike opset, vroeër as leraar, maar ook as lidmaat, met onderskeiding volgestaan. Hy het sy bydrae in kultuurorganisasies met oortuiging gemaak en hom deurgaans

vir die konsolidering van ons volksaak beywer. Gedurende die laaste jare het hy 'n leidende rol by Oranje Selfhelp vervul en 'n hele organisasie daaromheen tot stand gebring. Die lot van die noodlydendes het hom na aan die hart gelê. Tussendeur het hy steeds in gemeentes in die Vrystaat met prediking uitgehelp. Hy sal nie meer by ons Woensdagaandse Bybelstudiebyeenkomste wees nie, maar ons sal sy bydrae met dankbaarheid onthou. Ons eer sy nagedagtenis en wil teenoor sy eggenote, Elizabeth, en die kinders, ons innige meelewing betuig. Ons bid hulle toe die liefdevolle vertroosting van ons hemelse Vader.

Hugo Hayes (AP Kerk Bainsvlei, Bloemfontein)

DS. JP VILJOEN (18/09/1935 – 22/07/2020)



Ds. Jan Viljoen is gebore op 18 September 1935 te Bloemhof en het in 1952 aan die Hoërskool Brandfort in die Vrystaat gematrikuleer. Hy begin sy studies aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy verwerf die BA-honneursgraad en voltooi sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch onder leiding van prof. dr. Kolie Kotzé.

Hy word op 6 Desember 1962 gelegitimeer. As proponent word hy beroep na die NG Kerk Villiers en op 23 Maart 1963 word hy as leraar van die gemeente bevestig. Hy tree in die huwelik met Helena Emillia van Sandwyk op 29 September 1963. Die Here het beskik dat hulle drie seuns aangeneem het: Jan, Daan en Len.

Hy bedien die volgende gemeentes: Krugersdorp-Suid, Vryheid-Oos, Willowmore, Brits (waar hy 17 en 'n half jaar leraar was), Koedoeskop, Matjiesfontein en Steenbokpan. Ná die verwikkelinge in die NG Kerk, besluit ds. Jan en sy vrou om by die AP Kerk aan te sluit. Hy bedien die gemeentes Mooinooi, Thabazimbi en Vaalwater. Op 18 September 2011 ontvang hy demissie en preek op *ad hoc*-basis by verskillende AP kerke. Die Here het dit so beskik dat sy vrou, Lientjie, hom in 2017 ontval. Daarna het ds. Jan hom in Pretoria gevestig en later in Brits Rusoord Ouetehuis. Op 22 Julie 2020 is hy skielik oorlede.

Ds. Jan was 'n dinamiese evangeliese prediker, wat diep spore in die kerk van Jesus Christus getrap het. Sy pastorale werk, huweliksberading en geestelike werk in die gemeentes sal altyd onthou word. Sy nalatenskap sal nog vir baie jare in talle gemeentes sigbaar wees. Ons eer die Here vir 'n man soos ds. Jan Viljoen.

Lammie Viljoen (AP Kerk Sanddrift)

DS. K MYBURGH (30/09/1960 – 20/05/2021)



Kenneth (Ken) Myburgh het in sy lewe baie struikelblokke trotseer en oorwin. Hy het 'n sterk begeerte gehad om predikant te wees – 'n hoë roeping waarvan hy altyd bewus was. Telkemale het deure vir hom toegegaan en moes hy eers ander draaie in die lewe stap, voordat hy in 2001 as predikant bevestig is – 'n lewenslange droom wat bewaarheid is.

Ken Myburgh is gebore op 30 September 1960 in Somerset-Oos (Oos-Kaap). Kort ná sy geboorte, is hy per trein saam met sy ouers na Boksburg, waar hy grootgeword het. Sy ma het altyd spottend gesê dat Ken op die trein gebore is en vandaar het hy die bynaam "Trokkie" gekry.

Hy begin sy skoolloopbaan by Kleinspan Laerskool in Boksburg, wat op daardie stadium die enigste Afrikaanse laerskool was en skuif vanaf st. 1 na laerskool JM Louw, waar hy in st. 4 'n prefek was en in st. 5 hoofseun. Hy is ook aangewys as duxleerling. Hy matrikuleer in 1978 aan die Hoërskool Voortrekker (Boksburg). Vanaf st. 8 tot matriek het hy vir die eerste rugbyspan gespeel. In matriek het hy op die leerlingraad as hoofseun gedien en is ook as duxleerling aangewys.

Ná matriek het hy sy twee jaar diensplig by die Infanterieskool in Oudtshoorn begin en is in sy tweede jaar na Katima Mulilo (Namibië) waar hy sy eggenote Maggie ontmoet het, wat op daardie stadium 'n onderwyseres by die laerskool was. Ken en Maggie tree in die huwelik en word met drie kinders geseën: Kenny, Jean en Michelle.

Nadat hy sy diensplig voltooi het, het hy by die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) ingeskryf en met sy teologiese studies begin. As gevolg van finansiële druk, kon hy egter nie sy teologiese studies voltooi nie en skakel toe oor na en voltooi sy Hoër Onderwys Diploma (HOD). Hy het by die Hoër Tegniese Skool Springs onderwys gegee en deeltyds 'n meestersgraad in semitiese tale (Hebreeus) behaal.

In 1998 begin hy met voltydse studie aan die Afrikaanse Protestantse Akademie en behaal in 2000 sy BTh-graad. Hy word op 21 November 2000 in die AP Kerk as proponent gelegitimeer en aanvaar sy eerste beroep na die AP Kerk Hoëveldrif, waar hy op 10 Desember 2000 as predikant bevestig word. Hy bedien verder ook die volgende gemeentes: AP Kerk Vrede (27 Julie 2001 – 30 September 2011); AP Kerk Hennenman/Welkom (7 Oktober 2011 – 28 Augustus 2016) asook die AP Kerk Vryburg (3 September 2016 – 20 Mei 2021).

Ds. Ken se eggenote, Maggie, is die oggend van 15 Desember 2012 skielik oorlede. Ná die afsterwe van sy eggenote in Hennenman, ontmoet ds. Ken en Ciska van der Walt mekaar en word op 29 Maart 2014 in die huwelik bevestig.

Ds. Ken Myburgh was 'n gesinsman, 'n Godsman en 'n kerkman. Hy het 'n hart vir mense gehad en was in alles wat hy gedoen het gedetermineerd en doelgerig. Hoewel hy talle terugslae in die lewe gehad het en met tye regtig baie swaar gekry het, het hy altyd geweet dat sy hulp van die Here is en dat Hy hom nooit sal begewe of verlaat nie! Hy het 'n fyn sin vir humor gehad en elkeen wat hom geken het, sal sy kenmerkende, uit-die-maag-uit-lag onthou – hy kon werklik lekker lag! Hy was ook lief vir sport, waarvan 'n versameling van verskillende rubytruie wat hy die laaste paar jaar versamel het, getuig. Om saam met sy gesin, familie en vriende te kuier, was altyd 'n hoogtepunt en dan is daar vleis gebraai (hy was nie 'n man wat van slaai gehou het nie), met pap en sous!

Ds. Ken Myburgh het 'n groot leemte gelaat by elkeen wat hom geken en deel van sy lewe was. Ons sal vir nog baie jare mooi herinneringe koester van 'n kosbare mens wat diep spore getrap het in die lewe van elkeen wat sy lewenspad met hom gedeel het!

Ds. Lee Greyling

DS. MJ VAN SCHALKWYK (03/07/1929 – 20/06/2021)



Ds. Michael Johannes van Schalkwyk, gebore op 3 Julie 1929 naby Stoffberg, was 'n uitsonderlike mens. Sy lewensverhaal, veral gedurende sy bediening in die Hervormde Kerk, is merkwaardig.

Hy matrikuleer gedurende 1946 aan die Hoërskool Middelburg (Transvaal) en begin sy studies aan die Universiteit van Pretoria. Hier het hy ook rugby gespeel onder die kapteinskap van prof. Willie Lubbe en die bekende prof. Daan Swiegers.

Ná verskeie onderbrekings weens finansiële uitdagings en buitemuurse klasse, voltooi hy sy studies en begin sy loopbaan gedurende 1958 as predikant in die Hervormde Kerk Bethal. In 1957 tree hy in die huwelik met suster Lettie Hertzog, kleindogter van generaal JBM Hertzog.

Die Hervormde-kerkgebou op Bethal, nou 'n nasionale monument, is deur Gerard Moerdyk ten tye van ds. Van Schalkwyk se bediening daar ontwerp. Onder sy leiding in veral Oos-Transvaal, het verskeie gemeentes afgestig. Hy bedien onder meer die Hervormde Kerke Bethal, Hendrina (vyf jaar), Bronkhorstspruit (vier jaar), Randburg en Kensington (vyf jaar), Delmas (11 jaar) en Van Der Hoff (12 jaar).

Ds. van Schalkwyk emeriteer op 3 Junie 1995 in die Hervormde Kerk en sluit by die AP Kerk aan. Hy word beroep na die AP Kerk Lydenburg, waar hy dien vanaf Julie 1995 tot Maart 2001. In April 2001 begin hy sy bediening in die AP Kerk Tuinplaas. Vir 17 jaar, tot 2018, arbei ds. Van Schalkwyk in hierdie gemeente. Hier was hy baie gelukkig. Onder sy leiding het dit baie goed gegaan in hierdie "plaasgemeente". Die gemeente was finansieel gesond, omdat die goeie Vader ons uitermatig geseën het met goeie oeste en bydraes van lidmate. Aangesien dit 'n plaasgemeente is, was die voedingsbron vir lidmaatgroei beperk. Lidmate wat na naburige dorpe verhuis het, het uit lojaliteit teenoor ds. Van Schalkwyk steeds by Tuinplaas-gemeente aangebly om die gemeente in stand te help hou.

Ds. Van Schalkwyk was vir hierdie gemeente 'n vaderfiguur. Kenmerkend was sy stiptelikheid, pligsbesef, preekvermoë, humorsin, werksywer en gereelde huisbesoeke. Ons jaarlikse basaar is altyd goed beplan en was baie suksesvol. Dit was vir die gemeente baie hartseer toe hy vanweë die ryp ouderdom van 89 jaar, sy bediening moes staak. Ná sy aftrede het die egpaar by hulle dogter, Alda, en skoonseun Gideon Serfontein, wat 'n pragtige woonplek aan hulle verskaf het, gaan woon.

Ds. Van Schalkwyk sterf op 20 Junie 2021. Die gemeente van Tuinplaas dank ons hemelse Vader vir hierdie merkwaardige man wat vir 17 jaar hier gearbei het.

Ds. Van Schalkwyk se eggenote, tannie Lettie, was 'n ware steunpilaar vir hom en het ook 'n baie belangrike rol in ons gemeente gespeel. Sy was 'n onverskrokke sakevrou. Sy het gereeld konserte met driegangmaaltye, wat deur die hele omgewing bygewoon is, aangebied. Bekende sangers het gedurende hierdie geleenthede by ons opgetree. Sy het byvoorbeeld *Groet die Grotman* op Nylstroom, in 'n volbespreekte saal, aangebied. Sy het ook pragtige naaldwerk gedoen, wat op ons basaar te koop aangebied is. Daar is gereeld koekies in die kerkkombuis gebak en verkoop. Vir die susters is gereelde en genotvolle uitstappies gereël. Sy was 'n uitstekende organiseerder en motiveerder vir die susters. Tannie Lettie was baie geliefd onder die kerklidmate. Sy is op 3 Julie 2021, twee weke na ds. Van Schalkwyk en op sy verjaarsdag, oorlede.

Johan Maritz, Tuinplaas

DS. WJD VAN WYK (02/03/1936 – 19/07/2021)



"Stil, broers, daar gaan 'n man verby", uit: Jan FE Celliers se *Generaal de Wet*). 'n Groot man, met 'n groot stem en 'n groot Boerehart is na sy ewige rusplek.

Ds. Wynand van Wyk, alombekend as oom Wynand, sal altyd 'n besondere plekkie in ons harte hê. Met tannie Oba aan sy sy, was hulle 'n formidabele predikantspaar. Kerkaangeleenthede het vlot verloop en is vooraf haarfyn beplan.

Die kerkbasaar was 'n feestelike hoogtepunt in die kerklike jaar en ds. Wynand het hart en siel aan die geleentheid deelgeneem. Sy hand was ook op die pols van die AP Kerk Ermelo se jaarlikse skoustalletjie gedurende Maart. Hy het vleis gebraai, oral gehelp en 'n vriendelike woordjie vir almal gehad. Ds. Wynand se huisbesoeke was nooit pligpleging nie. Dit was volwaardige kuiers met 'n boodskap as rigtingwysing vir die pad.

Ds. Wynand was 'n joviale mens wat op 'n besonderse wyse met sy medemens omgegaan het – 'n geliefde figuur in die gemeenskap. 'n Groot pronkveer in sy hoed, was sy groot liefde vir die Afrikanervolk. Hy het die volksaak gedien waar hy ook al kon en sy gewig het hy op talle terreine van die samelewing ingegooi.

Radio Ermelo moes, soos talle Afrikaner-organisasies, 'n voortdurende stryd om voortbestaan voer. Ds. Van Wyk het 'n integrale deel van die radiostasie uitgemaak, ook later as direksielid. Hy het ywerig gehelp met die "Vasbyte", ander fondsinsamelingsaksies en het ook self die hand aan die ploeg geslaan. By gebrek aan 'n ateljee, het hy en 'n groep vrywilligers binne 'n ommesientjie 'n ateljee vir die radiostasie gebou.

Ds. Wynand was nie slegs 'n Boer nie, maar ook 'n landbouer in murg en been. Dié liefde kom 'n lang pad. Die egpaar het enkele jare buite Ermelo geboer. Sy brahmane was 'n groot liefde en die Jack Russells was hul baas se skaduwee. Ons eer Wynand van Wyk se nagedagtenis.

Ina Weilbach

Voordat ds. Van Wyk voltyds tot die bediening toegetree het, was hy die Konserwatiewe Party se volksraadslid vir Witbank.

Ek leer ken Wynand van Wyk vanaf Mei 1987 as kollega in die eertydse Volksraad. Hy was 'n stoere vegter en beginselvaste volksgenoot – geliefd in sy omgang met ander mense. Hy het suiwer politieke toesprake gelewer en as deel van die Konserwatiewe Party se mobilisasieproses ná 1994, bring hy offers op die terrein van volkswelsyn. Hy het altyd die suiwer evangelie bely en beoefen.

Schalk Pienaar (AP Kerk Potgietersrus)

DS. JJ VENTER (09/02/1937 – 15/12/2021)



Frans von Suppe se bekende komposisie beeld die eksentrieke leefstyl van die digter uit teenoor die haastige gewerskaf van die plaaslewe. Ds. Kosie Venter was een wat dit reggekry het om beide kante van Prediker 3 uit te leef.

Kort ná sy geboorte in Kuruman, verhuis die gesin (wat later nege kinders sou word), na Schweizer-Reneke. Die jonge Kosie, wat die derde kind was, voltooi hier sy skoolloopbaan, verwerf die BA-graad met Sosiologie en Wysbegeerte as hoofvakke aan die PU vir CHO en help sy pa as messelaar. Kort daarna ontmoet hy die huishoudkundeonderwyseres, Rina Pieterse, en op 11 Mei 1961 het dié twee trou aan mekaar beloof – 'n huwelik wat 60 jaar sou duur. Hierdie tydperk het met welsynswerk by YSKOR, Venterspostmyn en Roodepoort begin, en gebou op verdere sosiologiese studies oor veral alkoholisme onder vroue. Kosie Venter voltooi 'n verdere honneurs-, meesters- en doktorsgraad, waarvan laasgenoemde weens 'n misverstand nie toegeken is nie.

In 1971 keer hy terug na die teologiese skool met drie spruite reeds in die huis en aanvaar in 1975 die beroep na die Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark-Oos. Sy messelwerk het dadelik tot voordeel van die gemeente gestrek en hulle kerkgebou is ná ses maande in Oktober 1977 voltooi. In 1979 word hy na Randfontein beroep en in 1982 na die Schweizer/Bloemhof-kombinasie.

Dit is hier waar ds. Kosie tot vier keer per Sondag gepreek het, sy eie beesboerdery gehad het, aangesluit het by die AP Kerk en waar hy nuwe gemeentes help stig of uitgebou het. Hierdie gemeentes sluit in Hoopstad, Hertzogville, Dealesville, Boshoff, Christiana, Jan Kempdorp en Barkley-Wes.

Wanneer die son gesak het, was ds. Kosie vroeg in die vere, maar vroeg, ja, báie vroeg soggens, moes die digter en kunssinnige mens ook gevoed word. 'n Predikant skryf seker 'n paar boeke vol preke gedurende 'n leeftyd, maar nie minder nie as 22 klein digbundels verskyn ook uit hierdie bouerboer se hand. Daarmee saam ook al 150 Psalms en 'n paar Skrifberymings. Dalk, soos hy in die voorwoord noem, was dit om die verouderde Afrikaanse vorme te vervang, maar die weg van Totius was definitief ook een wat hy wou loop. Sy talle konsertinas, kitare en baie ander instrumente het baie vriende vermaak.

Een vinnige improvisasie by die dood van sy skoonseun, sou by hierdie digter se einde kon lui: *Stille Nag, Heilige Nag, die Here het op 15 Desember vir Kosie gewag*. Hy word oorleef deur sy vrou Rina, vyf kinders, 14 kleinkinders en agt agterkleinkinders.

So was dan die lewe van my oupa: digter én boer.

SONDER VREES
Toe ek gebore is lank gelede
Het dit met pyn gepaard gegaan.
Geboortevrees ontlok gebede.
Die dood het langs haar bed gestaan.
By my was daar geen vrees
Om gebore te wees

Nou wonder ek of dit ook so
Sal wees as ek moet sterf.
Sal U, o God, in wie ek glo
Die halms van my lewensgerf
Wat so met pyn gesaai
So vreesloos maai?

Braam van Tonder (kleinseun)

DS. C BESTER (24/09/1938 – 09/02/2022)



'n Waardige bond- en strydgenoot in die koninkryk, veral op die terrein van die kerk en die onderwys, het ons op 9 Februarie vanjaar ontval. Ds. Cornelius Bester, aan almal bekend as Connie, het op drie-en-tagtigjarige ouderdom heengegaan in Tuiniqua, George, waar hy versorg is. Ds. Connie se eggenote, Marlene, het hom reeds in 2016 vooruitgegaan, ongeveer 'n jaar nadat hulle na George verhuis het. Hy laat drie dogters agter – Lieschen, Marné en Jana – wat hulle almal in verpleging gekwalifiseer het.

Ds. Connie was veral aan ons Bloemfonteiners bekend, waar hy in die tien jaar (1994-2003) as hoof- uitvoerende beampte van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) gewerk het. Ná sy uittrede by die VCHO het daar vir hom steeds belangrike werk in die bediening gewag, sodat daar nie sprake van aftrede was nie. Hy het daarna voortgegaan met prediking in verskeie van die Afrikaanse Protestantse kerke in Bloemfontein en omstreke.

Nadat hy amptelik geëmeriteer het, het hy vir nog tien jaar die bediening in die AP kerke van Theunissen en Winburg waargeneem tot in 2015, voordat hulle na George verhuis het. Sy voortgesette bediening in hierdie laaste twee gemeentes in die Vrystaat het hy met kenmerkende toewyding behartig en hartlik met die betrokke kerkrade saamgewerk. Die betrokke Ring waarby die gemeentes inskakel, het in daardie tyd sterk op sy leiding gesteun.

Tussendeur het hy ook nog die Donderdagaandskof by Radio Rosestad in Bloemfontein behartig, waar hy vir 'n gereelde onderwysprogram en die aanbieding van ligte klassieke musiek verantwoordelik was.

Ds. Connie het voor sy aanstelling by die VCHO in verskeie gemeentes van die NG kerkverband as predikant gedien; agtereenvolgens te Birchleigh en Cradock. Daarna het hy ds. Mike Smuts by die Oos-Kaapse Sinode opgevolg in jeugbediening.

Toe ds. Connie self nie die besluit wou neem om uit die bediening te tree nie, moes die kinders ter wille van sy gesondheid ingryp. Dit was vir hom 'n tyd van worsteling in die besef dat hy finaal die tuig moes neerlê. Daarna het die verhuising na George vir hulle voorgelê. In George het sy gesondheid algaande agteruitgegaan en moes hy uiteindelik vir versorging opgeneem word. Die afgelope ongeveer 16 maande tot met sy oorlye, het sy gesondheid aanmerklik verswak.


Ons herinneringe aan ds. Connie is aangenaam en ryk geskakeerd. Die besonder gemoedelike manier waarop hy met mense omgegaan het, het op elkeen "afgegee". Dit het onuitwisbare

indrukke van Christelike wellewendheid nagelaat. Ons onthou hom as 'n persoon van sterk Christelike beginsel en oortuiging. Hy het deurentyd op beginselgrondslag sterk standpunt ingeneem in belang van Christelike onderwys en ook wat kerklike aangeleenthede betref.

Die personeel by VCHO onthou sy bekwame leiding en voorbeeld in velerlei opsig en die hoofbestuur onthou hom vir waardevolle bydraes en insigte wat onderwyssake betref. Ons eer ds. Connie Bester se nagedagtenis en sal die besondere bydraes wat hy oral gelewer het, in dankbare erkentlikheid onthou. Hy was 'n mens wat die begrip "geroepenheid", uitgeleef het.

Hugo Hayes (VCHO)

DS. LA WIID (25/05/1947 – 01/03/2022)



Ds. Louis Wiid is op 25 Mei 1947 in Pretoria as die oudste van drie broers gebore. Ná skool studeer hy aan die Goudstadse Onderwys Kollege. Na die voltooiing van sy studies, gaan werk hy as onderwyser op 'n sendingstasie in Kaokoland (Namibië).

In 1980 verhuis hy na Groblersdal en begin sy loopbaan in Buitengewone Onderwys by Bosele Skool vir Dowes. In 1987 verhuis hy na Richmond, KwaZulu-Natal, en dien op die sendingstasie as skoolhoof vir die Indaleni Skool vir Dowes. In 1993 word hy inspekteur van skole en verhuis na Pretoria. Hy het in 1995 op die Here se roepstem geantwoord en voltyds vir sy teologiese studies by die Afrikaanse Protestantse Akademie in Pretoria ingeskryf. Ná voltooiing van sy studies, is hy na sy eerste gemeente te Secunda beroep. Daarna is hy na Wellington beroep, gevolg deur Kakamas.

Teen die einde van 2020 is mev. Wiid oorlede, nadat sy lank ongesteld was. Met leedwese is daar op 1 Maart van ds. Wiid se heengaan verneem. Hy word oorleef deur een broer (Heynie), sy dogter en vier kleinkinders (Francesca, Philip, André en Petro Visagie).

Sy heengaan word veral deur die bejaardes van die AP Kerk Gordonia diep betreur. Sedert Julie 2014 het ds. Wiid bejaardebesoek in die gemeente gedoen en sy laaste besoeke was op 29 en 30 Maart 2021 waarna hy as reisende leraar in Namakwaland gaan diens lewer het. Vir menige bejaarde was "Ou-dominee" (soos hy liefdevol deur die bejaardes genoem is) se besoeke van besondere betekenis en iets om na uit te sien in 'n soms eensame of ongelukkige lewe. Hy het 'n baie mooi vertrouensverhouding opgebou waarin hy openheid, vrymoedigheid en wedersydse kameraderie bewerkstellig het. As iemand wat self al bejaard was, het hy die nodige begrip en empatie gehad vir die leefwêreld van die bejaarde.

As medemens was hy deeglik bewus van die alledaagse gebeure en die fynere nuanses van die lewe, soos uit sy onderhoudende gesprekke geblyk het. Hy het ook persoonlike teëspoed, kommer en ongelukkigheid beleef, maar het met selfopoffering blymoedig die besoeke gebring. Elke besoek was daarop gerig om vir die persoon soveel sielevoedsel te gee as waartoe hy in staat was en om ander te inspireer om die Here met al hul krag te dien. By sy vertrek ná elke besoek, was daar die naklank van vreugdevolle geestestoerusting.

Ds. Louis se gesprekke was nie net opbeurend nie, maar het getuig van 'n diepgaande en omvangryke kennis en begrip van die Skrif, wat hy energiek en entoesiasties oorgedra het. Sy lewe

het getuig van 'n egte geloofslewe en sy gebede was intense gesprekke met ons hemelse Vader, as uitvloeisel van sy vaste geloof en opregte verhouding met die Vader.

Sommige huldeblyke van bejaardes ontvang:
"God se genade was groot, want Hy het ds. Wiid aan al sy geliefdes en vriende geleen. Ons sal hom onthou as die Godsman met die groot hart en klokhelder stem, wat ons kom leer het hoe 'n mens meer moet omgee vir iemand anders as jouself."

"Ds. Wiid het 'n bietjie lig gebring as ons pad donker was, 'n lappie koelte in die skroeiende lewensson, 'n bondeltjie hoop om ons eie kaggelvuur te kan maak. In sy teenwoordigheid het ons altyd veilig gevoel en in afwagting uitgesien na die volgende besoek."

"Ds. Louis is nou tuis by sy Here en hoor: 'Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel, (Mt. 25:21)."

Ds. Wiid se lewe was 'n weerspieëling van die woorde: "Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid."

Tannie Elsa van der Linde

DR. TM SNYMAN (20/09/1946 – 21/05/2022)



Theuns Snyman is in Johannesburg gebore en het sy hele skoolloopbaan daar voltooi. Hy verwerf die BA-graad en THOD. Hy betree die onderwys, maar voel hom later geroepe om 'n predikant te word. Hy skryf in by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria en voltooi sy studie in 1976. Hy behaal later 'n doktorsgraad in Teologie met die proefskrif getiteld: Prinsipiële riglyne vir 'n kategismus vir die belydenisklas in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hy bedien die volgende gemeentes in die NG Kerk: Witfield (1977) en Edenvale-Noord (1980).

Op 20 November 2001 voeg hy hom by die AP Kerk en word beroep deur die AP Kerk Rustenburg. Hy emeriteer op 31 Maart 2012. Met beperkte dienstermyn bedien hy die volgende gemeentes in die AP Kerk: Johannesburg, Vanderbijlpark en Kemptonpark. Ná 'n kort siekbed sterf hy op 21 Mei 2022.

Theunis was 'n besonder toegewyde mens. Sy grootste passie in die bediening was die prediking en huisbesoek. Niks het vir hom meer vreugde gebied as om die Woord te verkondig nie.

Ds. Piet du Preez

VERSOEK VIR 'N HULDEBLYK IS GERIG, MAAR NIKS IS ONTVANG NIE:

- Ds. AJ Nagel (12/05/1931 – 30/01/2022)
- Ds. DJ Warnich (30/08/1930 – 18/02/2020)
- Ds. G Smit (18/09/1946 – 06/09/2020)

TERUG NA SKK-VERSLAG PT. 4.5

TERUG NA KKA-VERSLAG PT. 7

TYDPERK: OKTOBER 2017 TOT MEI 2022

14 Verslag: *Ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke en -handleidings

1. INLEIDEND

Die Sinode van 2007 het die volgende besluit geneem:

1.1 HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE

Handelinge 2007, bl. 334, pt. 6.1.3, bl. 336, pt. 6.1.10

6.1.3 Die Sinode benoem 'n ad hoc*-kommissie van ses lede om die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings te beplan en te koördineer.*

6.1.10 Die ad hoc*-kommissie moet besin oor die kurrikulum, die metodiek van aanbieding en die werkswyse van die kommissie en die volgende Sinode met aanbevelings dien.*

Die *Ad hoc*-kommissie het in 2010 sy eerste verslag aan die sinode voorgelê. Die besluite wat toe geneem is, is in 2013 voortgesit. Sinode 2013 het soos volg besluit:

1.2 VOORTSETTING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE

Handelinge 2013, bl. 311, pt. 6.1-4

- *Die Sinode keur die verslag van die* Ad hoc*-kommissie met dank goed as aanduiding van die vordering wat met die groot taak gemaak is.*
- *Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die* Ad hoc*-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, PK en KJV, te implementeer.*
- *Die Sinode keur weereens goed dat die* Ad hoc*-kommissie opvoedkundiges/onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting nie oorskry word nie.*
- *Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK die Kategismus te vertaal in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is aangesien die huidige vertaling nie deur die kinders verstaan word nie. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.*

Handelinge 2017, bl. 395, pt. 6.1-6

- *Die Sinode bespreek die materiaal wat na die gemeentes toe deurgestuur is.*
- *Die Sinode keur die verslag van die* Ad hoc*-kommissie goed.*
- *Die Sinode benoem di. OG van Rooyen (jr.) en JH Bisschoff op die* Ad hoc*-kommissie in die plek van die eertydse ds. A Hough en prof. dr. J Bosman.*
- *Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die* Ad hoc*-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring deur die SKK, PK en KJV te implementeer.*
- *Die Sinode herbevestig sy vorige besluit dat die* Ad hoc*-kommissie opvoedkundiges/onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting nie oorskry word nie.*
- *Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK ondersoek in te stel na moontlike veranderinge aan die Kortbegrip van die Heidelbergse Kategismus. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.*

2. PERSONEEL

In hierdie tydperk het prof. CA Swanepoel die leiding geneem en sterk geleun op ds. HSW Strauss as gekoöpteerde lid en as Hoof van Publikasies. Ds. HJ Dafel het uiters waardevolle werk verrig op die gebied van die graad 1 tot graad 3 boeke. Prof. J Bosman het weer sedert 2021 baie waardevolle bydraes gelewer met betrekking tot die graad 10 en 11 boeke wat later weer onder bespreking kom. Daar is ook dankbaar gebruik gemaak van 'n paar leraars en lidmate wat hulself bereid verklaar het om op beperkte skaal betrokke te wees met die skryf van 'n paar lesse. Aan die einde van hierdie tydperk het prof. IA Brink ook ingewillig om te help met finale redigering.

3. VERSLAG

Die volgende verslag word aangebied as 'n vorderingsverslag van wat sedertdien gebeur het. Die aanvanklike teikendatums kon nie gehaal word nie en boonop het die inperkingstyd met betrekking tot COVID-19 ook almal se skedules omvergewerp. Tog is daar gaandeweg gevorder en die onderstaande tabel gee 'n indruk van hoe ver die projek is teen die druktyd van die Sakelys. Die skakeringskode dui aan in watter fase al die lesse is wat uitgeskryf moet word.

NUWE VERBONDSONDERRIGLEERPLAN VORDERING										
LES	**GR. 1**	**GR. 2**	**GR. 3**	**GR. 4**	**GR. 5**	**GR. 6**	**GR. 7**	**GR. 8**	**GR. 9**	**GR. 10-11**
1	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
2	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
3	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
4	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
5	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
6	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
7	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
8	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
9	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
10	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
11	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
12	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
13	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
14	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
15	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
16	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
17	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
18	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
19	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
20	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
21	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
22	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
23	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
24	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x

NUWE VERBONDSONDERRIGLEERPLAN VORDERING										
LES	**GR. 1**	**GR. 2**	**GR. 3**	**GR. 4**	**GR. 5**	**GR. 6**	**GR. 7**	**GR. 8**	**GR. 9**	**GR. 10-11**
25	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
26	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
27	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
28	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
29	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
30	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x

(x) Afgehandel.

Moet uit moeiliker lesse vereenvoudig word.

Moet saamgestel word uit vorige lesse se vrae.

Moet nog geskryf word.

Wat die graad 10 tot graad 11 boeke betref, het daar 'n koersaanpassing gekom, maar wat nie die wese van die oogmerke verander het nie. Niemand kon gevind word wat die skryf van hierdie boeke volgens die skema van die Sinode wou waarneem nie. Prof. Bosman het toe in 2021 dit onder die aandag gebring dat daar moontlik 'n bestaande werk van ds. F Bijzet bestaan vir hierdie twee jare. Dit behels 'n geïntegreerde benadering tot die besondere belydenisskrifte met die Heidelbergse Kategismus as uitgangspunt en is in bevatlike taal vir tieners geskryf en met treffende illustrasies daarby. Dit het by nadere ondersoek geblyk dat hierdie werk met bepaalde redigering wel baie goed die doel sou kon dien wat die kommissie in die oog het. Aangesien hierdie skema egter nie by die Sinode goedgekeur is nie, is hierdie werk in sy volle omvang aan die betrokke kommissies wat benoem is vir finale goedkeuring, te wete die SKK, PK en KJV getoets. Hierdie kommissies het dit almal met geringe amendemente goedgekeur en die proses van redigering is begin. Hierin het mev. C Möller gewaardeerde redigering en voorstelle in die eerste rondte gelewer en in die tweede rondte het proff. Bosman en Swanepoel indringend en omvattend na die redigering en ombou van hierdie werk gekyk met die oog op die gebruik daarvan vir die finale twee jare, graad 10 en graad 11.

5. WERKSBEPLANNING

Die werk van die kommissie is tans in sy finale fase en daar word beoog om die volgende handleidings en handboeke gereed te hê vir die ingebruikneming DV 2023:

Graad 1 (moontlik ook gr. 2, 3): Handleiding en Werkboek.
Graad 4: Handleiding en Werkboek.
Graad 7: Handleiding en Werkboek.
Graad 10: Handleiding en Werkboek geïntegreer.
Graad 5, 6, 8, 9, 11: Handleiding en Werkboek DV 2024 gereed vir ingebruikneming.

Indien hierdie werksbeplanning realiseer, beteken dit dat graad 5, 6, 8, 9 en 11 steeds die bestaande handboeke kan gebruik in 2023. Aangesien die stelsel so ontwerp is dat graad 5, 6 met geringe aanpassings ook maklik die graad 4-handleiding sal kan gebruik en graad 8, 9 die handleiding van graad 7, sou hierdie opsie ook oorweeg kon word vir diegene wat belangstel in die nuwe handboeke.

AANBEVELINGS:

5.1 Die Sinode keur die verslag van die *Ad hoc*-kommissie goed.

5.2 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die *Ad hoc*-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, PK en KJV te implementeer.

Hiermee vertrou die kommissie dat die werk wat aan hom opgedra is, binnekort afgehandel sal wees. Dankie aan elkeen wat betrokke was by hierdie projek. Dit is steeds ons bede dat die Here groot vrug op die arbeid sal gee *sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar* ... (Ps. 78:6-7).

Prof. CA Swanepoel (voorsitter), Ds. HSW Strauss (skriba)

TERUG NA PK-VERSLAG PT. 4.15

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT APRIL 2022

15 Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

1. PERSONEEL

Primarii: Ds. WJA van Schalkwyk (voorsitter), dr. JH Breytenbach (ondervoorsitter), di. A Boshoff (skriba), OG van Rooyen jr., H Scherman en oudl. GP van Rhyn.

Sekundi: Di. JH Bisschoff, AP Boshoff, RH Botes, AJ Ferreira, GJH Kruger, L Lubbe en JL Schütte (adviserend), oudle. JJ Jacobs en SF Botha.

Dr. Breytenbach het in 2021 geëmeriteer. Ds. Van Rooyen het in 2022 losmaking gevra vir verdere studie. Di. JH Bisschoff en AP Boshoff is as sekunduslede opgeroep.

2. VERGADERINGS

Om koste te bespaar, het die KKS al sy werk elektronies afgehandel.

Vier virtuele vergaderings is gehou.

	ADVIESE	BESOEKE
2017	13	4
2018	8	2
2019	5	2
2020	1	0
2021	4	2
2022	1	1

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE VYFTIENDE SINODE (2017)

3.1 WYSIGINGS AAN DIE *KERKORDE*

Al die kerkordewysigings soos goedgekeur deur Sinode 2017 is gedoen en afgehandel. *Kerkorde 2018* het op 1 Augustus 2018 verskyn.

3.2 BESTUUR VAN FINANSIËLE EN ADMINISTRATIEWE LASTE (*Handelinge 2017* bl. 340 pt. 3.5.6)

Die SKK en GKK gee voortdurend uitvoer aan hierdie opdrag en die KKS het nie nodig gehad om enige advies hieroor te gee nie.

3.3 KERKREGWOORDEBOEK (*Handelinge 2017* bl. 377 pt. 3.2.2. Kyk ook PK-verslag pt. 4.8, bl. 219)

Die KKS het die manuskrip voltooi en aan die PK voorgelê, waarna die PK dit deur die dosent in Kerkreg laat proeflees het. Sy kommer was dat die publikasie 'n mengsel is van 'n kommentaar op die AP Kerk se kerkordelike prosedures en 'n kerkregwoordeboek waarin kerkregtelike begrippe bloot verklaar word. Sy kommentaar is terugverwys na die KKS en het tot gevolg dat die manuskrip verder hersien moet word ten einde dit te publiseer.

3.4 PASTORALE VERSORGING (*Handelinge 2017* bl. 381 pt. 5.1.5. Kyk ook SKK-verslag pt. 3.10, bl. 30)

Sinode 2017 het besluit dat 'n predikant ná afsetting besondere pastorale sorg moet ontvang. Die SKK en KKS is versoek om 'n studie te doen oor die inhoud van die besondere pastorale versorging nadat kerkrade/ouderlingerade voorstelle in dié verband na die KKS gestuur het. Geen voorstelle is aan die KKS gestuur nie en derhalwe kon dit nog nie in 'n studiestuk verwerk word nie. Die KKS oordeel dat hierdie studie wel vir die kerkverband van waarde kan wees, maar is van mening dat die Kuratorium eerder as die SKK saam met die KKS daaraan moet werk. Die SKK werk met bediening in die gemeentes. Die KKS handel met die kerkordelike sake aangaande losmaking. Die Kuratorium se opdrag is toelating van leraars (en hertoelating van leraars wat status verloor het). Die opdrag val daarom eerder op die terrein van die Kuratorium as die terrein van die SKK.

AANBEVELING:

3.4.1 Die Sinode besluit die opdrag word gekontinueer met die wysiging dat dit aan die Kuratorium en KKS opgedra word om die studie af te handel.

4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7

Deel van die KKS se lasgewing is: *Die Kommissie doen aanbevelings aan die sinodes ten opsigte van die hersiening van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls en behartig die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publisering daarvan ná 'n sinodevergadering* (*Kerkorde 2018*, bl. 173, pt. 7).

Ten einde uitvoering aan hierdie deel van sy lasgewing te gee, stel die Kommissie die volgende wysigings voor:

4.1 ARTIKEL 19.6.1

Huidige redaksie:

Indien 'n bedienaar van die Woord volgens artikel 19 losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande (ná publikasie in die amptelike blad van die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy ná oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die kerkraad volgens artikel 19.5.

Nuwe redaksie:

Indien 'n bedienaar van die Woord volgens artikel 19 losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande (ná **bekendmaking** in die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy ná oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die kerkraad volgens artikel 19.5.

Motivering:

Die kennisgewing in die amptelike blad van die kerkverband, as die enigste manier om die losmaking te kommunikeer, skep enkele probleme. Wanneer 'n leraar aan die einde van die jaar losgemaak word, gebeur dit dat die kennisgewing eers in *Die Boodskapper* van Februarie of selfs Maart verskyn. Dit beteken dat 'n kerkraad nie net vir 3 maande nie, maar selfs vir 5 tot 6 maande verantwoordelik is om die leraar te versorg.

Met die nuwe redaksie sal dit moontlik wees om aan al die gemeentes in kerkverband kennis te gee deur middel van 'n omsendskrywe of ander elektroniese kommunikasie. Gemeentes sal baie vinniger kennis neem dat die leraar beroepafwagtend is.

AANBEVELING:

4.1.1 Die Sinode keur die wysiging van artikel 19.6.1 goed.

4.2 BEPALING 53

Die KKS stel voor dat die Sinode besluit om ’n nuwe bepaling 53F goed te keur.

Voorgestelde redaksie:

Bepaling 53F

Ouderlingerade en ringe mag nie sloer om klagtes te hanteer nie. ’n Ouderlingeraad moet ’n klag binne 28 kalenderdae nadat dit ontvang is, ondersoek. Wanneer die ouderlingeraad die saak na die ring verwys, moet die ring dit binne 40 kalenderdae aanhoor.

Motivering:

Ouderlingerade en selfs ringe sloer soms om klagtes te hanteer. Dit gee aanleiding tot groot frustrasie by die klaers en skep onnodige konflik.

AANBEVELING:

4.2.1 Die Sinode keur die byvoeging van bepaling 53F goed.

4.3 BEROEPSBRIEF D

Voorstel:

Die Sinode besluit ’n leraar wat volgens ’n sesmaandediensooreenkoms na ’n gemeente beroep word, se diensooreenkoms net een keer deur die kerkraad hernu kan word. Aan die einde van ’n jaar verval die diensooreenkoms. Om weer ’n diensooreenkoms met die leraar aan te gaan, moet die kerkraad ’n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname afkondig, sodat die gemeente oor die voortsetting van die diensooreenkoms kan stem. Die uitslag van die stemming is bindend.

Die Sinode besluit om Beroepsbrief D se eerste paragraaf soos volg te wysig:

Die Kerkraad deel u graag mee dat u op _____ beroep is tot herder en leraar van die gemeente vir ’n vaste termyn beginnende op die datum van u bevestiging en eindigende ses maande daarna. Indien die kerkraad u diens daarna verder wil gebruik, **besluit hulle om** u dienstermyn met ’n verdere ses maande te verleng. **Hierdie diensooreenkoms verval ná die afloop van die tweede ses maande.**

Om weer ’n diensooreenkoms aan te gaan, sal die kerkraad eers ’n kerkraadsvergadering afkondig waartoe die gemeente vir deelname opgeroep word, sodat die gemeente geleentheid het om die aanbeveling van die kerkraad te oorweeg en daaroor te stem. Die uitslag van die stemming is bindend. Ná elke jaar diens in die gemeente word só ’n vergadering gehou. Elke nuwe ooreenkoms kan ná die eerste ses maande wedersyds verleng of gekanselleer word. U hoef nie weer met gebruikmaking van die bevestigingsformulier bevestig te word nie.

Motivering:

Wanneer emeriti lank in ’n gemeente dien, kan dit gebeur dat die leraar nie meer die volle las van die bediening kan dra nie. Omdat die kerkraad in ’n goeie verhouding met die leraar staan, is dit soms moeilik om die diensooreenkoms te beëindig. Met hierdie aanbeveling poog die KKS om

die gemeente te betrek by die besluit oor die voortsetting van die diensooreenkoms en moontlike ongelukkigheid in die gemeente te voorkom.

AANBEVELINGS:

4.3.1 Die Sinode besluit 'n leraar wat volgens 'n sesmaandediensooreenkoms na 'n gemeente beroep word, se diensooreenkoms net een keer deur die kerkraad hernu kan word. Aan die einde van 'n jaar verval die diensooreenkoms. Om weer 'n diensooreenkoms met die leraar aan te gaan, moet die kerkraad 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word vir deelname afkondig, sodat die gemeente oor die voortsetting van die diensooreenkoms kan stem. Die uitslag van die stemming is bindend.

4.3.2 Die Sinode keur die voorgestelde wysiging van Beroepsbrief D goed.

4.4 BEËINDIGING VAN KOMBINASIE (*Kerkorde 2018,* bl. 129, pt. 4.3)

Huidige redaksie:

4.3 Indien die gekombineerde kerkrade nie eenstemmigheid oor die beëindiging al dan nie van die kombinasie kan bereik nie, word 'n buitengewone ringsvergadering aangevra en sal die ring daaroor uitsluitsel gee.

Nuwe redaksie:

4.3 Indien die gekombineerde kerkrade nie eenstemmigheid oor die beëindiging al dan nie van die kombinasie kan bereik nie, word 'n buitengewone ringsvergadering aangevra, en sal die ring **ná deeglike ondersoek 'n beslissende antwoord** daaroor gee.

Motivering

1. Die woord *uitsluitsel* is verwarrend.
2. 'n Ring wat hiermee te doene gekry het, het gevra dat die KKS uitsluitsel sal gee oor die *uitsluitsel* wat die ring moet gee.

AANBEVELING:

4.4.1 Die Sinode besluit om die wysiging van punt 4.3 van die Kombinasieakte goed te keur.

4.5 BEPALINGS 23C EN 23D

Huidige redaksie:

Bepaling 23C
Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het reg van beswaar teen enige verkosene of onreëlmatigheid by die verkiesing. Die beswaar moet skriftelik by die voorsitter ingelewer word, nie later nie as sewe dae nadat die naam/name vir die tweede keer vir approbasie aan die gemeente bekendgemaak is.

Bepaling 23D
'n Beswaar teen 'n verkose persoon of onreëlmatigheid by die verkiesing word deur die ouderlingeraad ondersoek en afgehandel, met dien verstande dat, as dit gegrond is, die verkiesing nietig verklaar moet word soos in die geval van 'n beroepe predikant en met verdere optrede deur die ouderlingeraad na gelang van omstandighede volgens die bepalings van die *Kerkorde*.

Nuwe redaksie:

Bepaling 23C
Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om, voor verstryking van die periode van approbasie, skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken op grond van onreëlmatigheid in verband met die verkiesing of by die ouderlingeraad op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van 'n verkosene.

Bepaling 23D
Wanneer die voorsitter of skriba van die kerkraad of ouderlingeraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg, met dien verstande dat, as dit gegrond is, die verkiesing in die geheel nietig verklaar word, indien dit oor onreëlmatigheid tydens die verkiesing gaan. Indien die beswaar oor die leer of lewenswandel van die verkosene geldig is, word die betrokke broeder se verkiesing nietig verklaar en tree die ouderlingeraad verder na gelang van omstandighede volgens die bepalings van die *Kerkorde* op.

Motivering:
Tydens Sinode 2017 is soortgelyke veranderinge aan die bewoording van artikel 13 aangebring. Die gelykluidende veranderinge aan bepalings 23C en 23D het egter agterweë gebly. Aangesien die verkiesing van kerkraadslede geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is, moet 'n beswaar teen die prosedure by die kerkraad ingedien word. Sake wat die leer of lewenswandel van die verkosene raak, hoort tuis by die ouderlingeraad en moet daarom deur hulle hanteer word.

AANBEVELING:
4.5.1 Die Sinode keur die wysiging van bepalings 23C en 23D goed.

5. BESWAARSKRIFTE

5.1 BESWAARSKRIF AP KERK GROOTFONTEIN TEEN DIE GEBRUIK VAN DIE UITDRUKKINGS "ERKENDE KERK/KERKE/KERKVERBAND", "ERKENDE GEREFORMEERDE KERKE", "ERKENDE GEREFORMEERDGESINDE KERKE" EN "NIE-ERKENDE KERKE/KERKVERBAND"

Huidige redaksie van betrokke artikels, bepalings en sinodebesluite soos vervat in Kerkorde 2018*:*

Artikel 4.3
opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is (ná approbasie deur die gemeente);

Artikel 5.3
oorgaan na 'n ander erkende kerkverband

Artikel 5.4
by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit

Artikel 6.1
as belydende lidmaat met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n erkende kerkverband en deur die ouderlingeraad ná approbasie deur die gemeente, aanvaar is;

Artikel 6.2
as belydende lidmaat aansoek doen om terug te keer vanuit 'n nie-erkende kerkverband of sekte en, ná approbasie deur die gemeente, deur die ouderlingeraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof ná verbondsonderrig;

Bepaling 43A
Die heilige doop word bedien aan die kinders van belydende lidmate, wat nie onder sensuur is nie. Indien ouers hulle kinders in 'n ander AP Kerk (gemeente) of erkende kerk wil laat doop, moet hulle skriftelike toestemming van hulle eie ouderlingeraad verkry, met dien verstande dat die plaaslike leraar en wyksouderling namens die ouderlingeraad mag handel in spoedeisende gevalle.

Bepaling 43C
Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die nagmaal bedien word (kyk sinodebesluit 15).

Bylae 2 punt 2
In die geval waar 'n persoon vanuit 'n erkende gereformeerde kerk (nl. die NGK, die NHK, die GKSA of die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan) aansoek doen om opgeneem te word:

2.1 'n volledig voltooide en ondertekende aansoekvorm, soos deur die SKK opgestel en deur die sinode goedgekeur (of soos deur 'n ouderlingeraad opgestel), moet ingedien word;
2.2 'n gesprek word deur die predikant of 'n ouderling met die applikant gevoer waarin:
  2.2.1 Kerkorde-artikels 1, 2 en 3 indringend verduidelik word – en vergewis word of hy hom/sy haar volkome daarmee vereenselwig;
  2.2.2 die *Kerkorde* in breë trekke bespreek word – en verneem word of hy/sy dit aanvaar;
  2.2.3 bevestig word of hy/sy "ja" kan sê op die vrae wat by die aflegging van geloofsbelydenis gestel word;
  2.2.4 uitdruklik gevra word na sy/haar beweegredes waarom hy/sy in die plaaslike AP Kerk (gemeente) opgeneem wil word, en of hy/sy by sy/haar huidige kerkraad onder kerklike tug is, en of en wanneer hy/sy gemeenskap met sy/haar kerk verbreek het;
  2.2.5 Kyk sinodebesluit 31 vir verdere inhoud van gesprek;
2.3 die predikant/ouderling rapporteer aan die ouderlingeraad en doen 'n aanbeveling;
2.4 die ouderlingeraad besluit of die aansoek om opname in beginsel goedgekeur word en of 'n afkondiging daaroor by die erediens gedoen moet word;
2.5 indien geen beswaar teen die opname binne sewe dae ná afkondiging ontvang word nie, word die applikant as lidmaat aangeteken en verwelkom. Indien 'n beswaar wel ontvang word, ondersoek die ouderlingeraad die beswaar en handel na bevind van sake.

Sinodebesluit 31
31. Opname van lidmate vanuit ander erkende kerke (*Handelinge 2004,* bl. 410-411, pt. 5.7.3)
Die Sinode besluit om lidmate van ander erkende kerke voortaan nie meer met bewys van lidmaatskap op te neem voordat daar nie eers diepgaande met hulle gesprek gevoer is aan die hand van die publikasie *Ontmoetingsgesprek* nie.

Die Sinode besluit om hierdie publikasie eers aan voornemende lidmate te gee vir bestudering voordat die gesprek sal plaasvind.

Wanneer voornemende lidmate ten opsigte van sekere van hierdie sake verskil, moet daar 'n dieptegesprek met hulle oor die bepaalde punte gevoer word. Voornemende lidmate wat hulle nie met die sake wat daarin bespreek is, kan vereenselwig nie en/of sekere van die leerstukke verwerp, kan nie as lidmate van die plaaslike gemeente opgeneem word nie.

Nuwe redaksie:

Artikel 4.3
opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander **gereformeerde kerke** as aansoek om lidmaatskap ingelewer is (ná approbasie deur die gemeente);

Artikel 5.3
oorgaan na 'n ander **kerk**

Artikel 5.4
Skrap in geheel en wysig nommering daarna.

Artikel 6.1
as belydende lidmaat met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n **gereformeerde kerk** en deur die ouderlingeraad ná approbasie deur die gemeente, aanvaar is;

Artikel 6.2
as belydende lidmaat aansoek doen om terug te keer vanuit 'n **nie-gereformeerde kerk** of sekte en, ná approbasie deur die gemeente, deur die ouderlingeraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof ná verbondsonderrig;

Bepaling 43A
Die heilige doop word bedien aan die kinders van belydende lidmate, wat nie onder sensuur is nie. Indien ouers hulle kinders in 'n ander AP Kerk (gemeente) of **gereformeerde kerk** wil laat doop, moet hulle skriftelike toestemming van hul eie ouderlingeraad verkry, met dien verstande dat die plaaslike leraar en wyksouderling namens die ouderlingeraad mag handel in spoedeisende gevalle.

Bepaling 43C
Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit **ander kerke (insluitend AP kerke) wat die gereformeerde belydenis onderskryf**, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik

skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die nagmaal bedien word (kyk sinodebesluit 15).

Bylae 2 punt 2
In die geval waar 'n persoon vanuit **'n gereformeerde kerk** aansoek doen om opgeneem te word:

2.1 'n volledig voltooide en ondertekende aansoekvorm, soos deur die SKK opgestel en deur die sinode goedgekeur (of soos deur 'n ouderlingeraad opgestel), moet ingedien word;
2.2 'n gesprek word deur die predikant of 'n ouderling met die applikant gevoer waarin:
  2.2.1 Kerkorde-artikels 1, 2 en 3 indringend verduidelik word – en vergewis word of hy hom/sy haar volkome daarmee vereenselwig;
  2.2.2 die *Kerkorde* in breë trekke bespreek word – en verneem word of hy/sy dit aanvaar;
  2.2.3 bevestig word of hy/sy "ja" kan sê op die vrae wat by die aflegging van geloofsbelydenis gestel word;
  2.2.4 uitdruklik gevra word na sy/haar beweegredes waarom hy/sy in die plaaslike AP Kerk (gemeente) opgeneem wil word, en of hy/sy by sy/haar huidige kerkraad onder kerklike tug is, en of en wanneer hy/sy gemeenskap met sy/haar kerk verbreek het;
  2.2.5 Kyk sinodebesluit 31 vir verdere inhoud van die gesprek;
2.3 die predikant/ouderling rapporteer aan die ouderlingeraad en doen 'n aanbeveling;
2.4 die ouderlingeraad besluit of die aansoek om opname in beginsel goedgekeur word en of 'n afkondiging daaroor by die erediens gedoen moet word;
2.5 indien geen beswaar teen die opname binne sewe dae ná afkondiging ontvang word nie, word die applikant as lidmaat aangeteken en verwelkom. Indien 'n beswaar wel ontvang word, ondersoek die ouderlingeraad die beswaar en handel na bevind van sake.

Sinodebesluit 31
31. Opname van lidmate vanuit ander <u>gereformeerde</u> kerke (*Handelinge 2004*, bl. 410-411, pt. 5.7.3)
Die Sinode besluit om lidmate van ander **gereformeerde kerke** voortaan nie meer met bewys van lidmaatskap op te neem voordat daar nie eers diepgaande met hulle gesprek gevoer is aan die hand van die publikasie *Ontmoetingsgesprek* nie.

Die Sinode besluit om hierdie publikasie eers aan voornemende lidmate te gee vir bestudering voordat die gesprek sal plaasvind.

Wanneer voornemende lidmate ten opsigte van sekere van hierdie sake verskil, moet daar 'n dieptegesprek met hulle oor die bepaalde punte gevoer word.

Voornemende lidmate wat hulle nie met die sake wat daarin bespreek is, kan vereenselwig nie en/of sekere van die leerstukke verwerp, kan nie as lidmate van die plaaslike gemeente opgeneem word nie.

Motivering:
1. Die afwisselende gebruik van verskillende terme en uitdrukkings wat nie behoorlik gedefinieer is nie, skep verwarring. Dit is byvoorbeeld nie duidelik wat met die uitdrukking "gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke" bedoel word nie. "Gereformeerdgesinde" wek die indruk dat aansoekers uit kerke wat breedweg gereformeerdgesind is (soos byvoorbeeld sekere Baptiste kerke wat bepaalde aspekte van die gereformeerde leer onderskryf), ook volgens die normale proses van getuienislewering en sonder belydenisaflegging, as lidmate van die plaaslike kerk opgeneem kan word.

2. Die huidige redaksie getuig van ’n verkeerde kerkbegrip aangesien dit kerk en kerkverband met mekaar verwar deur die afwisselende gebruik van die twee terme. ’n Kerkverband is nie kerk nie. Slegs die plaaslike kerk kan volledig kerk wees. Iemand sluit dus nie aan by ’n kerkverband nie, maar by ’n plaaslike kerk. Daardie plaaslike kerk mag moontlik met ander kerke in ’n bepaalde verband staan, maar hoef nie noodwendig nie. Om waarlik kerk te wees, is nie afhanklik daarvan of ’n kerk deel van ’n kerkverband is of nie.

3. Artikel 5.4 is oorbodig aangesien ’n lidmaat sy lidmaatskap opsê hetsy hy/sy na ’n ander gereformeerde of selfs na ’n nie-gereformeerde kerk/sekte oorgaan.

4. Die huidige redaksie is nie konsekwent in sy woordgebruik nie. Soms word slegs na “erkende kerke” verwys en soms na “erkende gereformeerde kerke”.

5. Dit is voorts nie duidelik wat met die term “erkende gereformeerde kerke” of “erkende kerk/kerkverband” bedoel word nie. Oor die algemeen word ’n kerk as “erken” beskou, wanneer een plaaslike kerk deur ’n ander een as ware kerk erken word op grond daarvan dat so ’n kerk voldoen aan die vereistes vir ’n ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord, suiwer bediening van die sakramente en die suiwer toepassing van die kerklike tug.

6. Op grond van bogenoemde kan die tradisionele susterskerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tesame met die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan, beslis nie die enigste gereformeerde kerke wees nie. Dit mag wees dat dit die enigste kerke is wat amptelik deur die AP kerke as gereformeerd erken word, maar dit is nie seker waar sodanige “erkenning” in ’n sinodebesluit vervat is nie. Tans word daar in baie van hierdie kerkverbande bedenklike teologie beoefen wat hul gereformeerde karakter in gedrang bring.

Indien die AP kerke met die gebruik van die term “erkende gereformeerde kerke” voortgaan, beteken dit dat die AP kerke tydens elke sinode die lys van erkende kerke sal moet hersien. Tans is daar heelwat kerke in Suid-Afrika wat as “gereformeerd” geklassifiseer kan word, maar wat nie amptelik deur die AP Kerk as sodanig erken word nie. Wanneer iemand byvoorbeeld vanuit die Presbiteriaanse Kerk, wat ’n gereformeerde kerk is, by ’n plaaslike AP Kerk aansoek doen, sal so ’n persoon op grond van die huidige redaksie, eers gekatkiseer moet word.

Verder is dit ook so dat sekere kerke wat deel van bogenoemde kerkverbande vorm, nie noodwendig saamgaan met die liberale teologie wat breedweg deur hul kerkverband aanvaar en beoefen word nie. Sou die AP Kerk dus besluit om sekere kerkverbande nie meer te “erken” nie, sou dit ook byvoorbeeld dolerende kerke oor dieselfde kam skeer. “Erkenning” behoort dus eerder op plaaslike as sinodale vlak plaas te vind, sodat die eienskappe van ’n ware kerk in elke plaaslike kerk gesoek word, terwyl so ’n kerk se gereformeerde karakter op sy eie meriete beoordeel word.

7. Die term “gereformeerde kerk(e)” is ’n meer omvattende term. Die sinode sou dit spesifiek kon definieer, maar dit is nie noodwendig nodig nie. Op verskeie plekke, maar in besonder in die *Kerkorde* en die publikasie *Ontmoetingsgesprek*, word die AP Kerk se verstaan van “gereformeerdheid” asook spesifieke nuanseverskille met ander kerke en kerkverbande, duidelik verwoord. Dit bied ook aan elke plaaslike ouderlingeraad die geleentheid om hul aansoekvorm aan te pas en sake of nuanses by te voeg, wat hulle voel nodig mag wees ten einde hul standpunt oor “gereformeerdheid” fyner te definieer.

8. Selfs by die toelating tot nagmaal, bied die terminologie “gereformeerde kerk” aan plaaslike ouderlingerade die geleentheid om lidmate uit ander gereformeerde kerke (nie noodwendig

net uit die NG Kerk, NHKA, GKSA of GPK Brakpan), onderhewig aan hul onderskrywing van die gereformeerde leer en onderhewig daaraan dat hulle nie onder sensuur staan nie, tot die nagmaalstafel toe te laat. Dit staan ouderlingerade vry om hierdie aansoekproses aan die hand van die beginsels van die gereformeerde leer, te formaliseer. Formalisering kan insluit 'n bepaalde aansoekvorm vir nagmaal wat vooraf voltooi moet word of selfs net 'n indringende gesprek aan die hand van sekere punte waarop daar ooglopende teologiese verskille tussen kerkverbande is.

AANBEVELINGS:

5.1.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.1.2 Die Sinode keur nie die beswaarskrif goed nie.

5.1.3 Die Sinode besluit om ter wille van eenvormigheid die volgende artikels en bepalings soos volg te wysig:

Artikel 4.3
opname ná goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke of van die gemeente van herkoms insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap wat deur belydende lidmate vanuit ander **erkende kerke** as aansoek om lidmaatskap ingelewer is (ná approbasie deur die gemeente);

Artikel 5.3
oorgaan na 'n ander **kerk of sekte**;

Artikel 5.4
skrap in geheel en wysig nommering daarna.

Artikel 6.1
as belydende lidmaat met attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aansoek doen om terug te keer vanuit 'n erkende **kerk** en deur die ouderlingeraad ná approbasie deur die gemeente, aanvaar is;

Artikel 6.2
as belydende lidmaat aansoek doen om terug te keer vanuit 'n nie-erkende **kerk** of sekte en, ná approbasie deur die gemeente, deur die ouderlingeraad toegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof ná verbondsonderrig;

Bepaling 43C
Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander **erkende kerke**, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het en die ouderlingeraad positiewe mondelinge, maar verkieslik skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingeraad, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die nagmaal bedien word (kyk sinodebesluit 15).

Bylae 2 punt 2
In die geval waar 'n persoon vanuit 'n **erkende kerk** (nl. die NGK, die NHK, die GKSA of die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan) aansoek doen om opgeneem te word:

Motivering:
Die Kommissie is dit eens met die AP Kerk Grootfontein dat die afwisselende gebruik van verskillende terme verwarring kan skep. Daarom stel die Kommissie voor dat die betrokke artikels en bepalings wel verander word soos verwoord in die Kommissie se aanbeveling hierbo. Die artikels, bepalings en sinodebesluit wat reeds die eenvormige bewoording gebruik, word gelaat soos dit is.

Verder stem die Kommissie ook saam dat artikel 5.4 oorbodig is, aangesien lidmaatskap beperk is tot 'n plaaslike kerk. Indien 'n persoon na enige ander kerk ('n AP Kerk, erkende of nie-erkende kerk, of sekte) oorgaan, word sy lidmaatskap by die plaaslike gemeente beëindig.

Dit sal egter nie wys wees om die AP Kerk Grootfontein se voorstel om bloot na "gereformeerde kerke" te verwys, na te volg nie. Die volgende redes word hiervoor aangevoer:

1. "Erkende kerke" is 'n kerk-eie term wat in die AP Kerk gebruik word. As kerk-eie term wil dit min of meer dieselfde sê as wat met korrespondensie bedoel word – kerke met wie ons in korrespondensie staan, is die erkende kerke. Hierdie term is reeds tydens Sinode 1995 duidelik gedefinieer toe daar besluit is:

1. *Dit moet duidelik verstaan word dat wanneer artikel 4.3, 5.3, 6.1, bepaling 43C, bylaes 1 en 2 in die* Kerkorde *van "erkende kerke" of van 'n "erkende kerkverband" spreek, die AP kerke daarmee nie bedoel om haar daaroor uit te spreek of 'n kerk wel 'n kerk is nie. Of 'n kerk wel 'n kerk is, hang nie af van die erkenning deur ander kerklike groeperings nie.*
2. *Die AP Kerk bedoel met "erkende kerk" dat dit 'n kerk of groepering van kerke is waarvan die lidmate, wanneer hulle by 'n plaaslike AP Kerk wil inskakel, nie verbondsonderrig hoef te deurloop en belydenis van geloof moet aflê nie.*
3. *In die lig van pt. 2 is 'n "erkende kerk" dan 'n kerk wat net die drie algemene belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid onveranderd as belydenisskrifte aanvaar het, en wat basies die gereformeerde kerkregeringstelsel handhaaf.*
4. *Dooplidmate in 'n AP Kerk kan nie belydende lidmate word met toegang tot die gebruik van die sakramente voordat hulle deur die kerk onderrig ontvang het in die leer van die kerk nie. Daarom moet iemand wat uit 'n nie-erkende kerk lidmaat van 'n AP Kerk wil word, die nodige verbondsonderrig deurloop. Hoe lank sodanige onderrig moet wees, bepaal die plaaslike ouderlingeraad in elke konkrete geval.*
5. *'n Kerklike groepering wat bo en behalwe die belydenisskrifte in pt. 3 hierbo genoem, ook ander belydenisskrifte het, sal nie as 'n erkende kerk beskou word voordat 'n sinode van die AP Kerk daaroor 'n uitspraak gelewer het nie.*
6. *Indien 'n kerklike groepering wel die belydenisskrifte in pt. 3 hier bo gemeld, aanvaar het, maar wysigings daaraan aangebring het, sal hy nie as 'n erkende kerk geag word voordat 'n sinode van die AP kerke hom daaroor uitgespreek het nie.*
7. *Wanneer die kriteria wat pas gestel is, aangelê word, moet die volgende kerklike groeperinge as erkende kerke beskou word: NGK, GKSA, NHK. Die ARK is eintlik nie 'n "erkende kerk" nie, maar meer as dit, naamlik 'n kerk waarmee die AP kerke enger korrespondensie gesluit het daarom word lidmate vanuit die ARK nie maar opgeneem nie, maar kan hulle met attestaat oorkom.*
8. *Die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek kry die opdrag om gegewens te versamel oor en 'n studie te maak van ander kerklike groeperinge in Suid-Afrika. Op die volgende sinode moet die Kommissie verslag daaroor lewer of daar nog ander kerklike groeperings in Suid-Afrika is wat, wanneer bogenoemde maatstawwe (pt. 3) aangelê word, as erkende kerke beskou kan word.* (*Handelinge 1995*, bl. 290 pt. 2.1.1)

2. Verder word hierdie term ook soos volg in die kerkregwoordeboek van die AP Kerk (wat binnekort gepubliseer sal word) omskryf:

Erkende kerke: Kerke wat in kerkverband saambestaan, kan ander kerkverbande as kerke erken of nie.

Kerke in 'n kerkverband word nie eers kerke wanneer hulle deur ander kerkverbande erken word nie. Kerke in verskillende kerkverbande (in SA en daarbuite), wat in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan op grond van gemeenskaplike belydenisskrifte (dit sluit dus Skrifbeskouing in) en op grond van basies ooreenstemmende kerkordes, kan mekaar as "erkende" kerke aanvaar. Lidmate van plaaslike kerke in daardie verskillende kerkverbande word wedersyds met 'n bewys van lidmaatskap as lidmate opgeneem – byvoorbeeld: Kerke (anders as die eie kerke in kerkverband) wat gereformeerd is (nl. NGK, NHK, GKSA).

Wanneer een of meer "kerkverbande" ten spyte van die formele aanvaarding van dieselfde belydenisskrifte, ingrypende botsende verskille in die uitleg daarvan handhaaf, kan enige van die ander "kerkverbande" besluit om daardie kerkverband(e) nie meer as "erkende" kerk te ag nie.

Die sinode van die AP kerke besluit watter kerke as erkende kerke geag word. Per besluit word die NG Kerk; Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika; die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en sekere lidkerke van die Konferensie van Gereformeerde Kerke in SA deur die AP kerke as erkende kerke beskou.

Geen gereformeerde kerkverband kan 'n ander kerkverband tot kerk maak/verklaar nie. Daar is 'n verskil tussen "erken" en "tot kerk maak". Anders gestel: Die GKSA het nie die reg om te besluit dat die AP Kerk nie 'n kerk is nie. In die gereformeerde kerkbegrip behoort dit so gesien te word: Elke gereformeerde kerkverband is 'n kerkverband – of enigiemand dit verwerp of nie.

3. Op verskeie plekke in die motivering van die beswaarskrif maak die kerkraad ernstig aanvegbare stellings, byvoorbeeld:

Oor die algemeen word 'n kerk as "erken" beskou, wanneer een plaaslike kerk deur 'n ander een as ware kerk erken word op grond daarvan dat so 'n kerk voldoen aan die vereistes vir 'n ware kerk (punt 5);

"Erkenning" behoort dus eerder op plaaslike as sinodale vlak plaas te vind, sodat die eienskappe van 'n ware kerk in elke plaaslike kerk gesoek word, terwyl so 'n kerk se gereformeerde karakter op sy eie meriete beoordeel word (punt 6);

Selfs by die toelating tot nagmaal, bied die terminologie "gereformeerde kerk" aan plaaslike ouderlingerade die geleentheid om lidmate uit ander gereformeerde kerke (nie noodwendig net uit die NG Kerk, NHKA, GKSA of GPK Brakpan), onderhewig aan hul onderskrywing van die gereformeerde leer en onderhewig daaraan dat hulle nie onder sensuur staan nie, tot die nagmaalstafel toe te laat (punt 8).

Die aanvegbaarheid in hierdie stellings is die independentistiese gedagte dat plaaslike kerke, los van die kerkverband waarin hulle staan, self kan besluit wie hulle as gereformeerd gaan erken en wie nie. Hierdie is beslis nie 'n gereformeerde wyse om oor hierdie sake te besluit nie en kan vir die AP kerke groot skade en verleentheid bring.

In die gereformeerde kerke is daar oor baie eeue heen deur die sinodes besluit watter kerke se leer aanvaar word en watter nie. In die gereformeerde kerkreg word daar van korrespondensie met ander kerke gepraat.

Korrespondensie moet nie verwar word met blote kontak tussen plaaslike kerke van verskillende kerkverbande nie. Hierdie kontak het gewoonlik ten doel om mekaar by te staan, te ondersteun en apologeties aangaande die waarheid te getuig. Die eenheid van die kerk(e) kan nooit ten koste van die waarheid wees, soos in die belydenisskrifte vervat nie. Dit is dus beter om in sulke gevalle slegs van samewerking of kontak met ander kerke te praat, eerder as van korrespondensie.

Kerklike korrespondensie, as kerkregtelike term, wys op samewerking van verskillende kerke met mekaar. Hierdie samewerking gaan egter verder as blote hulp of kontak. In die gereformeerde kerkreg is daar die voorwaarde dat die kerke met wie gekorrespondeer word, een moet wees in belydenis en geloof. Kerklike korrespondensie word aangegaan met ’n kerkverband met wie ons een is in diens, leer en tug. Dit hou dus in dat ons mekaar se doop, belydenis van geloof, nagmaalsiening, ensovoorts, erken. Sodanige kerke se lidmate kan oor en weer by mekaar lidmate word sonder dat weer belydenis van geloof afgelê word.

Kerklike korrespondensie kan ook lei tot engere korrespondensie. Hiermee word bedoel dat kerke nie net mekaar se lidmaatskap erken nie, maar dat hulle as ’t ware in kerkverband met mekaar staan. Alhoewel hulle verskillende verbande bly, kan hulle selfs leraars oor en weer beroep.

Die beginsel dat ’n sinode oor die kerklike korrespondensie besluit, lê alreeds opgesluit in die Dordtse Kerkorde van 1618. Die Sinode het in die Kerkorde gereël dat die Vlaamse en Waalse kerke in korrespondensie met mekaar staan. Toe daar later nie meer Waalse kerke was nie, is die beginsel behou en het latere kerkordes gereël dat ’n sinode oor kerklike korrespondensie besluit. Derhalwe verklaar artikel 64.4 van ons eie *Kerkorde*: *Oor die aard en/of graad van die offisiële betrekkinge met ander kerke, besluit die sinode.* Korrespondensie is dus ’n saak wat die verband raak en daarom moet die verband daaroor besluit. Om te besluit oor die suiwerheid van ’n kerk se diens, leer en tug, is ’n geweldige verantwoordelikheid wat daarom op ’n sinode hoort.

Die groot gevaar wat hierdie beswaarskrif se ondertoon inhou, is dat kerke in kerkverband teen mekaar verdeeld kan raak en later selfs los van mekaar kan staan. Veronderstel gemeente A besluit om die Baptiste kerk as ’n gereformeerde kerk te erken en dan hulle lidmate toe te laat om saam nagmaal te gebruik. Later trek daardie Baptiste in gemeente B se grense in en hulle verwag om daar weer saam nagmaal te gebruik. Indien gemeente B dit egter weier, kan dit groot onsmaaklikheid in die gemeente en gemeenskap veroorsaak. Onmiddellik kan gesê word dat die AP kerke se gemeentes elkeen maak wat hulle wil.

Die beginsel van kerke wat in kerkverband saam funksioneer, word in die Bybel begrond. In Handelinge 15 vind ons die wortel van die presbiteriale kerkregering. Hoewel die apostels met buitengewone gesag beklee was om op te tree, roep hulle die vergadering van Handelinge 15 byeen om as voorbeeld van optrede te dien ná hulle dood.

Die kerkverband kry gestalte wanneer plaaslike kerkrade ouderlinge afvaardig na ’n meerdere vergadering van die ring en sinode. Hierdie vergaderings word nie meerdere vergaderings genoem omdat dit ’n hoër vergadering is as die plaaslike kerkraad of ouderlingeraad nie, maar omdat meer as een plaaslike kerkraad vergader. Tydens hierdie meerdere vergadering is dit ouderlinge wat gesamentlik besin en besluit oor algemene sake.

Die plaaslike kerk se gesag is begrens tot sake binne haar gemeentegrense. Een plaaslike kerk kan dus nie vir 'n ander voorskryf hoe sy haar eie sake moet behartig nie. Die kerkverband se gesag gaan egter oor algemene sake wat al die onderskeie plaaslike kerke raak. Dit is sake soos Bybelvertaling, Psalms en Gesange, belydenisskrifte, liturgie, die opleiding en toelating van predikante en die *Kerkorde* as die akkoord van die kerke in kerkverband.

Kerkverband het juis daarmee te doen dat verskillende plaaslike kerke saam in sinode op die grondslag van God se Woord sekere ordereëls opstel wat bindend vir al die kerke in die kerkverband is. Die doel en waarde van 'n sinode is om as verskillende ouderlingerade saam te besluit hoe ons in ons kerkverband ons geloof uitleef. Watter kerke erken word, is 'n algemene saak en nie beperk tot 'n gemeente se grense nie. Derhalwe het die Sinode van 1995 reeds aan 'n kommissie opdrag gegee om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat ander kerke ook deur die sinode erken kan word. Die AP Kerk Grootfontein is inderdaad korrek dat daar tydens elke sinode hersiening van die lys van erkende kerke gedoen kan/moet word. Dit staan ook enige plaaslike kerk vry om deur middel van 'n beswaarskrif tydens 'n sinode dusdanige erkenning vir 'n spesifieke kerk in hulle omgewing te vra.

Die Kommissie wil ernstig waarsku teen die gedagte dat plaaslike kerke los van die kerkverband kan begin optree.

4. As "erkende kerke" bloot met "gereformeerde kerke" vervang word, skep dit 'n probleem indien 'n sinode sou besluit dat hulle een van die bestaande gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie meer as gereformeerd erken nie.

Op grond van die bogenoemde redes oordeel die KKS dat die Sinode nie die term "erkende kerk" moet laat verlore gaan nie.

5.2 AP KERK WITBANK – ARTIKEL 57.2

Beswaar:

Die kerkraad van die AP Kerk Witbank het beswaar teen die besluit van Sinode 2017 om aanbevelings 6.5.3 en 6.5.4 van die KKS nie goed te keur nie (*Handelinge 2017*, bl. 288). Die aanbevelings het gelui:

6.5.3 Die Sinode besluit om die volgende artikel by artikel 57.2 te voeg:

57.2.3 waar aflegging van geloofsbelydenis teruggehou is en die volwasse dooplidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die ouderlingeraad, ná raadpleging van die ring, uit die kerk uitgesluit word deur die gebruik van die betrokke verklaring.

6.5.4 dat die volgende verklaring in die AP Kerk gebruik word wanneer volwasse dooplidmate van die gemeente losgemaak word:

1. Bekendmaking van die naam van 'n dooplidmaat wat in sonde volhard:

Die ouderlingeraad maak met droefheid bekend dat NN, wat as lid van Christus se gemeente gedoop is, ondanks ernstige vermanings volhard het in die sonde van _____ Indien hy/sy nie binne _____ maande duidelike bewyse van berou en bekering uit die sonde toon nie, sal die ouderlingeraad voortgaan om hom/haar buite die gemeenskap van die

gemeente te stel. Die gemeente word opgeroep om NN ernstig en in liefde te vermaan en om vir hom/haar te bid sodat daar inkeer en bekering kan kom.

2. Verklaring van uitsluiting van dooplidmate:

Die ouderlingeraad het NN se naam _____ maande gelede afgekondig en die gemeente versoek om hom/haar ernstig te vermaan en om vir bekering te bid. Dit is met groot droefheid dat die ouderlingeraad bekend maak dat NN deur sy/haar volgehoue weiering om te buig voor dié God wat hom/haar in sy verbond beseël het deur die doop, die gemeenskap met Christus en sy kerk verbreek het.

Hierdie optrede noodsaak die ouderlingeraad om NN uit die gemeente van God uit te sluit en verklaar daarmee op grond van Matthéüs 16:19 en 18:18 dat hy/sy geen deel meer het aan die ryk van Christus nie, tensy daar ernstige berou en bekering plaasvind.

Die gemeente word opgeroep om aan te hou om vir hom/haar te bid en in liefde te vermaan, want wie weet of dit God nie sal behaag nie om hom/haar weer terug te bring op die pad van die verbond. Laat ons ernstig waak en bid om self nie ook in sonde en hardnekkige ongeloof te val en die verbond van God te verlaat nie.

Die kerkraad versoek dat die Sinode besluit om die voorgestelde artikel 57.2.3 in die *Kerkorde* op te neem en die voorgestelde verklaring goed te keur vir opname in die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk.*

Motivering:

In "Beknopte handleiding vir kerklike tug" (bl. 58-59) beredeneer prof. Van Staden dat afsnyding met die ban nie van toepassing is op dooplidmate nie. Hy stel: "... die afsnyding van 'n dooplidmaat [is] wesenlik net 'n skrapping van die naam" (uit die doopregister).

Dis is egter nie korrek dat die afsnyding slegs die skrapping van die naam uit die doopregister is nie. Skrapping van die naam uit die register is nie 'n rasionele handeling nie. Die register is immers 'n dokument wat 'n historiese werklikheid bevestig. Op 'n bepaalde datum is 'n bepaalde persoon in 'n bepaalde gemeente deur sy/haar ouers ten doop gehou en deur 'n bepaalde leraar gedoop. Die handeling kan nie ongedaan gemaak word deur die naam te skrap nie en die doop kan nie daardeur opgehef word nie.

Boonop is daar in die kerk van Christus nie meerdere of mindere lidmate nie. Die doopformulier is duidelik: "Die doop is 'n teken van ons inlywing as lidmate in die kerk van Christus, waar ons as lewende lidmate moet leef" (*Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk,* bl. 30). Afsnyding behels ook nie slegs afsnyding uit die plaaslike kerk nie, maar uit die gemeente van die Here. Die Heidelbergse Kategismus antwoord 85 stel: "... hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit word."

Die uitsluiting of afsnyding kan egter nie bloot met 'n administratiewe handeling soos die skrap van die naam uit die doopregister gedoen word nie. Dit is, soos reeds betoog, irrasioneel. Verder neem dit nie die eer van God en die heil van die gemeente voldoende in ag nie. Die afsnyding het immers in die oog dat die eer van God gehandhaaf moet word en dat die gemeente tot inkeer en 'n gehoorsame lewe geroep word. Daarom behoort ook dooplidmate, as hulle in sonde volhard, op 'n gepaste manier uit die kerk van Christus uitgesluit of afgesny te word.

Die KKS het korrek geargumenteer dat sensuur op dooplidmate nie toepaslik is nie. Die tug op dooplidmate is beperk tot vermaning; bestraffing of terughouding van die aflegging van geloofsbelydenis. Indien die dooplidmaat egter volhard in die sonde en hom/haar nie aan die vermaning of bestraffing steur nie, kan dit egter nie net daar gelaat word nie.

In sy uitvoerige beredenering (*Sakelys 2017*, bl. 138-140) maak die KKS duidelik dat daar in die gereformeerde kerkreg 'n onderskeid gemaak word tussen doop- en belydende lidmate. Albei is volledig lidmate van die liggaam van die Here; deel in dieselfde heil en staan onder dieselfde verpligting tot gehoorsaamheid. Dooplidmate is egter onvolwasse lidmate, sonder toegang tot die nagmaal, die ampte en stemreg. Die onderskeid word in die toepassing van die tug gehandhaaf.

Met bogenoemde in gedagte, moet daar onthou word dat die eise van die verbond vir beide doop- en belydende lidmaat dieselfde is. Die eise van die verbond is net so bindend op die dooplidmaat as die belydende lidmaat. Omdat gereformeerde kerke deur die eeue hierdie beginsel gehandhaaf het, is twee sake hier van belang:

1. *Die tug oor dooplidmate verskil van die tug oor belydende lidmate. Dooplidmate kan slegs ernstig vermaan word en die aflegging van belydenis kan van hulle weerhou word.*
2. *Omdat die eise van die verbond ook bindend is op dooplidmate, het die kerk die verantwoordelikheid om 'n dooplidmaat wat volhardend weier om aan die eise gehoorsaam te wees, van die gemeente af te sny* (*Sakelys 2017*, bl. 138).

Uit die besluite van gereformeerde sinodes blyk dat die optrede ten opsigte van doop- en belydende lidmate nie vermeng moet word nie. Die KKS wou "hierdie insig van die gereformeerde vaders handhaaf en ook nie praat van ekskommunikasie van dooplidmate ... nie. Daar moet eerder verwys word na 'n 'verklaring van uitsluiting'" (*Sakelys 2017*, bl. 140).

Die kerkraad is bewus daarvan dat die optrede baie selde nodig sal wees. Dit geld ook slegs volwasse dooplidmate, want onvolwasse dooplidmate word, onder die opsig van die ouderlingeraad, onder die ouerlike tug gestel. Die opname van die artikel in die *Kerkorde* en die verklaring in die erediensboek sal die kerk se tugprosedure egter in ooreenstemming bring met die bedoeling van die tug in die Skrif en die belydenisskrifte, en dit is dus 'n gewigtige saak.

AANBEVELINGS:

5.2.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.
5.2.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

Motivering:
Die Kommissie stem saam met die motivering van die beswaarskrif.

5.3 RING VAN MOOT-SENTRAAL: BESWAARSKRIF TEEN SAMESTELLING VAN SINODALE KOMMISSIES

Beswaarskrif teen die lasgewing van permanente sinodale kommissies (*Kerkorde 2018*, bl. 164) en Ordereëls vir kerklike vergaderings (*Kerkorde 2018*, bl. 75, pt. 28.3) met betrekking tot geëmeriteerde leraars van die AP kerke.

Aanbeveling: Die Sinode besluit om die lasgewing van permanente sinodale kommissies te wysig sodat geëmeriteerde leraars op permanente sinodale kommissies kan dien.

Huidige redaksie:

2. Samestelling

Sinodale kommissies word:
2.1 saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode;
2.2 wat leraars betref, saamgestel uit nie-geëmeriteerde leraars van die AP Kerk;
2.3 ouderlinge, wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode;
2.4 Die Kommissie mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die Kommissie van advies te bedien.

(*Kerkorde 2018*, bl. 164, pt. 2)

EN

Ordereëls vir kerklike vergaderings:
28.3 Wanneer 'n leraar emeriteer, kan hy nie meer op 'n sinodale kommissie dien nie en word die sekunduslid opgeroep.

(Ordereëls vir kerklike vergaderings, *Kerkorde 2018* bl. 75, pt. 28.3)

Nuwe redaksie:

2. Samestelling

Sinodale kommissies word:
2.1 saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode;
2.2 Ouderlinge, wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode;
2.4 Die Kommissie mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die Kommissie van advies te bedien.

Skrap: Lasgewing van Permanente Sinodale Kommissies (*Kerkorde 2018*, bl. 164, pt. 2.2 en Ordereëls vir kerklike vergaderings, Ordereël 28.3).

Motivering:
1. Emeriti word op verskeie maniere deur die kerkverband gebruik en ondersteun. 'n Beduidende bedrag van die gemeentelike 15%-bydraes word aangewend om emeriti te ondersteun ten opsigte van mediesefondsbydraes en ander hulp.

2. Talle emeriti bedien die Woord in plaaslike kerke en hulle word bevoeg geag om dit te mag doen, maar kan nie tans op sinodale kommissies dien nie. Dit blyk inkonsekwent te wees.

3. Talle emeriti het waardevolle ervaring, kundigheid en wysheid wat verlore gaan as hulle nie op kommissies kan dien nie.

4. Ouderlinge wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode (*Kerkorde*, bl. 167, pt. 2.3). Die huidige besluit dui op 'n inkonsekwentheid teenoor die leraar wat emeriteer, aangesien hy onmiddellik vervang moet word met die sekundus.

5. Swaar sinodale verpligtinge rus op 'n kwynende getal voltydse leraars. Emeriti kan 'n waardevolle bydrae lewer om die las op die voltydse leraars te help verlig deur op sinodale kommissies te dien.

6. Die emerituspredikant kan ten volle afgevaardig word na die ring en die sinode (*Kerkorde 2018* art. 36.1 en 38.1). As ’n afgevaardigde lid met volle sittingsreg, op grond waarvan kan hy nie op ’n kommissie dien nie? Dit blyk inkonsekwent te wees.

AANBEVELINGS:

5.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.3.3 Die Sinode besluit om Lasgewing van Permanente Sinodale Kommissies, punt 2.2 uit te brei:

“wat die leraars betref, saamgestel uit nie-geëmeriteerde leraars van die AP kerke. Leraars op kommissies wat wel emeriteer (art. 20), of status behou kragtens art. 17.3.1 en 17.3.2 en art. 19, dien tot en met die volgende sinode.

Indien leraars om mediese redes emeriteer, kan hulle by die kommissie aandui of hulle as vol lede wil aanbly, of gekoöpteer kan word.

Indien ’n leraar status verloor, word ’n sekundus opgeroep.”

5.3.4 Die Sinode besluit om Ordereël 28.3 te skrap.

Motivering:

1. Die Sinode van 2007 het die besluit geneem dat permanente kommissies saamgestel moet word uit nie-geëmeriteerde leraars om jonger leraars blootstelling aan kommissies te gee. Die kundigheid van emeriti kan steeds benut word deur koöptering. Dit is met ander woorde ’n praktyk wat vanaf 2007 gevolg word.

2. In 2017 het ’n gelykluidende beswaarskrif van AP Kerk Newcastle oor die samestelling van kommissies nie geslaag nie, maar die Sinode het kommissies aangemoedig om emeriti te koöpteer soos nodig.

3. Ten tye van die opstel van hierdie verslag was daar 57 emeriti met ’n gemiddelde ouderdom van net oor die 77 jaar.

4. Van die jonger emeriti het juis geëmeriteer weens mediese redes.

5. Die gebruik van emeriti op kommissies sal nie noodwendig ’n kostebesparing op die begroting meebring nie.

6. Die gebruik om onmiddellik ’n sekundus op te roep wanneer ’n leraar emeriteer, is inderdaad inkonsekwent in vergelyking met ’n ouderling wie se dienstermyn verstryk, maar tot die volgende sinode dien.

5.4 AP KERK BRONKHORTSPRUIT: BESWAARSKRIF OOR "VOLWAARDIGE"

Beswaar:
Die kerkraad van die AP Kerk Bronkhorstspruit maak beswaar teen die gebruik van die woord **"volwaardige"** in die formulier vir die openbare belydenis van geloof. Onder die opskrif: BELYDENISAFLEGGING word gestel:

"Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as **volwaardige**, belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat te word."

Die kerkraad stel voor dat die woord **"volwaardige"** weggelaat word sodat die sin lees:

"Die ouderlingeraad het met vreugde daarvan kennis geneem dat u begerig en gereed is om as belydende lidmate van hierdie kerk toegelaat te word."

Motivering:
Dit is nie die aflegging van belydenis wat toegang tot lidmaatskap van die kerk verleen nie. Niemand word anders 'n lidmaat nie, as deur die doop (vgl. HK, v/a 70 en 74; die doopformuliere opgeneem in die *Erediensboek*).

Die doop verleen egter nie gedeeltelike lidmaatskap nie. Deur die doop word ook onvolwasse kinders volwaardige lede van die liggaam van Christus en dus van die kerk. Dat hulle nog onvolwasse is, beteken nie dat hulle nie volwaardige lidmate is nie. Dit beteken wel dat hulle nog onvolwasse lidmate is en daarom nie deel in al die verantwoordelikhede van lidmaatskap nie. Hulle word nie toegelaat om die nagmaal te gebruik nie, omdat hulle nog nie oor die onderskeidingsvermoë beskik wat vereis word nie. Hulle word nie toegelaat om ampsdraers te verkies of in 'n beroepsvergadering te stem nie, omdat hulle nog nie die volwassenheid het om selfstandig te oordeel nie. Hulle word nie onder sensuur geplaas nie, omdat hulle nog nie die volwasse toerekeningsvatbaarheid het wat verlang word nie.

Maar al die skatte en gawes van Christus is volwaardig ook hulle eiendom. Hulle is die kinders van die kerk van die Here – volwaardig lede, soos ons kinders volwaardig lede is van ons huisgesinne. Die aflê van belydenis maak hulle nie meer of beter of anders lede van die liggaam van die Here as die doop nie. Dit bevestig slegs dat hulle nou as volwasse lidmate aan al die voorregte en verantwoordelikhede van lidmaatskap deel het soos dit by volwassenes hoort.

AANBEVELINGS:

5.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.4.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

Motivering:
Die Kommissie stem saam met die motivering van die beswaarskrif.

5.5 RING VAN BRANDFORT: BESWAARSKRIF OOR WIE MAG IN DIE AP KERK PREEK?

Handelinge 2010, bl. 245, pt. 1.4:

1.4 *'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/ NH Kerk/ Geref. Kerke – slegs by wyse van* ***hoë uitsondering****, en as* ***tydelike maatreël*** *– mits dit geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium. Sodanige toestemming deur die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium moet skriftelik geskied ná behoorlike skriftelike motivering. Hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie;*

Verander na:

1.4 *'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/ NH Kerk/ Geref. Kerke – slegs by wyse van hoë uitsondering, en as tydelike maatreël – mits dit geskied met die goedkeuring* ***van 'n kerkraadsvergadering, waartoe die gemeente tot deelname opgeroep is en met die goedkeuring en medewete van die ringskommissie ná behoorlike skriftelike motivering.*** *Hy* ***mag die*** *bediening van die sakramente* ***en*** *die aflegging van geloofsbelydenis en die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig* ***onder die toesig van die plaaslike ouderlingeraad volgens die inrigting van die erediens soos vasgestel deur die kerkraad met die verpligte gebruik van die liturgiese formuliere soos in die Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk vervat;***

Motivering:

1. Die AP Kerk het 'n presbiteriale of gereformeerde kerkregeringstelsel

Die Bybel leer Christus is die Hoof van die kerk (vgl. Efés. 5:23; Kol. 1:18). Hy regeer sy kerk deur sy Gees en sy Woord. In sy regering van die sigbare kerk, maak die Here van ouderlinge gebruik om sy gesag te bedien. Die ouderlinge het die opdrag gekry om die gemeente na die Woord van die Here te regeer, oor hulle toesig te hou, die gemeente te versorg, vir hulle voorbidding te doen en om soos goeie herders die kudde van die Here op te pas (vgl. 1 Tim. 3:1-7; 5:17; Tit. 1:5-11; Hand. 20:28, 29; 1 Petr. 5:2, 3; Jak. 5:14; Hebr. 13:17, vgl. ook *Ontmoetingsgesprek,* bl. 44).

Vanuit bogenoemde beginsel is dit volgens artikel 21 (bl. 23) die opdrag aan die ouderlinge dat hulle verantwoordelik is vir gereelde eredienste en sakramentsbediening. Daarom dat die inrigting van die erediens deur die kerkraad vasgestel word, asook die liturgiese orde van die erediens (art. 42.2, bl. 45). Ook die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering, waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word (art. 11.1, bl. 10).

Dit is die kerkraad wat 'n artikel 19-besluit (*Kerkorde 2018*, bl. 20) moet oorweeg en goedkeur, dit na die ring deurgee en dan die ring wat moet besluit of die band losgemaak moet word. Aansoek om demissie word gedoen by die kerkraad en die ring (art. 20, bl. 22). Volgens artikel 16 (bl. 18) mag 'n bedienaar van die Woord nie in 'n ander AP Kerk (gemeente) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie. Dit is die ouderlingeraad wat ná raadpleging met die ring, 'n belydende lidmaat van die gemeente afsny met die kerklike ban (art. 57.1.3, bl. 56) daarom dat die toestemming/goedkeuring al dan nie aan *'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/ NH Kerk/ Geref. Kerke* om in 'n plaaslike AP Kerk te preek nie berus by die SKK of Kuratorium nie, maar by die plaaslike ouderlingeraad en die ring.

2. Die ouderlingeraad moet bekwaam wees om in die leer van die Skrif te onderrig

Kennis in die leer van die Heilige Skrif en voortdurende ondersoek daarvan is 'n vereiste vir die amp van 'n ouderling, sodat daar oor die suiwere bediening van die Woord en die sakramente toesig gehou kan word. Indien enige iemand, ongeag of dit 'n lidmaat, die bedienaar van die Woord uit die AP Kerk, of enige ander kerk, 'n leer versprei wat in stryd is met die leer van die

Skrif soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid en die ouderlingeraad versuim om op te tree, maak hulle hulself skuldig aan ernstige pligsversuim en moet die tugmaatreëls van artikel 57 gevolg word.

3. God het die sakramente by die Woord van die evangelie gevoeg (NGB art. 33)

In die orde van die erediens stel Kuyper dit duidelik dat "Bij den Gereformeedern Erendienst staat de dienst des Woords met beslistheid op den voorgrond ..."(*Onze Eredienst*, bl. 349).

In sy hantering van die doop, dui hy ook daarop dat die sakramente volg op die bediening van die Woord*:* "Eerst komt de prediking van het Evangelie, en op de prediking volgt de Doop ... Het Sacrament staat niet op zichzelf. Het komt als teeken in ter bezegeling van een beleden waarheid, en daarom is het logische eisch, dat de predicatie voorop blijve gaan" (bl. 384).

Die bediening van die sakramente is nie meer heilig as die bediening van die Woord nie. Volgens Bavinck se definiëring van die gereformeerde verstaan van die sakrament van die nagmaal, is God die Insteller en die Uitdeler:

"Daarom is God in Christus door den Heilige Geest de eenige insteller, maar ook de eenige uitdeeler van het sacrament" (*Gereformeerde Dogmatiek*, bl. 452, vol. 4).

"De Gereformeerden ontkenden nu volstrek niet, dat er in het sacrament eene handeling was. Maar dit was eene verborgene, onzichtbare handeling van Christus, die inwendig in de harten door den Heiligen Geest de genade schenkt. Daartegen ligt bij het sacrament niet de hoofzaak in de handeling van den dienaar, alsof die van zooveel gewicht ware en zelfs eene con- of transsubstantiatie tot stand bracht, maar in het teeken-zijn van het sacrament; het beeldt af en verzekert de handeling van Christus; ja de handeling van den bedienaar van het sacrament, ofschoon eene *actio*, is zelve eene *actio significativa*" (*Gereformeerde Dogmatiek*, bl. 453, vol. 4).

Daarom word die heilige nagmaal gedurende 'n erediens *gelei* deur 'n bedienaar van die Woord (art. 43.2) en daarom steeds onder die toesig van die ouderlingeraad. Omdat 'n mens nie weet watter motiewe of bybedoelings in iemand se hart skuil nie en of iemand die sakrament in sy hart uit gewoonte of bygeloof gebruik nie, dui Kuyper dat dit blyk uit *belydenis* en *leven* (bl. 371) daarvolgens moet die besluit beoordeel word en dit is die *hoogernstige taak van den Kerkraad* midde die gemeente.

Bepaling 43C lui: "Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur (kerklike tug) is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en die toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekers ... van ander erkende gereformeerde kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle by die ouderlingeraad aansoek gedoen het ..." (bl. 47). Daar is nie 'n kwalitatiewe verskil in die persoon wat die nagmaal bedien of gebruik nie, omdat die een wat dit bedien dit ook self gebruik en dus deel is van dieselfde liggaam. Daarom dat daar gemeen word dat dit ongereformeerd is om iemand toe te laat om die Woord te bedien, maar nie toe te laat om die sakrament wat daarby gevoeg is, te bedien nie.

4. Art 20.3: 'n Bedienaar van die Woord wat emeriteer, behou sy status as bedienaar van die Woord (bl. 23) saamgelees met artikel 17.1.

Aangesien 'n bedienaar van die Woord sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is ... (bl. 18).

Is dan net die emeriti uit die AP Kerk die ware bedienaars van die Woord?

5. By Kerkorde *Bylae 1:*
1.4 Die ordereëling bly dat dit *slegs by wyse van* ***hoë uitsondering****, en as* ***tydelike maatreël*** *geld.*

AANBEVELINGS:

5.5.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik
5.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering:
Die ring is in die kol dat die AP Kerk 'n presbiteriale of gereformeerde kerkregeringstelsel het.

Die ring verreken egter nie dat kerkverband die presbiteriale stelsel uniek maak nie. In Handelinge 15 vind ons die wortel van die presbiteriale kerkregering. Hoewel die apostels met buitengewone gesag beklee was om op te tree, roep hulle die vergadering van Handelinge 15 byeen om as voorbeeld van optrede ná hulle dood te dien.

Volgens Kuyper is 'n plaaslike kerk die openbaring van die kerk van Christus, terwyl daar terselfdertyd op 'n ander plek 'n vergadering kan ontstaan wat ook die openbaring van die liggaam van Christus is. Sulke kerke hoort bymekaar in verband.

Die kerkverband kry gestalte wanneer plaaslike kerkrade, *ouderlinge* afvaardig na 'n meerdere vergadering van die ring en sinode. Hierdie vergaderings word nie meerdere vergaderings genoem omdat dit 'n hoër vergadering is as die plaaslike kerkraad of ouderlingeraad nie, maar omdat meer as een plaaslike kerkraad vergader. Tydens hierdie meerdere vergadering is dit *ouderlinge* wat gesamentlik besin en besluit oor algemene sake.

Die plaaslike kerk se gesag is begrens, "*res particularia*", tot sake binne haar gemeentegrense. Die kerkverband se gesag gaan oor algemene sake, "*res generalia*". Dit is sake soos Bybelvertaling, belydenisskrifte, liturgie, die opleiding en toelating van predikante en die *Kerkorde* as die akkoord van die kerke in kerkverband.

Kerkverband het juis daarmee te doen dat verskillende plaaslike kerke saam in sinode op die grondslag van God se Woord ordereëls opstel. Wie in die AP Kerk mag preek, is 'n algemene saak en nie beperk tot 'n gemeente se grense nie.

In ons kerkverband word Sinodale Kommissies aangewys wat sake hanteer soos deur die sinode aan 'n kommissie opgedra word (kyk *Kerkorde 2018*, Lasgewing van Permanente Sinodale Kommissies, Afdeling A – Algemene Bepalings en Afdeling B – Algemene Lasgewing). Die Kuratorium (Afdeling H) is die Sinodale Kommissie aan wie dit opgedra is om uitvoering te gee aan die bepalings van artikels 9 en 10 van ons *Kerkorde*. Die sinode stel juis 'n kommissie (Kuratorium) aan wat moet seker maak dat aansoekers in leer en lewenswandel getrou is en die etos van die AP Kerk onderskryf.

Die logiese gevolg en uitwerking van die ring se voorstel sal wees dat gemeentes aan predikante van ander kerkverbande voorregte verleen waarvoor "status" binne die AP kerkverband nodig is, sonder behoorlike oorsig deur die kommissie wat die opdrag daartoe het. Dit kan verreikende gevolge vir gemeentes en die kerkverband inhou.

Daar moet gewaak word dat ons meer neig na die kollegiale kerkregeringstelsel waar die sinode en kerkverband bloot net gesien word as 'n vereniging of genootskap waaraan 'n plaaslike gemeente

behoort. Die kerkregering waarvan die sinode deel is, word tot 'n blote bestuursliggaam vir die genootskap verlaag. Die uitgangspunte van die ring toon eerder trekke van independentisme as gereformeerdheid, aangesien plaaslike gemeentes onafhanklik blyk te wees van soortgelyke gemeentes wat elders vergader.

Die ongelukkige werklikheid is dat predikante van die ander kerke dit regkry om ingeburger te raak by 'n gemeente wat lank nie net 'n tydelike maatreël van hoë uitsondering is nie. Hulle stel ook glad nie belang om van hul huidige status van 'n ander kerkverband afstand te doen en by ons Kuratorium om status aansoek te doen nie. Dit het ongelukkig ook al gebeur dat gemeentes wat op 'n gereelde basis deur leraars van ander kerkverbande bedien word, verlore raak vir die AP kerkverband.

5.6 RING VAN MIDDELBURG: BESWAARSKRIF OOR "STATUS"

BESWAARSKRIF/BESKRYWINGSPUNT

Die Ring van Middelburg is nie seker of dit as beswaarskrif of beskrywingspunt na die sinode gestuur moet word nie. Dit druis nie in teen enige besluit nie, maar het slegs die bedoeling om die terminologie in die besluit(e) in lyn te bring met die kerk se ampsbeskouing. Derhalwe word nie al die besluite waarin die term voorkom, aangehaal nie. Slegs enkeles word vermeld.

Beswaar:

Die Ring maak beswaar teen die gebruik van die term **"status"** wanneer daar verwys word na 'n proponent of predikant in ampshoedanigheid. Dit kom onder meer voor in artikel 10.2 **"... toekenning van status aan proponente ... Die status van bedienaar van die Woord ..."**; in artikel 10.3 **"... verbeur hy sy status ...**" en artikel 10.5 **"... vir behoud van predikantstatus".**

Op dieselfde wyse word **"status"** gebruik in artikels 17.2; 17.3.1; 17.3.2; 17.4; 19; 20; en talle ander plekke in die *Kerkorde*; sinodebesluite; die lasgewing van die Kuratorium; en meer.

Voorstel:

Die Ring stel voor dat die term **"status"** in die *Kerkorde*, die lasgewing van die Kuratorium en op ander ter sake plekke voortaan vervang word met 'n meer gepaste term.

Die term **"proponentstatus"** kan vervang word met **"proponentsvoorreg"** en **"predikantstatus"** en **"status"** kan vervang word met **"ampsvoorreg(te)"** of **"bedieningsvoorreg(te)".**

Motivering:

Die AP Kerk se ampsbeskouing ken geen ampshiërargie nie. Die ampte is gelyk en alle gelowiges staan in ampsdiens as profete, priesters en konings.

In algemene taalgebruik word die begrip "status" egter dikwels geassosieer met 'n posisie; 'n aansien wat verwerf of gegee is; 'n rangorde van belangrikheid. Voorbeelde: Die pos van hoofregter gee aan 'n regsgeleerde hoë **status**. Die besturende direkteur is bewus van sy **status**.

Dit word ook gebruik om die stand of staat van iets of iemand aan te dui. Voorbeelde: Wat is die **status** van die ondersoek? Die huwelik**status** van die aansoeker is van belang. Dit word ook gebruik om die regsposisie van 'n persoon of instansie aan te dui. Voorbeelde: Die nuwe ontwikkeling het **dorpstatus** verkry. Daar is **vlugtelingstatus** aan die ontworteldes uit Mosambiek toegeken.

'n Predikant het egter nie **status** omdat hy predikant is nie. Predikantskap, al is dit 'n voortreflike werk, is nie 'n verhewe posisie nie; dit gee nie sosiale aansien nie; en dit verhef 'n persoon nie bo enige ander nie. Inteendeel: Vir die predikant geld dit dat hy in die eerste plek 'n dienskneg is; dat hy nederig staan voor God en mens; dat hy nie sy eie eer soek nie, maar God verheerlik deur sy arbeid. Daarom is dit in stryd met die gereformeerde ampsbeskouing indien **predikantstatus** na sosiale posisie sou verwys.

Die ampsbeskouing in die gereformeerde tradisie is deur en deur funksioneel. Dit is 'n dinamiese en nie 'n statiese ampsbeskouing nie. Daarom kan 'n persoon slegs in die amp dien – hy verkry geen staat of stand daardeur nie. Wanneer hy beroep en bevestig is as predikant, word hy nie in die **staat** of **status** van predikantskap bevestig nie. Hy word tot die diens van die verkondiging van die Woord bevestig. Daarom verneem ons ook nie van **ouderlingstatus** of **diakenstatus** of **lidmaatstatus** nie, omdat hulle nie in 'n statiese posisie gestel word nie, maar in 'n dinamies-werksame roeping. Die beskouing dat die amp iemand tot 'n ander staat verhef, is tuis in die Roomse tradisie met sy ampshiërargie. Daar is dit moontlik vir iemand om die status van biskop of aartsbiskop of kardinaal of iets dergeliks te verkry (en in die verlede selfs te koop of te erf) sonder om ampswerk te verrig.

Predikantstatus of **proponentstatus** is ook geen regsposisie nie. Daar is hoogstens sprake van **lidmaatskapstatus**, wat erkenning gee daaraan dat iemand regtens lidmaat van 'n AP Kerk is.

God roep 'n mens tot die voorreg van arbeid in sy wingerd. Dit geld van alle gelowiges. Die besondere ampte is net maar die roeping tot besondere diens; dit is 'n besondere voorreg wat God gee. In dié diens kan 'n mens egter nie staan nie as hy nie wettig daartoe geroep is deur 'n gemeente nie. Die Kuratorium gee nie aan 'n proponent enige status nie, maar verleen die voorreg dat hy in die kerk voorgestel word vir diens as predikant – dus proponentsvoorreg. Eers wanneer hy in die amp bevestig is, word hy tot die volle bedieningsvoorreg(te) toegelaat. Die gemeente verleen nie aan die leraar status nie – al is hulle aan hom agting verskuldig. Maar dit is niks meer nie as die agting wat aan 'n getroue en goeie werker verskuldig is. Deur hom te beroep, verleen die gemeente aan die proponent of dienende predikant die voorreg om sy dienswerk in hulle midde tot eer van God en heil van die kerk te doen. Hy is dus slegs 'n lidmaat van die kerk wat die voorreg van die bediening van God se Woord smaak – dus bedieningsvoorreg(te) ontvang het in die besondere amp. Daarom het hy ampsvoorreg(te), maar geen posisie nie.

Ten einde die misverstand dat 'n predikant in 'n hiërargies hoër amp staan, wat deur die gebruik van die woord **status** aangedui word, behoort die woord vermy te word. Net so behoort dit vermy te word dat die predikant 'n statiese posisie het; dat hy in 'n bepaalde staat geplaas is van predikantskap. Die woord **status** werk ook mee tot hierdie misverstand. Daarby moet gewaak word teen die opvatting dat 'n persoon wat as predikant dien, daarmee 'n regsposisie verwerf het. Dit kom voor asof predikante wat uit die amp onthef word, dit beleef asof daar onreg aan hulle gedoen word omdat hulle die **status** verloor, eerder as dat hulle hartseer is omdat hulle die voorreg van besondere dienswerk verloor.

In die jongste kerkordes van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die begrip **status** vervang, omdat elke sweem van hiërargie in die ampsbeskouing vermy word. Dit lyk van pas dat die Afrikaanse Protestantse Kerk, wat 'n baie sterk anti-hiërargiese ampsopvatting huldig, ook in haar *Kerkorde*, sinodebesluite en kerklike lewe die woord **status** en alle verkeerde opvattings wat deur die woord bevorder word, sal vervang met iets meer gepas.

AANBEVELINGS:

5.6.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

5.6.2 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie gehandhaaf word nie.

Motivering:

1. Die begrip "status" word in 'n bepaalde tegniese en omskrewe konteks binne die AP kerkverband en haar geskrifte gebruik.

2. Hierdie konteks word soos volg verwoord in die omskrywing van die begrip in die konsep *Kerkregtelike Woordeboek (Verklarings, Beginsels, Verduidelikings en Toepassings)* wat voor die Sinode van 2017 gedien het:

Status

Die waarde wat God aan 'n amp toeken.

In die kerk beteken "status" dat 'n ampsdraer in 'n ander hoedanigheid as die lidmate in die kerk dien. Een se status is dat hy 'n diaken is, 'n ander s'n ouderling, nog een predikant.

Al die lidmate van Christus se kerk, beklee die "amp van gelowige".

In die Kerkreg beteken "status" nie dat die persoon 'n vername of hoë posisie in die samelewing of kerk het nie. Hier gaan dit nie om bekwaamheid nie, maar om volmag te hê (kyk "Bevoegdheid"). In die samelewing geniet byvoorbeeld mediese dokters, burgemeesters, ministers, ensovoorts, hoë status. Maar in die kerk van die Here gaan dit nie om die eer van mense nie. Die Here roep elkeen tot 'n taak. In die kerk wys "status" ook op die waarde wat die Here aan elke amp toeken.

Ampsdraers is sy dienaars. Die ouderlinge, byvoorbeeld, heers nie oor die gemeente nie, maar bedien Christus se gesag. Wanneer 'n ouderling byvoorbeeld nie meer in sy amp dien nie, is sy "status" 'n lidmaat in die gemeente – dan staan hy net in die "amp van gelowige".

3. Indien dit nodig sou wees dat "elke sweem van hiërargie in die ampsbeskouing vermy (moet) word" ten einde misverstande rakende die aan- of afwesigheid van ampshiërargie te voorkom, sou dit byvoorbeeld nodig wees om weg te doen met die onderskeid in die beskrywing van die ampte as profeties, priesterlik, koninklik of algemeen, omdat hierdie onderskeid daartoe kan lei dat mense in die omgang mag dink dat die koninklike amp van die ouderling hiërargies hoër is as byvoorbeeld die priesterlike amp van die diaken, die profetiese amp van die bedienaar van die Woord of die algemene amp van die gelowige. Dit is tog immers moeilik om jou voor te stel dat daar iemand is met 'n hoër amp as 'n koning. Indien hierdie toets dus op die Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge en Diakens toegepas sou word, sou dit gewysig moes word om weg te doen met die begrippe "priesterlik" en "koninklik". Daar sou selfs geargumenteer kon word dat die onderskeid tussen die drie "besondere" ampte" en die "algemene" amp (van die gelowige) onhoudbaar is, want in die omgangstaal is iets wat as "besondere" beskryf word, tog normaalweg "meer uitstaande" as iets wat as "algemene" beskryf word.

4. Hierdie voorbeelde word genoem om aan te toon dat die wegdoen met begrippe wat buite konteks verstaan mag word, baie maklik kan ontaard in verraderlike terrein waarin 'n mens verswelg kan word. 'n Ekstreem-absurde voorbeeld sou wees dat die onderskeid tussen Vader, Seun en Heilige Gees in die Drie-Eenheid onhoudbaar is, vanweë die opvatting dat die begrip

"Vader" 'n hoër status verleen as die begrip "Seun" omdat daar in die omgangstaal meer respek aan die konsep van "vader" betoon word as aan die konsep van "seun", en dat mense wat dit buite konteks verstaan, daardeur mislei mag word.

5. Om die begrip "status" in 'n bepaalde konteks, byvoorbeeld in die konteks van die Kuratorium wat "status" aan 'n student verleen sodat hy as proponent gelegitimeer mag word, te vervang met die voorgestelde begrip "voorreg", is potensieel erg problematies: Wanneer die Kuratorium "status" aan 'n student toeken, word dit gedoen omdat die student die Kuratorium oortuig het dat hy aan alle akademiese, persoonlike, geestelike, karakter- en ander vereistes daarvoor voldoen, en dat hy daarom (ten minste in 'n regskonteks) "geregtig" is op die toekenning van status. Indien die begrip "status" nou in hierdie konteks vervang sou word met die begrip "voorreg", skep dit onmiddellik die skyn dat die Kuratorium arbitrêr kan weier om die voorreg te verleen, ten spyte van die feit dat die student aan elke denkbare vereiste van die Kuratorium mag voldoen, want 'n voorreg is in die omgangstaal net dit: iets wat gegee en weggeneem kan word sonder rede. Dit sou 'n onbedoelde gevolg van die voorstel wees.

6. Wanneer die begrip "status" binne die konteks van sy betekenis in die AP Kerk gebruik word, is daar ook geen sprake daarvan dat dit verwant is aan die Roomse tradisie dat 'n amp iemand na 'n ander staat verhef nie.

7. Om hierdie redes is daar geen nodigheid om met die begrip "status" soos dit tans in die AP Kerk gebruik word, weg te doen nie.

8. Daarbenewens is die begrip "status" reeds so ingeburger, dat dit waarskynlik 'n geslag van predikante, ouderlinge, diakens en lidmate in die AP Kerk sal neem voordat die gebruik van die woord uitsterf, selfs al sou dit uit die kerklike geskrifte uitgeskryf word.

5.7 BESWAARSKRIF KKS: PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (*Handelinge 2017* bl. 350, pt. 4.8.3. Kyk ook **PK-verslag pt. 4.14**, bl. 221)

Huidige redaksie:

4.8.3 Die Sinode gee opdrag aan die PK om, in samewerking met die betrokke kommissie verantwoordelik vir 'n bepaalde studiestuk(ke), alle vorige studiestukke inhoudelik te beoordeel met die oog op moontlike publikasie. Sodanige studiestukke sal in 'n elektroniese bundel, tesame met 'n behoorlike indeks, as 'n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar gestel word.

Nuwe besluit:

1. Die Sinode versoek elke betrokke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, om 'n bepaling te maak van watter studiestukke hulle reken die kerkverband se standpunte oor bepaalde sake duidelik stel, aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring vir publikasie.

2. Die Sinode gee opdrag aan die PK om goedgekeurde studiestukke van elke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, sowel as ander studiestukke waarvan vroeër net kennis geneem is, maar by later geleentheid deur 'n sinode goedgekeur is, in 'n elektroniese bundel, tesame met 'n behoorlike indeks, as 'n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar te stel.

Motivering

1. Die Sinode moet self studiestukke goedkeur om as sinodale studiestukke gepubliseer te kan word. 'n Kommissie kan dit nie namens die Sinode doen nie.

2. Van baie van die studiestukke wat deur die loop van jare by vorige sinodes voorgelê is, is net kennis geneem en nie deur die onderskeie sinodes goedgekeur nie.

3. Sodra studiestukke deur ’n sinode goedgekeur is, kan dit as sinodale publikasie aangebied word.

AANBEVELINGS:

5.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik

5.7.2 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

5.7.3 Die Sinode versoek elke betrokke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, om ’n bepaling te maak van watter studiestukke hulle reken die kerkverband se standpunte oor bepaalde sake duidelik stel en dit aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring vir publikasie.

5.7.4 Die Sinode gee opdrag aan die PK om goedgekeurde studiestukke van elke kommissie wat alreeds studiestukke aan die Sinode voorgelê het, sowel as ander studiestukke waarvan vroeër net kennis geneem is, maar by ’n latere geleentheid deur ’n sinode goedgekeur is, in ’n elektroniese bundel, tesame met ’n behoorlike indeks, as ’n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar te stel.

5.8 BESWAARSKRIF VAN BR. IRVING DE SWART – ARTIKEL 3

Ek, Irving de Swardt, lid van die AP Kerk Jeffreysbaai maak beswaar teen artikel 3 van die *Kerkorde*, 3.2, 3.3 Die sub-artikels 3.2 en 3.3 lui as volg;

Artikel 3: Kerk en kerklidmaatskap

3.2 Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met die blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse Kerk in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hul kinders lidmaatskap van ’n plaaslike kerk(gemeente) verkry.

3.3 Die Here leer ons in Génesis 11, Deuteronómium 32:8, Handelinge 2:8, Handelinge 17:26, Openbaring 7:9, Openbaring 21:24 en 26, Openbaring 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Elke AP Kerk wil ’n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk naas ander volke, van watter kultuur hulle ook mag wees.

Die verinheemsing en God se wil vir volke word ook goed in Handelinge 14:16-17 demonstreer.

Die Bybel oor volk en nasie

Die AP Kerk se *Kerkorde* artikel 3 gee al die Skrifgedeeltes wat handel oor God se skeppingswerke ten opsigte van volk en nasie en dat God Hom tot in die fynste besonderhede bemoei met die onderhouding van sy skepping (vgl. Mt. 10:29-30). Abraham Kuyper, Nederlandse teoloog, leer dat daar nie ’n enkele duim van die lewe bestaan wat nie onder Christus se gesag val nie.

Volke is deur God geskep en Hy het in tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hul eie weë sou wandel en God het Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul (vgl. Hand. 14:16-17). God het volke toegelaat om te ontwikkel en elkeen om sy uniekheid gestalte te gee in kultuur, taal, kleur en lewensbeskouing. En alles het God se goedkeuring weggedra en Hy het dit so uitermate geseën dat God die geredde nasies se eer en heerlikheid in die Godstad sal inbring (vgl. Openb. 21:24, 25, 26, 27) Daar bestaan dus geen twyfel dat God nasies gewil en geseën het nie.

God het die verskeidenheid van nasies in hul uniekheid tot sy eer en heerlikheid geskep en hul goeie werke het Hom verbly.

Die Afrikaner het van die vroegste tye homself in stand en status eenkant van sy slawe en ander gekleurdes gehou. Die Britse Setlaars was verbied om slawe aan te hou en status en stand was 'n kleiner probleem. As slawe geëvangeliseer en gedoop is, is hulle en die blankes as "geloofsgelykgestel" deur die kerk beskou. Dit het sosiale wrywing veroorsaak en die kommersiële waarde van gedoopte slawe het gedaal met gevolg dat die Afrikaners nie hul slawe laat doop het nie. Dit was die begin van segregasie en vestiging van die latere lokasiestelsel deur die Britse owerhede. Suid-Afrika het 'n geskiedenis dat blank en nie-blank tot vandag nie in harmonie verkeer het nie. Die wortels van apartheid het oor eeue gekom.

Afrikanernasionalisme en Calvinisme het in die 20ste eeu onder Abraham Kuyper se invloed as sogenaamde neo-Calvinisme gekoppel geraak en daar is gepoog om Bybelse begronding vir apartheid te vind (*Die geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*, red. Fransjohan Pretorius, 2012, 445). Vir die Afrikaner het alles om behoud van 'n klein volkie gegaan en Bybelse waarhede is in uitleg gewaninterpreteer om die nasionalisme te pas (Hermann Giliomee, "Die vrees vir gelykstelling," in *Die Afrikaners,* 2010, hfst. 3).

Wat sê die Bybel?

Paulus het op al sy sendingreise gemeentes gestig tussen mense van baie verskillende etniese afkoms. Niemand is van die gemeentes uitgesluit nie en taal was nooit 'n hindernis nie, want Paulus was baie tale magtig. Taal in SA sal geen probleem wees in gemengde gemeentes nie: die tale sal wees Afrikaans, Kaaps en Engels.

Paulus het volk, etnisiteit, status en kultuur van geen waarde in die bediening van die evangelie gevind nie en sy eie volkskarakter agtergelaat en dit as drek beskou (vgl. Filip. 3:4-9; Gal. 3:28,29). Jood, Griek, slaaf of vryman bestaan nie meer nie, maar in Christus is almal Abraham se nageslag en erfgename volgens die belofte (vgl. Efés. 2:11-22),julle (bekeerde heidene) is nie meer vreemdelinge nie, maar medeburgers en huisgenote van God (vgl. Kol 3:9-11),beklee julle met die nuwe mens vernuwe tot die beeld van die Skepper. Daar is nou nie meer Griek, Jood, besnedene, onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman, maar Christus is alles en in almal. Geslagsregisters, die kulturele fondament vir die herkoms van 'n volk het hy as praatjies afgemaak wat tot twiste lei en van geen waarde in die bediening is nie (vgl. Tit. 3:9 en 1 Tim. 1:4). Paulus, om siele vir Christus te wen, steur hom so min aan aardse sake soos volkskap en afkoms dat hy selfs sy mantel draai (vgl. 1 Kor. 9:20-22) om siele vir Christus te wen.

Hoe moeilik kan dit nou wees om bogenoemde self in die Bybel te lees en glashelder te verstaan dat volkskap, herkoms en kultuur deur God gewil en verheerlik is, maar nooit bedoel was om die evangelie anders voor te stel nie en beslis nie om segregasie in gemeentes te veroorsaak nie. Paulus noem verkondigers van 'n verdraaiing van die evangelie 'n vervloeking (vgl. Gal 1:7-9).

Deur die hardheid van hart, is die reformasie in Suid-Afrika geskeur in 'n sending- en blanke kerk in 1881. Die blanke vooroordeel het oor die Bybel geseëvier en die NG Kerk het by die 1857 Sinode die gelykstelling van gelowiges verwerp, afsonderlike aanbidding aanvaar met 'n blanko tjek aan die "magtiges en trotses" om die swakkes en kwesbares uit te sluit; juis daardie mense oor wie die kerk die meeste besorg moet wees. (vgl. Mt. 25:31-46 en veral vers 40).

Hierdie boodskap kan u in detail nalees in Giliomee se boek: die twyfelagtige manier hoe die Sendingkerk ontstaan het (die Sendingkerk bestaan nie meer nie en is weer tot sy eertydse status herstel en het eenheid in reformatoriese kerkverband met die Kerk van Afrika gevind, soos dit in die familie van Christus hoort). Die Gereformeerde en Hervormde Kerke is ook afgestig van die NGK in 1839 en 1832 oor redes wat nie die verskeuring van die liggaam van Christus regverdig nie. Die vroomheid moes swig voor die hardheid. Alles gedokumenteer in Hermann Giliomee se *Die Afrikaners*.

Die AP Kerk het op die NG Kerk se pad voortgegaan nadat daardie kerk geskeur het in die AP Kerk en NG Kerk. In 1986, ná die Cottesloe-beraad in 1960, het die NG Kerk haar skuld aan apartheid bely en in 1990 met die belydenis dat apartheid 'n dwaling en sonde was, met verskeie gereformeerde kerke bevestig.

Die AP Kerk, soos in haar *Kerkorde*, volhard met die vroeëre NG Kerk se Bybelse dwaling en poog om in *Skriflig op Volk en Kerk* met "Bybelse" verklarings en verduidelikings regverdiging te kry vir die behoud van Afrikanernasionalisme ten koste van die Bybel, die evangelie en die kerk van Christus. Dit gaan die verstand te bowe dat die eenheid van Christus se liggaam in AP Kerk as gevolg van die AP Kerk se "blank verklaring", goedsmoeds geskeur of nog erger by implikasie as 'n "blanke eenheid" verklaar is. Die sakramente is as gevolg van die AP Kerk se "blankheid" (apartheid) net vir blankes. Moenie sê wat die sinode voorgeskryf het nie; wat gebeur in die praktyk? In ons kerk is gekleurdes wat verdwaal was, ter nouernood uit die kerk gegooi. In ander kerke het dit gebeur. Nasionalisme in die AP Kerk is soos die NG Kerk in die apartheidstyd steeds verstrengel met Bybelse waardes. Is dit nie vreemd dat die AP Kerk die enigste gereformeerde kerk is wat volksnasionalisme so sterk aanhang dat sy rasseseleksie toepas nie? Sê dit nie op sigself iets baie negatief van ons kerk en haar Woordverkondiging nie?

God kan nooit hiermee tevrede wees nie. Om die volk te verhef bo die Bybel se voorskrifte, is afgodery en sektaries. Hierdie hardheid van hart by blankes wat sy oorsprong in die geringskatting van ons naaste (tweede gebod) sedert Jan van Riebeeck se tyd het, sal strafbaar wees. Ons huidige landsituasie in ag genome, hoe kan ons verseker wees dat dit nie God se oordele is om ons onder ons vorige vertraptes se heerskappy met al die tragiese gevolge te plaas nie?

Oplossing: Hervorm en bely ons dwaling, verwerp artikel 3 van die *Kerkorde* en begin om Christus se liggaam te herstel deur met die Hervormers en Gereformeerdes te begin en dan met die VGK. Oppas nou weer vir die slagyster om Bybelse waarhede wat in die guns van die gewaande VGK opposisie is, af te maak as politiek. Geloofsake is al baie maal as politiekery afgemaak en sal dit sekerlik deur God verreken word. Herstel die breuke as daar nie ander onbybelse beletsels bygekom het nie. Die NG Kerk ongekwalifiseerd met hul weifeling oor selfdegeslaghuwelike, moet eers daardie probleem uitsorteer aangesien daardie probleem so sondig is dat dit die NG Kerk diskwalifiseer.

Daar moet gepoog word om die sondes van die verlede te bely, vergifnis te verkry en geskeurde Afrikaanse gereformeerde kerke te heel as hulle nog op die suiwer evangelie staan. Watter vreugde sal daar nie in die hemel heers as ons die naasteliefdegebod so biddend sy plek naas die Eerste Gebod in ons samelewing en kerke gee nie (vgl. Mt. 25:31-46)!

Daar sal weerstand wees. Die duiwel sal definitief pla, maar as ons hom weerstaan en ons saak aan die gemeentes verduidelik, sal hy wyk (vgl. Jak. 4:7).

AANBEVELINGS:

5.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.8.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering

Hoewel die bogenoemde beswaarskrif handel oor artikel 3 van die *Kerkorde 2018*, het dit ook betrekking op die sinodale publikasie: *Skriflig op kerk en volk*, tweede (hersiene) uitgawe 1998. Hierdie publikasie is die kerkverband se standpunt oor die aangeleentheid.

Die beswaarskrif skiet die kerkverband se standpunt af, maar slaag nie daarin om die hele saak oor gesamentlike aanbidding en sigbaarwording van kerklike eenheid onder verskillende volke en tale in die wêreld te weerlê, soos wat dit in *Skriflig op kerk en volk* geformuleer en uiteengesit is nie.

In die genoemde publikasie word die verskeidenheid binne die eenheid breedvoerig uiteengesit (kyk Afdeling 2).

Dat plaaslike gemeentes ontstaan onder 'n volk en taal is geen nuwe verskynsel nie (kyk *Skriflig op kerk en volk*, bl. 47 pg. 222). Dit het nie eers hier aan die suidpunt van Afrika gebeur nie en is daarom nie uniek aan Suid-Afrika nie. Reeds in 1563 het Waalse gemeentes 'n eie sinode gehou afsonderlik van Nederlandse gemeentes.

Die Kerkordes van Dordrecht (1578) artikel 46, Middelburg (1581) artikel 36, Den Haag (1586) artikel 46 en Dordtrecht (1619) artikel 51 en 52, reël die kerkwees van Nederlands- en Waalsprekende gemeentes.

- ***Art. 51:*** *Alsoo inde Nederlandê tweederley spraecke gesproken wert is voor goet gehouden dat de Kercken der Duytscher ende Walscher tale op haer selven harê Kercken-Raet Classicale vergaderingen ende particuliere Synoden hebben sullen.*
- ***Art. 52:*** *Is niet te min goet gevonden dat in de Steden daer de voorsz Walsche Kercken zijn alle Maenden sommighe Dienaren ende Ouderlingen van beyde zijden vergaderen zullen om goede eendraght eñ correspondentie met malcanderen te houden eñ soo veel moghelijck is na gelegentheydt des noodts met rade malcanderen by te staen.*

Hierdie gemeentes was aan mekaar verbonde, maar as gemeentes met eie taal en kultuur het hulle afsonderlik vergader en gefunksioneer. Die kerk bly een kerk en word nie nou 'n veelheid van kerke nie. Die een kerk vergader as plaaslike gemeentes op verskillende plekke en tye en in verskillende tale en kultuur. So wil die Afrikaanse Protestantse Kerk in plaaslike gemeentes vergader binne 'n eie taal en kultuur, sonder enige voorbehoud teenoor enige ander taal en kultuur, sonder om daarvoor veroordeel en verketter te word.

5.9 BESWAARSKRIF AP KERK PRETORIA-OOS TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 3

Die kerkraad van die AP Kerk Pretoria-Oos wil graag 'n beswaarskrif indien oor die huidige redaksie van artikels 3 en 64 van die *Kerkorde* en versoek dat die huidige redaksie met die voorgestelde bewoording vervang word.

Huidige redaksie van artikel 3:

3.1 Die kerk van Christus is die vrug van die werk van die drie-enige God onder die koningskap van Christus.

3.2 Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (vgl. Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

3.3 Die Here leer ons in Génesis 11, Deuteronómium 32:8, Handelinge 2:8, Handelinge 17:26, Openbaring 7:9, Openbaring 21:24 en 26, Openbaring 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Elke AP Kerk wil 'n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk naas andere volkere, van watter kultuur hulle ook mag wees.

Voorgestelde bewoording:

3.1 Die kerk van Christus is die vrug van die werk van die drie-enige God onder die koningskap van Christus.

3.2 Hierdie kerk word verbondsmatig sigbaar onder elke volk, stam, taal en nasie (vgl. Hand. 17:26-27, Openb. 7:9, Openb. 21:24 en 26, Openb. 22:2).

3.3 Die ouderlingeraad besluit oor toelating tot die plaaslike kerk (gemeente), met dien verstande dat sodanige lidmaatskap slegs toegeken word aan individue wat die belydenis, leer en die *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf. Hierdie individue kan, met goedkeuring van die plaaslike ouderlingeraad, saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

Huidige redaksie van artikel 64:

64.1 Die kerke in kerkverband strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan.

64.2 Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. Immigrante van gereformeerde belydenis word in die plaaslike kerke met attestasie ontvang, nadat vereistes van die *Kerkorde* met betrekking tot lidmaatskap nagekom is.

64.3 Met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis sal, sover dit wenslik en prakties is, kontak gesoek word.

64.4 Oor die aard en/of graad van die offisiële betrekkinge met ander kerke, besluit die sinode.

Voorgestelde bewoording:

64.1 Aangesien daar in Suid-Afrika verskeie tale en kulture bestaan, sal kerke dienooreenkomstig hulle eie plaaslike en meerdere vergaderings hê.

64.2 Plaaslike kerke wat in belydenis die naaste aan mekaar staan, sal ter wille van die eenheid van die geloof deur middel van onderlinge korrespondensie, Christelike gemeenskap beoefen en, waar nodig, mekaar in tye van nood daadwerklik en met raad in die vrese van die Here ondersteun.

64.3 Plaaslike kerke onderhou en besluit oor hulle eie vorme van samewerking of kontak met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis sover dit wenslik en prakties is.

Motivering:

1. Met verloop van tyd het sommige lidmate tot die oortuiging gekom dat die bewoording van artikel 3 verandering nodig het. Op 26 Mei 2016 het 'n lidmaat van die AP Kerk Pretoria-Oos 'n skrywe aan die kerkraad gerig in verband met die bewoording van artikel 3.2 van die *Kerkorde*. Hy het aangevoer dat 'n heroorweging in die lig van die vloeibare situasie in ons land toepaslik is. As voorbeeld het hy aangetoon dat woorde soos "blank" vandag 'n gelaaide term geword het met 'n skerp rassistiese kleur.

Sommige inwoners van Suid-Afrika lê die skuld vir alles wat verkeerd geloop het in die land voor die deur van blankes. Ander inwoners is weer van oordeel dat blankes en met name die Afrikaner, baie tot stand gebring het tot voordeel van Suid-Afrika. In hierdie oorverhitte politieke klimaat met sy oplaaiende rassespanning, is dit noodsaaklik dat die AP Kerk die korrekte term gebruik om haarself te definieer. In die lig daarvan is dit verkieslik om die term "blanke Afrikaner" nader te definieer ten einde die klem op volk en nie ras nie te laat val. Die lidmaat se voorstel was dat die bewoording van artikel 3.2 verander word om te lui:

3.2 Net Boere-Afrikaners, asook ander Afrikaners wat hulle met die wel en weë van die geskiedenis en kultuur van die Boere-Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (vgl. Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

2. In die beredenering van die saak het dit onder die kerkraad se aandag gekom dat die kerkraad van die AP Kerk Meyerton ook met die saak rondom die bewoording van artikel 3 van die *Kerkorde* besig is. Hulle motivering is dat, alhoewel die AP Kerk rassisme afwys, hulle as kerkraad egter in hul betrekkinge na buite voortdurend die aanklag van rassisme as gevolg van die bewoording van artikel 3.2 ervaar. "Selfs by aanvaarding van ons *bona fides*, word ons daarop gewys dat artikel 3 ongelukkig geformuleer is, verleentheid skep en aanstoot gee." In die lig van hul ervaring wil hulle graag die saak van artikel 3 se bewoording bespreekbaar maak in breër verband.

3. Tydens die bespreking van die saak het die kerkraad tot die oortuiging gekom dat die inhoud van artikel 3 die beginsel van verinheemsing moet stel en dat dit aan elke kerkraad in die lig van plaaslike omstandighede oorgelaat moet word om die beginsel in die praktyk toe te pas. In die lig van hierdie oortuiging het die kerkraad die voorgestelde bewoording as 'n beskrywingspunt aan die Sinode van 2017 voorgelê vir oorweging. Die sinode het egter bevind dat die saak nie ontvanklik is nie, omdat dit as 'n beskrywingspunt in plaas van 'n beswaarskrif ingedien is. Die saak is na die kerkraad van die AP Kerk Pretoria-Oos terugverwys vir herformulering. Die kerkraad het dit herformuleer en dien die saak nou as 'n beswaarskrif by Sinode 2022 in.

4. Verdere navorsing, nadenke en bespreking oor die saak het gelei na die Dordtse Kerkorde wat in 1619 beslag gekry het by die welbekende sinode wat te Dordrecht in Nederland gehou is. In die suide van Nederland het twee bevolkingsgroepe gewoon, naamlik die Vlaminge wat Vlaams gepraat het en die Wale wat die Waalse (oud Franse) taal gepraat het. Laasgenoemde groep het as gevolg van vervolging van die Wale in Frankryk, hulle as vlugtelinge in Nederland gevestig. In artikels 50 tot 52 is voorsiening gemaak dat elkeen van die groepe hul eie kerkraad, klassis (of ring) en partikuliere sinode kon hê. Artikel 51 het dit só verwoord:

Alsoo inde Nederlandê tweederley spraecke gesproken wert is voor goet gehouden dat de Kercken der Duytscher ende Walscher tale op haer selven harê Kercken-Raet Classicale vergaderingen ende particuliere Synoden hebben sullen.

In die volgende artikel (52) is benadruk dat die twee kerke wel op gereelde wyse saam vergadering moet hou om goeie verhoudinge te handhaaf:

Is niet te min goet gevonden dat in de Steden daer de voorsz Walsche Kercken zijn alle Maenden sommighe Dienaren ende Ouderlingen van beyde zijden vergaderen zullen om goede eendraght eñ correspondentie met malcanderen te houden eñ soo veel moghelijck is na gelegentheydt des noodts met rade malcanderen by te staen.

Artikel 50 het gereël dat elke kerk afgevaardigdes na die nasionale sinode moet stuur wat elke drie jaar vergader het.

In hierdie artikels blyk dit duidelik dat taal 'n belangrike oorweging in kerkwees is. Dit is ook die groot saak wat op Pinksterdag aan die orde kom – dat mense in hul eie taal van die groot dade van God mag hoor. Let daarop dat die mense in Jerusalem in 'n sekere sin 'n gedeelde afkoms gehad het, aangesien hulle uit die ballingskap ontstaan het. En tog was taal later 'n faktor. Die artikels in die Dordtse Kerkorde eer die werklikheid van taalverskille en die kwessie van verskillende kulture is per implikasie daarom ook verreken.

Die artikels uit die tradisie verskil egter op drie belangrike wyses van die huidige artikel 3 in ons *Kerkorde*. In die verlede is dit nog nie genoegsaam verreken nie. Wanneer ons verder wil reformeer, verdien dit nou groter oorweging.

In die eerste plek is dit duidelik dat die Dordtse Kerkorde die onderskeid tussen gemeentes met taalverskille nie voorop stel nie, maar agterop – eers by artikel 50 en verder. Hierdeur word daar reeds 'n belangrike simboliese sein gegee. Die kerk kan nie hierdie saak tot sentrum verklaar nie.

Verder is dit duidelik dat hierdie artikels nie voorskrywend nie, maar beskrywend geformuleer word. Ook hierdeur word in 'n ander weg opgegaan waarin die werklikheid van verskillende tale wel erken word, maar nie op so 'n wyse dat die kontak met anderstalige gemeentes totaal genegeer of gereguleer word nie. Weliswaar word dit meer van die leiers verwag om goeie kontak te behou, maar selfs dan in beskrywende taal wat dit as "goet gevonden" beskou.

Dit bring reeds die derde verskilpunt aan die orde. In hierdie artikels word implisiet uitgegaan van kerkeenheid as 'n gedifferensieerde eenheid. Dit verskil drasties met hedendaagse Gnostiese opvattings van ongedifferensieerde eenheid.

Die gedifferensieerde opvatting van eenheid behels die volgende: Die verskeidenheid van taal en kultuur word erken, maar daar word ook vasgehou aan die eenheid van die kerk van Christus. Hiervolgens kan daar ruimte gemaak word vir partikuliere sinodes wat eers in die eie taal plaasvind, maar daarnaas tog ook erken dat daar ook 'n sinode sal wees daarna, wat bestaan uit 'n samevoeging van partikuliere sinodes.

Hierdeur word erkenning gegee aan die eenheid van die kerk, maar tog ook aan 'n bepaalde gedifferensieerdheid. Die probleem wat artikel 3 tans in hierdie verband veroorsaak, afgesien van politieke misverstande, is dat alle klem op die gedifferensieerdheid van die kerk geplaas word, sonder dat die eenheid van die kerk van Christus ook aan die orde kom. Dit sou gestel kon word

dat in reaksie op 'n vereensydigde siening van die eenheid van die kerk, daar 'n vereensydigde siening van die gedifferensieerdheid van die kerk opgestel word.

Met hierdie reaksies in gedagte, soos dit in 1986 en daarna ontwikkel het, is die tyd dalk nou ryp dat die AP Kerk artikel 3 meer gereformeerd formuleer, wat beide bogenoemde vereensydigings afwys en die beginsel van die Skrif met betrekking tot die verskeidenheid én eenheid van die kerk duidelik na vore bring.

5. Die voorgestelde formulering wil op kernagtige wyse gestalte gee aan die oortuiging waartoe die AP Kerk op grond van die Woord gekom het, naamlik:

5.1 dat alle mense vanuit 'n enkele huisgesin afkomstig is (vgl. Gén. 9:19, Gén. 10:32 en Hand. 17:26) en daarom ook gelykwaardig is ongeag afkoms, volk, taal of kultuur;
5.2 dat die verskillende volkere en tale uit hierdie een huisgesin gegroei het in antwoord op God se opdrag om te vermeerder en die aarde te vul (vgl. Gén. 1:28). Die volkereverskeidenheid is dus die handewerk van God (vgl. Gén. 11:7-9) en Hy het die woonplek en grense van die volkere vasgestel (vgl. Deut. 32:8, Hand. 17:26) met die doel dat hulle Hom sal soek (vgl. Hand. 17:27);
5.3 dat God in sy Christus en deur sy Gees en Woord vir Hom 'n kerk vergader, beskerm en onderhou. In die proses van kerkvergadering gaan God verbondsmatig te werk. Individue vorm deel van 'n verbondsgesin, terwyl verbondsgesinne op hulle beurt 'n volk vorm;
5.4 dat hierdie heilige, algemene en Christelike kerk in die Godbeskikte verskeidenheid van stamme, tale, volke en nasies (vgl. Openb. 4:9, vgl. ook Gén. 10; Gén. 11; Deut. 32:8; Hand. 17:26) tot openbaring kom as inheemse kerke wat in hulle onderskeie tale van die groot dade van God hoor (vgl. Hand. 2:8, 11) en Hom in en vanuit hulle volkswees dien (vgl. Openb. 21:24, 26; 22:2);
5.5 dat die Bybel dus ruimte bied vir belydeniskerke binne elke volksverband, wat nie die eenheid van die kerk van Christus in gedrang bring of mag verbreek nie;
5.6 dat toekenning van lidmaatskap, in die lig van bogenoemde beginsels, die taak van die plaaslike kerk is.

AANBEVELINGS:

5.9.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.
5.9.2 Die Sinode keur nie die beswaarskrif goed nie.
5.9.3 Die Sinode besluit om artikel 3 soos volg te wysig:

Art. 3.1 Die één, heilige, algemene, Christelike kerk wat ons bely is die vrug van die werk van die drie-enige God onder die koningskap van Christus.

Art. 3.2 Hierdie één kerk word verbondsmatig sigbaar in haar verskeidenheid onder al die volke, tale, stamme en nasies wat God geskep het. Die inheemse kerk is 'n verskyningsvorm van die kerk soos God dit wil (vgl. Gén. 11, Deut. 32:8, Hand. 2:8, Hand. 17:26-27, Openb. 5:9, Openb. 7:9, Openb. 21:24 en 26, Openb. 22:2). Die AP Kerk is 'n inheemse vergestalting van die kerk van Christus onder die Afrikanervolk, naas ander kerke.

Art. 3.3 Afrikaners wat die saligmakende geloof in Christus bely (vgl. Rom. 10:9-10) en wat die belydenis, leer en *Kerkorde* van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk art. 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

5.9.4 Die Sinode besluit om die volgende bevestigende verklaring van ons verstaan van artikel 3 agter in die *Kerkorde* op te neem:

Die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband glo dat inheemse kerke God se wil is. Ons is van harte daarvan oortuig dat die Woord van God leer:

- dat alle mense vanuit 'n enkele huisgesin afkomstig is (vgl. Gén. 9:19, Gén. 10:32 en Hand. 17:26) en daarom ook gelykwaardig is ongeag afkoms, volk, taal of kultuur;
- dat die verskillende stamme, tale, volke en nasies uit hierdie een huisgesin gegroei het in antwoord op God se opdrag om te vermeerder en die aarde te vul (vgl. Gén. 1:28). Die volkereverskeidenheid is dus die handewerk van God (vgl. Gén. 11:7-9) en Hy het die woonplek en grense van die volkere vasgestel (vgl. Deut. 32:8, Hand. 17:26) met die doel dat hulle Hom sal soek (vgl. Hand. 17:27);
- dat God in sy Christus en deur sy Gees en Woord vir Hom 'n kerk vergader, beskerm en onderhou. In die proses van kerkvorming en kerkwees gaan God verbondsmatig te werk. Individue vorm deel van 'n verbondsgesin, terwyl verbondsgesinne op hulle beurt 'n volk vorm;
- dat hierdie heilige, algemene en Christelike kerk in die Godbeskikte verskeidenheid van stamme, tale, volke en nasies (vgl. Openb. 5:9, vgl. ook Gén. 10; Gén. 11; Deut. 32:8; Jer. 13:23; Hand. 17:26) tot openbaring kom as inheemse kerke wat in hulle onderskeie tale van die groot dade van God hoor (vgl. Hand. 2:8, 11) en Hom in en vanuit hulle volkswees dien (vgl. Openb. 21:24, 26; 22:2);
- dat die Bybel dus ruimte bied vir belydende kerke binne elke volksverband, wat nie die eenheid van die kerk van Christus in gedrang bring of verbreek nie;
- dat bogenoemde die gereformeerde verstaan van die Skrif verwoord en dat die beginsel reeds in die eerste Kerkorde van Dordt (1618) beslag gekry het in artikels 51 en 52;
- dat die Afrikaner deur die Here aan die suidpunt van Afrika as volk geplant is; 'n kind is van die Hervorming en van die godsdienstige vervolging van die gereformeerdes in Europa; hulleself deur drie geloftes aan die Here onderskei het van ander volke op aarde.

5.9.5 Die Sinode besluit dat die voorgestelde wysiging van artikel 64 nie goedgekeur word nie. Daar word nie *duidelike gronde vir die beswaar* aangevoer nie (bepaling 31A).

5.9.6 Die Sinode besluit om artikel 64 soos volg te wysig:

64.1 Die kerke in kerkverband strewe daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan, ten einde die eenheid in geloof, leer en lewe te bewaar.

64.2 Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van kerklike korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen.

64.3 Die Sinode besluit oor die aard en/of graad van die kerklike korrespondensie.

Motivering

1. Die Kommissie gee toe dat die omstandighede waaronder ons as kerk leef al moeiliker word en dat "in hierdie oorverhitte politieke klimaat met sy oplaaiende rassespanning dit noodsaaklik is dat die AP Kerk die korrekte term gebruik om haarself te definieer".

In ’n poging om onsself te definieer sal ons baie bedag daarop moet wees om nie bestaande lidmate weg te dryf nie. Lidmate, veral op die platteland, beleef toenemend dat hulle geteiken word en dat hulle stadig maar seker besig is om hul eie identiteit te verloor. Ons moet hiervoor sensitief wees.

Die Kommissie het probeer om ’n bydrae te lewer ten opsigte van die bewoording van artikel 3, aangesien die voorgestelde bewoording nie bevredig nie en indien die Sinode aan die artikel sou wysig, dit nie só gewysig kon word nie.

2. Artikel 3.1 stel die beginsel dat daar ’n algemene kerk is en dat daar ’n eenheid tussen elke Christelike kerk oor die aarde heen bestaan. Artikel 3.1 bely dus die onsigbare kerk. Vir hierdie rede oordeel die Kommissie dat dit sinvol is om die artikel nog meer te versterk.

Die verskeidenheid waarvan die AP kerke ’n gestalte is, kom in artikel 3.2 ter sprake.

Die Sinode moet kennis neem dat die volgorde van die artikels verander is. Artikel 3.2 en 3.3 is omgeruil omdat die volgorde waarin dit tans in die *Kerkorde* staan, nie houdbaar is nie. Die huidige volgorde (3.2 staan voor 3.3) beteken dat ons ons Afrikanerskap belangriker as die kerk ag.

Artikel 3.1 stel dat daar één heilige, algemene Christelike kerk is. Die feit dat artikel 3.2 dan dadelik met die Afrikaner handel, kan dit laat lyk asof ons dink net die Afrikaner is deel van daardie één kerk, Afrikanerskap gee jou lidmaatskap van daardie kerk – dit is tog nie waar nie.

Eers in artikel 3.3 word daar dan gesê dat die één kerk sigbaar word in die inheemse, plaaslike kerk.

Die volgorde is mos duidelik andersom.

3. In die motivering sê die Kerkraad dat “artikel 3 die beginsel van verinheemsing moet stel”. Hiermee stem die Kommissie heelhartig saam, daarom word dit in die Kommissie se voorstel verreken.

4. Juis omdat die Dordtse Kerkorde die beginsel “dat taal ’n belangrike oorweging vir kerkwees is,” handhaaf, sien die Kommissie nie die rede waarom daar in die voorstel van die kerkraad nie van die Afrikaner sprake is nie. Die Kommissie oordeel dat dit nodig is om onsself op hierdie wyse te definieer.

5. As die bedoeling van die voorgestelde artikel 3.3 is om dit aan die plaaslike ouderlingeraad oor te laat om self te besluit hoe hulle die beginsel van lidmaatskap gaan interpreteer, kan die Kommissie nie daarmee saamstem nie. Daarom kan daar nie met die motivering van die Kerkraad saamgestem word dat “dit aan elke kerkraad in die lig van plaaslike omstandighede oorgelaat moet word om die beginsel in die praktyk toe te pas” nie. Lidmaatskap is nie net ’n plaaslike saak nie, maar ook ’n saak wat die verband van kerke raak. Een gemeente se hantering van kerklike lidmaatskap het beslis ’n invloed op ander gemeentes in die verband. Die volgende kan as voorbeeld dien: ’n Lidmaat wat, ten spyte van ernstige dwaalleer, in gemeente A opgeneem word, gaan met daardie dwaalleer na gemeente B. Wanneer gemeente B die persoon nie as lidmaat wil toelaat nie, kan dit ernstige konflik veroorsaak. Soveel te meer wanneer gemeente A se interpretasie van artikel 3 verskil met die interpretasie van gemeente B. Sulke sake kan die kerkverband net onnodig blootstel.

Die Kommissie het gekies om die huidige redaksie van artikel 3.2 gewysigd as artikel 3.3 te behou.

6. Die Kommissie wil graag die Kerkraad se formulering van punt 5 van die motivering in die beswaarskrif gebruik, sodat ons bedoeling met artikel 3 duidelik verwoord word. Daarom word aanbeveel dat dit agter in die *Kerkorde* opgeneem word.

7. Die wysigings aan artikel 64 word nie deur die beswaarskrif gemotiveer nie. Die Kommissie oordeel dat dit daarom nie aan die vereistes vir 'n beswaarskrif voldoen nie – hier word nie *duidelike gronde vir die beswaar* aangevoer nie (bepaling 31A).

8. Die kerkraad dui nie aan wat met die voorgestelde artikel 64.2 en 64.3 bedoel word nie. As dit bedoel dat elke plaaslike kerkraad self besluit met watter kerke korrespondensie gevoer sal word (soos die voorgestelde art. 64.2), kan die Kommissie nie daarmee saamstem nie.

Daar is 'n verskil tussen korrespondensie en kerklike korrespondensie.

Korrespondensie of kontak tussen plaaslike kerke van verskillende kerkverbande het ten doel om mekaar by te staan en te ondersteun. In die gereformeerde kerkreg is daar egter die voorwaarde dat die kerke met wie gekorrespondeer word, een moet wees in diens, leer en tug. Dit is samewerking met kerke wat innerlik met ons ooreenstem. Kontak en gesprek met kerke wat verder weg staan, het die doel om apologeties die waarheid te betuig en te probeer oortuig. Die eenheid van die kerk(e) kan nooit ten koste van die waarheid wees, soos in die belydenisskrifte vervat nie.

Dit is dus beter om slegs van samewerking of kontak met ander kerke te praat, eerder as van korrespondensie.

Kerklike korrespondensie, as kerkregtelike term, wys op samewerking van verskillende kerke met mekaar. Hierdie samewerking gaan egter verder as blote hulp of kontak. Kerklike korrespondensie word aangegaan met 'n kerkverband met wie ons een is in diens, leer en tug. Dit hou dus in dat ons mekaar se doop, belydenis van geloof, nagmaalsiening, ensovoorts, erken. Sodanige kerke se lidmate kan oor en weer by mekaar lidmate word, sonder dat weer belydenis van geloof afgelê word.

Kerklike korrespondensie kan ook lei tot engere korrespondensie. Hiermee word bedoel dat kerke nie net mekaar se lidmaatskap erken nie, maar dat hulle as't ware in kerkverband met mekaar staan. Alhoewel hulle verskillende verbande bly, kan hulle selfs leraars oor en weer beroep.

Dit is dus vir die Kommissie nie duidelik wat met korrespondensie in die voorgestelde wysiging bedoel word nie. Dit wil voorkom asof die Kerkraad wys na kerklike korrespondensie en oor hierdie saak besluit 'n sinode en nie 'n plaaslike kerkraad nie.

Die huidige artikel 64.4 verwoord die saak dus korrek: Oor alle amptelike en offisiële betrekkinge met ander kerke, besluit 'n sinode.

Korrespondensie is 'n saak wat die verband raak en daarom moet die verband daaroor besluit.

Die beginsel dat 'n sinode oor die kerklike korrespondensie besluit, lê alreeds opgesluit in die Dordtse Kerkorde van 1618. Die Sinode het in die Kerkorde gereël dat die Vlaamse en Waalse kerke in korrespondensie met mekaar staan. Toe daar later nie meer Waalse kerke was nie, is die beginsel behou en het latere kerkordes gereël dat 'n sinode oor kerklike korrespondensie besluit.

9. In die Kommissie se voorstel vir die wysiging van artikel 64 moet op die volgende gelet word:

Die tweede sin van artikel 64.2 is weggelaat omdat dit in artikel 4 gereël word. Immigrante kan op geen ander manier as wat artikel 4 bepaal, lidmate van 'n plaaslike kerk word nie; artikel 64.3 is uitgelaat omdat die Kommissie oordeel dat die beginsel daarvan reeds in artikel 64.1 vervat is.

6. APPÈLLE

Geen appèlle is ontvang nie. Indien daar voor die Sinode appèlle ontvang word, sal dit tydens die Sinode bekend gemaak word.

Hierdie verslag is deur die KKS voorberei en goedgekeur op sy vergadering van 27 April 2022.

Ons vertrou dat die KKS uitvoering gegee het aan die opdragte volgens sy lasgewing.

Ons bid die Sinode die seën van die Here toe.

Ds. WJA van Schalkwyk (voorsitter); Ds. A Boshoff (skriba)

TYDPERK: SEPTEMBER 2017 TOT APRIL 2022

16 Verslag: *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling

1. INLEIDING

Die Vyftiende Sinode het tydens die verslag van die Sinodale kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling aangewys om die AP Kerk te adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende sinode (*Handelinge 2017*, bl. 372, pt. 6.1.3).

2. LEDE VAN DIE *AD HOC*-KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING

Die volgende lede is aangewys op die *Ad hoc*-kommissie (*Handelinge 2017*, bl. 399, pt. 3.13):

Primarii: Proff. GDS Smit (sameroeper), JAE Adendorff, di. WA Burger (jr.), OG van Rooyen (jr.), dr. Stephan Hoffman.
Sekundi: Ds. K Myburgh, dr. JH Breytenbach, proff. CA Swanepoel, J Bosman.

In die verslagtydperk is ds. OG van Rooyen (jr.) onder artikel 17 van die *Kerkorde* losgemaak vir verdere studie en ds. Ken Myburgh is oorlede.

3. LASGEWING

Die lasgewing van die *Ad hoc*-kommissie word verwoord in die besluit van Sinode 2017, naamlik: *... om die AP Kerk te adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende sinode.*

4. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

Die lasgewing van die kommissie bepaal dat die kommissie, indien nodig, adviese oor Bybelvertaling en/of die bronteks aan die AP Kerk moet lewer. In die verslagtydperk sedert die vorige sinode, is navrae gerig aan die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) en spesifiek aan die onderskeie dosente in die Bibliologiese vakke oor veral die 2020-Bybelvertaling. Tersaaklike navrae was nie gerig aan die kommissie wat die AP kerkverband moes adviseer nie. Sodanige navrae is derhalwe in persoon deur die APA hanteer.

Daar was voortdurend skakeling met die KKCE en tot en met die datum van verslagdoening aan Sinode 2022, is geen beswaarskrifte of beskrywingspunte oor Bybelvertaling deur óf die KKCE óf die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling ontvang nie. Om dié rede het die kommissie nie in die verslagtydperk vergader nie.

AANBEVELING:

4.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling.

5. VOORTSETTING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEE

Die 2020-Bybelvertaling is amptelik op 29 November 2020 in Bloemfontein bekendgestel. Prof. GDS Smit het, as medewerker aan die vertaling, die AP kerkverband by die bekendstelling verteenwoordig. Die verwagting was dat daar moontlik ná die bekendstelling van die 2020-Bybelvertaling terugvoer en navrae van kerkrade sou kom. Daar mag ander faktore ook

wees, maar dit blyk dat die inperkingsmaatreëls wat vir twee jaar gegeld het en die feit dat die meeste gemeentelike aktiwiteite erg deur die inperkingsmaatreëls ontwrig is, 'n rol gespeel het in die feit dat kerkrade en gemeentes nie genoegsaam geleentheid gehad het om oor hierdie Bybelvertaling te besin nie. In die lig hiervan, blyk dit tog wenslik te wees om die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie te kontinueer sodat die kommissie die AP Kerk kan adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende sinode.

Dit kommissie sal elektronies kan vergader om uitgawes te beperk en daar word dus geen voorsiening gemaak vir 'n begroting vir die kommissie nie.

Die kommissie wys ter wille van helderheid daarop dat daar 'n staande sinodebesluit is dat die 1933/53-Bybelvertaling as amptelike vertaling in die AP kerkverband gebruik word en dat enige ander vertaling ter toeligting gebruik mag word (*Handelinge 2001*, bl. 557; *Kerkorde 2018*, bl. 195, 9.3.3). Die status van die 2020-Bybelvertaling word tans binne die AP Kerk gereken te wees onder die gebruik van "ander vertalings ter toeligting". Indien iemand die 2020-Bybelvertaling onder bespreking wil neem, sal dit slegs by wyse van 'n beswaarskrif kan geskied. Soos reeds gemeld, is geen sulke beswaarskrifte egter ontvang nie.

AANBEVELINGS (Kyk SKK-verslag pt. 2.1.8, bl. 57):

5.1 Die Sinode besluit om die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling te kontinueer, sodat die kommissie die AP Kerk kan adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende sinode.

5.2 Die Sinode wys nuwe lede op die *Ad hoc*-kommissie aan om die vakatures te vul.

5.3 Die Sinode besluit dat die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling navrae en adviese elektronies moet hanteer en dat daar geen voorsiening deur die GKK vir 'n jaarlikse begroting vir die kommissie gemaak hoef te word nie.

6. SLOT

Hiermee vertrou ek dat die Sinode tevrede is met die werksaamhede van die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling.

Namens die *Ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling,
Prof. GDS Smit (sameroeper)

17 Verslag: *Ad hoc*-kommissie oor die viering van Sondag as rusdag

1. INLEIDING

Die KKCE het reeds by die Dertiende Sinode (2010) 'n studiestuk voorgelê waarin die AP kerke se beskouing oor die verhouding tussen die sabbat en die Sondag verwoord moes word. Die bedoeling was dat dit in pamfletvorm deur die Publikasiekommissie (PK) uitgegee sou word (*Sakelys 2010*, bl. 43, pt. 4.10.2). Dié studiestuk by die Dertiende Sinode was 'n weergawe van 'n antwoord op 'n navraag wat deur die destydse Direkteur vir Kerkadministrasie, prof. IA Brink, ontvang en aan die KKCE vir beantwoording gestuur is.

Die Sinode het besluit om die studiestuk nie in die voorgelegde formaat te aanvaar nie, maar dit uit te brei. Die Sinode het besluit:

Die Sinode versoek die KKCE om 'n volledige studie te doen oor:

1. **Die begronding vir die Sondagviering as viering van die kerklike rusdag.**
2. **Die onderskeid tussen Sondagviering en sabbatsviering.**
3. **Die riglyne vir 'n geloofsgehoorsame Sondagviering.**
4. **Enige ander aspekte oor die Sondagviering wat uit die ondersoek na vore kom.**

Die KKCE het 'n studiestuk aan die Veertiende Sinode voorgelê, wat die studiestuk aanvanklik goedgekeur het, maar later in die vergadering revisie geneem het van die besluit (*Handelinge 2013*, bl. 312, pt. 169). Veral prof. Roelof Marè het ernstig beswaar gehad. Sy beswaar was dat die studie nie voldoende klem lê op die aspek van rus op die Sondag nie. Dit kon die indruk skep dat die kerk die standpunt inneem dat dit voldoende is om op Sondag die erediens by te woon en daarna die dag deur te bring soos elkeen wil. Sy argument was dat die sekularisering van die Sondag daardeur bevorder sou word.

Die Veertiende Sinode het vervolgens besluit:

> **Die Sinode besluit om die studiestuk terug te verwys na die KKCE en prof. R. Marè, vir voorlegging aan die volgende sinode.**

Die KKCE het die studie hersien met die insette van prof. Marè. Die insigte word veral weerspieël in paragraaf 3.3.2 en die nuwe paragraaf 9 van die hersiene studie. Dit het na die mening van die KKCE prof. Marè se besware ondervang en met 'n verdere wysiging in die bewoording van paragraaf 3.3.2, was die KKCE van mening dat die verskil uitgeklaar was.

Die verwerkte studiestuk (Bylae KKCE1) is op die Vyftiende Sinode (2017) ter tafel geneem. Tydens die debattering van die studiestuk was dit vir ons voor die hand liggend dat daar prinsipiële verskille tussen ds. WJA van Schalkwyk en dr. JH Breytenbach was, wat veral neerkom op die begronding van die Sondag as rusdag. Ds. Van Schalkwyk se beswaar was dat die denke oor die rusdag in die verslag van die KKCE van 'n verkeerde vertrekpunt uitgaan, aangesien die Sondag as rusdag na sy mening begrond moet wees op die rusdag as skeppingsbevel. Die studie van die KKCE gaan uit van die standpunt dat die Wet deur Christus vervul is en dat

die Christelike viering van die Sondag nie dieselfde kan wees as die viering van die sabbat in die Ou Verbond nie. Die KKCE het geoordeel dat die betekenis en inhoud van Christus se verlossingswerk die oorsprong van alle Christelike denke, óók oor die vierde gebod, moet wees.

Op grond van die verskille, het die Sinode besluit om nie die verslag van die KKCE te aanvaar nie.

Die Vyftiende Sinode het derhalwe die volgende besluit geneem:

> **Die Sinode versoek 'n *ad hoc*-kommissie bestaande uit die teologiese dosente van die APA, ds. WJA van Schalkwyk en dr. JH Breytenbach om die verhouding tussen sabbat/Sondag te ondersoek en aan die volgende Sinode verslag te doen oor:**
>
> 1. **Die vraag waarom die rusdag op Sondag en nie op Saterdag gevier word nie.**
> 2. **Die viering van Sondag as rusdag.**

Die Sinode het voorts besluit:

> **Die vergadering neem kennis van ds. WJA van Schalkwyk se voorstel, naamlik dat die rusdag sy oorsprong vind in die rus van God op die sewende dag en dat alle denke oor die rusdag, God se rus as vertrekpunt moet neem. In hulle besinning oor die saak, behoort die *Ad hoc*-kommissie ook aandag te skenk aan ds. Van Schalkwyk se voorstel.**

Die Vyftiende Sinode het derhalwe besluit om die werk van voor af aan te pak en die teologiese dosente van die APA opdrag gegee om die studiestuk wat die Sestiende Sinode hier ter tafel neem, voor te berei in samewerking met die twee gemelde broers.

Die teologiese dosente was in korrespondensie met beide ds. Van Schalkwyk en dr. Breytenbach om hulle insette oor die saak te kry. Beide se insette word in ag geneem in hierdie voorstel, maar ons wil die Sinode daarop wys dat daar steeds nie toegewings is oor die verskil in vertrekpunte nie. Derhalwe het die teologiese dosente geoordeel om ná oorweging van die broers se insette, 'n meerderheidsverslag op te stel en aan die Sinode voor te lê.

Aangesien die KKCE-verslag oor Sondagviering (*Sakelys 2017*, Bylae KKCE1) nie deur die Vyftiende Sinode aanvaar is nie, word die vorige sinodebesluite rakende die saak vervang met die besluit van 2017 wat vra dat aandag gegee moet word aan die volgende twee sake, naamlik om die vraag waarom die rusdag op Sondag gevier word te antwoord en die viering van Sondag as rusdag teologies te begrond, met inagneming van ds. van Schalkwyk se voorstel.

Dit blyk uit die bespreking deur verskillende sinodes dat daar nie ooglopende verskille onder ons bestaan oor die redes waarom Sondag as rusdag gevier word en nie Saterdag nie. Die volgende kernpunte word derhalwe aan die Sinode voorgelê waarom ons Sondag as rusdag vier en nie Saterdag nie.

2. WAAROM VIER ONS DIE RUSDAG OP SONDAG EN NIE OP SATERDAG NIE?

Die viering van die rusdag op Sondag, soos die kerk sedert die Nuwe Testamentiese tyd doen, is nie net deesdae in die spervuur nie. Daar was nog altyd, soos ook in ons tyd, groepe wat daarop aangedring het dat die Saterdag as sabbatdag geheilig moet word. In die debat kom meer ter sprake as net die vraag na watter dag as rusdag moet dien. Die hart van die geloof kom ter sprake, omdat die aandrang op die Saterdag as heilige dag gedra word deur 'n ander heilsbeskouing as dié van die versoening van Christus alleen.

Op enkele plekke vermeld die Nuwe Testament die spesifieke dag waarop die gelowiges byeen was ná die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Die evangelie volgens Markus, Lukas en Johannes berig dat die dissipels, en ander gelowiges saam met hulle, op die opstandingsdag bymekaar was. Dit was die eerste dag van die week, die Sondag, en die Here Jesus het self die aand aan hulle verskyn. Johannes maak duidelik dat hulle ook die volgende Sondag bymekaar was, en toe was Thomas ook saam met hulle. By hiérdie geleentheid het die Here Jesus weer aan hulle verskyn.

In Handelinge 2:1 word gesê dat almal op die Pinksterfees bymekaar was. Die Pinksterfees, die vyftigste dag ná die opstanding en tien dae ná die hemelvaart, was op die eerste dag van die week, die Sondag. In Handelinge 20:7 lees ons: *En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek* ... Die gebruik om op die eerste dag van die week bymekaar te kom, word in 1 Korinthiërs 16:2 weerspieël: *Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle opsy sit en opspaar* ... vir die gemeentes in Judéa.

In Openbaring 1:10 skryf Johannes: *Ek was in die Gees op die dag van die Here* ... Die uitdrukking "dag van die Here" verwys ongetwyfeld na die Sondag, soos duidelik blyk uit die gebruik en verduideliking van die uitdrukking in geskrifte uit die eerste eeu ná Christus.

Daarom is die viering van die eerste dag van die week in die Nuwe Testament reeds anders as die sabbatsviering van die Jode in daardie tyd. Die samekoms van die gelowiges is nie gekenmerk deur offers by die tempel, soos die voorgeskrewe sabbatsviering van die Ou Testament is nie. Dit was ook nie dieselfde as die sinagogediens, wat die gewoonte onder die Jode van daardie tyd was nie. Ons lees nie in die Nuwe Testament dat die gelowiges dit as 'n rusdag gehou het nie. Dit was waarskynlik ook nie moontlik nie, omdat baie gelowiges in diens was van heidene wat vereis het dat hulle op die dag sou werk. Hulle samekomste was 'n geleentheid van viering. Dit was 'n geleentheid waar onderling saamgekom is; brood gebreek is; gebid is; verkondig is (vgl. Hand. 2:42); gesing is (vgl. Efés. 5:19) en gawes vir diens van barmhartigheid ingesamel is (vgl. 1 Kor. 16:1-2).

Die Dag van die Here (Sondag) is sedert die tyd van die Nuwe Testament ooreenkomstig die apostoliese gebruik op die eerste dag van die week gevier (vgl. Van den Berg in *Christelijke Encyclopedie*, 1961, deel 6:704). Uit buite-Bybelse bronne blyk ook dat die Dag van die Here ná die apostoliese tyd gehou is. Deur die eeue is oor hierdie saak in die kerke teenoormekaarstaande standpunte gehandhaaf.

Die hedendaagse bewering dat die pous of die Rooms-Katolieke Kerk of 'n kerklike vergadering die sabbat na die Sondag verander het, is derhalwe óf te wyte aan onkunde óf dit is kwaadwillige misleiding.

Die geskrifte van die kerkvaders vermeld, in navolging van die Nuwe Testament, al so vroeg as die einde van die eerste en begin van die tweede eeu n.C. dat die Christene die Sondag in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier het. In die *Didaché* (die leer van die Twaalf Apostels) wat omstreeks 85 n.C. geskryf is, word die Christene vermaan om "op elke dag van die Here saam te kom" (*Didaché*, hfst. 14).

Die brief van Barnabas (135 n.C.) wys uitdruklik die sabbatsviering van die Jode af. Die nuwe sabbat is die een wat die Here gemaak het (hfst. 15, pg. 6-8). Dan stel hy in hoofstuk 15, paragraaf 9: "Daarom bring ons die agtste dag met blydskap deur. Dit is die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het ..."

Ignatius van Antiogië skryf in sy *Brief aan die Magnesiërs* in 110 n.C. dat diegene wat volgens die ou orde opgevoed is (die Jode) 'n nuwe hoop verkry het en nie langer die sabbat hou nie, maar "leef in die waarneming van die dag van die Here, waarop ook ons lewe opnuut gewek is deur Hom en deur sy dood".

Justinus die Martelaar skryf in sy *Apologie I*:67 (140 n.C.): "Sondag is die dag waarop ons ons gesamentlike byeenkoms hou ..."

Die lys kan nog aansienlik uitgebrei word: Dionisius van Korinthe (170 n.C.); Bardesanes van Edessa (180 n.C.); Klemens van Aleksandrië (194 n.C.) en Tertullianus van Afrika (200 n.C.) verwys almal daarna dat Sondag die dag is waarop die Christene byeenkom, in onderskeid van die Jode en die Joodse sabbat. Belangrik is ook die getuienis van Plinius, goewerneur van Bitinië, wat in 107 n.C. aan die keiser 'n verslag skryf waarin hy noem hoe die Christene op 'n bepaalde dag van die week voor sonop bymekaarkom: sing, bid en die gemeenskaplike maaltyd hou. Dat dié dag die Sondag is, word bevestig uit Handelinge 20:7.

Natuurlik word die getuienis van die kerkvaders nie gebruik om die Sondagviering as leerstelling te begrond nie. Daarvoor dien die getuienis uit die Bybel, soos ons dit reeds uiteengesit het. Maar die getuienis van die vroeë kerkvaders weerlê die bewerings dat die pous of die Roomse Kerk of 'n kerkvergadering of keiser Konstantyn of enigiemand anders die sabbat na die Sondag verander het. Dwarsoor die Christelike kerk is die Sondag reeds in die eerste eeu as die Christelike dag, die Dag van die Here, in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier. Veral Justinus die Martelaar in sy *Dialoog met Trypho* (155 n.C.) en Tertullianus in sy *Antwoord teen die Jode* (203 n.C.), argumenteer uitvoerig dat die Sondag juis in onderskeid met die sabbat gevier word. Die sabbatdag is 'n Joodse dag; die Sondag 'n Christelike viering, gedra deur die opstanding van die Here Jesus.

Met die Edik van Milaan (313 n.C.) het Konstantyn nie die Sondag "ingevoer" nie, maar die bestaande gebruik van die kerk eerbiedig. Net so het die Konsilie van Laodicea (363 n.C.; Kanon 29) nie 'n Sondagwet in die kerk ingestel nie, maar dit wat eeue lank reeds in die kerk gedoen is, formeel gereël. Dit was selfs nog voor die Roomse Kerk of die pous enige deurslaggewende sê in die kerk se sake gehad het. Eers teen die vyfde eeu het die Roomse Kerk en die biskop van Rome vir hulleself 'n voorrang-posisie opgeëis.

Voorts is die bewering wat gemaak word dat die Sondagviering 'n verering is van die songod, 'n moedswillige valsheid. Nóg in die Nuwe Testament self, nóg in enige van die geskrifte van die vroeë kerkvaders, is enige verwysing na die verering van die son op Sondag. Dit is so dat die dag deur die destydse Romeine na die songod vernoem is en dat die songod in die Romeinse Ryk deur die heidene vereer is; maar net so is Saterdag na die god Saturnus vernoem en hy is deur die heidene in die Romeinse Ryk vereer. Dit beteken egter nie dat deur die sabbat op Saterdag te hou, die Saterdagsabbat nou meteens 'n verering van Saturnus is nie.

Uit die bogenoemde kernpunte, behoort dit duidelik te wees dat die Christelike kerke deur die eeue heen Sondag as rusdag gevier het in onderskeid van die Saterdag-sabbat van die Jode.

3. DIE VIERING VAN SONDAG AS RUSDAG

Soos reeds in die inleiding hier bo aangetoon, is daar hoofsaaklik twee verskillende aksente waaruit Christene deur die eeue heen die vraag rondom die wyse van die viering van Sondag as rusdag beantwoord het.

Die dosente het in hul evaluering van die bydraes van die twee bedienaars van die Woord, dr. Breytenbach en ds. Van Schalkwyk, bewus geraak dat die twee broers die tradisioneel erkende teologiese aksente as uitgangspunt neem, maar dit tog moeilik vind om reg te laat geskied aan die volle gewig van die ander. Uiteindelik kon die dosente ná 'n deeglike gespreksdokument en deeglike wysigings aan die konsepdokument, steeds nie daarin slaag om die verskil tussen die gemelde broers te bemiddel nie. Na die oordeel van die dosente hoef daar nie gekies te word vir óf die een óf die ander aksent nie. Dit is wel nodig dat die Sinode groter begrip kry vir die redes waarom daar verskille is en so saam te groei in die ondersoek van God se Woord en hoe die kerk van die eeue daarop reageer het. Die dosente wil daarom in hierdie studie poog om die twee verskillende vertrekpunte kerklik-histories en teologies te beredeneer en aan die einde aanbevelings te maak om die saak wat soveel jare by verskillende sinodes gedien het, hopelik tot rus te bring.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat die hele kerkverband begelei word in al die kwessies van hierdie debat, sodat almal groter insig mag ontwikkel oor waarom broeders hieroor verskil. Dit verteenwoordig eintlik 'n ou debat in die reformatoriese tradisie. Dit word reeds sigbaar in die verskille van Johannes Gomarus teenoor Walaeus en van die Engelse godgeleerdes by Dordt teenoor die ander lede daar teenwoordig.[1]

Iets hiervan word later ook sigbaar in die verskille tussen Calvyn se aksente en die van die Puriteine en Wilhelmus A'Brakel. Dit moet egter ook duidelik gestel word dat die aksente nie daaroor gaan of gelowiges maar kan doen wat hulle wil op die Dag van die Here nie. Die dosente en dr. Breytenbach en ds. Van Schalkwyk is grootliks in ooreenstemming daaroor dat die Dag van die Here 'n besondere karakter het wat kosbaar is en dat gelowiges dit in ere moet hou. Dit is egter ook belangrik om beter te verstaan presies waaroor daar verskille in benadering is, sodat gelowiges mekaar beter kan hoor en verder ondersoek instel na wat die Skrif hieroor sê, asook hul eie motiewe.

In die behandeling hiervan word eerstens 'n paar inleidende en algemene opmerkings gemaak. Dan word daar gepoog om die beste moontlike interpretasie van die verskillende aksente te gee. In die proses word daar ook gekyk na moontlike leemtes of potensiële slagysters in die verskillende benaderings. In die derde rondte word gevolgtrekkings dan gemaak asook bepaalde voorstelle.

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Dit blyk in hooftrekke dat die twee kollegas vanuit twee kante op die verband tussen sabbat en Sondag fokus. Dr. Breytenbach wil die klem sterk laat val op die verskil tussen sabbat en Sondag in die Ou en Nuwe Verbond en werk in die proses sterk met 'n heilshistoriese benadering. Die rede is dat die sabbat vervul is in Christus en daarom moet die verskil tussen sabbat en Sondag duidelik aangedui word, met erkenning daarvan dat daar ook definitiewe kontinuïteit tussen die Ou en Nuwe Verbond is. Ds. Van Schalkwyk werk sterker met 'n sistematiese benadering en wil in sy reaksie weer wys op die eenheid van die Skrif en daarom ook die ooreenkoms tussen die Ou en Nuwe Verbond, sonder dat die verskil tussen sabbat en Sondag in die proses uit die oog verloor word. Om dit in ander woorde te formuleer: Dr. Breytenbach werk in sy hantering van die vierde gebod sterk met die oog op die herskepping in Christus, sonder om die oog op die skepping los te laat. Ds. Van Schalkwyk wil egter in sy reaksie daarop weer seker maak dat

1 Vgl. J. Douma, *De Tien Geboden, Deel II,* (Kampen: Van den Berg, 1988), 54-56. Volgens Douma het die Engelse godgeleerdes gekla oor die verwaarlosing van die Sondag soos wat hulle met hul eie oë in Dordrecht aanskou het. Hy meld ook dat die Sinode egter nie gekom het tot 'n suiwer puriteinse uitspraak nie, maar hulle laat lei het deur 'n kompromisvoorstel van die professore.

daar met behoud van die goeie, ook gewerk word met die skepping en met name die rusdag as skeppingsordinansie, sonder om die oog op Christus te verloor. Om dit nogeens op 'n ander wyse te verwoord: Dr. Breytenbach is van mening dat die eskatologie (eindtydfokus) van die sabbat die heerlike doel (*telos*) is waarom dit eintlik gaan, sonder om te ontken dat die vervulling steeds in verband met die skepping staan. Ds. Van Schalkwyk is van mening dat die verband tussen *proton* (wat eerste was, die fundamentele) en *eschaton* (wat laaste is, die bedoelde) in die proses duideliker aan die orde gestel moet word.

Die vraag ontstaan dus of dit moontlik is om beide standpunte met mekaar te bemiddel, aangesien skepping en herskepping in die gereformeerde teologie altyd met mekaar in verband staan. Sover die teologiese dosente dit verstaan, was dr. Breytenbach tydens die Sinode van 2017 van mening dat dit nie moontlik is om die KKCE se verslag met die bydraes van ds. Van Schalkwyk aan te vul nie. Hy was van mening dat dit die wese van die dokument se strekking sou aantas, aangesien die menings oor 'n duidelike uitgangspunt verskil. By die afsonderlike oorweging van dr. Breytenbach se bydrae, word dit duideliker waarom hy hierdie mening toegedaan was en ná verdere gesprek steeds so oortuig is. Daar word vervolgens aandag gegee aan dr. Breytenbach se bydrae in die KKCE se verslag van 2017, sowel as sy skriftelike opmerkings wat aangevra is, ook nadat 'n aanvanklike gespreksdokument aan hom gestuur is.

3.2 EVALUERING VAN BYDRAES

3.2.1 Die bydrae van dr. Breytenbach

Die dosente verstaan die besluit van die Sinode van 2013 só dat prof. Marè reeds betrokke was by die opstel van die verslag van die KKCE wat by 2017 gedien het. Na aanleiding van die besluit in 2013 het die KKCE 'n bydrae van prof. Marè gedateer 5 November 2014 ontvang, waarna die KKCE op sy stuk kommentaar gelewer het en hy weer gereageer het gedateer 8 Junie 2016, met kommentaar. Die KKCE het na die mening van die dosente geoordeel dat dit nie moontlik is om al sy kommentaar in die sinodeverslag te verwerk nie, maar het gepoog om die wese van sy beswaar aan te spreek. Die KKCE het wel beduidende veranderinge aan die verslag aangebring wat in 2017 gedien het teenoor dié van 2013. Die twee sinodeverslae kan hiervoor in die sakelyste vergelyk word.

Daar word dus waarderend erkenning gegee aan die bydrae wat die verslag van die KKCE gelewer het tot die debat. Dit moet verder ook opgemerk word dat die verslag erkende aksente in die gereformeerde teologie verteenwoordig, wat deur 'n gereformeerde teoloog soos John Frame as kenmerkend van die kontinentale tradisie bestempel word. Dit moet egter ook bygevoeg word dat Frame daarop wys dat die kontinentale tradisie ook verder gaan.[2] Die verslag verteenwoordig 'n benadering wat sterk op die denke van Calvyn in sy *Institusie,* asook Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus gebaseer is. Ter verduideliking moet daar dieper hierop ingegaan word.

Dit is in die *Institusie* van Calvyn opvallend dat hy in sy behandeling van die doel van die vierde gebod dit nie in 'n volledig sabbatariese opvatting van die Sondag laat opgaan nie. Wanneer Calvyn se hantering van die vierde gebod in sy *Institusie* bestudeer word, is dit duidelik dat hy op drie basiese betekenisse van die vierde gebod fokus. Dit beeld (1) die geestelike rus uit waarop die gelowiges van hulle eie werk moet rus. Dit dui verder (2) daarop dat daar 'n vasgestelde dag sal wees vir eredienste en laastens (3) moes diensknegte en die wat onder ander se gesag staan, rus toegestaan word.[3] Dit is hierin reeds duidelik dat Calvyn homself genuanseerd vanuit die

2 John M. Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, (Philipsburg, NJ: P&R, 2008), 519.

3 Johannes Calvyn, *Institusie van die Christelike Godsdiens, Band II,* (Potchefstroom: CJBF, 1986), 2:8:28.

vervulling in Christus uitdruk. Waarom praat hy byvoorbeeld nie in punt drie nie net oor rus vir almal nie? Tog moet ook erken word dat die rus van ondergeskiktes baie konkrete toepassings vind in die rus van werknemers vandag. By die verdere lees van die *Institusie* blyk dit egter dat dit vir Calvyn eerder gaan oor die ordening van geskikte tye vir eredienste as oor 'n direkte band tussen die sabbat en die Sondag. Calvyn het wel ook later oor die onderwerp gepreek en in sy bekende preke uit Deuteronómium, maak hy sterk toepassings oor die onderhouding van die Dag van die Here. In sy preek oor Deuteronómium 5 kan hy byvoorbeeld die volgende sê:

"Dit is nie om die seremonie so reglynig te hou soos dit was onder die slawerny van die wet nie: want ons het nie meer die figuur of skaduwee nie. Maar dit dien om ons bymekaar te roep, sodat ons as gevolg van ons swakheid verseker kan word, om ons des te beter te beywer vir die diens van God, en om daardie dag geheel en al aan Hom toe te wy, sodat ons heeltemal van die wêreld onttrek kan word, en dieselfde vir ons in die plek daarvan kan geld in die res van die week, soos ek voorheen gesê het."[4]

Nou is dit belangrik om ook die datums van Calvyn se uitsprake na te gaan ten einde te bepaal of daar nie van 'n groei in sy denke oor die onderwerp sprake is nie. Anders gestel: Dit is belangrik om in navorsing oor Calvyn jouself te vergewis van hoe Calvyn se siening in sy opeenvolgende uitgawes van die *Institusie* gegroei of gekwyn het. Dan moet 'n mens verder hierdie resultate in verband met die res van sy kommentare en geskrifte bring, en dan is dit natuurlik ook voortdurend belangrik om 'n sin vir kronologie te behou – wanneer het hy wat geskryf. En moet natuurlik nie vergeet dat jy binne 'n hele tradisie van Calvynkenners werk nie. Dan is dit verder ook belangrik om 'n groot gees in die lig van ander groot geeste te lees. Uiteindelik word daar metafories met 'n konstellasie van sterre gewerk in die lig waarvan die spesifieke interpretasie gedoen word met die Woord as enigste Ware Noord. Met ander woorde: nie net die trajekte van Calvyn is belangrik nie, maar ook die trajekte van 'n hele tradisie waarbinne die betrokke groot gees gelees word. Hier is dus sprake van 'n werkswyse wat voortdurend interpreteer en met meer wil rekening hou as die wentelbaan rondom een teoloog.

Dr. Breytenbach haal byvoorbeeld in sy gesprek uit 1536 se *Institusie* aan, maar bogenoemde werkswyse moet dan in ag geneem word. Verdere ondersoek laat blyk dat Calvyn sy standpunt in die laaste uitgawe van die *Institusie* (1559) verder voer, maar tog ook nie wesenlik verander het nie. Dit moet wel genoem word dat hy sy kommentaar op Génesis eers in 1554 en sy preek uit Deuteronómium 5 eers in 1555 gelewer het.[5] Dit blyk egter wel dat Calvyn deurgaans gekenmerk word deur 'n skynbare ambivalensie in sy begronding en in sy konkrete toepassing van die vierde gebod. Enersyds sien hy die doel van die vierde gebod ten diepste in die vervulling daarvan in die geestelike rus in Christus, en andersyds maak hy tog ook sterk uitsprake oor wat pas by die Dag van die Here. Dit lyk daarom of Calvyn op basies drie maniere hieroor verstaan word: (1) Calvyn se siening hieroor was nog nie volgroeid en afgerond nie; (2) Calvyn is nie so onduidelik nie, maar word buite konteks verstaan en aangehaal; (3) daar is redes vir Calvyn se skynbare ambivalensie hieroor. Hierdie drie opsies moet kortliks verduidelik word.

Die gereformeerde teoloog, Richard Gaffin, kom in sy ondersoek van Calvyn se geskrifte oor die sabbat tot die gevolgtrekking dat Calvyn in sy opvatting van die Sondag, nie-sabbataries in *oortuiging* is, maar sabbataries in *praktyk*. Hy reken uiteindelik dat Calvyn ook maar 'n mens van

4 Vgl. Calvyn se 34ste preek op 20 Junie 1555 oor Deuteronómium 5 by: www.monergism.com/thethreshold/sdg/calvin/Sermons%20on%20Deuteronomy%20-%20John%20Calvin.pdf

5 Vgl. Calvyn se preke in Deuteronómium by: www.monergism.com/thethreshold/sdg/calvin/Sermons%20on%20Deuteronomy%20-%20John%20Calvin.pdf

sy tyd was wat nog nie konsekwent genoeg was nie, nog nie genoegsaam rekening hou met die rusdag as skeppingsordinansie nie, en dat ons vir meer volgroeide standpunte hieroor eerder na die Westminster Belydenis moet kyk.[6] Ook Bouwman sluit grootliks aan by hierdie standpunt.[7]

Die gereformeerde teoloog, Scott Clark, is egter van oortuiging dat Calvyn nie genoegsaam verstaan word binne sy eie tyd en dit waarop hy reageer nie. Calvyn verset hom teen Sewende Dag Adventiste en die legalisme van die Rooms Katolieke Kerk en daarom wys hy bygelowigheid pertinent af. Hy preek egter ook duidelik oor die implikasies wanneer die Dag van die Here gehou word en Genève het voorts duidelike wetgewing hieroor gehad wat veronderstel is.[8] Ds. Van Schalkwyk sluit homself bewustelik in sy korrespondensie aan by hierdie standpunt.

Die gereformeerde leraar en teoloog wat een van die skrywers is by die webwerf van *The Calvinist International*, Steven Wedgeworth, is egter van mening dat daar 'n beter verklaring vir Calvyn se skynbare ambivalensie is. Hy is van mening dat Calvyn, soos op ander plekke, 'n onderskeid maak tussen wette wat geestelik bindend is en wette wat daar is ter wille van uiterlike orde. Iets hiervan is volgens Wedgeworth duidelik in 2:8:33 van Calvyn se *Institusie*.[9] Wanneer hierdie deel gelees word, is dit duidelik dat Calvyn se interpretasie van gedeeltes uit die Nuwe Testament soos Kolossense 2:16-16, Galásiërs 4:10-11 en Romeine 14:5, tot bepaalde gevolgtrekkings kom wat die sabbat en die Sondag nie as gelyk aan mekaar sien nie. Dit blyk dat hierdie gedeeltes verder vir Calvyn nie net gaan oor vermanings oor die Joodse sabbatte en rituele nie. Hy lei daaruit selfs af dat dit bygelowig is om een dag bo die ander te ag.[10] 'n Mens kry die indruk dat dr. Breytenbach homself by hierdie standpunt aansluit en 'n gedeelte soos Hebreërs 4 op dieselfde wyse as Calvyn uitlê. Dit is dat die sabbatsrus bedoel is om in Christus in vervulling te gaan op 'n wyse wat nie net meer op een dag van toepassing is nie, maar op al die dae waarin daar van ons bose werke gerus word.

Om enigsins te begryp waarom sommige hierdie derde opsie verkies, is dit ook belangrik om te noem dat Calvyn selfs in 2:8:34 van sy *Institusie* van oortuiging is dat enige dag as sabbat kan dien, mits dit vry is van bygelowige aanhangsels.[11] Hy kan selfs die volgende woorde uiter:

"So verdamp die beuselagtige redenasies van die valse profete wat die volk in vergange jare met 'n Joodse opvatting deurdrenk het, terwyl hulle aangevoer het dat slegs die seremoniële in hierdie gebod (hulle noem dit in hulle taal "die waardering van die sewende dag") afgeskaf is, maar dat die sedelike in die gebod nog van krag is, naamlik die onderhouding van een dag per week. Maar dit is mos niks anders nie as om die dag tot 'n belediging van die Jode te verander en tog dieselfde heiligheid daarvoor in ons gemoed te behou nie!"[12]

6 R. Gaffin, *Calvin and the Sabbath: The Controversy of Applying the Fourth Commandment*, (Nairobi: Mentor, 2009), 146. Vgl. Gaffin se kritiek op Calvyn dat hy die Sabbat nie genoegsaam as skeppingsordinansie erken nie.

7 H. Bouwman, "94. De Zondag," In *Zon- en feestdagen,* hfst. 3. Bekombaar by: http://www.kerkrecht.nl/node/2733

8 R.S. Clark, *Recovering the Reformed Confession: Our Theology, Piety, and Practice*, (Phillipsburg: P&R, 2008), hfst. 8.

9 S. Wedgeworth, 'Calvin, Two Kingdoms, and the Sabbath'. Artikel beskikbaar by: https://calvinistinternational.com/2013/06/25/calvin-two-kingdoms-and-the-sabbath/

10 Vgl. J. Calvyn, *Institusie*, 2:8:33-34.

11 Vgl. J. Calvyn, *Institusie*, 2:8:34.

12 Die insiggewende is dat Calvyn in hierdie opsig volgens die voetnoot by Aquinas aansluit en nie in polemiek is met Thomas hieroor nie. Thomas Aquinas word ter ondersteuning gebruik as sy woorde in sy *Summa Theologia* 1, 2.100.3 en 2, 2.122.4 nagegaan word. Dit werp lig op die bedoeling van Calvyn. Volgens Aquinas is die blywende morele aspek van die vierde gebod die volgende in 1, 2.100.3: "The precept of the Sabbath observance is moral in one respect, insofar as it commands man to give some time to the things of God, according to Ps. 45:11: Be still and see that I am God. In this respect it is placed among the precepts of the decalogue: but not as to the fixing of the time, in which respect it is a ceremonial precept."

Wanneer die voetnote in die *Institusie* nagegaan word, blyk dit dat Calvyn homself op hierdie punt op Thomas Aquinas beroep. Aquinas wys daarop dat die moreel-blywende van die vierde gebod (vierde in ons tradisie) nie die een dag in sewe is nie, maar eerder die tyd wat vir aanbidding afgesonder word. Dit moet wel so gedoen word dat daar deeglik tyd gemaak word vir ware aanbidding.

Calvyn is verder ook op voetspoor van die eerste kerk van mening dat daar selfs elke dag eredienste sou kon wees as dit kon.[13] Dit is hierdie benadering wat ook in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus waarneembaar is, en ook bevestig word wanneer Ursinus in sy kommentaar homself oor die keuse van die dag uitspreek.[14] John Frame wys daarop dat Calvyn se eerste toepassing in sy *Institusie* en die Kategismus se tweede toepassing baie sterk ooreenstem.[15] Dit is ook opmerklik dat die Heidelbergse Kategismus in die behandeling van die toepassings van die Tien Gebooie, opvallend beskroomd voorkom wanneer die toepassings in Sondag 38 vergelyk word met die toepassings in die ander gebooie. Iemand soos dr. H. Bouwman is selfs van mening dat die Heidelbergse Kategismus op hierdie punt te min sê.[16] Prof. Clark is weer van mening dat daar onthou moet word dat die wetgewing van die dag reeds bepaalde rus veronderstel het en dat daar voorts versigtig geformuleer moes word teenoor die Rooms Katolieke aan die een kant en die Lutherane wat die gereformeerdes verdink het van wettisisme aan die ander kant.[17]

Prof. De Bruyn, voormalige etikus aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus), wys egter ook daarop dat die Kategismus bewustelik vanuit Christus oor die vierde gebod wil besin.[18] Hy wys dan op drie basiese toepassings in die Kategismus: Die onderhouding van kerk en skool; kerkbesoek, en die voortdurende rus van alle bose werke.[19] Dit is verder ook opvallend dat die eredienste, soos by Calvyn, nie net tot die Sondag beperk word nie. Daar moet "veral" op die rusdag ywerig opgekom word om die Woord te hoor en die sakramente te gebruik en liefdegawes te bring. Die ander dae is dus nie hiervan uitgesluit nie. Die tweede toepassing is eweneens op "al die dae van my lewe" gerig waarop ek van my bose werke moet rus, die Here in my moet laat werk, en so die ewige sabbat dus in hierdie lewe, bedoelende "al die dae van my lewe" begin. Ook hier is die bedoeling dus duidelik dat die ewige sabbat dui op iets wat na al die dae toe uitstraal.

Daar kan nie ontkom word aan die indruk dat die vierde gebod in die Heidelbergse Kategismus duidelik nie oorgereglementeer word nie. Weliswaar moet hiermee saam dan ook geantwoord word wat daar met Calvyn se duidelike preektoepassings sowel as Ursinus se duidelike toepassings in sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus gemaak word. Hierop sou eerstens geantwoord kan word dat dit tog ook duidelik van iets spreek wanneer die Heidelbergse Kategismus self dit nie so duidelik doen as in die hantering van die ander gebooie nie. Verder het Ursinus saam met 'n hele span van kommissies gewerk en kan sy sieninge, hoewel gewigtig, nie opgevat word asof dit alleenreg op die interpretasie van die Heidelbergse Kategismus het nie.

Prof. WD Jonker sê hieroor: "Tradisioneel is aanvaar dat die mees prominente figure daarin die hoogleraar Ursinus, die predikant Olevianus en keurvors Frederik III self was. Omdat die Kategismus egter die resultaat van kommissiewerk was, is dit onmoontlik om te bepaal watter

13 Vgl. J. Calvyn, *Institusie*, 2:8:32.

14 Vgl. K.J. Dieleman, *The Battle for the Sabbath in the Dutch Reformation: Devotion or Desecration*, (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 2019), hfst. 2. Aanlyn bekombaar by: https://www.vandenhoeck-ruprecht-verlage.com/downloads/productPreviewFiles/LP_978-3-525-57060-9.pdf

15 Frame, *The Doctrine of the Christian Life,* 518.

16 Bouwman, *Zondagen feestdagen*, hfst. 3. Bekombaar by: http://www.kerkrecht.nl/node/2733

17 Clark, *Recovering the Reformed Confession*, hfst. 8.

18 P.J. de Bruyn, *Die Tien Gebooie*, (Potchefstroom: PTP, 2013), 110.

19 De Bruyn, *Die Tien Gebooie,* 112.

rol die verskillende medewerkers by die totstandkoming daarvan gespeel het ... Ursinus het daarin reeds gebruik gemaak van bestaande materiaal uit ander kategismusse, en met name ook uit die Kategismus van Genève. Die Heidelbergse Kategismus kan egter nie direk op hierdie voorarbeid van Ursinus teruggevoer word nie. Wie ook al vir die eerste konsep verantwoordelik was, die eindproduk is klaarblyklik die vrug van arbeid in spanverband en is boonop so goed deurgewerk en oorgewerk, dat die eindproduk die resultaat van insette van verskillende kante was."[20] Bowendien sien Ursinus ook die keuse van die dag soos Calvyn. Hieroor sê Dieleman: "What the fourth commandment does not require, Ursinus says, is the observance of any specific day. If scholars can debate whether or not Calvin qualifies as a sabbatarian, little debate is to be had regarding Ursinus. He clearly does not believe the Sabbath must be observed on a specific day of the week, arguing that such observance was part of the ceremonial aspect of the fourth commandment."[21]

Ursinus stel wel duidelik dat die volgende in stryd is met die vierde gebod: "Hiermee is in strijd: 1. Verachting en verzuim van de leer (Hebr. 10:24), d.w.z. of niet aanwezig zijn onder de heilige predikaties, zonder wettige verhindering ("oorsake"), en werken verrichten op de sabbat, die best konden wachten ..."[22] Daar moet egter ook gewys word op Wedgeworth se mening dat daar by Calvyn 'n definitiewe onderskeid tussen begronding en toepassing is wat nie noodwendig aan inkonsekwentheid toegeskryf kan word nie. Dit behoort eerder tot verdere nadenke te lei of Calvyn se onderskeid tussen uiterlike orde en dit wat geestelik bindend is, nie ook hier 'n rol speel nie.

Dit is dat Calvyn, gedring deur genoemde tekste in die Nuwe Testament wat nie net wegverklaar kan word deur 'n eenduidige toepassing op die Joodse feeste nie, 'n belangrike onderskeid bly handhaaf oor geestelike vryheid en praktiese implementering. Met ander woorde, al die dae is enersyds gelyk in die sin dat al die dae in Christus heilig is en daar bestaan 'n gewetensvryheid wat vry is van beskouings van raak nie, smaak nie, roer nie aan nie. En tog is daar ook andersyds respek vir praktiese ordereëlings waarin die eredienste gereël word wat die gees en bedoeling van die rus en fees in Christus eer, en implikasies van wat nie daarby pas nie.

Dit is insiggewend dat dr. Breytenbach selfs bereid is om in toepassing, soos Calvyn, baie naby ds. Van Schalkwyk te wees. Maar hy kies bewus om eerder 'n ander weg in begronding op te gaan wat nader aan Calvyn se spoor in sy *Institusie* bly. Die bedoeling is om op die spoor van Calvyn en die Heidelbergse Kategismus so getrou as moontlik te spreek oor die radikale en heerlike vervulling wat Christus gebring het. Hierdie siening word treffend saamgevat in die volgende stelling van die KKCE se verslag, waarskynlik van dr. Breytenbach afkomstig: "Die sabbat gaan oor die heiliging van die dag, maar die Sondag gaan oor die heiliging van die lewe." Hierdie stelling moet natuurlik gekwalifiseer word. Ook die sabbat het nie dualisties gestaan teenoor die heiliging van die lewe van Israel nie. Tog moet wel erken word dat daar in die Ou Verbond nog 'n duidelike seremoniële onderskeid tussen heilig en onheilig was, en dat die sabbat self ook nog seremoniële aspekte gehad het. Die wyse waarop die sabbat dus vervul word en verdiep volgens dr. Breytenbach, is om die sabbatsrus in Christus oral uit te leef en dat die heiliging van die ganse lewe in die krag van die Gees op 'n nuwe wyse 'n werklikheid word. Daar is ook heelwat hedendaagse gerekende eksegete soos gebundel in die publikasie, *From Sabbath to the Lord's Day*, waarvan die bekende Don Carson die redakteur is, vir wie dit 'n gewetensaak is om in getrouheid aan die Skrif, nie

20 W.D. Jonker, *Bevrydende waarheid*, (Wellington: Hugenote Uitgewers, 1994), hfst. 4. Aanlyn bekombaar by: www.williejonker.co.za/19940201/

21 K.J. Dieleman, *The Battle for the Sabbath in the Dutch Reformation,* hfst. 2. Aanlyn bekombaar by: www.vandenhoeck-ruprecht-verlage.com/downloads/productPreviewFiles/LP_978-3-525-57060-9.pdf

22 Ursinus, *Het Schatboek der verklaringen van de Heildelbergse catechismus*, Deel 2, (Houten: Den Hertog B.V., 1989), 342.

sabbataries in die hantering van die vierde gebod te wees nie.[23] Hulle waardeer in hierdie opsig dat Calvyn ten minste nog 'n aanvoeling hiervoor toon.

Dit alles in ag genome, is daar egter ook 'n punt van kritiek. Dr. Breytenbach bly ongemaklik met die rusdag as skeppingsordinansie en is van mening dat dit noodwendig die wese van die KKCE-verslag sal skaad. Gereformeerde teoloë soos John Frame is saam met godgeleerdes uit die tyd van Dordrecht soos Johannes Wollebius (1586-1629) oortuig dat die sabbatsgebod nie eers by Sinai in werking tree nie, maar reeds in Exodus 16, vóór die afkondiging van die wet op Sinai, na vore kom.[24] Frame is daarom saam met teoloë soos proff. John Murray en Paul de Bruyn van mening dat die rusdag verdedig kan word as skeppingsordinansie wat reeds voor die sondeval ingestel was.[25] Die vraag is daarom of 'n skeppingsordinansie noodwendig in teenspraak met die doel van die sabbatsrus is. Indien ons nie 'n eksplisiete teks het wat stel dat kinders gedoop moet word in die Nuwe Verbond nie, het ons dan wel 'n eksplisiete teks nodig om te stel dat die Dag van die Here die skeppingsordinansie op verheerlikende wyse voortsit? En is dit nie tog 'n gesonde teologiese benadering om die skepping en herskepping met mekaar in verband te bly sien nie? Dit verseker ook dat daar steeds heerlike toepassings is wanneer daar oor sabbatstekste in die Ou Testament gepreek word, weliswaar nou verdiep in die lig van Christus. Dit bring ons reeds by die bydrae van ds. Van Schalkwyk.

3.2.2 Die bydrae van ds. Van Schalkwyk

Ds. Van Schalkwyk se kritiek boor juis op hierdie punt van die rusdag as skeppingsordinansie in. Hy wys dan ook ten regte op teoloë soos Bavinck en Geesink wat die rusdag as skeppingsordinansie erken. Dit funksioneer daarom vir Frame soos die huwelik en die kultuuropdrag wat aan Adam en Eva voor die sondeval gegee is.[26] Ds. Van Schalkwyk se betoog vind ook in die gereformeerde tradisie bepaalde weerklank in die handelinge (*acta*) van die Dordtse sinode. Hoewel dit nie deel is van die belydenisskrif van Dordt nie, word daar in die *Post-Acta* van Dordt ses stellings oor die sabbat gemaak:

1. Daar is beide 'n seremoniële en morele element in die vierde gebod.
2. Die seremoniële element van die sewende dag is spesifiek van toepassing op die volk Israel.
3. Die morele element gaan oor 'n definitiewe dag wat opsygesit moet word vir soveel rus as wat nodig is vir aanbidding en godvresende refleksie.
4. Aangesien die Joodse sabbat tot niet gemaak is, moet Christene plegtig die Sondag heilig hou.
5. Hierdie dag is nog altyd gehou vanaf die tyd van die apostels.
6. Hierdie dag moet opsygesit word vir aanbidding, sodat mense kan rus van hulle gewone werke (uitgesluit dit wat liefde en noodsaak vereis), tesame met alle rekreasie wat aanbidding aan bande lê.[27]

Frame is van mening dat punt nommer vier dit verder neem as wat Calvyn en die Heidelbergse Kategismus dit doen, maar daar is ander teoloë wat hieroor van hom verskil. Frame meld dat dit groter ooreenkoms toon met die toepassings in Calvyn se preke en dat dit lyk of Dordt hiermee by die agterdeur ingebring het wat Calvyn wat begronding betref, by die voordeur uitgelaat het. Tog kan Frame meld dat die *Post-Acta* saam met Calvyn en Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus, deel uitmaak van die kontinentale tradisie se verstaan van die verwantskap tussen die

23 D.A. Carson, *From Sabbath to the Lord's Day*, (Grand Rapids: Zondervan, 1982).
24 Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, 538.
25 Vgl. De Bruyn, *Die Tien Gebooie*, 104; Frame, *The Doctrine of the Christian Life,* 532-3.
26 Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, 533.
27 Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, 518; Douma, *De Tien Geboden*, 54.

sabbat en Sondag.[28] Dit is ook insiggewend dat dr. Douma dit bewus afgrens van die puriteinse opvattings.[29] In die Westminster Kategismus en by die Puriteine, vind Frame iets wat verder gaan en waar die Sondag selfs die "Christelike sabbat" genoem word.[30] Die gereformeerde teoloog, RC Sproul, onderskei dan ook die verskil tussen die kontinentale en puriteinse tradisies soos volg: By die kontinentale tradisie is rekreasie op Sondag geoorloof as dit nie die eredienste belemmer nie, maar by die puriteinse tradisie nie.[31] Prof. Clark wys egter ook daarop dat die konteks van Westminster in ag geneem moet word en dat die burgeroorlog met die gepaardgaande wetteloosheid sterker bewoordings genoodsaak het. Die verskille is na sy mening ook minimaal.[32] Die ironie vandag, sê Frame, is dat die kontinentale tradisie wat sagter verbande tussen sabbat en Sondag trek, in praktyk strenger hieroor is, terwyl diegene in die VSA wat die Westminster Belydenis aanvaar het, meer toeskietlik blyk te wees. Daar is dus ook kulturele en geskiedkundige kragte wat in hierdie saak 'n rol speel. In hierdie verband sou daar natuurlik verder ook gewys kon word op die invloed van die sterk standpunt van Wilhelmus A'Brakel wat vanuit die Nadere Reformasie invloed op die Voortrekkers uitgeoefen het. Volgens Kyle Dieleman is daar 'n verskil tussen A'Brakel aan die een kant en Calvyn en Ursinus aan die ander kant. Hy vind na sy mening 'n baie strenger sabbatariese opvatting by A' Brakel.[33]

Wanneer daar gepoog word om ds. Van Schalkwyk op die beste moontlike wyse te verstaan en waardeer, kan gesê word dat hy hom uitdruk op wyses wat sterker aansluiting vind by die *Post-Acta* van Dordt en dat hy hom waarskynlik hier of moontlik op 'n staanplek iewers tussen die *Post-Acta* en die uitleg van die Westminster-tradisie bevind. Dit kan natuurlik gestel word dat dit nodig is as gehoorsaamheid aan die Skrif dit vereis, maar dan moet dit ook van enigiemand geld wat op dieselfde wyse oor iets anders van mening is dat Skrif en eie belydenis nie voldoende is nie. Ds. Van Schalkwyk beroep hom hierin sterk op Ursinus se kommentaar op die Kategismus, maar daar is reeds gewys op bepaalde kwalifikasies wat in ag geneem moet word wanneer Ursinus gelees word. Hierby kan ook die volgende gevoeg word: Ursinus is reeds in 1583 oorlede en daar is latere byvoegings deur die teksredakteurs. Die redakteur van die uitgawe waarmee die meeste van ons vandag werk, is Spiljardus en hy is heel moontlik verantwoordelik vir die byvoegings soos byvoorbeeld die *Post-Acta* van Dordt se besluite oor die Sondag wat in *Schatboek* verskyn. Insiggewend genoeg het beide Coccejus en Voetius hierdie weergawe van *Schatboek* goedgekeur en amptelik onderteken – Coccejus op 9 Desember 1656 en Voetius op 7 Februarie 1657. Onder Spiljardus is die werk dus nie net vertaal nie, maar is daar ook toevoeginge uit die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls gemaak, asook van sy eie kommentaar bygeskryf. Kortom: Die weergawe van *Schatboek* is nie 'n betroubare bron vir Ursinus se denke nie. Die boek wat vir ons beskikbaar is, het 'n baie ingewikkelde tekstradisie en moet met versigtigheid geraadpleeg word, veral aangesien latere teologiese dispute ingeskryf is om die kommentaar aktueel te maak.

Ds. Van Schalkwyk se denke vind wel weerklank in die gereformeerde tradisie en sy siening oor die rusdag as skeppingsordinansie is nie iets vreemd in die gereformeerde teologie nie. Iemand soos die gereformeerde teoloog in die Westminster-tradisie, Joseph Pipa, het dan ook 'n

28 Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, 519.

29 Douma, *De Tien Geboden,* 54-56.

30 Frame, *The Doctrine of the Christian Life*, 526. Vgl. Westminster se groter kategismus, vraag en antwoord 116.

31 R.C. Sproul, 'Defining the Debate'. Bekombaar by: www.ligonier.org/learn/articles/defining-debate. Ook: 'How Are We to Keep the Sabbath in Today's Society?' Bekombaar by: www.ligonier.org/posts/how-are-we-to-keep-the-sabbath-in-todays-society.

32 Clark, *Recovering the Reformed Confession,* hfst. 8.

33 Dieleman, *The Battle for the Sabbath in the Dutch Reformation,* hfst. 3. Aanlyn bekombaar by: www.vandenhoeck-ruprecht-verlage.com/downloads/productPreviewFiles/LP_978-3-525-57060-9.pdf

lesenswaardige boek oor die Dag van die Here gepubliseer, wat grootliks die sentimente van ds. Van Schalkwyk verwoord.[34] In 'n ander publikasie waarin verskeie benaderings tot die Sondag debatteer word, gee genoemde Pipa 'n handige oorsig oor sy uitgangspunte in sy benadering tot die Skrif.[35] Dit help baie om sy basiese redenering van gereformeerde teoloë soos hyself en ds. Van Schalkwyk, beter te begryp.

Pipa wys op drie uitgangspunte in sy benadering tot die Skrif: Eerstens word die Bybel as geheel gelees – Ou en Nuwe Testament tesame. Daarmee kan akkoord gegaan word. Dit is 'n belangrike uitgangspunt wanneer daar oor die kinderdoop, maar ook oor die Sondag geredeneer word. Pipa is in hierdie opsig oortuig van die voortdurende bindingskrag aan al tien gebooie, ook in die Nuwe Verbond. Hy stel dan die volgende bekende gereformeerde uitgangspunt hieroor: Wat die Nuwe Testament nie opgehef het nie, bly van krag. Tweedens werk Pipa met die uitgangspunt dat beginsels vanuit die Skrif afgelei kan word wat onder leiding van die Gees in die kerk geregverdig in nuwe situasies toegepas kan word. Pipa wys as voorbeeld hiervan hoe Christus die opstanding uit die dood teenoor die Sadduseërs aflei vanuit God se uitspraak dat Hy die God van Abraham, Isak en Jakob is. Dit bevestig dat eksplisiete tekste nie oor alles nodig is nie. Sy derde punt gaan oor die bekende uitgangspunt dat Skrif met Skrif vergelyk en geïnterpreteer moet word. Daarom moet 'n mens waak dat sentimente die toon aangee en moet ons onsself eerder deur die Skrif laat lei. Pipa is saam met ds. Van Schalkwyk oortuig dat die rusdag 'n skeppingsordinansie is waarin sabbat en Sondag 'n deurlopende lyn vorm. In lyn met die woorde van Westminster beteken dit dan in die geval van Pipa dat die rusdag tot voor Christus se opstanding op die Saterdag was en ná Christus se opstanding na die Sondag verskuif het. Ds. Van Schalkwyk het dus stewige gereformeerde teoloë wat hy sou kon aantoon vir sy betoog dat die rusdag as skeppingsordinansie 'n sterker plek moet inneem in die besinning oor die Sondag as vervulde gestalte van die sabbat. Ook by Bouwman word hierdie standpunt ingeneem.[36]

Die debatspunt wat ontstaan, is dat iemand soos dr. Breytenbach waarskynlik wou antwoord dat dit ook by hom die Skrif is wat hom juis op voetspoor van Calvyn lei om 'n bepaalde grens in die soeke na verbandleggings nie oor te steek nie. Dit is ook juis sy interpretasie van die Skrif wat hom daartoe lei om die radikale vervulling in Christus as sentraal te eer. Die vraag moet ook daarom gevra word of daar genoegsaam rekening gehou word met die heilshistoriese verklaring van die rus. Beteken God se rus byvoorbeeld dat Hy opgehou het met werk? Het Hy net op die sewende dag gerus? Christus sê die Vader werk tot nou toe. Het God dus op die agste dag weer begin werk? Of beteken die feit dat die sewende dag nie 'n dagafsluitingsformule het nie ("en dit was aand en dit was môre, die eerste – tot die sesde – dag") dat God op die sewende dag anders begin werk het: Van skeppingswerk oorgegaan het na onderhoudingswerk?

Was die rus van God op die sewende dag nie ook 'n aanduiding van die toekomstige heerlikheid van die mens (Adam) nie? Omdat die mens in sonde geval het, moes die tweede Adam die werke doen wat die eerste Adam moes gedoen het en só in die rus van God ingaan – die rus wat op die opstandingsdag aangebreek het toe Christus in heerlikheid opgestaan het. Die sewende dag as rusdag het in die Ou Testament dus 'n skadukarakter gehad, 'n heenwysing na die grote Rusbewerker, dié Josua wat ons in die ware rus sou inlei. Omdat die rus in Christus 'n reeds aanwesige werklikheid is, begin ons die week in sy rus, en staan die dae wat volg ook in die teken van dié rus. Die vraag is dus of Pipa en ds. Van Schalkwyk se beredenering genoegsaam met die heilshistoriese ontvouing van God se verlossingsplan, en dus met die funksie van die sewende

34 J.A. Pipa, *The Lord's Day*, (Christian Focus, 1996).

35 J.A. Pipa et al., *Perspectives on the Sabbath: Four views*, ed. C.J. Donato, (Nashville: B&H Academia, 2011).

36 Bouwman, *Zondagen feestdagen*, hfst. 3. Bekombaar by: http://www.kerkrecht.nl/node/2733

dag in hierdie plan, rekening hou. Aan die ander kant is dit ook so dat die rus wat met Christus se koms, sterwe en opstanding aangebreek het, 'n "alreeds, maar nog nie" karakter het. Daarom behou die rusdag sy tekenkarakter, en moet ons dit hou.

As dit verder aangevoer word dat wat die Nuwe Testament nie opgehef het nie, van krag bly, sou daar juis geantwoord word dat dit in die geval van die sabbat eksplisiet gedoen word, naamlik dat dit opgehef is en dat Calvyn hieruit selfs gevolgtrekkings oor bygelowigheid oor die algemeen trek wanneer al die dae nie as gelyk beskou word nie. Dr. Breytenbach is van mening dat Calvyn hierin geïnterpreteer moet word dat hy die morele saak wat van krag bly, beskou as die aanbidding en eredienste wat op enige dag van die week gereël kan word, in ooreenstemming met die plaaslike faktore. Ds. Van Schalkwyk sou hom egter op 'n ander interpretasie wou beroep soos dié van byvoorbeeld prof. Bouwman. Bouwman gee erkenning dat ook die Geneefse Kategismus van Calvyn en Bullinger in sy *Confessio Helvetica Posterior* hierdie weg opgaan, maar dat daar aan die einde van sy lewe, in 1554 ook iets anders duideliker word. Dit is dat Calvyn volgens Bouwman in sy kommentaar op Génesis (1554) 'n meer suiwer Skrifmatige standpunt inneem. Hierin stel Calvyn dat die rusdag nie vir een eeu of volk nie, maar aan heel die menslike geslag gegee is. Die dosente wil in hierdie verband ook wys op die onlangse private publikasie van dr. Ernst Viljoen, "Sondag as Dag van die Here", waarin daar treffende verbande gelê word en aangetoon word waarom dit eintlik nie anders kon as dat die kerk op Sondae begin vergader het nie.[37]

Ds. Van Schalkwyk se benadering kom dus sterk ooreen met die *Post-Acta* van Dordt, die Westminster Belydenis, asook A'Brakel vanuit die Nadere Reformasie. Dit is wel 'n vraag of hy hom daarmee sou kon vereenselwig om soos die Westminster Geloofsbelydenis, die Dag van die Here, ook as die Christelike sabbat te beskryf. Dit is hier waar 'n bepaalde ooreenkoms en verskil van die Westminster Belydenis met iemand soos genoemde prof. De Bruyn na vore tree. Prof. De Bruyn kan hom enersyds vereenselwig met die sabbat as skeppingsordinansie, maar andersyds ook daarop wys dat die Sondag nie maar bloot 'n verskuifde sabbat is nie.[38] Ds. Van Schalkwyk haal goedkeurend hieruit aan in sy skrywe aan die dosente wanneer hy sy kant verduidelik. Die sabbat is volgens De Bruyn 'n nuwe Christelike feesdag wat wel sy wortels in die Ou Testamentiese sabbat vind, maar nie as verskuifde sabbat bestempel moet word nie. Dit is egter 'n vraag of De Bruyn vrede sou hê met die beskrywing van die Sondag as Christelike sabbat. Tog wys De Bruyn wel aan die begin van sy besinning daarop dat die sabbat beskou moet word as 'n skeppingsordinansie van God op grond van Génesis 2:1-3 en Exodus 20:11. Dit is egter opvallend dat De Bruyn sterker as ds. Van Schalkwyk, by die Kategismus aansluit en aantoon waarom die vierde gebod nou eerder in die lig van Christus geïnterpreteer moet word. Die skeppingsordinansie skuif na die agtergrond en die vervulling in Christus na die voorgrond. Tog kan De Bruyn homself ook uitspreek teen nie-noodsaaklike Sondagbesigheid en Sondagsport en selfs Sondagkoerante.[39] Die wyse waarop hy dit doen, word egter sterk begrond deur die feestelike deelname aan die rus in Christus.

Die dosente was geïnteresseerd om by dr. Breytenbach te verneem hoe hy sou oordeel oor die aanslag van De Bruyn teenoor dit wat hy van mening is wat hy hoor in ds. Van Schalkwyk se klem en uitgangspunt in die rusdag as skeppingsordinansie. Die dosente was van mening dat dr. Breytenbach meer geneë sou wees om met iemand soos De Bruyn akkoord te gaan in die wyse waarop hy die skeppingsordinansie en Kategismus se uitgangspunte met mekaar verbind.

37 E. Viljoen, "Sondag as Dag van die Here", Ongepubliseerde dokument.

38 De Bruyn, *Die Tien Gebooie*, 104- 108.

39 Ibid, 117-118.

In terme van die benaderings wat die dosente met behulp van genoemde bronne kon eien, wou dit lyk of dr. Breytenbach se ongemak daarin geleë is dat 'n blote aanvullend-akkommoderende verslag die weg open na 'n beskouing van die Sondag as 'n verskuifde sabbat, al word dit dalk ook in woorde ontken. Dit sou dan beteken dat daar eintlik sterker aangesluit word by Westminster, A'Brakel en die Puriteine as by die eie belydenisskrif daaroor. Ds. Van Schalkwyk sou waarskynlik in sy wederwoord antwoord dat hy maar net by die *Post-Acta* van Dordt hou, en dat die konsensus in die gereformeerde teologie groter is as wat sommige wil erken. Die dosente se bydrae het in hierdie verband gepoog om meer bewustelik op die verskillende aksentverskille te wys, maar ds. Van Schalkwyk is nie oortuig nie.

Die praktyk het ook al gewys dat daar ook slagysters is met 'n puriteinse benadering. Daar kan maklik afgegly word in 'n tipe purisme wat ontaard in 'n primêre fokus op polisiëring van sekere gedragskodes. Bouwman, wat wel die rusdag as skeppingsordinansie erken, toon insig as hy ook wys op hierdie gevaar wanneer die verskil tussen middel en doel nie meer in ag geneem word nie. Wanneer die rusdag se doel nie meer die blye deelname aan die rus in Christus en toegespitste gemeenskap met God in die krag van sy Gees is nie, kan 'n omskakeling plaasvind. Dan word die dag die doel en kan die fokus so in die dag opgaan dat die eintlike doel gemis word. Hierin is al die dosente dit eens: Christus is nie bloot die Uitvoerder van die skeppingsordinansie nie. Hy is Here van die sabbat en die skeppingsordinansie vind juis in Christus sy doel en betekenis. Dit is in hierdie opsig merkwaardig dat 'n gereformeerde teoloog soos Gregory Beale, wat positief is oor die rusdag as skeppingsordinansie, tog ook daarop kan wys dat die sabbat ná die sondeval slegs 'n gedeeltelike uitdrukking is van die bedoeling van die rusdag as skeppingsordinansie.[40] Dit is juis in Christus, sê Beale, wat die oorspronklike bedoeling van die rusdag duideliker word vir ons. Hierdie uitspraak is des te meer merkwaardig wanneer ons is ag neem hoe verlustigend en vol seën die sabbat alreeds in die Ou Testament beskrywe word. Gedeeltes soos Exodus 31:17 en Jesaja 58:13 wys pertinent op die verkwikking en verlustiging wat daarin is. Beale wys dan ook daarop dat die rus van God te make het met God se koninklike verlustiging in sy handewerk.[41] En tog moet ons saam met hom byvoeg dat dit net in Christus is wat ons die dieptes hiervan kan begin peil.

Hierdie gevaar van die fokus wat van Christus en die rus en fees in Hom kan wegval, is nie denkbeeldig nie. Diegene wat in die genoemde bundel met Pipa debatteer oor die Christelike sabbat, wys daarop dat hulle al in sulke omgewings geleef het waar sabbatariese opvattings van die Sondag gehuldig is.[42] Die belewenis was dat die blye en bevrydende krag van die evangelie nie kenmerkend was te midde van al die moets en moenies nie. Pipa se teenantwoord hierop is dat sulke argumente op subjektiewe ervarings berus en nie meer die Skrif as uitgangspunt neem nie.[43] Dit is egter te betwyfel of hy hiermee die agterdog besweer. Daarom moet mense soos Pipa en diegene wat hulle met Pipa se siening vereenselwig, duidelik erken dat daar twee wyses is waarop die vierde gebod oortree kan word. Die een is inderdaad om mee te werk om die aard van die Dag van die Here te verswak deur 'n oorgawe aan die sekularisering van die samelewing. Die ander manier is om middel en doel te verwissel op so 'n wyse dat die feestelike aard van oorwinning oor die dood en die nuwe lewe in Christus nie meer die pulserende krag is nie.

40 G.K. Beale, *A New Testament Biblical Theology: The Unfolding of the Old Testament in the New*, (Grand Rapids: Baker Academic, 2011), 794.

41 Ibid, 796.

42 Pipa, *Perspectives on the Sabbath*, 196-197.

43 Ibid, 205-206.

4. GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE

Die dosente wil hiermee waardering uitspreek vir die geleentheid om op hierdie saak dieper te kon ingaan. By alle frustrasie wat broederlike verskil ook mag meebring, is dit ook 'n geleentheid waarin yster teen yster geslyp kan word. Wat 'n voorreg om met die Skrif in die regterhand en die denktradisies in die linkerhand hieroor saam te mag besin met die doel om God te gehoorsaam en te eer. Daar is soveel geleenthede vandag waar 'n begronde teologie van rus baie mag bydra om heling vir sondige en stukkende mense te bring. Om maar enkele voorbeelde te noem: Die rusdag kan help om mense weer op 'n ander metafisika te rig. Dit kan help om die regte vorm van verset teenoor verskeie sondige tendense in die samelewing te wees. Dit kan help om raak te sien hoe die vryheid van die rusdag verruil is vir die vryheid van die markte, wat mense juis slawe kan maak – slawe van hul werknemers, hul beursies, hul besighede, hul angste en hul bekommernisse. Bo alles, slawe van die dood en begrafnis en nie nuwe mense van die opstanding nie. Ds. Veldkamp se titel van sy bekende publikasie oor die Heidelbergse Kategismus bly daarom treffend. Gelowiges is *Zondagskinderen*. In hierdie gees wil die dosente ook gevolgtrekkings en voorstelle maak.

Indien die waarneming aan die begin korrek is dat daar 'n geskiedenis is van debatte oor sagter teenoor sterker verbandleggings tussen die sabbat en die Sondag, behoort dit ons tot wysheid te vermaan. Dit word reeds waargeneem by Dordt tussen Gomarus en Walaeus, asook tussen Calvyn en Ursinus aan die een kant en A'Brakel en die Puriteine aan die ander kant. Dit is nie aardskuddende verskille nie, maar ons kan dit ook nie onder die mat vee nie. Onder die dosente self is daar ook onderlinge verskil oor presies hoe dit gedoen word. Sommige bevind hulle nader aan die derde interpretasie van Calvyn wat genoem is en ander nader aan die eerste en tweede interpretasie wat genoem is. Dit is wel insiggewend dat die dosente en dr. Breytenbach en ds. Van Schalkwyk nie ver van mekaar is as dit kom by die praktiese implikasies nie. Waaroor almal dit eens is, is dat dit so gedoen moet word dat ons 'n fyn aanvoeling moet behou vir die feestelike vervulling wat die sabbat in Christus vind en wat van daar uitstraal, nie net na die sabbatsrus op een dag nie, maar na die rus en vernuwing van die hele lewe. Wat die praktiese implikasie self betref, wil dit voorkom of daar die volgende verskil tussen dr. Breytenbach en ds. Van Schalkwyk gehoor word. Dr. Breytenbach wil duidelik sê: Sekere dinge pas nie waar die nuutheid in Christus en die oorwinning oor die dood gevier word nie. Ds. Van Schalkwyk klink of hy duideliker wil sê: Sekere dinge mag nie gebeur op die rusdag wat deur God ingestel is en deur Christus se opstanding as die Sondag bevestig is nie. Ook onder die dosente is verskil hieroor. Uiteindelik kom die vraag daarop neer of ons bereid is om tugstappe te neem. Indien nie, is die verskil tussen ons, wat toepassing betref, minimaal.

Dit klink verder of dr. Breytenbach van mening is dat die klem op die rusdag as skeppingsordinansie die voortstuwende krag van die vervulling in Christus aan bande lê en die oog afhaal van die *telos,* dit waarop die sabbat as ware doel gerig is. Die vraag is of dit noodwendig die geval hoef te wees. By iemand soos De Bruyn en Bouwman kry 'n mens die indruk dat hulle aan beide die *proton* en die *eschaton* wil vashou, terwyl iemand soos De Bruyn daarop wys dat dit belangrik is om agter die Heidelbergese Kategismus aan die klem eerder daarop te laat val dat die vierde gebod nou in die lig van Christus gelees moet word. Die dosente is van mening dat die Dag van die Here begrond word in beide die skepping en die herskepping. 'n Volronde siening hieroor behoort aan beide die *proton* en die *eschaton* vas te hou, terwyl ons ons reikhalsend uitstrek na dit wat voorlê.

AANBEVELINGS:

4.1 Die Sinode bevestig in die lig van die gegewens in die Skrif en die geskiedenis van die vroeg-Christelike kerk, dat Christene Sondag as die Dag van die Here beskou en dat ons derhalwe nie mag verval in 'n Joodse Saterdag-sabbat soos die Sabbatariërs wil nie.

4.2 Die Sinode neem kennis dat dr. Breytenbach, ds. Van Schalkwyk en die dosente, wat toepassing betref, sterk ooreenstemmende oortuigings het oor die aard van die Dag van die Here wat nie in sekularisering moet opgaan nie.

4.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om nie aan die sekularisering van die samelewing deel te neem nie. Dit sluit onder meer in dat daar ernstig besin moet word oor enige deelname aan nie-noodsaaklike besighede of georganiseerde sportgeleenthede wat op Sondae gehou word.

4.4 Die Sinode roep lidmate opnuut op om die eredienste en verbondsonderriggeleenthede van hul gemeentes, op die Dag van die Here, hartlik te ondersteun.

4.5 Die Sinode roep gemeentes ook op om feestelikheid oor God se skepping en sy herskepping sentraal te stel in die eredienste op die Dag van die Here.

4.6 Die Sinode dra dit aan die Publikasiekommissie op om in samewerking met die KKCE, ondersoek in te stel of dr. Ernst Viljoen se private publikasie, Sondag as Dag van die Here, geskik is om duidelike begronding te gee oor waarom die kerk Sondag as Dag van die Here vier.

4.7 Die Sinode wys op die publikasie, *Ontmoetingsgesprek*, waarin daar riglyne gegee word oor dit wat pas by die viering van die Dag van die Here.

4.8 Die Sinode versoek die KKCE om spesifiek ondersoek in te stel na wenke wat deurgegee kan word oor hoe die Dag van die Here deur gemeentes en lidmate met meer feestelikheid ingeklee kan word.

Notas


LIG IN DUISTERNIS
www.apksinode.com